

CARL BORCKENHAGEN SE ROL AS REDAKTEUR
VAN DE EXPRESS TYDEMS DIE BEWIND VAN
PRESIDENTE F.W. REITZ EN M.T. STEYN

A.C.P. STRAUSS

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Doctor Philosophiae aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir die graad aan 'n ander Universiteit/Fakulteit ingedien is nie.

A. C. P. Strauss
.....

A. C. P. Strauss

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

CARL BORCKENHAGEN SE ROL AS REDAKTEUR VAN DE EXPRESS TYDENS
DIE BEWIND VAN PRESIDENTE F. W. REITZ EN M. T. STEYN

INHOUD

Voorwoord

Hoofstuk

1	Inleiding	1
2	Verhouding tot die Presidente	16
2.1	President Reitz	16
2.1.1	Die Afrikanerbond	17
2.1.2	F. W. Reitz as staatspresident	19
2.1.3	Die 1888-verkiesing	20
2.1.4	Reitz en die Volksraad	23
2.1.5	Reitz en die tolonie	28
2.1.6	Reitz en spoorweë	28
2.1.7	Die 1893-verkiesing	29
2.1.8	Die President as hoof van die staatsdiens	34
2.1.9	Reitz se siekte en bedanking	35
2.1.10	Tydgenote se siening van Borckenhagen se invloed op Reitz	44
2.2	President Steyn	49
2.2.1	Steyn, 'n man na die hart van Borckenhagen	49
2.2.2	Die Presidentsverkiesing van 1896	53
2.2.3	Steyn as President	69
3	Carl Borckenhagen en Afrikaner-republikanisme: die opbou van die Republiek op geestelike en militêre gebied	74
3.1	Die wordingsjare van die Republiek	74
3.2	Borckenhagen word 'n republikein	76
3.3	Die opbou van die Republiek	78
3.3.1	Geestelike weerbaarheid	79
3.3.1.1	Politieke ontwaking	81
3.3.1.2	Die Taalstryd	90
3.3.1.3	Onderwys	103
	Die belangrikheid van onderwys	103
	Borckenhagen se persoonlike betrokkenheid by onderwys	103
	Die ontwikkeling van onderwys in die Vrystaat	108
	Pres. Reitz stel onderwys voorop	109
	Borckenhagen se praktiese voorstelle	109
	Artikels oor onderwys	113
	Die taalkwessie	118
3.3.1.4	Kultuur	120
3.3.1.5	Die Hoofstad	125
3.3.2	Militêre Weerbaarheid	133

4	Carl Borckenhagen en Afrikaner-republikanisme: die opbou van die Republiek op ekonomiese gebied	142
4.1	Landbou en Veeteelt	143
4.2	Ontginning van Minerale	158
4.3	Die tolunie	162
4.4	Spoorweë	174
4.5	Die Nasionale Bank	199
4.6	Hulp aan Armblankes	202
5	Bevordering van republikanisme deur samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek	206
5.1	Suid-Afrikaanse samewerking	206
5.2	Nouer republikeinse samewerking ter wille van oorlewing	206
5.3	Pogings tot vereniging	208
5.4	Borckenhagen beywer hom vir vereniging	208
5.5	Pres. Brand is gekant teen nouer vereniging	209
5.6	Pres. Reitz steun nouer vereniging	214
5.7	Die ZAR onverskillig oor nouer vereniging	218
5.8	Pres. Steyn streef na republikeinse samewerking	223
5.9	Onderhandelings kom op dreef	229
5.10	Vrugte op 'n leeftyd se arbeid	235
6	Carl Borckenhagen as vurige teenstander van imperialisme en kolonialisme	237
6.1	Rhodes, die imperialis, word Borckenhagen se grootste vyand	243
6.2	Sir Henry Loch	267
6.3	Sir Hercules Robinson	269
6.4	Rhodes, Portugal en Delagoabaai	271
6.5	Rhodes en die Jameson-inval	275
6.6	Joseph Chamberlain	309
7	Carl Borckenhagen se houding jeens anderskleuriges	318
7.1	Borckenhagen se kennismaking met die heterogene bevolking van Suid-Afrika	318
7.2	Bevolkingsgroepe in die Vrystaat	319
7.3	Die Vrystaters en die Basoeto's	322
7.4	Die Vrystaters se houding jeens Swart- en Bruinmense	325
7.5	Borckenhagen se siening en rol	334
7.5.1	Inleiding	334
7.5.2	Borckenhagen se siening van Vrystaatse wetgewing met betrekking tot anderskleuriges	335
7.5.2.1	Die drankwet	336
7.5.2.2	Arbeidswetgewing	337
7.5.2.3	Paswette	339
7.5.2.4	Verbod op eiendomsreg	341
7.5.3	Beskawing deur arbeid en die behoefte aan 'n eenvormige beleid in Suid-Afrika	342
7.5.4	Geen gelykstelling nie	350
7.5.5	Voogdyskap	355
7.5.6	Opvoeding: sekulêr en godsdienstig	358
7.5.7	Billike behandeling	364
7.5.8	Kommentaar op die beleid teenoor anderskleuriges in die res van Suid-Afrika	368
7.5.9	Asiate	375
7.5.10	Kritiek op Kaapse en Britse skynheiligheid	

	in hulle optrede teenoor anderskleuriges	378
7.6	Swartes se reaksie op die behandeling wat hulle ontvang het	391
7.7	Slotsom	394
8	De Express se plek in die kontemporêre joernalistiek	396
8.1	Die Suid-Afrikaanse Perswêreld	396
8.2	Republikeinse koerante	397
8.3	'n Koerant wat die Republieke redelik goed-gesind was	403
8.4	Die imperialistiese pers	406
8.4.1	Imperialistiese koerante in die Kaapkolonie	415
8.4.2	Imperialistiese koerante in Transvaal	425
8.4.3	'n Afrikaanse opposisiekoerant in Transvaal	430
8.4.4	Imperialistiese koerante in Natal	431
8.4.5	'n Koerant vir Swartes	432
8.5	Borckenhagen en die imperialiste bots	432
8.6	Die pers in die Vrystaat	437
8.6.1	<i>The Friend of the Orange Free State</i>	439
8.6.2	<i>De Burger</i>	441
8.6.3	<i>De Express</i>	447
9	Slot	463
	Slotsom	471
	Bibliografie	475
	Opsomming	481

VOORWOORD

Op 6 Februarie 1898 het oud-pres. F. W. Reitz by die graf van Carl Ludwig Ferdinand Borckenhagen die oortuiging uitgespreek dat wat die oorledene gesaai het, nie verlore sou gaan nie. Hy het vertrou dat "ook in toekomstige jare ... zyn naam in eere zal worden gehouden onder alle rechte Afrikaners van geslacht tot geslacht."¹

Ongelukkig het hiervan nie veel tereg gekom nie. Verwysende na Borckenhagen het dr. G. D. Scholtz geweeklaag: "Dit is waarlik 'n tragedie dat die naam van hierdie gebore Duitser vandag onder die Afrikaners nouliks nog bekend is."²

Dank is aan prof. dr. M. C. E. van Schoor verskuldig wat die leemte sterk gevoel en Borckenhagen as onderwerp vir studie aanbeveel het. In 'n Magister-verhandeling is die rol wat Borckenhagen tydens die bewindstydperk van pres. Brand gespeel het, behandel en in hierdie proefskrif word sy rol tydens die bewind van presidente Reitz en Steyn aangetoon.

Die doel van die studie was om vas te stel watter rol Borckenhagen, wat gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu die groei en bloei, maar ook die stryd van die modelrepubliek meegemaak het, in die ontwikkeling en geskiedenis van die Vrystaat gespeel het. Dat hy 'n rol gespeel het, het duidelik geword uit die talle verhandelings, proefskrifte, artikels en boeke oor die Vrystaatse geskiedenis waarin na hom verwys word. Daar het egter geen enkele werk bestaan waarin sy veelsydigheid en bydraes op talle terreine in een studiestuk saamgevat is nie. In hierdie proefskrif word gepoog om so 'n samevatting te maak.

As koerantredakteur was die moontlikheid om invloed uit te oefen bykans onbeperk. Koerante was feitlik die enigste kommunikasie-middel van die tyd. Dit was hulle taak om in te lig, op te voed, menings te vorm en weer te gee en die lesers se siening te verbreed. Onderwys het aansienlik verbeter en daar was 'n dors na kennis. Teen 1879 was die Vrystaat telegrafies verbind met die grootste gedeelte van

1. *De Express*, 8 Febr. 1898.

2. Scholtz, G. D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel IV, 1881-1899, p. 327.

Suid-Afrika en sedert 29 Desember 1879 ook per ondersese kabel met die buitewêreld.³ Dit het die taak van die koerantwese aansienlik vergemaklik. Paaie en brûe is gebou en verbeter en daarmee saam het die koms van die spoorlyn en die toegewing van die Vrystaatse regering om koerante gratis in die Republiek te vervoer die verspreiding van koerante bespoedig en die oplaag laat vermeerder.

Indien 'n redakteur dan nog oor politieke insig, patriotisme, 'n dinamiese persoonlikheid en 'n besondere skryftalent beskik het, kon 'n mens verwag dat sy invloed onberekenbaar sou wees.

In die beginjare het die Vrystaat tot 'n groot mate staat gemaak op Uitlanders - Nederlanders, Engelse en Duitsers - om die leiding op intellektuele gebied te neem. Borckenhagen was een van 'n groep Duitsers wat 'n beduidende rol in hulle aangenome vaderland gespeel het.

Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat is reeds vanuit verskillende hoeke deeglik deur historici belig en daar is ryklik geput uit primêre bronne. Borckenhagen se koerant, De Express was in baie gevalle 'n waardevolle bron. In 'n studie oor Borckenhagen se rol was die uitgangspunt dat die sentrale figuur self aan die woord gestel moes word. Van sy persoonlike dokumente en korrespondensie het daar, met die uitsondering van enkele stukke korrespondensie met die Transvaalse owerheid en 'n aantal briewe aan sy moeder in Duitsland, niks behoue gebly nie. Die Britse invallers het in 1900 die inhoud van die gebou van De Express totaal vernietig. De Express is dus dié bron van bronne in hierdie proefskrif. Gelukkig bestaan daar 'n bykans volledige versameling van die eksemplare van die koerant en is die eksemplare in 'n beter toestand as wat die geval is met die tydgenote van De Express. Die meeste aanhalings is in Engels omdat Borckenhagen die Engelse gedeelte van die koerant behartig het. Waardevolle studiemateriaal is veral in verhandelings en proefskrifte en die verwerking daarvan oor verskillende aspekte van die Vrystaatse geskiedenis gevind. Onder die bruikbaarste vir die doel van hierdie proefskrif tel dié van proff. J. C. Moll, H. J. van Aswegen, J. L. K. Human, S. F. Malan en M. C. E. van Schoor, dr. S. P. R. Oosthuizen en G. J. Lamprecht.

3. De Express, 1 Jan. 1880 het hierdie nuus jubelend verkondig.

Dank gaan aan die vriendelike en hulpvaardige personeel van die Vrystaatse en Transvaalse Argiefbewaarplekke, die biblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die G. A. Fichardt-biblioteek, die Staatsbiblioteek, Ineg en die Nasionale Museum in Bloemfontein. Ook aan my broer, dr. Kobus du Pisani van Ineg, wat sy navorsing oor Borckenhagen aan my beskikbaar gestel het. Besondere dank word aan my studieleier, prof. A. H. Marais, betuig vir sy vriendelike en bemoedigende leiding. Proff. van Schoor en J. C. Moll en al die dosente van die Geskiedenisdepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat wat my sedert 1964 aangespoor en met raad bedien het, verdien ook 'n woord van dank. So ook die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die genl. Christiaan De Wet-gedenkfonds wat finansiële bystand verleen het om te kon voortgaan.

Die dryfkrag agter my studies, die een wat vir my die geleentheid geskep het om my belangstelling in die geskiedenis uit te leef, is my man, Jannie. Aan hom en my kinders, Gideon, Elizabeth en Almero my innigste dank vir die jare van bemoediging en ondersteuning. 'n Woordjie van spesiale dank aan Elizabeth wat met proefleeswerk gehelp het.

Bo alles dank ek die Gewer van gawes en vermoëns.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Carl Ludwig Ferdinand Borckenhagen¹ is op 21 Februarie 1852 te Rodenbeck (Minden), Wesfale, Duitsland gebore en het sy skoolopleiding te Koblenz ontvang. Volgens sy dogter, Blanca Marais, het hy daarna 'n deeglike opleiding ontvang. Sy meld egter nie in watter rigting hy studeer het nie. Sy gesondheid het gedurende sy studentejare 'n knou gekry toe hy weens studentemaats se onnadenkendheid 'n nag in die koue en nattigheid buite moes deurbring.² Hy het 'n Britse dame, May Dorothy Blackmore, wat met vakansie in Duitsland was, ontmoet. Haar vader was 'n Britse vlootoffisier aan Die Kasteel in Kaapstad waar sy haar kinderdade deurgebring het. Dit was na haar verhuising na Engeland dat sy Carl ontmoet het. Hulle het verloof geraak en heel waarskynlik het sy hom aangeraai om ter wille van sy gesondheid na Suid-Afrika te gaan. Na hulle verlowing het sy by haar suster in Kaapstad gaan bly.

In 1873 het geneeshere hom ook aangeraai om na Suid-Afrika te vertrek om gesondheidsredes. Na 'n kort verblyf in Kaapstad het hy hom by Emanuel Fichardt se onderneming by die Berlynse sendingstasie Bethanie, in die omgewing van Edenburg in die Vrystaat, aangesluit.

May het berig gekry dat Carl baie ernstig siek was en het die moeisame tog per ossewa na Bethanie aangepak. Op 10 Februarie 1875 is hulle daar getroud.³ Hulle het vier seuns, van wie twee jonk gesterf het, en vier dogters gehad.⁴ Carl het in Duitsland en Engeland studeer en teen 1911 in sy vader se voetspore gevolg toe hy redakteur van die *Lydenburg News* geword het.⁵ Violet, die oudste, is met Arthur, seun van Carl se boesemvriend, Gustav Fichardt,

1. Vir lewenskets sien Strauss, A. C. P., *Die Rol van Carl Borckenhagen, redakteur van De Express, in die Oranje-Vrystaat, 1877-1888*, pp. 1-21.

2. Schoeman, K., *Onderhoud met mev. Blanca Marais*, 15 Sept. 1979. Hierna afgekort na *Onderhoud met B.M.*

3. Marais, B., *Memories of Mrs Blanca Marais (née Borckenhagen)*, pp. 1-2; De Kock, W. J. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 1*, p. 101; Trümpelmann, G. P. J., *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat*, p. 16.

4. Marais, pp. 1-2.

5. Karel Schoeman-versameling, OVS Argiefbewaarpark, A 568.1.

getroud.⁶ Frieda is met 'n prokureur, S. J. de Jager, getroud. Op 27 het hy prokureur-generaal van die Vrystaat en later van die Kaapkolonie geword. Genl. Hertzog het op hulle troue die heildronk op die egpaar ingestel.⁷ Hulle het later in *Rose Lodge*, waar sy groot geword het, gewoon⁸ en in 1910 die eerste motor in Bloemfontein gekoop.⁹ Dora is met E. J. Meiring getroud.¹⁰ Die jongste dogter, Blanca, wat in 1897 gebore is, se skoonheid was legendaries in Bloemfontein.¹¹ Sy was ook 'n talentvolle sangeres wat onder andere goeie resensies vir haar optredes te Kroonstad, Fauresmith en Jagersfontein gekry het. In 1911 is sy met Belfield Marais getroud. Ds. P. J. Boshoff, wat die heildronk op die egpaar ingestel het, het verwys na die groot invloed wat die bruid se vader deur sy koerant uitgeoefen het. Hy het as leerling van Greykollege vir Borckenhagen leer ken en bewonder. Lord Henry de Villiers, hoofregter van die Unie, het die heildronk op die ouers van die bruidspaar ingestel.¹² Op 15 September 1979, toe Blanca reeds 92 jaar oud was, het Karel Schoeman 'n onderhoud met haar gevoer. Helder van stem en verstand het sy van haar vader en die Bloemfontein van haar kindertyd vertel.¹³ Sy is in Februarie 1983 in die ouderdom van 96 jaar oorlede.¹⁴

In 1875 het Carl 'n pos as boekhouer by die pasgestigte *Oranje Vrystaatsch Nieuwsblad* in Bloemfontein aanvaar. Twee jaar later het hy redakteur van hierdie maatskappy se koerant, *De Express en Oranje Vrystaatsch Advertentieblad*¹⁵ geword en in Desember 1880 alleen-eienaar. Hy het die koerant opgebou van 'n sukkelende, nie-winsgewende blad tot die invloedrykste in die Vrystaat en een wat ook ver buite die grense van die Republiek gewig gedra het.¹⁶ Hy het ook

6. *De Express en Oranje Vrystaatsch Advertentieblad*, 14 Mei 1897.

7. Karel Schoeman-versameling, OVS Argiefbewaarplek, A 582.1.

8. Schoeman, K., *Bloemfontein*, p. 238.

9. *Ibid*, p. 199.

10. Boedel en sterfttekennis, C. L. F. Borckenhagen, MHG B1482, OVS Argiefbewaarplek.

11. Schoeman, K., 'n artikel, *Die dood van 'n legende*, in *Die Volksblad*, 17 Maart 1983.

12. Karel Schoeman-versameling, OVS Argiefbewaarplek, A568.1.

13. Onderhoud met B.M.

14. Karel Schoeman-versameling, OVS Argiefbewaarplek, A547.1 - 547.4.

15. Hierna in die teks en voetnote afgekort na *De Express*.

16. De Kock, p. 101; Trümpelmann, p. 16.

ander sakebelange in Bloemfontein gehad, onder andere tot 1896 die firma E. W. Essenwein wat plaasgereedskap verkoop het,¹⁷ 'n konsertagentskap wat gesiene kunstenaars, ook van oorsee, na Bloemfontein gebring het,¹⁸ en 'n sakeonderneming wat boeke, tydskrifte, musiekinstrumente, bladmusiek, lampe, juweliersware, horlosies en so meer verkoop het. Daar was ook takke van sy onderneming te Kroonstad en Potchefstroom¹⁹ en hy het twee plase (*Rodenbeck*, 1 893 morg en *Gem of the Prairie* 2 278 morg) naby Bloemfontein, 'n halwe onverdeelde aandeel (86 morg) in die plaas *London* by Kroonstad en 'n plaas in Transvaal gehad. Verder het hy erwe in Jacobsdal en Frankfort en aandele in 'n diamantmaatskappy en 'n ontginningsmaatskappy gehad.²⁰ Sy sakeondernemings is telkens uitgebrei met die doel om jong Duitse aankomelinge wat meestal soos hyself om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom het, op die been te help. Ivan Haarburger, wat oor dekades heen so 'n belangrike rol in die musieklewe van Bloemfontein gespeel het, was een van die jongelinge oor wie Borckenhagen hom ontferm het.²¹

Die Borckenhagens het sedert 1882 te *Rose Lodge* in St. Georgestraat gewoon. Carl het drie aangrensende huise gekoop en so laat verbou dat dit 'n groot, indrukwekkende huis met 11 slaapkamers, 'n biljarkamer, eetkamer waar 25 mense gemaklik aan tafel kon sit, 'n groot studeerkamer en goed toegeruste biblioteek geword het. Een van die slaapkamers was ongeveer 9 by 5 meter groot.²² In die biblioteek is mense van alle vlakke ontvang, ook invloedryke persone uit die res van Suid-Afrika en oorsee, onder andere Cecil John Rhodes. Daar was 'n pragtige roostuin en 'n groot vrugteboord. Gaste is gereeld ontvang, etes en danse gereël en die kinders kon hulle maats met vrymoedigheid nooit om Vrydagaande by hulle te kom eet, speel, sing, dans en slaap.²³ Die sang en danse het in die ruim, outydse sitkamer

17. *De Express*, 21 Febr. 1896.

18. *Ibid*, 10 Apr. 1896.

19. *Ibid*, 11 Aug. 1896 meld dat Arthur Fedisch, sekr. van die Bloemfonteinse Orkesvereniging benoem is as bestuurder van Borckenhagen se onderneming in Potchefstroom.

20. Boedel C. L. F. Borckenhagen, MHG B1482, OVS Argiefbewaarpark.

21. Human, J. L. K., *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boereoorlog*, p. 176.

22. Karel Schoeman-versameling A547.1 - 547.4, OVS Argiefbewaarpark. Skets van *Rose Lodge* deur 'n aangenome dogter van Borckenhagen, mev. van Rooyen.

23. Onderhoud met B.M.; Briewe van Borckenhagen aan sy moeder, 1882 - 1886, C. L. F. Borckenhagen-versameling,

met sy paraffienlampe en sofa's wat met rooi fluweel oorgetrek was, plaasgevind.²⁴ Die Steyns en Reitze was hulle bure en ook hulle besonder goeie vriende. Hoewel Borckenhagen so 'n besige man was, was hy altyd vir sy kinders toeganklik en hulle was welkom in sy studeerkamer, selfs wanneer hy aan die skryf was. Hulle het hom as 'n wonderlike vader bestempel. So ruimhartig was hy en sy vrou dat hulle ook mettertyd nog vier dogters aangeneem het en aan talle ander persone onderdak verskaf het.²⁵ *The Friend* het hom as 'n warm vriend en vrygewige mens beskryf; " .. no man in trouble ever appealed to him in vain for help, and he would not only unloosen his purse-strings, but would take much trouble in giving advice and assistance to the poor and needy in their distress, and to those in trouble."²⁶ Volgens sy kollegas by *De Express* was hy in die omgang die minsaamheid self. Politieke teenstanders wat hom net uit sy koerant geken het, was altyd verbaas wanneer hulle hom in lewende lywe ontmoet het. Hy was heel anders as die voorstelling wat hulle van hom gehad het.²⁷

Borckenhagen se drukkerij het spoedig die grootste in die Vrystaat geword. Hy het mettertyd daarin geslaag om die kontrak vir die Vrystaatse regering se drukwerk te verkry wat voorheen aan *White, Barlow and Co.* toegeken was. In 1877 het die Volksraad besluit om Borckenhagen se tender vir die druk van die hersiene wetboek te aanvaar omdat dit as billik en voordelig beskou is, maar volgens die lede veral omdat *De Express*, in teenstelling met *The Friend*, die regte en onafhanklikheid van die staat voortdurend verdedig het. Ook die kontrak vir die lewering van skryfbehoeftes en kantoorbenodighede is aan hom toegeken en toe die driejaar-kontrak vir regeringsdrukwerk wat in 1875 aan *White, Barlow and Co.* toegeken is, verval, het Borckenhagen dit ook verkry.²⁸ Benewens die publikasies van die regering, soos die staatskoerant, wetboek en proklamasies, het dit die voorsiening van skryfbehoeftes aan die regering en boekbinderswerk behels. Die eerste taalboekie vir Vrystaatse

Transvaalse Argiefbewaarpark, A 529 (a); Schoeman, K., *Bloemfontein*, pp. 63, 101, 125 en 144.

24. Bidwell, Maude G., Plakboeke met outobiografiese notas.

25. Onderhoud met B.M.

26. *The Friend of the Orange Free State*, hierna afgekort na *The Friend*, 8 Febr. 1898.

27. *De Boeren Vriend Huis-Almanak voor 1899*, uitgegee deur *De Express*.

28. *Volksraadsnotules OVS* (hierna afgekort na *OVSVR*), 15 Mei 1877, pp. 96 - 100 en 22 Junie 1877, p. 510.

skole, Naauwkeurige en bevattelyke grondlegger der Nederduitsche taal, is ook hier gedruk.²⁹ Teen 1896 het die regeringsdrukwerk so toegeneem dat Borckenhagen en A. Barlow van *The Friend* 'n gesamentlike tender daarvoor by die Volksraad ingedien het. J. G. Fraser het hierteen beswaar gemaak omdat hy gemeen het dat 'n ongesonde monopolie tot stand sou kom. Die Volksraad het sy voorstel dat ondersoek na die instelling van 'n staatsdrukkery gedoen word en dat die kontrak in twee verdeel word om wedywing te verseker, aanvaar.³⁰ Volgens hom het drukwerk te duur geword. Borckenhagen het geskryf dat hy nie op hoogte was nie en Barlow dat Fraser nie beseft het hoe hoog lone in Bloemfontein was nie en dat 'n staatsdrukkery baie duurder sou kos, soos in Transvaal bewys is.³¹ Die Volksraad het ondersoek ingestel, maar in 1897 was Borckenhagen steeds die regeringsdrukker en is die spoorweë se drukwerk ook aan hom toevertrou.³²

Ten spyte van 'n bedrywige lewe as redakteur en sakeman het Carl Borckenhagen sy plek volgestaan in die gemeenskapslewe. Hy was 'n stigters- en kerkraadslid van die Lutherse gemeente in Bloemfontein, kurator van Greykollege, sekretaris van die Bewaarskool, stigterslid en direkteur van die Nasionale Bank, lid van die stadsraad, Duitse Vereniging, Bloemfontein-klub, Kamer van Koophandel, Bloemfonteinse Landbougenootskap, *The OFS Fine and Industrial Arts Association*, die Bloemfonteinse Liefdadigheidsgenootskap, trustee van die sportklub en vise-president van die *O.F.S. Football Association*. Net voor sy dood is hy tot erepresident van die *Southern Cross Cycling Club* verkies. Die Vrystaatse regering het hom ook dikwels op komitees en rade aangestel, bv. op die seëlkommissie en die Raad van Toesig oor Spoorweë.³³

The Cape Argus het met verwondering daarna verwys dat Borckenhagen ten spyte van sy veelsydige bedrywigheede sulke hoogstaande joernalistieke werk gelewer het: "The marvel was

29. *De Express*, 8 Febr. 1898; Collins, W., *Free Statia*, p. 325; De Kock, p. 101; Trümpelmann, p. 16.

30. *De Express*, 26 Junie 1896; *OVSVR*, 24 Junie 1896, p. 817.

31. *The Friend*, 26 Junie 1896.

32. *De Express*, 26 Junie 1897; *OVSVR*, 24 Junie 1897, p. 862.

33. *De Express*, 10 Aug. 1895.

that such versatility could be preserved amidst the cares of prosaic business. The combination generally is fatal."³⁴

Die behoud van die Vrystaat se onafhanklikheid en die versterking van republikanisme het by hom die hoogste prioriteit geniet en hy het met al sy mag daarvoor geveg. Aan die eenkant het hy 'n positiewe bydrae op talle terreine soos die militêre, ekonomiese, maatskaplike, politieke, opvoedkundige, geestelike en kulturele lewe gelewer om die Vrystaat 'n beduidende plek in die ry van state te laat inneem. Toe die firma G. A. Fichardt & Kie. op 19 Maart 1898 sy vyftigste verjaarsdag met 'n ete te Kaya Lami, die huis van Arthur Fichardt, gevier het, het Charlie Fichardt die lofbetuiging aan Borckenhagen aangevul met "a few facts about the power the late Editor of the *Express* had exerted in the building up of the Free State."³⁵ Aan die anderkant het hy die vyande van die republieke beveg. Sy koerant was ongetwyfeld die kragtigste kampvegter vir republikanisme en teen imperialisme in Suid-Afrika. Hy het maar 'n eensame stryd gevoer, want afgesien van *De Volksstem* in Transvaal het hy weinig medestryders in die joernalistieke terrein gehad. Dit is waarskynlik die spanning wat met hierdie stryd gepaard gegaan het wat tot sy vroeë dood gelei het.

Sy strewes was in ooreenstemming met dié van die meerderheid Vrystaters. Hulle het na hom opgesien as 'n leier wat hulle gevoelens verwoord het. Volgens dr. G. D. Scholtz het dit selde gebeur dat 'n vreemdeling die gevoelens van die Afrikaner so suiwer kon vertolk soos Borckenhagen. "Sonder die aandeel van Borckenhagen .. is die groei en ontwikkeling van die Vrystaatse republiek waarlik nie te begryp nie", het hy beweer.³⁶ Deur sy koerant en voorbeeld wou hy die volk, maar veral ook die leiers op elke terrein aanspoor om van die Vrystaat 'n modelrepubliek te maak wat sterk kon staan teen die aanslae van buite. Verder het hy dit van die uiterste belang geag dat die twee Boererepublieke ten nouste saamwerk. So, het hy gemeen, sou hulle onafhanklikheid die beste beskerm kon word, veral teen die felle aanslag van Britse imperialisme.

Borckenhagen het die *regime* van drie presidente meegemaak. Tydens die lang regeringstydperk van president Johannes

34. *The Cape Argus*, 5 Febr. 1898.

35. *De Express*, 25 Maart 1898.

36. Scholtz, G. D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel IV, 1881 - 1899, p. 99.

Henricus Brand was hy aan die kant van die opposisie. Daar was weinig Vrystaters wat president Brand nie liefgehad en geëer het nie, maar wat politieke beleid betref, het daar algaande 'n kloof tussen hom en sy volk ontstaan. Hulle wou aansluiting by die noorde soek en hy by die suide. Na sy dood in 1888 het die volk dan ook manne tot presidente verkies wat soos hulle gedink en gevoel het: Francis William Reitz en Marthinus Theunis Steyn. Beide is heelhartig deur Borckenhagen gesteun. Pres. Reitz het by Borckenhagen se graf daarop gewys dat hy die Vrystaatse presidente, selfs pres. Brand wat nie altyd met hom saamgestem het nie, met verstandige raad en met die daad bygestaan het.³⁷ Pres. Steyn het hom beskryf as 'n man van groot bekwaamheid en 'n ware vriend van die republieke "die my persoonlik zeer bevriend was."³⁸

The Friend het meermale beweer dat Reitz net Borckenhagen se marionet was³⁹ en dat laasgenoemde "the power behind the throne" was.⁴⁰ Volgens Blanca Marais, Borckenhagen se dogter, is daar dikwels van haar vader as die maker van presidente gepraat.⁴¹ Hy was feitlik daaglik met presidente Reitz en Steyn in gesprek gedurende hulle regeringstydperk. Talle ander Vrystaters het by hom kom raad vra en daar was selfs versoeke dat hy hom as president beskikbaar stel. ('n Korrespondent het byvoorbeeld in *The Friend* gewonder of Borckenhagen nie gevra kon word om president te wees nie.⁴²) Hy het hulle aangeraai om eerder 'n gebore, opgevoede Afrikaner as 'n uitlander soos hy te kies.⁴³ Volgens *The Standard and Diggers' News*⁴⁴ van Johannesburg het hy weens sy groot invloed die bynaam van "President van die Vrystaat" gekry. Toe hy in Februarie 1897 na Kaapstad op pad was, is hy op Matjiesfontein deur Lord Logan, Kaapse Parlements lid, spottend aangespreek as "Mynheer de President".⁴⁵

Net soos *De Express* ver buite die Vrystaat se grense gelees is, het die redakteur van *De Express* se invloed veel verder

37. *De Express*, 8 Febr. 1898.

38. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, Deel 1*, p. 129.

39. *The Friend*, 23 Jan. 1889, 21 Nov. 1893 en 3 Jan. 1896.

40. *Ibid*, 25 Febr. 1896.

41. Onderhoud met B.M.

42. *The Friend*, 6 Des. 1895.

43. Onderhoud met B.M.

44. *Standard and Diggers' News*, 7 Febr. 1898.

45. *Cape Times*, aangehaal in *The Friend*, 16 Maart 1897.

as die Vrystaat gestrek. Dit is verbasend hoe dikwels hy te midde van sy drukke werksprogram na Kaapstad en Pretoria gereis of met invloedryke persone gekorrespondeer het, veral wanneer daar 'n krisis opgeduik het. Sy opvolger het in sy huldeblyk geskryf: "... he became one of the most prominent figures in South African affairs, a valued councillor at Bloemfontein and Pretoria whenever affairs were critical, his advice ever tending towards peace and conciliation."⁴⁶ Volgens pres. Steyn het pres. Kruger groot vertroue in hom gestel.⁴⁷ Hy was intens bekommerd oor die verhouding tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek⁴⁸ en Brittanje en die Britse kolonies omdat vertroebeling van dié verhouding tot die ondergang van republikaanse kon lei.

Reeds tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog het Borckenhagen bemoeienis met die susterrepubliek gemaak. Dit was hy wat gesorg het dat Transvaal met die buitewêreld in verbinding bly.⁴⁹ J. H. Hofmeyr het ook op Borckenhagen staat gemaak om met die Boereleiers te kommunikeer.⁵⁰ In 1890 het Borckenhagen hom om hulp na Hofmeyr gewend om die Kaapse regering te probeer beweeg om die Vrystaatse Volksraad voor 'n voldonge feit te stel met betrekking tot 'n requit spoorlyn na Transvaal in plaas van 'n ompad oor Senekal.⁵¹ Later het daar vervreemding tussen Borckenhagen en Hofmeyr plaasgevind vanweë laasgenoemde se steun aan Rhodes. Na die Jameson-inval het Hofmeyr sy rug op Rhodes gedraai en die verhouding tussen hom en Borckenhagen was weer hartlik. Daar was voortdurende telegrafiese kontak tussen hulle en Hofmeyr het, net soos pres. Steyn, by Borckenhagen aangedring om Paul Kruger te oorreed om Jameson en sy offisiere aan die Britse regering te oorhandig vir verhoor.⁵²

Male sonder tal het Borckenhagen Transvaal toe gereis. In 1894 is daar valse gerugte versprei dat sy besoek aan Pretoria in verband met die oprigting van 'n dagblad gestaan het.⁵³ Teen die einde van 1895 het hy vertel van talle kere

46. *De Express*, 8 Febr. 1898.

47. Van der Merwe, p. 129.

48. Hierna afgekort na ZAR.

49. Jorissen, E. J. P., *Transvaalsche Herinneringen 1876 - 1896*, pp. 70 - 71.

50. Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 195.

51. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 173.

52. Hofmeyr en Reitz, p. 545.

53. *De Express*, 28 Aug. 1894.

wat hy na Pretoria gereis het om by president Kruger te pleit om nie die Charlestown-spoorverlenging van Natal na Johannesburg toe te laat nie omdat dit die Harrismith-lyn in gevaar sou stel.⁵⁴ F. H. Hamilton, redakteur van *The Star*, het in Julie 1895 kommentaar gelewer oor Borckenhagen se talle besoeke aan Pretoria waarop Borckenhagen geantwoord het dat dit hom sou baat "if he cultivated journalistic manners." Dit het hom nie aangegaan hoeveel private of ander sake Borckenhagen of enige redaksielid van *De Express* in Pretoria gehad het nie.⁵⁵ Aan die begin van 1896 het veldkornet D. S. Lubbe van Jacobsdal *Land en Volk* se bewering dat Borckenhagen in Pretoria met staatsekretaris Leyds en G. A. A. Middelberg, hoof van die Nederlandse Spoormaatskappy (NZASM), onderhandel het om die Hollanders in die Vrystaat, net soos in die ZAR, die oorhand te laat kry, as lae verdagmakery verwerp.⁵⁶ Kort daarna het die *Natal Witness* weer beweer dat Borckenhagen Pretoria toe is om sy "quarterly allowance" uit die Transvaalse Geheime Fonds te gaan haal.⁵⁷

Vroeg in 1897 het Borckenhagen twee vinnige besoeke aan Kaapstad en een aan Pretoria gebring. In die lig daarvan dat hy soveel vertroue in J. H. Hofmeyr en die Kaapse hoofregter, sir Henry de Villiers gehad het en dat daar dikwels in krisistye kontak tussen hulle was, is dit nie onmoontlik nie dat hierdie besoeke met die regskrisis in Transvaal te make gehad het.⁵⁸ Hierna het Borckenhagen onder andere die Bondskongres wat vanaf 11 Maart te Malmesbury gehou is, bygewoon.⁵⁹

In die Vrystaat het die stroom van gebeure baie rustiger gevloei as in die susterrepubliek en tog was daar ook spanning. Tydens pres. Reitz se bewind het die inwoners van die noordoostelike deel van die Vrystaat Reitz daarvan beskuldig dat hy, tot hulle nadeel, verantwoordelik was vir die sluiting van die tolunie-ooreenkoms met die Kaapkolonie. In plaas daarvan dat hulle die eintlike skuldige, Natal, vir die toestand aanspreeklik gehou het, het hulle hulle argwaan op pres. Reitz en Borckenhagen, wat hom sterk gesteun het, uitgegiet. Borckenhagen is ook onregverdiglik daarvan beskuldig dat hy die verlenging van die Harrismith-lyn in

54. *Ibid*, 15 Nov. 1895.

55. *Ibid*, 9 Julie 1895.

56. *Ibid*, 10 Jan. 1896.

57. *Ibid*, 11 Febr. 1896.

58. Die regskrisis word breedvoeriger in die hoofstuk oor nouer vereniging met Transvaal bespreek.

59. *De Express*, 16 Maart 1897.

die wiele gery het. Hy het juis baie tyd en energie daaraan bestee om Paul Kruger te oorreed om Natal nie toe te laat om 'n direkte lyn na Transvaal te bou nie omdat dit die Harrismith-lyn in gevaar sou stel.⁶⁰

Daar was in die Vrystaat 'n minderheidsgroep wat nie soos Borckenhagen oor Afrikanernasionalisme en republikaanse gedink het nie. Dit was die mense wat aanvanklik die onttrekking van Britse gesag oor die gebied noord van die Oranjerivier betreur het. Hoewel hulle mettertyd die toestand aanvaar en selfs hulle kragte aan die opbou van die Republiek gewy het, was hulle steeds meer geneë om met Brittanje en die Britse kolonies saam te werk as met die ZAR. Hulle was president Brand se geesgenote en een van hulle vernaamste leiers was J. G. Fraser, jarelank voorsitter van die Vrystaatse Volksraad. *The Friend of the Orange Free State* en later ook sy susterkoerant, *De Burger*, was hierdie groep se mondstuk. Hulle het op elke moontlike manier Borckenhagen se ideaal van nuwer vereniging met Transvaal teengestaan en in sommige gevalle is nie geskroom om hom persoonlik aan te val nie.

De Burger is spesifiek met die doel uitgegee om die Afrikaners in die Vrystaat se steun teen republikeinse samewerking te probeer werf. Afgesien van politieke verskille, het die redakteur van *De Burger*, A. J. van Raalte, blykbaar ook 'n persoonlike grief teen Borckenhagen gehad. Hy was voorheen 'n lettersetter by *De Express*⁶¹ en het onsuksesvol aansoek gedoen om die betrekking as proefleser. Hy het nie sonder verzet genoeg geneem met die feit dat hy afgewys is nie. Daarna is hy aangestel as Hollandse redakteur van *The Friend*⁶² en later as redakteur van *De Burger*. Van Raalte het nie net Borckenhagen se beleid veroordeel nie, maar ook dikwels persoonlike aanvalle op hom gedoen. Hy het gretiglik gebruik gemaak van vyande van die Republiek se insinuasies dat Borckenhagen deur die Transvaalse regering omgekoop is om sy steun te verkry. Met die afskaffing van die Spoorwegaard waarvan Borckenhagen lid was en dus kosteloos per spoor kon reis, het Van Raalte hom daarin verheug dat Borckenhagen nou nie meer so dikwels na Pretoria kon reis om te gaan kyk of die geheime fonds waaruit hy omgekoop sou wees, nog bestaan nie.⁶³ Van Raalte

60. *Ibid*, 15 Nov. 1895.

61. *Ibid*, 23 Maart 1897.

62. *Ibid*, 29 Sept. 1891.

63. *De Burger*, 24 Oktober 1896.

het erken dat hy geen bewyse vir sy bewerings gehad het nie, maar hy het gewonder wat anders Transvaal met sy groot geheime fonds gemaak het.⁶⁴ Veral gedurende 1897 het hy in koerant na koerant na die omgekoopte pers verwys.⁶⁵ Borckenhagen het *De Burger* se bestaan grootliks geïgnoreer en die enkele kere dat hy kommentaar gelewer het, na hom as die "local comic"⁶⁶ of die Hollandse *Friend*⁶⁷ verwys. Hy het ook die aantygings van omkoperij grappenderwys van hom afgeskud. Toe Jeppe, Transvaalse Volksraadslid wat Johannesburg se belange verteenwoordig het, kla oor die bevoordeling van een of twee koerante met regeringsadvertensies, het Borckenhagen geskerts dat as die R36 wat hy ontvang het vir 'n advertensie Jeppe gepla het, hy die geld aan Jeppe sou stuur om 'n konsertina mee te koop sodat hy as nar in Fillis se sirkus kon optree.⁶⁸ Dit het hom egter dieper geraak as wat hy te kenne wou gee. In sy *Express*-kollegas se huldeblyk word vertel van die merkbare afname van sy liggaamskragte in die maande voor sy dood. "Hy .. begon zich over verschillende zaken te kwellen, niet het minst over de onverdiende aantygingen dat hy een som uit de Transvaalsche geheime dienst fondsen trok." Hy het nie met ander oor sy probleme gepraat nie, maar tydens sy siekte het hierdie kwelling tog duidelik aan die lig gekom.⁶⁹

Reeds in 1893 het Borckenhagen na 'n reis deur Transvaal gemeld dat vyandiggesindes kritiek gelewer het op die skamele bedrag - ongeveer R19,63 - wat hy van die Transvaalse regering ontvang het vir advertensies in sy koerant. Dit was maar 'n geringe vergoeding as in ag geneem word wat hy vir die Transvalers beteken het gedurende hulle Vryheidsoorlog.⁷⁰ Die koste wat hy aangegaan het om te sorg dat die Transvalers verbinding met die buiteland behou, het hy uit sy eie sak betaal.⁷¹ Loveday, 'n Transvaalse Volksraadslid, het ook gekla dat die regering van die ZAR advertensies in 'n Vrystaatse koerant geplaas het. Borckenhagen het geantwoord dat hy oor twee jaar net R88 vir Transvaalse advertensies ontvang het.⁷²

64. *Ibid*, 30 Jan. 1896.

65. *Ibid*, onder andere 20 Febr., 13 Maart, 12 Mei, 19 Junie, 24 Julie en 18 Aug. 1897.

66. *De Express*, 17 Jan. 1896, 23 Maart en 27 Julie 1897.

67. *Ibid*, 4 Febr. 1896.

68. *Ibid*, 4 Okt. 1895.

69. *Ibid*, 8 Febr. 1897.

70. *Ibid*, 4 Aug. 1893.

71. *Ibid*, 4 Okt. 1895.

72. *Ibid*, 19 Febr. 1897.

Anti-republikeinse koerante wat besef het hoe groot sy invloed was, het sy beeld probeer afkraak met die stories van omkoopgeld. "Splattering in impotent rage, that is the only reply sheets like the *Times* can make to arguments they are unable to refute", het Borckenhagen besef.⁷³ Die *Natal Witness* het snedig beweer dat hy Pretoria so gereeld besoek het "to draw his quarterly allowance". Hy het teruggewerp dat as dit so sou wees, Transvaal werklik waarde vir hulle geld ontvang het. Transvalers het geweet dat hulle nie nodig gehad het om hom om te koop nie - hulle het die beste en mees opregte hulp gratis van hom gekry.⁷⁴ Koloniale koerante het voortgeborduur op die bewerings met die insinuasie dat Paul Kruger hom omgekoop het om Steyn se kandidatuur in die presidentsverkiesing te steun. Volgens Borckenhagen was Kruger besonder geamuseerd toe hy hom daarvan vertel het. Sy eie reaksie was "a huge smile, mingled with a more than average dose of hearty contempt."⁷⁵ Toe dr. Scoble, redakteur van die *Transvaal Advertiser* volhou om te praat van "Carl and the money he draws from the Transvaal Treasury", het Borckenhagen met nadruk verklaar dat hy niks direk of indirek van die regering van die susterrepubliek ontvang het nie, dat sy koerant betalend was en dus nie geldelike steun nodig gehad het nie en dat hy nie deur die Engelse regering, Randse kapitaliste of hul finansiële instellings gesteun is nie (waarmee hy geskimp het dat dit die geval met die *Advertiser* was).⁷⁶ Borckenhagen het nietemin gevlei gevoel dat die koerant gemeen het sy dienste aan Transvaal R20 000 per jaar werd was!⁷⁷

Wat Borckenhagen baie seer gemaak het, was dat genl. Joubert, kommandant-generaal, lid van die Uitvoerende Raad en een van die leidende figure van die ZAR, toegelaat het dat *De Express* se goeie naam deur kwaadwilliges deur die modder gesleep is. Op 'n vraag op 'n vergadering te Johannesburg tydens die presidensiële verkiesingsveldtog, het hy geantwoord dat hy nie geweet het hoeveel die koerant uit die Geheime Fonds gekry het nie.⁷⁸ Borckenhagen se opvolger by *De Express*, Charles McHardy, het dit betreur dat Joubert "who was in a position to authoritatively contradict it, embittered the last days of the late Editor .. who had

73. *Ibid*, 19 Febr. 1897.

74. *Ibid*, 11 Febr. 1896.

75. *Ibid*, 28 Febr. 1896.

76. *Ibid*, 24 April 1896.

77. *Ibid*, 28 Jan. 1896.

78. *Ibid*, 4 Jan. 1898.

lavishly expended his best powers in fighting the battles of the Transvaal, without the desire or expectation of any reward, beyond the advancement of the Republican cause."⁷⁹ In dieselfde redaksionele rubriek betig hy die *Star* wat beweer dat Borckenhagen nooit die aantyging weerlê het nie. Hy het dit herhaaldelik gedoen en ook regstappe oorweeg, maar sy regsadviseurs het dit afgeraai omdat leuens nie noodwendig deur die wet as laster beskou is nie.⁸⁰

Die feit dat Carl Borckenhagen van Duitse afkoms was, is veral in die tyd na die Jameson-inval deur vyandiggesindes uitgebuit om sy invloed te probeer knou. Die beweerde Duitse gevaar is trouens deur Rhodes en sy aanhangers gebruik om die aandag van die inval af te lei. Die telegram van gelukwensing wat die Duitse Keiser aan Paul Kruger gestuur het nadat die aanslag suksesvol afgeweer is, is as bewys aangevoer dat Duitsland 'n houvas op die ZAR wou kry. Borckenhagen wat hom so vuriglik vir die voortbestaan van die Republieke beywer het, is as Duitse agent gebrandmerk. Dit was nie iets nuuts nie. Reeds aan die einde van 1884 het regter S. G. A. Shippard te Grahamstad beweer dat daar Duitse agente in Bloemfontein was wat wou help om die Kaap onder Duitse beheer te bring en imperiale federasie in gevaar wou stel. Borckenhagen het daarop geantwoord dat hy homself soseer met Suid-Afrika vereenselwig het dat hy werklik 'n onverskillige Duitser geword het. In die Vrystaat het hy sy tuiste in die volste sin van die woord gevind en hy sou nooit verraad teen sy nuwe vaderland kon pleeg deur 'n Duitse spioen te wees nie.⁸¹

Van Raalte van *De Burger* het in die veldtog teen Borckenhagen die voortou geneem. Na die Jameson-inval wou hy niks weet van Britse betrokkenheid nie,⁸² maar was oortuig daarvan dat Duitsland, wat deur 'n vastrapplek in Transvaal te kry, die hele Suid-Afrika wou oorrumpel, die eintlike skuldige was.⁸³ Borckenhagen is vervolgens direk of deur insinuasies as betaalde agent of spioen bestempel wat Duitsland in hierdie saak wou bystaan. Van Raalte het gepraat van skynheilige knoeiers wat die Vrystaters onder die waan van patriotisme enige tyd aan Duitsland sou verkoop. Die sogenaamde gewetenlose ingevoerde patriotte het

79. *Ibid*, 19 Apr. 1898.

80. *Ibid*, 22 Des. 1896 en 19 April 1898.

81. *Ibid*, 1 Jan. 1885.

82. *De Burger*, 11 Maart en 20 Mei 1896.

83. *Ibid*, 15 Febr., 11 en 14 Maart 1896.

nouer vereniging met Transvaal aangemoedig om die Vrystaat so in die susterrepubliek se arms te werp en Duitsland 'n beter kans te gee om sy beleid in Suid-Afrika ten uitvoer te bring.⁸⁴ Volgens Van Raalte was daar 'n algehele omwenteling in regeringskringe voor die deur. Borckenhagen het sy bes doen om 'n lid van die Uitvoerende Raad te word en die Keiser van Duitsland het baie hiermee te make gehad. Eersgenoemde het probeer om die voorgestelde spookkonvensie met Rhodes te kelder omdat hy bang was dat die Kaapkolonie te veel mag in die Vrystaat sou kry wat vereniging van die Republieke sou teenwerk. Van Raalte het erken dat hierdie bewerings bloot op gerugte gegrond was, maar volgens hom het hy dikwels in die verlede gerugte gepubliseer wat waar geword het.⁸⁵ In hierdie geval was die gerugte van alle waarheid ontbloot.

Borckenhagen was baie ongelukkig dat *The Friend*, wat met die feite bekend was, 'n brief van "A Heavy Loser in the National Co." gepubliseer het waarin hy beskuldig is dat hy die *Oranje Vrystaatsch Nieuwsblad Maatschappij* en daarmee R12000 - R16000 ingesluk het. Hy het ook as enigste likwidateur van die "Nationale Exploratie Maatschappij" R30000 publieke geld tot sy beskikking gehad.⁸⁶ "I bought the Newspaper Company when a tottering concern, at its full value .. satisfying the demands of every single shareholder." Daarna het hy dit deur harde werk opgebou. Wat die mynmaatskappy betref, was dit die Hooggeregshof wat hom as likwidateur aangewys het en as dit sy aanklaer sou behaag, sou hy die hele lys van onopgeëiste dividende publiseer.⁸⁷ Die feit is dat die koerantmaatskappy tot niet sou gaan as Borckenhagen dit nie gekoop het nie. Wat die mynmaatskappy betref, het Borckenhagen al sy kragte ingespan om welvaart vir die Vrystaat te verseker deur goud te ontgin. Hy is deur al die vooraanstaande Vrystaters, onder andere Arthur Barlow, gesteun en toe daar nie goud gevind is nie, was dit vir hom 'n groot teleurstelling - "deep disappointment and worry were the only outcome of his unselfish efforts", skryf sy opvolger in 'n huldeblyk.⁸⁸

Borckenhagen se lewe was een van diens, maar ook een van stryd. Uit sy hoofartikels leer die leser hom ken as 'n

84. *Ibid*, 8 en 11 Jan., 5 3 en 29 Febr., 4 en 11 Maart 1896, onder andere.

85. *Ibid*, 22 Febr. 1896.

86. *The Friend*, 31 Des. 1894.

87. *De Express*, 8 Jan. 1895.

88. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

toegewyde, ernstige persoon, maar sy erns was deurspek met humor en warmte. Nooit kom 'n mens uit sy energieke, lewendige geskrifte agter dat hy deurentyd deur swak gesondheid geteister is nie.

VERHOUDING TOT DIE PRESIDENTE

Hoewel Borckenhagen hoë agting vir pres. Brand en vir sy rol in die opbou van die Vrystaat gehad het, het hy sy politieke beleidsrigting teengestaan. Pres. Brand wou die Vrystaat se onafhanklikheid bewaar, maar was eerder geneë om met Brittanje en die Britse kolonies saam te werk as met Transvaal. Hy het nie veel erg aan Afrikanernasionalisme gehad nie. Borckenhagen daarenteen, het hom beywer vir die groei van Afrikanernasionalisme en nouer republikeinse samewerking. Sy siening het dié van die meerderheid Vrystaters weerspieël en na pres. Brand se dood het hy hom beywer vir die verkiesing van presidente wat aan die verwagtings van die volk sou voldoen. F. W. Reitz en M. T. Steyn se kandidatuur is sterk deur hom gesteun en hierdie steun het groot gewig by die volk gedra. In sy huldeblyk na Borckenhagen se dood skryf *The Star*: "He attained a position of great influence in the Free State purely by his great abilities and personality. He was credited with the power of making and unmaking Free State Presidents."¹

2.1 President Reitz

F. W. Reitz het van Carl Borckenhagen getuig: "Wat my betref, ik heb aan hem ondervonden wat het zeggen wil een vriend te hebben die nauwer aankleeft dan een broeder".²

Advokaat F. W. Reitz is op 9 Mei 1874 as eerste hoofregter van die Appèlhof van die Oranje-Vrystaat aangestel.³ Hy en sy eggenote, Blanca, het op 5 Augustus 1874 as pasgetroudes in Bloemfontein aangekom.⁴

In 1875 het die egpaar kennis gemaak met die nuwe aankomelinge, Carl en May Borckenhagen. Elkeen van die vier het 'n ander land van oorsprong gehad. Carl was 'n Duitse, May 'n Engelse en Blanca 'n Noorse immigrant en F. W. Reitz

1. *The Star*, 7 Febr. 1898.

2. *De Express*, 8 Febr. 1898. Uit oud-pres. F. W. Reitz se huldeblyk by Borckenhagen se begrafnis.

3. *Volksraadsnotules OVS* (hierna afgekort na *OVSVR*), 9 Mei 1874, p. 44.

4. Moll, J.C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 21.

is in die Kaapkolonie gebore. Spoedig was hulle almal egte Vrystaters met 'n onblusbare liefde vir hul land van aanneming. 'n Hegte vriendskapsband is tussen die twee gesinne gesmee. Saam het hulle baie lief en leed beleef. Blanca Reitz het die jongste Borckenhagen-dogter, wat na haar vernoem is, se pleegmoeder geword. Binne 'n paar maande het beide ouerpare 'n seuntjie aan die dood afgestaan tydens 'n witseerkeel-epidemie. Reitz se vrou is op 5 Oktober 1887 oorlede en het hom met vyf seuns agter gelaat. Hy het die presidentskap sonder 'n vrou aan sy sy aanvaar, maar is aan die einde van 1889 met die direktrise van die Damesinstituut, Cornelia Mulder, getroud. Tot aan die einde van sy lewe was Borckenhagen 'n lojale vriend, ondersteuner en vertroueling van Reitz wat selfs insae in hoogs private staatsaangeleenthede verkry het.⁵ Met sy heengaan het Reitz van Pretoria gekom om 'n roerende huldeblyk by sy graf te lewer.

2.1.1 Die Afrikanerbond

Dit was in die Afrikanerbond dat die samewerking tussen Reitz en Borckenhagen en hulle beïnvloeding van mekaar eerste opgeval het.

Die Transvaalse Vryheidsoorlog het 'n spontane opbloeï van Afrikanernasionalisme tot gevolg gehad en een van die uitvloeïesels daarvan was die stigting van die Afrikanerbond. Die oorspronklike doel van die Bond was om Afrikanernasionalisme te kweek en te bevorder as teenvoeter vir Britse Imperialisme. Borckenhagen het gehoop dat alle Afrikaners, waarmee hy eintlik bedoel het almal wat begeer dat die land deur sy eie mense regeer word en nie deur 'n vreemde moondheid duisende kilometers ver nie, deur die Bond saamgesnoer sou word en dat 'n verenigde Suid-Afrika onder sy eie vlag tot stand gebring kon word.

Die gedagte aan so 'n Bond het by die Genootskap van Regte Afrikaners ontstaan. Ds. S. J. du Toit het dit in Junie 1879 in *Di Patriot* gepropageer. Mettertyd het die saadjie vrugbare teelaarde in die gemoedere van F. W. Reitz en Borckenhagen gevind. Saam met J. C. Voigt en E. Esselen het hulle 'n konsepgrondwet vir die Afrikanerbond in die Vrystaat opgestel. Reitz en Borckenhagen het hulle nou hart en siel vir die beweging beywer en hulle doelgerigte en

5. *Ibid*, p. 49.

geesdriftige leierskap, saam met die ondersteuning van plattelandse leiers, was verantwoordelik vir die sukses van die Afrikanerbond in die Vrystaat.⁶ Eersgenoemde was reeds 'n erkende kultuurleier en die leierskapsmantel het byna as vanselfsprekend op sy skouers geval. Borckenhagen, aan die anderkant, het in sy wydgelese koerant 'n kragtige propagandamiddel tot sy beskikking gehad. *De Express* is allerweë ingespan om die Bond te propageer en as mondstuk daarvoor te dien en is ook amptelik deur die Bond as sy orgaan erken. Besielende inleidingsartikels het 'n groot invloed uitgeoefen. T. R. H. Davenport⁷ en J. A. Coetzee⁸ meen dat die Afrikanerbond in die Vrystaat veral as gevolg van Borckenhagen se belangstelling en aansporing wortel geskiet het. Gou was daar ywerige belangstelling, talle takke is gestig en die Bond het 'n doeltreffende politieke drukgroep geword sonder om tot werklike partypolitieke groepering oor te gaan.⁹

Daar was aan die anderkant ook heftige teenstand teen die Bond, veral van die kant van Britsgesindes. Twee van die gedugste teenstanders in die Vrystaat was pres. J. H. Brand en J. G. Fraser en dan natuurlik die mondstuk van die Britsgesindes, *The Friend of the Orange Free State*.¹⁰ Reitz is in die besonder uitgesonder vir kritiek omdat hy sy posisie as hoofregter sou misbruik om die belange van die Bond te bevorder.¹¹ *The Friend* het selfs beweer dat hy die Bond gebruik om die presidentskap van die Vrystaat te bekom.¹² Hy het hom egter nie van stryk laat bring nie en voortgegaan om die Bond te dien. *De Express* het sy optrede steeds verdedig.¹³

Mettertyd het die Afrikanerbond in die Vrystaat begin kwyn, veral na die verkiesing van Reitz tot Staatspresident. Boere- en Jongelingsverenigings het grootliks die plek daarvan ingeneem. Een van die redes was die houding wat die Kaapse Bond ingeslaan het. Dit het 'n werktuig van

6. Malan, S. F., *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 108.

7. Davenport, T. R. H., *The Afrikaner Bond; the history of a South African political party*, p. 46.

8. Coetzee, J. A., *Politieke Groepering in die wording van die Afrikanernasie*, p. 211.

9. Malan, p. 111.

10. Verder in die hoofstuk afgekort na *The Friend*.

11. *De Express*, 9 Junie 1881.

12. *Ibid*, 16 Junie 1881.

13. *Ibid*, 14 Junie 1883, o.a.

imperialisme geword en in 1887 het die breuk tussen die Vrystaatse en Kaapse Bonde finaal geword. J. H. Hofmeyr, Kaapse leier, het die Britse koloniale konferensie in Londen bygewoon en daarna het hy hom beywer vir 'n ekonomiese tolverbond met die republieke wat sou uitloop op 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag. Hierteen het Borckenhagen hom verset en hy het verklaar dat die Kaapkolonie sy verbintenis met die Vrystaat wou misbruik om Transvaal in te palm.¹⁴ Tussen *Di Patriot* en *De Express* het daar ook verwydering gekom weens eersgenoemde se houding jeens die republieke en *De Express* het hom van dié blad gedistansieer.¹⁵

'n Belangriker rede vir die afname in belangstelling in die Bond was die verkiesing van Reitz tot Staatspresident. Baie Vrystaters het gemeen dat die Bond nie meer bestaansreg gehad het nie, want hul president sou toesien dat nasionale strewes bevorder word.

Die Afrikanerbond, waarvoor Reitz en Borckenhagen hulle so beywer het, het sy doel gedien tydens president Brand se ampstermyn. Afrikanernasionalisme is bevorder, 'n effektiewe politieke drukgroep het tot stand gekom en die burgers is opgevoed om in sake van die dag belang te stel en menings te vorm. Die vermoë om te organiseer en te debatteer is ontwikkel en sou voortaan in ander verenigings aangewend word. Daarbenewens het hoofregter Reitz homself bewys as 'n leier wat in voeling met die volk se wense was.

2.1.2 F. W. Reitz as Staatspresident

Die skeiding tussen pres. Brand se beleid en die volk se siening was reeds so vroeg as 1877 merkbaar na Brand se besoek aan Londen.¹⁶ Brand se afkeer in die Afrikanerbond en sy aanvaarding van 'n Britse eretitel het die teenstand teen hom verskerp. Borckenhagen het hom dan ook meermale gekritiseer, maar daarop gewys dat dit nie om die persoon van die President gegaan het nie, maar om beginsels.

14. *Ibid*, 27 Des. 1887.

15. Malan, p. 107.

16. *Ibid*, pp. 48-49.

2.1.3 Die 1888-verkiesing

Algaande het F. W. Reitz vir homself 'n plek in die harte van die volk verower. As regter en as kultuurmens het hy getoon dat hy 'n ware leier was wat hom beywer het om die nasionale strewes van die volk te verwesenlik. Voor die presidentsverkiesing van 1883 het daar reeds stemme by vergaderings begin opgaan dat Reitz die mees geskikte kandidaat was¹⁷ en by die benoeming van die Volksraad se kandidaat het Reitz ses stemme gekry.¹⁸ Ongeveer 500 burgers het ook rekwisities ten gunste van hom geteken. Borckenhagen het sy lesers verseker dat Reitz hom nie verkiesbaar sou stel nie omdat hy 'n te hoë agting vir pres. Brand gehad het en 'n man van edele beginsels was.¹⁹ Reitz het dan ook die benoeming as kandidaat van die hand gewys.

Met die presidentsverkiesing van 1888 in sig, was daar gerugte dat pres. Brand nie weer verkiesbaar sou wees nie. Ten spyte daarvan dat Reitz beslis verklaar het dat hy homself nooit as presidentskandidaat verkiesbaar sou stel solank pres. Brand beskikbaar was nie, is daar geesdriftig na hom as volgende bekleër van die presidentsamp verwys. Hy is as stryder vir die belange van die Afrikaner wat ook nouer betrekkinge met die susterrepubliek voorgestaan het, hoog aangeskryf²⁰. President Brand was egter beskikbaar en is met 'n groot meerderheid as die Volksraad se kandidaat aangewys.²¹ Hy is kort daarna, op 14 Julie 1888, oorlede.

Borckenhagen het hierna met die grootste geesdrif Reitz se kandidatuur vir die presidentskap aanbeveel. Hy het verklaar dat Reitz in uitnemende mate beskik het oor al die eienskappe waarna die Vrystaters in hul volkshoof gesoek het: 'n deeglike opvoeding, leierseienskappe en oordeelsvermoë in buite- en binnelandse sake, nederigheid en belangstelling in opvoeding en godsdiens. Hy was 'n egte, gebore Suid-Afrikaner wat sy volk verstaan en liefgehad het en hulle belange en kultuur sou beskerm sonder om die belange van mense van ander nasionaliteite en gesindhede te skaad. Hy kon dus in Transvaal en die kolonies vertrou word. Verder het hy die behoeftes en toestande van sy eie mense van naderby geken. Borckenhagen het Reitz reeds

17. *De Express*, 23 Aug. 1883.

18. *OVSVR*, 5 Junie 1883, p. 192.

19. *De Express*, 12 April 1883.

20. *Ibid*, 27 Des. 1889.

21. *OVSVR*, 8 Junie 1888, p. 417.

vyftien jaar geken en sy loopbaan noulettend gevolg en hy kon hom van harte aanbeveel as iemand wat daarna gestreef het om die Vrystaters se belange met al sy kragte en gewes te behartig.²²

Op vergaderings sonder tal en in korrespondensie is Borckenhagen se siening van Reitz onderskryf en 'n groot aantal rekwisities is aan hom gestuur.

Tog was daar ook in sekere kringe teenstand teen Reitz, veral oor sy verbintenis met die Afrikanerbond. Valse gerugte, o.a. dat hy Rooms-Katolisisme gesteun het, is versprei, maar doeltreffend die nek ingeslaan deur veral ds. F. G. Radloff van Hoopstad, vroeër van Bloemfontein. Borckenhagen het nie alleen groot prominensie in *De Express* aan sy verdediging gegee nie,²³ maar ook verder alles in sy vermoë gedoen om onwaarhede te weerlê en aan Reitz steun te verleen.

A. A. van der Lingen, predikant van Harrismith, was Reitz se enigste teenstander in die presidentsverkiesing. Hy het die steun geniet van 'n groepie kiesers in die noordoostelike distrikte en sy kandidatuur is deur die *Natal Afrikaner*, wat Natal se belange in die Vrystaat verteenwoordig het, bevorder. Die koerant het Van der Lingen egter van die wal in die sloot gehelp deur in 'n artikel voor te gee dat hy die uitverkore werktuig van God se wil was. *De Express* het die geleentheid onmiddellik aangegryp, die artikel gepubliseer en bytende kritiek daarop gelewer.²⁴ *The Friend* het Van der Lingen ook gesteun, bloot omdat hy Reitz teengestaan het.²⁵

In die Volksraad is daar ag kandidate genomineer, maar Reitz het verreweg die meerderheid stemme getrek.²⁶

J. G. Fraser, voorsitter van die Volksraad en geesdriftige ondersteuner van Brand (wie se voortreflikhede hy nooit sou nalaat om onder Reitz se aandag te bring nie) en sy beleidsrigting, het die ongewone eis aan Reitz gestel om 'n politieke program aan die Volksraad voor te lê.²⁷ In die

22. *De Express*, 31 Julie 1888.

23. *Ibid*, 8 en 14 Aug. 1888.

24. *Ibid*, 4 Des. 1888.

25. *The Friend*, 7 Nov. 1888.

26. *OVSVR*, 20 Aug. 1888, p. 449.

27. *De Express*, 4 Sept. 1888.

uiteensetting van sy program het Reitz op heel diplomatieuse wyse probeer om al die Vrystaters en ook breër Suid-Afrikaanse belange in gedagte te hou. Hy het hom ten gunste van 'n verenigde Suid-Afrika uitgespreek met behoud van elke onderdeel se onafhanklikheid. Dit het onder andere beteken dat doeaneregte aan die binnelandse state toegeken moes word. Hy het dus niks teen 'n tolunie gehad nie mits alle state en kolonies daartoe toestem. Wat Engeland betref, was hy ten gunste van die behoud van Engelse beskerming van Suid-Afrikaanse hawens en kuste in ruil waarvoor Engeland sekere voorregte kon geniet. Hy sou sy steun toesê aan spoorontwikkeling sodra fondse beskikbaar was en burgers met 'n besliste meerderheid daarvoor gestem het. Daar moes nie dwang wees nie, maar vriendelike oorreding. Onderwys was van die opperste belang. Daaraan moes meer geld en aandag bestee word, veral wat die platteland betref.²⁸

Daar was heelwat reaksie, positief en negatief, op hierdie beleidsverklaring en die verkiesingstryd, hoewel nie so heftig nie, was in volle swang. *The Friend* het voortgegaan om Van der Lingen se kandidatuur te propageer²⁹ terwyl *De Express* nie alleen Reitz se lof besing het nie, maar Van der Lingen se swakhede aan die kaak gestel het. Hy het van hom as "den politisch-godsdienstigen potsenmaker van Harrismith" gepraat. Verder het hy die kiesers dringend versoek om nie laks te wees nie, maar in groot getalle te gaan stem.³⁰ Dit sou vir 'n jong, onervare president wat veral aan die begin in die skaduwee van Brand beweeg het, noodsaaklik wees om hom te kon beroep op die steun van 'n groot meerderheid van die bevolking.

Daar was nie 'n kiesafdeling waarin Reitz nie die meerderheid behaal het nie, maar in Harrismith het hy sterk teenstand van Van der Lingen, wat 43% van die stemme op hom verenig het, ondervind. In totaal het Reitz 4 007 van die stemme teenoor Van der Lingen se 324 getrek.³¹

Op Nuwejaarsdag 1889 het Carl Borckenhagen gejubel oor die nuwe tydperk wat sou aanbreek met die inhuldiging van Reitz op 10 Januarie. Hy het egter ook gewys op die moeilike tyd wat vir die Vrystaat voorgelê het. Belangrike besluite, veral met betrekking tot spoorweë, moes geneem word. Van die

28. Moll, pp. 70-71; *De Express*, 4 Sept. 1888.

29. *The Friend*, 12 Des. 1888.

30. *De Express*, 11 Des. 1888.

31. *Ibid*, 25 Des. 1888.

kant van Transvaal en die Kaapkolonie is groot druk uitgeoefen. Die Vrystaat se geografiese ligging tussen die twee was van groot belang. Die Vrystaat kon homself nie afsonder nie, want hy was 'n deel van die geheel. Die land kon hom gelukkig ag om Reitz as president te hê, want hy sou versigtig en verstandig optree. Hy het geglo dat die volk hul kant sou bring en hom sou vertrou en steun. Hulle het oor gesonde verstand en vaderlandsliefde beskik en was vatbaar vir oortuiging, aldus Borckenhagen.³²

Hiermee het Borckenhagen die situasie presies saamgevat. Hyself en die meerderheid van die volk het geweldige hoë verwagtings van Reitz gekoester. Hulle het nou 'n president gehad wat hulle politieke siening gedeel het, naamlik dat republikenisme bevorder moes word en dat nouer samewerking met die ZAR daarom noodsaaklik was. Tyd het egter geleer dat daardie samewerking nie so maklik tot stand sou kom nie. Verder moes daar onderhandelinge oor spoorweë en 'n tolunie wees en die volk het in spanning gewag om te sien hoe die nuwe president dit sou hanteer. Nie alleen was daar druk van buite nie, maar in die Vrystaat self was die volk erg verdeeld oor beide kwessies. In sy politieke program het Reitz getoon dat hy nie dwang wou gebruik nie, maar oorreding. Die kritiek van *The Friend* daarop was dat die volk wel soewerein is, maar van 'n staatsman word verwag om ferm leiding te neem.³³ In die rede gelewer met sy inswering het Reitz te kenne gegee dat hy dit nie oorweeg het om dadelik deel te neem aan die bespreking van belangrike kwessies nie.³⁴

2.1.4 Reitz en die Volksraad

The Friend met sy aandrang op ferm leiding, kon nie anders as om Reitz te loof vir sy besliste toon in die presidensiële rede wat hy aan die begin van sy eerste Volksraadsitting gelewer het nie.³⁵ *De Express* was hoog in sy skik met die positiewe, reguit toespraak en was seker dat die President veel goeds sou uitrig. Hy het egter gewaarsku dat hy niks sonder die Volksraad se samewerking kon doen nie.³⁶

32. *Ibid*, 1 Jan. 1889.

33. *The Friend*, 5 Sept. 1888.

34. *De Express*, 15 Jan. 1889.

35. *The Friend*, 8 Mei 1889.

36. *De Express*, 7 Mei 1889.

Ongelukkig het hierdie samewerking soms ontbreek en het daar heelwat wrywing tussen Reitz en die Volksraad ontstaan. Die grondwet het nie aan die Staatspresident besondere magte verleen nie. Hy moes die Volksraad van raad bedien, hy kon wette indien en, met die Volksraad se toestemming, oorlog verklaar of vrede sluit en traktate aangaan. Sy pligte kon ook deur die Volksraad uitgeoefen word, hy het geen vetoreg gehad nie en sy optrede was onderhewig aan die goedkeuring van die Volksraad. As hy nie ferm opgetree het nie, kon hy 'n strooipop in die hande van die Volksraad word. In die praktyk het hy egter groter gesag as in die teorie besit. 'n Wapen wat meermale deur pres. Brand en ook deur pres. Reitz gebruik is, is die dreigement om te bedank.³⁷ As dit sou gebeur, moes 'n presidentsverkieping uitgeskryf word en indien die volk sy soewereine mag uitoefen en die president herkies, het die Volksraad die stryd verloor. Die gesag wat 'n president uitgeoefen het, het dus van sy persoonlikheid afgehang. Tydens Reitz se ampstermyn het die Volksraad, veral onder leiding van J. G. Fraser, probeer om sy gesag te vermeerder en selfs die howe se terrein te betree. Reitz se pogings om meer mag te verkry, onder andere deur die vetoreg te bekom, is met mening deur die Volksraad bestry.

Kort nadat pres. Reitz ingesweer is, het die eerste tekens van botsing tussen hom en die Volksraad verskyn. Pres. Paul Kruger was onrustig oor die Vrystaat se samewerking met die Kaapkolonie op ekonomiese gebied, soos geblyk het uit die tolverbond³⁸ en spoorooreenkomste³⁹ en hy wou graag samesprekings met Reitz voer. Volgens wet kon hy nie sonder sy Volksraad se goedkeuring die Republiek verlaat nie. Die Vrystaatse grondwet het nie so 'n beperking op sy president geplaas nie, maar by pres. Brand het dit gebruiklik geword om verlof te vra en die Volksraad het aanvaar dat dit so gedoen moes word. Aangesien die Volksrade nie in sitting was nie, kon die presidente nie verlof vra nie. Reitz het ingestem om Kruger op 4 Maart 1889 by Potchefstroom te ontmoet. Onmiddellik het die *Transvaal Advertiser*, wat sterk

37. Van Schoor, M. C. E. en Van Rooyen, J. J., *Republieke en Republikeine*, p. 117.

38. In Jan. 1888 is daar by 'n konferensie in Kaapstad voorlopig besluit op 'n tolunie tussen die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat.

39. Tydens die konferensie in Jan. 1888, hierbo genoem, het die Vrystaatse afgevaardigdes in beginsel met die Kaapse afgevaardigdes ooreengekom dat 'n spoorlyn vanaf Kaapstad na die Vaalrivier aangelê sou word. Die Volksraad het spooraanleg daarna goedgekeur.

anti-Kruger was, dit as 'n verbreking van die wet bestempel. Borckenhagen het Reitz se optrede verdedig deur daarop te wys dat pres. Brand net hoflikheidshalwe die Volksraad se verlof gevra het om oor die grens te gaan. Daar was geen wet daarteen nie.⁴⁰

Tydens die Volksraadsitting het raadslid Z. J. de Beer gemeld dat Reitz die staat sonder verlof verlaat het en P. Botha wou die saak bespreek. Die voorstel is egter van die hand gewys. Die president het later kennis gegee (dus nie verlof gevra nie) dat hy die Vrystaat gedurende die reses sou moes verlaat en het verlof daartoe ontvang.⁴¹

Met die oog op die aanstaande Volksraadsitting het pres. Reitz in Maart 1890 'n wetsontwerp laat publiseer waarin hy sekere konstitusionele veranderinge voorstel, onder andere 'n verandering in die samestelling van die Uitvoerende Raad en die vetoreg vir die staatshoof. *De Express* het reeds in 1886⁴² betoog dat die landdros van Bloemfontein en die Goewerment-sekretaris nie onafhanklik was nie omdat hulle as amptenare van die President afhanklik was. Hulle het nie in die Uitvoerende Raad gepas nie en moes liewer deur departementshoofde soos die Tesourier-generaal, Staatsprokureur en Inspekteur van Onderwys vervang word. Reitz se voorstel was gelykluidend, maar die Inspekteur van Onderwys is uitgesluit. Wat die vetoreg betref, het Borckenhagen dit vurig bepleit om oorhaastige en skadelike wetgewing te voorkom.⁴³ Reitz het die kwessie van die vetoreg baie diplomaties gestel: hy wou nie meer gesag hê nie, maar aangesien die Volksraad net uit een kamer bestaan het, kon die vetoreg nuttig wees om oorhaastige wetgewing te voorkom.⁴⁴ Fraser, voorsitter van die Volksraad, het sterk standpunt teen die voorstel ingeneem en die konserwatiewe Raad het hom gevolg in sy beredenering. Die voorstel is met 42 stemme teen 8 verwerp.⁴⁵ Die groot nederlaag wat Reitz gely het, het tot gevolg gehad dat hy nie weer konstitusionele wysigings voorgestel het nie.

Kort hierna het spooraanleg in die Vrystaat aanleiding gegee tot verdere wrywing tussen die Staatspresident en die

-
40. *De Express*, 12 Maart 1889.
 41. *OVSVR*, 22 Junie 1889, p. 468.
 42. *De Express*, 8 April 1886.
 43. *Ibid*, 25 en 29 Maart 1890.
 44. *OVSVR*, 8 Mei 1890, p. 65.
 45. *Ibid*, 12 Mei 1890, pp. 104-114.

Volksraad. Reitz het aangedring op 'n direkte lyn van Bloemfontein na die Transvaalse grens en het so sterk daarvoor gevoel dat hy verklaar het dat hy gewetensbesware sou hê teen die aanlê van enige ander lyn. Sy ferm optrede het bewondering uitgelok, onder andere ook van *The Star*⁴⁶ in Johannesburg, wat hom as 'n kragtige staatsman bestempel het. Die lyn is met 'n meerderheid van een stem goedgekeur, maar Volksraadslede het Reitz skerp gekritiseer. *De Express* het gemeen dat die wyse waarop kritiek uitgespreek is, die Volksraad nie waardig was nie. Al die burgers het bewondering gehad vir Reitz se eerlikheid, openhartigheid, onpartydigheid en begeerte om sy dienste aan die wesentlike belange van die hele Staat te wy. Nie een van sy teenstanders het die volk se vertroue soos hy geniet nie.⁴⁷ Dit was vir Borckenhagen verontrustend dat dit vir die Volksraad moontlik kon wees om teen die wil van die President en die volk besluite te neem. Daar was nie 'n verantwoordelike bestuur of 'n plebescit om dwase wetgewing teen te staan nie. As daar 'n verskil van mening tussen die Volksraad en die President ontstaan het, moes die volk die geleentheid hê om daarvoor te beslis. Indien die Volksraad op sy ingeslane weg voortgaan, kon dit die President so ontmoedig dat hy sy ywer verloor en soos Brand, vrye teuels aan die Volksraad gee.⁴⁸

Weer eens het 'n klein stormpie tydens die 1890-sitting losgebars toe die Volksraad homself die reg wou toeëien om 'n persoon wat die waardigheid van die Raad aantas, te laat arrester, verhoor en straf. Borckenhagen se kommentaar was dat die Volksraad nie op waardigheid kon aanspraak maak nadat hulle Reitz op 'n onwaardige wyse gekritiseer het omdat hy 'n reguit spoorlyn verkies nie. Dit was syns insiens verkeerd dat die Volksraad self kon beslis wanneer daar teen hom oortree is en dan self die straf toedien.⁴⁹ 'n Ordonnansie is voorgelê en die sekretaris van die Volksraad het opdrag gegee dat dit in die staatskoerant gepubliseer word. Hoofregter Melius de Villiers het beswaar gemaak teen die oortreding op die gebied van die regbank en pres. Reitz teen die feit dat die sekretaris opdrag gegee het dat die ordonnansie gepubliseer word. Dit was die President se taak om wette te laat publiseer. 'n Kommissie het die President ontmoet en op Reitz se aanbeveling is bepaal dat die

46. Uittreksel uit *The Star* in *De Express*, 1 Julie 1880.

47. *De Express*, 17 Junie 1890.

48. *Ibid*, 24 Junie 1890.

49. *Ibid*, 17 Junie 1890.

staatspresident alle wette, regulasies en besluite sou proklameer.⁵⁰ Die beoogde wetgewing is ook laat vaar uit vrees vir die openbare mening.⁵¹ "Het geheele ding is eene ongerÿmdheid", was *De Express* se uitspraak oor die optrede van die Volksraad.⁵²

In 1892 het Reitz die Volksraad versoek om aan hom vryheid van beweging te skenk wanneer hy die belange van die staat buite die landsgrense moes behartig. Tradisie en konserwatisme het, soos gewoonlik, die oorhand gekry en die versoek is geweier. Hy sou die staat nie sonder die Volksraad se toestemming kon verlaat nie.⁵³ Reitz het dit as 'n mosie van wantroue beskou en sy bedanking as staatshoof ingedien. Beroering het gevolg. Vergaderings is gereël en van oral oor het telegramme na Reitz ingestroom. Die Volksraad het 'n kommissie aangestel om met die President te onderhandel oor die terugtrekking van sy bedanking, daar is dae lank oor die kwessie gedebatteer en op die ou end het die President sy bedanking teruggetrek, hoewel beide partye by hul standpunt gebly het. Die voorsitter van die Volksraad, Fraser, het daarop gestaan dat die Volksraad die reg het om oor die President se bewegings te besluit. Dat die President die kwessie in die Volksraad geopper het, was reeds bewys daarvan en sy optrede het getuig van halstarrigheid.⁵⁴

The Friend het Reitz se optrede ook as eiesinnigheid gekritiseer en hom gewaarsku dat die Volksraad nooit sy menings in ag sou neem nie. Hulle sou hom altyd dwing om hulle gesag te aanvaar. Die President het reeds 'n hele aantal nederlae teen die Volksraad gely en die steun wat hy van die volk geniet het, sou hom niks baat in die stryd teen die Volksraad nie. Volgens die grondwet was hy verplig om die Wetgewende mag se be vele uit te voer. Verder het die koerant ook talle soortgelyke en selfs krasser menings uit Engelsgesinde koerante aangehaal.⁵⁵

De Express het vir die President in die bresse getree en daarop gewys dat sy motiewe eerlik en opreg was. Hy het egter erken dat die President onversigtig opgetree het. Aan

50. *Ibid*, 1 Julie 1890.

51. Van Schoor en Van Rooyen, p. 138.

52. *De Express*, 1 Julie 1890.

53. *OVSVR*, 30 Mei 1892, pp. 296-297.

54. *Ibid*, 2 Junie 1892, p. 331.

55. *The Friend*, 3 en 10 Junie 1892.

die anderkant was die Volksraad se optrede belaglik en onwaardig. Die Raad wil regte opeis en die President se waardigheid aantas sonder dat die grondwet dié regte aan hulle gee. Fraser meen dat die Volksraad groter magte het as enige soortgelyke liggaam in die wêreld. Die Raad moet sy mag in die belang van die volk gebruik en nie op 'n persoonlike en aanstootlike wyse soos hier die geval was nie. Die staat se belang vra hartlike en eerlike samewerking tussen die Volksraad en die man wat deur die hele burgery verkies is en nie deur 'n halfdosyn burgers, soos in die geval van sommige Volksraadslede nie. Verder het hy, soos *The Friend*,⁵⁶ daarop gewys dat dit nodig was om die grondwet te wysig.⁵⁷

Die President se besliste optrede het egter nie sy posisie teenoor die Volksraad versterk nie. Die Raad het deurgaans gepoog om eerder sy eie posisie te verstewig.

2.1.5 Reitz en die tolunie

Die totstandkoming van 'n tolunie met die Kaapkolonie nadat die Vrystaat jare daarvoor gepleit en pres. Brand die weg daarvoor voorberei het, was 'n besondere mylpaal in pres. Reitz se regeringstyd. Dit het egter ook spanning en verdeeldheid tot gevolg gehad omdat die noordoostelike distrikte as gevolg van Natal se weiering om tot die tolunie toe te tree, hulle bevoorregte posisie met betrekking tot Natalse handel verloor het. Borckenhagen het pres. Reitz heelhartig gesteun en selfs soms ondiplomaties opgetree in sy poging om die President te verdedig. Vir Reitz was dit 'n moeilike taak om die volk te oortuig dat die tolunie tot voordeel van die hele Vrystaat was. Die hele kwessie van die tolunie word in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek.

2.1.6 Reitz en spoorweë.

Die aanlê van spoorweë in die Vrystaat word in hoofstuk 4 behandel en sal hier net aangeraak word. Die eerste spoorlyne in die Republiek is gedurende pres. Reitz se bewind gebou en hy het 'n belangrike rol daarin gespeel. Borckenhagen het hom met raad en daad gesteun hoewel daar tog punte van verskil was, byvoorbeeld oor die wyse van aanleg. Reitz was ten gunste van staatsaanleg terwyl

56. *Ibid*, 7 Junie 1892.

57. *De Express*, 7 Junie 1892.

Borckenhagen gemeen het dit moes by wyse van konsessie geskied. Hy en pres. Reitz was reeds jarelank voorstanders van die idee van spoorweë, maar het beide besef dat dit net soveel 'n politieke as 'n ekonomiese kwessie was wat geweldige beroeringe, nog veel meer as wat die geval met die tolunie was, in die gemoedere van Vrystaters tot gevolg gehad het. Reitz het die presidentskap aanvaar in 'n tydperk waarin daar op vergadering na vergadering oor spoorweë gedebatteer is en die meerderheid van die volk was nog teen die aanlê van spoorlyne gekant. Pres. Reitz wou nie dadelik na sy inswering by debatte oor sake van kontensieuse aard soos spoorweë en die tolunie betrokke raak nie, maar algaande het hy duidelik getoon dat hy spoorweë gesteun het. Nadat die spoorlyn van Norvalspont na Bloemfontein gelê is en Paul Kruger ingestem het dat die lyn na Johannesburg verleng kon word, het hy ferm gestaan in sy oortuiging dat die kortste, mees betalende roete gevolg moes word. Borckenhagen het nie alleen sy invloed in hierdie verband deur middel van sy koerant uitgeoefen nie, maar ook op vergaderings en op persoonlike vlak oorredingswerk gedoen. Hy het selfs agter die skerms met invloedryke persone soos J. H. Hofmeyr van die Kaapkolonie onderhandel.

Die eerste paar maande van Reitz se bewind was veral vanweë die tol- en spoorkwessies vol spanning, maar uiters betekenisvol omdat die weg gebaan is vir 'n tydperk van voorspoed en ontwikkeling. Algaande het die Vrystaatse bevolking die waarde van 'n tolunie en spoorlyne begin insien. Talle botsings oor die aanlê van verdere lyne het nog gevolg, want elkeen wou graag 'n spoorlyn deur sy eie distrik hê. Aan die einde van Reitz se bewind was dit duidelik dat spoorweë die Vrystaat op 'n pad van voorspoed geplaas het.

2.1.7 Die 1893-verkiesing

Met Reitz se bewindsaanvaarding in 1889 het hy dadelik midde-in belangrike kwessies waaroor daar groot verdeeldheid in die Vrystaat bestaan het, beland. Een van die eerste vraagstukke wat die Volksraad behandel het, was samewerking met die Kaapkolonie in die vorm van tol- en spoorooreenkomste. Heelwat Vrystaters was gekant teen hierdie samewerking omdat dit betrekkinge met die ZAR kon skaad. Inwoners van die noordoostelike distrikte het ernstige beswaar teen 'n tolunie gehad omdat dit hulle in die ongelyk gestel het wat die res van die Republiek betref.

Reitz het tevergeefs probeer verduidelik dat hy net die seël op sy voorganger se onderhandelings geplaas het en dat die staat in sy geheel geweldig by die ooreenkoms gebaat het. Hy het ook talle vergeefse pogings aangewend om Natal by die tolunie in te trek en om die Kaapkolonie te oorreed tot billiker behandeling van die noordoostelike distrikte. Onkunde en die voortdurende propaganda deur Natalse handelaars en politici by monde van hul koerante, het die ontevredenheid aan die gang gehou.

Die gebruiklike vyfjaarlike verkiesing moes in 1893 plaasvind. Reitz het die verkiesing tegemoet gegaan met die wete dat hy heelwat steun in bogenoemde distrikte sou moes ontbeer. *De Express* het Natalse propaganda, onder andere dat Reitz verantwoordelik was vir die tolunie en die swaar las wat die noordoostelike distrikte moes dra en dat die Vrystaat sedert die sluiting van die tolunie baie slegter daaraan toe was as voorheen, met feite weerlê. In die eerste plek was dit die Volksraad en nie die President nie, wat besluite geneem het. Tweedens het die Kaapkolonie die Vrystaat voorheen baie erger belas en Natal het dit nog steeds gedoen. Verder het Borckenhagen ook beswaar gemaak teen die kandidatuur van persone wat die waardigheid van die Presidentsamp sou verlaag.⁵⁸ Mense wat S. P. de Beer voorgestel het as kandidaat, se doel was slegs om stemme te verdeel. Hy was 'n middelmatige amptenaar wat as landdros van Bloemfontein pensioen behoort te gekry het om plek te maak vir 'n ander. Dit was nie 'n wonder nie dat 'n korrespondent van Rouxville aan die *Eastern Province Herald* geskryf het dat as De Beer Staatpresident moes word op grond van sy lange jare diens, moes konstabels Hartzeeer en April seker kwalifiseer as staatsprokureur en Goewermentsekretaris.⁵⁹ Borckenhagen het dit ten sterkste afgekeur dat De Beer op mense se godsdienstige gevoelens gespeel het deur te sê dat hy 'n geroepene soos Moses of Dawid is en op leiding van Bo sou vertrou as hy tot Staatspresident verkies word. "If we are to believe that divine grace will convert the humblest vessel into a statesman and President, how is it that the same influence has been absent in making Mr. de Beer a decent Landdrost?" Die politieke manifes wat hy versprei het, het vir hom spot en minagting op die hals gehaal. Wat Van der Lingen betref, het hy en sy agent Herschensohn (redakteur van die *Natal Afrikaner*) soos Don Quixote en Sancho Panza deur die

58. *Ibid*, 11 April 1893.

59. *Ibid*, 7 en 14 April 1893.

Vrystaat gereis, gemoedere vergiftig en beloop om die tolunie-windmeul te bestorm. Dit was 'n goeie getuigskrif vir die Vrystaat dat dit al beswaar was wat hulle kon opper - en dit iets wat geld in die Vrystaat se sak gebring het in plaas daarvan dat daardie geld na die Kaapkolonie gegaan het. Dit was 'n leuen dat geld van weduwees en wese gekom het en dat die tolunie tot skuld sou lei. "To say that President Reitz is responsible for the Customs Union - is the greatest lie!!!" Die Volksraad het wyslik in 1889 en 1893 daarvoor besluit.⁶⁰ Hoe nader verkiesingsdag gekom het, hoe heftiger het *De Express* en *The Friend*⁶¹ se aanvalle op Reitz se teenstanders geword. Beide kandidate het 'n swak indruk geskep en het hulle skuldig gemaak aan die verspreiding van valse gerugte aangaande Reitz. Van der Lingen kon egter op heelwat steun uit Harrismith, Bethlehem, Kroonstad en Vrede reken weens dié distrikte se ontevredenheid met die tolunie.

Reitz is met 'n meerderheid van 43 teen 8 as die Volksraad se kandidaat aangewys.⁶² *De Express* het nooit enige twyfel gehad oor die Volksraad en volk se keuse nie⁶³. Reitz het hulle vertroue verdien, want hy het lojaal en getrou die Volksraad se beleid en opdragte uitgevoer en gewaak oor die welvaart en waardigheid van die staat. Sy verskille met die Volksraad was slegs die gevolg van "some perplexing provisions of the Constitution".⁶⁴ *The Friend* het wel erken dat Reitz oor besondere persoonlikheidseienskappe beskik het, maar volgens hom was hy nie 'n staatsman met "finesse" nie.⁶⁵ Hierop het *De Express* geantwoord: "Finessing is the practising of artifices to accomplish a purpose - it is trickery & deceit, craft & slyness. And that is what is wanted in this country for a Head of the State! To deceive whom, - to accomplish what purpose? Let we thank God that we possess a man of 'truthfulness, honesty, integrity, patriotism, open-handed hospitality, generosity,

60. *Ibid*, 4 Julie 1893.

61. In teenstelling met die 1889-verkiesing, het *The Friend* Reitz in die 1893-verkiesing gesteun en hom by die volk aanbeveel. (Vgl. *The Friend*, 17 Nov. 1893) Die koerant se Hollandse redakteur, Van Raalte, het Reitz se goeie hoedanighede aangeprys, maar beweer dat sy gewildheid aan die kwyn was omdat die party wat hom steun, pres. Brand se teenstanders, hom deur die modder sleep. (*The Friend*, 21 Nov. 1893)

62. *OVSVR*, 1 Junie 1893, pp. 290-1.

63. *De Express*, 7 April 1893.

64. *Ibid*, 2 Junie 1893.

65. *The Friend*, 2 Junie 1893.

friendliness & bonhomie,' for these are the qualities Mr. Reitz possesses, according to the *Friend* .. it is not a want of statesmen we are suffering under, but a superfluity of critics. Yes, - and such critics!"⁶⁶

Hoewel Reitz teenstand uit die noordoostelike distrikte kon verwag, was dit uit korrespondente se skrywes in die koerante, rekwisisies en vergaderings duidelik dat hy die meerderheid burgers se steun geniet het. Hy het nie, soos sy teenstanders, enige propaganda vir homself gemaak nie. Uit sy antwoorde op rekwisisies blyk dit dat hy hom steeds sou beywer vir die onafhanklikheid van die Vrystaat, maar dat hy ook Suid-Afrikaanse samewerking wou bevorder deur 'n algemene tolverbond en 'n gemeenskaplike spoorwegbeleid te steun. Hy sou werk vir die welvaart van die Vrystaat en het veral klem gelê op onderwys.⁶⁷

Borckenhagen het Reitz se uiteensetting van sy beleid hartlik onderskryf.⁶⁸ Hy het die felle kritiek wat deur Reitz se teenstanders uitgespreek is, skerp veroordeel. Terwyl hy erken het dat selfs hy soms van Reitz verskil het, het hy geswyg omdat hy besef het hoe moeilik dit vir die jong president was om na sy verkiesing in die bekwame en geliefde president Brand se voetspore te volg. Die President se posisie het steeds moeiliker geword omdat die Volksraad, weens onduidelikheid in die grondwet, meer en meer van die President se magte vir homself toegeëien het. Ten spyte daarvan het Reitz die land met getrouheid, opregtheid en uiterste offervaardigheid gedien en volgens Borckenhagen sou dit verraad teenoor die Vrystaat wees om nie op sy herkiesing aan te dring nie.⁶⁹

Die verkiesingstryd was volgens *De Express* een soos nooit tevore nie en soos daar hopelik nie weer sou wees nie - onsmaklik en onbetaamlik. Daar is ook verwyte na die koerant geslinger dat hy te skerp in sy kritiek teen Reitz se teenstanders was, maar hy het dit sy plig geag omdat hy hulle as onwaardige kandidate beskou het wat nie soos Reitz die land se belange sou dien nie. Hy het daarop gewys dat die teenstanders laakbare wapens gebruik het, veral in die vorm van omsendbriewe. *De Express* het self 'n flater begaan met sy uitlating dat hy minagting gehad het vir diegene wat

66. *De Express*, 6 Junie 1893.

67. Moll, p. 205.

68. *De Express*, 6 Okt. 1893.

69. *Ibid*, 3 Nov. 1893.

vir Reitz se teenstanders gestem het, en hy het sy spyt daaroor uitgespreek.⁷⁰ Dit het hom egter die argwaan van 'n groepie mense op die hals gehaal. Sy felle kritiek op De Beer het later geblyk geregverdig te wees, want hierdie landdros van Bloemfontein wat Reitz valslik daarvan beskuldig het dat hy ongodsdienstig was en homself voorgestel het as God se geroepene, is van sy pligte onthef vanweë die bedrog wat hy gepleeg het. Hy het jarelank die salaris van 'n fiktiewe konstabel wat op sy lys van personeel opgegee is, getrek.⁷¹ Tog het Borckenhagen by die Volksraad gepleit dat hy met simpatie behandel moes word en 'n pensioen moes ontvang.⁷²

Reitz het 4 917, Van der Lingen 1 802 en De Beer 730 stemme behaal. Soos verwag is, het Van der Lingen die steun van die noordoostelike distrikte gehad. Daar was op hierdie stadium groter verdeeldheid in die Vrystaat as ooit tevore,⁷³ hoofsaklik vanweë die tolunie.⁷⁴ Van Raalte, *The Friend* se Hollandse redakteur, het dit egter toegeskryf aan die party waartoe Reitz behoort het - die Transvaal-gesindes soos Borckenhagen en ander. Hy het Reitz se oorwinning as klatergoud beskryf, want agter die skerms was daar, volgens hom, 'n smerige ondergrond. Ten spyte van Reitz se groot oorwinning, het hy beweer dat daar groot teenstand teen Reitz was en dat baie kiesers net vir hom gestem het om die ander kandidate uit die presidensiële amp te hou.⁷⁵ Borckenhagen se kommentaar hierop was dat Van Raalte "turned himself loose in an original work of fiction on President Reitz's unpopularity."⁷⁶

Van Raalte se bewering dat Reitz se gewildheid aan die taan was, is weerspreek deur die stroom van gelukwensinge van oral oor en selfs Reitz se teenstanders het sy integriteit geloof. Die spanning het egter sy tol geëis en die herkose President het genesing by die see gaan soek. Gelukkig het hy gou herstel.

Op 10 Januarie 1894 is Reitz jubelend ingehuldig. In sy toespraak het hy met optimisme en Godsvertroue die toekoms

70. *Ibid*, 21 November en 22 Desember 1893.

71. Moll, pp. 93-94.

72. *De Express*, 23 Jan. 1894.

73. Moll, p. 206.

74. *De Express*, 28 Nov. 1893.

75. *De Burger*, 21 Nov. en 1 Des. 1893.

76. *De Express*, 24 Nov. 1893.

tegemoet gesien. Na die inswering het die musiekkorps 'n feesstemming geskep en daardie aand was daar 'n fakkeloptog en 'n optog van fietse met lanterns. 'n Skare het voor die Presidensie versamel en die President en sy gade het hulle toejuiging van die stoep af begroet.⁷⁷ Dit sou hom egter nie beskore wees om veel langer oor die Vrystaat te regeer nie.

2.1.8 Die President as hoof van die staatsdiens

Volgens die grondwet was die President se vernaamste taak om toesig te hou oor die verskillende staatsdepartemente, staatsamptenare aan te stel of te ontslaan en die finansies van die staat te ondersoek. As sodanig was hy vir die reël van alle staatsake aan die Volksraad verantwoordelik.⁷⁸ Ook in hierdie opsig het daar soms verskille tussen die President en die Volksraad opgeduik. Reitz was bereid om die belange van amptenare teen die Volksraad te beskerm indien hy oortuig daarvan was dat die amptenaar dit verdien het. Vanaf Mei 1893 het J. G. Fraser en *The Friend* die voortou geneem in 'n vete teen die inspekteur-generaal van openbare werke, E. Thiange. In Junie 1894 het die Volksraad met 'n meerderheid van slegs twee besluit om hom af te dank⁷⁹ ten spyte van kenners se bevinding oor sy werk. 'n Volksraadskommissie wat reeds die vorige jaar aangestel is om Thiange se saak te ondersoek, het R. Brounger, Kaapse spooringenieur, se hulp ingeroep om oor Thiange se bekwaamheid te oordeel en hy het bevind dat hy bekwaam en betroubaar was. Volgens *De Express* was hy een van die beste in sy professie en baie ywerig. Die koerant het heftig teen die Volksraad te velde getrek, eerstens omdat 'n amptenaar wat 'n hele departement, waaronder spoorweë ook geval het, so goed behartig het dat die Raad hom vir sy dienste bedank het, nou vir 'n nietige oortreding deur 'n ondergeskikte afgedank moes word en tweedens omdat die Staatspresident volgens die grondwet die enigste persoon was wat die bevoegdheid gehad het om amptenare aan te stel of af te dank. Hy het sy amptenare se waarde en die behoeftes van die diens baie beter geken as enige lid van die Volksraad. " .. the State President .. is in no way bound to share the opinion of a majority of two in the Raad." Hy het die voorsitter kwalik geneem omdat hy toegelaat het dat voorstelle wat in stryd met die grondwet was, ingedien word.

77. *Ibid*, 12 Jan. 1894.

78. Van Schoor en Van Rooyen, p. 116.

79. *OVSVR*, 14 Junie 1894, p. 373 e.v.

Verder het hy die Volksraad gewaarsku dat sulke optrede sou verhoed dat die land bekwame persone se dienste bekom.⁸⁰ Reitz het die raadsbesluit geïgnoreer en hoewel Fraser volgehou het dat die President nog altyd verantwoording aan die Volksraad verskuldig was, het die Raad Thiangse se verslag die volgende jaar aanvaar; maar hom daarna ontslaan.⁸¹ Reitz was toe alreeds siek en P. J. Blignaut het in sy plek waargeneem as president. Borckenhagen het die Volksraad verwyt dat hierdie besluit geneem is "for the express purpose of annoying and humiliating the head of State."⁸²

2.1.9 Reitz se siekte en bedanking

Reitz het tydens sy jare as hoofregter en as leier van die Afrikanerbond uiters gewild geraak onder die volk. Borckenhagen het ook baie gedoen om hom onder die volk se aandag te bring en vir hom was daar geen geskikter kandidaat vir die presidentsamp as Reitz nie. Hy was 'n ware Afrikaner en republikein wat die strewes van die Vrystaters en Afrikaners sou help verwesenlik; daarom het Borckenhagen hom gesteun en sy teenstanders beveg. Met sy verkiesing as president is die hoogste verwagtinge van hom gekoester en hy het met al sy kragte gepoog om aan hierdie verwagtinge te voldoen. Hoewel die Transvaalse regter, E. J. P. Jorissen, die Vrystaat sy kalm bestaan beny het in vergelyking met Transvaal wat voortdurend in stryd gewikkel was,⁸³ het Reitz gevind dat daar allesbehalwe volkome rus en vrede op hom gewag het.

Toe Reitz aan die begin van 1889 as staatspresident ingesweer is, was hy as vier-en-veertigjarige in die fleur van sy lewe. Hy was vol geesdrif vir sy taak. Sy eerste toespraak, of aanspraak soos dit genoem is, in die jaarlikse Volksraadsitting het indruk gemaak vanweë die beslistheid waarmee dit gelewer is.⁸⁴ Volgens *The Friend* het sy aanspraak en manmoedige en onafhanklike optrede met betrekking tot spoorweë hoop verwek.⁸⁵

80. *De Express*, 12 en 15 Junie 1894.

81. *OVSVR*, 5 April 1895, p. 63 e.v.

82. *De Express*, 21 Junie 1895.

83. Jorissen, E. P. J., *Transvaalsche Herinneringen 1876-1896*, p. 88.

84. *De Express*, 7 Mei 1889.

85. *The Friend*, 15 Mei 1889.

Sy eerste verjaarsdag as staatspresident is feestelik herdenk en dit was duidelik dat hy die liefde en agting van sy volk geniet het, veral na sy eerste reis deur die platteland.⁸⁶ Ook van buite die Republiek het lofbetuigings gekom. In 'n skets in die *Graaff-Reinet Advertiser* word hy beskryf as iemand met 'n kragtige persoonlikheid wat weet wat hy wil hê, maar terselfdertyd informeel en gemaklik in die omgang.⁸⁷ Met sy volgende verjaarsdag het *The Friend* geskryf dat hy die volk se respek gewen het deur sy "manly, straightforward and honourable character."⁸⁸ In 1891 kon *De Express* nog meld dat Reitz se verjaarsdag "found the Head of State in the best of health"; maar die verwysing na "the President's anxious .. efforts to steer the ship of state aright", dui op pligsgetrouheid te midde van moeilike omstandighede.⁸⁹

Die tol- en spoorwegkwessies waarvoor hy hom met soveel volharding beywer het, was van die grootste bronne van spanning. Nie alleen moes hy delikate onderhandelings met dikwels halstarrige staatsmanne van ander state en kolonies voer nie, maar 'n deel van sy eie mense het hom as gevolg van sy beywering as 'n vyand beskou. Dit moes hom diep seergemaak het dat sy pogings om die beste vir sy land te soek, so misverstaan is.

Tydens die 1893-verkiesing was Borckenhagen baie bekommerd oor Reitz se gesondheid. Hy het 'n ernstige griepaanval gehad en met sy verjaarsdag het Borckenhagen hom beter gesondheid toegewens. Hy het die President se swak gesondheid aan die spanning en pligte van sy hoë amp toegeskryf en die feit dat hy so sensitief was. Van der Lingen en De Beer se kandidatuur was 'n moedswillige belediging.⁹⁰

Pas na die verkiesing moes Reitz om gesondheidsredes met vakansie gaan. Die spanning het sy gesondheid nadelig beïnvloed.

Aan die begin van sy tweede ampstermyn was die gevoel van die inwoners van die noordoostelike distrikte (vanweë die tolunie) so sterk teen hom dat die stadsvaders van

86. *De Express*, 8 Okt. 1889.

87. Aangehaal in *De Express*, 14 Jan. 1890.

88. *The Friend*, 7 Okt. 1890.

89. *De Express*, 6 Okt. 1891.

90. *Ibid*, 6 Okt. 1893.

Harrismith besluit het om hom nie op die tradisionele wyse 'n verwelkomingsadres aan te bied tydens sy besoek aan die dorp nie. Hoewel sommige inwoners op 'n vergadering besluit het om tog 'n adres aan te bied, was Reitz se ontvangs maar baie flou. Net tien voertuie, waarvan ag dié van amptenare was, het hom ingewag.⁹¹

Een van sy innigste begeertes was dat die twee republieke hartliker sou saamwerk en nouer sou verenig. Hierdie strewe van hom was die rede waarom hy in die eerste plek tot Staatspresident verkies is. Tot sy teleurstelling moes hy vind dat samewerking met die ZAR en Paul Kruger nie altyd so maklik was nie. Hy is dikwels met kilheid behandel. Verder was daar 'n groep Vrystaters wat Brits- en Kaaps gesind was en geheel en al teen nouer vereniging met die ZAR gekant was. Dit was veral die geval met 'n groot deel van die Engelssprekendes in Bloemfontein en die groter dorpe. Hulle het *The Friend* en sy Hollandse uitgawe, *De Burger*, as mondstuk gehad asook die steun van invloedryke persone soos J. G. Fraser, vir jarelank die voorsitter van die Volksraad. Uit hierdie oord is Reitz in die openbaar en in die Volksraad aangeval.

Reitz het ook 'n stryd vir die behoud en verstewiging van sy gesag teen die Volksraad gestry. Die Volksraad, onder die verbete leiding van J. G. Fraser, het sy gesag egter steeds meer probeer vergroot en Reitz moes meestal in hierdie gesagstryd die onderspit delf. Borckenhagen het beweer dat "thanks to Mr. Fraser more than to any other politician, the President's prestige has been seriously affected, and the Volksraad's power, from a constitutional point of view, been unduly strengthened."⁹²

'n Korrespondent, "Rechtuit", het dit so gestel: "Het treurigste verschynsel van de laatste vijf jaren is de wijze waarop die Volksraad, yverig aangehitst door zekere personen, President Reitz op alle mogelyke manieren opponeert .."⁹³

In 1890 het Borckenhagen die groep in die Volksraad wat alles wat die President voorstel, beveg, veroordeel. Dit het

91. *Ibid*, 20 en 23 Maart 1894.

92. *Ibid*, 11 Febr. 1896.

93. *Ibid*, 28 Julie 1893.

gelyk asof hulle alles wat hy voorstel, wou laat skipbreuk ly.⁹⁴

In sy toespraak tydens Reitz se inswering as Staatspresident in Januarie 1894, het Fraser verwys na die bronne van spanning in Reitz se eerste termyn. Dit was terselfdertyd 'n voorspel tot spanning in sy tweede termyn. Hy het geskets hoe Reitz die amp as onervarene by die luisterryke, ervare, bekwame en geliefde pres. Brand oorgeneem het sodat al sy daade aan Brand se maatstawwe gemeet sou word. (Dit was juis Fraser wat Brand altyd aan Reitz voorgehou het as bykans smetlose voorbeeld.) Verskil van mening en ondervinding het in menige maatreëls nie uitgebly nie, gevolg deur wrywing wat soms gedreig het om die goeie verstandhouding te versteur en samewerking te belemmer. Gelukkig het opregte bedoeling tot vreedsame oplossings gelei. Fraser het voortgegaan om Reitz te waarsku teen die raad van vriende, waarmee hy Borckenhagen bedoel het, en het hom aangeraai om nie te luister na influisteringe dat die Volksraad poog om homself te verhoog ten koste van die President se waardigheid nie.⁹⁵

The Friend het deurgaans hoë agting vir president Reitz as mens gehad, maar het sy politieke siening, veral met betrekking tot nouer vereniging met die ZAR, aangeval. By geleentheid van Reitz se sewe-en-veertigste verjaarsdag het hy geskryf die President was "widely known and respected for his genial, kindly ways .. President Reitz has learnt to endear himself to the great bulk of the people through the kindly interest he takes in their joys and woes." Hy het almal se vertroue gewen.⁹⁶ Tydens die 1893-presidentsverkieping het *The Friend* die kiesers versoek om vir Reitz te stem, omdat hy opgevoed en eerlik was; hy het wel nie beskik oor "that mastery of public affairs which so distinguished his predecessor" nie, maar as hy fouteer het, was dit eerder aan sy kop as sy hart toe te skryf.⁹⁷ 'n Paar jaar later het *The Friend* verklaar: "We have not a very high opinion of the abilities of our President as a statesman, but he is honest, trustworthy and does his best."⁹⁸

94. *Ibid*, 20 Mei 1890.

95. *Ibid*, 12 Jan. 1894.

96. *The Friend*, 6 Okt. 1891.

97. *Ibid*, 26 Sept. 1893.

98. *Ibid*, 23 April 1895.

Nadat Fraser die verkiesing teen pres. Steyn verloor en ook as voorsitter van die Volksraad bedank het, het Borckenhagen geskryf dat hy Fraser op grond van sy politieke standpunte teengestaan het, maar meer nog vanweë sy teenstand teen pres. Reitz. Hy het 'n jong en onervare President onbillik behandel⁹⁹ en dikwels ontstel deur hom te dwing om te besluit wie hoër op die protokol-ranglys by sosiale geleenthede was - die voorsitter van die Volksraad of die hoofregter.¹⁰⁰

In sy poging om Hollandssprekendes te beïnvloed om standpunt teen nouer vereniging met die ZAR in te neem, het *The Friend* vanaf 3 Januarie 1894 *De Burger* uitgegee. Reeds as Hollandse redakteur van *The Friend* het Van Raalte, die redakteur, afbrekende en negatiewe kritiek gelewer. Van die ontstaan van sy koerant af het hy Reitz stelselmatig begin afkraak in teenstelling met sy ophemeling van Fraser. Hy het Fraser, wat weer tot voorsitter van die Volksraad verkies is, geloof. Volgens hom het Fraser die Raad se vertroue verdien, want daar was geen beter en bekwaamer man in die Staat nie. Hy was 'n begaafde spreker wat ontsag ingeboesem het.¹⁰¹ Die koerant se styl was dikwels emosiebelaad en oordrewe.¹⁰²

Van Raalte se kommentaar op pres. Reitz se toespraak tydens die opening van die Volksraadsitting in Mei 1894 was dat dit so leeg was dat die Volksraad verleë daaroor was. Volgens hom was dit "ontbloot van staatskunde, aanwysingen en voorskriften." Hy het lede aangeraai om private vergaderings te hou, die belange van die land te bespreek en iemand te benoem wat gereeld mosies oor die belangrikste sake wat nie in die aanspraak aangeroei is nie, in kon dien. So, het hy beweer, kon die dobberende staatskip wat sonder leiding was, dalk weer op koers kom.¹⁰³

Toe die Volksraad die inspekteur van werke, E. Thiange afgedank het, het *De Burger* beweer dat Reitz swak opgetree het. Die Volksraad het op sy terrein oortree, maar hy het niks oor sy prerogatief gesê nie. *De Burger* wou weet of hy nie die morele moed gehad het nie. Volgens hom wou die volk

99. *De Express*, 21 Febr. en 6 Maart 1896.

100. *Ibid*, 27 Des. 1895.

101. *De Burger*, 9 Mei 1894.

102. *Ibid*, 9, 12, 19 Mei 1894, 16 Junie 1894, 18 Julie 1894, 6 Okt. 1894 en 7 Nov. 1894, onder andere.

103. *Ibid*, 9 Mei 1894.

'n moedige leier hê - nie een wat hoekstene lê, geboue open, dokumente by die Volksraad indien en staatstukke teken nie.¹⁰⁴ Die Volksraad het syns insiens geen leiding van Reitz gekry nie.¹⁰⁵ Hy het die staatspresident van lusteloosheid en onverskilligheid beskuldig en dat hy nie die moed gehad het om verantwoordelikheid op hom te neem nie.¹⁰⁶ Later het hy weer beweer dat daar by Reitz onverskilligheid en gebrek aan energie was. Hy het geen voorstelle gemaak om boerderytoestande te verbeter nie. Al wat hy gedoen het, was om amptenare, dikwels onbekwaam, aan te stel, onnodiglik 'n bietjie rond te reis, 'n paar vrae in die Volksraad te beantwoord wat niemand werklik op die hoogte gebring het nie, 'n nuttelose aanspraak te lewer en die gewone roetinetakies te verrig.¹⁰⁷ Toe Reitz nie vir Thiange afgedank het soos die Volksraad besluit het nie, het *De Burger* hom van agterbaksheid beskuldig. Die koerant het hierdie ongebreidelde kritiek op 'n siek president verdedig deur te sê dat dit sy plig was om die waarheid te praat - iets waaraan Vrystaatse burgers nie gewoond was voordat *De Burger* op die toneel verskyn het nie. " .. wý kunnen heel goed begrypen dat velen zulke scherpe en ware kritiek als 't ware een schrik om 't hart doet slaan; doch men gelieve er op te letten dat wý een eerlyke politiek volgen."¹⁰⁸

Na sy oorsese reis gedurende 1894 is pres. Reitz aan die begin van Oktober met groot vreugdebetoon deur die Vrystaters terug verwelkom. By die Presidensie het 'n groot skare hom op 3 Oktober ingewag en 500 leerlinge het die Volkslied gesing. Borckenhagen het die woord gevoer en die presidentspaar met welsprekendheid welkom geheet.¹⁰⁹ Dit het egter gou duidelik geword dat die President nie gesond was nie. Gedurende Januarie 1895 het hy ook nog 'n aanval van geelsug gekry en moes hy weer na die see vertrek om te herstel.

De Burger het voortgegaan om Reitz op uiters ongevoelige wyse aan te val toe hy alreeds baie siek was. Hy skryf dat Reitz die Volksraad se besluite in die wind geslaan het en Kaap toe gegaan het. Hy het drie maande verlof gehad en om weer weg te gaan, het na uittarting gelyk. Hy het sy volle

104. *Ibid*, 16 Junie 1894.

105. *Ibid*, 18 Julie 1894.

106. *Ibid*, 6 Okt. 1894.

107. *Ibid*, 7 Nov. 1894.

108. *Ibid*, 19 Des. 1894.

109. Moll, p. 213; *De Express*, 5 Okt. 1894.

salaris tydens sy vakansie in Europa gekry en het weggegaan toe sy teenwoordigheid die nodigste was: toe die Volksraad die belangrike kwessies van die tolverbond en spoorweë moes behandel. Dit sou verstandiger gewees het as hy sy reis vir een maand uitgestel het. Hy sluit af met die volgende: "Dit artikel mag scherp zyn, doch aan de waarheid moet hulde worden gedaan. En waarheid is ons motto."¹¹⁰ Op wispelturige wyse het hy Reitz vervolgens verdedig en verklaar dat die grondwet verkeerd was. Die Staatspresident moes in gevalle van noodsaak en siekte soos 'n gewone mens behandel word. Toe hy gevaarlik siek was, moes hy uit die staat sluip. Wie sou bereid wees om Staatspresident te word as hy so behandel word?¹¹¹

Dit is weer opgevolg met kritiek. Volgens hom kon die Vrystaat 'n groot rol in Suid-Afrika gespeel het as hy 'n leier soos Brand gehad het. Reitz het egter dié posisie uit die hande laat glip. As hy nie siek was nie, sou daar vir hom 'n baie ongemaklike tydjie in die Volksraad gewees het. Dat hy Thiange nie ontslaan het nie en mense soos Vonck en Meiring, die doeane-amptenaar aangestel het, sou groot storms verwek het. Baie lede het openlik verklaar dat hulle veel meer sou gesê het as dit nie vir die ongelukkige omstandighede was nie.¹¹² Volgens *De Burger* het Reitz gedurende die vorige sitting driekeer teen die wense van die Volksraad gehandel. Hy het die Volksraad in minagting by die volk gebring en dit was 'n klap in die gesig van die Raad.¹¹³ *De Burger* het voortborduur op die tema dat Reitz 'n swak regeerder was wat nie sy werk gedoen het nie.¹¹⁴ Hy was 'n mislukking en geen staatsman in vergelyking met Paul Kruger nie. Hy was nie opgewasse teen Kruger nie en indien 'n federale unie tussen die twee republieke tot stand sou kom, sou Reitz te veel aan Transvaal toegee. Die volk moes die saak in eie hande neem, want die Vrystaat se toekoms het daarvan afgehang.¹¹⁵

'n Verontwaardige korrespondent, "Obeisance" van Thaba Nchu, het *De Burger* skerp veroordeel omdat hy onwaarhede verkondig het - onder andere dat Reitz sy populariteit by

110. *De Burger*, 19 Jan. 1895.

111. *Ibid*, 16 Maart 1895.

112. *Ibid*, 24 April 1895.

113. *Ibid*, 24 Julie 1895.

114. *Ibid*, 29 Mei 1895.

115. *Ibid*, 14 Aug. 1895.

die volk verloor het. Hy kon enige kerk besoek om te hoor hoe duisende by God vir die staatshoof gepleit het.¹¹⁶

Na sy terugkeer na Bloemfontein het sy gesondheid vinnig versleg en het hy dokters in sy tuisstad en Kaapstad geraadpleeg. Reitz kon die Volksraadsitting wat op 1 April 1895 'n aanvang geneem het, nie bywoon nie en die Volksraad het aan hom ses maande siekteverlof toegestaan.¹¹⁷ Sy openingstoespraak is voorgelees.

Medici het 'n oorsese reis aanbeveel en in Duitsland het hy verdere mediese advies ingewin. Daar kon geen organiese kwaal gevind word nie. Hy het aan slaaploosheid en neerslagtigheid gely. Na sy terugkeer in Augustus 1895 moes hy dubbele verantwoordelikheid op hom neem in die afwesigheid van die goewermentsekretaris. Bowendien was dit op politieke gebied 'n spanningsvolle tyd in Suid-Afrika. Tol- en spoorkwessies en nouer samewerking met die ZAR het aandag geveerg en die verhouding tussen die Kaapkolonie en Transvaal het al hoe slegter geword veral as gevolg van die spoortariewestryd. Paul Kruger se sluiting van die driewe omdat die Kaap van ossewaverkeer gebruik wou maak eerder as om die hoë tariewe op die NZASM-spoorlyn te betaal, sou tot Britse inmenging gelei het as Kruger nie van besluit verander het nie. Borckenhagen het besef dat dit nie die einde van die stryd was nie: "It will be to-day the drifts and to-morrow something else, with the hope of an eventual quarrel with the Imperial Government or riots in Johannesburg .. But as sheer Boer hatred is at the bottom of the game, it concerns us as much as the Transvaal."¹¹⁸ Sy voorspelling is bewaarheid in die Jameson-inval en die beplande Uitlander-opstand aan die einde van daardie jaar.

Nadat pres. Reitz sy pligte hervat het, maar steeds nie gesond was nie en na 'n plaas is op sy verjaarsdag omdat hy nie kans gesien het vir 'n groot aantal mense nie, het *De Burger* weer ongevoelige kritiek gelewer. Volgens hom was die plattelanders kwaad omdat Reitz nie in die stad was nie en die Bloemfonteiners was kwaad omdat hy en sy vrou nie pryse by die sportbyeenkoms uitgedeel en die musiekkonsert bygewoon het nie. Hy het ook niks in verband met die regering gedoen nie. *De Burger* het dit as sy heilige plig

116. *Ibid*, 14 Sept. 1895.

117. Moll, p. 215.

118. *De Express*, 18 Okt. 1895.

beskou om die publiek in te lig. Die staat het gekwyn omdat daar geen regering was nie. As die Staatspresident te siek was om klein takies aan te pak soos om 'n kunsuitstalling te open, hoe kon hy regeer?¹¹⁹

Ook *The Friend* het gekla dat die Uitvoerende Gesag besig was om sy greep op die beheer van openbare sake te verloor. As Reitz te siek was om te regeer, sou dit beter wees as hy so gou as moontlik sou bedank. *The Friend* se toon was egter baie meer simpatiek as dié van *De Burger*.¹²⁰

In teenstelling hiermee het *De Express* groot deernis met Reitz gehad. Borckenhagen het reeds in Maart 1895 daarop gewys dat Reitz se siekte aan sy sensitiwiteit en nougesette pligsgevoel toegeskryf kon word en nie aan onverskilligheid soos *De Burger* beweer het nie. Suid-Afrika het 'n tydperk van angstigtheid op politieke gebied beleef en dit het 'n groot stremming op die President geplaas. Hy het 'n beroep op Volksraadslede gedoen om in sy afwesigheid, waarskynlik vir die hele 1895-sitting, op onselfsugtige wyse hulle land te dien sodat daar vooruitgang kon wees en die onafhanklikheid van die land bewaar kon word.¹²¹

Nogmaals het Reitz se gesondheid agteruit gegaan sodat hy die Volksraad opgeroep het om op 11 Desember 'n opvolger te benoem. 'n Ontroerde Volksraad het sy innige dank teenoor Reitz uitgespreek en 'n onderhoudstoelaag van R2 800 per jaar aan hom toegeken. Regoor Suid-Afrika is spyt oor sy bedanking uitgespreek en is hy as verligte en voorste staatsman geprys. Op 16 Desember 1895 het hy die Vrystaat vaarwel toegeroep. Na 'n hersteltydperk was dit hom beskore om nog vir baie jare onbaatsugtige diens aan die ZAR en die Unie van Suid-Afrika te lewer.

Nadat pres. Reitz sy bedanking ingedien het, het Borckenhagen geskryf dat hy in Pretoria en Kaapstad absoluut vertrou is. Hy was 'n getroue Suid-Afrikaanse patriot en van harte 'n republikein. Hy het vir sewe jaar 'n moeilike en verantwoordelike posisie beklee ten spyte van opposisie van die begin af, veral met betrekking tot konstitusionele voorregte van die Uitvoerende en Wetgewende gesag. Reitz was inskiklik en sy opvolger sou dieselfde probleme as hy

119. *De Burger*, 19 Okt. 1895.

120. *The Friend*, 22 Okt. 1895.

121. *De Express*, 29 Maart 1895.

ervaar. Hy was lojaal, getrou en onselfsugtig en het sy mense en land liefgehad. Hy het die ideale Vrystaat-beleid verteenwoordig en is daarom in Pretoria en Kaapstad vertrou. Mylpale was die Potchefstroom-konvensie, die tolunie en spoorweë wat vooruitgang gebring het. Hy het die land goed gedien en die volk se liefde en respek verdien. Borckenhagen het met die diepste leedwese die verlies van 'n vertroude leier betreur.¹²² Hy het die Volksraad se optrede in die kwessie van Reitz se bedanking hoog aangeprys. Al die lede was begrypend, taktvol en dankbaar vir die leiding wat Reitz tydens sy bewind gegee het.¹²³

Sy siekte moet ongetwyfeld aan 'n baie sensitiewe en absoluut pligsgetroue aard wat onder geweldige druk geplaas is, toegeskryf word. Sy vriend, Carl Borckenhagen, het hom onder alle omstandighede bygestaan, bemoedig en verdedig, soos in die tol- en spoorkwessies en tydens sy siekte. Hy het nie gekroom om diegene, soos J. G. Fraser en Van Raalte, die redakteur van *De Burger* wat die President afgetakel het, te verwyf vir hul optrede nie.

2.1.10 Tydgenote se siening van Borckenhagen se invloed op Reitz

J. C. Moll meld dat pres. Reitz se hegte vriendskap met Carl Borckenhagen welbekend was en soms skerp kritiek, veral van *The Friend*, uitgelok het. Dié koerant was 'n lojale aanhanger van pres. Brand en sy beleid en heeltemal gekant teen nouer vereniging met die ZAR. Om dié rede het hy Borckenhagen en sy koerant sowel as pres. Reitz wat deur hom gesteun is, dikwels aangeval. Skaars was Reitz ingesweer as president, of *The Friend* plaas 'n hoofartikel onder die opskrif "The Privy Councillor of the President" waarin hy Reitz probeer verdag maak. Reitz was nie sy keuse as president nie, maar omdat hy die volk se keuse was, sou hy hom lojaal steun. Dit was teleurstellend dat hy nie aan die eerste debatte deelgeneem het nie, maar nog erger was die feit dat hy dit aan die redakteur van *De Express*, wat hy "the Presidential organ" noem, bekend gemaak het. Dié het al twee dae voor inswering daarvoor berig. " .. he either informed his late and present fidus Achates that he intended taking no part in the affairs of the State at the last session of the Raad, or else he allowed his good friend to

122. *Ibid*, 19 Nov. 1895.

123. *Ibid*, 13 Des. 1895.

lead him in the paths he should not go". As laasgenoemde waar was, sou dit 'n misdaad wees wat nie ongestraf sou bly nie. *De Express* dring daarop aan dat die verantwoordelikheid vir 'n voorstel in verband met 'n tolunie nie aan die begin van die President se loopbaan op hom geplaas moes word nie - dit kan sy verhouding met 'n deel van die bevolking vertroebel. Volgens *The Friend* is Borckenhagen se motief "to poison the mind of the PRESIDENT against everything proceeding from the progressive party, so that President Reitz may lean more firmly than ever upon his only friend. It is this leaning, or show of support, we so strongly object to .. ". Die burgers sou Reitz nie gekies het as hulle gedink het hy is nie in staat om alleen te staan nie.¹²⁴ *De Express* noem hierdie aantying "the latest fiction, begotten by a crooked morality out of a sickly imagination. Under cover of attacking me, His Honor the President is accused of this, that and the other. ..*The Express* - the Presidential organ! .. Though the President, if he did require an organ, would scarcely have any choice left. Luckily he is as little in want of my support, as I of his patronage." Dat hy en die President eenders voel oor baie sake, doen geen afbreuk aan hulle onafhanklikheid nie. Verder is hy deur Fischer ingelig dat die President nie aan die besprekings sou deelneem nie. Die bewering dat hy die President se gemoed wou vergiftig om teen samewerking met Fischer se progressiewe party te besluit, was "stupid, foul libel." Hy het die President van die begin af aangeraai om die volk se president te wees en partye te versoen. Hy moes bo party-politiek verhewe wees. Eenheid was nodig vir vooruitgang. ".. the *Friend* will do well to bear in mind that it does not serve any public good by directing its dishonest and unmanly attacks upon the President on the basis of any friendly relations that have ever existed, or do now exist, between the President and any private individual." As almal so bereid en gretig soos hy was om die President getrou en sonder om opdringerig te wees, te dien sonder om eise aan hom te stel, sou dit hom nooit berou dat hy die hoë amp aanvaar het nie. Hy waarsku die President om hom nie op *The Friend* te verlaat vir die beskerming van sy goeie naam nie, want dié koerant is berug daarvoor dat hy 'n persoon een dag seën en die volgende dag vervloek.¹²⁵

Die Vrystaatse en Transvaalse presidente het kort na Reitz se bewindsaanvaarding by Potchefstroom ontmoet om oor sake

124. *The Friend*, 23 Jan. 1889.

125. *De Express*, 21 Jan. 1889.

van gemeenskaplike belang te beraadslaag. As afgevaardigdes het Reitz J. G. Fraser, H. Kljnveld, R. D. McDonald, J. A. Venter, C. H. Wessels en Carl Borckenhagen benoem. *The Friend* was dadelik op sy agterpote en het na die 1887-konferensie in Pretoria verwys waarheen Borckenhagen ook die Volksraadskommissie as sekretaris vergesel het. Hy is gekies omdat daar gemeen is hy besit meer invloed oor Paul Kruger as enigiemand anders. Dit was volgens die blad 'n vooraf bekookte aangeleentheid. Lede van die kommissie, onder andere Borckenhagen, het probeer om 'n geheime traktaat tussen die Vrystaat en Transvaal aan die volk op te dring, maar dit het misluk. Wat gebeur het, is dat Kruger aangebied het om die Vrystaat oor 'n tydperk van tien jaar 'n bedrag van R40 000 te betaal om te vergoed vir die verlies aan spoorwinste indien die Vrystaters sou instem om met 'n eie spoorlyn te wag totdat die Delagoabaailyn voltooi is. Borckenhagen en Kljnveld het gemeen dat die aanbod ter wille van republikeinse samewerking aanvaar moes word, maar Fraser en sy ondersteuners wou eerder met die Kaapkolonie saamwerk en was teen Kruger se voorstel gekant. Borckenhagen is weer gekies om die President en sy afvaardiging te vergesel en *The Friend* het beweer dat die President vyftig Volksraadslede oor die hoof gesien en "een onverantwoordeljk burger" saamgeneem het. Reitz was te versigtig om aan die spoor- en toldebate deel te neem. Nou moes hy dieselfde versigtigheid aan die dag lê en die Uitvoerende Raad raadpleeg voordat hy 'n man saamneem wat volgens *The Friend* nie die vertroue van die meerderheid van die Raad en baie burgers geniet het nie. Hy is net gekies omdat hy 'n vriend van die President was. Gelukkig moes die Volksraad enige besluite wat geneem word, goedkeur en gelukkig was Fraser daar om te keer dat onverantwoordelike besluite geneem word, aldus *The Friend*.¹²⁶

Die koerant het verder gegaan en ook 'n bitsige artikel in die *Natal Afrikaner* waarin Reitz en Borckenhagen aangeval word, aangehaal.¹²⁷ Die President het homself dus kritiek op die hals gehaal deur Borckenhagen in die kommissie aan te stel, maar dit het getoon hoeveel vertroue hy in hom stel. Prof. S. F. Malan beskou die rol wat Borckenhagen in staatsake tydens Reitz se bewind gespeel het, as uiters betekenisvol omdat hy soveel invloed op die President uitgeoefen het dat hy as die mag agter die troon bestempel

126. *The Friend*, 27 Febr. 1889.

127. *Ibid*, 20 Maart 1889.

is.¹²⁸ *The Friend* het maar 'n klein groepie Engelsgesindes se mening verteenwoordig en pres. Reitz en Borckenhagen se optrede het die goedkeuring van die meerderheid van die volk weggedra omdat hulle soos hulle president na nouer republikeinse bande gestreef het.

Arthur Barlow, redakteur van *The Friend*, het in Mei 1892 skriftelik by die goewerment-sekretaris, P. J. Blignaut gekla dat Borckenhagen amptelike inligting bekom het wat nie vir ander mense beskikbaar was nie. Reitz was ontstoke en het die aantygung as onwaar en voorbarig bestempel. 'n Paar maande later het *The Friend* weer gekla dat *De Express* begunstig is met nuus oor die rabat wat die regering aan Harrismith se stadsraad toegestaan het met betrekking tot invoerreg op pype vir die dorp se waterskema. Die Hollandse redakteur het geskryf dat hy nie omgee het as *De Express* "een gouvernements- of, zullen wÿ liever zeggen, PRESIDENT'S-orgaan is, want wÿ gunnen hem die eer, maar wÿ objecteeren ten sterkste en ten hevigste er tegen dat wÿ behandeld worden als of wÿ slechts het recht hebben tot de kruimels die van de tafels der autoriteiten vallen."¹²⁹ *De Express* het geantwoord dat *The Friend* 'n denkbeeldige grief gehad het. *De Express* het viermaal navraag gedoen oor die kwessie en daarom 'n antwoord gekry. *The Friend* kon dit ook doen.¹³⁰ Volgens J. C. Moll was dit so dat Borckenhagen 'n vertroueling van Reitz was en soos reeds genoem, is sy koerant meermale as die "presidensiële orgaan" beskou. Borckenhagen het Reitz se ideale en siening met geesdrif gesteun en bevorder en het "as 'n helder denker wat sy gedagtes op skitterende wyse kon formuleer, 'n groot invloed op Reitz uitgeoefen."¹³¹ Moll meen egter dat E. B. Iwan-Muller, skrywer van *Lord Milner and South Africa*, grootliks oordryf wanneer hy beweer: "Messrs Steyn and Reitz were brought up at the feet of this Gamaliel. He was a master of statecraft, and imbued his half-understanding disciples with some of his own skill."¹³²

The Friend het beweer dat Reitz eintlik maar Borckenhagen se marionet was. Dit was veral Van Raalte, die Hollandse redakteur van die koerant en later redakteur van *De Burger*, wat hierdie aantygings gemaak het. Omdat Reitz en

128. *The Friend*, 9 en 12 Aug. 1892.

129. *The Friend*, 9 en 12 Aug. 1892.

130. *De Express*, 16 Aug. 1892.

131. Moll, p. 99.

132. *Ibid*, p. 55, voetnoot 59.

Borckenhagen vurige voorstanders van nouer vereniging was, het hy alles in sy vermoë gedoen om hulle af te kraak. 'n Dag voor die verkiesing in 1893 skryf Van Raalte dat dit nie ontken kan word nie dat Reitz baie van sy populariteit verloor het. Die rede daarvoor was dat hy hom deur die party wat vroeër die oorlede Afrikanerbond gesteun het, in die modderpoel van onguns laat bring het. Hy moes van diegene wat die draadjies getrek het, ontslae raak, dan sou mense nie vra wie President is nie. In dieselfde uitgawe sê die Engelse redakteur; ""The burghers generally cannot tell where Reitz begins and the *Express* leaves off." *De Express* veroorsaak deur sy optrede dat Reitz stemme verloor.¹³³

Toe 'n korrespondent in *De Express* beweer dat Reitz "omrede dat hy geen Politiek bezit .. zyn Politiek van den heer C. Borckenhagen krygt", het Borckenhagen geantwoord dat die opregte Afrikaner en Vrystater Reitz maar net soos *De Express* sy bes probeer om die vraagstukke van die Republiek op te los. Dit was dus natuurlik dat hulle gewoonlik sou saamstem. Moes hulle voorgee om hemelsbreed te verskil, net om hul onafhanklikheid te toon?¹³⁴

Na Reitz se bedanking in Desember 1895, skryf *The Friend*:
".. the Free State Government has in the past been run by the editor of the *Express*. The difference between the Volksraad and ex-President Reitz were accentuated by the editor's zeal for one who, being weaker than his friend, was dominated by him. Every thinking man knows these things, and it is to preclude the possibility of their again happening it is desirable that a strong man, free from the *Express* editor's influence, should be elected. The elector's (sic!) do not want a dummy; they do not want Mr Borckenhagen as President."¹³⁵

The Friend het pres. Steyn na sy verkiesing sukses toegewens en vir hom gevra "that he will be his own President." Die Vrystaters het genoeg gehad van "the power behind the throne." Reitz het misluk omdat hy na die raad van onverantwoordelike, onoffisiële raadgewers soos Borckenhagen geluister het.¹³⁶ Hierop het Borckenhagen geantwoord dat *The Friend* nou Steyn se swakheid ontdek het. "Like the last President, he is sure to succumb to the malignant influence

133. *The Friend*, 21 November 1893.

134. *De Express*, 31 Oktober 1893.

135. *The Friend*, 3 Jan. 1896.

136. *De Express*, 25 Febr. 1896.

of the Editor of the *Express*." Reitz het soos alle Vrystaters, verkies om eerder *De Express* as *The Friend* te lees. As Steyn dieselfde tendens openbaar, sou hy die volk se simpatie hê.¹³⁷

Ten spyte van bogenoemde uitlating van *The Friend*, het hy sy verbasing uitgespreek dat Reitz bereid was om regter te word in Transvaal, want "Mr Reitz is an honourable and independent man - none more so ..".¹³⁸

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat *The Friend* die minderheid se mening verteenwoordig het. Die koerant was korrek as hy groot invloed aan Borckenhagen en *De Express* toegeskryf het, maar, anders as wat met hom die geval was, het die meerderheid Borckenhagen se leiding vertrou.

2.2 President Steyn

2.2.1 Steyn, 'n man na die hart van Borckenhagen

Marthinus Theunis Steyn is op 2 Oktober 1857 in die distrik Winburg gebore. Hy was dus die eerste en enigste president van die Vrystaat wat op Vrystaatse bodem gebore en getoë is. Sy moeder, Cecilia, was die jongste dogter van kommandant Mattheus Hendricus Wessels, een van die Vrystaatse pioniers van die distrik Winburg. Sy vader, Marthinus, was van Swellendam afkomstig en het 'n goeie opvoeding geniet. In die Vrystaat het hy 'n man van aansien geword. Op 1 Maart 1861 is hy deur die Volksraad as lid van die Uitvoerende Raad gekies, hy was direkteur en op 'n stadium voorsitter van die Nasionale Bank en 'n vriend van president Brand. In 1865 het hy 'n huis, genaamd *Green Lodge*, naby die Presidensie gekoop en die kinders van die Steyns en die Brands het gedurig oor en weer gespeel. Pres. Brand het selde op reis gegaan sonder dat Marthinus Steyn hom in sy perdewa vergesel het.¹³⁹

Theunis het sy jeugjare op Zuurfontein aan die Modderrivier naby Bloemfontein deurgebring. Daar het hy 'n opregte liefde vir sy land en die bodem aangekweek en 'n goeie skut en jagter geword. Aanvanklik het hy 'n plaasskooltjie bygewoon,

137. *Ibid*, 28 Febr. 1896.

138. *The Friend*, 4 Maart 1898.

139. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, deel I*, p. 16.

maar later het hy en die ander kinders saam met hulle ouma Wessels in *Green Lodge*, hulle ouers se huis in Bloemfontein, gebly sodat hulle Bloemfonteinse skole kon bywoon. Theunis en sy broers was leerlinge aan Greykollge.

Op sestienjarige leeftyd het Theunis die skool verlaat en saam met sy broer Tewie op Zuurfontein gaan boer. Sy ouers het hulle nou in Bloemfontein gevestig. Theunis was 'n ywerige leser en het oor 'n breë algemene kennis beskik.

Met die hulp en aanmoediging van regter E. J. Buchanan het Theunis verder studeer en dit was ook op die regter se aandrang dat hy sy studies oorsie voortgesit het. Onder Steyn se medereisigers op die *Dunrobin Castle* op pad na Europa was die Transvaalse afvaardiging wat in Engeland teen die anneksasie van hul land op 12 April 1877 gaan protesteer het. Die toekomstige Presidente van die twee republieke, Paul Kruger en M. T. Steyn, het mekaar dus die eerste keer hier ontmoet. Kruger was reeds 'n rype een-en-vyftig jaar oud terwyl Steyn maar negentien was. Tydens sy oorsese verblyf het Steyn gebeure in Suid-Afrika getrou in nuusblaai gevolg. Hy was ontsteld oor die wanvoorstellings van Suid-Afrikaanse toestande en het in Januarie 1881 'n brief aan die Engelse koerant, die *Manchester Guardian*, gerig waarin hy die geskiedenis van sy land geskets en sy volk verdedig het.¹⁴⁰ Na studie in Nederland aan die Gimnasium te Deventer en die Leydense Universiteit, is hy en sy vriend Harry Vels na Londen waar hulle aan die Inner Temple studeer het. Theunis het sy studies suksesvol afgelê en het op 17 November 1882 gepromoveer as meester in die regte. In Kaapstad is hy tot die balie toegelaat en in Bloemfontein het hy hom aangesluit by J. G. Fraser se prokureursfirma. Hy was gou 'n gesogte regsgeleerde en sy praktyk het floreer. Op 18 Januarie 1889 het hy staatsprokureur geword en op 19 Augustus van dieselfde jaar volg hy Albert Krause op as tweede strafregter.¹⁴¹ Met die bedanking van regter R. Gregorowski, word hy op 5 Mei 1892 eerste strafregter. Hoofregter Melius de Villiers het getuig dat hy die hoogste agting van sy mede-regters geniet het. Sy gesonde verstand, opregtheid, onpartydigheid, vatbaarheid vir oortuiging, vasberadenheid om altyd agter die waarheid te kom en sy groot beskeidenheid was opvallend. Geen van sy

140. *Ibid*, pp. 38 - 40.

141. *De Express*, 20 Aug. 1889.

uitsprake is ooit in appèl ter syde gestel nie en oral was hy as persoon beminde.¹⁴²

Reeds as advokaat was Steyn een van die gewildste persoonlikhede wat die platteland met die Rondgaande Hof besoek het. As regter het hy in 'n nog groter mate die agting en liefde van die bevolking gewen.¹⁴³

Pas nadat Borckenhagen in Mei 1877 redakteur van die wankelende *Express* geword het, het die jong Steyn vir verdere studie na Europa vertrek. By sy terugkoms in Bloemfontein was die koerant reeds 'n groot sukses en sy redakteur 'n geëerde inwoner van die Vrystaat. Borckenhagen was bowenal 'n republikein en sy koerant moes groot aanklank by Steyn gevind het. Sy dogter, Blanca Marais, het in 'n onderhoud met Karel Schoeman genoem dat beide Reitz en Steyn byna daaglik in gesprek met haar vader was.¹⁴⁴ Hulle was dan ook bure. Borckenhagen het in 1882 'n huis, *Rose Lodge*, in St. Georgestraat gekoop¹⁴⁵ en na Steyn se troue met Rachel Isabella (Tibbie), dogter van ds. Colin Fraser van Philippolis op 10 Maart 1887 het hy ook 'n huis op die hoek van Aliwal- en St. Georgestraat, naby sy ouerhuis, *Rose Lodge* en die Presidensie, gekoop.¹⁴⁶

In 1890 het Borckenhagen hom skerp uitgespreek teen regulasies wat die Volksraad uitgevaardig het ter beskerming van sy privilegie. Syns insiens was dit verkeerd dat die Volksraad kon besluit of daar teen hom oortree is en dan self die straf kon oplê sonder dat die beweerde oortreder die reg op appèl gehad het. Die Hooggeregshof was die liggaam waarby die beslissing moes berus.¹⁴⁷ Hoofregter Melius de Villiers het hom in 'n brief aan die Volksraad ook teen die Volksraad se optrede uitgespreek.¹⁴⁸ *De Express* het met genoeg berig dat regter Steyn met die afsluiting van die Rondgaande Hof te Wepener daarop gewys het dat die Volksraad onkonstitusioneel opgetree het. Die grondwet het wetgewende en regterlike magte geskei en die Volksraad kon nie aanklaer, publieke vervolger en regter wees nie. Dit

142. Van der Merwe, p. 52.

143. *Ibid*, pp. 54 - 55.

144. Schoeman, *Onderhoud met B.M.*

145. Schoeman, Karl, *Bloemfontein*, p. 101; *Onderhoud met B.M.*

146. Van der Merwe, p. 49.

147. *De Express*, 1 Julie 1890.

148. *Ibid*, 1 en 8 Julie 1890.

het ook die vryheid van die onderdaan geskend, want 'n aangeklaagde kon hom nie op 'n jurie beroep nie.¹⁴⁹

Steyn het geleidelik meer en meer op die voorgrond getree as 'n burger wat sy plig teenoor die gemeenskap graag wou nakom. Op sosiale vlak het hy in die beste kringe beweeg en as regter het hy kennis gemaak met persone in hoë posisies sowel as met die gewone burgers. Met die feestelikhede in 1890 om die koms van die spoorlyn na Bloemfontein te vier, het hy onder ander die Kaapse Eerste Minister, Cecil John Rhodes en ander Kaapse Ministers ontmoet sowel as die gevierde skryfster, Olive Schreiner. In 1894 het hy en Borckenhagen, saam met ander, op die komitee gedien wat 'n ontvangs vir pres. Reitz moes reël na sy oorsese besoek.¹⁵⁰

Steyn was voorsitter van die Vrystaatse Skietvereniging¹⁵¹ en net soos Borckenhagen het hy sy stad as stadsraadslid gedien (1885 - 1889),¹⁵² en was hy kurator van Greykollege. In 1895 het hy as voorsitter van die kuratorium ook die voorsitterstoel ingeneem by die afskeidsdinee wat vir dr. Brill gereël is voordat hy vir ses maande oorsee vertrek het.¹⁵³

Nog 'n belangstelling wat Steyn en Borckenhagen gedeel het, was die boerdery. Borckenhagen het deur die jare gepleit dat die regering meer vir die bevordering van landbou en veeteelt moes doen omdat dit die land se vernaamste bron van inkomste was. Hy het hom beywer vir die stigting van landbouverenigings en het self op *Rodenbeck*, aan die oostekant van Bloemfontein geboer en proewe gedoen. Theunis Steyn het op 'n plaas grootgeword en soos reeds gemeld, self vir 'n aantal jare gedurende sy jeug geboer. Hy het 'n leidende aandeel in die Bloemfonteinse Landbougenootskap gehad,¹⁵⁴ was die president van die landbouverenigings van Rouxville en Ladybrand¹⁵⁵ en het in 1897 die plaas *Onze Rust* aan die Kaalspruit naby Bloemfontein gekoop.¹⁵⁶ Hy het 'n simpatieke oor vir die boerestand gehad en was dan ook baie gewild onder hulle.

149. *Ibid*, 29 Julie 1890.

150. *Ibid*, 11 Sept. 1894; Moll, p. 213.

151. *De Express*, 20 Aug. 1895.

152. Rompel, Frederik, *Marthinus Theunis Steyn*, p. 26.

153. *De Express*, 21 Junie 1895.

154. Kieser, A., *President Steyn in die Krisisjare 1896 - 1899*, p. 2.

155. *De Express*, 26 Nov. 1895.

156. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 143.

De Express het 'n belangrike rol gespeel in die handhawing van die moedertaal in die Vrystaat. Borckenhagen het Hollandse redakteurs aangestel wat bekend was as mense wat hulle taal liefgehad het soos N. Hofmeyr en D. F. du Toit. Steyn was ook 'n kampvegter vir die moedertaal. In 1895 het hy en regter Hertzog 'n vergadering by die N. G. Pastorie bygewoon wat prof. de Vos van Stellenbosch belê het om 'n taalkongres te propageer. Al die teenwoordiges het vir so 'n kongres gestem.¹⁵⁷

Hoewel hy intens in die politiek belang gestel het, het hy hom nie aktief daarmee bemoei nie, behalwe by een geleentheid. President Brand het in Junie 1887 sy bedanking as staatspresident ingedien oor 'n meningsverskil met die Volksraad. Steyn het pres. Brand as onmisbaar vir die Vrystaat beskou en het hom daarvoor beywer om die geskil uit die weg te ruim. Hy het dadelik die burgemeester, R. Innes, gaan spreek en 'n openbare vergadering is belê. 'n Geesdriftige gehoor het die vergadering bygewoon. Steyn het voorgestel dat president Brand van die vergadering se trou verseker word en saam met drie ander is hy afgevaardig om die President te probeer oorhaal om sy bedanking terug te trek. Die Volksraad het ook al sy kragte ingespan om die saak reg te stel. Tot almal se vreugde het die President sy bedanking teruggetrek.¹⁵⁸

Dit is duidelik dat Marthinus Theunis Steyn teen die tyd dat pres. Reitz sy bedanking as Staatspresident in 1895 ingedien het, 'n bekende, gewilde, beminlike en invloedryke burger van die Vrystaat was. Hy en Borckenhagen het tot 'n groot mate dieselfde ideale en belangstellings gedeel. Borckenhagen het Steyn se kandidatuur in die presidentsverkiesing gesteun omdat hy 'n vurige republikein en Afrikaner was.

2.2.2 Die Presidentsverkiesing van 1896

Reeds in die aanloop tot die 1893-verkiesing, toe die Volksraad Reitz as enigste kandidaat genominee het, maar hoofregter J. H. de Villiers van die Kaapkolonie ook heelwat steun geniet het, het Carl Borckenhagen bespiegel oor 'n

¹⁵⁷. *De Express*, 10 Sept. 1895.

¹⁵⁸. Van der Merwe, pp. 49 - 50; *The Friend*, 22 Junie 1887.

'n moedige leier hê - nie een wat hoekstene lê, geboue open, dokumente by die Volksraad indien en staatstukke teken nie.¹⁰⁴ Die Volksraad het syns insiens geen leiding van Reitz gekry nie.¹⁰⁵ Hy het die staatspresident van lusteloosheid en onverskilligheid beskuldig en dat hy nie die moed gehad het om verantwoordelikheid op hom te neem nie.¹⁰⁶ Later het hy weer beweer dat daar by Reitz onverskilligheid en gebrek aan energie was. Hy het geen voorstelle gemaak om boerderytoestande te verbeter nie. Al wat hy gedoen het, was om amptenare, dikwels onbekwaam, aan te stel, onnodiglik 'n bietjie rond te reis, 'n paar vrae in die Volksraad te beantwoord wat niemand werklik op die hoogte gebring het nie, 'n nuttelose aanspraak te lewer en die gewone roetinetakies te verrig.¹⁰⁷ Toe Reitz nie vir Thiange afgedank het soos die Volksraad besluit het nie, het *De Burger* hom van agterbaksheid beskuldig. Die koerant het hierdie ongebreidelde kritiek op 'n siek president verdedig deur te sê dat dit sy plig was om die waarheid te praat - iets waaraan Vrystaatse burgers nie gewoond was voordat *De Burger* op die toneel verskyn het nie. " .. wý kunnen heel goed begrypen dat velen zulke scherpe en ware kritiek als 't ware een schrik om 't hart doet slaan; doch men gelieve er op te letten dat wý een eerlyke politiek volgen."¹⁰⁸

Na sy oorsese reis gedurende 1894 is pres. Reitz aan die begin van Oktober met groot vreugdebetoon deur die Vrystaters terug verwelkom. By die Presidensie het 'n groot skare hom op 3 Oktober ingewag en 500 leerlinge het die Volkslied gesing. Borckenhagen het die woord gevoer en die presidentspaar met welsprekendheid welkom geheet.¹⁰⁹ Dit het egter gou duidelik geword dat die President nie gesond was nie. Gedurende Januarie 1895 het hy ook nog 'n aanval van geelsug gekry en moes hy weer na die see vertrek om te herstel.

De Burger het voortgegaan om Reitz op uiters ongevoelige wyse aan te val toe hy alreeds baie siek was. Hy skryf dat Reitz die Volksraad se besluite in die wind geslaan het en Kaap toe gegaan het. Hy het drie maande verlof gehad en om weer weg te gaan, het na uittarting gelyk. Hy het sy volle

104. *Ibid*, 16 Junie 1894.

105. *Ibid*, 18 Julie 1894.

106. *Ibid*, 6 Okt. 1894.

107. *Ibid*, 7 Nov. 1894.

108. *Ibid*, 19 Des. 1894.

109. Moll, p. 213; *De Express*, 5 Okt. 1894.

salaris tydens sy vakansie in Europa gekry en het weggegaan toe sy teenwoordigheid die nodigste was: toe die Volksraad die belangrike kwessies van die tolverbond en spoorweë moes behandel. Dit sou verstandiger gewees het as hy sy reis vir een maand uitgestel het. Hy sluit af met die volgende: "Dit artikel mag scherp zyn, doch aan de waarheid moet hulde worden gedaan. En waarheid is ons motto."¹¹⁰ Op wispelturige wyse het hy Reitz vervolgens verdedig en verklaar dat die grondwet verkeerd was. Die Staatspresident moes in gevalle van noodsaak en siekte soos 'n gewone mens behandel word. Toe hy gevaarlik siek was, moes hy uit die staat sluip. Wie sou bereid wees om Staatspresident te word as hy so behandel word?¹¹¹

Dit is weer opgevolg met kritiek. Volgens hom kon die Vrystaat 'n groot rol in Suid-Afrika gespeel het as hy 'n leier soos Brand gehad het. Reitz het egter dié posisie uit die hande laat glip. As hy nie siek was nie, sou daar vir hom 'n baie ongemaklike tydjie in die Volksraad gewees het. Dat hy Thiange nie ontslaan het nie en mense soos Vonck en Meiring, die doeane-amptenaar aangestel het, sou groot storms verwek het. Baie lede het openlik verklaar dat hulle veel meer sou gesê het as dit nie vir die ongelukkige omstandighede was nie.¹¹² Volgens *De Burger* het Reitz gedurende die vorige sitting driekeer teen die wense van die Volksraad gehandel. Hy het die Volksraad in minagting by die volk gebring en dit was 'n klap in die gesig van die Raad.¹¹³ *De Burger* het voortborduur op die tema dat Reitz 'n swak regeerder was wat nie sy werk gedoen het nie.¹¹⁴ Hy was 'n mislukking en geen staatsman in vergelyking met Paul Kruger nie. Hy was nie opgewasse teen Kruger nie en indien 'n federale unie tussen die twee republieke tot stand sou kom, sou Reitz te veel aan Transvaal toegee. Die volk moes die saak in eie hande neem, want die Vrystaat se toekoms het daarvan afgehang.¹¹⁵

'n Verontwaardige korrespondent, "Obeisance" van Thaba Nchu, het *De Burger* skerp veroordeel omdat hy onwaarhede verkondig het - onder andere dat Reitz sy populariteit by

110. *De Burger*, 19 Jan. 1895.

111. *Ibid*, 16 Maart 1895.

112. *Ibid*, 24 April 1895.

113. *Ibid*, 24 Julie 1895.

114. *Ibid*, 29 Mei 1895.

115. *Ibid*, 14 Aug. 1895.

die volk verloor het. Hy kon enige kerk besoek om te hoor hoe duisende by God vir die staatshoof gepleit het.¹¹⁶

Na sy terugkeer na Bloemfontein het sy gesondheid vinnig versleg en het hy dokters in sy tuisstad en Kaapstad geraadpleeg. Reitz kon die Volksraadsitting wat op 1 April 1895 'n aanvang geneem het, nie bywoon nie en die Volksraad het aan hom ses maande siekteverlof toegestaan.¹¹⁷ Sy openingstoespraak is voorgelees.

Medici het 'n oorsese reis aanbeveel en in Duitsland het hy verdere mediese advies ingewin. Daar kon geen organiese kwaal gevind word nie. Hy het aan slaaploosheid en neerslagtigheid gely. Na sy terugkeer in Augustus 1895 moes hy dubbele verantwoordelikheid op hom neem in die afwesigheid van die goewermentsekretaris. Bowendien was dit op politieke gebied 'n spanningsvolle tyd in Suid-Afrika. Tol- en spoorwessies en nouer samewerking met die ZAR het aandag geveer en die verhouding tussen die Kaapkolonie en Transvaal het al hoe slegter geword veral as gevolg van die spoortariewestryd. Paul Kruger se sluiting van die driewe omdat die Kaap van ossewaverkeer gebruik wou maak eerder as om die hoë tariewe op die NZASM-spoorlyn te betaal, sou tot Britse inmenging gelei het as Kruger nie van besluit verander het nie. Borckenhagen het besef dat dit nie die einde van die stryd was nie: "It will be to-day the drifts and to-morrow something else, with the hope of an eventual quarrel with the Imperial Government or riots in Johannesburg .. But as sheer Boer hatred is at the bottom of the game, it concerns us as much as the Transvaal."¹¹⁸ Sy voorspelling is bewaarheid in die Jameson-inval en die beplande Uitlander-opstand aan die einde van daardie jaar.

Nadat pres. Reitz sy pligte hervat het, maar steeds nie gesond was nie en na 'n plaas is op sy verjaarsdag omdat hy nie kans gesien het vir 'n groot aantal mense nie, het *De Burger* weer ongevoelige kritiek gelewer. Volgens hom was die plattelanders kwaad omdat Reitz nie in die stad was nie en die Bloemfonteiners was kwaad omdat hy en sy vrou nie pryse by die sportbyeenkoms uitgedeel en die musiekkonsert bygewoon het nie. Hy het ook niks in verband met die regering gedoen nie. *De Burger* het dit as sy heilige plig

116. *Ibid*, 14 Sept. 1895.

117. Moll, p. 215.

118. *De Express*, 18 Okt. 1895.

beskou om die publiek in te lig. Die staat het gekwyn omdat daar geen regering was nie. As die Staatspresident te siek was om klein takies aan te pak soos om 'n kunsuitstalling te open, hoe kon hy regeer?¹¹⁹

Ook *The Friend* het gekla dat die Uitvoerende Gesag besig was om sy greep op die beheer van openbare sake te verloor. As Reitz te siek was om te regeer, sou dit beter wees as hy so gou as moontlik sou bedank. *The Friend* se toon was egter baie meer simpatiek as dié van *De Burger*.¹²⁰

In teenstelling hiermee het *De Express* groot deernis met Reitz gehad. Borckenhagen het reeds in Maart 1895 daarop gewys dat Reitz se siekte aan sy sensitiwiteit en nougesette pligsgevoel toegeskryf kon word en nie aan onverskilligheid soos *De Burger* beweer het nie. Suid-Afrika het 'n tydperk van angstigtheid op politieke gebied beleef en dit het 'n groot stremming op die President geplaas. Hy het 'n beroep op Volksraadslede gedoen om in sy afwesigheid, waarskynlik vir die hele 1895-sitting, op onselfsugtige wyse hulle land te dien sodat daar vooruitgang kon wees en die onafhanklikheid van die land bewaar kon word.¹²¹

Nogmaals het Reitz se gesondheid agteruit gegaan sodat hy die Volksraad opgeroep het om op 11 Desember 'n opvolger te benoem. 'n Ontroerde Volksraad het sy innige dank teenoor Reitz uitgespreek en 'n onderhoudstoelaag van R2 800 per jaar aan hom toegeken. Regoor Suid-Afrika is spyt oor sy bedanking uitgespreek en is hy as verligte en voorste staatsman geprys. Op 16 Desember 1895 het hy die Vrystaat vaarwel toegeroep. Na 'n hersteltydperk was dit hom beskore om nog vir baie jare onbaatsugtige diens aan die ZAR en die Unie van Suid-Afrika te lewer.

Nadat pres. Reitz sy bedanking ingedien het, het Borckenhagen geskryf dat hy in Pretoria en Kaapstad absoluut vertrou is. Hy was 'n getroue Suid-Afrikaanse patriot en van harte 'n republikein. Hy het vir sewe jaar 'n moeilike en verantwoordelike posisie beklee ten spyte van opposisie van die begin af, veral met betrekking tot konstitusionele voorregte van die Uitvoerende en Wetgewende gesag. Reitz was inskiklik en sy opvolger sou dieselfde probleme as hy

119. *De Burger*, 19 Okt. 1895.

120. *The Friend*, 22 Okt. 1895.

121. *De Express*, 29 Maart 1895.

ervaar. Hy was lojaal, getrou en onselfsugtig en het sy mense en land liefgehad. Hy het die ideale Vrystaat-beleid verteenwoordig en is daarom in Pretoria en Kaapstad vertrou. Mylpale was die Potchefstroom-konvensie, die tolunie en spoorweë wat vooruitgang gebring het. Hy het die land goed gedien en die volk se liefde en respek verdien. Borckenhagen het met die diepste leedwese die verlies van 'n vertroude leier betreur.¹²² Hy het die Volksraad se optrede in die kwessie van Reitz se bedanking hoog aangeprys. Al die lede was begrypend, taktvol en dankbaar vir die leiding wat Reitz tydens sy bewind gegee het.¹²³

Sy siekte moet ongetwyfeld aan 'n baie sensitiewe en absoluut pligsgetroue aard wat onder geweldige druk geplaas is, toegeskryf word. Sy vriend, Carl Borckenhagen, het hom onder alle omstandighede bygestaan, bemoedig en verdedig, soos in die tol- en spoorkwessies en tydens sy siekte. Hy het nie geskroom om diegene, soos J. G. Fraser en Van Raalte, die redakteur van *De Burger* wat die President afgetakel het, te verwyf vir hul optrede nie.

2.1.10 Tydgenote se siening van Borckenhagen se invloed op Reitz

J. C. Moll meld dat pres. Reitz se hegte vriendskap met Carl Borckenhagen welbekend was en soms skerp kritiek, veral van *The Friend*, uitgelok het. Dié koerant was 'n lojale aanhanger van pres. Brand en sy beleid en heeltemal gekant teen nouer vereniging met die ZAR. Om dié rede het hy Borckenhagen en sy koerant sowel as pres. Reitz wat deur hom gesteun is, dikwels aangeval. Skaars was Reitz ingesweer as president, of *The Friend* plaas 'n hoofartikel onder die opskrif "The Privy Councillor of the President" waarin hy Reitz probeer verdag maak. Reitz was nie sy keuse as president nie, maar omdat hy die volk se keuse was, sou hy hom lojaal steun. Dit was teleurstellend dat hy nie aan die eerste debatte deelgeneem het nie, maar nog erger was die feit dat hy dit aan die redakteur van *De Express*, wat hy "the Presidential organ" noem, bekend gemaak het. Dié het al twee dae voor inswering daaroor berig. " .. he either informed his late and present fidus Achates that he intended taking no part in the affairs of the State at the last session of the Raad, or else he allowed his good friend to

122. *Ibid*, 19 Nov. 1895.

123. *Ibid*, 13 Des. 1895.

lead him in the paths he should not go". As laasgenoemde waar was, sou dit 'n misdaad wees wat nie ongestraf sou bly nie. *De Express* dring daarop aan dat die verantwoordelikheid vir 'n voorstel in verband met 'n tolonie nie aan die begin van die President se loopbaan op hom geplaas moes word nie - dit kan sy verhouding met 'n deel van die bevolking vertroebel. Volgens *The Friend* is Borckenhagen se motief "to poison the mind of the PRESIDENT against everything proceeding from the progressive party, so that President Reitz may lean more firmly than ever upon his only friend. It is this leaning, or show of support, we so strongly object to .. ". Die burgers sou Reitz nie gekies het as hulle gedink het hy is nie in staat om alleen te staan nie.¹²⁴ *De Express* noem hierdie aantyging "the latest fiction, begotten by a crooked morality out of a sickly imagination. Under cover of attacking me, His Honor the President is accused of this, that and the other. ..*The Express* - the Presidential organ! .. Though the President, if he did require an organ, would scarcely have any choice left. Luckily he is as little in want of my support, as I of his patronage." Dat hy en die President eenders voel oor baie sake, doen geen afbreuk aan hulle onafhanklikheid nie. Verder is hy deur Fischer ingelig dat die President nie aan die besprekings sou deelneem nie. Die bewering dat hy die President se gemoed wou vergiftig om teen samewerking met Fischer se progressiewe party te besluit, was "stupid, foul libel." Hy het die President van die begin af aangeraai om die volk se president te wees en partye te versoen. Hy moes bo party-politiek verhewe wees. Eenheid was nodig vir vooruitgang. ".. the *Friend* will do well to bear in mind that it does not serve any public good by directing its dishonest and unmanly attacks upon the President on the basis of any friendly relations that have ever existed, or do now exist, between the President and any private individual." As almal so bereid en gretig soos hy was om die President getrou en sonder om opdringerig te wees, te dien sonder om eise aan hom te stel, sou dit hom nooit berou dat hy die hoë amp aanvaar het nie. Hy waarsku die President om hom nie op *The Friend* te verlaat vir die beskerming van sy goeie naam nie, want dié koerant is berug daarvoor dat hy 'n persoon een dag seën en die volgende dag vervloek.¹²⁵

Die Vrystaatse en Transvaalse presidente het kort na Reitz se bewindsaanvaarding by Potchefstroom ontmoet om oor sake

124. *The Friend*, 23 Jan. 1889.

125. *De Express*, 21 Jan. 1889.

van gemeenskaplike belang te beraadslaag. As afgevaardigdes het Reitz J. G. Fraser, H. Kljnveld, R. D. McDonald, J. A. Venter, C. H. Wessels en Carl Borckenhagen benoem. *The Friend* was dadelik op sy agterpote en het na die 1887-konferensie in Pretoria verwys waarheen Borckenhagen ook die Volksraadskommissie as sekretaris vergesel het. Hy is gekies omdat daar gemeen is hy besit meer invloed oor Paul Kruger as enigiemand anders. Dit was volgens die blad 'n vooraf bekookte aangeleentheid. Lede van die kommissie, onder andere Borckenhagen, het probeer om 'n geheime traktaat tussen die Vrystaat en Transvaal aan die volk op te dring, maar dit het misluk. Wat gebeur het, is dat Kruger aangebied het om die Vrystaat oor 'n tydperk van tien jaar 'n bedrag van R40 000 te betaal om te vergoed vir die verlies aan spoorwinste indien die Vrystaters sou instem om met 'n eie spoorlyn te wag totdat die Delagoabaailyn voltooi is. Borckenhagen en Kljnveld het gemeen dat die aanbod ter wille van republikeinse samewerking aanvaar moes word, maar Fraser en sy ondersteuners wou eerder met die Kaapkolonie saamwerk en was teen Kruger se voorstel gekant. Borckenhagen is weer gekies om die President en sy afvaardiging te vergesel en *The Friend* het beweer dat die President vyftig Volksraadslede oor die hoof gesien en "een onverantwoordeljk burger" saamgeneem het. Reitz was te versigtig om aan die spoor- en toldebatte deel te neem. Nou moes hy dieselfde versigtigheid aan die dag lê en die Uitvoerende Raad raadpleeg voordat hy 'n man saamneem wat volgens *The Friend* nie die vertroue van die meerderheid van die Raad en baie burgers geniet het nie. Hy is net gekies omdat hy 'n vriend van die President was. Gelukkig moes die Volksraad enige besluite wat geneem word, goedkeur en gelukkig was Fraser daar om te keer dat onverantwoordelike besluite geneem word, aldus *The Friend*.¹²⁶

Die koerant het verder gegaan en ook 'n bitsige artikel in die *Natal Afrikaner* waarin Reitz en Borckenhagen aangeval word, aangehaal.¹²⁷ Die President het homself dus kritiek op die hals gehaal deur Borckenhagen in die kommissie aan te stel, maar dit het getoon hoeveel vertroue hy in hom stel. Prof. S. F. Malan beskou die rol wat Borckenhagen in staatsake tydens Reitz se bewind gespeel het, as uters betekenisvol omdat hy soveel invloed op die President uitgeoefen het dat hy as die mag agter die troon bestempel

126. *The Friend*, 27 Febr. 1889.

127. *Ibid*, 20 Maart 1889.

is.¹²⁸ *The Friend* het maar 'n klein groepie Engelsgesindes se mening verteenwoordig en pres. Reitz en Borckenhagen se optrede het die goedkeuring van die meerderheid van die volk weggedra omdat hulle soos hulle president na nouer republikeinse bande gestreef het.

Arthur Barlow, redakteur van *The Friend*, het in Mei 1892 skriftelik by die goewerment-sekretaris, P. J. Blignaut gekla dat Borckenhagen amptelike inligting bekom het wat nie vir ander mense beskikbaar was nie. Reitz was ontstoke en het die aantygung as onwaar en voorbarig bestempel. 'n Paar maande later het *The Friend* weer gekla dat *De Express* begunstig is met nuus oor die rabat wat die regering aan Harrismith se stadsraad toegestaan het met betrekking tot invoerreg op pype vir die dorp se waterskema. Die Hollandse redakteur het geskryf dat hy nie omgee het as *De Express* "een gouvernements- of, zullen wÿ liever zeggen, PRESIDENT'S-orgaan is, want wÿ gunnen hem die eer, maar wÿ objecteeren ten sterkste en ten hevigste er tegen dat wÿ behandeld worden als of wÿ slechts het recht hebben tot de kruimels die van de tafels der autoriteiten vallen."¹²⁹ *De Express* het geantwoord dat *The Friend* 'n denkbeeldige grief gehad het. *De Express* het viermaal navraag gedoen oor die kwessie en daarom 'n antwoord gekry. *The Friend* kon dit ook doen.¹³⁰ Volgens J. C. Moll was dit so dat Borckenhagen 'n vertroueling van Reitz was en soos reeds genoem, is sy koerant meermale as die "presidensiële orgaan" beskou. Borckenhagen het Reitz se ideale en sieninge met geesdrif gesteun en bevorder en het "as 'n helder denker wat sy gedagtes op skitterende wyse kon formuleer, 'n groot invloed op Reitz uitgeoefen."¹³¹ Moll meen egter dat E. B. Iwan-Muller, skrywer van *Lord Milner and South Africa*, grootliks oordryf wanneer hy beweer: "Messrs Steyn and Reitz were brought up at the feet of this Gamaliel. He was a master of statecraft, and imbued his half-understanding disciples with some of his own skill."¹³²

The Friend het beweer dat Reitz eintlik maar Borckenhagen se marionet was. Dit was veral Van Raalte, die Hollandse redakteur van die koerant en later redakteur van *De Burger*, wat hierdie aantygings gemaak het. Omdat Reitz en

128. *The Friend*, 9 en 12 Aug. 1892.

129. *The Friend*, 9 en 12 Aug. 1892.

130. *De Express*, 16 Aug. 1892.

131. Moll, p. 99.

132. *Ibid*, p. 55, voetnoot 59.

Borckenhagen vurige voorstanders van nouer vereniging was, het hy alles in sy vermoë gedoen om hulle af te kraak. 'n Dag voor die verkiesing in 1893 skryf Van Raalte dat dit nie ontken kan word nie dat Reitz baie van sy populariteit verloor het. Die rede daarvoor was dat hy hom deur die party wat vroeër die oorlede Afrikanerbond gesteun het, in die modderpoel van onguns laat bring het. Hy moes van diegene wat die draadjies getrek het, ontslae raak, dan sou mense nie vra wie President is nie. In dieselfde uitgawe sê die Engelse redakteur; ""The burghers generally cannot tell where Reitz begins and the *Express* leaves off." *De Express* veroorsaak deur sy optrede dat Reitz stemme verloor.¹³³

Toe 'n korrespondent in *De Express* beweer dat Reitz "omrede dat hÿ geen Politiek bezit .. zÿn Politiek van den heer C. Borckenhagen krÿgt", het Borckenhagen geantwoord dat die opregte Afrikaner en Vrystater Reitz maar net soos *De Express* sy bes probeer om die vraagstukke van die Republiek op te los. Dit was dus natuurlik dat hulle gewoonlik sou saamstem. Moes hulle voorgee om hemelsbreed te verskil, net om hul onafhanklikheid te toon?¹³⁴

Na Reitz se bedanking in Desember 1895, skryf *The Friend*: ".. the Free State Government has in the past been run by the editor of the *Express*. The difference between the Volksraad and ex-President Reitz were accentuated by the editor's zeal for one who, being weaker than his friend, was dominated by him. Every thinking man knows these things, and it is to preclude the possibility of their again happening it is desirable that a strong man, free from the *Express* editor's influence, should be elected. The elector's (sic!) do not want a dummy; they do not want Mr Borckenhagen as President."¹³⁵

The Friend het pres. Steyn na sy verkiesing sukses toegewens en vir hom gevra "that he will be his own President." Die Vrystaters het genoeg gehad van "the power behind the throne." Reitz het misluk omdat hy na die raad van onverantwoordelike, onoffisiële raadgewers soos Borckenhagen geluister het.¹³⁶ Hierop het Borckenhagen geantwoord dat *The Friend* nou Steyn se swakheid ontdek het. "Like the last President, he is sure to succumb to the malignant influence

133. *The Friend*, 21 November 1893.

134. *De Express*, 31 Oktober 1893.

135. *The Friend*, 3 Jan. 1896.

136. *De Express*, 25 Febr. 1896.

of the Editor of the *Express*." Reitz het soos alle Vrystaters, verkies om eerder *De Express* as *The Friend* te lees. As Steyn dieselfde tendens openbaar, sou hy die volk se simpatie hê.¹³⁷

Ten spyte van bogenoemde uitlating van *The Friend*, het hy sy verbasing uitgespreek dat Reitz bereid was om regter te word in Transvaal, want "Mr Reitz is an honourable and independent man - none more so ..".¹³⁸

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat *The Friend* die minderheid se mening verteenwoordig het. Die koerant was korrek as hy groot invloed aan Borckenhagen en *De Express* toegeskryf het, maar, anders as wat met hom die geval was, het die meerderheid Borckenhagen se leiding vertrou.

2.2 President Steyn

2.2.1 Steyn, 'n man na die hart van Borckenhagen

Marthinus Theunis Steyn is op 2 Oktober 1857 in die distrik Winburg gebore. Hy was dus die eerste en enigste president van die Vrystaat wat op Vrystaatse bodem gebore en getoë is. Sy moeder, Cecilia, was die jongste dogter van kommandant Mattheus Hendricus Wessels, een van die Vrystaatse pioniers van die distrik Winburg. Sy vader, Marthinus, was van Swellendam afkomstig en het 'n goeie opvoeding geniet. In die Vrystaat het hy 'n man van aansien geword. Op 1 Maart 1861 is hy deur die Volksraad as lid van die Uitvoerende Raad gekies, hy was direkteur en op 'n stadium voorsitter van die Nasionale Bank en 'n vriend van president Brand. In 1865 het hy 'n huis, genaamd *Green Lodge*, naby die Presidensie gekoop en die kinders van die Steyns en die Brands het gedurig oor en weer gespeel. Pres. Brand het selde op reis gegaan sonder dat Marthinus Steyn hom in sy perdewa vergesel het.¹³⁹

Theunis het sy jeugjare op Zuurfontein aan die Modderrivier naby Bloemfontein deurgebring. Daar het hy 'n opregte liefde vir sy land en die bodem aangekweek en 'n goeie skut en jagter geword. Aanvanklik het hy 'n plaasskooltjie bygewoon,

137. *Ibid*, 28 Febr. 1896.

138. *The Friend*, 4 Maart 1898.

139. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, deel I*, p. 16.

maar later het hy en die ander kinders saam met hulle ouma Wessels in *Green Lodge*, hulle ouers se huis in Bloemfontein, gebly sodat hulle Bloemfonteinse skole kon bywoon. Theunis en sy broers was leerlinge aan Greykollege.

Op sestienjarige leeftyd het Theunis die skool verlaat en saam met sy broer Tewie op Zuurfontein gaan boer. Sy ouers het hulle nou in Bloemfontein gevestig. Theunis was 'n ywerige leser en het oor 'n breë algemene kennis beskik.

Met die hulp en aanmoediging van regter E. J. Buchanan het Theunis verder studeer en dit was ook op die regter se aandrang dat hy sy studies oorsê voortgesit het. Onder Steyn se medereisigers op die *Dunrobin Castle* op pad na Europa was die Transvaalse afvaardiging wat in Engeland teen die anneksasie van hul land op 12 April 1877 gaan protesteer het. Die toekomstige Presidente van die twee republieke, Paul Kruger en M. T. Steyn, het mekaar dus die eerste keer hier ontmoet. Kruger was reeds 'n rype een-en-vyftig jaar oud terwyl Steyn maar negentien was. Tydens sy oorsese verblyf het Steyn gebeure in Suid-Afrika getrou in nuusblaaië gevolg. Hy was ontsteld oor die wanvoorstellings van Suid-Afrikaanse toestande en het in Januarie 1881 'n brief aan die Engelse koerant, die *Manchester Guardian*, gerig waarin hy die geskiedenis van sy land geskets en sy volk verdedig het.¹⁴⁰

Na studie in Nederland aan die Gimnasium te Deventer en die Leydense Universiteit, is hy en sy vriend Harry Vels na Londen waar hulle aan die Inner Temple studeer het. Theunis het sy studies suksesvol afgelê en het op 17 November 1882 gepromoveer as meester in die regte. In Kaapstad is hy tot die balie toegelaat en in Bloemfontein het hy hom aangesluit by J. G. Fraser se prokureursfirma. Hy was gou 'n gesogte regsgeleerde en sy praktyk het floreer. Op 18 Januarie 1889 het hy staatsprokureur geword en op 19 Augustus van dieselfde jaar volg hy Albert Krause op as tweede strafregter.¹⁴¹ Met die bedanking van regter R. Gregorowski, word hy op 5 Mei 1892 eerste strafregter. Hoofregter Melius de Villiers het getuig dat hy die hoogste agting van sy mede-regters geniet het. Sy gesonde verstand, opregtheid, onpartydigheid, vatbaarheid vir oortuiging, vasberadenheid om altyd agter die waarheid te kom en sy groot beskeidenheid was opvallend. Geen van sy

140. *Ibid*, pp. 38 - 40.

141. *De Express*, 20 Aug. 1889.

uitsprake is ooit in appèl ter syde gestel nie en oral was hy as persoon bemind.¹⁴²

Reeds as advokaat was Steyn een van die gewildste persoonlikhede wat die platteland met die Rondgaande Hof besoek het. As regter het hy in 'n nog groter mate die agting en liefde van die bevolking gewen.¹⁴³

Pas nadat Borckenhagen in Mei 1877 redakteur van die wankelende *Express* geword het, het die jong Steyn vir verdere studie na Europa vertrek. By sy terugkoms in Bloemfontein was die koerant reeds 'n groot sukses en sy redakteur 'n geëerde inwoner van die Vrystaat. Borckenhagen was bowenal 'n republikein en sy koerant moes groot aanklank by Steyn gevind het. Sy dogter, Blanca Marais, het in 'n onderhoud met Karel Schoeman genoem dat beide Reitz en Steyn byna daagliks in gesprek met haar vader was.¹⁴⁴ Hulle was dan ook bure. Borckenhagen het in 1882 'n huis, *Rose Lodge*, in St. Georgestraat gekoop¹⁴⁵ en na Steyn se troue met Rachel Isabella (Tibbie), dogter van ds. Colin Fraser van Philippolis op 10 Maart 1887 het hy ook 'n huis op die hoek van Aliwal- en St. Georgestraat, naby sy ouerhuis, *Rose Lodge* en die Presidensie, gekoop.¹⁴⁶

In 1890 het Borckenhagen hom skerp uitgespreek teen regulasies wat die Volksraad uitgevaardig het ter beskerming van sy privilegie. Syns insiens was dit verkeerd dat die Volksraad kon besluit of daar teen hom oortree is en dan self die straf kon opleë sonder dat die beweerde oortreder die reg op appèl gehad het. Die Hooggeregshof was die liggaam waarby die beslissing moes berus.¹⁴⁷ Hoofregter Melius de Villiers het hom in 'n brief aan die Volksraad ook teen die Volksraad se optrede uitgespreek.¹⁴⁸ *De Express* het met genoeg berig dat regter Steyn met die afsluiting van die Rondgaande Hof te Wepener daarop gewys het dat die Volksraad onkonstitusioneel opgetree het. Die grondwet het wetgewende en regterlike magte geskei en die Volksraad kon nie aanklaer, publieke vervolger en regter wees nie. Dit

142. Van der Merwe, p. 52.

143. *Ibid*, pp. 54 - 55.

144. Schoeman, *Onderhoud met B.M.*

145. Schoeman, Karl, *Bloemfontein*, p. 101; *Onderhoud met B.M.*

146. Van der Merwe, p. 49.

147. *De Express*, 1 Julie 1890.

148. *Ibid*, 1 en 8 Julie 1890.

het ook die vryheid van die onderdaan geskend, want 'n aangeklaagde kon hom nie op 'n jurie beroep nie.¹⁴⁹

Steyn het geleidelik meer en meer op die voorgrond getree as 'n burger wat sy plig teenoor die gemeenskap graag wou nakom. Op sosiale vlak het hy in die beste kringe beweeg en as regter het hy kennis gemaak met persone in hoë posisies sowel as met die gewone burgers. Met die feestelikhede in 1890 om die koms van die spoorlyn na Bloemfontein te vier, het hy onder ander die Kaapse Eerste Minister, Cecil John Rhodes en ander Kaapse Ministers ontmoet sowel as die gevierde skryfster, Olive Schreiner. In 1894 het hy en Borckenhagen, saam met ander, op die komitee gedien wat 'n ontvangs vir pres. Reitz moes reël na sy oorsese besoek.¹⁵⁰

Steyn was voorsitter van die Vrystaatse Skietvereniging¹⁵¹ en net soos Borckenhagen het hy sy stad as stadsraadslid gedien (1885 - 1889),¹⁵² en was hy kurator van Greykollege. In 1895 het hy as voorsitter van die kuratorium ook die voorsitterstoel ingeneem by die afskeidsdinee wat vir dr. Brill gereël is voordat hy vir ses maande oorsee vertrek het.¹⁵³

Nog 'n belangstelling wat Steyn en Borckenhagen gedeel het, was die boerdery. Borckenhagen het deur die jare gepleit dat die regering meer vir die bevordering van landbou en veeteelt moes doen omdat dit die land se vernaamste bron van inkomste was. Hy het hom beywer vir die stigting van landbouverenigings en het self op *Rodenbeck*, aan die oostekant van Bloemfontein geboer en proewe gedoen. Theunis Steyn het op 'n plaas grootgeword en soos reeds gemeld, self vir 'n aantal jare gedurende sy jeug geboer. Hy het 'n leidende aandeel in die Bloemfonteinse Landbougenootskap gehad,¹⁵⁴ was die president van die landbouverenigings van Rouxville en Ladybrand¹⁵⁵ en het in 1897 die plaas *Onze Rust* aan die Kaalspruit naby Bloemfontein gekoop.¹⁵⁶ Hy het 'n simpatieke oor vir die boerestand gehad en was dan ook baie gewild onder hulle.

149. *Ibid*, 29 Julie 1890.

150. *Ibid*, 11 Sept. 1894; Moll, p. 213.

151. *De Express*, 20 Aug. 1895.

152. Rompel, Frederik, *Marthinus Theunis Steyn*, p. 26.

153. *De Express*, 21 Junie 1895.

154. Kieser, A., *President Steyn in die Krisisjare 1896 - 1899*, p. 2.

155. *De Express*, 26 Nov. 1895.

156. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 143.

De Express het 'n belangrike rol gespeel in die handhawing van die moedertaal in die Vrystaat. Borckenhagen het Hollandse redakteurs aangestel wat bekend was as mense wat hulle taal liefgehad het soos N. Hofmeyr en D. F. du Toit. Steyn was ook 'n kampvegter vir die moedertaal. In 1895 het hy en regter Hertzog 'n vergadering by die N. G. Pastorie bygewoon wat prof. de Vos van Stellenbosch belê het om 'n taalkongres te propageer. Al die teenwoordiges het vir so 'n kongres gestem.¹⁵⁷

Hoewel hy intens in die politiek belang gestel het, het hy hom nie aktief daarmee bemoei nie, behalwe by een geleentheid. President Brand het in Junie 1887 sy bedanking as staatspresident ingedien oor 'n meningsverskil met die Volksraad. Steyn het pres. Brand as onmisbaar vir die Vrystaat beskou en het hom daarvoor beywer om die geskil uit die weg te ruim. Hy het dadelik die burgemeester, R. Innes, gaan spreek en 'n openbare vergadering is belê. 'n Geesdriftige gehoor het die vergadering bygewoon. Steyn het voorgestel dat president Brand van die vergadering se trou verseker word en saam met drie ander is hy afgevaardig om die President te probeer oorhaal om sy bedanking terug te trek. Die Volksraad het ook al sy kragte ingespan om die saak reg te stel. Tot almal se vreugde het die President sy bedanking teruggetrek.¹⁵⁸

Dit is duidelik dat Marthinus Theunis Steyn teen die tyd dat pres. Reitz sy bedanking as Staatspresident in 1895 ingedien het, 'n bekende, gewilde, beminlike en invloedryke burger van die Vrystaat was. Hy en Borckenhagen het tot 'n groot mate dieselfde ideale en belangstellings gedeel. Borckenhagen het Steyn se kandidatuur in die presidentsverkiesing gesteun omdat hy 'n vurige republikein en Afrikaner was.

2.2.2 Die Presidentsverkiesing van 1896

Reeds in die aanloop tot die 1893-verkiesing, toe die Volksraad Reitz as enigste kandidaat genomineer het, maar hoofregter J. H. de Villiers van die Kaapkolonie ook heelwat steun geniet het, het Carl Borckenhagen bespiegel oor 'n

157. *De Express*, 10 Sept. 1895.

158. Van der Merwe, pp. 49 - 50; *The Friend*, 22 Junie 1887.

toekomstige opvolger vir Reitz. Volgens hom het die Vrystaat al goeie gebruik gemaak van oud-Kapenaars en Reitz se opvolger kon dalk ook een wees, maar dit sou hom spyt "because we look forward towards the best Free Stater being ere long elevated to that position." 'n Kapenaar soos hoofregter de Villiers sou nie die lewende meeewing met die Vrystaatse burgers hê wat van hom 'n goeie Vrystaatse president sou maak nie. Die Vrystaatse president is "a citizen among citizens, although the first of them."¹⁵⁹

President Reitz se langdurige siekte het aanleiding tot baie gerugte oor die moontlike bedanking van en opvolger vir die President gegee. Volgens *De Burger* het ds. A van der Lingen hom reeds vir die stryd gereed gemaak, maar "elk een wjst op Rechter Steyn als onze aanstaande President ... Ieder een heeft de mond vol van Rechter Steyn."¹⁶⁰ Van der Lingen het Bloemfontein in Oktober 1895 besoek.¹⁶¹

Die vernaamste kwessie in Suid-Afrika op hierdie tydstip, soos ook in die volgende jare, was die magstryd tussen Britse imperialisme en republikenisme. In Brittanje was aggressiewe imperialisme aan die orde van die dag en die Kaapse eerste minister, Cecil John Rhodes, het hierdie neiging gebruik om sy eie doelstellings te bereik. Hy was in die geheim koersagtig besig om die finale reëlings te tref vir 'n inval in Transvaal. In die Vrystaatse verkiesingstryd sou dit gaan oor die nouer samewerking tussen die republieke om weerstand teen Britse imperialisme te kan bied. Steyn, republikein en Afrikaner in murg en been, sou hom beywer vir hegte republikeinse samewerking terwyl sy vernaamste teenstander, J. G. Fraser, se strydkreet was dat samewerking met die ZAR Vrystaatse onafhanklikheid in gevaar sou stel omdat Transvaal volgens hom onderhewig aan Britse susereiniteit was en Brittanje die republiek kon annekseer weens Uitlandergriewe. Fraser was mev. Steyn se oom, maar dit het nie die stryd minder fel gemaak nie. Fraser was 'n gedugte teenstander. Hy was reeds jarelank Volksraadslid en het Bloemfontein sedert 1881 in die Volksraad verteenwoordig. Op 5 Mei 1884 het hy voorsitter van die Volksraad geword en het die Vrystaat op talryke kommissies gedien.¹⁶²

159. *De Express*, 6 Junie 1893.

160. *De Burger*, 12 Okt. 1895.

161. *De Express*, 15 Okt. 1895.

162. Malan, p. 207.

The Friend het Fraser van harte gesteun. Omdat die meeste Afrikaners ten gunste van nouer vereniging met die ZAR was, is 'n poging aangewend om hulle steun vir die beweging teen nouer vereniging te werf deur 'n Hollandse koerant uit te gee. *De Burger* het sedert Januarie 1894 verskyn en op allerlei maniere die Afrikaanssprekendes na sy kant probeer oorhaal. Hy het in die verkiesingstryd sy volle gewig agter Fraser ingegooi.

De Express het vir 'n lang ruk 'n vreemde swye bewaar oor 'n moontlike opvolger vir pres. Reitz en het nie eers die kwessie van sy moontlike bedanking geopper nie. Borckenhagen het geen melding van regter Steyn gemaak nie, hoewel hy, soos hierbo aangetoon, reeds in 1893 te kenne gegee het dat dit die beste sou wees indien die nuwe Staatspresident 'n gebore Vrystater sou wees. Daar was waarskynlik 'n hele paar redes vir Borckenhagen se optrede. Sy eie verklaring was dat dit uit bedagsaamheid was - bedagsaamheid teenoor pres. Reitz.¹⁶³ Die President se siekte was vir hom 'n saak van droefheid en hy het veral vir Fraser verwyt dat dit sy en ander se taktlose en ongevoelige optrede was wat die President se siekte veroorsaak het.¹⁶⁴ Hy kon homself nie sover bring om oor sy vriend se bedanking te praat nie. Dan het hy ook aangedui dat hy nie die kiesers wou beïnvloed nie.¹⁶⁵ Pres. Reitz is dikwels, veral deur *The Friend* en *De Burger*, verwyt dat hy na Borckenhagen se pype gedans het.¹⁶⁶ "The burghers generally cannot tell where Reitz begins and the *Express* leaves off", het *The Friend* beweer.¹⁶⁷

Dit is natuurlik dat Borckenhagen alles in sy vermoë sou doen om te verhoed dat Steyn' ook as sy marionet gebrandmerk word. N. J. van der Merwe skryf dat Borckenhagen "eers 'n bietjie huiwerig was om sy groot invloed ten gunste van so 'n onervare kandidaat as Steyn in te werp." Dit was volgens Van der Merwe tot Steyn se voordeel, want niemand sou hom kon verwyt dat hy deur Borckenhagen aan die neus gelei is nie; laasgenoemde se agting vir Steyn het egter baie vinnig toegeneem.¹⁶⁸

163. *De Express*, 10 Des. 1895.

164. *Ibid*, 11 Febr. 1896.

165. *Ibid*, 10 Des. 1895.

166. *The Friend*, 23 Jan. 1889, 3 Jan. 1896 en 25 Febr. 1896.

167. *Ibid*, 21 November 1893.

168. Van der Merwe, p. 68.

Dit is nie 'n uitgemaakte saak dat Borckenhagen se stilsweye as huiwering as gevolg van Steyn se onervarenheid beskou kan word nie. Steyn het wel nog nie aktief aan die politiek deelgeneem nie, maar hy het die nodige agtergrond gehad om sukses as politikus te behaal. Sy regsagtergrond, sy grondige kennis van die Vrystaatse wette, sy intieme kennis van die bevolking, sy deelname aan die openbare lewe, sy vader se belangstelling in en deelname aan die politiek en veral sy vurige vaderlandsliefde was alles aan Borckenhagen bekend. Hy het dan ook, soos ons sal sien, altyd vir Steyn in die oog gehad as opvolger vir Reitz. Nadat die Volksraad Steyn as kandidaat aangewys het, het *The Friend* sy verbasing oor *De Express* se geheimsinnige swye uitgespreek. Hopedik sou sy kandidaat sy stilswyende ondersteuner waardeeri¹⁶⁹ Borckenhagen het teruggekap dat Steyn nie sy kandidaat nie, maar die volk s'n was. Dit was wat *De Express* duidelik wou sê.¹⁷⁰

Hy het ook geweet dat Steyn so gewild was onder die bevolking dat dit nie nodig was om sy kandidatuur te stoot nie. Hy kon met 'n geruste hart toekyk hoe sake hul verloop neem. Op vergadering na vergadering is steun vir Steyn uitgespreek en dit was slegs in die groot sentra soos Bloemfontein en Kroonstad met 'n oorwegend of groot Engelssprekende bevolking dat Fraser meer steun verwerf het.

Op 16 November 1895 het Reitz 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die Volksraad opgeroep is om op 11 Desember 'n opvolger te benoem aangesien dit vir hom onmoontlik was om sy pligte verder te vervul. Nog steeds het Borckenhagen nie vir Steyn propaganda gemaak nie. Hy het voorspel dat die nuwe president met dieselfde probleme as sy voorganger, veral ook wat betref die magsbalans tussen die wetgewende en uitvoerende mag, te kampe sou hê en dat hy dus fisies en geestelik sterk moes wees.¹⁷¹ Wat hom betref, was daar net twee moontlike kandidate: Fraser en Steyn. Vervolgens het hy elkeen se *curriculum vitae* geskets.¹⁷²

'n Dag voor die Volksraadsitting het Borckenhagen verklaar dat hy gevoel het hy kon nou sy mening gee. Daar kon nie meer sprake van beïnvloeding van sy kant wees nie, aangesien die Volksraadslede reeds hulle kiesers geraadpleeg het. "We

169. *The Friend*, 13 Des. 1895.

170. *De Express*, 17 Des. 1895.

171. *Ibid*, 19 Nov. 1895.

172. *Ibid*, 26 Nov. 1895.

declare ourselves thoroughly and emphatically in favour of the candidature of Judge Steyn, upon whom we have always looked as the coming man, in case President Reitz should, for personal or political reasons, cease to lead the people; and we firmly and honestly believe that the people's trust in him will be rewarded by a faithful, honourable and able discharge of the grave responsibility which, by his election, the burghers may impose upon him."¹⁷³

Intussen het *The Friend* en *De Burger* alles in hulle vermoë gedoen om Fraser se kandidatuur te bevorder. Hulle het daarop gehamer dat Steyn jonk en sonder politieke ervaring was en daarom nie 'n goeie staatsman sou wees nie. Daarenteen het Fraser jarelange ervaring as Volksraadslid en voorsitter van die Volksraad gehad. Daar is ook gewys op die feit dat president Brand Fraser vertrou het en in amptelike betrekking aangestel het.¹⁷⁴ 'n Beroep is dus op die volk se sentiment gemaak.

Fraser se ondersteuners was deeglik bewus van Steyn se gewildheid by die bevolking en *The Friend* het dus probeer om die Volksraadslede te bearbei om Fraser as hul kandidaat voor te stel. Hulle het die bekwaamhede van die leiers die beste geken en moes hul kiesers beïnvloed. Die koerant het die hoop uitgespreek dat die lede nie sommer enigeen sou kies nie, maar 'n beproefde staatsman - nie 'n sentimentalist nie. Volgens hom het die land te veel ervaring van sentimentele, onpraktiese politici die voorafgaande tydperk gehad.¹⁷⁵ Dit was 'n verwysing na Reitz en ander republikeinssgesindes wat nouer vereniging met die ZAR begeer het. *De Burger* het hierop uitgebrei deur Steyn en Fraser teen mekaar op te weeg. Steyn was wel 'n demokrat en Fraser 'n aristokraat, maar dit het nie afbreuk aan Fraser se bekwaamheid gedoen nie. Indien hy aan die roer van sake staan, sou die Vrystaat hom weer as staat laat geld en sy verlore prestige herwin.¹⁷⁶ *De Burger* insinueer weer hier, soos tydens 'n groot deel van sy bestaan dat Reitz se regering swak was en dat hy die Vrystaat se aansien laat daal het.¹⁷⁷

173. *Ibid*, 10 Des. 1895.

174. *De Burger*, 30 Nov. 1895.

175. *The Friend*, 19 Nov. 1895.

176. *De Burger*, 20 Nov. 1895.

177. *Ibid*, 19 Jan. 1895, 24 Maart 1895, 15 Mei 1895 en 29 Mei 1895 onder andere.

Volgens *The Friend* was Steyn wel "a son of the soil closely connected by family ties with a great many of the wealthiest and most influential families in the State" (dit was terloops ook een van die argumente wat teen Steyn gebruik is - dat hy vanweë die invloed van sy familie gekies is en nie op grond van sy bekwaamheid nie), maar dat hy nie die Volksraad sou kon lei soos president Brand nie en sy invloed sou binne maande kwyn. Die burgers kon nie redes aanvoer waarom hulle Steyn verkies nie. Hy was jonk en onervare en het min kennis van staatsmanskap of die hantering van moeilike kwessies gehad. Hy kon dalk later, wanneer hy ouer was, vir die presidentskap oorweeg word indien hy oor die nodige hoedanighede beskik het. Fraser, daarenteen, was 'n goedopgeleide en betroubare staatsman wat diep spore in die Volksraad getrap het en onskatbare dienste gelewer het as afgevaardigde. Min kon hom ewenaar as dit by die hantering van moeilike kwessies kom. Hy het homself bewys in gevegte teen die Basoeto's. Die ondertekening van 'n memorie ten gunste van 'n federale unie onder Brittanje is steeds teen sy kop geslinger asof hy 'n verraaier was. *The Friend* was van mening dat die ondertekening van memories ten gunste van nouer vereniging met Transvaal in dieselfde lig gesien kon word as Fraser se optrede. Verder het pres. Boshoff en andere in 1858 gepleit vir federasie, maar die Britse regering het dit van die hand gewys. Fraser was 'n ware Vrystater en sou altyd na die beste belange van die Vrystaat streef.¹⁷⁸ Die petisie van Fraser en ander aan die Britse koningin om die Vrystaat weer te annekseer het sy ontstaan te danke gehad aan die herlewing van die beweging van Engelsgesindes na die anneksasie van Basoetoland in Maart 1868 deur die Britse goewerneur, sir Philip Wodehouse.¹⁷⁹ *De Express* het daarop gewys dat die 1858-petisie deur Vrystaatse burgers aan hul eie regering gerig is waarop die regering besluit het dat die Vrystaat sterk genoeg was om onafhanklik voort te gaan. Die 1868-petisie, wat onder andere deur Fraser onderteken is, was aan 'n vreemde regering gerig en dit het 'n groot verskil gemaak.¹⁸⁰

De Burger het erken dat Steyn eerlik, opreg, 'n man van die volk en 'n demokrat was, maar niemand het nog geweet waartoe hy in staat was nie en as hy gekies sou word, sou dit nie op meriete wees nie, maar omdat hy 'n gebore Vrystater was. Hy was buitengewoon gewild, maar dit het nie

178. *Ibid*, 3 Des. 1895.

179. Malan, p. 40.

180. *De Express*, 24 Des. 1895.

van hom 'n bekwame staatsman gemaak nie.¹⁸¹ Sy ondersteuners was totaal onbekend met sy politieke beginsels, kennis en geskiktheid vir die gewigtige amp wat 'n man van groot ondervinding en standvastigheid vereis het wat hom nie deur buitelanders of die Bloemfontein-kliek sou laat beïnvloed nie. Politiek is 'n wetenskap wat ondervinding eis. Iemand van groot bekwaamheid, maar weinig ondervinding, is erger as iemand van weinige bekwaamheid maar groot ondervinding,¹⁸² aldus *De Burger*. Dat die Vrystaters onbekend met sy politieke beginsels was, is nie waar nie. Steyn het sy beginsels breedvoerig uiteengesit in sy antwoorde op rekwisies en dit is in die koerante gepubliseer en bespreek.

Die Volksraadslede het op 11 Desember 1895 getoon dat hulle oorwegend Borckenhagen se mening toegedaan was deur Steyn met 'n groot meerderheid as die Volksraad se enigste kandidaat vir die presidentsverkieping te benoem. Fraser het ongeveer 'n derde van die stemme getrek. Hy en ds. A. A. van der Lingen, wat Reitz beide kere as presidentskandidaat teengestaan het en in 1893 heelwat stemme getrek het vanweë die noordelike en oostelike distrikte se teenkoning teen die tolunie, het 'n aantal rekwisies ontvang en het dan ook tot die stryd toegetree. Rekwisies het na Steyn gestroom.

De Express se invloed op die verkiesing is soos volg deur die Jagerfonteinse korrespondent van die *Diamond Fields Advertiser* van Kimberley beskryf: "The Express is undoubtedly a most powerful factor. Issued daily and distributed every morning gratis, it supplies the sluggish Africander with ideas, which being absorbed, the Daily becomes his political guide, philosopher and friend. I was recently assured by a most intelligent Africander that the majority of the ruling class in Bloemfontein never read any other paper, and are absolutely devoid of any other ideas on political subjects than those inculcated by the Daily." Op humoristiese wyse antwoord Borckenhagen dat 'n gemeenskap wat sy politiek van *De Express* kry en sy "'Q.E.D. Renovater' and 'Liver Tickler' from Norwood Coaker must necessarily be in the most healthy condition."¹⁸³

181. *De Burger*, 20 Nov. 1895.

182. *Ibid*, 27 Nov. 1895.

183. *De Express*, 6 Des. 1895.

The Friend het ook gewys op die ontsaglike invloed van Borckenhagen op die regering. Volgens hom het almal in Bloemfontein geweet dat Borckenhagen Steyn onder sy vaderlike vleuels geneem het. Die boere het nie in die minste besef dat dit Borckenhagen was wat die Vrystaatse regering beheer het nie. As Steyn tot president verkies sou word, sou hy ook Borckenhagen se marionet wees. Dit was volgens hom nodig dat 'n sterk man soos Fraser verkies word om wat hy genoem het die bese politieke invloed van Borckenhagen teen te werk.¹⁸⁴

Die Jongelings-vereniging van Rietspruit se skrywe aan *De Express* het egter die meerderheid van die volk se gevoelens verwoord. Die redakteur is geprys omdat hy in die verkiesing een was met die volk en sy invloed ten goede gebruik het om 'n seun van die volk tot president verkies te kry.¹⁸⁵

Fraser het onmiddellik met 'n verkiesingsveldtog begin, die land deurkruis en toesprake gehou - iets wat vroeër nog net op beperkte skaal deur ds. Van der Lingen in die Vrystaat gedoen is. Fraser se ondersteuners het 'n sentrale komitee in Bloemfontein in die lewe geroep en later ook komitees op ander dorpe gestig.¹⁸⁶ Op die sentrale komitee het aanvanklik sewentien Volksraadslede, drie Uitvoerende raadslede en 160 burgers gedien.¹⁸⁷ Van der Lingen het reeds voor Reitz se bedanking, in Oktober 1895, 'n besoek aan Bloemfontein gebring¹⁸⁸. Volgens *De Burger* het hy hom gereed gemaak vir die stryd.¹⁸⁹ Net soos Fraser het hy rondgereis en toesprake gehou. Hy het egter nie veel aandag getrek nie. In teenstelling hiermee het Steyn rustig sy gang gegaan en verklaar dat die betrekking hom moes soek, nie hy die betrekking nie.¹⁹⁰

De Express se kommentaar op Steyn se benoeming was dat dit nie onverwags was nie. Die volk het intuïtief die regte man gekies en vir die eerste maal was die verwesenliking van die ideaal om 'n gebore Vrystater as President te hê, binne sig. Regter Steyn was die man van die uur. "We know him, we trust

184. *The Friend*, 3 Jan. 1896.

185. *De Express*, 28 Apr. 1896.

186. *Ibid*, 17 Des. 1895.

187. Van der Merwe, p. 67.

188. *De Express*, 15 Okt. 1895.

189. *De Burger*, 12 Okt. 1895.

190. Van der Merwe, p. 64.

him, and we advocate his candidature now, as we shall loyally and trustfully support him if the people declare in his favour." Dit was 'n kritieke tyd en Borckenhagen het 'n beroep op almal gedoen om die man te steun wat deur die volk gekies is. Dit was 'n tyd vir saamstaan.¹⁹¹

The Friend het die Volksraad verwytdat daar nie groter oordeelsvermoë aan die dag gelê is nie. Die feit dat die Raad 'n ou, beproefde, bekwame en eerbare man oor die hoof gesien het ten gunste van "a young man who is politically a novice, cannot be regarded as creditable to that body. It presents an example of political ingratitude ..." Dit het nie gegaan oor die geskikste man nie, maar oor sentiment. "From one cause or another, the majority of the electors seem to have a distrust of men who are more able and clever than themselves, and are inclined to repose their confidence in one who is not much above the average."¹⁹² Die Vrystaters het dit blykbaar benede hulle waardigheid geag om op so 'n aanmerking te reageer.

Vir Borckenhagen was dit duidelik dat daar dwarsdeur die Vrystaat 'n sterk gevoel ten gunste van Steyn was. Die feit dat een-en-veertig uit vier-en-vyftig Volksraadslede vir hom gestem het, maak *The Friend* se aantygning dat 'n groot meerderheid van die lede op ligsinnige wyse deur hulle gevoelens gelei is, belaglik. Geen lid sou in sulke kritieke tye die belange van die staat wou skaad nie. Die bewering dat Steyn onbekend was aan die Vrystaters was ook nie waar nie. Hy was nie net in die Vrystaat bekend nie, maar ook daarbuite. Buitendien sou Steyn volop geleentheid hê om in sy antwoorde op rekwisies sy menings en beleidsrigtings te stel en te verduidelik. Die burgers was reeds bekend met sommige van sy sienswyses en het geweet dat hy oor 'n verskeidenheid hoedanighede wat onontbeerlik in 'n Staatspresident was, beskik het soos sy innige meeleving met alle klasse van die gemeenskap, sy gesonde verstand en praktiese aard, sy takt, vriendelikheid en nederigheid. Borckenhagen was oortuig daarvan dat Steyn 'n suksesvolle en goeie president sou wees.¹⁹³

Uit hul antwoorde op rekwisies het dit baie duidelik geword dat Steyn en Fraser twee teenoorgestelde strominge

191. *De Express*, 13 Des. 1895.
192. *The Friend*, 13 Des. 1895.
193. *De Express*, 17 Des. 1895.

verteenwoordig het. Steyn het gestrewe na die verwesenliking van 'n republikeinse Afrikaner-ideaal terwyl Fraser afsydig teenoor die Afrikaner en sy ideale gestaan het. Steyn het 'n visioen gehad van 'n verenigde republikeinse Suid-Afrika terwyl Fraser wel lojaal teenoor die Vrystaatse Republiek gestaan het, maar na 'n verenigde Suid-Afrika wat onlosmaaklik aan die Britse Ryk verbonde was, gestrewe het. Steyn sou alles in die werk stel om die twee republieke nader aan mekaar te trek - en dit was veral hieroor dat hy sy volk se oorweldigende steun geniet het. In antwoord op die rekwisities van P. J. J. Prinsloo en ander verklaar hy dat die republieke tog dieselfde volk, dieselfde geskiedenis, dieselfde taal en 'n gelyksoortige regeringsvorm gehad het en die republikeinse saak was te goed, te heilig om aan gevare blootgestel te word as gevolg van onverskilligheid.¹⁹⁴ Fraser en sy ondersteuners het daarenteen beklemtoon dat die ZAR onderhewig was aan die Londense Konvensie en hulle het artikel 4 van die Konvensie vertolk as sou die ZAR onder Britse soewereiniteit staan. Volgens hulle het dit beteken dat vereniging met die ZAR die Vrystaat ook onder Britse soewereiniteit sou bring met verlies van sy onafhanklikheid.

Hulle wou eerder met die kolonies op goeie voet verkeer en was teen enige bevoorregting van die ZAR. Hoewel Steyn in sy strewe na 'n verenigde Suid-Afrika nouer vereniging met die ZAR as eerste stap beskou het, wou hy tog ook hartlik met al die ander Suid-Afrikaanse state saamwerk. Borckenhagen het met genoeë Kaapse joernaliste, wat volgens hom net hul eie voordeel gesoek en hul lesers mislei het, daarop gewys dat Steyn (in sy antwoord aan die Volksraad nadat hy as presidentskandidaat aangewys is) dit as die Vrystaat se roeping beskou het om die broers oorkant die Vaal- én Oranjeriviere en die Drakensberge mekaar beter te laat verstaan en nader aan mekaar te probeer bring. Hy sou niks doen om die vereniging van Suid-Afrika wat so vurig deur elke reggeaarde Afrikaner begeer is, te verhinder nie; intendeel, hy sou met al sy krag sy deel bydra om die nasionale saak te bevorder.¹⁹⁵

Steyn was by uitstek 'n demokrat en 'n republikein en daarom wou hy die beginsel van regering vir die volk deur die volk verder uitbou deur middel van 'n referendum. Op dié

194. *Ibid*, 24 Des. 1895.

195. *Oranjevrystaatsch Gouvernements Courant*, 20 Des. 1895; *De Express*, 24 Des. 1895.

wyse wou hy ook die harmonieuse samewerking tussen die Uitvoerende en Wetgewende magte bevorder. Hy was oortuig daarvan dat die volk ryp genoeg was om groter seggenskap in landsake te kry en in sy antwoord aan die inwoners van Senekal se rekwisisie het hy sy standpunt hieromtrent toegelig. Aan die hand van hierdie antwoord het Borckenhagen breedvoerig oor die referendum-kwessie geskryf en ook later weer daarheen teruggekeer. Reeds gedurende pres. Reitz se bewind, so vroeg as 1890, het Borckenhagen dit as wenslik beskou dat die volk oor 'n saak moes beslis indien daar 'n verskil van mening tussen die Volksraad en die President ontstaan het.¹⁹⁶ Hy het besef dat dit nog 'n vreemde gedagte was en dat die konserwatiewe Vrystaters altyd huiwerig was om aan die grondwet te torring en daarom wou hy sy invloed gebruik om die Volksraad en volk daaraan gewoond te maak. Tydens president Reitz se bewind het hy herhaaldelik beswaar gemaak teen die Volksraad, onder aanvoering van Fraser, se pogings om sy mag ten koste van dié van die Uitvoerende mag te vergroot. Dit het gelei tot wrywing en volgens hom "it has affected the happiness and health of the late President". As daar nie van nature vertrou en hartlike samewerking tussen die twee magte bestaan het nie, moes die grondwet so verander word dat "no encroachment of the Legislature upon the Executive power, or vice versa, may take place." Steyn was van mening dat 'n referendum in die geval van 'n verandering in die grondwet en van Volksraadsbesluite en wette wat nie vooraf gepubliseer is nie kon help om wrywing tussen die volk en die Volksraad en ook tussen die Volksraad en die Uitvoerende Raad uit te skakel. Dit het al gebeur, byvoorbeeld in die kwessie van spooraanleg, dat die Volksraad 'n besluit teen die volkswil met slegs die beslissende stem van die voorsitter deurgedryf het. Die referendum sou op versoek van die Staatspresident of 'n groot deel van die volk geskied.

Borckenhagen het so sterk gevoel oor wat hy beskou het as die wanbalans tussen die Wetgewende en Uitvoerende magte dat hy voorgestel het dat die vetoreg aan die President toegeken moes word indien die Volksraad nie kans sou sien vir 'n referendum nie. "We cannot have Presidents resigning, whenever they happen to differ from the Volksraad."¹⁹⁷

196. *De Express*, 24 Junie 1890.

197. *Ibid*, 24 Des. 1895.

Fraser het Steyn se grondwetlike voorstelle verwerp. Hy sou nooit toegee dat die Volksraad nie die soewereine mag was nie en het gemeen dat die grondwet doeltreffend gefunksioneer het en dat die volk nog nie ryp was vir 'n referendum nie.¹⁹⁸

Na aanleiding van Steyn se antwoorde op rekwisies het *The Friend* verklaar dat hy geen kennis van die mens of van staatsmanskap besit het nie. Hy het Steyn "a man who evidently arrogates himself powers which his experience would hardly justify the Volksraad in granting him" genoem en hom van "overweening ambition" beskuldig omdat hy 'n referendum en die vetoreg wou hê.¹⁹⁹ Die koerant het 'n fout gemaak met sy bewering dat Steyn die vetoreg geëis het en *De Express* het hom spoedig daarop gewys.²⁰⁰ Adv. H. G. Stuart het *De Burger* om dieselfde rede gekritiseer en beskuldig van misleiding van die volk. Die vetoreg sou die vermeerdering van die President se mag beteken terwyl die referendum die vermeerdering van die volk se mag tot gevolg sou hê.²⁰¹

Borckenhagen het op sy beurt uiteengesit waarom hy en die volk nie met Fraser se politiek kon saamstem nie. Fraser was nooit ten gunste van nouer vereniging met Transvaal nie. Verder was hy ten gunste van vryhandel en sou nie die Vrystaatse boere of die Nasionale Bank beskerm teen onregverdige mededinging nie. Hy wou die Volksraad se mag uitbrei ten koste van die Uitvoerende mag s'n en wou selfs regterlike mag vir die Volksraad inpalm.²⁰²

Op hierdie stadium het Steyn reeds soveel steun geniet dat sy teenstanders na strooihalms gegryp het om hul saak te probeer versterk. *De Burger* het reeds op 4 Desember 1895 begin met gerugte van omkoperij deur Transvaal om Steyn se saak te bevorder. Na aanleiding van die Transvaler Julius Kiezer se besoek aan die Vrystaat het *The Star* van Johannesburg beweer dat hy 'n betaalde Transvaalse agent was wat Steyn se kandidatuur moes bevorder. Kiezer het twee briewe aan die koerant geskryf om die bewerings te ontken en ook daarop gewys dat *The Star* groepe gesteun het wat die

198. *Oranjevrystaatsch Gouvernements Courant*, 27 Des. 1895; *OVSVR*, 29 Mei 1898, pp. 416 - 417.

199. *The Friend*, 24 Des. 1895.

200. *De Express*, 31 Des. 1895.

201. *Ibid*, 4 Jan. 1896.

202. *Ibid*, 27 Des. 1896.

Transvaalse regering tot 'n val wou bring en 'n imperiale regering wou invoer.²⁰³ Sy aantygings is na die Jameson-inval korrek bewys. *De Burger* het verklaar dat hy die *Star* se gerugte geglo het en ook dat geld uit die geheime fonds gebruik sou word om Steyn te steun.²⁰⁴ *The Friend* het bygevoeg dat Paul Kruger se rekord van so 'n aard was dat hy ook die gerugte sou glo waarvolgens Kiezer nie alleen geld nie maar ook sy persoonlike dienste aan Steyn aangebied het.²⁰⁵ Raadslid J. M. Theunissen van Bultfontein het hierop verbeter - hy het gehoor dat die Transvaalse Geheime Raad glo ongeveer R50 000 bestee het om Steyn verkies te kry. Verder kry *De Express* ook R4 000 per jaar van Transvaal omdat hy Steyn steun.²⁰⁶ Robert Armstrong van Brandfort het die gerugte as absurd afgemaak²⁰⁷ en 'n brief aan *The Friend* gerig waarin hy beswaar gemaak het teen die aantygings van omkoperij. Hyself was getuie van geslaagde pogings om mense om te koop om vir Fraser te stem. Verder was die koerant se aanhalings uit koloniale en anti-Afrikaner blaaië in Transvaal waarin Fraser gesteun is, genoeg om Vrystaters oor te haal om nie vir hom te stem nie.²⁰⁸ N. J. van der Merwe stem hiermee saam wanneer hy skryf: "Niks kon die saak van Fraser in die Vrystaat meer bederwe as die steun van die Jingo-pers nie."²⁰⁹

Die Jameson-inval in die ZAR, wat elders breedvoerig bespreek word, het enige kans wat Fraser nog gehad het om steun te verwerf, in die niet laat verdwyn. Nog meer Vrystaters het tot die oortuiging gekom dat die twee republieke se enigste heil daarin te vinde was om saam te staan en so die aanslag van Britse imperialisme af te weer. 'n Groot aantal burgers het spontaan hulp aan die Transvaal verleen en die Uitvoerende Raad het uitvoering aan die Potchefstroom-konvensie van 1889 waarvolgens die Republieke mekaar sou bystaan in geval van 'n aanval van buite, gegee deur burgers op te kommandeer en twee afgevaardigdes, raadslede Abraham Fischer en H. Kljnveld na Pretoria te stuur om vas te stel wat die posisie was en hoe die Vrystaat hulp kon verleen. Uit hulle verslag aan die Volksraad het dit duidelik geblyk dat die aanslag nie net teen die ZAR gemik was nie, maar teen republikaanse. Die Volksraad het

203. *Ibid*, 20 Des. 1895.

204. *De Burger*, 4, 11 en 18 Des. 1895.

205. *The Friend*, 10 en 17 Des. 1895.

206. *De Express*, 27 Des. 1895.

207. *Ibid*, 24 Des. 1895.

208. *The Friend*, 3 Jan. 1896.

209. Van der Merwe, p. 68.

besluit om aan die Uitvoerende gesag die mag te gee om in 'n herhaling van die gebeure dadelik op te tree en ook die Volkraad sonder versuim op te roep.²¹⁰

Die Vrystaatse volk se gemoedere was gaande en hulle gevoelens het ook in die presidentsverkieping tot uiting gekom. Fraser is meer en meer gewantrou en van Britsgesindheid verdink. Daar was 'n merkbare toename in die felheid van kritiek teen hom in die pers. Hy het die steun van heelwat kiesers verloor, waaronder so 'n vooraanstaande raadslid soos C. W. H. van der Post van Fauresmith wat in 'n telegram aan Fraser verklaar het: "I can support no policy which contemplates isolation of the Free State, and stands in the way of union of the Republics as a first step towards a United South Africa .."²¹¹

Na aanleiding van Van der Post se optrede het *De Express* Fraser se houding in die krisistyd met betrekking tot die Vrystaat se verhouding met Transvaal skerp aangeval. Hy het vir Fraser krediet gegee vir die feit dat hy die moed gehad het om so openlik te sê dat hy vir isolasie was. Dit het egter van hom 'n onmoontlike kandidaat gemaak en was "an outrage on South African sentiment". Suid-Afrikaanse republikaanse was in 'n krisis, maar Fraser sou nie 'n vinger verroer om te verhoed dat sulke gebeure soos die Jameson-inval herhaal word nie. Die enigste effektiewe optrede vir die republieke was om skouer aan skouer te staan, bygestaan deur Afrikaners in die kolonies. Maar Fraser het, in Borckenhagen se woorde, verklaar: "Let us herd our sheep, and plough our ground, and drink our coffee with the Cape cousin, who is a peaceful farmer, just as we are, and leave the Transvaal to struggle with its mining population as best it can. If they want our help one day, well, we may give it or withhold it, or give as much as we deem fit. If the Transvaal is annexed, it won't affect us, because the last annexation did not affect our independence either." Hierdie neigings was "a queer kind of creed for a future President of the Orange Free State." Gedurende die vorige en die buitengewone sittings was Volksraadslede so oorweldigend ten gunste van samewerking met Transvaal dat dit vir Fraser duidelik moes wees dat hy homself geïsoleer het en dat hy onmoontlik nie president kon wees nie. Hyself, meer as enigeen anders, het buitendien bygedra tot die

210. *OVSVR*, 10 Jan. 1896, p. 32 e.v.

211. *De Express*, 11 Feb. 1896.

verswakking van die mag van die president en die versterking van die Volksraad s'n. Selfs sy trouste ondersteuners kon nie anders as om sy houding, ten spyte van die Jameson-inval en die komplot teen Transvaal, te betreur nie. As hy nie vir republikeinse samewerking was nie, hoe kon hy daarna streef om president van 'n republiek te wees, het Borckenhagen gevra.²¹²

Op die vooraand van die verkiesing het *The Friend* vir oulaas daarop gewys dat Fraser 'n beproefde staatsman was. Gebeure in Transvaal het die posisie verander en die burgers se gevoelens het met hulle op loop gesit. Hulle was opgewonde en het gepraat van skouer aan skouer met Transvaal staan. Fraser was koelkop en wou die Vrystaat se onafhanklikheid bewaar.²¹³

De Burger het oorlog voorspel. Die Vrystaat moes gereed wees. Rhodes het weer na Rhodesië gegaan en die oktrooi van sy maatskappy is nie opgehef nie. Dit het 'n gevaar vir Suid-Afrika geskep en Paul Kruger se antwoord aan Chamberlain met betrekking tot Uitlander-griewe was feitlik 'n oorlogsverklaring. Steyn was onervare en hy sou die taak dalk te moeilik vind, het *De Burger* beweer.²¹⁴

Steyn is egter van alle kante geloof as seun van die volk en Afrikaner wat republikeinse belange voorop gestel het. Daar is onder andere geskryf dat die man wat sê die Afrikaner moet skouer aan skouer staan, gekies moet word; dat gestem moet word vir die egte, eie wat uit eie bodem ontspruit het - nie vir die oorgeplante boom sonder penwortel nie; die Vrystaat het iemand nodig wat ferm teenoor Engeland kan optree - nie soos Brand met betrekking tot die Diamantveld nie. Die Vrystaters wil 'n President hê wat van harte 'n Afrikaner is en takt besit.²¹⁵ So entoesiasies was sommige burgers dat Edenburg se skietvereniging verdoop is na "Steyn's eigen scherpschutters vereeniging" - 'n besluit wat volgens *De Express* se korrespondent "onder donderend applaus, met absoluut algemeene stemming aangenomen" is. Steyn is ook gevra om ere-president te wees.²¹⁶

212. *Ibid*, 11 Feb. 1896.

213. *The Friend*, 18 Febr. 1896.

214. *De Burger*, 15 Febr. 1896.

215. *De Express*, 28 en 31 Jan. 1896.

216. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

Net voor die verkiesing het *De Express* met die volgende oorspronklike stukkie propaganda, gedruk in die grootste, vetste lettertipe, voor die dag gekom:

"KOMMANDEERBRIEF

Alle stemgerechtigde burgers van den Oranjevrÿstaat worden hiermede opgeroepen, om te paard of te voet, met ossewagen, paardewagen of kar te verskÿnen by een der ondergenoemde stemplaatsen, wel voorzien met een ruim hart voor het welzÿn van Land en Volk en een gezond verstand voor de juiste beoordeling der ware verlangens van den Staat, en wel op

Woensdag, 19 Februarie 1896,
tussen de uren van 8 v.m. en 3 n.m.,

en dan en daar, ieder op zÿn beurt, een kolschoot te schieten voor de Weledel Gestreng Heer

Marthinus Theunis Steyn

als toekomstige Staatspresident van den Oranjevrÿstaat."²¹⁷

Fraser se Bloemfonteinse ondersteuners met hulle rosette het op verkiesingsdag vir heelwat opwindingsgesorg. Koetse met plakkaat beplak die kiesers heen en weer vervoer. Daar was ook 'n orkes en 'n Skotse doedelsakspeler.²¹⁸

Steyn is met 'n oorweldigende meerderheid tot President verkies. Hy het 7 572 stemme behaal teenoor Fraser se 1 403 en Van der Lingen se 96.²¹⁹ In Bloemfontein het Fraser egter 209 stemme getrek teenoor Steyn se 36.²²⁰

Die aand na die verkiesing het die ondersteuners van Fraser, sy "brave brigade", soos Borckenhagen hulle genoem het, op luidrugtige wyse voor Steyn se huis in Greenstraat en Borckenhagen s'n om die hoek in St. Georgestraat gedemonstreer. Borckenhagen was verontwaardig omdat Steyn nog nie herstel het van maagkoors nie en die oproeriges nie die waardigheid van die toekomstige President in ag geneem

217. *Ibid*, 14 Febr. 1896.

218. *Ibid*, 21 Febr. 1896.

219. Malan, p. 367, voetnoot 231.

220. *De Express*, 21 Febr. 1896.

het nie. Aan die anderkant het die Fichardts Steyn se oorwinning met die afskiet van vuurpyle uit die tooring van hul huis, Kaya Lami, gevier.²²¹

Borckenhagen het Steyn se vernaamste taak as staatsman gesien as die oorkoming van die bestaande en groot struikelblokke in die weg van nouer vereniging, struikelblokke wat die gevolg was van die verskille in geskiedenis en ontwikkeling van die twee republieke. Verder moes hy ook poog om 'n beter balans tussen die Uitvoerende, Wetgewende en Regterlike mag te verkry. Hy sou die volle samewerking van die Volksraad nodig hê en daarom het Borckenhagen 'n beroep op die Raad gedoen om hom nie so onbillik te behandel soos wat Reitz, veral deur Fraser, behandel is nie. "Young President should not be made the sport of old legislative hands ..".²²²

Gedurende Steyn se regeringstydperk het Fraser en sy ondersteuners in en buite die Volksraad steeds hardnekkige weerstand gebied teen nouer vereniging met die ZAR, maar in die 1898/99-Volksraadsverkiesings is drie van sy ondersteuners, P. J. Fonternel, D. J. H. van Niekerk en C. van der Wath nie weer herkies nie en ander, soos P. M. Botha en C. J. Cloete moes voor die druk van hul kieser swig en hul standpunt teen vereniging wysig sodat Fraser feitlik man-alleen gestaan het.²²³

The Friend het Steyn dadelik gewaarsku om sy eie en nie 'n Borckenhagen president te wees nie. Volgens die koerant het Borckenhagen die Transvaal- in plaas van die Vrystaat-spel gespeel.²²⁴

2.2.3 Steyn as President

Die inswering van pres. Steyn op 4 Maart 1896 was 'n kleurryke en feestelike gebeurtenis. Nog nooit tevore het soveel mense, Vrystaters sowel as besoekers van die res van Suid-Afrika, 'n inswering bygewoon nie. Tentlaers het oral opgeskiet, vlae, baniere en ereboë met "Lewe die President" daarop was volop en die strate is die aand verlig. Die Raadsaal en die kerk was tot oorloeps toe vol. 'n

221. *Ibid*, 21 Febr. 1896; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 133.

222. *De Express*, 21 Febr. 1896.

223. Malan, p. 295.

224. *The Friend*, 25 Febr. 1896.

Sportbyeenkoms en 'n wapenskou waaraan meer as 2 000 burgers deelgeneem het, is gereël sowel as 'n promenade- en 'n gewyde konsert.²²⁵

Die President se toespraak in die Tweetoringkerk is in 'n gees van samewerking en versoening in 'n tyd van verbittering jeens alles wat Brits was, gelewer. Die gewyde gebou is vir die eerste keer in sy bestaan met applous gevul.²²⁶ Die nuwe President was verseker van die oorweldigende steun van sy volk.

Een van die sake wat pres. Steyn tydens sy eerste Volksraad-sitting geopper het, was die instelling van 'n referendum. Soos Borckenhagen voorsien het, was die konserwatiewe Volksraadslede nie bereid om so 'n radikale verandering te aanvaar nie. Fraser, wat in die verlede so sterk daarop klem gelê het dat die Volksraad oor die soewereine gesag beskik het, het die voortou geneem in die teenstand teen die voorstel. In 'n waardige, kalm debat het die lede veral vier besware geopper: 1) die volk was nie ryp vir 'n referendum nie - hulle was meermale nie op hoogte van sake nie; 2) 'n referendum sou gedurige opruiing veroorsaak; 3) dit sou botsing tussen die wetgewende en uitvoerende gesag veroorsaak; en 4) die grondwet het genoegsame voorsiening gemaak vir die uitvoering van die volkswil. Pres. Steyn wou dit nie aanvaar dat die volk nie ryp vir 'n referendum was nie en het die vrees uitgespreek dat die Volksraad sou ophou om die wil van die volk te verteenwoordig. Die Volksraad het Steyn se voorstel met 40 stemme teen 14 verwerp. Daar was geen kwade gevoelens nie, want die lede het op die hoflikste wyse teenoor die President opgetree.²²⁷

Gedurende 1897 is die saak weer in die Volksraad te berde gebring. 'n Kommissie is gekies om grondwetlike veranderinge te ondersoek en die lede het 'n beperkte vetoreg aan die President voorgestel. Die Volksraad het 'n referendum en die vetoreg verwerp. Regter J. M. B. Hertzog het in die hofsak Rex vs. Gibson beslis dat die soewereine gesag by die burgers berus het, maar dat die grondwet reeds daardie mag genoegsaam in die burgers gesetel het. Die uitspraak het alle argumente ten gunste van 'n referendum

225. *De Express*, 6 Maart 1896; Van der Merwe, pp. 70 - 71.

226. Van der Merwe, pp. 72 - 75.

227. *Ibid*, pp. 88-89; Malan, p. 240.

die nek ingeslaan. Pres. Steyn en Borckenhagen saam met hom, was teleurgesteld, maar sou steeds daarna strewe om die volkswil in ag te neem.²²⁸

Aan die einde van Steyn se eerste Volksraadsitting as president het *De Express* sy tevredenheid uitgespreek met die sukses wat hy behaal het om 'n goeie verhouding met die Volksraad tot stand te bring. As hy aan die begin teenstanders in die Volksraad gehad het, was daar na drie maande nie meer een oor nie. "With great tact and thorough appreciation of the opinion of others, our young President has established the most hearty and harmonious co-operation between Executive and Legislature; a fact promising much good for the future."²²⁹ Dieselfde takt sou in die toekoms ook plofbare situasies ontloot.

Met Steyn se nege-en-dertigste verjaarsdag, sewe maande na sy bewindsaanvaarding, het Borckenhagen hom geluk gewens met wat hy reeds vermag het. Die oorname van die spoorlyn het sonder verlies van tyd vooruit gegaan. Steyn het sy bes vir die Vrystaat gedoen en tog sy bure se behoeftes in ag geneem en so hulle vertrou gewen. As voorsitter van die tolkonferensie het hy beïndruk deur die regverdigde en billike wyse waarop hy verskille hanteer het. In spoor- en doeane-kwessies het hy reeds 'n groot deel van sy verkiesingsbeloftes nagekom.²³⁰ In hoofstuk 4 word sy hantering van die tol- en spoor-kwessies bespreek. Verder het hy sy bes probeer om runderpes te bestry hoewel die Volksraad nie genoegsame magte aan hom toegestaan het nie.²³¹ Die verjaarsdag is feestelik gevier en daar was baie besoekers by die Presidensie, onder andere afgevaardigdes van die gekleurdes van Waaihoek, die stadsraad en die amptenare. Daar was ook hoë besoekers en baie telegramme, onder andere van Paul Kruger en W. P. Schreiner van die Kaap.²³²

In November 1896 het Steyn op sy eerste besoek aan die platteland vertrek. Volgens Borckenhagen het hy die verandering nodig gehad aangesien hy sedert sy inswering

228. Malan, p. 241.

229. *De Express*, 10 Julie 1896.

230. Sy aandeel in spoor- en tolsake word in hoofstuk 4 van nader beskou.

231. *De Express*, 2 Okt. 1896.

232. *Ibid*, 6 Okt. 1896.

agtien uur per dag gewerk het weens talle verantwoordelikhede en die stryd teen runderpes.²³³

Die twee jaar wat Borckenhagen beskore was om saam met president Steyn te veg vir republikanisme en teen Britse imperialisme, was gebeurtenis- en spanningsvol. Die "zoet en zuur"²³⁴ waarvan die President in sy eerste toespraak in dié amp melding gemaak het, was volop. Hegte bande is met die susterrepubliek gesmee en die Vrystaat het die besitter van sy eie spoorweë geword terwyl die spoorstelsel uitgebrei is. Die tolunie-ooreenkoms wat in president Reitz se tyd soveel spanning veroorsaak het, is tot die Vrystaat se bevrediging hersien. Die Republiek het tot die Wêreldposunie en die Geneefse Konvensie toegetree, die kommando- en siviele diens is gereorganiseer, 'n nywerheidskool is opgerig en 'n Landbouraad gevorm. 'n Eie universiteit, landboukool en besproeiingswerke is in die vooruitsig gestel. Aan die skadukant het runderpes die land verwoes en oorlogswolke het gedreig.²³⁵

President Steyn was besig met sy gebruikelike besoek aan die platteland toe hy berig van Borckenhagen se oorlye ontvang het. In 'n telegram het hy sy diepe spyt uitgespreek dat hy nie die begrafnis kon bywoon nie. Op 11 Februarie 1898, tydens sy besoek aan Fauresmith, het pres. Steyn getuig: "Mý is ontvallen hý, dien mýn ziel liefhad, de groote voorvechter voor republikanisme, de onvermoeide strýder voor waarheid en recht, de heer Carl Borckenhagen. Wat wý in hem verliezen, is met geen woorden te zeggen. Zýn dood is een onherstelbaar verlies voor de ganschen Vrýstaat, een nationale ramp."²³⁶

In sy aanspraak (paragraaf 26) voor die Volksraad op 4 April 1898 het president Steyn verklaar: "Door het helaas! te vroeg afsterwen van den heer Carl Borckenhagen, verliest niet alleen de Staat een trouwen en warmen vriend, maar ook heeft de zaak van Opvoeding en Onderwys er een gevoeligen slag onder gekregen .."²³⁷ Toe dié paragraaf op 16 Mei 1898 in die Volksraad onder bespreking kom, het Steyn weer eens

233. *Ibid*, 20 Nov. 1896.

234. Van der Merwe, p. 75.

235. *Ibid*, pp. 77 - 78.

236. *De Express*, 18 Febr. 1898.

237. *OVSVR*, 4 Apr. 1898, p. 10.

melding gemaak van Borckenhagen se groot bydrae op staat- en opvoedkundige terrein.²³⁸

238. *Ibid*, 16 Mei 1898, p. 385.

agtien uur per dag gewerk het weens talle
verantwoordelikhede en die stryd teen runderpes.²³³

Die twee jaar wat Borckenhagen beskore was om saam met president Steyn te veg vir republikenisme en teen Britse imperialisme, was gebeurtenis- en spanningsvol. Die "zoet en zuur"²³⁴ waarvan die President in sy eerste toespraak in dié amp melding gemaak het, was volop. Hegte bande is met die susterrepubliek gesmee en die Vrystaat het die besitter van sy eie spoorweë geword terwyl die spoorstelsel uitgebrei is. Die tolunie-ooreenkoms wat in president Reitz se tyd soveel spanning veroorsaak het, is tot die Vrystaat se bevrediging hersien. Die Republiek het tot die Wêreldposunie en die Geneefse Konvensie toegetree, die kommando- en siviele diens is gereorganiseer, 'n nywerheidskool is opgerig en 'n Landbouraad gevorm. 'n Eie universiteit, landboukool en besproeiingswerke is in die vooruitsig gestel. Aan die skadukant het runderpes die land verwoes en oorlogswolke het gedreig.²³⁵

President Steyn was besig met sy gebruikelike besoek aan die platteland toe hy berig van Borckenhagen se oorlye ontvang het. In 'n telegram het hy sy diepe spyt uitgespreek dat hy nie die begrafnis kon bywoon nie. Op 11 Februarie 1898, tydens sy besoek aan Fauresmith, het pres. Steyn getuig: "Mý is ontvallen hý, dien mýn ziel liefhad, de groote voorvechter voor republikenisme, de onvermoede strýder voor waarheid en recht, de heer Carl Borckenhagen. Wat wý in hem verliezen, is met geen woorden te zeggen. Zýn dood is een onherstelbaar verlies voor de ganschen Vrýstaat, een nationale ramp."²³⁶

In sy aanspraak (paragraaf 26) voor die Volksraad op 4 April 1898 het president Steyn verklaar: "Door het helaas! te vroeg afsterwen van den heer Carl Borckenhagen, verliest niet alleen de Staat een trouwen en warmen vriend, maar ook heeft de zaak van Opvoeding en Onderwys er een gevoeligen slag onder gekregen .."²³⁷ Toe dié paragraaf op 16 Mei 1898 in die Volksraad onder bespreking kom, het Steyn weer eens

233. *Ibid*, 20 Nov. 1896.

234. Van der Merwe, p. 75.

235. *Ibid*, pp. 77 - 78.

236. *De Express*, 18 Febr. 1898.

237. *OVSVR*, 4 Apr. 1898, p. 10.

melding gemaak van Borckenhagen se groot bydrae op staat- en opvoedkundige terrein.²³⁸

238. *Ibid*, 16 Mei 1898, p. 385.

CARL BORCKENHAGEN EN AFRIKANER-REPUBLIKANISME : DIE OPBOU
VAN DIE REPUBLIEK OP GEESTELIKE EN MILITÊRE GEBIED

3.1 Die wordingsjare van die Republiek

Met Carl Borckenhagen se koms na die Oranje-Vrystaat in 1873 was dié Republiek nog nie twee dekades oud nie, maar reeds op pad om 'n modelrepubliek te word. Die eerste aantal jare van die Republiek was 'n worstelstryd om te oorleef. Die enigste erfenis wat van die Britse owerheid ontvang is, was die Basoeto-gevaar. Daar was nie geld nie, die eerste Volksraadslede was onervare en die blanke inwoners verdeeld. Daar was diegene wat met hulle mede-Voortrekkers noord van die Vaalrivier in een Trekker-republiek verenig wou wees. Dan was daar 'n groep, veral uit die geleedere van die trekboere wat om ekonomiese redes oor die Oranjerivier gekom het, sowel as Engelssprekendes, meestal handelaars, wat lojaal teenoor Brittanje gevoel het, die onttrekking van Britse gesag betreur het en graag 'n federasie met die Kaapkolonie wou vorm. Gedurende die wordingsjare is daar om die beurt pogings aangewend om met die Zuid-Afrikaanse Republiek¹ te verenig of met die Kaapkolonie te federeer. Die derde groep was diegene wat die Vrystaat as 'n onafhanklike republiek gehandhaaf wou sien. Hulle geleedere is algaande uit die twee ander groepe aangevul totdat die meerderheid Vrystaters daartoe behoort het. As gevolg van die bedreiging van hulle onafhanklikheid deur Britse imperialisme, het die begeerte om met die volksgenote oorkant die Vaalrivier te verenig, later in die republikeinse tydperk al hoe sterker geword en Borckenhagen het sterk leiding gegee in hierdie verband.

Die Vrystaters, anders as die Transvalers, was bevoorreg om spoedig 'n grondwet saamgestel te kry. In hierdie grondwet is daar tekens van beïnvloeding deur die Amerikaanse, Franse en Nederlandse grondwette, maar alleen dit wat in ooreenstemming met die burgers se tradisies, gebruike, ervarings en ideale was, is oorgeneem.² Daar is gestalte gegee aan die Afrikaners se demokratiese ingesteldheid en 'n regering vir die volk deur die volk is daargestel. Na hulle ervarings van 'n outokratiese Kompanjiesbeleid en 'n nog

1. Hierna afgekort na ZAR.

2. Van Schoor, M. C. E. en Van Rooyen, J. J., *Republieke en Republikeine*, p. 107.

meer outokratiese Britse bewind, eers in die Kaapkolonie en daarna in die Oranjerivier-soewereiniteit, het die Afrikaners na so 'n regeringsvorm gestrewe. Hulle het graag gepraat van die koningstem van die volk, 'n begrip waaraan veral pres. Steyn baie waarde geheg het. Borckenhagen het die begrip so verduidelik: dit is onprakties vir die volk self om al die besluite te neem en daarom moet hulle Volksraadslede kies. Hulle moet egter reg kies sodat 'n Volksraadslid werklik sy kiesers se verteenwoordiger is. Die Volksraad moet beslis kennis neem van die volk se wil.³

Die grondwet, wat beskryf is as "one of the most admirable that ever existed",⁴ het sy basiese kenmerke dwarsdeur die republikeinse tydperk behou⁵ en slegs enkele veranderings, veral met betrekking tot burgerskap, is aangebring. Dit was 'n onbuigsame grondwet aangesien veranderings slegs aangebring kon word nadat 'n driekwart van die Volksraadslede in twee agtereenvolgende jaarlikse sittings goedkeuring daaraan verleen het.

Aan die begin was daar maar net 'n flou skynsel van nasionale bewustheid by die Vrystaters aanwesig en die feit dat daar kort-kort van staatshoof verwissel is, het die groei daarvan vertraag. Innerlike prikkels vir die ontwikkeling daarvan was die verkryging van nasionale simbole soos 'n eie grondwet, vlag, wapen en lied. Uiterlike prikkels in die vorm van die bedreiging van hulle onafhanklikheid deur die Basoeto en die Britse owerheid was sterker. Die verkiesing van J. H. Brand tot president het bestendigheid aan die Republiek gebring. Hy het die burgers saamgesnoer en gemotiveer om die Basoeto-probleem op te los. Suksesse is in die oorlog teen die Basoeto behaal en dit het volkstrots en nasionalisme laat groei. Britse inmenging in die Basoeto-kwessie en veral die anneksasie van Basoetoland in 1868 deur sir Philip Wodehouse, toe die Vrystaters op die punt gestaan het om 'n beslissende oorwinning oor die Basoeto te behaal, het verder bygedra tot die opbloeï van nasionalisme. Die Vrystaat het hierna nie weer probleme met anderskleuriges gehad nie en kon voorts aandag gee aan die opbou van hulle republiek.

Met die toekenning van onafhanklikheid aan die twee Boererepublieke het Brittanje hom vir 'n paar jaar,

3. *De Express*, 15 Jan. 1889.

4. Van Schoor en Van Rooyen, p. 110.

5. *Ibid.*

hoofsaaklik uit materiële oorwegings, aan die binneland van Suid-Afrika onttrek. Teen 1868 het neo-imperialisme aansien in Brittanje begin verwerf en Kaapse goewerneys soos Wodehouse en Barkly het die konvensies betreur en 'n imperiale beleid begin volg. Sir Henry Barkly se anneksasie van die diamantveld in 1871 het Vrystaatse gegriefdheid hoog laat opvlam en was 'n nog sterker prikkel vir die groei van nasionalisme as die anneksasie van Basoetoland. Dit was nou vir die Vrystaters duidelik dat Brittanje nie sou skroom om die konvensies te verbreek nie. Die republieke se regte en grense is summier geskend. Pres. Brand het 'n lang en vrugtelose stryd gestry om die diamantveld weer terug te kry.

3.2 Borckenhagen word 'n republikein.

Midde-in hierdie stryd het Borckenhagen hom in die Vrystaat gevestig. Die Britse aanslag teen die Republiek in die diamantveldkwessie het 'n groot indruk op hom gemaak en hy het herhaaldelik weer daarna verwys wanneer hy oor Britse imperialistiese optrede teenoor die Vrystaat geskryf het. Baie gou was hy 'n republikein in murg en been. Vir die res van sy lewe sou dit sy grootste strewe wees om republikanisme te bewaar. Intussen is *De Express* in 1875 tot stand gebring. Die stigters se doelstelling met die nuwe koerant was onder andere om te waak teen die gevare wat die regte en vryhede van die Vrystaat kon bedreig.⁶ Borckenhagen het in 1877 redakteur geword, pas nadat Brittanje weer eens 'n skynbaar suksesvolle aanslag op republikanisme gemaak het deur Transvaal te annekseer. Dadelik het Borckenhagen begin om republikanisme en Afrikanernasionalisme te bevorder, veral deur sy persoonlike invloed, artikels in *De Express* en later die *Afrikanerbond*. Dit het ook beteken dat hy teen imperialisme moes veg. Heel aan die begin het hy verklaar dat die stigting van *De Express* 'n daad was om imperialisme te bestry en te veg vir die onafhanklikheid van die Republiek. Die koerant sou, in teenstelling met *The Friend*, die stem van die meerderheid van die volk laat hoor.⁷ Na twee jaar het hy met dankbaarheid vermeld dat hy met voldoening kon sien hoe die saadjies wat hy en ander joernaliste gesaai het, tot gesonde plante gegroei het. Vaderlandsliefde het weer 'n ere naam geword.⁸ S. F. Malan skryf dat hy 'n leeu-aandeel gehad

6. *The Friend*, 9 April 1875.

7. *De Express*, 10 Mei 1877.

8. *Ibid*, 4 Des. 1879.

het in die formulering van Afrikaner-ideale en dat hy homself tereg die "erkende kampioen van het Republikeinsch element"⁹ in Suid-Afrika genoem het.¹⁰ Volgens *The Star* was hy "one of the most able and influential advocates of Republicanism in South Africa."¹¹

Borckenhagen het hom van die begin af baie duidelik in sy hoofartikels uitgespreek oor sy voorkeur aan die republikeinse regeringsvorm en die redes daarvoor. Hy het verduidelik dat hy in republikaanse vir Suid-Afrika geglo het en daarom daarvoor geskryf en daarvoor gewerk het.¹² Vir hom was 'n regering vir die volk deur die volk die natuurlike regeringsvorm. Suid-Afrikaners wou hulleself bestuur en nie deur 'n Britse regering, en veral 'n Konserwatiewe Britse regering wat geen waardering vir of geduld met Suid-Afrikaners se steeds veranderende situasies en behoeftes gehad het en duisende myle ver weg was, laat regeer nie. Borckenhagen het dit beklemtoon dat hy nie Engelse mense gehaat het nie, maar net die Britse owerheid se imperialisme. Die Britte het net hulle eie belang gesoek en as dit in stryd met Suid-Afrikaanse belange was, sou hy en die ander Afrikaners hulle daarteen verset. Daar was syns insiens net twee weë oop: die geleidelike, natuurlike samesmelting van Afrikaners en Engelse in 'n verenigde Suid-Afrika of dat Afrikaners alleen gelaat word om hulle eie belange in hulle eie republieke te behartig ('n feit wat hy oor en oor herhaal het) terwyl daar goeie samewerking met die Britse kolonies kon wees. Daar moes geen dwang van buite op Suid-Afrika toegepas word om te wees wat hy nie wou wees nie.¹³ Die republieke het net die reg om te bestaan en vooruit te gaan, gevra. Daar was by hulle geen vergeldingsdrang nie.¹⁴

Dit was vir Borckenhagen ondenkbaar dat Kaapse Afrikaners, soos die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, na 'n monargie kon hunker.¹⁵ Tydens die regering van pres. Brand, wat teen die groei van Afrikanernasionalisme en vereniging met Transvaal gekant was, het hy geskryf dat hy as praktiese partyman sy

9. *Ibid*, 4 Des. 1894.

10. Malan, S. F., *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, Voorwoord.

11. *The Star*, 7 Febr. 1898.

12. *De Express*, 6 April 1884.

13. *Ibid*, 23 Des. 1880, 27 Jan. en 27 Des. 1881 en 27 Nov. 1884.

14. *Ibid*, 8 Maart 1887.

15. *Ibid*, 24 April 1888.

hele lewe aan die belange van die Afrikaners gewy het. Hy het gewerk vir hulle nasionale ontwikkeling volgens hulle eie identiteit en om hierdie ontwikkeling te beskerm. Dit was 'n moeilike, ondankbare en miskien selfs nuttelose taak. Die Volksraad het byvoorbeeld twee jaar na mekaar voorstelle vir nouer vereniging met die susterrepubliek verwerp ten spyte van talle memories. Borckenhagen het die burgers aangemoedig om te volhard in hulle aandrang op nouer vereniging, want hulle was 'n republikeinse volk en in 'n republiek het die stem van die volk die hoogste gesag gehad. Geen president of regering kon hulle op die duur daarteen verset nie.¹⁶ Borckenhagen het sy arbeid ter bevordering van republikaanisme soos volg opgesom: hy het by herhaling gewys op die besondere invloed wat die ontwikkeling van minerale bronne op die land sou hê (goud is daardie jaar ontdek) en aangedring op samewerking tussen die twee republieke, sonder die gewensde uitwerking. Hy het die gevare aangetoon wat die nasionale lewe en republikaanisme bedreig het en op die belangrikheid van die invloed van die kerk en die onderwysstelsel gewys. Verder het hy die volk probeer oortuig van die noodsaaklikheid van deelname aan die openbare lewe.¹⁷

Hy het buitengewone sukses gehad met sy aandrang op die volk se deelname aan die openbare lewe en dat hulle hul stem moes laat hoor met betrekking tot nouer samewerking met die ZAR. Die Volksraad het egter pres. Brand en die voorsitter, J. G. Fraser, se leiding gevolg in hulle teenkanting teen vereniging met die susterrepubliek en hulle begeerte om met die Kaapkolonie saam te werk. Hoewel dit by hom 'n gevoel van moedeloosheid gewek het, het hy geskryf dat die getrouheid wat hy aan die Vrystaat verskuldig was, op hom die verpligting gelê het om hom te beywer vir die behoud van die republikeinse regeringsvorm, al sou dit vol foute wees. Hy sou liever die foute op lojale wyse probeer herstel.¹⁸

3.3 Die opbou van die Republiek.

Borckenhagen het dit by die volk probeer tuisbring dat die twee republieke op elke terrein sterk en gesond moes wees as republikaanisme moes oorleef. Hulle moes geestelik weerbaar wees en 'n wil hê om voort te bestaan en voorspoedig te wees. Die kerk, skool en gemeenskapslewe moes hiertoe

16. *Ibid*, 18 Febr. 1886.

17. *Ibid*, 11 Nov. 1886.

18. *Ibid*, 5 Junie 1888.

bydra. Ekonomies moes hulle sterk wees deur hulle natuurlike hulpbronne ten beste te ontgin en te gebruik en moderne metodes toe te pas. Die administrasie moes suiwer en verstandig wees en die land moes militêr paraat wees.

Hy het baie vrese en bedenkinge oor toestande in die ZAR gehad. Sy pogings om die susterrepubliek aan te spoor en by te staan, sal in die afdeling oor nouer vereniging bespreek word.

Wat die Vrystaat betref, het hy voortdurend met raad en daad probeer bydra tot die opbou van die Republiek.

3.3.1 Geestelike weerbaarheid.

In die eerste plek wou Borckenhagen hê dat die Vrystaters hulle eie identiteit moes herken, erken en handhaaf. Hulle was Afrikaners en daarmee het hy nie bedoel Afrikaans- of Nederlandssprekendes nie. Hy het uit Duitsland gekom en sy vrou uit Engeland, maar wat hom betref was hulle Afrikaners: "An Africaner is anybody of white race, no matter his place of birth, who has made this country his home, and claims a right, either as a Colonist or a Republican, to share in controlling its destinies, outside interference taking a back seat."¹⁹ Hy het die hoop gekoester dat almal in Suid-Afrika wat so voel, sou verenig in 'n Suid-Afrikaanse republiek onder 'n eie vlag. Hoewel hy later gevoel het dat die werklikheid van Britse oppergesag in Suid-Afrika hierdie droom verydel het,²⁰ het hy tog nooit heeltemal daarvan afgesien nie. Hyself het, soos vroeër aangehaal, geskryf dat hy sy hele lewe en arbeid aan die belange van die Afrikaners gewy het. Hy het gewerk vir hulle nasionale ontwikkeling volgens hulle eie identiteit en vir die beskerming van hierdie ontwikkeling.²¹ Van hulle kant moes die Vrystaatse Afrikaners hulle Afrikanernasionalisme koester deur hulle godsdiens, taal en tradisies te handhaaf. Hulle moes hulle verskans teen verswelging deur 'n ander kultuur. Hulle moes daarop aandring om hulself te regeer en hulle verzet teen opname in 'n Britse Ryk wat sy eie belang gesoek het. G. D. Scholtz sonder Borckenhagen saam met ds. S. J. du Toit uit as een van die twee name wat teen die einde van die sewentiger jare van die neëntiende eeu begin het om die beginsels van Afrikanernasionalisme aan die

19. *Ibid*, 5 Febr. 1897.

20. *Ibid*, 12 Maart 1889.

21. *Ibid*, 11 Nov. 1886.

Afrikaners voor te hou.²² Volgens hom was daar geen ander vreemdeling wat homself so met die saak van die Afrikaner vereenselwig het as Borckenhagen nie en selfs onder die Afrikaners was daar nie 'n meer geesdriftige kampvegter vir hulle saak as hy nie. Vir die Afrikanersaak was sy heengaan in 1898 'n onherstelbare verlies.²³

Baie Vrystaters het maar wankelmoedig gevoel nadat Transvaal in 1877 deur Brittanje geannekseer is. Hulle was nou geheel en al deur Britse gebied omring. Borckenhagen het hulle bemoedig en gepleit dat hulle sterk moes staan en hulle patriotiese gevoelens moes verkondig. Hulle moes nie aan die vyand die geleentheid gee om hulle van inherente swakheid te beskuldig soos in Transvaal gebeur het nie. Hulle moes eerder veg as eerloos oorgee. Verder moes hulle alles in die werk stel om welwend en selfvoorsienend te word en vasberade wees om onafhanklik te bly. Hulle moes bereid wees om op te offer, hard te werk en die land te ontwikkel en hulle moes nie vrees nie. As hulle die wil gehad het om vry te wees, sou hulle vry wees.²⁴ Hulle kon hulle daaraan troos dat toestande in die Vrystaat gunstiger was as in Transvaal. In die Vrystaat was daar samehorigheid, dissipline en gehoorsaamheid aan die regering. Daar was nie swart onrus nie en die regering was gewild en doeltreffend. Onderwys en regspleging was op 'n goeie grondslag.²⁵ Hulle moes trots wees op hulle republiek. Na jare van outokratiese onderdrukking het hulle die Republiek as 'n kosbare kleinood ontvang en hierdie kleinood moes hulle bewaar en opbou. *De Express* se leuse, wat op die voorblad gepryk en ontleen was aan die Britse geskiedskrywer, J. A. Froude, se toespraak op 12 Desember 1874 toe hy Bloemfontein besoek het, was: "Uwe onafhankelÿkheid hebt gÿ verkregen, houdt ze, en maakt u harer waardig!"²⁶ Die Vrystaters moes nie alleen bedag wees op 'n fisiese inval deur Brittanje nie, maar ook vasskop teen federasie met die Britse kolonies. Nadat Brittanje hulle van die diamantveld beroof en Transvaal geannekseer het, het die volk dan ook geweier om met Brittanje oor federasie te praat. Pres. Brand en die Volksraad was ook nie daarvoor te vinde nie, hoewel hulle bereid was om met

22. Scholtz, G. D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel IV 1881 - 1899*, p. 273.

23. *Ibid*, p. 326.

24. *De Express*, 9 en 18 Aug. 1877.

25. *Ibid*, 31 Jan. 1878.

26. Collins, W. W., *Free Statia - Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State*, p. 324.

Engeland saam te werk om Suid-Afrikaanse belange te bevorder.²⁷

Aan die anderkant het Borckenhagen die volk aangespoor om op vereniging met die ZAR aan te dring sodat republikaanse versterk kon word. Pres. Brand en die Volksraad het nie die ideaal gedeel nie.

3.3.1.1 Politieke Ontwaking

Anvanklik was Borckenhagen baie teleurgesteld omdat daar by die Vrystaters so 'n gebrek aan belangstelling in landsake was. Hulle het nie hulle republikeinse reg om hulle stem te verhef, gebruik nie. Hoewel hulle nie met pres. Brand se beleid saamgestem het nie, het hulle soveel agting vir hom gehad dat hulle hom maar laat begaan het. Hy het feitlik as outokraat opgetree. Volksraadslede was ook nouliks werklike verteenwoordigers van die volk. Min burgers het by verkiesings opgedaag en Volksraadslede is op grond van hulle persoonlikheid eerder as hulle politieke menings verkies.²⁸ Vir jare het Borckenhagen vergeefs gepleit dat die burgers politieke vergaderings moes hou en sake van die dag moes bespreek. Met die stigting van die Republiek was daar min sprake van 'n nasionale bewussyn. Soos vroeër uiteengesit, het prikkels van binne en van buite hierdie bewussyn wakker gemaak en laat groei. Nietemin was daar steeds nie veel openbare belangstelling in politiek nie. Redes daarvoor was afstande, slegte paale, gebrek aan brûe en die afgesonderde lewe op die plase; 'n ander was dat daar nie politieke partye of verenigings in die Vrystaat was nie en die burgers het pres. Brand met die regering vertrou.²⁹ Vir Borckenhagen was hierdie probleme nie onoorkomelik nie. As mense vendusies kon bywoon en vriende besoek, kon hulle ook politieke vergaderings bywoon. Hy het gepleit vir 'n politieke vereniging en gemeen Volksraadslede se verslagvergaderings kon as beginpunt dien. Die Kaapse Boerebeskermingsvereniging was vir die Vrystaters tot voorbeeld.³⁰ Borckenhagen het die verenigde boerestem as oplossing vir Suid-Afrika se probleme gesien. 'n Bond, soos deur *Di Patriot* voorgestel, kon Afrikaners saamsnoer in 'n georganiseerde drukgroep van wie die regering kennis moes

27. *Volksraadsnotules OVS* (hierna afgekort as *OVSVR*), 25 en 26 Mei 1877, pp. 189 - 190 en 290 - 210.

28. *De Express*, 30 Okt. 1879.

29. *Ibid.*

30. *Ibid.*, 14 Nov. 1878.

neem.³¹ Volgens Borckenhagen was die gedagte dat die Britse regering daardeur beweeg moes word om sy aggressie te laat vaar.³² Die sukses van die Transvalers in hulle Vryheidsoorlog het nasionalisme laat vlam vat en die Afrikanerbond is in 1881 onder leiding van ds. S. J. du Toit gestig. Borckenhagen het hom heelhartig by die Bond ingewerp, gehelp met die opstel van 'n grondwet, die beweging in sy koerant gepropageer en saam met F. W. Reitz die leiding in die Vrystaat geneem.³³ Die Afrikanerbond is besonder goed georganiseer en deur die wykstelsel het dit tot feitlik elke hoek en draai in die Vrystaat deurgesuur. Vergaderings en kongresse is gehou en die verslae daarvan is in *De Express* gepubliseer. Die politieke ontwaking van die volk het Borckenhagen uitermate verheug, maar hy het beklemtoon dat die Bond nooit aggressie jeens Brittanje gepropageer het nie.³⁴ Hyself het 'n baie groot rol daarin gespeel. *De Express* het die mondstuk van die Afrikanerbond in die Vrystaat geword en aan die anderkant het artikels in die koerant by vergaderings ter sprake gekom. Borckenhagen se aandrang op nouer vereniging met Transvaal het byvoorbeeld aangesluit by die burgers se gevoel daaromtrent en talle memories daarvoor is deur Bondstakke na die Volksraad gestuur. *De Express* is tereg deur 'n korrespondent die tolk tussen die volk en die regering genoem.³⁵

Die Bond in die Vrystaat het die uitbouing en beskerming van Afrikaner-republikanisme as een van sy belangrikste take gesien in 'n tydperk toe die Staatspresident afsydig en selfs vyandig teenoor Afrikanernasionalisme gestaan het. Een van die aspekte van die stryd was om beswaar te maak en optrede te vra teen verengelsing van die landsadministrasie. Die Bond het 'n beroep op burgers gedoen om die regte manne as staatspresident, raadslede, en amptenare te verkies en groot sukses is behaal as in aanmerking geneem word hoeveel Bondsmanne byvoorbeeld tot die Volksraad verkies is en dat Reitz staatspresident geword het. Tog het die Afrikanerbond in die Vrystaat nie 'n politieke party geword nie. Reitz en

31. *Ibid*, 30 Okt. 1879.

32. *Ibid*, 4 Aug. 1891.

33. Vir Borckenhagen se rol sien: Davenport, T. R. H., *The Afrikaner Bond; the history of a South African political party*, p. 46; Coetzee, J. A., *Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie*, p. 211 en Malan, pp. 95 e.v. en 108.

34. *De Express*, 4 Febr. 1886 en 4 Aug. 1895.

35. *Ibid*, 5 Julie 1883.

Borckenhagen het nie na politieke mag gestrewe nie, maar wou die Bond gebruik om republikanisme te bevorder.³⁶

Toe Reitz president geword het, was die rol van die Afrikanerbond in die Vrystaat grootliks uitgespeel en het dit gekwyn. Die vernaamste redes daarvoor was dat die Vrystaters tevrede was dat hulle in pres. Reitz 'n staatshoof gehad het wat hulle nasionale doelstellings sou nastrewe³⁷ en dat die Kaapse Afrikanerbond 'n instrument in die hande van imperialiste soos Rhodes geword het. Dit het die reputasie van die Bond ernstig geskaad.³⁸ Volgens Borckenhagen het die Bond in die Kaapkolonie hulle oorspronklike beginsels versaak en hulle as 'n wapen teen republikanisme laat gebruik sodat stigterslede soos hyself gewens het dat daar maar liewers nooit 'n Bond was nie.³⁹ Hy het veral vir J. H. Hofmeyr van wie hy so 'n hoë dunk gehad, verkwalik dat hy hom laat gebruik het. Hy is na Transvaal gestuur om oor Swaziland met die Transvaalse regering te onderhandel. Transvaal is deur dreigemente en beloftes van uitbreiding na die see gedwing om 'n konvensie te aanvaar sodat 'n algemene tolunie tot stand sou kom waardeur individuele Bondslede - die wynboere van die Westelike Provinsie - bevoordeel sou word. Daardeur het Hofmeyr sy steun aan spekulante gegee wat die republieke wou omring en die verspreiding van republikeinse idees en instellings wou verhoed. Die anneksasie van Tongaland het getoon dat die beloftes wat gemaak is, nooit nagekom sou word nie. Die republieke het dus hulle vertroue in die Bond verloor.⁴⁰ Verslae van Afrikanerbond-vergaderings en kongresse gedurende 1889 - 1890 het 'n verhaal van agteruitgang vertel.⁴¹ Borckenhagen het geskryf dat die Afrikanerbond in die Vrystaat "has grown rusty for want of occupation".⁴²

Die doelstelling wat Borckenhagen aanvanklik met die beweging gehad het, naamlik die vereniging van alle Afrikaners in Suid-Afrika, is vanweë die Kaapse afdeling se soeke na eie belang nie bereik nie, maar die Afrikanerbond

36. Malan, p. 110 - 111.

37. *Ibid*, p. 109.

38. *De Express*, 23 Jan., 9 en 20 Maart 1894 onder andere. Sien ook Malan, pp. 105 - 108 vir die verbrokkeling van die verhouding tussen die Afrikanerbond in die Kaapkolonie en die Vrystaat.

39. *De Express*, 4 Aug. 1891.

40. *Ibid*, 27 Jan. 1893 en 29 Maart 1895.

41. *Ibid*, 11 Junie, 6 Aug. en 26 Nov. 1889; 10 Junie, 2 Sept. en 4 Nov. 1890 onder andere.

42. *Ibid*, 12 April 1895.

het 'n ommekeer in die Vrystaat teweeg gebring - nasionale en politieke bewussyn is grootliks gestimuleer.

Daar het wel nog 'n paar takke van die Afrikanerbond bly voortbestaan. Na aanleiding van die Bondskongres te Reitz op 15 en 16 Maart 1894 het Nico Hofmeÿr van *De Express* geskryf dat die Bond afgebreek en opgebou moes word onder 'n nuwe naam. Die naam Afrikanerbond het vanweë die optrede van die Kaapse Bond 'n slegte reuk gekry.⁴³ Die Afrikanerbondleier, P. D. C. Grabe, het Hofmeÿr bedank dat hy nog van mening was dat die organisasie nodig was. Hy het 'n beroep op *De Express* gedoen om saam te werk. 'n Goed-gesirkuleerde koerant soos *De Express* het syns insiens meer invloed as al die Bondslede in die Vrystaat saam gehad. Hulle het behoefte aan 'n koerant gehad wat die organisasie se saak kon bepleit en die volk voorlig. Hy het daarop gewys dat daar by die kongres 'n prys van R30 uitgelooft is vir die beste program van republikeinse beginsels in teenstelling met Rhodes se prys vir die beste skema vir Suid-Afrikaanse amalgamasie. Dit het getoon dat die Vrystaatse Bond hom glad nie met Rhodes vereenselwig het nie.⁴⁴

Die Boerevereniging, waarvan daar sedert 1885 takke was, het begin opgang maak en die Afrikanerbond verdring. Die Vereniging het hom spoedig nie net by boerderysake bepaal nie, maar vanweë sy bemoeïing met die tolunie-kwessie 'n politieke rigting ingeslaan.⁴⁵ Borckenhagen het by geleentheid, na die Jameson-inval, geskryf dat boere en boereverenigings hulle meer met politiek as met boerdery besig gehou het. Dit was jammer omdat boerdery daardeur skade gely het, maar onvermydelik omdat die boere gedurig van buite bedreig is.⁴⁶ Hy het gemeen dat die vereniging goeie diens op politieke terrein kon lewer. Deur middel van samewerking kon dit mense se talente en bekwaamhede ontdek en so help om die beste manne, manne van gesonde verstand, selfstandige oordeel en veelsydige ontwikkeling verkies te kry vir die Volksraad. Dit was nie nodig om te vrees dat so 'n vereniging misbruik sou word soos die Afrikanerbond in die Kaapkolonie nie.⁴⁷ Kort na die Jameson-inval het die vereniging op vergaderings die gebeure in Transvaal veroordeel. 'n Buitengewone gesamentlike vergadering is op

43. *Ibid*, 30 Maart 1894.

44. *Ibid*, 20 April 1894.

45. Malan, p. 196.

46. *De Express*, 18 Des. 1896.

47. *Ibid*, 2 Okt. 1894.

Ladybrand gehou waar die inval, Britse regering, Chartered Company, Rhodes en die Kaapkolonie veroordeel is; ook Fraser wat pas 'n neerlaag in die presidentsverkieping gely het, het deurgeloopt oor sy Engelsgesindheid. Simpatie en gelukwensing is aan Transvaal gestuur.⁴⁸

Omdat die Afrikanerbond en Boerevereniging dieselfde doelstellings nagestreef het, is aan samesmelting gedink.⁴⁹ *De Express* het dit verwelkom. Die koerant was altyd ten gunste van Afrikaner-samewerking en het gemeen 'n vereniging met 'n nuwe naam kon met 'n skoon blaadjie begin en 'n egte Vrystaatse karakter hê.⁵⁰ Op 20 November 1894 het die Afrikanerbond by sy kongres te Kroonstad besluit om met die Boerevereniging te verenig onder die naam *OVS. Boeren Bescherming*, maar dit het eers op 5 en 6 Maart 1896 'n werklikheid geword by 'n kongres in Bloemfontein. *De Express* was nou by die verrigtinge betrek, want die Hollandse redakteur, D. F. du Toit, is tot sekretaris en tesourier van die vereniging gekies en 'n gedeelte van die kongres is in die *Express*-gebou gehou. Die kongres het die koerant as die amptelike orgaan van die vereniging erken. By dié vergadering is feitlik net politieke besluite geneem en die meeste was die gevolg van die Jameson-inval. Daar is onder andere besluit om te vra dat die hoofspoorlyn deur die Vrystaat oorgeneem word, dat die stemreg gewysig moes word om die gevaar van verswelging deur Uitlanders te voorkom en dat handel in vuurwapens net deur die regering sou geskied. Die regering is ook gevra om dit as 'n dringende saak te beskou om behoeftiges te bewapen.⁵¹ Die Afrikanerbond in die Kaapkolonie is in ere herstel nadat hy sy rug op Rhodes gedraai het na die Jameson-inval en die Vrystaatse Bond het daarop besluit om sy identiteit binne die Boerebeskermingsvereniging te behou.⁵² Borckenhagen het die Kaapse Bond met opgetoënheid terug verwelkom in Afrikanergeledere: "The Bond at last found its true position again", het hy geskryf nadat die Bond by sy kongres te Burgersdorp verklaar het dat dit sy beleid was om die imperiale faktor in Suid-Afrika uit te skakel.⁵³

'n Vereniging wat *De Express* se volle steun geniet het, was die Jongelingsvereniging. Dié vereniging het spontaan

48. *Ibid*, 14 Febr. 1896.

49. Malan, pp. 196 - 197.

50. *De Express*, 22 Mei en 2 Okt. 1894.

51. *Ibid*, 10 Maart 1896.

52. *Ibid*, 7 Aug. 1896, Malan, p. 197.

53. *De Express*, 17 Maart 1896.

ontstaan, waarskynlik in navolging van die Kaapse debatsverenigings, maar met 'n unieke karakter. Aanvanklik het daar op verskillende plekke onafhanklike takke tot stand gekom met uiteenlopende benamings. Sommiges is politieke, ander Christelike, debats- of jongelingsverenigings genoem.⁵⁴ Een tak in die distrik Wepener se naam was die "Broederlyke Liefde Vereeniging,"⁵⁵ Net in een geval is genoem dat dames ook lid van die vereniging kon word, naamlik by Petrusburg.⁵⁶ Die bywoning was meestal goed. Op 20 Februarie 1897 was daar 60 persone teenwoordig by 'n vergadering van tak 2, Molenrivier, Harrismith wat op J. J. Odendaal se plaas vergader het. *De Express* het die opkoms van dié jeugvereniging as 'n goeie teken gesien en voorgestel dat die regering hulle moes help deur boeke te verskaf. Die koerant het die kweek van leeslus as die beste manier van opvoeding van die volgende geslag beskou.⁵⁷ Nadat Nico Hofmeyr van *De Express* die eerste keer 'n vergadering van die vereniging bygewoon het, het hy geskryf dat daar meestal net in die distrikte van Harrismith en Bethlehem takke bestaan het en hy het die hoop uitgespreek dat dit oor die hele Vrystaat sou uitbrei. Hy het die vereniging as 'n eienaardige kombinasie van skiet en redeneer beskryf wat 'n eg Vrystaatse karakter daaraan verleen het. In die Kaapkolonie en Transvaal was daar net debatsverenigings. (Teen 1895 is gemeld dat die Natalse jongelingsvereniging sy vyfde kongres gehou het. Hulle jeug het dus ook 'n aktiewe verenigingslewe gehad.) Met entoesiasme het Hofmeyr uitgeroep: "Het origineele, het gansch bijzondere, het nationale in een woord van de Vereeniging die de Vrystaatsche Jeugd heeft uitgedacht, doet het hart van elken Afrikaner zeer aangenaam aan." Daar kon syns insiens nie 'n gesonder vereniging vir liggaam en siel wees nie - so veelsydig en prakties, "zoo mannelijk, zoo rein-menschelijk" soos dié van "onze Vrystaatsche Jonge Boerenzoons" nie. Die verstand is geslyp en oë, hande en bene geoefen. Daar was gesonde wedywering met die tong, geweer en ryperd en so is daar predikante, Volksraadslede, advokate en onderwysers gevorm, maar ook vegters, ruiters, skerpskutters en helde. Tog het daar vir sy gevoel nog iets ontbreek. Hy het gemeen dat daar behalwe debatte oor politiek, boerdery en samelewing ook opstelle en voordragte kon wees. Lede moes self stukke skryf en voordra. Dit sou

54. Malan, p. 199.

55. *De Express*, 10 Aug. 1893.

56. *Ibid*, 1 Junie 1895.

57. *Ibid*, 9 Des. 1890.

'n uitmuntende verstandsoefening wees.⁵⁸ Hierdie wenk van hom is aanvaar en by sommige takke is selfs lede aangewys om 'n mede-lid se voordrag of opstel te evalueer.

P. C. de Jager het *De Express* bedank vir sy lofwaardige artikel oor die Jongelingsverenigings en die hoop uitgespreek dat die koerant sou voortgaan om die vereniging te steun. Hy het vertel dat die eerste tak in 1887 te Kliprivier in die distrik Harrismith (later Vrede) gestig is en dat daar in 1892 vyf takke was. Alle lede het 'n beurt gekry om oor 'n onderwerp te praat.⁵⁹

De Express het homself bereidwillig verklaar om notules en kennisgewings van die Jongelingsvereniging gratis te plaas, maar het gevra dat die verenigings op hulle beurt intekenare op *De Express* moes werf. Die koerant was selfs gewillig om 'n aparte bylaag te druk indien daar meer takke gestig sou word en notules te veel ruimte sou beslaan.⁶⁰ In Februarie 1893 het H. J. Steyn, voorsitter van die Reitz-tak voorsitters versoek om kort verslae in te stuur aangesien daar op daardie stadium reeds 25 - 30 takke was en die koerant nie volledige verslae kon plaas nie.⁶¹

Die vereniging wou graag 'n eie blad begin, maar het nooit sover gekom nie. *De Express* het deurgaans sy mondstuk gebly. Met die totstandkoming van *De Burger* aan die begin van 1894 het die koerant gratis kopieë aan takke van die vereniging gestuur en sommige het hulle intekening op *De Express* as gevolg daarvan beëindig en hulle notules aan *De Burger* gestuur.⁶² Heelwat takke het albei koerante ondersteun, maar baie het by *De Express* gebly. Na die Jameson-inval het *De Burger* in onguns verval as gevolg van sy houding jeens Transvaal en al hoe minder notules en kennisgewings is aan dié koerant gestuur.

Die Afrikanerbond het die Jongelingsvereniging onder sy vlerke geneem en die meeste takke was onder die toesig van 'n Bondstak.⁶³ Dit was veral aan die begin ervare Bondsleiers soos P. D. C. Grabe (wat die eerste tak help stig het), P. C. de Jager en C. R. de Wet wat die leiding

58. *Ibid*, 29 Maart 1892.

59. *Ibid*, 14 Junie 1892.

60. *Ibid*, 31 Maart 1893.

61. *Ibid*, 10 Febr. 1893.

62. *Ibid*, 4 Febr. 1898 - korr. van sekretaris van Jongelingsvereniging se tak Kliprivier.

63. Malan, p. 199.

geneem het. Algaande het die vereniging hom van die Afrikanerbond losgemaak, maar nooit volkome nie. By 'n kongres wat op 15 Januarie 1893 te Lindley gehou is, is besluit dat elke tak die keuse gehad het om onder toesig van 'n Afrikanerbond-tak te staan of nie. Ander besluite wat by dié kongres geneem is, is dat daar 'n algemene vergadering gehou sou word om 'n algemene vereniging met 'n grondwet daar te stel, dat die naam *OVS Jongelings Redeneering en Schietoefening Vereeniging* sou wees, dat Dingaansdag elke jaar gevier sou word; elke tak moes 'n landsvlag hê en elke lid moes die Volkslied (wat by elke vergadering gesing is) ken en daar moes minstens elke tweede jaar 'n algemene vergadering gehou word.⁶⁴

Dit was die Jongelingsvereniging wat die viering van Dingaansdag (later Gelofte-dag) in die Vrystaat laat herleef het. Die eerste viering deur die vereniging was waarskynlik in 1891 by Vechtkop, Heilbron. Dit was slegs 'n plaaslike byeenkoms.⁶⁵ Soos hierbo gemeld is by die vereniging se vergadering in Januarie 1893 bepaal dat dit 'n jaarlikse instelling sou word. Op 15 en 16 Desember 1893 het 18 wyke se afgevaardigdes by Blydschap in die distrik Reitz byeengekom. Die vorm van die toekomstige feesvierings is daar vasgelê. Die geleentheid is terselfdertyd ten baat geneem om 'n kongres te hou. Gedurende die oggend van 15 Desember is 'n kort wapenskou gehou. Daarna is vergader om die grondwet van die Jongelingsvereniging te bespreek. As doelstellings is gestel die bevordering van 'n nasionaliteitsgevoel en ware vaderlandsliefde, die bewaring van die Vrystaat se onafhanklikheid, die ontwikkeling van lede se verstandelike vermoëns en die bevordering van die skietkuns. Die grondwet het die volgende voorskrifte bevat waardeur Afrikanernasionalisme bevorder moes word: handhawing van die moedertaal, huldiging van die volksverlede en die uitlewing van die volk se godsdienssin. Die middag het die Afrikanerbond weer vergader om te herorganiseer. Die aand het die Jongelingsvereniging 'n debat oor die Afrikanerbond gehou. *De Express* het die welsprekendheid van die deelnemers geloof en beweer dat hulle vir geen debatsvereniging in die Kaapkolonie teruggestaan het nie. Die aand is met 'n kort godsdiens-oefening afgesluit.⁶⁶ Op 16 Desember was daar godsdiens-oefening en toesprake van 'n patriotiese aard. Dit

64. *De Express*, 17 Jan. 1893.

65. Malan, p. 204.

66. *De Express*, 22 Des. 1893; Malan, pp. 203 - 206.

was 'n volksfees en klem is op godsdien en die roemryke verlede geplaas. Dat Gelofte­dag weer 'n plek in die volkslewe gekry het, is dus aan die Jongelingsvereniging te danke.⁶⁷ Na 1893 se fees was daar 'n mate van wrywing tussen die vereniging en die kerk oor wie die feeste moes reël en daar is op onderlinge oorlegpleging besluit. Die belangstelling van die volk is tot so 'n mate opgewek dat die Volksraad in 1894 besluit het om 16 Desember tot 'n nasionale feesdag te verklaar.⁶⁸ In 1894 is daar reeds op 9 plekke feesgevier.⁶⁹

Die Jongelingsvereniging het 'n belangrike rol gespeel in die opskerp­ing van Afrikanernasionalisme in die Vrystaat. Daar was 'n snelle groei in getalle sodat alle ander verenigings spoedig in die skadu gestel is. H. J. Steyn, voorsitter van tak 1, Midde Liebenbergsvlei, Bethlehem, het sy verbasing uitgespreek oor die vereniging se groei en die feit dat die jeug so vinnig leer skiet en redeneer het - selfs diegene wat geen skoolopleiding gehad het nie. Vir baie was die vereniging 'n skool. Die byeenkomste was sekerlik vir baie die belangrikste sosiale geleentheid in hulle wyk. *De Express* het groot lof gehad vir die bydrae wat die vereniging gelewer het tot die ontwikkeling van die jeug en die groei van nasionalisme en het ongetwyfeld self 'n stewige aandeel gehad in die groei van die vereniging. Die byeenkomste is gepropageer en aangemoedig en sy werksaamhede bekend gestel. *De Express* het ook groot waardering gehad vir die herinstelling van Gelofte­dag en het baie aandag aan die reël­ings en die verslaggewing daarvan gewy. Borckenhagen het reeds in 1887 gewys op die noodsaaklikheid van volksfeeste vir die groei van 'n volk.⁷⁰

Na die Jameson-inval het daar talle skietverenigings in die Vrystaat ontstaan en *De Express* het ook daaraan aandag gegee deur kennisgewings en verslae te plaas. B. J. Joubert, sekretaris van die skietvereniging van Lowlands, Ladybrand, het aan *De Express* geskryf dat die gebeure in Transvaal die lede se ywer verdubbel het en dat die vyande wat die republieke wou aantast, moes oppas, want die Vrystaters het nou net raak geskiet!⁷¹

67. Malan, pp. 203 - 204.

68. OVSVR, 19 Junie 1894, p. 504; Ord. 24 van 1894.

69. Malan, pp. 194 - 206 is as bron gebruik vir die verenigingslewe in die Vrystaat.

70. *De Express*, 4 Jan. 1887.

71. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

Die verenigingslewe in die Vrystaat was gedurende die regeringstydperke van presidente Reitz en Steyn besonder lewendig en ryk geskakeerd. Al die verenigings het 'n rol in die nasionale en politieke bewustheid van die volk gespeel tot verblyding van Carl Borckenhagen wat nie meer rede gehad het om oor sy volk se onbetrokkenheid te kla nie.

3.3.1.2 Die Taalstryd

Die Vrystaat was 'n Boererepubliek met Nederlands as ampstaal en nogtans was daar 'n groot mate van verengelsing. Hiervoor was daar verskeie redes. Een daarvan was dat die Vrystaat nie 'n opleidingsinrigting vir onderwysers gehad het nie. Onderwysers is uit die Kaapkolonie en selfs van oorsee ingevoer en die inspekteur (later superintendent) van onderwys, dr. John Brebner, was 'n rasegte Skot. Daarby was pres. Brand en sommige vooraanstaande Volksraadslede soos J. G. Fraser Engels-georiënteerd. Die gevolg was dat die onderwysstelsel op Engelse lees geskoei is. Die burgers en baie van die Volksraadslede, aangespoor deur *De Express*, het begin aandring op die gebruik van Nederlands in skole en pogings is aangewend om Nederlandse onderwysers te kry. Die Volksraad het in 1881 besluit om dr. Brebner na Nederland te stuur om onderwysers te werf,⁷² maar hy kon nie daarin slaag om selfs een te kry nie.

Die aandrang vir 'n eie inrigting vir die opleiding van onderwysers het al sterker geword. In 1889 het 'n korrespondent aan *De Express* geskryf dat beter onderwys nodig was om te verhoed dat die instromende vreemdelinge die republieke met hulle beter geleerdheid oorrompel. Een van die maniere om beter onderwys te verseker, was om dadelik voorsiening te maak vir die opleiding van Vrystaatse volksonderwysers.⁷³ By die jaarlikse vergaderings van die Onderwysersvereniging in Bloemfontein is herhaaldelik gepleit vir 'n eie inrigting sodat daar by onderwysers 'n liefde vir land, volk en taal gekweek kon word wat aan die kinders oorgedra kon word. Waar daar liefde was, sou die eie taal voorkeur kry. *De Express* se kommentaar was dat almal wat in opvoeding belang gestel het, hiermee sou saamstem.⁷⁴

72. OVSVR, 14 Mei 1881, p. 109.

73. *De Express*, 19 Maart 1893.

74. *Ibid*, 28 Junie 1895 en 7 Mei 1897.

Ouers kon kies in watter medium hulle kinders onderrig word en 'n groot aantal Afrikaanse ouers het verkies dat hulle kinders goeie Engels op skool leer. Hulle het geredeneer dat die kinders tog tuis Nederlands leer. Verder is die matrikulasie-eksamen slegs in Engels deur die Universiteit van Kaapstad afgeneem.

Die N. G. Kerk het Greykollege en die Dames-Instituut (Eunice) beheer en die gedagte was dat nasionaalgerigte onderwys daar gegee sou word. Greykollege, met ds. Andrew Murray as rektor, het egter van die begin af 'n Engelse gees geadem en by die Dames-Instituut was dit ook so. Die meerderheid onderwyseresse kon nie eers Nederlands verstaan nie.

In die landsadministrasie het Engels ook begin om Nederlands te verdring.

Van die begin af het Borckenhagen sterk standpunt ingeneem oor die handhawing van die landstaal. Reeds in 1877 het hy gekla dat Engels Nederlands oral verdring het: by stadsraads- en alle ander vergaderings in Bloemfontein, by Greykollege en Eunice en by die regeringskantore. Hy het gewaarsku dat as die taal verlore sou gaan, die volk ook: "Nu we een vrÿ volk willen blÿven, met eigen zeden, en eigen geloof, en eigen recht en eigen bestuur, nu moeten we ook onze eigen taal behouden, want de taal is gansch een volk!" het hy uitgeroep.⁷⁵ Talle kragtige hoofartikels oor die taalstryd het gevolg. In 1886 het hy geskryf: "Ja! Wie de taal ons volks vernietigd, vernietigd de nationaliteit! .. Waakt dan Broeders, waakt voor - DE TAAL!"⁷⁶ (In Desember 1895 het regter Steyn in antwoord op 'n rekwisisie waarin versoek is dat hy hom as presidentskandidaat verkiesbaar stel, byna dieselfde woorde gebruik: "De taal is het volk en indien wÿ onze taal verwaarlozen, dan moeten wÿ ook verwachten dat ons volksbestaan langzamerhand zal kwynen."⁷⁷) En in 1890 het Borckenhagen beweer dat Afrikaners wat hulle taal prysgee, louwarm patriotte was wat baie vatbaar vir imperialisme en soortgelyke bedrieglike denkbeelde was. Dit was die hoofrede vir die pogings om die Afrikaner se taal uit te roei.⁷⁸ Aan die einde van November 1897, toe sy liggaamskragte baie min was, het hy weer eens

75. *Ibid*, 16 Aug. 1877.

76. *Ibid*, 29 April 1886.

77. *Oranjevrÿstaatsch Gouvernements Courant*, 27 Des. 1896.

78. *De Express*, 2 Des. 1890.

oor die taalstryd geskryf. Hy het daarop gewys dat voorstanders van Nederlands en Afrikaans nie nodig gehad het om te baklei nie. Hulle moes 'n middeweg kies. Die stywe, ingewikkelde Nederlands moes vereenvoudig word sonder om waardigheid in te boet. Hoofsaak was dat die taal nie prysgegee moes word nie. Om 'n vreemde taal te aanvaar, sou lei tot die aanvaarding van vreemde gewoontes en instellings. Skole, veral meisieskole, het 'n groot rol gehad om te speel, het hy gesê. Nasionalisme moes in die skole bevorder word deur die klem op die nasionale taal te plaas. Uitgewers sou help deur boeke te voorsien. Suid-Afrika en Nederland kon verrykend op mekaar inwerk. Op daardie stadium kon Afrikaners Nederlandse letterkunde lees en hy het geglo Suid-Afrika sou later sy eie letterkunde hê wat Nederlands kon verryk.⁷⁹

Borckenhagen het baie daartoe bygedra dat die volk begin besef het dat volk en taal een was. Die handhawing van die landstaal het 'n gewilde onderwerp in die briewekolomme van *De Express* en by vergaderings geword. Borckenhagen en sy koerant het waardering ontvang vir die wyse waarop die Afrikaanse saak en taal bevorder is. E. A. Venter van Edenburg het Vrystaters aangemoedig om op *De Express* in te teken as hulle belang gestel het in 'n "vaderlandsche zaak". *De Express* het volgens hom Afrikaner-belange getrou verdedig, het met onvermoeide ywer vir die volkstaal gewerk en was 'n volksblad. Hy het hom verset teen alle verkeerde invloede soos *The Friend* en ander blaaië wat die taal en Afrikaner-belange gebombardeer het. Vrystaters moes nie toelaat dat die "zoo gewaardeerd en onmisbaar Zuid Afrikaansch volksorgaan" tot niet gaan oor die bedraggie intekengeld wat hulle moes betaal nie.⁸⁰ Ook die werk van die Hollandse redakteurs van die koerant het waardering uitgelok. H. S. Viljoen van Bethlehem het Nico Hofmeyr geprys omdat hy nie sou swyg waar dit die Afrikanersaak aangaan nie, al het dit vir hom verguising beteken.⁸¹ Die bekende taalstryder, D. F. du Toit wat Hofmeyr opgevolg het as redakteur, is geloof as 'n ware Afrikaner "van beproefde nasionaliteits gevoel beziel",⁸² en as die kampvegter vir die Afrikaner se vryheid sedert 1875 en 'n patriot van kop tot toon.⁸³

79. *Ibid*, 26 Nov. 1897.

80. *Ibid*, 6 Aug. 1889.

81. *Ibid*, 21 Maart 1893.

82. *Ibid*, 28 Des. 1894.

83. *Ibid*, 28 April 1896.

Die sterk posisie wat Engels in die Vrystaat beklee het, het Afrikaners des te meer aangespoor om vir hulle taal te veg. Die Afrikanerbond het die voortou geneem, soos blyk uit notules van vergaderings en memories. In die paar Bondskole het Nederlands sy regmatige plek gekry. Algaande het Volksraadslede hulle ontevredenheid met die verwaarlosing van Nederlands in skole, veral by Greykollege en Eunice, uitgespreek. 'n Mate van sukses is behaal en dr. Brebner se onderwysverslae van 1885 en 1886 het getoon dat daar vordering was wat die handhawing van Nederlands in skole betref. Veel minder plattelandse ouers as vroeër het aangedring op Engels as onderrigmedium.⁸⁴

Die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880 - 1881 het 'n opbloeï van die nasionale bewussyn tot gevolg gehad en dit het ook die besef by Afrikaners tuisgebring dat hulle taal nie die erkenning gekry het wat hom toegekóm het nie. Verder het hulle veral deur *Di Patriot* kennis geneem van die taalbeweging in die Kaapkolonie. Beide gebeure het hulle geïnspireer om versies na *De Express* te laat stroom.

Een van die grootste probleme met die taal was dat Nederlands vir die inwoners net so 'n vreemde taal as Engels was en Afrikaans was nog nie gevestig as 'n geskrewe taal nie. Die besonder behoudende aard van die Vrystaters het hulle laat kleef aan Nederlands wat vir hulle die taal van die kerk en die Bybel was.

Aanvanklik, met dr. F. Hoogendorp, 'n Nederlander, vir twee en 'n halfjaar vanaf 1877 as mede-redakteur, het *De Express* standpunt teen Afrikaans as skryftaal ingeneem. Sedert 1881 het Borckenhagen egter die gebruik van "Afrikaansch-Hollandsch" bepleit en gemeen dat dit baie gou die landstaal sou word. Volgens hom kon slegs een uit tien amptenare Nederlands nog foutloos skryf en geen Suid-Afrikaanse kind kon dit bemeester nie. Hoog-Hollands was net 'n grammatikale taal. Die wyse waarop *Di Patriot* Afrikaans geskryf het, was egter nie vir hom aanvaarbaar nie. Dit moes hersien en vaste reëls opgestel word. Hy sou graag sien dat 'n kongres vir dié doel gehou word.⁸⁵

Hierdie frontverandering van Borckenhagen was volgens hom weldeurdag. Waarskynlik het sy vriende, F. W. Reitz en dr.

84. Malan, p. 120.

85. *De Express*, 21 Julie 1881.

van die taalkwessie in die onderwys gesien. "Verbeeldt u, lezers, den Vrystaat met het Afrikaansch als landstaal! Het Afrikaansch - let well - niet met Hoog Hollandsch doorspekt, maar puur!" Afrikaansch in howe, kerk, koerante, Bybel, gebede, lofsange, memories, adresse - "overal, overall!" Die Kaapse taal moes gebruik word, maar gewysig en beskaaf word deur die invloed van opgeleide leiers - 'n taal waarvoor niemand die neus hoef op te trek nie. Dit was egter onmoontlik om met behulp van 'n klompie geleerdes 'n volk se taal vas te stel en vir die volk in te pomp. Die volk moes saam met hulle leiers werk om die taal te "fabriceren". *Di Patriot* het gemeen om af te daal en vandaar op te klim, maar was steeds aan die daal. Intussen was die Vrystaat en Transvaal besig om te verengels. Die oplossing vir die kwessie van verengelsing het by die onderwys gelê, het hy geskryf.⁹⁶

Nico Hofmeyr, *De Express* se Hollandse redakteur, het hom vir Afrikaans beywer. Hy was die seun van prof. N. J. Hofmeyr van die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch, sy broer was redakteur van *Ons Land* wat tot 1896 pro-Rhodes en anti-republikeins was en sy suster is met ds. J. D. Kestell van Harrismith getroud. Sommige van sy Kaapse familie en vriende het sterk standpunt teen Afrikaans en republikaanse ingeneem. Op 12 Oktober 1889, toe hy nog predikant te Warrenton was, het hy aan ds. Kestell geskryf dat hy dit as 'n roeping van God begin beskou het om Afrikaans te bevorder, op te hef en te veredel. Nederlands se dae was getel; daarenteen was Afrikaans die Afrikaner se moedertaal waarin hy sy diepste gedagtes kon verwoord en daarby soveel makliker as Nederlands en Engels. 'n Vriend, prof. J. I. Marais van die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch, het op 2 Februarie 1893, toe Nico Hofmeyr reeds geruime tyd by *De Express* was, aan ds. Kestell geskryf dat hy dit betreur het dat Nico die Kaap verlaat het. "Now he is bound hand and foot to a newspaper, wh. after all does not exercise that influence wh. one desires". *De Express* was vir hom te republikeins. Op 1 Maart 1893 het hy weer geskryf: "Nico is too onesided - too patriotsch; too much attached to the wretched patois wh. they have dubbed 'Afrikaans'".⁹⁷ Hofmeyr het hom nie deur teenstand van stryk laat bring nie, maar het tog saam met die redakteur van *Di Patriot* gestem dat die tyd nog nie ryp was vir Afrikaans as amptelike taal nie. Hy

96. *Ibid*, 12 Nov. 1889.

97. J. D. Kestell-versameling, P.V. 153, lêernr. 2/1/1, Ineg.

het gemeen dat voorstanders van Afrikaans eers geduldig moes wees en moes help om Nederlands te vestig en waar dit nog nie so was nie, as amptelike taal naas Engels erken te kry. Daar was nog nie eenstemmigheid oor die skryfwyse van Afrikaans nie en daaroor moes eers kongresse en samesprekings gehou word. Handboeke het ontbreek en daar moes werk van gemaak word. Afrikaans se tyd sou gewis nog aanbreek.⁹⁸ Hy het Vrystaters aangeraai om die Kaapse Taalbond te steun,⁹⁹ al was die Bond slegs ten gunste van Nederlands. Teen 1894 het Vrystaters al deelgeneem aan die Taalbond-eksamen.¹⁰⁰ Intussen het hy die arme Afrikaanse kinders wat nie 'n oor vir Nederlands gehad het nie, bejammer omdat hulle 42 geslagsreëls moes leer wat vir hulle onnatuurlik en willekeurig gelyk het. "Geen wonder dat zÿ hem naar castorolie smaken, en hÿ uitroept, 'hoe lange'! het hy geskryf."¹⁰¹ Algaande het hy sterker begin voel oor Afrikaans as skryftaal en hy was seker dat Afrikaans sy plek langs Engels sou inneem omdat so min Suid-Afrikaners Nederlands werklik geken en gepraat het.¹⁰² Die taal van *Di Patriot* was vir hom, net soos vir Borckenhagen, Elffers en baie Vrystaters onaanvaarbaar en hy het ook gemeen dat daar aan vereenvoudiging van Nederlands gewerk moes word. Dit sou die enigste manier wees om die eie taal te handhaaf. Suiwer Nederlands was te moeilik om te leer en die onderrig daarvan was baie elementêr. Kinders het nie met Nederlandse letterkunde in aanraking gekom nie en onbekend maak onbeminde. Engels het hand oor hand toegeneem en as Afrikaners nie hard aan hulle taal sou werk nie, sou hulle deur die instromende Engelse element verswelg word. Kinders het net Engelse boeke gelees en dit nogal "Shilling Shockers"! Hy sou graag wou weet wat hulle geskryf het. Afrikaners kon nie ver wag dat die Engelse hulle taal moes respekteer as hulle nie self daarvan werk gemaak het nie. Hy het die oplossing wat Borckenhagen al in 1881 aan die hand gegee het, onderskryf. Taalvereenvoudiging was vir hom die antwoord. Een koerant of een man kon nie veel verm ag nie. Soos Elffers het hy besef dat 'n paar manne nie die taal kon skep nie. Dit sou nie aanvaar word nie. Taalkongresse moes, liefs te Bloemfontein, gehou word en Hollandse joernaliste, onderwysers, predikante en almal wat

98. *De Express*, 10 Nov. 1891.

99. *Ibid*, 7 April 1891.

100. Malan, p. 92; *De Express*, 23 Julie 1894.

101. *De Express*, 7 April 1891.

102. *Ibid*, 3 Jan. 1893.

in die voortbestaan van die Afrikanerdom en sy taal belang gestel het, moes dit bywoon.¹⁰³

Vroeër is gemeld dat Hofmeyr die Vrystaters gevra het om die Taalbond te steun. Die Taalbond is in 1890 in Kaapstad gestig met die doel om Nederlands te bevorder deur dit te vereenvoudig en so verengelsing teen te gaan. In 1895, toe D. F. du Toit en J. S. M. Rabie die Hollandse redakteurs by *De Express* was, het prof. P. J. G. de Vos, voorsitter van die Taalbond, na die twee republieke gereis om hulle steun te werf vir vereenvoudigde Nederlands as amptelike taal in die hele Suid-Afrika. Sy doel was om te verhoed dat Afrikaans as skryftaal ontwikkel, maar dit het hy nie gesê nie. Op 9 September 1895 het hy 'n vergadering in die N. G. Pastorie van ds. Kriel van Bloemfontein gehou en Vrystaatse taalleiers daarheen uitgenooi. Regter Steyn was ook teenwoordig. Almal was ten gunste van 'n taalkongres.¹⁰⁴ Nadat die professor Pretoria besoek het, het hy weer in Oktober 'n vergadering in Bloemfontein gehou. Hier is 'n kommissie saamgestel om te besin oor die Vrystaatse houding in die taalkwessie. Drr. Brill en Brebner, regter J. B. M. Hertzog en A. Franken het op die kommissie gedien. Die kommissie was ten gunste van 'n vereenvoudigde vorm van Nederlands, maar anders as prof. de Vos, was hulle doelstelling om Afrikaans op te hef en nie om Nederlands se posisie te versterk nie.¹⁰⁵ *De Express* was opgewonde oor hierdie vergaderings en die aanstelling van die kommissie omdat hy gemeen het almal sou nou saamwerk aan die groot taak. Hy het besef dat dit lank sou duur, maar het dit as 'n verhewe taak gesien.¹⁰⁶ Daar het nie veel van die samewerking met die Taalbonders gekom nie, maar die Vrystaatse taalleiers het minstens saamgewerk in 'n kommissie en vir hulle doelstellings daargestel. Die bestaan van so 'n kommissie het beteken dat die belangrikheid van Afrikaans in die handhawing van die eie identiteit erken is. S. F. Malan skryf: "In die uitvoering van die Vrystaatse taalleiers se doelstellings het *De Express* 'n betekenisvolle rol gespeel. Met 'n persoonlikheid soos D. F. du Toit (Oom Lokomotief) op die redaksie, het die blad hom heelhartig agter diegene geskaar wat 'n vereenvoudigde vorm van Nederlands tot skryftaal wou verhef."¹⁰⁷

103. *Ibid*, 1 Maart 1892, 27 Maart 1894 en 26 Julie 1895.

104. *Ibid*, 10 Sept. 1895.

105. Malan, p. 192 - 193.

106. *De Express*, 25 Okt. 1895.

107. Malan, p. 193 - 194.

De Express was die Taalbond trouens ver voor. Borckenhagen het lank reeds gemeen dat die taal vereenvoudig moes word en Nico Hofmeyr het reeds sedert 1891 in sy rubriek, *Die Express Dip*, iets tussen die Taalbond se vereenvoudigde Nederlands en ds. S. J. du Toit se vernederlandse Afrikaans gebesig. Die doel van die rubriek was om lesers aan 'n meer verhewe vorm van Afrikaans gewoond te maak en ook om met politieke teenstanders van die Afrikanersaak te hekel om die groei van die nasionale bewussyn aan te wakker. Daar was kritiek op die taal wat gebruik is, maar heelwat lesers het die rubriek hartlik verwelkom. "Ons hoor dat die jong mense meestal met blýdschap ons Afrikaansche *Express Dip* in die hand neem. .. Ons weet goed dat nix maklýker is om te lees as Afrikaans - dit lyk maar net snaaks in die begin", het Hofmeyr geskryf.¹⁰⁸ 'n Korrespondent het onder die skuilnaam *Veritas* geskryf dat boere nou meer tuis gevoel het - hulle kon in hulle eie taal "snater" en selfs in die hoofstad, waar meestal Engels gepraat word, iets in hulle eie taal lees.¹⁰⁹ Hofmeyr self het gevoel dat die taal wat in *Die Express Dip* gebruik is, selfstandigheid en 'n volksgevoel by Afrikaners gewek het omdat dit Afrikaners laat besef het "dat ons 'n bisondere volk is".¹¹⁰ Dat daar ook in ander koerante Afrikaanse rubrieke was (soos *Praatjies van Klaas Vaak* in die Philipstownse weekblad), was vir hom 'n bewys dat Afrikaans veld gewen het as skryftaal.¹¹¹

De Express het ook die enkele verskynings van Afrikaanse boeke toegejuig. In 'n resensie van Melt Brink se *Grappige Stories en ander Versies* wat in "veredelde Patriots" geskryf is, het Hofmeyr geskryf dat hoe meer werke in dié taal verskyn het, hoe groter was die kans om Afrikaans te behou: "'Tis daarom maar 'n mooie taal, dit klinkt zoo zacht en zoet en muzikaal, dat 'n ware Afrikaner verplicht is om daarop trots te worde." Suiwer Nederlands het syns insiens geen kans meer gehad nie, maar Afrikaans wel - selfs as skryf- en amptelike taal. Hy het besef dat dit op daardie stadium nog net 'n droom was.¹¹²

108. *De Express*, 2 Junie 1891; Malan, p. 194.

109. *De Express*, 19 Mei 1891.

110. *Ibid*, 18 Aug. 1891.

111. *Ibid*, 29 Maart 1892.

112. *Ibid*, 28 Febr. en 3 Maart 1893.

Na die Jameson-inval het Nico Hofmeyr *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval* geskryf en Borckenhagen het die taal wat hy daarin gebruik het, aangeprys. Dit was syns insiens 'n demonstrasie dat deur Nederlands op 'n vereenvoudigde manier te gebruik, mense beter bereik kon word. Hy het aanbeveel dat ingewikkelde konstruksies laat vaar moes word sonder om die taal sy waardigheid en rykdom te ontnem.¹¹³

'n Leser het met insig geskryf dat in die stryd teen Engels twintig tot dertig jaar verlore gegaan het omdat die moeiliker Hoog-Hollands aan kinders opgedring is.¹¹⁴ Die verdeelheid oor die gebruik van Nederlands of Afrikaans het die stryd teen verswelging deur Engels soveel moeiliker gemaak. In die hoofstad en baie van die groter dorpe het Engels die botoon gevoer. 'n Korrespondent het geskryf dat hy in 1890 tydens die spoorfees in Bloemfontein meestal Engels gehoor het.¹¹⁵ Volgens J. J. Odendaal van Harrismith was al die toesprake by die opening van die spoorlyn in Engels behalwe dié van pres. Reitz.¹¹⁶ In die Volksraad is Bloemfontein daarvan beskuldig dat hy te lief vir Engels was.¹¹⁷ P. Malan het gekla dat verrigtinge by die Jagersfonteinse mark en die dorpsraad se vergaderings net in Engels was. Hy wou weet waarom die wet nie toegepas is nie. Syns insiens het kongresse om Nederlands te bevorder, niks gehelp nie.¹¹⁸

The Friend en vooraanstaande leiers soos J. G. Fraser, het vir die oorheersing van Engels geveg. Dié koerant het op tipiese wyse oor die meerderwaardigheid van Engels vanweë sy ryker, beter en meer uitgebreide letterkunde en sy algemene gebruik op sosiale en handelsgebied geskryf. Dit was volgens *The Friend* die taal wat deur die beter opgevoede mense gebruik is en die toekoms sou beslis watter taal sou voortbestaan. Die koerant het nie daaraan getwyfel dat dit Engels sou wees nie. Hy was gebelgd toe die Volksraad in 1891 besluit het dat geskiedenis en aardrykskunde in Greykollege in Nederlands onderrig moes word en dat die helfte van alle vakke in dorpskole na standerd twee in elke medium aangebied moes word. Ouers sou syns insiens hulle kinders as gevolg daarvan na skole buite die Vrystaat stuur. *The Friend* het nie beswaar gehad daarteen dat kinders in

113. *Ibid*, 1 Jan. 1897.

114. *Ibid*, 15 Des. 1891.

115. *Ibid*, 19 Mei 1891.

116. *Ibid*, 30 Aug. 1892.

117. *Ibid*, 24 Mei 1895.

118. *Ibid*, 22 Maart 1892.

beide tale onderrig word as hulle dit verkies nie, maar dit moes nie in hulle kele afgedwing word nie.¹¹⁹ Afrikaners se reaksie was dat die Vrystaat 'n Hollandse republiek was en diegene wat hulle daar gevestig het, moes daarmee verlies neem dat hulle en hulle kinders Hollands moes leer praat.¹²⁰ Die maatreëls wat teen verengelsing getref is, was volgens sommiges nie doeltreffend nie en hulle was bekommerd oor die bedreiging van hulle taal. Die Jameson-inval het die vrees laat posvat dat republikenisme ook op ander terreine bedreig sou word, onder andere deur nasionalisme deur 'n aanval op die volkstaal te ondergrawe. *De Express* het gekla dat die onderwysstelsel op die Engelse lees geskoei was. Jong Afrikaners was nie meer hulleself nie, maar iets tussen die boom en die bas. Hulle het 'n bastertaal gepraat. Afrikaners het hulle taal laat vaar, maar Engelse nie.¹²¹

In die Volksraad is taalhandhawing gedurende die 1896-sitting met heftigheid bepleit. Aan pres. Steyn is dit opgedra om toe te sien dat die grondwet se bepalings oor die landstaal streng nagekom word.¹²² Op 17 April 1896 het *De Express* hierop kommentaar gelewer. Wat hom betref, het die Volksraad se optrede niks beteken nie. Vir 'n rukkie sou Hollands in howe, staatskole en by markte gebruik word en dan sou daar maar weer na Engels teruggeval word. Regulasies oor Hollands op skool en elders het goed gelyk op papier, maar is nie in die praktyk uitgevoer nie. Nege uit tien onderwysers het uit die Kaapkolonie gekom en was Hollands nie magtig nie. As die Volksraad iets wou doen, moes hulle by die skole begin, veral meisieskole waar dogters by voorkeur Engels geskryf en 'n geradbraakte mengsel van Engels en Hollands gepraat het. Proklamasies sou nie help nie. Die regering moes by homself begin en amptelike briewe uit die Kaapkolonie wat in Engels geskryf is, in Nedelands beantwoord.¹²³ Ses dae later het pres. Steyn reeds hierdie wenk opgevolg en 'n Nederlandse telegram aan die Kaapse Eerste Minister gestuur.¹²⁴ Hierna is korrespondensie in Nedelands gevoer. Steyn het ook die

119. *The Friend* 23 Aug. en 6 Sept. 1877, 20 Sept. 1887 en 10 en 24 Julie 1891.

120. *De Express*, 28 Mei 1897.

121. *Ibid*, 1 Sept. 1896.

122. *OVSVR*, 15 April 1896, p. 109.

123. *De Express*, 17 April 1896.

124. GS 1501, telegram Steyn (Bfn) - Kaapse Premier, 23 April 1896, p. 914 - aangehaal in Malan, voetnoot 215, p. 375.

toestand in staatsdepartemente dopgehou en by nuwe aanstellings voorkeur gegee aan Nederlandstaliges.¹²⁵

Wat die handhawing van die moedertaal in skole betref, is daar teen die einde van die republikeinse tydperk heelwat vordering gemaak. Burgers het ook sterk daarop aangedring en sommiges wou hê dat Nederlands die enigste onderwysmedium moes wees.¹²⁶ Na herhaalde pogings om tot so 'n stap oor te gaan, het die Volksraad in 1899 besluit dat geskiedenis, Bybelgeskiedenis en aardrykskunde slegs in Nederlands by Greykollege en Eunice aangebied moes word. Op dorpskole het ouers tot standerd twee 'n keuse in die onderrigmedium van hulle kinders gehad. Daarna sou rekenkunde, geskiedenis, Bybelgeskiedenis en aardrykskunde net in Nederlands onderrig word.¹²⁷ In 1897 is Greykollege se leerplanne uitgebou sodat die intermediêre eksamen daar afgelê kon word. Vrystaatse kinders het dus nie nodig gehad om op so 'n jong ouderdom na vreemde inrigtings te gaan nie.¹²⁸ Verder is in 1898 besluit om 'n Normaalskool vir die opleiding van onderwysers in Bloemfontein op te rig.¹²⁹ Pres. Steyn het ook 'n eie Universiteit in die vooruitsig gestel. So sou die Vrystaters vry word van die Engelse invloed van die Universiteit van Kaapstad en ander vreemde inrigtings en so sou verengelsing hokgeslaan word.

Dwarsdeur sy redakteurskap het Borckenhagen hom daarvoor beywer dat die landstaal bevorder sou word, ook deur die aanstellings van voortreflike en ywerige taalstryders as Hollandse redakteurs. Dit was 'n harde stryd, want pres. Brand was Engels-georiënteerd. Presidente Reitz en Steyn het hulself volkome saam met hom en ander vurige Afrikaners in die stryd gewerp en algaande is vordering gemaak. Meer en meer mense het aangedring op die handhawing van hulle taal en identiteit.

125. Malan, p. 265.

126. *De Express*, 8 en 28 Mei 1897.

127. *OVSVR*, 14 Junie 1899, p. 653 en 1 Julie 1899, p. 754.

128. *Ibid*, 2 April 1897, pp. 105 - 109; 13 April 1897, pp.

120 - 125 en 14 April 1897, pp. 120 - 125; 14 April 1897, pp. 125 - 134.

129. *Ibid*, 15 April 1898, p. 85.

3.3.1.3 Onderwys

Die belangrikheid van onderwys

Borckenhagen het daarop aangedring dat onderwys die hoogste prioriteit moes geniet. Daarsonder sou die Republiek ten gronde gaan. Syns insiens was onderwysers die belangrikste faktor in die land se sosiale en politieke lewe was. Onderwys was op die voorpunt van die beskawing en die beste onderwysers moes bekom word.¹³⁰ Die land het 'n groot behoefte aan opgeleide mense gehad en aan waardige burgers wat hulle land met hulle kennis sou dien. Om dié rede het hy voortdurend artikels oor onderwys geplaas. Sommige het hyself geskryf, ander is deur onderwysleiers soos Hubertus Elffers, skoolhoof van Smithfield en voorsitter van die Onderwysersvereniging geskryf. Deur hierdie artikels en gedurige verwysings na onderwyssake het hy daarin geslaag om belangstelling in onderwys te wek en sy korrespondente het lewendig deelgeneem aan die debat oor onderwys. In sy artikels het hy besondere insig geopenbaar. Hy het ideale daargestel, maar getrou aan sy leuse dat daar nie net gepraat nie, maar ook gedoen moet word, het hy praktiese voorstelle gemaak en soms selfs die koste daaraan verbonde uiteengesit. Talle van sy voorstelle is later deur die Volksraad en ander instansies aanvaar. In sy heel eerste hoofartikel wat hy aan onderwyssake gewy het in September 1877 het hy die stigting van 'n onderwysersvereniging bepleit waardeur 'n beter onderwyserskorps tot stand kon kom. So 'n vereniging kon die geleentheid bied om kennis uit te ruil, solidariteit en eenvormigheid te verkry, die gees te verryk en beplanning te doen.¹³¹ Baie jare later is 'n onderwysersvereniging gestig en in Junie 1892 is die eerste konferensie in Bloemfontein gehou. Borckenhagen was baie entoesiasties oor die konferensie en het dit as 'n belangrike byeenkoms beskryf.¹³²

Borckenhagen se persoonlike betrokkenheid by onderwys

Hyself was ook intens betrokke by onderwys. Hy het pleidooie gelewer vir die totstandkoming van 'n voorbereidende of bewaarskool (Infant School) en toe dit tot stand gekom het, het hy tot aan sy dood as sekretaris en tesourier van die

130. *De Express*, 28 Junie 1892.

131. *Ibid*, 6 Sept. 1877.

132. *Ibid*, 28 Junie 1892.

skool opgetree. By dié skool het leerling-onderwyseresse van Eunice daagliks vir twee uur onderrig gegee. Borckenhagen het as pleitbesorger vir die skool by die regering ingetree. In 1895 het hy hulp gevra vir verbeteringe. Hy het daarop gewys dat daar heelwat arm kinders by die skool was wat kosteloos onderrig ontvang het. In sy 1896/97 verslag aan die superintendent van onderwys kon hy met dank melding maak dat dit baie beter met die skool se finansies gegaan het danksy hulp van die regering. Hy moes nietemin weer regeringshulp vra omdat die ruimte onvoldoende was en daar byna geen meubels was nie. Dr. Brebner kon in sy 1897/98-verslag wat na Borckenhagen se dood verskyn het, meld dat die nodige meubels aangeskaf is en dit sonder die regering se hulp. Dit is uit die skoolfonds gekoop, want die finansies was goed.¹³³

Die Dames-Instituut Eunice en veral Greykollege het Borckenhagen baie na aan die hart gelê en hy het gedurig vir hulle in die bresse getree. Hy was jarelank kurator van Greykollege. Die Kollege was onder beheer van die Sinode van die N. G. Kerk. Op 9 Junie 1880 het sy naam vir die eerste keer in die notule van 'n vergadering van die kuratorium verskyn.¹³⁴ Die Sinode het die Volksraad in 1882 versoek om die skool oor te neem. Die staat het voortaan drie en die Sinode 4 kuratore aangestel. Borckenhagen was een van die eerste drie kuratore wat in 1883 deur die Volksraad aangestel is. F. W. Reitz en P. F. R. de Villiers was die ander.¹³⁵ Op 25 Januarie 1898 het hy sy laaste vergadering van die kuratorium bygewoon. By dié geleentheid is die oprigting van nuwe geboue bespreek - iets waarvoor Borckenhagen gepleit het.¹³⁶ In die vroeë oggendure van 28 Januarie het hy 'n beroerte-aanval gehad en op 5 Februarie is hy oorlede. Hy het dus in diens van Greykollege gestaan vanaf 1880 tot met sy dood.¹³⁷

Die groei en ontwikkeling van staatsondersteunde skole was vir hom belangrik, want syns insiens was die private Engelse kerkskole soos St. Andrews en St. Michaels die kweekplek van

133. *Oranjevrystaat Onderwys Verslagen 1895 - 1898*, herdruk nr. 59 van die Staatsbiblioteek, Pretoria, OR 76, OVS Argiefbewaarplek.

134. *Notule Greykollege*, 9 Junie 1880.

135. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje Vrystaat*, p. 191.

136. *Notule Greykollege*, 25 Jan. 1898.

137. *Notules Greykollege 1880 - 1898*, A62 1/1/1 - 1/1/3 en 1/1/4 - 2/1/1/1, OVS Argiefbewaarplek.

anti-nasionale gevoelens. *The Friend* daarenteen het sonder uitsondering die kerkskole aangeprys en staatskole, maar veral Greykollege en Eunice, aangeval. In 1890 het hy die "mad proposal", soos Borckenhagen dit genoem het, gemaak dat dorpskole, waaronder Greykollege, afgeskaf word en dat ouers hulle kinders na privaatskole moes stuur. Volgens hom het Greykollege nog net een persoon opgelewer wat 'n B.A.-graad kon behaal. Borckenhagen het in sy verontwaardigde reaksie daarop gewys dat minstens 50 persone hulle eerbare posisies aan Greykollege te danke gehad het.¹³⁸

In 1889 het Borckenhagen geskryf dat daar 100 leerlinge by Greykollege se laerskool en 50 by die hoërskool was. By laasgenoemde was daar net twee onderwysers en onvoldoende ruimte. Hy het 'n beroep op die Volksraad gedoen om die probleem van 'n groeiende vraag na hoër onderwys aan te pak. Die Kuratorium het nie kans gesien om aan te bou aan 'n gebou wat in 'n swak toestand was en nie aan die groeiende behoeftes van die land kon voldoen nie.¹³⁹ Na die 1891-sitting het Borckenhagen berig dat die Volksraad nie geld vir 'n nuwe gebou vir Greykollege wou stem nie. Die Raad het ook bevind dat die losiesgeld te hoog was. Volgens Borckenhagen het die Kuratorium ondersoek ingestel en bevind dat die Kollege se losiesgeld goed met dié van ander instellings vergelyk het. Indien ouers hulle kinders na inrigtings elders gestuur het, moes hulle nog reiskoste betaal en vakansielosies vir hulle kinders soek. Daarby moes in gedagte gehou word dat die lewenskoste in Bloemfontein hoër was as elders. Die doel van die kuratore was om 'n dagskool daar te stel waar deeglike werk gedoen kon word en 'n kosskool waar seuns behandel sou word "becoming the sons of gentlemen, and be subject to the restraints of a wholesome discipline". Die goeie eksamenuitslae (in Julie 1892 kon Borckenhagen berig dat al 7 Greykollege se matriekleerlinge geslaag het waarvan 4 met lof¹⁴⁰) het getoon dat in die eerste doelstelling geslaag is en wat die kosskool betref, was dit al vir jare vol. As ouers goeie onderwys vir hulle kinders wou hê, moes hulle bereid wees om daarvoor te betaal. Verder is bevind dat Greykollege goedkoper was as St. Andrews van Grahamstad en die Diocesan College van Rondebosch. Greykollege was nuttig vir die Vrystaat. Hoe meer loseerders die skool kon trek, hoe goedkoper kon die losies wees. Maar dan was 'n nuwe

138. *De Express*, 22 April 1890.

139. *Ibid*, 21 Jan. 1889.

140. *Ibid*, 29 Julie 1892.

gebou nodig. Om losiesgeld te verlaag sonder om genoeg ruimte vir groeiende getalle te verskaf, het vir hom gelyk na straf omdat sukses behaal is.¹⁴¹ Die losiesgeld was voorheen R100 per jaar en die Volksraad het besluit dat dit tot R80 per jaar verminder moes word. Daar is belof dat tekorte deur die staat aangevul sou word. Twee jaar later kon Borckenhagen berig dat dit nog nooit vir die staat nodig was om 'n tekort aan te vul nie.¹⁴²

Greykollege het in 1893 'n goeie jaar beleef. Die Volksraad het R20 000 bewillig vir geboue en twee nuwe onderwysers is aangestel.¹⁴³ Op Woensdag 16 Mei 1894 is die hoeksteen van die nuwe koshuis gelê en Borckenhagen het dit as 'n keerpunt in die skool se geskiedenis beskryf. Die skool het toegeneem in aansien by die volk. Hy het die vertroue uitgespreek dat die Volksraad ook voorsiening sou maak vir die uitbreiding van die skoolgebou self.¹⁴⁴ In 1895 het hy weer 'n beroep op die Volksraad gedoen om nuwe klaskamers in die omgewing van die nuwe kosskool te bou. Daar was reeds 70 kosgangers by Greykollege, waarvan 60 in die hoër afdeling was. Die platteland het die Kollege baie goed ondersteun en daar was steeds groei. Daar was selfs nog meer ruimte vir kosgangers nodig en Borckenhagen het die Volksraad gevra om 'n wesflank aan die nuwe koshuis te voeg.¹⁴⁵ 'n Paar maande later het hy moedeloos gekla dat die Volksraad geen ag geslaan het op die raad en aanbevelings van die kuratore nie. Hulle wou nie geld vir die nodige bouwerk gee nie en ook nie die aangrensende grond wat vir uitbreiding nodig was, aankoop nie.¹⁴⁶ Net daarna kon hy berig dat die Volksraad besluit het om R3 000 tot Greykollege se beskikking te stel om die aangrensende erf te koop.¹⁴⁷ Die R10 000 wat vir die voltooiing van Greykollege gevra is, is afgekeur. R600 is gestem om verweerde klaskamers wat volgens Borckenhagen soos varkhokke gelyk het, af te pleister. Borckenhagen het die Volksraad se weiering aan jaloesie van die platteland toegeskryf en dit terwyl baie van Grey se leerlinge van die platteland gekom het.¹⁴⁸ Op hierdie stadium het die aantal kosgangers tot 85 aangegroei waarvan tussen 30 en 40 uit Transvaal gekom het.

141. *Ibid*, 6 Okt. 1891.

142. *Ibid*, 20 Nov. 1896.

143. *Ibid*, 21 Julie 1893.

144. *Ibid*, 18 Mei 1894.

145. *Ibid*, 19 en 22 Febr. 1895.

146. *Ibid*, 28 Junie 1895.

147. *Ibid*, 2 Julie 1895.

148. *Ibid*, 25 Junie 1895.

By die Dames-Instituut was daar 70 kosgangers waarvan ongeveer 20 uit Transvaal gekom het. Borckenhagen was baie trots hierop en ook op genl. Piet Joubert se lofbetuigings oor die behandeling wat sy seun, Jan, by Greykollege te beurt geval het.¹⁴⁹ Dit was ook met trots dat Borckenhagen berig het dat die Kollege aan sy leerlinge 'n baie besondere geleentheid gebied het toe 80 seuns onder toesig van die huisvader, mnr. Elliot en drie onderwysers aan die einde van September 1895 per trein na Port Elizabeth is om 'n week daar deur te bring.¹⁵⁰

In 1896 het Borckenhagen maar weer op die noodsaaklikheid van uitbreiding aan die Kollege se geboue gewys. Hy het besef dat geld skaars was - dit was die jaar van die runderpes en na die Jameson-inval was bewapening 'n prioriteit - maar die Kollege kon nie kinders wat van Transvaal en die Kaapkolonie gekom het, afwys nie, want hulle teenwoordigheid was 'n manier om bande van eenheid te smee.¹⁵¹

Die pleidooie aan die Volksraad vir geld vir verdere geboue het in 1897 vrugte afgewerp toe R10 000 bewillig is.¹⁵² Die Volksraadslid van Harrismith was baie ontevrede dat Bloemfontein bo Harrismith en ander dorpe bevoordeel is, maar Borckenhagen het daarop gewys dat dit reg was om skole in Bloemfontein uit te brei omdat die stad die hoofstad en opvoedkundige sentrum van die land was.¹⁵³

Dat Vrystaatse kinders deur die Universiteit van Kaapstad hulle matriekeksamen moes aflê, het Borckenhagen gegrief, enersyds omdat die eksamenstelsel Engelsgeoriënteerd was en andersyds omdat dit drilwerk en klem op eksamens in plaas van die ontwikkeling van denke vereis het.¹⁵⁴ Pres. Steyn het in die Volksraadsitting van 1897 die Volksraad oorreed om Greykollege se leerplanne uit te brei sodat die intermediêre eksamen daar afgelê kon word.¹⁵⁵ So kon Vrystaatse kinders onafhanklik word van vreemde instellings.

149. *Ibid*, 26 Julie 1895.

150. *Ibid*, 1 Okt. 1895.

151. *Ibid*, 24 April 1896.

152. *Ibid*, 16 April 1897.

153. *Ibid*, 28 Jan. 1897.

154. *Ibid*, 16 April 1897.

155. *OVSVR*, 12 April 1897, pp. 105 - 109; 13 April 1897, pp. 120 - 125; 14 Apr. 1897, pp. 125 - 134.

Die ontwikkeling van onderwys in die Vrystaat

Gedurende die Vrystaat se worsteljare aan die begin was daar min geld, tyd of opgeleide persone vir onderwys beskikbaar. Die einde van die Basoeto-oorloë het twee goeie gevolge met betrekking tot onderwys gehad: die Basoeto-gevaar is afgeweer en daar kon dus aandag aan binnelandse ontwikkeling, waaronder onderwys, gegee word. Verder is die geld wat die verkoop van plase in die Verowerde Gebied opgelewer het, in 'n onderwysfonds gestort. Onderwys sou egter nog lank in chaos verkeer en op die platteland was daar weinig sprake daarvan. Met platteland word hier plase bedoel. Die Vrystaat is in wyke opgedeel en in hierdie wyke is vaste wykskole opgerig. Dan was daar ook rondgaande skole. 'n Onderwyser sou vir ses maande op een plek bly en net die mees elementêre onderrig gee, byvoorbeeld om die kinders te leer lees en skryf en miskien ook 'n bietjie te reken. Die doel was hoofsaaklik om kinders in staat te stel om die Bybel te kan lees met die oog op aanneming deur die kerk. Kinders het dus of weinig of geen onderwys ontvang nie, hoofsaaklik vanweë twee redes: die skaarste aan onderwysers, veral onderwysers wat Hollands magtig was, en die feit dat kinders hulle ouers op plase moes help. Die verhouding tussen die aantal Blankes en anderskleuriges in die Vrystaat was byna tot aan die einde van die republikeinse tydperk minder as een tot twee en arbeiders was dus baie skaars.

In 1873 het pres. Brand een van sy skitterendste aanstellings ooit gemaak. Die Skot, dr. John Brebner, is as inspekteur van onderwys aangestel. Hy het met die hulp van ander 'n uitstekende onderwysstelsel tot stand gebring wat met die beste vergelyk kon word. Geld was egter skaars, veral vanaf 1883 en daar was steeds min opgeleide onderwysers. Dié wat daar was, is elders opgelei, het meestal geen erg aan nasionaalgerigte onderwys gehad nie en baie van hulle kon nie Nederlands praat of verstaan nie. Verder was pres. Brand en dr. Brebner Engelsgeoriënteerd. Daar was ook byna geen handboeke in Nederlands beskikbaar nie. Taalhandhawing en die kweek van nasionalisme was belangrike aspekte van onderwys waaraan Borckenhagen en andere baie aandag gegee het, maar wat onder die taalstryd bespreek is.

Aan die einde van pres. Brand se regeringstydperk kon Borckenhagen terugkyk op 'n paar verbeterings op

onderwysgebied waarin hy 'n aandeel gehad het: daar was 'n aantal handboeke in Nederlands beskikbaar, die Afrikanerbond het 'n paar wykskole gestig wat 'n geringe verbetering in die toestand op die platteland teweeg gebring het (daar was volgens hom maar 2 wykskole in die 52 wyke in die Vrystaat in 1881¹⁵⁶) en die volk het begin om in onderwys belang te stel.

Pres. Reitz stel onderwys voorop

Met pres. Reitz se bewindsaanvaarding was Borckenhagen optimisties oor die vooruitsigte van onderwys in die Vrystaat. Met 'n belangstellende, Afrikaansgeoriënteerde president en 'n ywerige inspekteur van skole was hy oortuig daarvan dat daar vordering sou wees. Die voorsitter van die Volksraad, J. G. Fraser, het toe hy Reitz ingelig het dat hy die Volksraad se kandidaat vir die presidentsverkieping was, daarop aangedring dat Reitz 'n politieke program voorlê. In die program het Reitz verklaar dat hy onderwys as van die grootste belang beskou het; daarom sou hy graag wou sien dat 'n veel groter bedrag daaraan bestee moes word. Veral die platteland moes aandag kry.¹⁵⁷ Die verbetering in die staat se inkomste as gevolg van spoorweë en invoerregte wat aan die Vrystaat toegestaan is vanweë die tolunie-ooreenkoms met die Kaapkolonie, het aan Reitz die geleentheid gegee om groot verbeteringe op die gebied van onderwys aan te bring. Terwyl die staat se bydrae tot onderwys in 1890 R23 660 was, het dit jaarliks toegeneem totdat dit aan die einde van Reitz se bewind in 1895 R98 500 was.¹⁵⁸

Borckenhagen se praktiese voorstelle

Borckenhagen het 'n onderwysstelsel bepleit wat veelsydige ontwikkeling moontlik sou maak.¹⁵⁹ Nie almal moes 'n akademiese opleiding kry nie. Daar moes ook vir toekomstige boere, sake- en ambagsmanne voorsiening gemaak word. Selfs kinders in akademiese skole moes 'n bietjie praktiese onderwys geniet.

Met die sekere wete dat die President onderwys in die eerste Volksraadsitting na sy inswering op die voorgrond sou stel,

156. *Ibid*, 29 Junie 1882.

157. *Ibid*, 4 Sept. 1888; Moll, pp. 70 - 71.

158. Moll, p. 194.

159. *De Express*, 11 Jan. 1895.

het Borckenhagen met 'n hele reeks aanbevelings gekom. Hy het 'n toestroming van leerlinge, veral na Greykollege, verwag en as kurator het hy die Volksraad op die gebrek aan ruimte en voldoende onderwysers by die Kollege gewys. Verder het hy vir 'n beter kwaliteit onderwyser in die Vrystaat gepleit en meer praktiese onderwys. Almal kon nie professies beoefen nie. Die aandrang op 'n verbeterde stelsel van elementêre onderwys was so sterk, dat hy seker was daar sou iets aan gedoen word. Dan sou daar ook beter voorsiening vir hoër onderwys gemaak moes word. Die ontdekking van goud het 'n groot aanvraag na landbouprodukte laat ontstaan en meer wetenskaplike boerderymetodes is vereis om in die aanvraag te kon voorsien. Daar was behoefte aan 'n landbouskool en dogters het ook beter opleiding nodig gehad sodat hulle hul mans in 'n ontwikkelende wêreld kon bystaan.¹⁶⁰ Vir jare het hy vergeefs vir landbouskole gepleit. Hy was oortuig daarvan dat landbou- en nywerheidskole tog nog sou volg.¹⁶¹ By die 1896-sitting van die Volksraad is landbouskole bespreek, maar die debat was vir hom baie teleurstellend omdat die behoeftes van plaaskinders aan praktiese onderwys met min respek behandel is. Volksraadslede het gemeen dat boere geweet het wat nodig is en dat landbouskole onnodig was. Dit was nie so nie. As boere ander ploegmetodes gebruik het, kon hulle groter oeste insamel. Proewe en demonstrasies van nuwe metodes kon die beste by 'n landbouskool geskied. Die Volksraad het verbeterde landboumetodes oneindiglik uitgestel tot almal se verlies.¹⁶² In 1897 is die voorstel vir 'n landbouskool weer eens afgestem.¹⁶³ In April 1899, meer as 'n jaar na Borckenhagen se dood, het die Volksraad uiteindelik besluit om 'n landbouskool en 'n proefplaas te stig en R20 000 daarvoor bewillig.¹⁶⁴

Vir sy pleidooi vir meer praktiese onderwys sou hy algaande heelwat steun kry. In 1891 het dr. Johannes Brill van Greykollege voorgestel dat tegniese onderwys by die skool ingevoer word.¹⁶⁵ *De Express* het 'n artikel van J. F. Hondius in die Nederlandse tydskrif, *De Gids*, wat deur 'n leser gestuur is, gepubliseer. Daarin is gemeld dat daar in die hele wêreld 'n strewe na meer praktiese onderrig was. In

160. *Ibid*, 21 Jan. 1889; 2 Jan. 1894 en 11 Jan. 1895.

161. *Ibid*, 7 Junie 1895.

162. *Ibid*, 3 Julie 1896.

163. *Ibid*, 2 Julie 1897.

164. *Ibid*, 11 April 1899; *OVSVR*, 8 April 1899, pp. 67 - 69.

165. *De Express*, 26 Mei 1891.

die laerskool moes die kind as heel mens gevorm word - teoreties en prakties. Dit sou hom in staat stel om in die hoërskool 'n beter keuse te maak. Handarbeid het opvoedkundige waarde gehad. Dit het liggaam en gees in harmonie gebring. Bekende opvoedkundiges soos Pestalozzi is aangehaal om die bewerings te staaf.¹⁶⁶

Borckenhagen se hekel in die klem op eksamens en drilwerk, waarna later verwys word, was nog erger wanneer dit by dogters gekom het. Hy het aanbeveel dat hulle moes leer om goeie vroue en moeders te wees en daarom moes hulle benewens ander vakke, ook naaldwerk en kookkuns leer. Seuns kon ook 'n bietjie "tegniese" leiding kry - 'n bietjie houtwerk, smidswerk, skoensmakery en hulle kon selfs geleer word om knope aan te werk!¹⁶⁷

Die superintendent-generaal van onderwys in die Kaapkolonie, dr. Muir, vir wie Borckenhagen groot agting gehad het, het te Graaff-Reinet 'n toespraak oor die onderwysstelsel gelewer. Hy het beweer dat die stelsel nie in die behoeftes van Suid-Afrikaanse kinders voorsien het nie omdat almal akademiese onderrig ontvang het terwyl heelwat nie professies nie, maar landbou en sakebedrywighede sou beoefen. Borckenhagen het in sy kommentaar geskryf dat geld en getalle 'n probleem was. Die Vrystaat het net een hoërskool, Greykollege, gehad. Syns insiens moes leerlinge na standerd vyf in twee groepe verdeel word. Die leerlinge wat 'n profesie wou beoefen, moes Latyn en Grieks leer en die ander moes vakke neem wat geskik was vir mense wat wou boer of handel dryf. Suid-Afrikaners se opleiding moes hulle bekwaam om te werk.¹⁶⁸

Dr. John Brebner, superintendent van onderwys, het tydens sy verloftyd gedurende 1892 in Europa talle onderwysinstansies besoek en veral aandag gegee aan tegniese onderwys, liggaamlike opvoeding en huishoudkunde vir dogters. Hy was vol entoesiasme en het aangekondig dat die Vrystaat die Slojdstelsel van tegniese onderwys uit Swede sou invoer.¹⁶⁹

By Greykollege se afsluitingsfunksie aan die einde van 1892 het dr. Brill aangekondig dat daar vanaf 1893 'n tussenklas na standerd vyf sou wees waar leerlinge in boekhou en

166. *Ibid*, 9 en 23 Febr. 1892.

167. *Ibid*, 19 Aug. 1892.

168. *Ibid*, 9 Des. 1892.

169. *Ibid*, 6 Des. 1892.

syfervakke en die Sloÿdstelsel (tegniese onderwys) onderrig sou word.¹⁷⁰ J. F. Hondius, 'n Nederlandse onderwyser, sou die Sloÿdstelsel by die Kollege invoer. Hy sou ook tydens die wintervakansie lesings oor tegniese onderwys aan onderwysers gee sodat dit in meer skole onderrig kon word. Terselfdertyd sou 'n onderwyser van Fauresmith, mnr. Van Loenen, lesings oor liggaamsoefeninge gee.¹⁷¹

Borckenhagen was nie so beïndruk met die Sloÿdstelsel nie. Die kinders het nie geleer om 'n voltooide stuk werk te lewer nie, maar net om hand en oog te oefen, en gedagtes af te lei van woorde na dinge. Verder het hulle gewoontes van ordelikheid en netheid aangeleer. Borckenhagen het gemeen dat hulle dan maar net sowel kon teken. Wat hom betref was daar 'n Babelse verwarring oor tegniese onderwys en kon dit nie goeie resultate lewer nie. Onderwys was nog maar dieselfde vir almal, of hulle nou professies of 'n ambag wou beoefen of boer.¹⁷² In 1897 is Hondius Transvaal toe omdat hy nie in die Vrystaat in sy doel kon slaag nie. Die rede was dat daar van onderwysers wat deur hom onderrig is, verwag is om self die toepassing van die stelsel te finansier. Borckenhagen het die hoop uitgespreek dat sy opvolger meer sukses sou behaal.¹⁷³

By die jaarlikse afsluitingsfunksie van die Dames-Instituut in 1893 was Borckenhagen beïndruk deur twee nuwighede wat aangebied is: 'n liggaamsoefening-vertoning en die uitstalling van kartonwerk.¹⁷⁴

Kort voor die 1889-sitting het Borckenhagen 'n aantal praktiese aanbevelings gemaak waarvan hy ook die koste bereken het. Eerstens het hy gewys op die dringende nood op die platteland. Slegs een uit elke 50 kinders het onderwys ontvang. Die regering moes met laer onderwys begin. Bevoegde persone moes ook gestuur word om onderwysers in Nederland te werf. Definitiewe poste moes geskep word. Die inspekteur moes hulp kry en later moes daar 'n kweekskool opgerig word. Hy het daarop gewys dat daar meer geld beskikbaar was en dat die tyd ryp was vir verbetering.¹⁷⁵

170. *Ibid*, 16 en 23 Des. 1892.

171. *Ibid*, 7 Febr. 1893.

172. *Ibid*, 28 Maart 1893.

173. *Ibid*, 16 April 1897.

174. *Ibid*, 22 Des. 1893.

175. *Ibid*, 12 Maart 1889.

Tydens pres. Reitz se eerste Volksraadsitting het onderwys baie aandag geniet en daar is veral aandag aan plattelandse onderwys gegee. Ordonnansie 22 van 1889 het aan inwoners van 'n wyk verskeie vergunnings toegestaan, onder andere om naas 'n vaste wykskool ook rondgaande onderwysers aan te stel. R100 per jaar is aan verdienstelike privaat onderwysers op plase toegeken.¹⁷⁶

Artikels oor onderwys

Borckenhagen het oor 'n tydperk van maande ag artikels deur Hubertus Elffers, skoolhoof van Smithfield, in *De Express* geplaas. Die volgende punte is uitgelig:

1. Doelmatige onderwys wat aan leerlinge se behoeftes voldoen het, was nodig. Wat kinders op daardie stadium geleer het, was vir hulle van weinig betekenis. Hulle het twee vreemde tale geleer en niks wat hulle vir 'n veranderende wêreld voorberei het nie. Die taalkwessie moes in die skool opgelos word. Afrikaans moes gewysig en beskaaf word en dan in skole geleer word. Dan sou Afrikaans ook die amptelike taal word. Verder was daar baie onderwysers wat nie bekwaam was om kinders op te voed nie. Dit sluit aan by Borckenhagen se aandrang op 'n beter kwaliteit onderwyser, die werwing van oorsese onderwysers, en 'n eie opleidingsinrigting hierbo. Elffers het 'n beskrywing gegee van baie van die onderwysers op die Vrystaatse platteland op daardie tyd: op die plase het hulle Christelike deugde aan kinders voorgehou en hulle dan onchristelik op die dorpe gedra. Daar was "verloopen winkeliers, verongelukte nuusbladschrywers" en min het van opvoeding tereg gekom.¹⁷⁷

2. Onderwysers moes behoorlik vergoed word om hulle edele werk te doen.¹⁷⁸ Borckenhagen het heelhartig hiermee saamgestem. Hy het geskryf dat die sukses van 'n skool van die onderwyser afgehang het en daarom moes die hardwerkende manne in hierdie poste van hoogste vertroue geplaas word. Hulle posisie moes gerieflik genoeg wees om hulle ywerig in hulle werk te laat volhard sonder bekommernis oor huis en toekoms. Goeie onderwysers sou net behou word as hulle goed betaal is. 'n Goeie onderwyser het

176. Moll, p. 194. OVSVR 22 Junie 1889, p. 466; ord. 22 van 1889, pp. 65-68.

177. *De Express*, 12 Nov. 1889.

178. *Ibid*, 19 Nov. 1889.

goeie sakemanne, beamptes, boere en wetgewers, met ander woorde goeie burgers en goeie regering beteken.¹⁷⁹

3. Skoolkommissies het outokraties en nie in belang van onderwys opgetree nie. Onderwysers en kinders was aan hulle willekeur uitgelewer. Die onderwys-ordonnansie moes in dié opsig verander word.¹⁸⁰

4. Inspeksiedienste moes uitgebrei word. Daar was net een inspekteur en die onmoontlike is van hom verwag. Hy kon nie al die kinders in die Vrystaat behoorlik inspekteer nie. Dit was in aansluiting by Borckenhagen se aanbeveling in Maart 1889 dat die inspekteur hulp moes kry. In September 1891 kon *De Express* berig dat dr. Brebner bevorder is tot superintendent van onderwys en dat dr. Haarhoff aangestel is as inspekteur van skole.¹⁸¹

Elffers het dit ook teen die verkeerde onderwysstelsel gehad waarin daar net drillwerk gedoen is in plaas daarvan om die kinders vry te laat ontwikkel.¹⁸² Borckenhagen was eweneens baie sterk gekant teen die oordrewe klem op eksamens¹⁸³ en die drillwerk wat daarmee gepaard gegaan het en het dit aan die eksamineringstelsel van die Universiteit van Kaapstad gewyt. Hierdie instelling was die enigste wat die matrikulasie-eksamen afgeneem het en Borckenhagen het uitgesien na die dag wanneer Vrystaters verlos sou wees van sy "narrow cramming system. .. Our children now represent something like dam-pipes. They get a lot pumped into them on the one side and it all runs out on the other, leaving an empty pipe as soon as the pumping process ceases. They are not educated, but crammed for certain examinations. The school elementary examinations, with the dear children's names in every newspaper, is the great goal at which most aim. When that is done, they are 'volleerd'".¹⁸⁴ Kinders het net geleer om te memoriseer en nie om te dink nie. Hulle het boekgeleerdheid opgedoen wat hulle nie kon toepas nie. "Observation, thought and application, - these are the elements for success in life, and they ought to be the foundation of all education", het hy geskryf.¹⁸⁵

179. *Ibid*, 10 Febr. 1891.

180. *Ibid*, 26 Nov. 1889.

181. *Ibid*, 1 Sept. 1891.

182. *Ibid*, 3 Des. 1889.

183. *Ibid*, 19 Aug. 1892.

184. *Ibid*, 16 April 1897.

185. *Ibid*, 9 Des. 1892.

5. Die bevolking het onverskillig teenoor onderwys gestaan. Hierdie onverskilligheid sou daartoe lei dat vreemdes die oorhand kry en die volk lei waar hulle nie wou wees nie. Die groot probleem was die verhouding tussen onderwysers en ouers wat deur die wet daargestel is. Onderwysers moes nie vir hulle daaglikse brood van ouers afhanklik wees nie. (Onderwysers was vir hulle vergoeding afhanklik van die skoolgeld wat kinders betaal het. Hulle moes dit self invorder. Dikwels is dié geld nie betaal nie. Dit het wrywing tussen ouers en onderwysers veroorsaak.) Dit het verhoed dat die Vrystaat bekwame onderwysers kon lok en klein skooltjies kon geen onderwysers kry nie.¹⁸⁶

6. 'n Vorm van skoolplig was nodig, byvoorbeeld twee jaar verpligte onderwys. Kinders kon steeds hulle ouers op plase help. Vrystaatse ouers wou nie gedwing wees nie, maar hulle moes hulle kinders se belange bo hulle vryheid van keuse stel. Die staat moes armes help om hulle kinders te laat skoolgaan.¹⁸⁷

Die onderwyskommissie van die Volksraad het teen die einde van 1890 skoolplig aanbeveel.¹⁸⁸ Borckenhagen het gevoel dat daar eers aan 'n paar ander kwessies aandag gegee moes word voordat dit moontlik sou wees, naamlik die arbeidskwessie en armoede.¹⁸⁹ Hy was nie verbaas toe die Volksraad die voorstel vir verpligte onderwys in die 1891-sitting afgekeur het nie. Hy het dit as 'n ideaal gesien, maar die stelsel moes eers behoorlik uitgewerk word.¹⁹⁰ In 1893 het hy gemeen dat die tyd ryp was daarvoor. Ouers moes dit as hulle plig teenoor die samelewing sien om hulle kinders te laat onderrig. As die arbeidskwessie 'n probleem was, moes dit dringende aandag kry.¹⁹¹ Hy was trots daarop dat ouers in die Vrystaat gretig was om hulle kinders te laat leer en dat die Vrystaatse regering die eerste een in Suid-Afrika was wat die instelling van skoolplig oorweeg het. Goeie gebruik kon gemaak word van kennis wat in Europese lande opgedoen is en wat deur die drie bekwame ingevoerde superintendente van onderwys in Transvaal, die Kaapkolonie en die Vrystaat by Suid-Afrikaanse toestande aangepas en geïmplementeer kon word.¹⁹² Verpligte onderwys was vir hom die antwoord op die

186. *Ibid*, 17 Des. 1889.

187. *Ibid*, 4 Maart 1890.

188. *Ibid*, 31 Des. 1890.

189. *Ibid*, 31 Des. 1890.

190. *Ibid*, 2 Junie 1891.

191. *Ibid*, 7 Maart 1893.

192. *Ibid*, 3 Aug. 1894.

armblankevraagstuk. Kinders wat geen erfenis kon verwag nie, moes juis geleerdheid bekom. Hy het aan die begin van 1894 voorgestel dat die regering onderwys vir almal wat binne twee tot drie myl van 'n staatskool gebly het, verpligtend moes maak.¹⁹³ Toe die Volksraadsitting begin, het hy die hoop uitgespreek dat die Volksraad verpligte onderwys sou goedkeur. Geen kind moes die geleentheid om onderwys te ontvang ontsê word vanweë die arbeidskwessie of ouers se onvermoë of onverskilligheid nie. Die kinders moes egter nie net boekekennis ontvang nie; meer praktiese kennis was nodig sodat hulle voorberei kon word vir 'n werk en nie 'n las op die staat sou wees nie. Daar moes nie onmiddellik 'n te groot sprong gewaag word nie - die Volksraad moes 'n klein begin maak deur net eers kinders wat twee myl of minder van skole af gewoon het, te verplig om skool te gaan.¹⁹⁴ Op 6 Junie 1895 het die Volksraad toe wel besluit dat alle blanke kinders wat binne 2 myl van 'n staatskool gewoon het, die skool moes bywoon.¹⁹⁵ In die praktyk het dit beteken dat onderwys vir blanke kinders in dorpe en stede verpligtend was. Borckenhagen het die stap verwelkom as 'n klein begin wat groot gevolge sou hê. Die beginsel is aanvaar dat burgers onder verpligting van die staat gestaan het, ook wat die opvoeding van hulle kinders betref. Dit was syns insiens ook die beste manier om die armblankevraagstuk op te los. Hy was seker dat landbou- en nywerheidskole sou volg.¹⁹⁶ Trots het hy berig: "As regards compulsory education, to the Volksraad of this State belongs the honourable distinction of having first in South Africa given practical recognition to a sound and eminently patriotic principle."¹⁹⁷

Borckenhagen het aanbeveel dat die regering nywerheidskole oprig met die oog op die armblankevraagstuk. Minderbevoorregte kinders kon dan 'n ambag leer en selfversorgend word. Plase kon ook nie onbeperk verdeel word nie en plaaskinders moes 'n ander heenkome vind. Hy het geskryf dat Blankes sou moes leer dat dit nie 'n skande was om handarbeid te verrig nie. Dit was ook so dat 'n volk nie volkome onafhanklik was as hulle van ander afhanklik was vir handwerk nie.¹⁹⁸

193. *Ibid*, 4 Jan. 1895.

194. *Ibid*, 19 April 1895.

195. *OVSVR*, 6 Junie 1895, p. 646.

196. *De Express*, 7 Junie 1895.

197. *Ibid*, 2 Julie 1895.

198. *Ibid*, 22 Febr. 1895.

Dr. en mev. Brebner is aan die begin van 1897 na Uitenhage om te sien hoe die nywerheidsskool vir armlankes daar funksioneer. Dit was met die oog op so 'n skool in die Vrystaat. Hulle was baie tevrede met wat hulle gesien het.¹⁹⁹ Nadat die Volksraad in 1897 besluit het om 'n nywerheidsskool te begin, het Borckenhagen geskryf dat die besluit nie genoeg aangeprys kon word nie.²⁰⁰ Op 25 Februarie 1898, minder as 'n maand na Borckenhagen se heengaan, het pres. Steyn die hoeksteen van die nywerheidsskool gelê. Hy het die volk en veral diegene wat hulle grond deur verarming verloor het, aangemoedig om tot nywerhede toe te tree.²⁰¹

7. Die hele volk moes opgevoed word ongeag die koste. Belasting kon desnoods gehef word. Onderwys moes nie gratis wees nie, behalwe vir die heel armstes. By wykskole op die platteland moes elementêre onderrig met die moedertaal as medium aangebied word. Die oprigting van wykskole sou baie help.²⁰²

8. In sy laaste artikel het Elffers sy vorige voorstelle saamgevat. Daar moes 'n behoorlike departement van onderwys ingestel word met dr. Brebner as superintendent van onderwys en 'n aantal inspekteurs om hom te help. Skoolkommissies moes groter verantwoordelikheid kry sodat hulle onderwysers in hulle taak kon bystaan. Onderwysers moes vaste salarisse en sekerheid omtrent hulle toekoms kry. Ouers moes ook hulle deel bydra: kinders skool toe stuur, geldelik bydra en belang stel in die onderwys. Hy het weer vir skoolplig gevra. Die staat moes dan die nodige fasiliteite daarstel en die helfte van die onderwyser se salaris betaal. Die skoolkommissie kon die ander helfte vind.

Hy was seker dat as daar beter toesig, meer belangstelling en 'n hartlike verhouding was, elke skool die trots en die middelpunt van invloed en lewe van die omgewing kon word. Die posisie van 'n goewerments-onderwyser kon dan houdbaar en selfs benydenswaardig word.²⁰³

199. *Ibid*, 22 Febr. 1897; Kieser, A., *President Steyn in die Krisisjare 1896 - 1899*, p. 45.

200. *De Express*, 2 Julie 1897.

201. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn*, Vol. 1, p. 85.

202. *De Express*, 1 Apr. 1890.

203. *Ibid*, 8 Apr. 1890.

Na aanleiding van die artikels en die Volksraadsbesluite het heelwat lesers menings oor onderwys gelug. Op vergaderings, veral van die Afrikanerbond, is onderwys sake bespreek en memories na die Volksraad gestuur. Die belangrikste voorstelle het betrekking op die taalaspek gehad en dat meer aandag aan onderwys, veral op die platteland, gegee moes word. Ten spyte van die Volksraad se besluite van 1889 was daar steeds ontevredenheid met die toestand van onderwys op die platteland. In 1890 het Borckenhagen die beweging wat deur Hubertus Elffers op tou gesit is om die aandag op "the vexed question, how we can carry elementary education to every farm house" as lofwaardig bestempel. Die twee vernaamste probleme was om onderwysers te bekom en ouers se onverskilligheid.²⁰⁴

Die taalkwessie

Terwyl Elffers wou hê dat kinders hulle werklike moedertaal, Afrikaans, moes leer, het die Volksraad nog geworstel met die bedreiging van Engels vir Nederlands.

Met die Volksraadsitting van 1891 is onderwys wetgewing wat op die taalmedium betrekking gehad het, aanvaar. Ordonnansie 2 van 1891²⁰⁵ het bepaal dat Nederlands op plattelandse regeringskole as onderrigmedium gebruik moes word sodra handboeke in Nederlands beskikbaar was. Ouers van kinders op dorpskole kon tot standerd II kies in watter medium hulle kinders onderrig moes word. Daarna moes albei media gebruik word, maar minstens die helfte van die vakke moes in Nederlands aangebied word - indien handboeke beskikbaar was. Hierdie voorwaarde is deur baie as nuttige skuiwergat gebruik en in Januarie 1893 het Borckenhagen geskryf dat die kursus by die Dames-Instituut nog glad nie gewysig is nie omdat daar nie Nederlandse handboeke was nie.²⁰⁶ Die wetgewing het egter baie goeie gevolge vir onderwys op die platteland gehad. Die aantal regeringskole het grootliks toegeneem. In 1889 was daar ongeveer 2 000 kinders in staatsondersteunde skole in die Vrystaat, in 1892 3 249 en in 1894 meer as 5 100.²⁰⁷

204. *Ibid*, 22 Apr. 1890.

205. *OVSVR*, 22 Mei 1891, p. 221 en 23 Mei 1891, p. 241 e.v.

206. *De Express*, 3 Jan. 1893.

207. Malan, p. 192.

Gedurende die regeringstydperke van presidente Reitz en Steyn was daar merkwaardige vordering op die gebied van onderwys in die Vrystaat. Groot bedrae is vir onderwys opsy gesit en meer kinders is bereik. Die onderwys het tot 'n mate meer nasionaalgerig geword. Daar is 'n begin gemaak met meer praktiese onderrig en daar is plek ingeruim vir handwerk en liggaamsoefeninge. 'n Aantal behoeftige kinders het ambagte geleer wat hulle in staat sou stel om selfonderhoudend te wees. Die droom van 'n eie universiteit het nie meer so onbereikbaar gelyk nie. Regter Steyn het in 1894 by die hoeksteenlegging van 'n koshuis by Greykollege profetiese woorde kwytergemaak: "Mocht de dag spoedig aanbreken dat hier waar wij nu staan de eerste Universiteit van den Oranjevrystaat mocht verrysen, en dat onse tegenwoordige Rector de eerste Rector magnificus mocht zyn."²⁰⁸

Carl Borckenhagen kon aan die einde van sy lewe die voldoening smaak dat hy 'n groot aandeel gehad het in die vooruitgang van onderwys. Hy was op daardie stadium nog aktief betrokke by Greykollege en die Bewaarskool. Na sy dood het sy opvolger in sy huldeblyk geskryf: "An advocate of a sound national education, he spared no effort to add to the usefulness of the two State institutions, the Grey College and the Dames Institute .."²⁰⁹ Dr. Brill, rektor van Greykollege, het verklaar dat Borckenhagen nie alleen onskatbare dienste aan die skool gelewer het nie, maar hom as skoolhoof met woord en daad bemoedig en in sy taak bygestaan het.²¹⁰ Die talle artikels, berigte, briewe en aanbevelings in *De Express* wat op onderwys betrekking gehad het, getuig van die voorrang wat hy aan onderwys gegee het.

Met die opening van die Volksraadsitting in 1898 het pres. Steyn 'n deel van sy openingstoespraak gewy aan 'n huldeblyk aan Carl Borckenhagen wat in Februarie oorlede is. Dit was veral sy bydrae tot die opvoeding van die jeug wat geloof is. Hy het gesê dat die saak van opvoeding en onderwys 'n gevoelige slag gelyk het met Borckenhagen se heengaan, want as kurator van Greykollege was hy altyd ywerig in die bevordering van die belange van die opkomende geslag.²¹¹

208. *De Express*, 18 Mei 1894.

209. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

210. *Ibid*.

211. *OVSVR*, 4 April 1898, p. 10.

3.3.1.4 Kultuur

Carl Borckenhagen se besondere bydrae tot die bevordering van onderwys in die Oranje-Vrystaat is aangevul deur sy betekenisvolle bydrae op die gebied van volwasse onderwys en ontwikkeling van belangstelling in die kunste. Deur sy koerant het hy aan Vrystaters, ook op die afgesonderde platteland, 'n venster gegee waardeur hulle die groot wêreld daarbuite kon waarneem. Sy koerant het 'n groot verskeidenheid artikels, soos die een oor sosialisme²¹² bevat wat prikkelend genoeg vir die intellektueles was (eintlik kan 'n mens dit van feitlik al sy hoofartikels sê), wat in die behoeftes van die boeregemeenskap voorsien het en wat selfs by tye leesstof aan kinders verskaf het. In Januarie 1891 is daar 'n rubriek *Voor Kinderen* begin. Op 16 Oktober 1894 het daar 'n kennisgewing in die koerant verskyn dat daar 'n skaakrubriek begin sou word en daar is gevra dat daar oral skaakklubs gestig en verslag oor hulle bedrywighede aan *De Express* gestuur word. 'n Vrystaatse skaakvereniging is in die vooruitsig gestel.²¹³ Daar is verslag gedoen oor alle kulturele bedrywighede in Bloemfontein en sommige op die platteland, soos musiekuitvoerings, toneelopvoerings, die verenigingslewe en skoue. Onder die opskrif *Politieke Ontwaking* in die hoofstuk oor republikanisme word die rol van *De Express* in verenigings soos die Afrikanerbond, die Boereverenigings en die Jongelingsvereniging geskets. Borckenhagen het egter ook uitvoerig verslag gedoen oor die werksaamhede van die Engelse vereniging in Bloemfontein, *The Young Men's Literary Society*. Het *O.V.S. Familieblad* wat sedert 1879 as weeklikse bylae tot *De Express* uitgegee is, het met sy leesstof in ligter trant gehelp om leeslus aan te wakker, soos 'n leser met die skuilnaam *Dankbaar* geskryf het: "Met haast doorlas ik den inhoud en was opgeruimd en voldaan harteliken dank .. voor de moeite en arbeid, die u besteedt, om leeslust by uwe intekenaren op te wekken en aan te wakkeren.." ²¹⁴

J. L. K. Human skryf dat Borckenhagen 'n veelsydige man met 'n sterk voorliefde vir musiek was.²¹⁵ Sy winkel het 'n musiekdepartement gehad waar hy allerlei musiekinstrumente

212. *De Express*, 12 Des. 1893.

213. *Ibid*, 16 Okt. 1894.

214. *Ibid*, 7 Julie 1896.

215. Human, J.L.K., *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boere-oorlog*, p. 176.

en bladmusiek aangehou het en waar hy ook 'n klavierstemmer, ene mnr. Alexander, in diens gehad het. Op 8 Desember 1893 is die volgende nuwe bladmusiek byvoorbeeld geadverteer: *Echoes of the Rand* deur mej. van Wyk, *Monarch of all I survey* (sangsolo) en *The Bridal March* (klaviersolo) deur James Drummond van Somerset-Oos.²¹⁶ Die bladmusiek het waarskynlik groot aftrek gekry in 'n tydperk toe mense hulself moes vermaak deur saam te sing en musiek te maak. Daar was nog geen grammofoon, radio's, beeldradio's en rolprentteaters nie! Van die grootste belang vir die bevordering van musiek en teater in Bloemfontein, was Borckenhagen se "Concert and Theatrical Agency". Dit was hierdie agentskap wat oorsese musici en akteurs na Bloemfontein gebring het en vir die organisasie, administrasie en bemaking van konserte verantwoordelik was. Die grootste aanwinst vir die agentskap en vir die musieklewe in Bloemfontein was die aanstelling van Ivan Hartwig Haarburger as klerk. Haarburger is in Maart 1873 in Hamburg, Duitsland, gebore en net soos Borckenhagen en talle ander het hy na Bloemfontein gegaan ter wille van sy gesondheid. Hy het in 1886 daar aangekom en eers as klerk by Moritz Levisseur en die Deale-broers gewerk voordat Borckenhagen hom gewerf het.²¹⁷ Gedurende Desember 1893 het Borckenhagen in *De Express* geadverteer dat hy sy musiekdepartement aansienlik uitgebrei het onder bestuur van Haarburger, wat pas oorsee gestuur is om Europese musikante te werf om in Suid-Afrika op te tree. Van toe af het Haarburger gereeld as impresario vir talle kunstenaars en groepe opgetree. Hy het die uitstekende ervaring wat hy in Borckenhagen se diens opgedoen het, benut toe hy na Borckenhagen se dood sy eie musiekwinkel geopen²¹⁸ en nog baie jare lank oorsese kunstenaars na Suid-Afrika gebring het.²¹⁹

Die winterkonsertseisoen van 1894 het byvoorbeeld begin met die optrede van Marguerite Macintyre van wie *De Express* geskryf het dat hierdie Skotse sopraan een van die bestes ter wêreld was en die hoogste lof van groot gehore in Kaapstad en Johannesburg ontvang het. Na haar optrede in Suid-Afrika sou sy aan die Wagner-fees gaan deelneem. J. B. Page (of Paige²²⁰), 'n bariton van Port Elizabeth, plaaslike

216. *De Express*, 8 Des. 1893.

217. Schoeman, Karel, *Bloemfontein*, p. 128.

218. Human, p. 176.

219. Schoeman, p. 203.

220. Human, p. 19.

kunstenaars en Haarburger se orkes het ook opgetree. Die konsert was 'n reuse sukses en beide *De Express* en *The Friend* was vol lof hoewel *De Express* 'n bietjie krities was omdat mej. Macintyre te veel van vibrato gebruik gemaak het.²²¹ In 1894 is selfs 'n Italiaanse operageselskap onder leiding van A. Bonamici na Bloemfontein gebring. Van die sangers, soos Vincenzo Maina, was bekendes in Europese operahuise. Die opvoerings is aanvanklik nie baie goed bygewoon nie, waarskynlik omdat dit in Italiaans aangebied is; gevolglik het Borckenhagen boekies met die Engelse weergawe van die libretto beskikbaar gestel voordat *Carmen* opgevoer is en die opera is toe geesdriftig ontvang.²²² In sy resensie het Borckenhagen geskryf dat dit moed gevery het om die operas, veral *Faust*, op so 'n klein verhoog aan te bied, maar die geselskap het die probleme op bewonderingswaardige wyse oorkom en die opvoerings was net so goed soos op 'n groot Engelse verhoog.²²³ Sommige van die oorsese kunstenaars was nie van dieselfde hoë gehalte nie - Borckenhagen het geskryf "South Africa is so often plagued with people whose puffs go beyond their powers"²²⁴ en ander was reeds lank verby hulle beste dae, soos die Engelse tenoor Sims Reeves, wat byna 74 jaar oud was en sy vrou. Borckenhagen het baie beleefd gemeld dat hy darem 'n goeie voorbeeld van frasering gestel het.²²⁵ Daar het egter heelwat uitstekende kunstenaars opgetree soos Norman Salmond, wat deur Borckenhagen beskryf is as die voortreflikste bariton wat Suid-Afrika nog besoek het,²²⁶ die sopraan mademoiselle Trebelli, wat volgens Borckenhagen beter as mej. Macintyre was en sir Charles Hallé, pianis en sy vrou wat 'n violis was. Die Hallé's het 'n uitstaande uitvoering gelewer - "the finest musical performance ever given in Bloemfontein" het *The Friend* beweer.²²⁷ Sir Charles was reeds 76 jaar oud en is kort hierna oorlede.²²⁸ Borckenhagen was baie verontwaardig toe *The Standard and Diggers' News* se resensent opgemerk het dat die Hallé's duisende myle gereis het "to delight an uncultivated but appreciative audience with the unchallenged masterpieces of

221. *De Express*, 17 en 20 Julie 1894; *The Friend*, 20 Julie 1894.

222. *Human*, pp. 44-45.

223. *De Express*, 3 Mei 1895.

224. *Ibid*, 21 Mei 1895.

225. *Ibid*, 14 en 25 Aug. en 8 Sept. 1896; *The Friend*, 4 Sept. 1896.

226. *De Express*, 10, 14 en 21 Mei 1895; *The Friend*, 17 Mei 1895.

227. *The Friend*, 6 Sept. 1895.

228. Schoeman, p. 129.

all time". Hy het geskryf: "Bloemfontein, we fancy, is as musically cultivated as, proportionally, any place in the world."²²⁹ Op die gebied van musiekwaardering was daar inderdaad tydens die tagtiger en neëntiger jare ongekende vooruitgang in Bloemfontein te bespeur. *The Friend* het van 'n wonderwerk gepraat.²³⁰ Mademoiselle Trebelli het na haar optrede in Suid-Afrika verklaar dat Durban en Bloemfontein die mees waarderende gehore in die land gehad het.²³¹ Haarburger, met Borckenhagen se steun en aanmoediging, het 'n groot aandeel hierin gehad, veral ook vanweë die stigting in 1893 van die *Bloemfontein Orchestral Society* waarvan hy die dirigent en dryfveer was.²³² Nog 'n werknemer van Borckenhagen, Arthur Fedisch, was sekretaris van die orkesvereniging. Hy is in Augustus 1896 na Potchefstroom as bestuurder van Borckenhagen se onderneming daar en het sekerlik ook daar 'n bydrae tot die musieklewe gelewer.²³³ Die orkes het gereeld uitvoerings gegee en van krag tot krag gegaan. Onder die orkeslede was begaafde musici soos die klarinetspeler August Gräder wat voorheen lid was van Von Bülow se simfonie-orkes in Hamburg en by Covent Garden in Londen opgetree het.²³⁴ Baie van die orkeslede het later verhuis en sommige het op die Vrystaatse platteland beland waar hulle die werk in belang van musiek voortgesit het.²³⁵ In 1898, by geleentheid van die Bloemfonteinse Orkesvereniging se vierde verjaarsdag, het *The Friend* Haarburg se aandeel in die musieklewe van die Vrystaat soos volg besing: "Today Bloemfontein holds the first rank for its culture. This position has been gained by hard work and amongst those who have so largely contributed, Ivan Haarburger holds the premier position .. As founder and conductor of this society he has done the work of ten men and today every town in the Free State has one or another of his band who has carried the love instilled into them by their master and they are helping to spread the appreciation to all of what is best in music."²³⁶

Die keuse van musiek was uitstekend en begaafde oorsese en plaaslike soliste is by konserte betrek. Daar was 'n aantal

229. *De Express*, 13 Sept. 1895.

230. Schoeman, p. 128; Human, p. 201; *The Friend*, 5 Nov. 1895.

231. *The Friend*, 15 Oktober 1895.

232. Human, p. 17.

233. *De Express*, 11 Aug. 1896.

234. Human, p. 195; Schoeman, p. 128.

235. Human, p. 24.

236. *The Friend*, 20 Okt. 1898.

knap kunstenaars in Bloemfontein soos Florence Fraser wat in die res van Suid-Afrika en oorsee net so hoog aangeskrewe was as in die Vrystaat waar sy as die Vrystaatse nagtegaal bekend gestaan het;²³⁷ die strykers George Israel en sy drie seuns²³⁸ en J. T. Beavan. Beavan het in 1894 ook 'n koorvereniging in Bloemfontein gestig.²³⁹ Die drie koerante in Bloemfontein, *De Express*, *The Friend* en *De Burger* het aan al hierdie bedrywighede prominensie verleen, in eersgenoemde twee is uitgebreide en lewendige resensies gepubliseer waarin lof en soms kritiek kwistig uitgedeel is en die pers het dus 'n belangrike rol vervul in die bevordering van die musieklewe. Human skryf: "Weens 'n toenemende belangrikheid van musiek in persberigte is musiekaktiwiteit onder die aandag van die publiek gebring en volledige koerantverslae het 'n vinger op die pols van die musiekstandaard gehou."²⁴⁰

De Express se Afrikaanse redakteur, Nico Hofmeyr, het ook 'n bydrae tot die musieklewe in die Vrystaat gemaak. Hy het dikwels as sanger of as orrelis opgetree, veral by troues²⁴¹ en het liedere soos *Die Afrikaanse Bruilofslied* (*Die Jawoord is uit*), waarvoor hy die liriek en musiek geskryf het, gekomponeer. Hy het ook aan konserte op die platteland deelgeneem. Tydens 'n konsert te Edenburg, waar geld vir 'n klavier ingesamel is, het hy treurige en vrolike liedere, soos sy eie bruilofslied, gesing en die gehoor het by die refrein ingeval.²⁴²

Op die gebied van die toneelkuns was Bloemfontein baie bedrywig. Daar was minstens vier amateurgeselskappe gedurende die negentiger jare en talle besoekende geselskappe het ook opgetree. Borckenhagen se agentskap het ook 'n aandeel in die aanbiedinge gehad. Afgesien van Shakespeare-stukke was die opvoerings meestal in ligter trant.²⁴³

In 1893 is daar 'n *O.F.S. Fine and Industrial Arts Society* onder voorsitterskap van dr. B. O. Kellner, wat op daardie stadium burgemeester was, in Bloemfontein gestig.²⁴⁴ Dr. Kellner het die idee in Durban gekry. Op 14 Junie van

237. Human, pp. 184-185.

238. *Ibid*, pp. 189-190.

239. *Ibid*, pp. 192-193.

240. *Ibid*, p. 201.

241. *De Express*, 29 Maart 1892.

242. *Ibid*, 16 Junie 1894.

243. Schoeman, p. 129.

244. *Ibid*, p. 128.

dieselfde jaar het die vereniging sy eerste uitstalling in die stadsaal gehou en Borckenhagen het op die komitee gedien wat die skou gereël het. Hy het sy lesers op geesdriftige wyse oor die skou ingelig. Daar is onder andere skilderye, borduurwerk, foto's, houtsnewerke van mnr. J. F. Hondius, die handwerkonderwyser by Greykollege en masjinerie, vertoon. Die skou is deur pres. Reitz geopen en dit is ook deur die Kaapse goewerneur, sir Henry Loch en sy gevolg bygewoon. Borckenhagen het die uitstalling as baie bevredigend beskryf.²⁴⁵ In 1895 het hy na afloop van die derde uitstalling geskryf dat dit 'n baie aangename indruk gelaat het. Daar was minder deelnemers as die vorige jaar, maar die gehalte was beter.²⁴⁶

Dit is duidelik dat Borckenhagen 'n groot belangstelling in die kulturele ontwikkeling van die gemeenskap gehad het en 'n belangrike bydrae daartoe gelewer het.

3.3.1.5 Die Hoofstad

Borckenhagen het hom daarvoor beywer dat die modelrepubliek ook 'n waardige hoofstad moes hê. Hy het die inwoners gereeld aangemoedig om 'n trots in hulle stad te ontwikkel. In 1889 het hy geskryf dat hy hoop vir Bloemfontein gehad het met sy ondernemenende en populêre burgemeester, mnr. Robert Innes. Bloemfonteiners was te beskeie - hulle het rede gehad om trots te wees, want daar was meer en beter skole as in enige stad van gelyke omvang in die wêreld. Daar was goedkoper en beter geriewe; alle professies is deur bekwame persone uitgeoefen en daar was 'n lae sterftesyfer. Dit alles is bereik sonder spoorweë en nywerhede, met net boerdery as hulpbron. Met die vooruitsigte wat die koms van die spoorlyn gebied het sowel as die vooruitgang van boerdery en die moontlikheid van 'n doeltreffende waterskema, kon dit in die negentigerjare nog beter gaan. Bloemfontein se vooruitgang sou volgens hom vir die hele land voordelig wees.²⁴⁷ Teen die einde van 1891 het Borckenhagen Bloemfontein beskryf as een van die skoonste stede in Suid-Afrika. Dit was mooi geleë, die strate was breed en meestal skoon; die publieke geboue was 'n sieraad en die Tweetoringkerk 'n simbool van die Calvinistiese aard van die inwoners.²⁴⁸

245. *De Express*, 16 Junie 1893.

246. *Ibid*, 18 Okt. 1895.

247. *Ibid*, 10 Sept. 1889.

248. *Ibid*, 24 Nov. 1891.

Hy was bereid om sy dienste beskikbaar te stel vir die verbetering van toestande. In die eerste plaas sou hy in sy koerant pleidooie lewer en hierin het hy en *The Friend* saamgewerk. So het hulle in 1889 sterk aangedring op stadsbeplanning en beter sanitasie.²⁴⁹ Hy het op verskeie komitees en verenigings gedien en was dikwels aan die voorpunt van agitasies vir verbeteringe, soos die aanlê van 'n waterskema. Ook was hy vir 'n hele aantal jare stadsraadslid.

Nadat hy jarelank die aanplanting van bome bepleit het, is daar in 1889 'n Bloemfonteinse Boomplantings- en Bewaringsvereniging gestig waarvan hy lid was. Die doel van die vereniging was om omheinings aan te bring om die bome op die berg te beskerm; om bome naby die dam te plant, aandag aan 'n park te gee en Bloemfontein te verfraai.²⁵⁰ Haarburger, wat by hom in diens was, het R200 vir die vereniging gekollekteer.²⁵¹ Op aandrang van die vereniging het die munisipaliteit aan hulle 'n stuk grond begrens deur die dam en sy uitloop, die watervoor en die agtermuur van die Presidensie, waar die huidige woonwapark geleë is, geskenk om as Bloemfontein se eerste park in te rig. Hulle het die grond geploeg en talle bome en struikie geplant. G. A. Fichardt het kasuarisbome, sipresse en sewentig bloekoms geskenk. In 1892 het die stadsraad die terrein oorgeneem.²⁵² Na afloop van die vereniging se jaarvergadering in 1891 het Borckenhagen berig dat ongeveer 220 bome en struikie aangeplant is en dat daar nog gras aangeplant sou word. Die ledetal het van 55 na 30 verminder. Die stadsraad het R40 per jaar bygedra en die vereniging was van plan om ook by die Volksraad aan te klop vir fondse.²⁵³ Aan die begin van 1892 het *The Friend* aanbeveel dat die stadsraad ruimer tot die vereniging moes bydra sodat Bloemfontein meer bome kon kry. Omheining was ook belangrik.²⁵⁴ In Oktober kon die koerant met genoeë verklaar dat Bloemfontein al hoe mooier geword het en dat dit verblydend was dat daar soveel bome aangeplant is.²⁵⁵ Aan die begin van 1895 het die stadsraad die reuse bedrag

249. *Ibid*, 27 Sept. en 1 Okt. 1889; *The Friend*, 11 en 25 Sept. en 2 Oktober 1889.

250. *De Express*, 15 Okt. 1889.

251. *Ibid*, 22 Okt. 1889.

252. Schoeman, p. 123.

253. *De Express*, 2 Junie 1891.

254. *The Friend*, 25 Maart 1892.

255. *Ibid*, 14 Okt. 1892.

van R1 500 gestem vir boomaanplanting.²⁵⁶ Teen die middel van die jaar het die raad besluit om nog raadskamers aan te bou, maar, het Borckenhagen gekla, die besluit om R1 500 vir 'n park te gebruik, is "quietly abolished".²⁵⁷

'n Afvaardiging bestaande uit Borckenhagen, A. Fischer en M. Levisieur is op 30 September 1889 na die Staatspresident met 'n memorie om beswaar aan te teken teen die Uitvoerende Raad se besluit om Bloemfontein se sanitêre regulasies af te keur.²⁵⁸

Op 3 Oktober 1889 is Borckenhagen onbestrede tot stadsraadslid vir wyk 4 verkies²⁵⁹ en op 17 Oktober het burgemeester R. Innes hom by sy eerste stadsraadsvergadering verwelkom.²⁶⁰ Sake het nie altyd so vreedsaam tydens stadsraadsvergaderings verloop nie. In 1889 het beide *De Express* en *The Friend* met lof van burgemeester Robert Innes se leiding gepraat.²⁶¹ Op die raadsvergadering van 3 September 1890, na die stadsraadsverkieping waartydens Borckenhagen tot raadslid vir wyk 5 verkies is, het hy voorgestel dat mnr. Innes herkies word tot burgemeester. Hy is egter deur mnr. F. W. Salzmann vervang. Hieroor was Borckenhagen baie ontevrede en hy "spreken warm ten gunste van " Innes. Op 4 September het die stadsraad Borckenhagen se bedankingsbrief as stadsraadslid behandel en aanvaar.²⁶² In *De Express* het Borckenhagen geskryf dat daar vooraf gekonkel is en dat dit 'n klap in die gesig van die bekwame Innes was. Hulle kon Innes minstens gevra het om voort te gaan met die reëlings van die spoorfees in Desember.²⁶³ *The Friend* se reaksie was dat dit goed was dat daar 'n nuwe burgemeester verkies is, anders kon daar in 'n groef verval word.²⁶⁴ Innes het daarin geslaag om Borckenhagen te ooreed om weer sy plek in die stadsraad in te neem.²⁶⁵ In 1891 het hy gerus en op 27 Aug. 1892 is hy weer onbestrede vir wyk 5 verkies²⁶⁶ en in 1893 vir die laaste keer. Schoeman beskryf

256. *The Friend*, 15 Jan. 1895.

257. *De Express*, 11 Junie 1895.

258. *Ibid*, 1 Okt. 1889.

259. *The Friend*, 16 Okt. 1889.

260. Stadsraadsnotule, 17 Okt. 1889, MBL 1/1/1/5, OVS Argiefbewaarpark.

261. *De Express*, 10 Sept. 1889; *The Friend*, 11 Sept. 1889.

262. Stadsraadsnotules 3 en 4 Sept. 1890, MBL 1/1/1/5, OVS Argiefbewaarpark.

263. *De Express*, 5 Sept. 1990.

264. *The Friend*, 5 Sept. 1990.

265. *De Express*, 5 Sept. 1990.

266. *Ibid*, 30 Aug. 1892.

die laaste dekade van die neëntiende eeu, saam met die eerste van die twintigste as 'n goue tydperk in die bestaan van Bloemfontein²⁶⁷ en Borckenhagen het ook sy deel daartoe bygedra.

In 1891 is die bekwame dr. B. O. Kellner tot burgemeester verkies. Hy was ook lid van die Volksraad en Borckenhagen het die vertroude uitgespreek dat hy die Volksraad sou oorreed om die regering belasting te laat betaal op regeringsgeboue binne die munisipale gebied.²⁶⁸ Hy is 'n hele aantal kere herkies en het baie bygedra tot verbeteringe in die stad en ook in die woonbuurtes vir die gekleurde bevolking. In 1892 het *The Friend* gepraat van die baie monumente wat hy vir homself in Bloemfontein opgerig het.²⁶⁹ *De Express* het berig oor 'n vergadering wat die inwoners van die swart woonbuurt Waaihoek gehou het om dr. Kellner te bedank vir sy aandeel in die buurt se verbeteringe.²⁷⁰ Borckenhagen het deur die jare verskeie kere met trots na Waaihoek verwys en dr. Kellner geloof vir wat hy bereik het.²⁷¹ Dit was seker onvermydelik dat twee sulke sterk persoonlikhede soos hy en dr. Kellner soms sou bots. Dit het later in verband met die waterskema gebeur.²⁷²

Die watervoorsiening aan Bloemfontein was baie onbevredigend. Die fontein agter die Presidensie en 'n aantal putte was die enigste bron van water. Die watererwe in die omgewing van die Presidensie het water uit die voor wat van die fontein af gekom het, gekry. In 1891 is ysterpype geïnstalleer. Die res van die stad moes water van die fontein of putte af aandra of laat aandra.²⁷³ Hoewel Borckenhagen se huis in St. Georgestraat, *Rose Lodge*, op een van die watererwe geleë was en een van die weiniges in die stad wat met kraanwater kon spog,²⁷⁴ het hy hom onvermoed beywer vir genoegsame watervoorsiening aan die stad veral aangesien die bevolking aan die groei was en die koms van die spoorweë 'n groot vraag na water geskep het. Sedert 1887 is daar telkens voorstelle in hierdie verband gedoen, maar dit het by praatjies gebly. In 1890 het Borckenhagen die

267. Schoeman, p. 125.

268. *Ibid*, 15 Sept. 1891.

269. *The Friend*, 28 Okt. 1892.

270. *De Express*, 23 Aug. 1892.

271. *Ibid*, 10 Jan. 1893, 17 Aug. 1894 en 22 Okt. 1895.

272. *Ibid*, 18 Sept. 1894.

273. Schoeman, p. 118.

274. Schoeman, K., *Onderhoud met mev. Blanca Marais*, 15 September 1979. (Bandopname)

stadsraad se onaktiwiteit gekritiseer en die hoop uitgespreek dat 'n waterskema 'n werklikheid sou word.²⁷⁵ Die eerste stap wat deur die stadsraad geneem is, was om 'n konsessie aan Henry Adler van Johannesburg, skoonseun van een van Bloemfontein se pioniers, Isaac Baumann, toe te staan vir watervoorsiening. Hy moes 'n deposito van R2000 betaal om te verseker dat hy sy opdrag binne 'n gegewe tyd uitvoer.²⁷⁶ *The Friend* het dit as 'n jammerte beskou dat die stadsraad geen ander opsie gehad het as om 'n konsessie uit te gee nie.²⁷⁷ Adler kon nie sy opdrag betyds uitvoer nie en tot Borckenhagen se spyt is sy kontrak nietig verklaar en het hy sy deposito verbeur. Borckenhagen het gemeen die stadsraad sou nie maklik weer iemand kry wat gewillig sou wees om die skema aan te pak nie.²⁷⁸ Die raad het Adler spoedig weer versoek om met sy skema voort te gaan. Borckenhagen was in sy noppies. Hy het besef dat watervoorsiening 'n netelige kwessie was, veral in Bloemfontein waar nie almal water wou hê nie. Dit het hom nie verbaas dat *The Friend* die skema geopponeer het nie. Syns insiens was die stadsraad te verstandig om na *The Friend* se raad te luister en die publiek het so sterk oor die saak gevoel dat onderhandelings nie op persoonlike gevoelens teen Adler gebaseer sou wees nie. Daar is 'n paar maande verloor, maar hy het geglo dat alles sou regkom.²⁷⁹ Tot *The Friend* se vreugde²⁸⁰ en Borckenhagen se spyt het die Hooggeregshof die opdamming van die Renosterspruit vir Bloemfontein se waterskema verbied.²⁸¹ Borckenhagen het die stadsraad aangeraai om dadelik ander planne te maak aangesien die bevolking vinnig aan die groei was. Daar sou nou na die groter riviere gekyk moes word. Hy het dit ook die Volksraad se plig geag om ondersoek in te stel na waterbronne en bepalinge in verband met waterregte op te stel. Die staat moes 'n waterskema in werking stel waaruit die boere ook water kon kry.²⁸²

Die stadsraad het 'n komitee aangestel om binne ses maande verslag te doen oor die voorsiening van water en ligte aan die stad. Borckenhagen het op die komitee gedien.²⁸³ In

275. *De Express*, 14 Okt. 1890.

276. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 118.

277. *The Friend*, 23 Jan. 1891.

278. *De Express*, 29 Julie 1892.

279. *Ibid*, 9 Aug. 1892.

280. *The Friend*, 18 Nov. 1892.

281. *De Express*, 18 Nov. 1892.

282. *Ibid*, 18 en 22 Nov. 1892.

283. *Ibid*, 20 Des. 1892.

Januarie 1893 is 'n openbare vergadering oor die waterkwessie gehou en die stadsraad se komitee is aangevul met 'n aantal inwoners van Bloemfontein.²⁸⁴ In Augustus het die stad se bewoners weer eens vergader. Die komitee kon nog nie genoegsame inligting inwin nie en Borckenhagen se voorstel dat dit onbeperkte tyd moes kry om die opdrag uit te voer, is aanvaar.²⁸⁵ Hy was baie trots op die waardige, verantwoordelike en ernstige wyse waarop die vergaderdes en Bloemfontein se stadsraad opgetree het, al was die vordering stadig, in vergelyking met die oproerige vergaderings oor waterverskaffing wat in Johannesburg plaasgevind het.²⁸⁶ Aan die anderkant was hy jaloers op Pretoria waar die regering op liberale wyse gehelp het met waterverskaffing. Hy het gesug: as die Vrystaatse regering maar soveel hulp aan Bloemfontein wou gee!²⁸⁷

In Augustus 1894 het die volgende algemene vergadering van inwoners plaasgevind. Die verkose komitee het in die afwesigheid van Borckenhagen, J. G. Fraser, R. Innes en G. A. Fichardt voorgestel dat die watererwe onteien en vir die stad se watervoorsiening aangewend word. Die vergadering het die voorstel, sekerlik tot Borckenhagen se verligting, verwerp. Hy het tot die slotsom gekom dat 'n rivierskema die enigste oplossing sou bied.²⁸⁸ In 'n ope brief in sy koerant het hy Bloemfonteiners gevra om saam te staan en saam te dink oor 'n waterskema. Hy het weer beklemtoon dat 'n rivierskema al was wat sou deug. Dit sou duurder as ander skemas wees, maar sou beslis werk. Die Volksraad kon gevra word om te help.²⁸⁹

Dit het nou duidelik begin word dat daar ernstige meningsverskille oor 'n waterskema tussen Borckenhagen en dr. Kellner, wat vir 'n vierde termyn tot burgemeester verkies is, ontstaan het. *The Friend* het dr. Kellner gesteun en Borckenhagen gekritiseer omdat hy nie ingenieur Stewart, die deskundige wat deur die stadsraad geraadpleeg is, vertrou het nie. Stewart het voorgestel dat water uit die fontein en die Kafferfonteinspruit vir die stad aangewend moes word. *The Friend* het gemeen dat daar oorweging aan hierdie moontlikhede gegee moes word.²⁹⁰ Dr. Kellner het

284. *The Friend*, 31 Jan. 1893.

285. *De Express*, 15 Aug. 1893.

286. *Ibid*, 12 Des. 1893.

287. *Ibid*, 4 Aug. 1893.

288. *Ibid*, 28 Aug. 1894.

289. *Ibid*, 31 Aug. 1894.

290. *The Friend*, 31 Aug. 1894.

Borckenhagen en ander lede van die komitee wat nie die openbare vergadering bygewoon het nie, daarvan beskuldig dat hulle nie oor al die feite beskik het nie. In antwoord hierop het Borckenhagen geskryf: "Allow me to observe that neither the Mayor, nor Mr Stewart, nor the attending members have the faintest idea of the main detail - the quantity of water in the fountain at the disposal of the town, and which it is proposed to distribute. As to the other little detail, the Kafirfontein dam, no attendance at waterworks meetings or perusal of reports will convince those who are opposed to that scheme."²⁹¹

Die waterkwessie het gemoedere gaande gemaak. Borckenhagen het aanbeveel dat die Volksraad wetgewing met betrekking tot oewerrechte aanneem, nie net wat Bloemfontein betref nie, maar die hele Vrystaat sodat alle dorpe en boere daarby kon baat. Transvaal het juis so 'n wet aangeneem. Hy het nogmaals 'n rivierskema aanbeveel, met inagneming van oewerrechte. Die eienaars laer af in die rivier se eise moes egter beperk wees, want 'n publieke stroom het eerstens aan die publiek en dan aan die oewerbewoners behoort. Die kwessie moes gou aangepak word sodat wetgewing vroegtydig aangeneem kon word.²⁹² Die volgende vergadering van inwoners het vinnig nader gekom en Borckenhagen het met dringendheid oor die kwessie geskryf. Hy was oortuig daarvan dat die fontein en Kafferfonteinspruit se water nie voldoende vir die stad se behoeftes sou wees nie en die water was ook nie geskik nie. Sy drukkery se ketel is reeds deur die water belemmer en die spoorweë wou dit ook nie hê nie. Hy was bevrees dat aanhangers van ingenieur Stewart sy voorstel vinnig wou deurstoot. Stewart het reeds so 'n verskeidenheid planne voorgelê dat dit vir Borckenhagen gelyk het of hy nie geweet het wat hy wou hê nie. Hy het vertrou dat gesonde verstand op die vergadering sou heers.²⁹³

Die vergadering wat op 15 September plaasgevind het, het baie onordelik verloop en *De Express* het dit aan dr. Kellner se optrede as voorsitter toegeskryf. Hy het sy teenstanders, veral Borckenhagen en ook G. A. Fichardt, harde woorde toegevoeg²⁹⁴ sodat Borckenhagen berig het: "The attitude of the Mayor at the last public meeting towards those opposed to him was full of that vindictive element, of

291. *De Express*, 4 Sept. 1894.

292. *Ibid*, 7 Sept. 1894.

293. *Ibid*, 14 Sept. 1894.

294. *The Friend*, 18 Sept. 1894.

which the Mayor commands a large amount at certain times". Hy het Kellner daarvan beskuldig dat hy in die vergadering en daarbuite onwaarhede aangaande sy (Borckenhagen) se motiewe versprei het.²⁹⁵ Die burgemeester se voorstel is aanvaar, maar daar was sterk teenstand.²⁹⁶ Borckenhagen was baie ongelukkig oor die besluit en hy het die hoop uitgespreek dat die Uitvoerende Raad sou weier om die skema goed te keur. Volgens hom sou Bloemfontein die dag berou wanneer die skema goedgekeur word. Sy voorstel van 'n rivierskema is op die vergadering buite die orde gereël weens die persoonlike element wat ingebring is.²⁹⁷ Gemoedere het gou bedaar en slegs 'n paar dae na die vergadering het *The Friend* berig dat die twee partye waarskynlik sou ooreenkom en dat daar eers deeglik ondersoek ingestel sou word na die moontlikheid van water uit die Modderrivier voordat die bestaande voorstel in werking gestel word.²⁹⁸ Teen November het Borckenhagen op versoenende wyse geskryf dat munisipale sake in Bloemfontein goedkoop en doeltreffend bedryf is omdat die manne aan die stuur besiel was met die strewe om die beste vir die stad te verkry. As daar dus 'n verskil van mening was oor die enigste ontbrekende openbare noodsaaklikheid, 'n genoegsame watervoorraad, het die rusie die stad ten goede gekom om so die beste oplossing te vind.²⁹⁹ In Desember het hy berig dat die fontein reeds gefaal het. Bloemfonteiners moes versienende wees en sorg dat die watervoorraad nie net in hulle eie behoeftes voorsien nie, maar ook voldoende sou wees vir 'n vakansieoord sodat besoekers ter wille van die handel na Bloemfontein gelok kon word.³⁰⁰ In Mei 1895 het die komitee vir watervoorsiening besluit om tenders vir 'n lening van R60 000 aan te vra om die eerste gedeelte van Stewart se skema uit te voer.³⁰¹ Borckenhagen het nie bes gegee nie en 'n petisie is rondgestuur oor die voorgestelde waterskema.³⁰² Sestig persone het daarin gevra dat daar weer 'n openbare vergadering oor die waterkwessie gehou word, maar Kellner het dit van die hand gewys. Borckenhagen het gepleit dat daar nie geld op 'n skema gemors moes word wat net tydelik in die behoeftes sou voorsien nie. Die stad se vraag na water sou met die aanbou van verdere spoorlyne

295. *De Express*, 18 Sept. 1894.

296. *The Friend*, 18 Sept. 1894.

297. *De Express*, 18 Sept. 1894.

298. *Ibid*, 21 Sept. 1894.

299. *Ibid*, 6 Nov. 1894.

300. *Ibid*, 4 Des. 1894.

301. *The Friend*, 17 Mei 1895.

302. *Ibid*, 24 Mei 1895.

vinnig toeneem en die beste oplossing vir die probleem sou gevind word as almal in harmonie en eendrag saamwerk.³⁰³ Hy is tog toegelaat om die petisie aan die stadsraad voor te lê en die raad het toestemming vir 'n openbare vergadering verleen.³⁰⁴ Voor die vergadering het Borckenhagen die mening uitgespreek dat die stad se inwoners in 'n referendum oor die waterkwessie moes stem.³⁰⁵ Hierdie keer het hy die voorsitterstoel by die openbare vergadering ingeneem en *The Friend* het berig dat die besprekings dwarsdeur "of the most harmonius character" was.³⁰⁶ Dr. Kellner was ook teenwoordig en was nou bereid om die rivierskema te steun. Dit is eenparig aanvaar en 'n komitee is gekies om die stadsraad te ontmoet.³⁰⁷ Die waterkwessie sou egter nog lank sloer, waarskynlik omdat die rivierskema baie duur was en geld daarvoor geleen moes word. Teen die einde van 1896 het Borckenhagen van mening verander vanweë die hoë koste van die skema wat hy tot op daardie stadium voorgestaan het. Hy het teruggekeer na die oorspronklike skema om water uit Renosterspruit te kry. Nogtans het hy hom berus by die meerderheidstem ten gunste van die rivierskema tydens 'n openbare vergadering in Desember 1896. Die beste moes van die skema gemaak word deur 'n goeie kontrakteur te kry.³⁰⁸ Die stadsraad het besluit om waterwerke by Sannaspos in die Modderrivier aan te lê. Dit was Borckenhagen nie beskore om van daardie effens modderige water te drink nie, want dit het die stad eers vroeg in 1899 bereik.³⁰⁹

Na sy dood het *The Friend* hom tereg geloof vir sy bydrae tot die ontwikkeling van Bloemfontein: "He .. took a very keen and warm interest in municipal and social matters, and was ever ready to give advice, and, better still, place his service at the disposal of the public generally."³¹⁰

3.3.2 Militêre Weerbaarheid

Na die Basoeto-oorloë het die Vrystaters in vrede geleef. Die anneksasie van Transvaal deur Brittanje in 1877 het Borckenhagen laat skryf dat hy bekommerd gevoel het oor die

303. *Ibid*, 4 Junie 1895.

304. *Ibid*, 11 Junie 1895.

305. *Ibid*, 16 Aug. 1895.

306. *The Friend*, 20 Aug. 1895.

307. *De Express*, 20 Aug. 1895.

308. *Ibid*, 17 Nov. en 11 Des. 1896.

309. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 119.

310. *The Friend*, 8 Febr. 1898.

Vrystaat se weerbaarheid na jare van vrede. Hy het die regering en volk opgeskerp om daaraan aandag te gee.³¹¹

In die jare voor die Jameson-inval in 1896 was die enigste gevaar waarop die Vrystaters bedag was 'n aanval uit Basoetoland. In 1891 het Borckenhagen, soos 'n paar ander Vrystaters, met skrik kennis geneem van 'n wapenskou tydens die Britse hoë kommissaris, sir Henry Loch, se besoek aan Basoetoland. Volgens berigte het 13 000 goed gewapende krygers aan die skou deelgeneem. Borckenhagen het 'n korrespondent se voorstel dat die regering soos Transvaal s'n gewere moes invoer en teen kosprys beskikbaar stel, onderskryf.³¹²

Na afloop van die burgers se wapenskou by die Republiek se verjaarsdagviering op 23 Februarie 1891 het Borckenhagen daarop gewys dat die Duitse en Franse leërs besig was om moderne masjiengewere en rooklose kruit aan te koop en dat hulle ou Mausers en Lebel-gewere teen lae pryse te koop was. Hy het voorgestel dat die Vrystaat hierdie gewere koop, want hulle was beter as die gewere wat Vrystaters toe gebruik het. Hy het bereken dat daar 14 000 weerbare manne in die Vrystaat was.³¹³

Gedurende hierdie tydperk het daar skietverenigings bestaan en skietoefeninge en wapenskoue was 'n integrale deel van die Jongelingsverenigings se byeenkomste. Daar is geesdriftig aan wapenskoue deelgeneem, soos blyk uit die volgende syfers in verslae van wapenskoue wat tussen Februarie en April 1892 in *De Express* verskyn het: Smithfield, 26 Februarie: meer as 1 200 man; Ladybrand, 26 Maart: 800 man; Clocolan, 26 Maart: 750 man; Lagerspruit, Senekal, 7 April: 400 man; Boshof, 13 April: meer as 1 400 man. Met pres. Steyn se inswering het meer as 2 000 burgers 'n wapenskou wat deur *De Express* as uitstekend beskryf is, gehou.³¹⁴ Die oefeninge was gemik op die moontlike inval van swart stamme. Borckenhagen het die belangstelling en energieke deelname aan wapenskoue as 'n hoogs bevredigende verskynsels beskou. Hy het diegene wat gemeen het dat die Vrystaat nie sulke oefening nodig gehad het nie, gewaarsku dat solank daar Basoeto's op die grens was, die land nie gerus kon wees nie en deur deelname aan wapenskoue militêr

311. *De Express*, 20 Julie 1877.

312. *Ibid*, 15 Julie 1890.

313. *Ibid*, 17 Jan. 1891.

314. *Ibid*, 6 Maart 1896.

paraat moes word. Hy het die herlewing van wapenskoue "one of the most marked and commendable features of President Reitz's domestic rule" genoem. Syns insiens was dit die plig van die regering om die sterk militêre element in die Afrikaner se temperament te ontwikkel. Hy was dus bly dat pres. Reitz, wat reeds in 1890 in sy toespraak aan die begin van die Volksraadsitting sy kommer uitgespreek het omdat die burgers ongewapen was, die samewerking van die Volksraad verkry het. 'n Kommissie van ondersoek het aanbeveel dat die regering 'n bedrag op die begroting moes plaas vir die aankoop van ammunisie, te wete Martini-Henry-gewere, Krupkanonne, patrone, kruit en rewolwers. Die Volksraad het die verslag aanvaar en R35 000 op die begroting geplaas vir krygstuig.³¹⁵ Daar is besluit dat elke burger gewapen moes wees en dat die regering gewere sou invoer en dit teen kosprys verkoop.³¹⁶

Dit het vir *De Express* nie net om militêre paraatheid gegaan nie, maar Nico Hofmeÿr het daarop gewys dat die President dikwels by wapenskoue teenwoordig was. Sy teenwoordigheid en aanmoediging het die bande tussen hom en die burgers versterk en volksgevoel en samehorigheid is opgewek. Hy het voorgestel dat daar elke 5 jaar 'n groot nasionale wapenskou gehou word.³¹⁷

Borckenhagen het gemeen dat daar oor wapenskoue besin moes word. Die President en die kommandant van die artillerie het die talle wapenskoue gereeld bygewoon en dit sou goed wees as 'n verslag opgestel word om deur die Volksraad bespreek te word. Hulle moes oor die nut en tekortkominge besin en verbeteringe aanbeveel. Hy het die volgende praktiese voorstelle gemaak: daar moes behoorlike toesig oor bywoning wees; deelnemers moes 'n vaste uniform hê; 'n oorlogsdepartement onder 'n bekwame hoof moes geskep word, al was dit aan die begin op klein skaal; in plaas daarvan dat landdroste kruitmagasyns inspekteer, kommando's oproep en ander militêre take verrig, moes 'n persoon wat direk aan die oorlogsdepartement verantwoordelik was vir dié werk aangestel word. Die Volksraad moes 'n kommissie bestaande uit deskundiges met militêre ervaring en opleiding aanstel om die staat se krygsake te orden en wette te hersien. Hierdie voorstelle van Borckenhagen toon dat hy nie meer net

315. *OVSVR*, 16 Junie 1891, pp. 461-462.

316. *De Express*, 29 Des. 1891; *OVSVR*, 2 Julie 1891, p. 583; ord. 9 van 1891, p. 39.

317. *De Express*, 29 Des. 1891.

aan 'n inval deur 'n swart stam gedink het nie. Sedert die einde van Maart 1891 toe Rhodes in Kimberley gesê het dat die republieke 'n struikelblok was, het hy hom gewantrou en daarom het hy nou, in 1892, die tyd reg geag om aandag aan die land se verdediging te gee: " .. these are things that will have to be provided for should ever our burghers unfortunately be required again to serve in the field in real earnest."³¹⁸ Die Volksraad het egter eers kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog voorsiening gemaak vir die verkiesing van 'n hoof-kommandant.³¹⁹

The Friend se kommentaar op wapenskoue was wisselvallig. In 1892 is sulke skoue as 'n goeie teken bestempel,³²⁰ maar nie toereikend nie - mans tussen 18 en 25 moes jaarliks vir 'n tydperk geleer word om die ry- en skietkuns te bemeester sodat hulle gereed kon wees om die Republiek te verdedig.³²¹ Hierna het die koerant wapenskoue as 'n vermorsing van tyd en geld afgemaak. Daar kon liever net plaaslike skiet- en ry-oefeninge gehou word.³²²

Die Volksraad het nie op hierdie tydstip baie aandag aan militêre sake gegee nie. Gedurende 1892 het Jongelingsverenigings memories aan die Volksraad gerig vir finansiële bystand vir hulle skietoefeninge. Die landsvaders was bewus van die waarde van hierdie oefeninge. Die Republiek het slegs 'n burgermag gehad en die enigste militêre opleiding het by wapenskoue en vrywilligerskorpse geskied. Die skietverenigings het dus 'n belangrike rol gespeel. Die Volksraad het besluit om 'n spesiale toelaag voorwaardelik aan die verenigings toe te staan.³²³ Nico Hofmeyr van *De Express* was baie in sy skik met die goeie werk van die Jongelingsverenigings wat nie alleen sosiaal en intellektueel van aard was nie, maar ook die "Vechters, Ruiters, Kolschutters, en Helden" wat in die stryd nodig sou wees, gevorm het.³²⁴ Net na die Jameson-inval het Borckenhagen weer eens gewys op die nut van die jeug se skietverenigings. Daar is nie alleen vaardige skuts afgerig nie, maar die jeug se vaderlandsliefde is aangewakker en hulle moraal is verhoog. "And a stout heart and a good cause

318. *Ibid*, 5 April 1892.

319. Kieser, p. 106.

320. *The Friend*, 29 Jan. 1892.

321. *Ibid*, 1 Maart 1892.

322. *Ibid*, 16 Mei 1893 en 21 Des. 1894.

323. *OVSVR*, 13 Junie 1893, p. 383-384; Ord. 5 van 1893.

324. *De Express*, 29 Maart 1892.

is more than half the battle always", het hy geskryf.³²⁵ Hoe belangrik die rol van die Jongelingsvereniging was, het later geblyk toe talle "penkoppe" aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het.

De Express het met waardering kennis geneem van 'n Volksraadsbesluit in 1895 om R16 000 vir kanonne en ammunisie vir die artillerie en R28 000 vir ammunisie aan burgers beskikbaar te stel.³²⁶

Die Jameson-inval het getoon dat die meerderheid burgers bereid was om republikenisme met die wapen te verdedig, maar dat hulle bewapening veel te wense oorgelaat het. Baie burgers het geen wapens gehad nie - 'n ondersoek het getoon dat 2 362 burgers te arm was om 'n geweer aan te skaf³²⁷ - en die meeste se gewere was verouderd.³²⁸ Gedurende die eerste paar maande van 1896 is in byna elke uitgawe van *De Express* kommer uitgespreek oor die magte wat republikenisme bedreig het en die gebrek aan wapens. Burgers is aangespoor om saam te staan, te oefen en paraat te wees en die regering is gevra om aandag te gee aan verskillende aspekte van die land se militêre posisie. Daar is geskryf dat opgekommandeerdes tydens die Jameson-inval onder 'n wa of kar of bokseil moes slaap. Die regering moes veldtente aan elke distrik verskaf of groot grondeienaars verplig om tente aan te hou.³²⁹

De Express het daarop gewys dat Europese lande tot die tande gewapen was en dat die onderskeie lande as gevolg daarvan te bang was om oorlog te maak. Die Vrystaat moes homself behoorlik bewapen, want die gevaar was nie verby nie. Burgers moes self sorg dat hulle behoorlik uitgerus is en die regering moes ernstige aandag aan bewapening en die verskaffing van die nodige toerusting soos veldtente gee. Artikel 42 van die krygswet het bepaal dat veldkornette gereeld inspeksie moes hou om seker te maak dat almal bewapen was, maar dit het nie gebeur nie. Daar moes nie gewag word totdat die vuur eers gebrand het nie.³³⁰

By die sentrale kongres van die Vrystaatse Boerevereniging en die Afrikanerbond in Bloemfontein in Maart 1896 is

325. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

326. *Ibid*, 14 Mei 1895. *OVSVR*, 10 Mei 1895, p. 422.

327. *OVSVR*, 22 April 1896, p. 170; Kieser, p. 108.

328. Malan, p. 241.

329. *De Express*, 18 Febr. 1896.

330. *Ibid*, 28 Febr. 1896.

besluit om die regering te vra dat die handel in vuurwapens en ammunisie net in die regering se hande moes wees en dat behoefdiges van gewere voorsien moes word.³³¹ Talle versoekskrifte is in dié verband na die Volksraad gestuur.³³²

Pres. Steyn en die Volksraad was diep bewus van die behoefte aan paraatheid en bewapening. Steyn het pas na die Jameson-inval in antwoord op rekwisies verwys na die land se afhanklikheid van die burgery vir beskerming en die regering se plig om alles moontlik te doen om die opkomende geslag militêr en geestelik weerbaar te maak.³³³ Nog voordat die Volksraad bymekaar gekom het, het imperialistiese blaaië soos *The Star* van Johannesburg, *The Eastern Province Herald* van Port Elizabeth en die Londense *Times* reeds met verdagmakery en propaganda teen die republieke begin en beweer dat 'n onbeperkte hoeveelheid wapens aangekoop is. Borckenhagen het geantwoord dat die Vrystaat nog niks daaromtrent gedoen het nie, maar dat dit noodsaaklik en sy reg was om hom weerbaar te maak teen vyande soos die Chartered Company. "Let these Republicans arm by all means, for they have never yet used a weapon except in self-defence, in defence of their hearths and homes and their dearly-bought liberty", het hy geskryf.³³⁴ *The Friend* het die groter mate van bewapening na die Jameson-inval as 'n vermorsing van geld beskou wat gevolg het op onnodige bangpratery.³³⁵ Hy het die uitgawes op krygstuig as buite verhouding bestempel. As gevolg daarvan kon dringende openbare werke nie opgerig word nie. Hierdie werke was syns insiens baie nodiger as swaar gewere en forte "bought or built to defend us against an imaginary foe".³³⁶ In 1897 het die koerant voorspel dat die staat se balansstaat die volgende jaar 'n verlies sou toon, want net toe die land armer geword het (as gevolg van runderpes en droogte), het die regering 'n klomp geld aan wapens bestee. Dit het vir hom gelyk of die Volksraad nie die posisie begryp het nie.³³⁷ Hy het nie beswaar gehad teen wapens vir selfverdediging en die verskaffing daarvan aan behoefdiges nie, maar dit was nie nodig om die Republiek tot die tande

331. *Ibid*, 10 Maart 1896.

332. *Ibid*, 24 April 1896.

333. *De Gouvernement's Courant*, 17 Jan. 1896. Steyn aan C. Wessels en 37 ander en 28 ander rekwisies.

334. *De Express*, 24 Maart 1896.

335. *The Friend*, 7 Apr. 1896.

336. *Ibid*, 3 Julie 1896.

337. *Ibid*, 14 Des. 1897.

te bewapen soos Transvaal gedoen het nie.³³⁸ Die kern van *The Friend* se siening was dat die Vrystaat nie werklik bedreig is nie en swaar bewapening was dus nie nodig nie. Die Jameson-inval was syms insiens Transvaal se skuld omdat die regering nie die Uitlanders se griewe wou verwyder nie.

Soos voorheen genoem, het Borckenhagen reeds aan die begin van 1891 Mauser-gewere aanbeveel. Die Volksraadskommissie vir krygsake wat vroeg in die 1896-sitting aangewys is,³³⁹ het aanbeveel dat R96 600 vir krygsbehoefte bewillig word, Mausers aangekoop word, daar altyd vier miljoen patrone in voorraad gehou moes word, die artillerie uitgebrei en meer manskappe opgelei word en 'n fort aan die noordekant van Bloemfontein opgerig word. Volksraadslede het die Mauser-geweer op die proef gestel, en die aanbevelings van die kommissie eenparig aanvaar.³⁴⁰ Wat gewere betref, sou die helfte Mausers en die helfte Martini-Henri's wees.³⁴¹ Algaande is net Mausers aangekoop omdat dit as die beste geweer aanvaar is.³⁴² Borckenhagen was tevrede met die Volksraad se besluite, behalwe dat hy die oprigting van forte as 'n verkwisting van geld beskou het. Wat hy wel as noodsaaklik geag het, was dat daar definitiewe plekke van mobilisasie geskep moes word sodat burgers presies kon weet waarheen hulle moes gaan wanneer hulle opgeroep word.³⁴³

Talle memories oor die verskaffing van wapens aan behoeftige burgers is in 1896 aan die Volksraad gestuur.³⁴⁴ Aan die einde van Oktober het die Volksraad besluit om onder sekere voorwaardes 'n geweer en 30 patrone aan behoeftige burgers te gee.³⁴⁵

Die Britse regering het in 1897 R400 000 op sy begroting geplaas om sy garnisoen in Suid-Afrika te vergroot en het dan ook begin om troepeversterkings te stuur. As verskoning is aangevoer dat die republieke soveel wapens aangekoop het dat dit nie bloot vir verdediging bedoel kon wees nie.³⁴⁶ (Die Vrystaat het in 1897 R80 400 vir militêre doeleindes begroot teenoor Brittanje se R400 000 wat Chamberlain 'n

338. *Ibid*, 25 Aug. en 22 Sept. 1896.

339. Malan, p. 242; *OVSVR*, 9 April 1896, pp. 37 - 39.

340. *OVSVR*, 29 April 1896, pp. 229 - 231.

341. *De Express*, 28 April 1896.

342. Kieser, p. 109.

343. *De Express*, 28 April 1896.

344. *OVSVR*, 22 April 1896, p. 170.

345. *Ibid*, 29 Okt. 1896, p. 175.

346. *De Express*, 4 Mei 1897.

"modest demand"³⁴⁷ genoem het.³⁴⁸) Borckenhagen het dit as 'n absurde bewering beskou. Die republieke is verraderlik binnegeval; daarom was dit nodig om wapens vir verdediging aan te skaf. Daar was nie sprake van aggressie van hulle kant nie. Die Britte het net nodig gehad om hulle vloot te versterk en die kus te beskerm. Hy het herhaaldelike beroepe op die Britse regering gedoen om die troepe te onttrek.³⁴⁹ *The Friend*, daarenteen, het wat hy genoem het 'n "well considered leading article" uit *The Natal Advertiser* aangehaal waarin pres. Steyn se protes teen Britse troepe op die grens as belaglik bestempel is. Die Volksraad het besluit op 'n militêre unie met Transvaal en het 'n verdere bedrag van duisende ponde uit 'n leë skatkis gestem vir nog meer wapentuig terwyl die arsenaal reeds tot barstens toe vol was. Dit was eerder 'n geval van "keeping the thought of battle before the people", as wat die troepe op die grens dit was, soos pres. Steyn beweer het.³⁵⁰ *The Friend* se instemming met hierdie artikel en sy teenkanting teen bewapening toon dat sy siening die teenoorgestelde was van dié van die meerderheid Vrystaters terwyl *De Express* hulle siening weerspieël het.

Om saam te vat kan gemeld word dat Borckenhagen van vroeg af, terwyl baie ander gerus was oor die veiligheid van die Republiek, aangedring het op militêre weerbaarheid. Sommige van sy voorstelle is later aanvaar en het ooreengekom met die meerderheid burgers se opvattinge. Die Vrystaat is stilweg bewapen. Sy aandrang op 'n georganiseerde departement van oorlog met 'n bekwame leier en deskundige raadgewers is verontagsaam en eers op 'n baie laat stadium is daaraan gedink om voorsiening te maak vir die verkiesing van 'n militêre leier.

Oor die militêre weerbaarheid van die Vrystaters skryf A. Wessels dat die Boereleër se ware militêre krag in sy burgermag geleë was. Dit was 'n volksleër wat op patriotisme geskoei was. Die burgers was in staat om op eie inisiatief op te tree. Akkurate geweervuur vanuit goeie verdedigingstellings was kenmerkend. Hulle was goeie ruiters en daarom het hulle taktiese mobiliteit dié van die Britse soldate ver oortref. Al hierdie eienskappe, wat onder andere verwerf is deurdat hulle by 'n kommandostelsel

347. *Ibid.*

348. Malan, p. 242.

349. *De Express*, 4 Mei en 7 Mei en 25 Junie 1897.

350. Aangehaal in *The Friend*, 9 Julie 1896.

ingeskakel was en aan skietverenigings behoort het, het van hulle gedugte krygsmanne gemaak.³⁵¹ Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Britse inligtingsdiens bereken dat die Vrystaat 28 kanonne, 3 masjiengewere en 26 570 gewere gehad het.³⁵² Vir sy grootte en klein aantal weerbare manne (minder as 30 000³⁵³), was die Vrystaat redelik weerbaar.

351. Wessels, A., *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp. 335 - 340.

352. *Ibid*, pp. 343 - 344.

353. *Ibid*, pp. 341 - 343.

HOOFSTUK 4

CARL BORKENHAGEN EN AFRIKANER-REPUBLICANISME : DIE OPBOU VAN DIE REPUBLIEK OP EKONOMIESE GEBIED

Borckenhagen was 'n idealis wat gedroom het oor die triomf van republikanisme, maar bo alles was hy 'n realis wat besef het dat republikanisme nie kon voortbestaan as die twee republieke nie ekonomies kerngesond en selfstandig was nie. In sy koerantartikels het hy raad gegee, uitgewerkte planne aan die hand gedoen, kritiek gelewer, aanmoediging gegee en lesers aangespoor om wenke aan die hand te doen om die Republiek se welvaart te verseker.

Die Vrystaat het met 'n leë skatkis begin. Droogtes en peste, maar veral die Basoeto-oorloë het die land in 'n ekonomiese krisis gedompel. Pres. Brand se verstandige ekonomiese beleid het finansies op 'n redelike gesonde grondslag geplaas. Gedurende sy bewindstydperk het voor- en teenspoed mekaar afgewissel. Klimaatstoestand het 'n belangrike rol gespeel: jare van uitmergelende droogtes is gevolg deur jare van oorvloedige reëns; peste en plae het van tyd tot tyd hulle opwagting gemaak; die ontdekking van diamante het 'n mark vir landbouprodukte geskep wat tot welvaart gelei het, maar vanaf 1876 was daar 'n insinking. Die diamant- en goudhandel was besonder gevoelig vir toestande op die wêreldmark en tydperke van opbloei en insinking het mekaar afgewissel. Die Vrystaat het gebuk gegaan onder swaar invoerbelastings wat deur die kuskolonies gehê is en het tevergeefs aangedring op sy regmatige deel van dié heffing. Die ontdekking van goud in 1886 het 'n onversadigbare mark vir landbouprodukte in Transvaal geskep wat egter nie ten volle benut kon word nie vanweë die gebrek aan vinnige vervoermiddels en primitiewe landboumetodes.

Landbou en veeteelt was deurgaans die Republiek se vernaamste bestaansmiddel. Volgens die 1880-sensus was slegs 10% van alle Vrystaters dorpenaars; die res was aan die boerdery verbonde.¹ Boerdery het die ruggraat van die Republiek gevorm en daar was weinig sprake van nywerhede. Teen die einde van die republikeinse tydperk het spoorwegwerkswinkels en die aanlê van spoorlyne werk aan 'n aantal mense verskaf. Minerale ontginning het 'n geringe bydrae gelewer. Die totale uitvoer van die Vrystaat het in

1. Lamprecht, G. J., *Die Ekonomiese Ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 - 1899*, p. 38.

1896 R3 322 268 beloop waartoe boerdery R2 364 800 bygedra het en diamante R925 018. In 1898 het die bedrag aan uitvoer tot R3 749 866 gestyg en landbouprodukte het R2 721 738 hiervan beloop.² Staatsfinansies het vanaf 1889 snel toegeneem vanweë die deel van die invoerreg wat die Vrystaat as gevolg van die tolvverbond ontvang het en later ook spoorwinste. Daar was 'n goedgevestigde stedelike en plattelandse bevolking, hoewel daar ook heelwat armlankes was, en die staatsfinansies was kerngesond.³

4.1 Landbou en veeteelt

Borckenhagen het landbougrond as die Republiek se grootste rykdom beskou en meer blywend as minerale rykdom. Hy het gemeen dat slim seuns eerder boere moes word as om hulle vir 'n professie te bekwaam omdat die professies alreeds oorvol was en die land intelligente boere nodig gehad het. Die Volksraad moes die bevordering van boerdery as hoogste prioriteit beskou, want boere wat floreer het, het koopkrag gehad en die handel bevorder. Meer ambagsmanne kon dan teen behoorlike vergoeding in diens geneem word.⁴ So kon die hele staat se welvaart bevorder word.

Heel vroeg het hy homself bekend gestel as "de ware boerenvriend".⁵ Hy het sy koerant ruimskoots ingespan om boere aan te moedig om die nuutste en beste wetenskaplike landboumetodes aan te wend en om die Volksraad te probeer oortuig om baie meer aandag aan boerderysake te gee. Hy was nooit tevrede met die aandag wat landbou en veeteelt in die Volksraad geniet het nie en het herhaaldelik daarvoor gekla dat 'n liggaam wat hoofsaaklik uit boere bestaan het, so min vir boerdery gedoen het. Hy was van mening dat 'n ervare, bekwame man as inspekteur van landbou aangestel moes word om die leiding op landbougebied te neem.⁶ Van 1883 af het hy 'n boerdery-rubriek in *De Express* begin. Hieroor het hy later geskryf dat dit 'n moeilike periode van langdurige droogtes was en tog het boere se reaksie sy stoutste verwagtings oortref. Gedagtes is oor talle onderwerpe gewissel.⁷ Benewens artikels, is daar in die koerant baie ruimte afgestaan aan advertensies en kennisgewings wat op

2. Kieser, A., *President Steyn in die krisisjare*, p. 37: statistieke van die hoof-doeanebeampte van die O.V.S.

3. *Ibid*, p. 49.

4. *De Express*, 23 Febr. 1894 en 29 Nov. 1895.

5. *Ibid*, 27 Maart 1879.

6. *Ibid*, 14 Des. 1882.

7. *Ibid*, 7 Aug. 1888.

boerdery betrekking gehad het, markpryse, verslae, statistieke, treinroosters, skutberigte en enige ander inligting wat vir boere van die uiterste belang was. Sedert 1884 het hy dit met die samewerking van die Kaapse en Vrystaatse regerings reggekry om die landboujoernaal wat gratis deur die Kaapse regering uitgegee is, as bylaag van *De Express* te versprei. Hy het self die verspreidingskoste gedra.⁸

Borckenhagen het 'n plaas, *Rodenbeck*, wat ongeveer 4000 hektaar groot was aan die oostekant van Bloemfontein gehad⁹ waar hy kennis gemaak het met die probleme wat boere geteister het. Hy het gedurig proewe met saad en bome gedoen en wetenskaplike metodes uitgetoets. Hy het oorsese en Kaapse landboutydskrifte bestudeer en die inligting wat hy so ingewin het, aan boere oorgedra. So het hy in 1882 in 'n oorsese tydskrif gelees van die Franse ontdekking om kuilvoer te maak en daarna het hy talle artikels daaroor geplaas en lesings gereël.¹⁰ Wanneer hy by boere gepleit het om elke druppel water te bespaar en damme te bou en putte te grave, het hy uit eie ervaring gepraat. Op sy plaas was daar drie damme. Hy het opreggeteelde beeste en perde aangehou en tweemaal per dag melk aan Bloemfontein gelewer.¹¹

Hy het die stigting van boere- en wolverbeteringverenigings bepleit en die hou van skoue waar boere kennis kon inwin en deur mededinging aangespoor kon word om hulle produkte te verbeter. Die Landbougenootskap wat in 1875 gestig is, maar doodgeloop het, het op 11 Mei 1883 herleef en hy was op die bestuur. Hy het ook op 'n komitee gedien wat die Volksraad moes nader vir fondse om 'n skou te hou. Dit is toegestaan¹² en die eerste skou is vanaf 24 Februarie 1884 gehou.¹³

Gedurende pres. Brand se regering het hy veral by die Volksraad aangedring op besproeiing, omheining van plase,

8. *Ibid*, 3 en 24 April 1884.

9. Schoeman, K., Onderhoud met mev. Blanca Marais, 15 Sept. 1979; De Kock, W. J. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 1*, p. 101.

10. *De Express*, 22 Maart 1883.

11. Marais, B., *Memories of Mrs Blanca Marais (née Borckenhagen)*, p. 5.

12. Vrystaatse Volksraadsnotules, hierna afgekort na OVSVR, 15 Mei 1883, p. 82.

13. *De Express*, 7 Febr. 1888.

bestryding van brandsiekte en boomaanplanting. In 1885 en 1887 is brandsiekte-wetgewing aangeneem, maar dit was nie vir hom heeltemal bevredigend nie omdat wyke 'n keuse gehad het om bestryding toe te pas of nie. In 1888 het 'n Volksraadskommissie opdrag gekry om 'n omheiningswetsontwerp op te stel en te publiseer sodat burgers hulle menings daaroor kon lug.¹⁴

Hy het gepleit vir die verskaffing van goedkoop krediet aan boere en daarop gewys dat die Kaapkolonie en Natal reeds landbanke gehad het. Hy het baie moeite gedoen om 'n skema uit te werk waarvolgens die regering krediet kon verskaf. Sommige van sy voorstelle is aanvaar, maar daar is nie 'n landbank opgerig nie.¹⁵ Hierna het hy voorgestel dat die eiendomsbelasting wat as tydelike maatreël tydens die depressie van 1883 - 1886 ingestel is, behou moes word na die herstel van die ekonomie en vir omheining, besproeiing en veeverbetering aangewend moes word.¹⁶ Met die oog op die aanstaande tolunie-konferensie in 1888 het hy voorgestel dat indien die Vrystaat 'n deel van die invoerreg verkry, van die geld ook vir die bevordering van boerdery aangewend moes word. 'n Toekenning van R10 000 per jaar vir veeverbetering sou 'n hele ommekeer teweeg bring. Na langdurige pleidooie vir regeringshulp om die wolstapel te verbeter, het hy en ander in 1886 'n komitee gestig om hulle daarvoor te beywer. In 1888 het hy vrug op sy werk begin sien en kon hy wolboere prys vir die goeie kwaliteit wol wat hulle gelewer het.¹⁷ Sy pleidooi vir wolmarkte het nie op dowe ore geval nie. In 1888 het die Kamer van Koophandel sulke markte begin reël.¹⁸

Borckenhagen het gemeen dat pres. Brand boerdery verwaarloos het omdat hy alles in sy vermoë wou doen om spoorweë te verkry.¹⁹ Na die President se dood het hy tog geskryf dat daar meer tot stand gebring is as waarop hy gehoop het: 'n brandsiektewet, sprake van 'n omheiningswet, wolverbetering, wolmarkte, boereverenigings en landboutoonstellings. Daar was die vooruitsig van 'n onbeperkte mark met duisende Uitlanders wat die Transvaal binnegestroom het en die moontlikheid van spoorweë wat produkte vinniger op die groeiende mark kon bring. Die Vrystaat kon die koringskuur

14. *OVSVR*, 22 Mei 1888, p. 188.

15. *Ibid*, 25 Mei 1886, p. 282 en 12 Junie 1886, p. 491; *De Express*, 18 Maart 1886.

16. *De Express*, 29 Nov. 1887.

17. *Ibid*, 13 Maart 1888.

18. *Ibid*, 21 Febr. 1888.

19. *Ibid*, 17 Jan. 1888.

en slaghuis van Transvaal word. Die land se onafhanklikheid, bloei, welvaart en toekoms het syns insiens meer as ooit tevore van die vooruitgang van landbou en veeteelt afgehang.²⁰ Hierdie verwagtinge van hom het grootliks in vervulling gegaan. Die goudmynbedryf het gegroei en tot aan die einde van die republikeinse tydperk het die Vrystaat die grootste deel van die landbouprodukte voorsien wat Transvaal nodig gehad het. Dit was net die lewering van graan wat nie so suksesvol was nie. Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Die boere het met roes en droogtes te kampe gehad, daar was nie 'n spoorlyn na die graandistrikte nie en die spoorlyn tussen Delagoabaai en Pretoria het Australië, waar koring teen 'n laer prys geproduseer is, in staat gestel om die Johannesburgse mark ten koste van die Vrystaat te verower.²¹

In Reitz en Steyn het die Vrystaat twee presidente gehad wat intens in landbou geïnteresseerd was. Reitz, wat die eerste jare van sy lewe op 'n plaas in Swellendam se distrik deurgebring het, was voorsitter van die Landbougenootskap wat in 1883 herleef het en wat onder andere lesings gereël het om boere in te lig oor moderne wetenskaplike boerderymetodes. So het Reitz in April 1884 'n lesing oor kuilvoer gelewer. Hy het ook op die kommissie vir die veredeling van veerasse gedien wat in 1886 tot stand gekom het.²² Hy en Borckenhagen het dus 'n lang pad saam gekom in die stryd om boerdery te bevorder. Nadat hy president geword het, was sy belangstelling in boerdery net so groot. Saam met Borckenhagen het hy die frustrasie beleef dat boere hulle nie tot verandering wou laat oorreed nie, selfs nie die leiers in die boeregemeenskap wat tot Volksraadslede verkies is nie. Borckenhagen het by herhaling beroepe op boere gedoen om sprinkane uit te roei. Sprinkane is egter as 'n straf van God gesien waarteen die mens hom nie durf verset nie. Die Volksraad wou nie verder gaan as om Reitz toe te laat om met naburige state oor sprinkaanbestryding te korrespondeer nie.²³ Tussen Oktober en Desember 1892 het 'n verskriklike sprinkaanplag die Vrystaat geteister. Borckenhagen het voorgestel dat die President en Uitvoerende Raad moes optree, al was dit dan om op onkonstitusionele wyse voort te gaan om geld daarvoor te gebruik. Die Volksraad, het hy geweet, sou niks doen nie. Hy het

20. *Ibid*, 7 Aug. 1888.

21. Kieser, p. 38.

22. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 108.

23. *Ibid*, p. 109; *OVSVR*, 2 Mei 1892, pp. 20 - 22.

voorgestel dat sowat 500 Barolong of uitgehongerde Basoeto's gewerf word om te help met bestryding en dat boere ook in plaas van wapenskoue te hou, kon saamstaan teen die sprinkane.²⁴ Daar was heelwat reaksie. Komitees is oral gestig, vergaderings gehou en korrespondente het in hulle briewe aan die koerante raad gegee. Daar is 'n openbare vergadering in Bloemfontein gehou. Die burgemeester, dr. Kellner, Volksraadslid C. van der Wath en Borckenhagen was onder diegene wat kragtige toesprake gelewer het. 'n Komitee is saamgestel om te besluit hoe om die R2000 wat die stadsraad tot hulle beskikking gestel het, aan te wend. Borckenhagen het op dié komitee gedien. Van der Wath het daarop gewys dat die Uitvoerende Raad reeds besluit het om 500 Swartes te huur om met bestryding te help - soos Borckenhagen voorgestel het.²⁵ Vervolgens is 'n kommando saamgestel om die sprinkane op 'n mnr. Kolbe se plaas te gaan uitroei.²⁶ Dat Reitz bereid was om by dié geleentheid self in te spring en te help met die bestryding van die plaag, het lofbetuigings van *De Express* uitgelok.²⁷ Die President het op sy eie besluit om aan elke distrik wat geld vir die bestryding van sprinkane en bek-en-klouseer ingesamel het, 'n gelyke bedrag uit die staatskas te betaal. Agterna moes hy die Volksraad vra om 'n uitgawe van R1 400 daarvoor goed te keur. Dit is na heelwat debattering gedoen en die Uitvoerende Raad het magtiging verkry om na goeddunke te handel. Die Volksraad het hiermee ook onder die besef gekom dat hy 'n finansiële verpligting gehad het wat die bestryding van peste betref.²⁸

Hoewel daar baie burgers was wat meegewerk het om die plaag te bestry, was daar ook baie wat die optrede van die President en Uitvoerende Raad gekritiseer het en volgehou het dat dit teen die wil van God was. *De Express* het baie moeite gedoen om mense te oortuig dat dit nie sonde was nie en selfs die hele preek van ds. P. A. Winter, moderator van die N.G. Kerk in die Vrystaat, geplaas waarin hy verduidelik het dat dit nie sonde was nie.²⁹

24. *De Express*, 25 en 28 Okt. en 4 Nov. 1892.

25. *Ibid*, 8 Nov. 1892.

26. *Ibid*, 11 Nov. 1892.

27. *Ibid*, 15 Nov. 1892.

28. *OVSVR*, 1 Mei 1893, p. 15; 2 Mei 1893, p. 37 e.v. en 3 Mei 1893, p. 46.

29. *De Express*, 15 Nov. en 13 Des. 1892 en 14 Nov. 1893.

en slaghuis van Transvaal word. Die land se onafhanklikheid, bloei, welvaart en toekoms het syns insiens meer as ooit tevore van die vooruitgang van landbou en veeteelt afgehang.²⁰ Hierdie verwagtinge van hom het grootliks in vervulling gegaan. Die goudmynbedryf het gegroei en tot aan die einde van die republikeinse tydperk het die Vrystaat die grootste deel van die landbouprodukte voorsien wat Transvaal nodig gehad het. Dit was net die Lewering van graan wat nie so suksesvol was nie. Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Die boere het met roes en droogtes te kampe gehad, daar was nie 'n spoorlyn na die graandistrikte nie en die spoorlyn tussen Delagoabaai en Pretoria het Australië, waar koring teen 'n laer prys geproduseer is, in staat gestel om die Johannesburgse mark ten koste van die Vrystaat te verower.²¹

In Reitz en Steyn het die Vrystaat twee presidente gehad wat intens in landbou geïnteresseerd was. Reitz, wat die eerste jare van 'sy lewe op 'n plaas in Swellendam se distrik deurgebring het, was voorsitter van die Landbougenootskap wat in 1883 herleef het en wat onder andere lesings gereël het om boere in te lig oor moderne wetenskaplike boerderymetodes. So het Reitz in April 1884 'n lesing oor kuilvoer gelewer. Hy het ook op die kommissie vir die veredeling van veerasse gedien wat in 1886 tot stand gekom het.²² Hy en Borckenhagen het dus 'n lang pad saam gekom in die stryd om boerdery te bevorder. Nadat hy president geword het, was sy belangstelling in boerdery net so groot. Saam met Borckenhagen het hy die frustrasie beleef dat boere hulle nie tot verandering wou laat oorreed nie, selfs nie die leiers in die boeregemeenskap wat tot Volksraadslede verkies is nie. Borckenhagen het by herhaling beroepe op boere gedoen om sprinkane uit te roei. Sprinkane is egter as 'n straf van God gesien waarteen die mens hom nie durf verset nie. Die Volksraad wou nie verder gaan as om Reitz toe te laat om met naburige state oor sprinkaanbestryding te korrespondeer nie.²³ Tussen Oktober en Desember 1892 het 'n verskriklike sprinkaanplaag die Vrystaat geteister. Borckenhagen het voorgestel dat die President en Uitvoerende Raad moes optree, al was dit dan om op onkonstitusionele wyse voort te gaan om geld daarvoor te gebruik. Die Volksraad, het hy geweet, sou niks doen nie. Hy het

20. *Ibid*, 7 Aug. 1888.

21. Kieser, p. 38.

22. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 108.

23. *Ibid*, p. 109; OVSVR, 2 Mei 1892, pp. 20 - 22.

voorgestel dat sowat 500 Barolong of uitgehongerde Basoeto's gewerf word om te help met bestryding en dat boere ook in plaas van wapenskoue te hou, kon saamstaan teen die sprinkane.²⁴ Daar was heelwat reaksie. Komitees is oral gestig, vergaderings gehou en korrespondente het in hulle briewe aan die koerante raad gegee. Daar is 'n openbare vergadering in Bloemfontein gehou. Die burgemeester, dr. Kellner, Volksraadslid C. van der Wath en Borckenhagen was onder diegene wat kragtige toesprake gelewer het. 'n Komitee is saamgestel om te besluit hoe om die R2000 wat die stadsraad tot hulle beskikking gestel het, aan te wend. Borckenhagen het op dié komitee gedien. Van der Wath het daarop gewys dat die Uitvoerende Raad reeds besluit het om 500 Swartes te huur om met bestryding te help - soos Borckenhagen voorgestel het.²⁵ Vervolgens is 'n kommando saamgestel om die sprinkane op 'n mnr. Kolbe se plaas te gaan uitroei.²⁶ Dat Reitz bereid was om by dié geleentheid self in te spring en te help met die bestryding van die plaag, het lofbetuigings van *De Express* uitgelok.²⁷ Die President het op sy eie besluit om aan elke distrik wat geld vir die bestryding van sprinkane en bek-en-klouseer ingesamel het, 'n gelyke bedrag uit die staatskas te betaal. Agterna moes hy die Volksraad vra om 'n uitgawe van R1 400 daarvoor goed te keur. Dit is na heelwat debattering gedoen en die Uitvoerende Raad het magtiging verkry om na goeddunke te handel. Die Volksraad het hiermee ook onder die besef gekom dat hy 'n finansiële verpligting gehad het wat die bestryding van peste betref.²⁸

Hoewel daar baie burgers was wat meegewerk het om die plaag te bestry, was daar ook baie wat die optrede van die President en Uitvoerende Raad gekritiseer het en volgehou het dat dit teen die wil van God was. *De Express* het baie moeite gedoen om mense te oortuig dat dit nie sonde was nie en selfs die hele preek van ds. P. A. Winter, moderator van die N.G. Kerk in die Vrystaat, geplaas waarin hy verduidelik het dat dit nie sonde was nie.²⁹

24. *De Express*, 25 en 28 Okt. en 4 Nov. 1892.

25. *Ibid*, 8 Nov. 1892.

26. *Ibid*, 11 Nov. 1892.

27. *Ibid*, 15 Nov. 1892.

28. *OVSVR*, 1 Mei 1893, p. 15; 2 Mei 1893, p. 37 e.v. en 3 Mei 1893, p. 46.

29. *De Express*, 15 Nov. en 13 Des. 1892 en 14 Nov. 1893.

Die Vrystaat is tussen 1891 en 1894 gereeld deur sprinkane geteister³⁰ en in die lentemaande van 1892 en 1893 het daar min reën geval soos ook in die suide in 1894.³¹ Ten spyte daarvan het produksie en uitvoere toegeneem. Die droogtes het die noodsaaklikheid van besproeiing na vore gebring. Borckenhagen het jarelank gepleit dat daar iets omtrent watervoorsiening gedoen moes word. Tydens pres. Brand se regering is 'n kommissie aangestel om die moontlikheid van besproeiing te ondersoek, maar die Volksraad het al die voorstelle van die kommissie afgekeur.³² Gedurende pres. Reitz se tyd is 'n stoomdiamantboor ingevoer, maar min is daarmee uitgerig. Daarna is 18 hand- en diamantbore aangekoop en hiermee is meer sukses behaal en veral in droogtetye was die bore sterk in aanvraag.³³ Borckenhagen het in 1891 aanbeveel dat laer huurgeld vir bore gevra kon word aangesien die land se finansies gesond was.³⁴ Hy het dit as die regering se plig beskou om 'n skema vir watervoorsiening in werking te stel. Die staatskas moes help met boordery en die oprigting van groot reservoïrs en so die ondergrondse water ten beste benut.³⁵ Na aanleiding van 'n voorstel in die Kaapse Parlement dat besproeiing uit die Oranjerivier geskied, het hy die mening uitgespreek dat baie droë lande in die Vrystaat ook uit die Oranjerivier besproei kon word.³⁶ Gedurende pres. Reitz se régime is daar egter nie veel omtrent besproeiing gedoen nie. Spoorweë, onderwys en ander sake het te veel geld geëis.³⁷

Die brandsiektewet wat voorheen opsioneel was, het in 1889 vir die hele staat verpligtend geword kragtens ordonnansie 3 van 1889. Dit is egter nie goed toegepas nie. In 1893 is die wet strenger gemaak, maar dit is nooit heeltemal bevredigend toegepas nie.³⁸ Nietemin was dit 'n groot verbetering en het wuluitvoere drasties toegeneem. Die omheiningswet wat in 1890 aanvaar is, het ook baie hiertoe bygedra. Die staat het goedkoop omheiningsmateriaal verskaf en baie boere het hulle plase omhein. Die gevolge hiervan was dat teelmetodes verbeter, voer gesaai en weiveld gespaar kon word. Jakkalsproefdraad het veeverliese laat verminder.

30. *Ibid*, 24 Okt. en 14 Nov. 1893, 9 Okt. 1894.

31. *Ibid*, 24 Okt. en 14 Nov. 1893, 9 Okt. 1894.

32. Lamprecht, pp. 68 en 69.

33. *Ibid*, pp. 70 - 72.

34. *De Express*, 17 Maart 1891.

35. *Ibid*, 22 Nov. 1892.

36. *Ibid*, 14 Julie 1891.

37. Lamprecht, p. 74.

38. *Ibid*, pp. 96 en 98.

Die aandrang van Borckenhagen en ander lede van die komitee wat in 1886 gestig is om hom te beywer vir die verbetering van wolskape het vrugte afgewerp en die wolras is aansienlik verbeter. Dit was geheel en al die gevolg van privaat inisiatief, want die Volksraad wou nooit help met die invoer van stoetvee nie.³⁹ Afgesien hiervan het die Vrystaat se toetrede tot die tolunie tot gevolg gehad dat wol vry van invoerreg vervoer kon word en spoorweë het die vervoer daarvan vergemaklik.⁴⁰ Verder het Natal die deurvoertarief vir Vrystaatse produkte in 1894 verlaag en baie meer wol is uitgevoer.⁴¹ Die groei van die goudmynbedryf het die vraag na slagskape en -beeste ook geweldig laat toeneem.⁴²

In 1890 het Borckenhagen daarna verwys dat die regering van Queensland in Australië 'n kenner na al die distrikte gestuur het om melkboere voor te lig. Soiets sou vir die Vrystaat baie beteken.⁴³ In 1895 het die Vrystaatse Volksraad R1 500 op die begroting geplaas vir die aankoop van 'n bottermakerytoestel en 'n deskundige, Thomas Smith, in diens geneem om die toestel te bestuur.⁴⁴ Hy moes rondreis en inligting verskaf. Daar is met groot lof van sy werk gepraat en sy verslae aan die Volksraad het van besondere vooruitgang getuig.⁴⁵

Borckenhagen het steeds voortgegaan om die Kaapse landboujoernaal te versprei. Hy het in die Vrystaatse uitgawe ruimte beskikbaar gestel vir Vrystaatse sake en lesers gevra om bydraes te stuur en vrae te vra. Meer Hollandse kopieë is gratis deur *De Express* in die Vrystaat versprei as wat in die Kaapkolonie verkoop is.⁴⁶ In 1893, nadat hy die joernaal reeds vir 9 jaar gratis versprei het, het hy gevoel dat die Vrystaat sy eie joernaal moes kry wat heeltemal op Vrystaatse behoeftes gebaseer was. Hy het die Volksraad genader om finansiële steun omdat dit 'n diens aan die boere en dus in belang van die land was. Die blad kon dan vir 'n proeftydperk van 'n jaar uitgegee word sodat die volk kon besluit of dit die moeite werd was.⁴⁷ Die Hollandse

39. *Ibid*, p. 85.

40. *Ibid*, pp. 83 - 84.

41. *Ibid*, p. 87.

42. *Ibid*, pp. 86 en 99.

43. *De Express*, 21 Okt. 1890.

44. *OVSVR*, 26 Junie 1895, p. 847.

45. *Ibid*, 23 Maart 1896, p. 375; Oranjeboek 1898: Verslag van suiweldeskundige, aangehaal deur Lamprecht, p. 102.

46. *De Express*, 31 Maart en 25 Aug. 1891.

47. *Ibid*, 20 Junie 1893.

redakteur van *The Friend*, Van Raalte, het bitsig gereageer en die hoop uitgespreek dat die versoek van die hand gewys sou word. Hy het geskryf: "Om alle gunsten en zoete brokjes aan één man te geven, is een schreeuwend onrecht .. ". Hy het vertrou dat die Volksraad "zÿn gunsteling nu eens en vooral als een gewoon mensch zal beskouwen en niet als een heilige."⁴⁸ Borckenhagen het geantwoord dat hy net 'n nuttige diens wou lewer wat *The Friend* nie bereid was om te doen nie.⁴⁹ Die Volksraad het die versoek van die hand gewys.⁵⁰

Pres. Reitz was in die gelukkige posisie dat deelname aan die tolunie geld tot sy beskikking gestel het. Beter verkeersweë is onder andere daargestel sodat boere hulle produkte vinniger kon bemark. Die spoorlyn na Transvaal het gehelp, hoewel Borckenhagen gevoel het dat die spoortarif vir landbouprodukte te hoog was. Ongelukkig was die graandistrikte nog nie per spoor met die markte verbind nie. Beter paaie en brûe was 'n groot aanwys vir die boerderygemeenskap.⁵¹ Die Traktaat van Handel en Vriendskap waartoe presidente Kruger en Reitz en hulle afvaardigings in Maart 1889 te Potchefstroom ooreengekom het, het verseker dat Transvaal nie Vrystaatse produkte wat deur hom ingevoer is, sou belas nie.⁵² Die Vrystaat is dus bo die kolonies bevoordeel en saam met die groei van die Witwatersrand het dit bygedra tot die groot toename in uitvoer na Transvaal. In 1893 is produkte ter waarde van R606 034 na Transvaal uitgevoer⁵³; in 1894 was die bedrag R908 030 en in 1898 R1 820 578.⁵⁴ Die totale waarde van landbouprodukte wat in 1898 uitgevoer is, was R2 721 738.⁵⁵

President Steyn het met entoesiasme en verwagting daarna uitgesien om boerderytoestande te verbeter. Sy ouers was boere en hy het self as jong seun geboer. Terwyl hy regter was, was hy voorsitter van die Landbougenootskap⁵⁶ en in 1897 het hy die plaas *Onze Rust* naby Bloemfontein gekoop.⁵⁷

48. *The Friend*, 13 Junie 1893.

49. *De Express*, 20 Junie 1893.

50. *Ibid*, 20 Julie 1893; *OVSVR*, 14 Julie 1893, p. 650.

51. Moll, pp. 110 - 112.

52. *Ibid*, p. 122; Kieser, p. viii.

53. *De Express*, 8 Mei 1894.

54. Lamprecht, p. 138 - 139.

55. Kieser, p. 37.

56. *Ibid*, p. 2.

57. Schoeman, K., *Bloemfontein*, p. 143.

Hy was reeds sedert sy dae as advokaat gewild onder die boerestand en het 'n simpatieke oor vir hulle probleme gehad. In sy antwoorde op rekwisiesies voor die 1896-verkiesing het hy beklemtoon dat die vooruitgang van die staat van die landbou en veeteelt afhanklik was en dat hy dit na die beste van sy vermoë sou bevorder.⁵⁸ Gunstige faktore was die toename in invoerreg en spoorwinste, maar daar was ook groot teenspoede. Tydens sy inswering as president op 4 Maart 1896 het daar so 'n ongekende droogte vir daardie tyd van die jaar in die Vrystaat geheers dat die President 29 Maart as 'n dag van verootmoediging en gebed geproklameer het.⁵⁹ In November 1896 was dit baie droog, maar in Januarie 1897 het dit so gereën dat damme oorgeloop het. In Oktober en November van daardie jaar het Borckenhagen weer berig van 'n verskriklike droogte - so erg dat selfs die sprinkaanvoëls gevrek het. Teen die einde van November was toestande haglik en 12 Desember is weer eens as dag van verootmoediging en gebed uitgeroep.⁶⁰ Op 18 Januarie 1898 het *De Express* berig dat die droogte gebreek is en op 28 Januarie, die dag toe Borckenhagen die beroerte-aanval gekry het waaraan hy op 5 Februarie oorlede is, dat milde reëns geval het. Pres. Steyn was gretig om besproeiingswerke aan te pak en het in sy eerste sitting as president daarop aangedring dat die Volksraad daaraan aandag gee. 'n Kommissie is aangestel⁶¹ en planne vir 'n groot skema is voorgelê. Dit is afgekeur en pres. Steyn het, nadat hy persoonlik baie moeite gedoen het om inligting van oorsee en van die Kaapkolonie te bekom,⁶² gemeen dat daar eerder bonusse aan individuele boere gegee moes word sodat 'n hele aantal damme gebou kon word.⁶³ Borckenhagen het hierdie gedagte gesteun omdat dit ook werk aan heelwat mense sou verskaf. Hy het gemeen dat die regering onder net so 'n verpligting gestaan het om in droë dele geld aan besproeiing te bestee as om spoorweë tot die voordeel van boere aan te lê.⁶⁴ Daar was egter te veel onderlinge verskille tussen Volksraadslede en niks is gedoen nie. Om dieselfde rede het pres. Steyn se voorstelle in 1898 skipbreuk gely.⁶⁵

58. Kieser, p. 2.

59. *De Express*, 10 Maart 1896.

60. *Ibid*, 5 Okt., 5 Nov. en 30 Nov. 1897.

61. Lamprecht, p. 74; *OVSVR*, 7 en 8 April 1896, pp. 22-32.

62. Kieser, p. 39.

63. Lamprecht, p. 75; *OVSVR*, 11 Mei 1897, p. 380.

64. *De Express*, 14 Julie 1896.

65. Lamprecht, pp. 75 en 76.

Intussen het die verskriklike runderpes-epidemie die hele Suidelike Afrika gedurende 1896 en 1897 geteister en in November 1896 was daar ook miltsiekte in Transvaal en die Vrystaat.⁶⁶ Benewens al hierdie beproewings het Steyn, net soos Reitz voor hom, ook met 'n uiters konserwatiewe boeregemeenskap te make gehad wat veranderings nie maklik aanvaar het nie. Geleidelik het Volksraadslede die noodsaaklikheid van wetenskaplike boerdery en deskundige kennis begin insien en sekere maatreëls waarvoor Borckenhagen, onder andere, vir baie jare gepleit het, aangeneem toe dit reeds te laat was en die oorlog die uitvoering daarvan verhinder het.

Wat die runderpes betref, was Borckenhagen soos dikwels aan die voorpunt van die strydmag. Dit was asof hy al sy kragte ingespan het om die gevaar af te weer, want die finansiële ruïnering van die Republiek kon die ondergang daarvan beteken. Die eerste berigte van die pes het die Vrystaat teen die einde van Maart 1896 uit Rhodesië bereik. Teen Mei was daar uitbrake in Transvaal en die Kaapkolonie. Die Vrystaat is teen die einde van September getref. Net nadat die eerste berigte ontvang is, het Borckenhagen op die erns van die siekte gewys. Daar was geen teenmiddels nie en as dit eers in dié land was, sou dit die totale uitwissing van die beeskudde beteken; daarom het hy 'n beroep op die Volksraad, wat toe in sitting was, gedoen om heel aan die begin die wydste magte aan die Staatspresident te verleen. Hy het geen vae beroepe op die Volksraad en volk gedoen nie, maar duidelik en prakties uitgespel hoe opgetree moes word. Daar moes onmiddellik gehandel word en alle verkeer van beeste moes gestaak word. Die wet moes streng toegepas word deur 'n spesiale mag en swaar strawwe opgelê word vir oortreders. Hy het die regering gewaarsku dat daar groot smokkelpogings oor die noordwes-grens sou wees omdat die pryse van beeste die hoogte sou inskiet.⁶⁷ Hy het die simptome van die siekte uiteen gesit sodat boere dit dadelik kon diagnoseer en aanmeld. In koerant na koerant het hy waarskuwings gerig en aangedring op drastiese optrede. Die Volksraad het op 9 April 1896 'n kommissie aangestel om 'n konsepwet op te stel. Daar is besluit om 'n proklamasie uit te vaardig om die invoer of deurvoer van vee, wild en voertuie uit besmette gebiede te verbied en om die grense te bewaak. Borckenhagen het die saak as so dringend beskou dat hy 'n bylaag by *De Express* van 24 April gevoeg het waarin

66. *De Express*, 20 Nov. 1896.

67. *Ibid*, 3 en 7 April 1896.

die proklamasie en verslae uit die buitengewone Staatskoerant van 24 April herdruk is sodat almal op hoogte van sake kon kom. Hy was teleurgesteld dat die Volksraad nie duidelike maatreëls getref het nie, maar alles in die hande van die Staatspresident gelaat het. Hy het vinnig opgetree, maar Borckenhagen het gemeen dat hy nie bereid was om alles te doen wat nodig was nie. Hy sou graag wou sien dat daar dadelik 'n paar honderd burgers teen betaling en onder behoorlike toesig aangestel word om die grense te bewaak.⁶⁸ Hulle moes dag en nag waak, want die pes was tienmaal erger as die Jameson-inval en sou die land finansiële ruïneer. Dit sou aan kapitaliste, spekulate en vreemdelinge die geleentheid gee om Vrystaters se grond in te palm.⁶⁹ Hy het voorgestel dat daar 'n veevrye gebied langs al die grense verklaar word en dat die Kimberley-grens omhein word. Die koste sou niks wees in vergelyking met die verlies van die beeskudde nie.⁷⁰ Toe die Volksraad verdaag het, het hy dit as 'n groot fout bestempel dat hulle nie 'n veevrye gebied verklaar en streng kwarantynmaatreëls getref het nie. Dit was die enigste moontlike oplossing.⁷¹ Die voorstelle by 'n runderpes-konferensie wat op 31 Augustus 1896 te Vryburg gehou is, het met dié van Borckenhagen ooreengekom, naamlik 'n dubbele heining op die grense met 'n oop gebied van 500 treë tussenin. Borckenhagen het gevoel dat die heining reeds opgerig kon gewees het indien die Volksraad by sy vorige sitting daarop besluit het.⁷² 'n Verder aanbeveling wat hy gemaak het, was dat daar met takspoorlyne begin moes word die dag wanneer die hoofspoorlyn oorgeneem is sodat inwoners van graan en voedsel voorsien kon word in geval van die uitwissing van trekosse.⁷³ Hy het ook daarop aangedring dat daar donkies en muile geteel en ingevoer moes word en dat die uitvoer daarvan verbied moes word.⁷⁴ 'n Runderpesbelasting was nodig en boere moes die doodskiet van beeste aanvaar. Daar kon liever 5000 beeste geskiet en die boere daarvoor gekompenseer word as dat die hele kudde deur die pes vernietig word.⁷⁵ Die regering was nie geneë om diere op besmette plase dood te skiet nie en Borckenhagen het dit jammer gevind.⁷⁶ Die enigste oplossing wat syns insiens

68. *Ibid*, 24 April 1896.

69. *Ibid*, 8 Mei en 28 Julie 1896.

70. *Ibid*, 9 Junie 1896.

71. *Ibid*, 10 Julie 1896.

72. *Ibid*, 4 Sept. 1896.

73. *Ibid*, 9 Junie en 28 Julie 1896.

74. *Ibid*, 31 Julie en 4 Aug. 1896.

75. *Ibid*, 1, 4 en 8 Sept. 1896.

76. *Ibid*, 22 Des. 1896.

oorgebly het, was om bakterioloë te laat kom om 'n entstof te ontwikkel. Hy het prof. R. Koch van Berlyn voorgestel. Al die Suid-Afrikaanse state moes saamspan en so 'n projek finansier.⁷⁷ Die Volksraad het in Oktober 'n buitengewone sitting gehou en besluit om 'n veearts en 'n bakterioloog aan te stel.⁷⁸ Die regerings van die Kaapkolonie, Natal, Rhodesië en die Vrystaat het te Kimberley 'n proefstasie geopen met prof. Koch aan die hoof.⁷⁹ Die Vrystaat het dus 'n deel van die koste gedra.⁸⁰ 'n Entstof is ontwikkel, maar was blykbaar nie altyd suksesvol nie weens verkeerde hantering. Die Volksraad het ingegryp en bepaal dat inenting nie deur enige persoon gedoen kon word nie.⁸¹ Koch is terug na Duitsland en Borckenhagen het gevoel dat hy weer moes kom omdat sy werk onvoltooid was. In Augustus 1897 het Koch vir twee weke teruggekeer na die proefstasie by Kimberley. Borckenhagen het steeds sy entstof aanbeveel wat redelike sukses gewaarborg het mits dit korrek toegedien is.⁸² In die distrikte Jacobsdal, Boshof en Ficksburg, waar uitsluitlik van die Koch-metode gebruik gemaak is, is 75% van die vee gered. In 1897 is bevind dat inenting van 30% tot 50% van 'n kudde geïmmuniseer het, terwyl die pes tot 95% van ongeënte beeste uitgewis het. Teen die einde van 1897 is die pes onder beheer gebring.⁸³

The Friend en *De Burger* het ook op die gevare van runderpes gewys, maar het veel later as *De Express* wakker geskrik. *De Burger* het meestal negatief op regeringsoptrede gereageer: die proklamasie sou nie help nie,⁸⁴ omheining sou nie help nie⁸⁵ en op emosionele wyse is burgers opgesweep teen die doodskiet van vee.⁸⁶ Die koerant was ten gunste van 'n veevrye strook.⁸⁷ *The Friend* het *De Express* se voorstelle van 'n veevrye gebied en die doodskiet van vee beaam.⁸⁸

Die runderpes het een goeie gevolg gehad. Die Vrystaatse Volksraad het die noodsaaklikheid van veeartse ingesien. Borckenhagen het van die begin af dit as die regering se

77. *Ibid*, 6, 13 en 23 Okt. 1896.

78. *Ibid*, 26 Okt. 1896; *OVSVR* 23 Okt. 1896, pp. 122 en 125.

79. Lamprecht, p. 110.

80. *De Express*, 15 en 22 Jan. 1897.

81. *Ibid*, 16 Maart, 13 en 23 Julie 1897.

82. *Ibid*, 22 Junie, 13 en 23 Julie en 27 Aug. 1897.

83. Lamprecht, p. 111.

84. *De Burger*, 11 April 1896.

85. *Ibid*, 29 April 1896.

86. *Ibid*, 5, 12 en 29 Sept. 1896.

87. *Ibid*, 26 Sept. 1896.

88. *The Friend*, 4 Aug., 1 en 15 Sept. 1896.

plig beskou om veeartse aan te stel, veral omdat veeteelt vir so 'n groot deel van die land se inkomste gesorg het. Indien die regering 'n stoetplaas met veeartse daar kon stel, sou dit 'n groot hulp vir boere wees.⁸⁹ Hy het gewys op die baie veevrektes en was seker dat veeartse baie van hierdie diere kon behou, as brandsiekte-inspekteurs kon optree en boere kon inlig oor die invoer van vee.⁹⁰ Dit het hom ongelukkig gestem dat die Kaapkolonie bereid was om 'n verdere R8 000 te bestee aan meer veeartse en ook 'n wet op aansteeklike siektes aangeneem het waarvolgens besmette diere vernietig en kompensasie aan die eienaar betaal is, terwyl die Vrystaatse Volksraad, van wie 50 uit die 59 boere was,⁹¹ niks vir boere gedoen het nie ten spyte van die vooruitgang van boerdery. Volksraadslede het beweer dat veeartse in die Kaapkolonie nie nuttig was nie. Waarom sou hulle dan nog veeartse aangestel het? Verder is geredeneer dat daar nog altyd diere doodgegaan het ten spyte van veeartse. Borckenhagen het geantwoord dat daar ook nog altyd mense doodgegaan het ten spyte van dokters. Veeartse het gehelp om higiëniese toestande te skep.⁹²

Die Volksraad het in Oktober 1896 'n buitengewone sitting gehou met die oog op die runderpes. Daar is besluit om dr. Otto Henning, 'n Kaapse veearts, tydelik as veearts aan te stel saam met 'n tydelike bakterioloog.⁹³ Hy het vir drie maande saam met prof. Koch by Kimberley gewerk en daarna was die bestryding van runderpes in die Vrystaat sy verantwoordelikheid. Sy werk het soveel lof ingeoes dat hy in 1897 'n vaste aanstelling as staatsveearts gekry het.⁹⁴

Deur die jare het Borckenhagen gepleit vir die toepassing van moderne wetenskaplike metodes in boerdery en vir 'n persoon of instansie wat leiding kon gee. In 1882 het hy voorgestel dat 'n ervare, opgeleide persoon as inspekteur van landbou aangestel word.⁹⁵ In 1892 het hy gekla oor die gebrek aan stelsel en toesig en op die noodsaaklikheid van 'n departement van landbou. Dit kon beskeie wees, maar baie praktiese. Groot veranderinge het reeds plaasgevind en die bou van meer spoorweë sou nog meer veranderinge tot gevolg hê. So 'n departement kon leiding gee oor die produkte wat

89. *De Express*, 13 Jan. 1890 en 21 Febr. 1893.

90. *Ibid*, 18 Maart 1890.

91. *Ibid*, 15 Des. 1891. Brief van Charles Vincent.

92. *Ibid*, 22 Aug. 1893.

93. *OVSVR*, 23 Okt. 1896, p. 122; Lamprecht, p. 109 - 110.

94. *OVSVR*, 3 Mei 1897, p. 295; Lamprecht, p. 110.

95. *De Express*, 14 Des. 1882.

die beste sou verkoop teen 'n redelike winsgrens. Kwaliteit en kwantiteit kon bestudeer word en die ondervinding wat op skoue opgedoen is, kon aan die landbouers en telers oorgedra word. Die departement kon sprinkane bestry en organiseer dat almal daarin saamwerk - ook die verskillende state. Vir individue was dit onmoontlik.⁹⁶ Hy het gemeen dat so 'n departement belangriker was as die bou van paaie en brûe.⁹⁷ Teen die einde van 1896 het hy in 'n hoofartikel die menings van Kapenaars soos J. X. Merriman en Charles Lee aangehaal wat die stigting van 'n landbوراad aanbeveel het. Tweederdes van die lede kon verkose en een-derde benoemde lede wees. Hierdie raad moes gereeld vergader en sub-komitees en plaaslike verenigings stig wat samewerking kon bevorder.⁹⁸ 'n Paar dae voor sy fatale beroerte-aanval het Borckenhagen met blydschap geskryf oor die wetsontwerp vir die daarstelling van 'n landbوراad wat by die Volksraad ingedien is. Hy het geskryf dat die Vrystaat goed gevaar het. In 1896 is daar 'n groot hoeveelheid landbouprodukte uitgevoer en hoewel daar in 1897 minder uitgevoer is, was dit nie teleurstellend nie. Die Vrystaat het homself gevoed en nog uitgevoer. Dit was dus reg dat daar 'n beskeie poging aangewend is om aan landbou sy regmatige plek toe te ken. Op hierdie stadium het hy gevoel dat 'n landbوراad beter as 'n landboudepartement sou wees. Dit sou meer kontak met boere bewerkstellig. Die raad kon op dieselfde grondslag werk as die model wat Merriman en Lee voorgestel het. Indien so 'n raad ingestel sou word, sou die Vrystaat die mees welvarende en verligte staat in Suid-Afrika word.⁹⁹ Die Volksraad het in 1892, 1894 en 1896 die moontlikheid van die instelling van 'n departement van landbou bespreek, maar die tyd nie ryp geag nie.¹⁰⁰ In 1898 het pres. Steyn die stigting van 'n landbوراad wat die regering op hoogte kon hou met boere se behoeftes en burgers van goeie raad kon bedien, bepleit. Dit is goedgekeur.¹⁰¹ Die landbوراad het net een verslag opgestel voordat oorlog uitbreek het. Die ambisieuse voorstelle wat in dié verslag gemaak is, sou Borckenhagen verbly het: besproeiing, 'n modelplaas, meer spoorlyne, 'n departement van landbou, landboukonde as vak op skool, landbouskole en geld aan landbougenootskappe.¹⁰²

96. *Ibid*, 15 Maart 1892.

97. *Ibid*, 20 Maart 1894.

98. *Ibid*, 18 Des. 1896.

99. *Ibid*, 25 Jan. 1898.

100. Lamprecht, p. 63.

101. OVSVR 21 April 1898, p. 131. Ordonnansie 1 van 1898.

102. Lamprecht, pp. 64 - 66.

'n Proef- of modelplaas en 'n landbouskool of -skole het hom baie na aan die hart gelê. So 'n plaas kon 'n stoetplaas met 'n melkery en 'n veearts wees,¹⁰³ insekte en parasiete kon daar bestudeer en bestrydingsmetodes beproef word,¹⁰⁴ die kweek van vrugte, druiwe en tabak nagevors en 'n vrugtedeskundige, bv. uit Kalifornië, verkry word.¹⁰⁵ Wat 'n landbouskool of -kollege betref, het Borckenhagen dit as belangriker geag as die stigting van 'n nywerheidskool.¹⁰⁶ By 'n landbouskool kon jong boereseuns die nuutste wetenskaplike metodes aanleer en so help om produksie te verhoog. Plase het kleiner geword en daar kon hulle leer hoe om meer intensief te boer, nuwe ploegmetodes te gebruik, stoetvee en nuwe plantvariëteite te verbeter. Hierdie kennis kon hulle dan versprei.¹⁰⁷ Dit was eers na Borckenhagen se dood dat die Volksraad, op aanbeveling van die landbouraad, besluit het om R20 000 te stem vir 'n proefplaas en 'n landbouskool waar seuns met die nuutste implemente kon leer werk en vertrouwd kon raak met suiwel- en tabakboerdery.¹⁰⁸

Ten spyte van al die teenspoed tydens pres. Steyn se regeringstydperk, was daar verbasende vooruitgang. Uit die uitvoer-statistiek van die hoof-doeanebeampte blyk dit dat in 1896 wol ter waarde van R361 028 uitvoer is teenoor R727 552 in 1898.¹⁰⁹ Die totale uitvoersyfers van landbouprodukte het ook van 1896 tot 1898 met R356 938 toegeneem¹¹⁰ ten spyte van die runderpes en die ernstige droogte van 1897. In 1898 is daar selfs 'n baie gunstige verslag deur die suiweldeskundige opgestel oor die toename in suiwelprodukte as gevolg van beter produksiemetodes - ten spyte van die ernstige knou wat deur die runderpes toegedien is. Daar is ook baie meer eiers na Transvaal uitgevoer.¹¹¹

Tot met sy dood het Borckenhagen die belangrikheid van boerdery onderstreep. Op 25 Januarie 1898 het hy die voorstel van 'n Transvaalse koerant dat die Federale Raad by hulle eerste byeenkoms in Pretoria ook ernstig oor die

103. *De Express*, 21 Febr. 1893.

104. *Ibid*, 20 Maart 1894.

105. *Ibid*, 20 en 24 Aug. 1897.

106. *Ibid*, 16 Maart 1894 en 18 Junie 1897.

107. *Ibid*, 16 Maart 1894, 3 Julie 1896 en 18 Junie 1897.

108. Kieser, p. 48.

109. *Ibid*, pp. 37 - 38.

110. *Ibid*, p. 37: hoof-doeanebeampte van die O.V.S. se statistieke.

111. Lamprecht, pp. 102 - 103.

landbou moes besin, verwelkom. "Federal Union means a co-operation in all matters that benefit alike and equally the people of both Republics. Is there a single subject, next to our national existence, only approaching in importance the care and culture of the land we live on?" het hy gevra.¹¹² In *De Express* se huldeblyk na sy dood is sy toewyding aan die landbou geloof: "Sympathising keenly with the rural population in every respect, he took the most lively interest in farming, which he always regarded as the backbone of South Africa, and the owner of a farm for many years himself, was able to realise through painful experience the disheartening drawbacks that are the daily lot of the agriculturalist, so often accused of sloth and want of enterprise."¹¹³

4.2 Ontginning van Minerale

Die ontdekking van minerale, veral goud en diamante, het 'n groot invloed op die twee republieke se geskiedenis, ekonomie en politiek gehad. Uiteindelik het dit ook indirek tot hulle ondergang gelei. Dit was hierdie ontdekkings wat hulle aan die buitewêreld bekend gestel en in die kollig geplaas het.

Die grond waarop die ryk diamantvondse ten suide van die Vaalrivier gemaak is, het volgens die Bloemfonteinse Konvensie van 1854 aan die Vrystaat behoort. Brittanje wou die Vrystaat om verskeie redes nie toelaat om te ryk en ekonomies onafhanklik te word nie, onder andere omdat dit sy aansien as "paramount power" sou bedreig. Vir die ekonomie van die Britse Kaapkolonie het die diamante besonder baie beteken.

Die verlies van die diamantveld was 'n ekonomiese slag vir die Vrystaat. Die nabyheid van die diamantveld het egter 'n mark vir Vrystaatse landbouprodukte geskep wat tot 'n opbloeï van boerderybedrywighede gelei het. Kommunikasie-middele het verbeter deurdat telegraaflyne opgerig is en 'n spoorlyn van Kaapstad tot by Kimberley, wat maar 'n honderd-en-sestig kilometer van Bloemfontein geleë is, was ook 'n aanwinst. Op politieke terrein het die Britse anneksasie van Griekwaland-Wes die Vrystaters se verbittering en verset teen Britse imperialisme vererger.

¹¹². *De Express*, 25 Jan. 1898.

¹¹³. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

Dit het hulle meer vasberade gemaak om nie by 'n Britse federasieplan in te val nie. Op sy beurt het dit die Britse owerheid weer aangespoor om die republieke te omring en af te sonder en so tot federasie te dwing.

Slegs die Jagersfontein- en Koffiefonteinmyne wat baie minder diamantdraend was, het vir die Vrystaat behoue gebly. Hoewel nie so welvarend soos die myne by Kimberley nie, het die twee myne tog 'n beduidende bydrae tot die Vrystaatse staatskas gelewer en veral ook as afsetgebied vir landbouprodukte en steenkool gedien. Twee faktore het verhoed dat die myne tot hulle volle potensiaal ontgin is: die bestaan van talle klein maatskappye en die feit dat baie kleims nie bewerk is nie. Mettertyd het van die maatskappye geamalgameer en ontginning het meer betalend geword. 'n Versoekskrif is aan die regering gerig vir verpligte kleimbewerking by Jagersfontein. *De Express* was ten gunste hiervan terwyl *The Friend* dit teengestaan het.¹¹⁴ Die Volksraad het so 'n wet aanvaar en dit het geen teenstand ondervind nie. Omdat meer diamante opgelewer is, het die staatskas ook groter inkomste uit Jagersfontein ontvang. Die regering se voorneme om na 'n werkstaking by die Koffiefonteinmyn ook daar verpligte kleimbewerking af te dwing, het negatiewe kommentaar van beide *De Express* en *The Friend* uitgelok omdat hulle gemeen het die myn is te arm,¹¹⁵ maar dit het tog goeie vrugte afgewerp. Binne 'n jaar het die produksie verdubbel en tot aan die einde van die republikeinse tydperk 'n redelike inkomste aan die staatskas gelewer.¹¹⁶

Die ontdekking van goud in Transvaal het beter markte en paaie en die aanlê van 'n spoorlyn deur die Vrystaat tot gevolg gehad. Baie gou het die gedagte ook posgevat dat die ryk goudriwe tot in die Vrystaat gestrek het. Borckenhagen het die leiding geneem in die stigting van 'n goudmynmaatskappy. Hy was van mening dat as die Vrystaat goud gehad het, die rykdom sy eie mense toegekom het. Indien baie aandeelhouers gevind kon word, kon genoeg kapitaal byeengebring word. Ontginning van goud sou lei tot die ontwikkeling van die land se natuurlike hulpbronne, die bevordering van boerderybelange en die opbloei van die handel. As die bedryf in Vrystaters se hande was, sou

114. *Ibid*, 17 Mei 1892.

115. *The Friend*, 13 Mei 1892 en *De Express*, 17 Mei 1892.

116. Lamprecht, pp. 282, 283, 286, 294, 295, 297, 298 en 301.

vreemde kapitaliste uitgehou en die probleme wat in Transvaal ontstaan het, vermy word.¹¹⁷

Op die vergadering wat deur Borckenhagen belê is met die oog op die stigting van 'n goudmynmaatskappy, is die idee goed ontvang. 'n "Provisioneel Komitee" is gestig waarop vooraanstaande persone soos Borckenhagen, A. Barlow, A. Fischer, J. G. Fraser, M. Levisieur, A. W. Beck en dr. B. O. Kellner gedien het. Hulle sou 'n prospektus uitgee en die idee by die burgers tuisbring sodat 'n groot aantal aandeelhouers gewerf kon word. Deskundiges se dienste sou verkry word.¹¹⁸ Arthur Barlow, *The Friend* se redakteur, het hom heelhartig agter die onderneming geskaar omdat hy geglo het dat die Vrystaat sy gawes moes benut en dat ander dit nie moes kry nie.¹¹⁹ Beide *De Express* en *The Friend* het propaganda vir die maatskappy gemaak. *De Nationale Exploratie-, Myn- en Geldbelegging Maatschappij (Sepert)* is gunstig deur die Volksraad ontvang en die meeste lede het aandeel gekoop.¹²⁰ Die volgende persone is tot direkteure van die maatskappy gekies: A. W. Beck, C. Borckenhagen, B. O. Kellner, J. Brebner, J. G. Fraser, R. Innes, A. Barlow, M. Heilmann en M. Levisieur.¹²¹

Die maatskappy het die plaas Blaauwboschpoort tussen Heilbron en Vrededorp bekom. *The Friend* was baie optimisties dat dit dalk die rykste goudmyn in die wêreld kon word en dat " .. very bright and prosperous days are in store for this State."¹²² 'n Maj. Roberts is verkry as deskundige en volgens hom was daar diep goudriwe op die plaas. "The formation is true and uniform", het hy beweer.¹²³ Die maatskappy is gefloteer en die kapitaal is in die Vrystaat alleen oorskry.¹²⁴ Slegte nuus het egter op aandeelhouers gewag: myningenieur Rathbone het bevind dat daar nie goud was nie.¹²⁵ Dit was vir almal 'n teleurstelling, maar *The Friend* het geskryf dat almal geweet het dat dit net hulle eie skuld was dat hulle sulke hoë verwagtings gekoester het wat nie gerealiseer het nie. Vrystaters het minstens nou

117. *De Express*, 16 April 1889 en 8 Febr. 1898.

118. *Ibid*, 2 April 1889.

119. *The Friend*, 3 en 17 April 1889.

120. *De Express*, 14 Mei 1889.

121. *The Friend*, 30 Julie 1889.

122. *Ibid*, 5 Junie 1889.

123. *De Express*, 13 Aug. 1889 en 14 Jan. 1890.

124. *Ibid*, 27 Aug. 1889.

125. *Ibid*, 14 Jan. 1890.

geweet dat daar nie goud in die Vrystaat was nie!¹²⁶ Borckenhagen het gemeen dat daar tog iets uit die gebeure geleer is en dat die Vrystaat hom maar in die toekomst moes toespits op landbou en veeteelt en die beste daarvan moes maak.¹²⁷ 'n Eerlike poging van Borckenhagen en andere om die Republiek se welvaart te help bevorder, het misluk en Borckenhagen se opvolger het geskryf dat "deep disappointment and worry were the only outcome of his unselfish efforts".¹²⁸ Die vermoede dat daar goud in die Vrystaat was, het later weer posgevat. Borckenhagen het in 1896 met bekommernis Scott Alexander se berig in *The Star* dat daar baie goud in die Vrystaat was en dat Randse kapitaliste reeds opsies op baie plase in die gebied gehad het, aangehaal. Hy het geskryf: "It is now for years that the Volksraad has contemplated the idea of securing the rights of the State, the rights of the whole people to its mineral wealth, instead of allowing it to become the property of capitalists, companies or corporations, and it is high time to guard against the possible and excessive influence of capital in this country." Hy het gehoop dat as minerale rykdom 'n rol in die Vrystaat sou speel, dit stadig sou kom en op so 'n wyse dat dit die geluk en welstand van Vrystaters sou bevorder eerder as om fortune aan spekulante te besorg met dieselfde gevolg as in Transvaal.¹²⁹

Daar is heelwat steenkool in die Vrystaat ontgin, veral in die distrik Heilbron. Teen die einde van die republikeinse tydperk het die myne in daardie omgewing in ongeveer die helfte van die Vrystaat se behoeftes voorsien. Die spoorweë en diamantmyne was die grootste verbruikers. Vrystaatse steenkool het 'n groot rol in die land se spoorverkeer gespeel en invoer vir die aandrywing van stoomlokomotiewe onnodig gemaak.¹³⁰ Dit het gehelp om koste te bespaar. In 1892 het Borckenhagen 'n beroep op die Transvaalse firma Lewis en Marks gedoen om steenkoolvelde in die Vrystaat en Transvaal te ontwikkel.¹³¹ Teen die einde van 1893 het hulle begin om skagte te sink in hulle Vrystaatse steenkoolmyne¹³² en teen 1895 is die myne ontgin.¹³³ Borckenhagen het die Volksraad verwyt dat niks gedoen is om

126. *The Friend*, 17 en 21 Okt. 1890.

127. *De Express*, 21 Okt. 1890.

128. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

129. *Ibid*, 26 Mei 1896.

130. Lamprecht, pp. 306, 307 en 312.

131. *De Express*, 10 Mei 1892.

132. *The Friend*, 19 Des. 1893.

133. *Ibid*, 26 Julie 1895.

steenkoolontginning te bevorder nie. Die Raad kon 'n bydrae lewer deur spoorlyne aan te lê na die gebiede waar daar ryk steenkoollae was en moontlik ook deur subsidies vir die ontwikkeling van bronne.¹³⁴ Aan die begin van 1891 het Borckenhagen voorgestel dat 'n steenkoollyn van Vierfontein na Kroonstad en later dalk Klerksdorp gebou word.¹³⁵ In die 1893-sitting van die Volksraad is besluit om 'n tender vir die bou van dié lyn te aanvaar.¹³⁶ Daar het egter probleme ontstaan en die lyn is nie gebou nie.¹³⁷ Die Volksraad het dit oorweeg om 'n steenkoollyn te Boschkop te koop, maar volgens Borckenhagen wyslik daarteen besluit. Die Vrystaat moes nie sy spoorwinste onoordeelkundig vir sulke ondernemings gebruik nie, maar dit aan "public competition and public enterprise" oorlaat. Uit dure ondervinding kon hy waarsku dat die regering nie geld moes mors op ondernemings wat hy nie verstaan het en waar hy op nense moes staatmaak wat hy nie doeltreffend kon beheer nie.¹³⁸

4.3 Die tolunie

In die Bloemfonteinse Konvensie van 1854 is aanbeveel dat die Kaapkolonie doeaneregte aan die Vrystaat, wat daarop geregtig was, toestaan. Dit het egter 'n lang stryd geverg voordat dié vergunning toegestaan is. Pres. Brand het verskeie vergeefse pogings aangewend om die Kaapkolonie oor te haal om 'n tolkonferensie te hou waarop ook die Vrystaatse eis vir 'n deel van die doeanereg aangehoor kon word. Pres. Kruger het ook, weens Transvaal se afhanklikheid van die Kaapkolonie na die herwinning van onafhanklikheid, verskeie pogings, selfs nog aan die begin van 1886, aangewend om tot 'n tolunie toe te tree.¹³⁹ Borckenhagen was van die begin af ten gunste van 'n tolverbond tussen al die Suid-Afrikaanse state. Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die Kapenaars se houding begin verander. Hulle was gretig om die Transvaalse handel te bekom en mettertyd het hulle besef dat die Vrystaat nie tot die lê van 'n spoorlyn na Transvaal sou toestem sonder die toekenning van doeaneregte nie. Op hierdie stadium was Transvaal glad nie meer geneë om by 'n tolunie aan te sluit nie. Hy het gemeen dat die Kaap meer as Transvaal daarby sou baat.

134. *De Express*, 10 Mei 1892 en 13 Junie 1893.

135. *Ibid*, 17 Febr. 1891.

136. *The Friend*, 7 Julie 1893.

137. *Ibid*, 8 Nov. 1895.

138. *Ibid*, 11 Mei 1897.

139. Kruger, D. W., *Paul Kruger, Deel II*, p. 115.

Aanvanklik was Borckenhagen gekant teen die gedagte van 'n tolunie sonder Transvaal. Indien die twee republieke sou saamstaan, kon hulle die oorwig in 'n tolunie verkry en groot invloed uitoefen. In die toekoms sou hy dikwels by Transvaal pleit om saam te werk sodat die republieke die oorheersing van die kolonies en Rhodes se Engelse politiek kon weerstaan.¹⁴⁰ Hy het by die regering daarop aangedring om met die susterrepubliek oor die kwessie te konfereer. Dit het in 1887 gebeur, maar Transvaal wou niks weet van 'n tolunie nie. Borckenhagen het besef dat die Vrystaat net daarby kon baat om 'n deel van die invoerreg te kry en hy het die Vrystaters aangeraai om 'n tolunie te steun. Baie Vrystaters was egter bang dat 'n tolooreenkoms met die Kaapkolonie verwydering tussen die twee republieke sou bring. Om dié rede was hulle ook daarteen gekant dat die Kaap 'n spoorlyn deur die Vrystaat na Transvaal bou. Dit kon die Delagoabaailyn bedreig. Dan was daar veral ook die inwoners van die noordoos-Vrystaat wat teen 'n tolunie sonder Natal was omdat dit swaarder invoerbelasting op goedere van Natal sou beteken.

Uiteindelik het die Kaapse regering op aandrang van pres. Brand toegestem tot 'n tol- en spoorkonferensie. Dit het op 30 Januarie 1888 in Kaapstad begin en 'n voorlopige tolunie, net tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat, is gesluit. Natal het geweier om by die unie aan te sluit. Die volk se teenstand teen die tolunie, soos by vergaderings geopenbaar, was vir Brand ontstellend. Die Volksraad het die President egter verlof gegee om 'n tolverbond, onderworpe aan verdere bekragtiging deur die Volksraad, met die Kaapkolonie en, indien moontlik, Natal aan te gaan.¹⁴¹ President Brand is op 14 Julie 1888 oorlede en dit sou die nuwe President se taak wees om die Volksraad se opdrag uit te voer.

Reitz was ten gunste van samewerking met die susterrepubliek op politieke gebied, maar het nie, soos Kruger, geglo dat die republieke hulle moes afsonder van die res van die land nie. Hy sou dus graag ekonomiese bande met die kolonies wou handhaaf. In sy politieke program wat hy aan die Volksraad voorgelê het, het hy verklaar dat hy niks teen 'n tolunie het nie mits alle state en kolonies toestem.¹⁴² Omdat hy

140. *De Express*, 24 Maart 1895.

141. *OVSVR*, 30 Mei 1888, p. 294 e.v. en 31 Mei 1888, p. 323.

142. *V.R.-Bylae*, 1888, Deel X, Nr. 318, aangehaal in Moll, p. 70; *De Express*, 4 Sept. 1888.

beseft het hoeveel verdeeldheid daar onder die burgers oor 'n tolonie en die aanlê van spoorweë was, het hy besluit om nie sommer met die intrap in die Volksraad aan die debatte daaroor deel te neem nie. Hy het dan ook so gesê toe hy op 10 Januarie 1889 ingesweer is.¹⁴³ *The Friend* het hom sy stilsweye verwytd.¹⁴⁴

Intussen het tussen 500 en 600 burgers in Bloemfontein saamgetrek om hulle misnoeë met die regering se beleid van samewerking met die Kaapkolonie te kenne te gee. Dit was 'n onstuimige vergadering en Borckenhagen het sonder veel sukses probeer om gemoedere te kalmeer. Uiteindelik is 'n aantal afgevaardigdes onder leiding van C. R. de Wet gekies om die Volksraad se verrigtinge te volg en indien nodig protes aan te teken.¹⁴⁵

Die Volksraadslede het soveel uiteenlopende beskouings oor 'n tolonie gehuldig, dat die debat daaroor dae lank geduur het. Die talle memories van die volk en Natal se huiwering om tot 'n toverbond toe te tree, het hulle laat twyfel. Die 13de het C. R. de Wet 'n memorie ingedien waarin die Volksraad gevra is om die debat te verdaag sodat die volk eers geraadpleeg kon word. Die poging om die debat uit te stel, het misluk.¹⁴⁶ Op 15 Januarie het Borckenhagen in *De Express* gewys op die noodsaaklikheid van 'n spoedige besluit. Hy het beseft dat 'n sterk groep teen die tolonie standpunt ingeneem het en daarom het hy diegene wat gemeen het dat Transvaal teen Vrystaatse deelname gekant was, gerus gestel dat dit nie so was nie.¹⁴⁷ Op dieselfde dag is 'n toverbond met alle State en Kolonies deur die Volksraad goedgekeur¹⁴⁸ en die verantwoordelikheid om dit deur te voer op die President se skouers geplaas. Pres. Reitz het hierna druk met Transvaal, die Kaapkolonie en Natal gekorrespondeer oor 'n tolkonferensie. Pres. Kruger het deelname geweier. 'n Konferensie is vir Maart 1889 gereël, 'n paar dae nadat Reitz en pres. Kruger mekaar by Potchefstroom ontmoet het.¹⁴⁹

143. *De Express*, 15 Jan. 1889.

144. *The Friend*, 15 Jan. 1889.

145. Malan, S. F., *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 164.

146. *Ibid*, p. 165.

147. *De Express*, 15 Jan. 1889.

148. *OVSVR*, 15 Jan. 1889, p. 83.

149. Moll, pp. 132 - 134.

Dit was 'n spanningsvolle tyd waarin voor- en teenstanders van 'n tolunie met talle bespiegeling voor die dag gekom het. Omdat Borckenhagen bekommerd was oor die volk se reaksie, het hy daarop gewys dat nouer vereniging met Transvaal voorkeur moes geniet, maar dat omstandighede die Vrystaat gedwing het om 'n tolverbond met een en hopelik later beide kolonies te sluit. Dit was nodig dat alle state en kolonies saamwerk en mekaar se belange erken. Hy was oortuig daarvan dat die Kaapkolonie die Vrystaat billik sou behandel weens die bedreiging van die Kaapse handel deur die Delagoabaai-spoorlyn. Gelukkig het die Vrystaat iemand aan die hoof gehad wat deurdrenk was van 'n seldsame pligsgevoel en wat daarvolgens sou handel.¹⁵⁰

Die tol- en spoorkonferensie het van 19 tot 28 Maart 1889 in Bloemfontein plaasgevind. Pres. Reitz was die voorsitter. Die Kaapkolonie en die Vrystaat wou nie van die Kaapstad-samesprekings afwyk nie en Natal wou nie 'n hoër tarief aanvaar nie en het hom van die byeenkoms onttrek. Die Kaapkolonie en die Vrystaat het vervolgens 'n tolooreenkoms aangegaan. Een van die belangrike bepalings was dat die Vrystaat voortaan drie-kwart van die doeanebelasting op ingevoerde goedere sou kry.¹⁵¹ Op 7 Mei 1889 het die Volksraad die tolkonvensie met 30 stemme teen 28 aanvaar.¹⁵²

Na die Volksraadsitting het pres. Reitz tydens Julie en Augustus 1889 die noordoostelike distrikte besoek en van die geleentheid gebruik gemaak om die ooreenkomste met Transvaal en die Kaapkolonie te verduidelik. Die tolunie het op 1 Julie 1889 in werking getree en inwoners kon alreeds die uitwerking daarvan voel. Afgesien daarvan dat hulle 5% meer invoerbelasting vir goedere uit Natal as wat die suide en weste vir produkte uit die Kaapkolonie betaal het, het handelaars die situasie misbruik, hulle pryse buitensporig verhoog en dit dan aan die doeanebeleid toegeskryf. Verder het Natalse handelaars, wat wou sien dat die tolunie nietig verklaar word, die inwoners teen die Kaapkolonie en pres. Reitz opgestook en gerugte van rebellie versprei.¹⁵³ Natalse koerante is daarvoor ingespan. Volgens *The Friend* het die *Natal Afrikaner* 'n klomp leuens oor pres. Reitz se besoek aan die Noord-Vrystaat gepubliseer. "There is somewhere in the North .. a scoundrel who has been systematically

150. *De Express*, 19 Maart en 30 April 1889.

151. Moll, p. 134 - 135.

152. *OVSVR*, 7 Mei 1889, p. 31.

153. Malan, p. 171.

maligning the President since the day of his nomination", en hierdie persoon het in die Natal Afrikaner 'n gewillige werktuig gevind, beweer *The Friend*.¹⁵⁴ Die klimaat wat Reitz in die noordooste aangetref het, was dus allesbehalwe hartlik. Hy het gevind dat daar baie onkunde oor die tolunie bestaan het en het sy bes probeer om te verduidelik dat die tolunie die Vrystaat as geheel gebaat het; die staat sou die grootste deel van die belasting terugkry. Dat hierdie distrikte meer belasting moes betaal, het hy besef, maar dit was omdat Natal nie wou saamwerk nie. Hulle het sedert republiekwording 'n voordeel bo die res van die Vrystaat gehad weens die laer Natalse tarief en moes nou bereid wees om iets op te offer. Die ooreenkoms was buitendien bindend en kon eers na vier jaar opgesê of verander word. Hy sou sy bes probeer om 'n wysiging te kry sodat die belastingdruk op die noorde verminder word.¹⁵⁵

De *Express* het Reitz lojaal ondersteun en Natal terselfdertyd skerp veroordeel. Hy het ook daarop gewys dat die noordooste niks sou kon doen om die tolunie ongedaan te maak nie.¹⁵⁶ Dit het reaksie van leiers in die noordooste uitgelok. Vir hulle was die regering se optrede nie in belang van die Republiek nie, maar eerder van die Kaapkolonie en was 'n verontagsaming van die volkswil.¹⁵⁷ Die ontevredenheid het voortgewoeker, 'n "Boeren Comité" is te Harrismith gestig en memories gesirkuleer waarop 2 000 burgers 'n spesiale sitting van die Volksraad versoek het sodat die tolunie nietig verklaar kon word.¹⁵⁸ Reitz was nie tot sulke optrede bereid nie en het in die pers verklaar dat die besluit om 'n tolunie aan te gaan met 'n groot meerderheid deur die Volksraad aanvaar is en om dit te wou herroep, het getuig van verset teen die wettige regering. Daar was nie so 'n groot belastingongelykheid as wat beweer is nie, maar hy sou hom beywer om die las vir die noordoos-Vrystaters verlig te kry.¹⁵⁹ Verdere memories het gevolg en is deur die Volksraad by sy 1890-sitting in oorweging geneem. Die Raad het aan die President opdrag gegee om 'n laer tarief te probeer beding.¹⁶⁰ Reitz het nie alleen hiermee saamgestem nie, maar ook te kenne gegee dat hy dit sou oorweeg om die tolunie op te sê indien die kolonies nie

154. *The Friend*, 21 Aug. 1889.

155. *De Express*, 13 Aug. 1889.

156. *Ibid*, 20 Aug. 1889.

157. *Ibid*, 29 Oktober 1889, brief W. M. J. Wessels.

158. Malan, p. 173.

159. *De Express*, 4 Febr. 1890 en *The Friend*, 5 Febr. 1890.

160. OVSVR, 14 Mei 1890, p. 141.

by die verstryking van die konvensie laer tariewe wou toestaan nie. Aan die anderkant kon die President aankondig dat die Vrystaat reeds R148 000 aan tolgeld ontvang het.¹⁶¹

Borckenhagen het die Volksraad geprys oor die waardige, kalm en bedaarde tolonie-debat. Daar was seldsame eenstemmigheid, selfs tussen noord en suid. Hy het met Reitz, Fischer en ander saamgestem dat laer tariewe gehef kon word soos Natal voorgestel het. Die Vrystaat wou met al sy bure in vriendskap leef, ook met Natal. Die droombeeld van 'n algemene tolonie en die vereniging van Suid-Afrika het bly voortleef.¹⁶² Die Kaapkolonie wou egter niks weet van laer tariewe nie en die verskoning was dat hy te veel openbare werke gehad het om aan te pak.¹⁶³ Natal wou nie sonder Transvaal tot 'n tolonie toetree nie. Deur Transvaal te steun wou hy die Transvaalse handel bekom.¹⁶⁴ Borckenhagen het dit steeds betreur dat Transvaal homself en die Vrystaat benadeel het deur nie saam tot 'n tolonie toe te tree waar hulle groot invloed as republikeinse mag kon uitoefen nie.¹⁶⁵

Intussen is 'n nuwe koerant, *The Northern Post*, in Harrismith uitgegee met die doel om die tolonie, president Reitz en Borckenhagen in diskrediet te bring.¹⁶⁶ Hierin is hy deur *The Observer* (Pretoria) en die *Natal Witness* gesteun. Persoonlike aanvalle is op president Reitz en sy gesin gedoen.¹⁶⁷ Die *Natal Afrikaner* het ook voortgegaan om propaganda teen die tolonie en die Vrystaatse regering se spoorbeleid in die Noordoos-Vrystaat te maak en die redakteur, mnr. Herschensohn, het daar rondgereis om, volgens *De Express*, die ontevredenheid aan die gang te hou.¹⁶⁸ Hierdie koerante het ook histeriese gerugte van gewapende opstand in die Vrystaat gepubliseer en voorspel dat Reitz nie weer tot president verkies sou word nie.¹⁶⁹

Borckenhagen het nog steeds 'n algemene tolonie in die vooruitsig gestel. Die Vrystaat sou nie lidmaatskap van die bestaande tolonie laat vaar na soveel jare van stryd om 'n

161. *Ibid*, 5 Mei 1890, pp. 8-9.

162. *De Express*, 20 Mei 1890.

163. *Ibid*, 27 Mei 1890.

164. *Ibid*, 22 Julie 1890.

165. *Ibid*, 22 Julie 1890.

166. *Ibid*, 9 Sept. 1890.

167. *Ibid*, 23 Sept. 1890.

168. *Ibid*, 3 Febr. 1891.

169. *Ibid*, 2 Des. 1892 en *The Friend*, 18 Nov. 1892.

deel van die invoerreg te kry nie. Transvaal kon dalk toetree indien die Britte reg aan hom sou laat geskied deur Swaziland aan hom toe te sê. Die Vrystaat sou by die hersiening van die tolooreenkoms waarskynlik aandring op 'n laer tarief en dan sou Natal nie rede hê om buite die unie te bly nie. Eiebelang moes op die agtergrond geskuif word. Dit was in die beste belang van Suid-Afrika om ekonomies een te wees soos wat hy eendag polities een sou wees, maar dan moes nie een hom verbeel dat hy die spil was waarom alles gedraai het nie. As almal tot die tolunie sou toetree, sou die Kaapkolonie sy aanspraak dat hy die belangrikste was, moes prysgee omdat hy dan in die minderheid sou wees. Die Vrystaat was nog altyd 'n bemiddelaar wat daarna gestreef het om die hele Suid-Afrika se belang te soek. Hy was trots op die sukses wat die Vrystaat behaal het deur op te bou en te versoen.¹⁷⁰ In Mei 1892, tydens die Volksraadsitting, het Borckenhagen geskryf dat geen Volksraadlid die tolunie skipbreuk wou laat ly nie, maar almal wou laer tariewe hê. Die Kaapkolonie moes weet dat die tolunie nie voortgesit sou word as tariewe nie verlaag word nie. Die Vrystaat sou alles in sy vermoë doen om Natal tegemoet te kom en ook om Transvaal en Portugal te betrek.¹⁷¹ Die Volksraad het dan ook aan Reitz opdrag gegee om 'n konferensie te reël en met Natal te korrespondeer.¹⁷²

Reitz het sy opdrag nagekom en sy bes probeer om die tariewekwessie opgelos te kry. Herhaalde korrespondensie met die Natalse regering het niks opgelewer nie; laasgenoemde het telkens met verdere eise gekom.¹⁷³ Reitz het nou geen ander weg oopgesien as dat die bestaande tolunie opgesê word sodat al die state en kolonies van nuuts af kon konfereer nie.¹⁷⁴ By die 1893-sitting het hy die Volksraad dan ook gevra om die konvensie te beëindig. Borckenhagen het verduidelik dat Reitz nie die tolunie wou laat vaar nie, maar beoog het om verligting vir die noord-Vrystaat te kry en ook wou probeer om 'n algemene tolunie met nuwe voorwaardes te kry. Hy wou Natal en die ZAR 'n kans gee om tot die tolunie toe te tree. Hy het die beste belang van die Vrystaat, ook die noord-Vrystaat, in die oog gehad.¹⁷⁵ Die Volksraad het egter na dae van beraadslaging en spanning met 'n groot meerderheid (35 teen 14 stemme)

170. *De Express*, 26 April 1892.

171. *Ibid*, 24 Mei 1892.

172. Moll, p. 143; *OVSVR*, 21 Mei 1892, p. 233.

173. Moll, pp. 142-144.

174. *OVSVR*, 1 Mei 1893, p. 18.

175. *De Express*, 30 Mei en 1 Aug. 1893.

besluit om die tolkonvensie te handhaaf. Reitz moes egter steeds met die verskillende regerings onderhandel met die oog op 'n algemene tolunie.¹⁷⁶ Dit het ook die gevoel van die meerderheid van die bevolking weerspieël. Borckenhagen het die belanghebbendes aangerai om met geduld en takt op te tree sodat almal uiteindelik tot toetrede oorgehaal kon word.¹⁷⁷

Ten spyte van Reitz se pogings om die belange van die noord-oos-Vrystaat in ag te neem, het hulle gegriefdheid daartoe gelei dat hulle ds. A. A. van der Lingen sterk gesteun het in die 1893-verkieping. In Bethlehem, Harrismith, Ladybrand, Vrede en Wepener het hy meer stemme as Reitz gekry. In Harrismith het hy 293 stemme teenoor Reitz se 83 getrek en in totaal het hy vier keer meer stemme as in die vorige verkiesing gekry.¹⁷⁸ Die totale aantal stemme wat in die Vrystaat op pres. Reitz uitgebring is, was 4 917 teenoor Van Lingen se 1 802.¹⁷⁹ Met pres. Reitz se besoek aan Harrismith in 1894 het die stadsraad besluit om nie aan hom die gebruiklike adres te oorhandig nie. 'n Openbare vergadering is gehou en daar is besluit om tog die oorhandiging te doen. Reitz se ontvangs was egter maar baie flou. Slegs tien rytuie was in die optog om hom te verwelkom en ag daarvan is deur amptenare beset.¹⁸⁰

Aan die begin van 1893 het Borckenhagen voorgestel dat iemand aangestel word om kontrole oor die werking van die tolunie te hou en ongerymdhede aan die kaak te stel.¹⁸¹ In die 1894-sitting van die Volksraad het pres. Reitz die stigting van 'n doeanedepartement te berde gebring.¹⁸² 'n Kommissie is gekies om die kwessie te ondersoek en die instelling van so 'n departement is aanbeveel. Die Volksraad het die aanbeveling aanvaar.¹⁸³ Aan die begin van 1895 het Borckenhagen geskryf dat statistieke getoon het dat die departement noodsaaklik was sodat die regering al die geld kon kry wat hom toegekom het. Die inkomste wat na die eerste jaar gedaal het, het weer tot die oorspronklike bedrag gestyg sedert die instelling van die departement.¹⁸⁴

176. *OVSVR*, 23 Mei 1893, p. 212.

177. *De Express*, 19 Mei 1893.

178. *Ibid*, 5 Des. 1893; *The Friend*, 24 Nov. 1893.

179. Moll, p. 206.

180. *De Express*, 16 en 23 Maart 1894.

181. *Ibid*, 3 Febr. 1893.

182. *OVSVR*, 7 Mei 1894, pp. 7 en 8.

183. *Ibid*, 12 Julie 1894, p. 757.

184. *De Express*, 18 Jan. 1895.

Met die oog op die naderende hersiening van die toloorenkoms het Borckenhagen die verskillende Suid-Afrikaanse geweste gekritiseer weens hulle soeke na eiebelang. Hulle wou niks opoffer vir Suid-Afrikaanse samewerking nie. Rhodes het in 'n toespraak net van die Kaapkolonie se belange gepraat en die feit dat die tolunie die belangrikste maatreël in tussenstaatlike verhoudings was oor die hoof gesien. Transvaal wou nie by die tolunie aansluit nie as gevolg van die monopolieë wat hy aan spekulante toegestaan het. Die doeane-unie wat Transvaal met Portugal aangegaan het, se tarief was nie vir Transvaal voordelig nie, "but it flatters what our Transvaal cousins imagine to be their enjoyment of a greater measure of independence, and we wish them joy of the deception. Independent of the rest of South Africa and at the mercy of certain monopolists - this is what it really amounts to!" Wat Natal betref, moes vasgestel word wat vir dié kolonie aanvaarbaar was om in die tolunie betrek te word. Natal moes net nie dink dat die Vrystaat die Kaapkolonie vyandiggesind was nie. Die Vrystaat sou egter nie sy onafhanklikheid prysgee ter wille van Rhodes se imperiale idees of die De Beers-delwers of Westelike Provinsie-distilleerders nie. Die Vrystaat wou ook nie deel hê aan Transvaal se konsessiebeleid nie. Voordat konferensie gehou word, moes al die deelnemers hulle huishoudelike sake uitstryk en nie plaaslike belange na die konferensietafel bring nie.¹⁸⁵ Volgens Borckenhagen moes die Vrystaat nuwe voorwaardes by die tolkonferensie beding soos laer tariewe en aksynsbelasting op drank en diamante.¹⁸⁶

'n Kwessie wat heelwat teenstand, veral in die grensdistrikte, en warm besprekings in die Volksraad uitgelok het, was die teenwoordigheid van Basoetoland in die tolunie, soos op 6 Mei 1891 deur die Volksraad bekragtig.¹⁸⁷ Borckenhagen was ook daarteen gekant omdat hy gemeen het dat die Vrystaatse graanboere onregverdige mededinging van Basoetoland ondervind het en omdat gewetenlose persone die goedkoop Basoetolandse graan in Transvaal as Vrystaatse graan verkoop het. Vrystaatse produkte is nie deur Transvaal belas nie. Indien Transvaal kon bewys dat die graan uit Basoetoland en nie uit die Vrystaat kom nie, kon dit die

185. *Ibid*, 6 Febr. 1894.

186. *Ibid*, 1 Mei 1894.

187. Moll, p. 149.

Potchefstroomse konvensie in gevaar stel.¹⁸⁸ Borckenhagen het egter besef dat die Kaapkolonie moontlik nie met die tolunie sou voortgaan as die Vrystaat op Basoetoland se uitsluiting uit die tolunie aangedring het nie en verder sou dit die Vrystaat te veel kos om die Basoetolandse grens te beveilig teen smokkelary. Hy het 'n beroep op die volk gedoen om hulle menings oor die saak uit te spreek sodat afgevaardigdes kon weet hoe hulle voel.¹⁸⁹

Borckenhagen het baie en breedvoerig oor die tolunie geskryf. Hy het verskeie doelstellings daarmee gehad. Eerstens wou hy die burgers, veral van die noordelike gebiede, oortuig van die voordele van 'n tolunie vir die Vrystaat en die hele Suid-Afrika. Tweedens het hy wenke vir veranderings van die ooreenkoms gegee wat vir die oë van Volksraadslede en moontlike afgevaardigdes na tolkonferensies bedoel was. Derdens wou hy die verskillende state en kolonies aanspoor om saam te werk en ook Volksraadslede oorreed om so op te tree dat daardie gebiede gewillig sou wees om tot 'n tolunie toe te tree. Hy het geskryf dat 'n tolunie baie van Suid-Afrika se probleme kon oplos, maar dan moes dit 'n unie wees in die ware sin van die woord. 'n Unie het gelyke regte en pligte geïmpliseer. Daar moes nie 'n gekonkel wees sodat een deelnemer oorheers nie. Rhodes met sy "artificial balancings and superficial briberies, seeks to maintain for the Cape Colony a supremacy in defiance of facts". Ook Transvaal moes nie daarna streef om te oorheers nie. Die Vrystaat was nog altyd 'n "honest broker" wat versoening en samewerking probeer bewerkstellig het. 'n Tolunie kon as grondslag dien vir nasionale eenheid. Die afsonderlike state moes hulle onafhanklikheid behou, maar ekonomies saamwerk. Sy oplossing vir die gedurige verskille oor tariewe was dat daar 3% by hawens gehef word om kostes soos die instandhouding van die hawens te bestry en dat elke deelnemer aan die tolunie dan verder sy eie tarief bepaal volgens sy behoeftes. Alle binnelandse tolhuise moes dan verdwyn, want hulle was 'n steen des aanstoots en onnodig.¹⁹⁰ Die Bloemfonteinse Kamer van Koophandel het 'n handelskongres gereël waar alle Vrystaatse belanghebbendes oor tolsake kon beraadslaag. Daar was verteenwoordigers van oor die hele Vrystaat, ook van die noordelike en noordoostelike distrikte. Die kongres het, soos Borckenhagen voorgestel het, onder andere aanbeveel

188. *De Express*, 22 Mei en 9 Junie 1894.

189. *Ibid*, 16 Nov. 1894.

190. *Ibid*, 15 Febr. 1895.

dat 3% by hawens gehef word en dat lede van die tolunie dan self verdere tariewe vasstel wat by hulle behoeftes pas.¹⁹¹

Intussen het Paul Kruger se droom van 'n eie hawe 'n finale nekslag gekry met die Britse anneksasie van Tongaland. Dit het die hoop op Transvaalse toetrede tot 'n tolunie vernietig.¹⁹²

Tydens die Volksraad se 1895-sitting het Borckenhagen geskryf oor die uiteenlopende sienings van die tolunie onder Volksraadslede. Die feit was dat daar reeds 6 jaar lank 'n ooreenkoms met die Kaapkolonie bestaan het en dat 'n tolunie waaraan Transvaal deelgeneem het, nie in sig was nie. Die Vrystaat moes dus die beste van die bestaande unie maak en aandrang op 'n verandering wat onder andere 'n beter bedeling vir die noorde en noordooste van die Vrystaat tot gevolg sou hê. Die Vrystaat moes ferm wees in sy aandrang.¹⁹³ Op 12 Junie 1895 het die Volksraad besluit om met die Kaapkolonie te onderhandel oor veranderinge in die toloorenkoms.¹⁹⁴ Na die sitting was hy baie tevrede met die Volksraad se praktiese hantering van die kwessie.¹⁹⁵

Reitz het uitnodigings om 'n tolkonferensie by te woon aan die verskillende regerings gerig. Slegs die Kaapkolonie het positief gereageer en Reitz het in sy 1895-aanspraak wat namens hom in die Volksraad voorgedra is, kennis gegee dat die konferensie tot 1896 uitgestel is. Hy het aan die einde van 1895 bedank as president en het dus nie die bevrediging gesmaak dat die tariewekwessie in sy regeringstydperk opgelos is nie.

Die tolkwessie was die vernaamste bron van spanning tydens Reitz se presidentskap en die oorsaak van sy ongewildheid in die noordoostelike dele. Dit was egter nie te wyte aan sy hantering van die kwessie nie, maar aan Natal en ook Transvaal se afsydigheid. Hy het na 'n algemene tolunie gestreef wat ook kon lei tot beter samewerking tussen die verskillende dele van Suid-Afrika en die grondslag kon vorm van 'n verenigde Suid-Afrika. Borckenhagen het hom in hierdie strewe gesteun en te alle tye vir hom in die bresse getree - soms op 'n minder diplomatieuse wyse. Hy het by

191. *Ibid*, 22 Febr 1895.

192. *Ibid*, 21 Mei 1895.

193. *Ibid*, 14 Junie 1895.

194. *OVSVR*, 12 Junie 1895, p. 710; Van der Merwe, p. 94.

195. *De Express*, 2 Julie 1895.

geleentheid heftig teen Natal en die Harrismithers te velde getrek en was op daardie tydstip net so ongewild soos Reitz in die noordooste.¹⁹⁶ Die meerderheid Vrystaters het egter Reitz en Borckenhagen se standpunt onderskryf en die tolunie het bygedra tot die welvaart van die Vrystaat sodat aan sake soos onderwys aandag gegee kon word.

Natal het intussen sy spoorlyn na Transvaal oor Charlestown gekry en omdat sy handelsbetrekkings met Transvaal nou gevestig was, was hy meer geneë om oor 'n tolunie te gesels.

Pres. Steyn het in sy eerste toespraak in die Volksraad die kwessie van 'n tolkonferensie geopper. Die Raad het na beraadslaging besluit om in die tolunie te bly, maar om op veranderings aan te dring. Natal en Transvaal sou na 'n tolkonferensie in September 1896 in Bloemfontein uitgenooi word.¹⁹⁷

Transvaal het steeds geweer om die uitnodiging aan te neem en Borckenhagen het dit betreur. Hy het gemeen dat as Transvaal met sy enorme rykdom en handel tot die tolunie sou toetree hy die leiding sou kon neem en voorwaardes dikteer. Natal se aanname van die uitnodiging het hom verbly, al het hy nie gemeen dat Natal met die Kaapkolonie en Vrystaat se voorwaardes sou saamstem nie. Sy teenwoordigheid sou minstens help om die druk op die noord-Vrystaat te verlig.¹⁹⁸ Wat die Kaapkolonie betref, het hy gemeen dat daar 'n invoerheffing op brandewyn moes kom. Die geld wat so geën is, kon help vergoed vir die verligting van belasting op noodsaaklike goedere.¹⁹⁹

Die afgevaardigdes van die Kaapkolonie, Natal en die Vrystaat het van 7 September 1896 af bymekaar gekom. Pres. Steyn het die voorsitterstoel ingeneem en sterk leiding gegee. Ook buite die vergadersaal het hy in persoonlike onderhoude sy invloed laat geld.²⁰⁰ Natal het weer eens nie met die ander twee se voorstelle saamgestem nie en hom onttrek, maar Borckenhagen het gemeen dat dit tog nut gehad het om saam oor sake te beraadslaag. Die Natallers was

196. *Ibid*, 20 Aug. en 1 Okt. 1889.

197. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, Deel I*, pp. 94 en 95.

198. *De Express*, 25 Aug. 1896.

199. *Ibid*, 4 Sept. 1896.

200. Van der Merwe, p. 95.

beïndruk met hulle behandeling deur die Vrystaat en het dit spesiaal vermeld voor hulle vertrek.²⁰¹

Die afloop van die konferensie was vir Borckenhagen bevredigend. Die lidmaatskap al dan nie van Basoetoland is in die hande van die Vrystaatse Volksraad gelaat, die noordelike en noordoostelike distrikte sou dieselfde belasting as ander distrikte betaal, tariewe op lewensmiddele (behalwe vleis en graan) is verminder soos ook die Republiek se bydrae tot hawens, poskontrakte en derglike uitgawes. Belasting op weeldeartikels is verhoog.²⁰² *De Express* het berig dat algemene tevredenheid met die ooreenkoms op talle vergaderings uitgespreek is en daar het weer harmonie in die land geheers na jare se gisting in die noorde en noordooste.²⁰³ Borckenhagen het in Oktober 1897 geskryf: "We learn that, since the President's visit, Harrismith easily ranks first as the most loyal community in the Free State. All the little grievances and heart-burnings disappeared like snow before the sun ..".²⁰⁴ Die Volksraad het die tolunie sonder veel debattering aanvaar.²⁰⁵

Twee maande na Borckenhagen se dood in Februarie 1898 het Natal tot die tolunie toegetree tydens die tolkonferensie in Kaapstad,²⁰⁶ daar was eenvormige belasting vir al die dele van die Vrystaat en die doeanekantore of tolhuise op die grens met Natal het verdwyn.²⁰⁷ Borckenhagen sou dit graag wou beleef. Pres. Steyn het by die twee tolkonferensies waaraan hy deelgeneem het, met die beslistheid en geduld opgetree wat Borckenhagen as vereistes vir 'n suksesvolle afhandeling van die tolkwessie gestel het.

4.4 Spoorweë.

Spoorweë, net soos die tolunie, het vir Vrystaters nie net ekonomiese nie, maar ook politieke implikasies gehad. Dit het hulle verhouding met al die ander state en kolonies geraak. 'n Spoorlyn van die Kaapkolonie deur die Vrystaat na Transvaal sou byvoorbeeld groot ekonomiese voordele vir die Vrystaat inhou deurdat dit markte sou oopstel, maar dit kon

201. *Ibid*, p. 96.

202. Lamprecht, pp. 273 - 275; *De Express*, 18 Sept. 1896.

203. *De Express*, 25 Sept. 1896.

204. *Ibid*, 26 Okt. 1897.

205. *Ibid*, 30 Okt. 1896.

206. Van der Merwe, p. 96.

207. Lamprecht, p. 276.

die susterrepubliek in die harnas teen die Vrystaat jaag en as die Kaapkolonie dit nog gebou het, kon dit onderhorigheid aan daardie Britse kolonie en op die ou end aan Engeland tot gevolg hê.

F. W. Reitz was 'n voorstander van vooruitgang en dus ook van spooraanleg in die Vrystaat. Sedert 1878 het hy op die spoorwegkommissie gedien wat deur die Volksraad aangestel is.²⁰⁸ Hierdie kommissie het die moeilike taak gehad om vir jarelank te midde van baie probleme en teenkanding die weg voor te berei vir die aanlê van spoorweë in die Vrystaat. Die kommissie se werk is in 1885 oorgeneem deur 'n kommissie uit die geledere van Volksraadslede, maar Reitz het voortgegaan om hom te beywer vir spoorweë.

Borckenhagen was eweneens 'n kampvegter vir spoorweë. Pas nadat hy redakteur van *De Express* geword het in 1877, het hy spooraanleg bepleit.²⁰⁹ Hy het vergesigte gesien van Bloemfontein as middelpunt van 'n netwerk van Suid-Afrikaanse spoorweë.²¹⁰ Die meeste Vrystaters was nog teen spoorweë gekant en hy en Reitz het hul bes probeer om die Afrikanerbond se steun daarvoor te kry. Tydens die maer jare van 1883 tot 1886 het hy egter gewaarsku teen oorhaastige spoorbou met geleende geld teen hoë rentekoerse wat die land finansiëel kon ruïneer en sy onafhanklikheid kon laat verloor. In teenstelling met Reitz en die spoorwegkommissie was hy teen staatsaanleg van spoorweë gekant en het hy hulle aanbeveling om geld uit die skoolfonds en Nasionale Bank daarvoor te gebruik, teengestaan.²¹¹ Syns insiens moes spoorweë slegs by wyse van gewaarborgde konsessie en na ontvangs van invoerreg gebou word.²¹² Op die ou end is sy siening deur die Volksraad gedeel.²¹³

Intussen het 'n bedreiging vir spoorweë in die Vrystaat sy kop uitgesteek. Pres. Kruger het die Kaapkolonie in 1885 versoek om 'n spoorlyn van Kimberley na Pretoria aan te lê.²¹⁴ Dit sou, wat die Kaapkolonie betref, 'n lyn deur die Vrystaat oorbodig maak. Dit was voordat goud aan die Witwatersrand ontdek is en gelukkig vir die Vrystaat het die Kaapkolonie nie aan die versoek voldoen nie. Die

208. *Gouvernements Courant*, 20 Nov. 1878.

209. *De Express*, 7 Junie 1877.

210. *Ibid*, 28 Nov. 1878.

211. *Ibid*, 20 April 1882.

212. *Ibid*, 24 Mei 1883.

213. Moll, pp. 159-160; Malan, p. 148.

214. *Ibid*, p. 157.

moontlikheid van so 'n lyn het egter bly bestaan en Borckenhagen het met alle mag daarteen geveg en daarop gewys dat republikeinse onafhanklikheid daardeur bedreig sou word.²¹⁵ Hy was bevrees dat die Lewis en Marks-konsortium druk op Paul Kruger sou uitoefen en het daarom gereeld gesprekke gevoer met Transvaalse leiers.²¹⁶ Lewis en Marks was konsessiehouers in Transvaal, het 'n groot invloed op Paul Kruger en die Transvaalse ekonomie uitgeoefen en kon in belang van hulle eie ondernemings Kruger oorreed om 'n Kimberley-lyn te bou.

In Desember 1886 het beide Reitz en Borckenhagen 'n besoek aan die Witwatersrand gebring, moontlik in mekaar se geselskap, waar hulle onder andere ook kleims bekom het. Die besoek het 'n groot invloed op hulle siening van spoorweë gehad. Hulle het onder die indruk gekom van die geweldige toekoms van die goudveld en die mark wat dit vir die Vrystaat sou beteken. Reitz het in 'n artikel in *De Express* vuriglik gepleit vir 'n direkte hooflyn deur Bloemfontein na die noorde en hy sou nooit weer van sienswyse verander nie. Hy het sy verslag afgesluit met 'n beroep op Borckenhagen om steeds te veg teen die lyn oor Kimberley en vir 'n sentrale lyn oor Bloemfontein.²¹⁷ Hiermee het hy getoon hoe belangrik hy Borckenhagen se invloed geag het. Borckenhagen het dan ook veral tussen Februarie 1887 en November 1888 herhaaldelik gewys op die gevare van 'n lyn van Kimberley na die goudveld en die noodsaaklikheid van 'n sentrale lyn deur Bloemfontein.²¹⁸ Dit moes egter nie die Vrystaat se verhouding met die ZAR in gevaar stel nie en daarom het hy daarop aangedring dat samesprekings met die Transvaalse regering gevoer word.²¹⁹ Die Volksraad het wel in Oktober 1887 'n afvaardiging na Pretoria gestuur net om vas te stel dat Paul Kruger teen die bou van enige spoorlyn was voordat die Delagoabaailyn voltooi is. Borckenhagen en raadslid H. Klýnveld, lede van die afvaardiging, het begrip vir Kruger se standpunt gehad²²⁰ en so ook die meerderheid Volksraadslede. Pres. Brand het egter gedreig om te bedank indien die Raad tot samewerking met Transvaal en teen onderhandelings met die Kaap en Natal besluit en die Raad het hulle laat manipuleer.²²¹

215. *De Express*, 20 Mei en 23 Sept. 1886.

216. *Ibid*, 15 Maart 1887.

217. *Ibid*, 25 Jan. 1887.

218. *Ibid*, 25 Jan. 1887 en 13 Nov. 1888.

219. *Ibid*, 10 Mei 1887.

220. *Ibid*, 5 en 12 Julie 1877.

221. Malan, pp. 142-143.

In Januarie 1888 het die Vrystaat 'n voorlopige spoorooreenkoms met beide Britse kolonies aangegaan en die Volksraad het met die beslissende stem van die voorsitter, J. G. Fraser, besluit om spoorweë aan te lê ten spyte van 7018 handtekeninge daarteen teenoor 2581 daarvoor op memories wat by die Volksraad ingehandig is. Voordat finaal oor spoorweë beslis is, is pres. Brand oorlede en pres. Reitz sou die spoorwessie verder moes hanteer. Net soos die tolkwessie, het die spoorwessie groot verdeeldheid in die Vrystaat veroorsaak.

Die Volksraad moes in Januarie 1889, net na Reitz se inswering as Staatspresident, weer die spoorooreenkoms in oorweging neem. Borckenhagen het gewaarsku dat as die Vrystaat nie 'n lyn na Transvaal bou nie, die Kaapkolonie die lyn van Kimberley na Transvaal sou verleng.²²² Intussen is die spoorwegwessie op vergadering na vergadering in die Vrystaat bespreek. *De Express* se kolomme was vol briewe oor spoorweë. Volkskongresse is gehou, en hoewel die meerderheid aanvanklik teen spooraanleg was, het daar geleidelik 'n kentering gekom. Dit was veral die geval nadat pres. Kruger in Oktober 1888 te kenne gegee het dat hy nie meer beswaar sou hê teen 'n spoorlyn van die Kaapkolonie tot by Bloemfontein nie. Memories vir, maar op hierdie tydstip nog veral teen spooraanleg, is opgestel en aan die Volksraad voorgelê. Daar is ook op 'n demonstrasie besluit. Twee dae voor die buitengewone Volksraadsitting in Januarie 1889 waartydens pres. Reitz ingesweer is, is 'n volkskongres in Bloemfontein gehou en 'n komitee gekies om die Volksraad se verrigtinge te volg. 'n Telegram van pres. Kruger waarin hy die bou van 'n lyn van Colesberg na Bloemfontein aangemoedig het, is in die Volksraad voorgelees en dit het grootliks bygedra tot die kalmering van die burgers se gemoedere en die Volksraad se stemming ten gunste van die lyn.²²³ Die Natal-Harrismith-lyn is ook goedgekeur. Geen spoor sou egter aangê word voordat daar ooreengekom is oor doeanegeld nie.²²⁴

Pres. Reitz het nou met geesdrif aan die besprekings deelgeneem. Hy was, in teenstelling met Borckenhagen, van mening dat die staat self spoorweë moes aanlê, maar die Volksraad het op 'n konsessie besluit. Daar was egter streng

222. *De Express*, 1 Jan. 1889.

223. *OVSVR*, 16 Jan. 1889, p. 115.

224. *Ibid*, 17 Jan. 1889, p. 145.

voorbehoude: die staat moes die bou en instandhouding van die spoor self beheer en die reg hê om dit te enige tyd oor te neem. In so 'n geval moes die spoor in 'n goeie werkende toestand wees.²²⁵ Borckenhagen het die Volksraad geprys oor die mooi gesindheid wat daar tydens die debat geheers het. Hy het die hoop uitgespreek dat daar in die toekoms algemene samewerking en eendrag in die land sou wees.²²⁶ Hy het geen vrese gehad dat spoorweë nie sou betaal nie.²²⁷

Reitz, wat bo alles goeie betrekkinge met Transvaal wou handhaaf, het pres. Kruger gerus gestel dat daar nie besluite geneem sou word wat die belange van die ZAR sou skaad nie.²²⁸ Op 8 Maart 1889 het die twee presidente en hul afgevaardigdes, waaronder Borckenhagen, by Potchefstroom ontmoet. Borckenhagen se insluiting het kritiek van *The Friend* uitgelok,²²⁹ maar getoon hoeveel vertroue Reitz in hom gestel het. Tydens die byeenkoms is daar onder andere 'n spoorooreenkoms aangegaan waarvolgens daar wedersydse raadpleging in spoorsake sou wees.²³⁰ 'n Tolooreenkoms is twee weke later tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie aangegaan en so is aan een van die laaste oorblywende voorwaardes vir spooraanleg voldoen. Reitz het vervolgens die konsessie-aansoeke oorweeg en by die Volksraad aanbeveel dat die Kaapkolonie die lyn bou aangesien sy voorwaardes besonder gunstig was. Daar was slegs een teenstem teen die aanbeveling.²³¹ Borckenhagen was bly, maar die Kaapkolonie het ook getender om lyne na Kimberley en Bethulie te bou en tot sy teleurstelling het die Volksraad teen hierdie lyne besluit. Hy was bevrees dat die geleentheid vir goed verby was.²³² 'n Kommissie het Reitz gehelp om die kontrak op te stel en om die Transvalers gerus te stel dat hul belange nie vergeet sou word wanneer bande met die Kaapkolonie gesluit word nie, is W. Verwey, hoofingenieur van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM), genooi om Reitz en sy kommissie by te staan wanneer die omvattende konsensie met die Kaapkolonie aangegaan word. Die Kaap wou nog vir oulaas die Vrystaat se arm draai om die reg te verkry om die lyn na Transvaal te verleng. Die Transvalers was ontsteld, maar Reitz het ferm bly weier om so 'n

225. *Ibid*, 18 Jan. 1889, p. 151.

226. *De Express*, 22 Jan. 1889.

227. *Ibid*, 29 Jan. 1889.

228. Moll, p. 160-161.

229. *The Friend*, 27 Febr. 1889.

230. Malan, p. 166.

231. *OVSVR*, 7 Mei 1889, p. 41.

232. *De Express*, 11 Julie 1889.

vergunning toe te staan. Die Volksraad het die konvensie sonder bespreking goedgekeur.²³³

Reitz kon met tevredenheid terugkyk oor die eerste paar maande van sy bewind. Dit was spanningsvol en veeleisend, maar besondere mylpale is bereik met betrekking tot tol- en spoorooreenkomste en 'n nuwe era van voorspoed en vooruitgang is in die Vrystaat ingelui.

Borckenhagen was ook in sy skik met ontwikkelinge, maar het onmiddellik verder gekyk. Hy het onder andere gewys op die noodsaaklikheid van brûe vir pad- en spoorverkeer oor die Vaalrivier.²³⁴ Die Volksraad het 'n kommissie aangewys wat afgevaardigdes van die ZAR ontmoet het en saam het hulle ondersoek ingestel na gesikhte plekke vir brûe. In Mei 1890 het hulle verslag in die Volksraad gelewer en aanvoerwerk is gedoen, maar geen verdere stappe is in die republikeinse tyd gedoen nie.²³⁵

Die amptelike opening van die Norvalspont-Bloemfontein hooflyn op 17 Desember 1890 was 'n feestelike geleentheid en ook 'n hoogtepunt van Suid-Afrikaanse samewerking. Vooraanstaandes van al die kolonies en state was teenwoordig. In die toesprake wat gemaak is, onder andere deur Rhodes, die Kaapse premier, is met welbehae verwys na samewerking tussen die verskillende gebiede. In 'n hoofartikel het Borckenhagen ook die koms van spoorweë as 'n teken van beter samewerking en kommunikasie in die toekoms gesien.²³⁶ Rhodes het Borckenhagen by sy huis besoek en in sy studeerkamer sy toespraak, wat nie by die byeenkoms goed gehoor kon word nie, woord vir woord aan Borckenhagen dikteer. Borckenhagen het op hierdie stadium nog gedink dat Rhodes 'n verenigde Suid-Afrika met uitsluiting van die imperiale faktor kon help tot stand bring en hul verhouding was baie hartlik. Skaars drie maande later het Rhodes in Kimberley na die republike verwy as struikelblokke wat uit die weg geruim moes word. Borckenhagen het hom van daardie oomblik af as die grootste vyand van republikaanse beskou.²³⁷

233. Moll, pp. 161-164; OVSVR, 7 Junie 1889, pp. 337 en 338.

234. *De Express*, 12 Nov. 1889.

235. Lamprecht, pp. 214 - 215.

236. *De Express*, 16 Des. 1890.

237. *Ibid*, 15 Febr. 1898.

Omstandighede het pres. Kruger gedwing om 'n verlenging van die spoorlyn van Bloemfontein na die Transvaalse grens goed te keur. Een van die faktore was die beloftes wat goewerneur Loch aan hom gemaak het met betrekking tot Kosibaai indien hy spoorlyne uit Natal en Kaapstad na Johannesburg sou toelaat. Pres. Reitz het dus die kwessie van noordelike spoorverlenging in die Volksraad te berde gebring en dit is op 29 Mei 1890 in beginsel aanvaar.²³⁸ Die Transvaalse Volksraad het die beginsel ook die volgende dag aanvaar. Met die grootste diplomatie het Reitz verdere haakplekke tussen die Vrystaat en Transvaal uitgestryk. Viljoensdrif is as aansluitingspunt van die twee state se spoorweë bepaal.²³⁹

Die Vrystaters se houding jeens spoorweë het oor die algemeen radikaal verander. Waar daar voorheen teenkanting was, wou almal nou spoorlyne in hulle kontrei hê. Dit het opnuut tot spanning, onmin en stryd gelei toe die roete van die spoorverlenging bepaal moes word. Reitz het reeds aan die begin van 1887 voorbrand vir 'n direkte roete gemaak en het dit nou in 'n kragtige toespraak in die Volksraad aanbeveel. Hy het op al die argumente ten gunste daarvan gewys, onder andere dat 'n Senekal-lyn 32 kilometer verder was en R400 000 meer sou kos en dat beide president Kruger en Rhodes slegs met die kortste, goedkoopste roete genoeg sou neem. Inwoners van die graandistrikte het egter op 'n omweg oor Senekal aangedring ter wille van graanuitvoere. Reitz was baie ferm en het verklaar dat hy gewetensbesware teen enige lyn wat nie direk was nie, sou hê. Met 'n meerderheid van een stem is besluit om die beslissing uit te stel sodat opmetings eers gedoen kon word.²⁴⁰

Borckenhagen het, in teenstelling met *The Friend*, presies dieselfde mening as Reitz gehuldig betreffende 'n direkte lyn. Vroeër is gemeld dat beide reeds in Januarie 1886, na 'n besoek aan die Witwatersrandse goudveld, 'n direkte lyn bepleit het en dat Reitz Borckenhagen aangespoor het om dit voortdurend in sy koerant te propageer, wat hy dan ook gedoen het.²⁴¹ *The Friend* het in Julie 1890 herhaaldelik 'n beroep op die burgers van die noorde gedoen om 'n agitatie op tou te sit om Senekal die aansluitingspunt van die Natalse en Vrystaatse spoorstelsels te maak. Borckenhagen se reaksie was dat Natal nie geïnteresseerd was

238. *OVSVR*, 29 Mei 1890, p. 295 e.v.

239. Moll, pp. 167-170.

240. *Ibid*, pp. 170-172.

241. *De Express*, 25 Jan. 1887.

in 'n lyn na Johannesburg deur die Vrystaat nie, want hy sou 'n lyn oor Coldstreams kry.²⁴²

Borckenhagen het die grootste lof vir Reitz se ferm optrede gehad en het die kritiek wat teen hom ingebring is, as pynlik beskryf aangesien hy onpartydig was en slegs die beste vir die land wou beding.²⁴³ Waarom moes daar 'n duur omweg gebou en selfs geld aan opmetings bestee word? Die graandistrikte sou die beste baat by 'n taklyn.²⁴⁴ Die inwoners van Senekal en omgewing was egter baie ontevrede en het gemeen dat Reitz sy mening oor dié van die volk (bedoelende die Volksraad) laat seëvier het. 'n Korrespondent het Borckenhagen en Reitz verwyt oor hulle steun aan 'n direkte lyn en gedreig dat in 'n presidentsverkieping die gevoel van die volk jeens 'n selfsugtige koloniale lyn in plaas van 'n Vrystaat-lyn tot uiting sou kom.²⁴⁵ Borckenhagen het homself teen die aanklagte verweer. Hy het net die hele Vrystaat se belang gesoek. Met die geld wat deur 'n direkte lyn bespaar sou word, kon taklyne na die graandistrikte gebou word. Reitz het nie party gekies nie. Hy sou hom hoegenaamd nie deur enigeen laat beïnvloed in die uitvoering van sy plig nie.²⁴⁶ Met sy besoek aan Senekal in Augustus 1890 het Reitz daarop gewys dat hy sou voortgaan om die staat se belange na te streef. Die graandistrikte se belange sou ook in ag geneem word en taklyne gebou word. Borckenhagen het so sterk oor die direkte lyn gevoel dat hy deur middel van private onderhandelings met J. H. Hofmeyr die Kaapse regering wou oorreed om die Vrystaat voor 'n voldoende feit te stel voordat die Volksraad 'n onherroeplike flater begaan het. Op 30 Nov. 1890 het hy aan Hofmeyr geskryf dat hy en A. Fischer daarvan oortuig was dat 'n amptelike skrywe van die Kaapse regering die saak kon beredder. Hy het 'n beroep op Hofmeyr gedoen om sy invloed te gebruik om die Kaapse regering vinnig en beslis te laat optree.²⁴⁷ Op 4 Desember 1890 het Rhodes per telegram aan Reitz laat weet dat hy binne 'n week in Bloemfontein sou wees met die oog op die opening van die spoor. Die Volksraad sou egter op 10 Desember met sy buitengewone sitting begin en toe Reitz die telegram aan Borckenhagen wys, het laasgenoemde dadelik vir Hofmeyr laat

242. *Ibid*, 15 Julie 1890.

243. *Ibid*, 17 Junie 1890.

244. *Ibid*, 15 Julie 1890.

245. *Ibid*, 12 Aug. 1890: brief van Senekaller.

246. *Ibid*, 19 Aug. 1890.

247. *Hofmeyr Papers, 1880 - 1909, vol. 13. C. Borckenhagen aan J. H. Hofmeyr, 30 Nov. 1890. Aangehaal in Moll, p. 173.*

weet dat Rhodes se koms dalk te laat sou wees. Hy het 'n afskrif van die ingenieur se opmetings van die roetes gestuur om die Kapenaars te oortuig van die voordele van 'n direkte lyn. "I have obtained a Copy of Survey for discreet use. You are not supposed to have it and must not let out that you do." Hy het die opmetings toegelig,²⁴⁸ en Hofmeyr het die inligting aan Rhodes oorgedra.²⁴⁹ Die Volksraad het niks van hierdie kommunikasie op hoë vlak geweet nie. Toe die direkte lyn na 'n spanningsvolle en tog waardige debat²⁵⁰ met drie stemme deur die Volksraad goedgekeur is,²⁵¹ was dit 'n persoonlike triomf vir Reitz - en ook vir Borckenhagen. Deur Reitz se volharding het die Vrystaat die voordeligste lyn bekom. Weer eens is die Kaapkolonie se tender vir die bou van die lyn aanvaar²⁵² en bouwerk het baie vinnig gevorder. Teen September 1892 het die spoor Johannesburg bereik en op 1 Januarie 1893 het die eerste trein vanaf Kaapstad Pretoria binnegestoom. Dit het 'n baie winsgewende lyn geblyk te wees.²⁵³

Borckenhagen het nog voor die voltooiing van die spoorlyn na die Vaalrivier begin voorspraak maak vir verdere lyne, veral aangesien dit duidelik was dat die hooflyn betalend sou wees en die Kaapkolonie en Natal gewillig was om dit op eie risiko te bou. Dit sou tot die ontwikkeling van die Vrystaat lei sonder dat die land skuld daarvoor moes aangaan.²⁵⁴ Sy eerste vereiste vir spoorweë was dat dit tot voordeel van die inwoners moes wees deur hulpbronne te ontwikkel. 'n Spoor wat oor die kortste afstand die beste resultate lewer, die Vrystaat met nuwe markte, selfs oorsee,²⁵⁵ verbind, die produktiefste distrikte oopmaak, bydra tot die belangrikheid van die hoofstad en die staat se invloed in Suid-Afrika verhoog, was syns insiens wat die Vrystaat nodig gehad het. Algaande het hy tot die gevolgtrekking gekom dat 'n spoornetwerk wat die land van oos na noord deurkruis soos die hooflyn die land van suid na noord deurkruis het, die beste sou wees: van Harrismith deur Bethlehem, Fickburg en Ladybrand na Bloemfontein en verder na Kimberley. Daar kon dan nog 'n taklyn van Bethlehem na Kroonstad wees. Die lyne sou die graandistrikte met al die

248. *Ibid*, 5 Des. 1890. Aangehaal in Moll, p. 173.

249. Moll, p. 173.

250. *De Express*, 3 Febr. 1891.

251. *OVSVR*, 12 Des. 1890, p. 36.

252. *Ibid*, 22 Des. 1890, p. 42 e.v.; 23 Des. 1890, p. 63.

253. Moll, pp. 174-175.

254. *De Express*, 11 Maart 1890.

255. *Ibid*, 14 Julie 1893.

markte verbind. Die staat kon die lyne self bou, want dit sou betalend genoeg wees om die rente op kapitaal te betaal, maar dit sou nog beter wees indien konsessionarisse dit kon doen.²⁵⁶ Die Volksraad sou wys wees om jaarliks 'n bedrag vir spoorweë te stem²⁵⁷ en 'n kommissie aan te stel wat die bou van taklyne (die roetes, tipe lyn en manier van bou) kon ondersoek.²⁵⁸

Hy het die aanlê van een of meer spoorlyne na die graandistrikte as van die uiterste belang beskou. Toe die spoorkonvensie vir die verlenging van die lyn van Bloemfontein na die Vaalrivier met die Kaapkolonie aangegaan is, het laasgenoemde onderneem om binne drie jaar na die voltooiing van die lyn na Viljoensdrif 'n graanlyn van 112 kilometers te bou.²⁵⁹ Borckenhagen het nooit opgehou om te pleit dat die Volksraad 'n graanlyn goedkeur nie. Omdat hy geweet het van die geskille oor die roete, het hy 'n beroep op burgers in die graandistrikte gedoen om vergaderings te hou en daar ooreen te kom oor die mees geskikte roete. Hulle moes nie elkeen na sy eie belang soek nie, maar die algemene welsyn in gedagte hou. Wanneer hulle dan op 'n roete ooreengekom het, moes hulle versoeke aan die Volksraad rig sodat die lyn so gou moontlik gebou kon word. Dit sou vir die wetgewers makliker wees om 'n besluit te neem as hulle geweet het wat die burgers se behoeftes en menings was. Hy het daarop gewys dat die goudmynbedryf nog aan die ontwikkel was en dat die vraag na graan steeds sou toeneem.²⁶⁰ Inwoners van die graandistrikte het begin vergaderings hou en Borckenhagen was in sy skik met die besluit wat op Ladybrand se spoorwegkongres op 12 Januarie 1891 geneem is, naamlik dat die Volksraad versoek moes word om dadelik 'n Bloemfontein-Ladybrandlyn te bou wat verder verleng kon word; ook 'n taklyn van die Thaba 'Nchu-omgewing na Wepener en 'n lyn van Bloemfontein na Kimberley.²⁶¹

Jaar na jaar het die Volksraad teen 'n graanlyn gestem. Sommige Volksraadslede het gemeen die lyn sou nie betalend wees nie omdat dit net tydens oestyd gebruik sou word.²⁶² Borckenhagen was daarenteen oortuig daarvan dat die lyn,

256. *Ibid*, 26 Jan. 1894 en 5 Febr. 1895.

257. *Ibid*, 1 Jan. 1891.

258. *Ibid*, 12 Mei 1891.

259. Lamprecht, p. 242.

260. *De Express*, 12 Nov. 1889, 11 Maart en 16 Des. 1890; 10 Jan. en 1 Des. 1891.

261. *Ibid*, 19 Jan. 1892.

262. Lamprecht, p. 245.

veral as dit deur Bloemfontein met Kimberley verbind kon wees, betalend sou wees.²⁶³ Ander het gemeen dat die produsent nie 'n wins sou kon maak nie, omdat die vervoertariewe vir graan te hoog was. Borckenhagen het hierdie lede gelyk gegee en daarom bly aandring op 'n laer tarief.²⁶⁴

Op 19 Desember 1895, net na pres. Reitz se bedanking, het 'n Kaapse afvaardiging 'n spoorwegkongres in Bloemfontein bygewoon en daar is 'n konvensie met die Vrystaat aangegaan waarvolgens die Kaapkolonie 'n uitgebreide spoorstelsel in die Vrystaat sou oprig.²⁶⁵ Dit sou ook 'n graanlyn insluit. Omdat die Kaapkolonie 'n waarborg teen bedryfsverlies geëis het, is die konvensie net voorlopig goedgekeur en na die Volksraad terugverwys vir goedkeuring.²⁶⁶ Aan die einde van daardie maand het die Jameson-inval plaasgevind en een van die gevolge daarvan was dat die oorgrote meerderheid burgers en Volksraadslede teen 'n konvensie met die Kaapkolonie gekant was en eerder wou sien dat die Vrystaat die hoofspoorlyn oorneem. Pres. Steyn het in sy toespraak in die Volksraad gewaarsku teen die politieke invloed van vreemdelinge en aangeraai dat die konvensie verwerp en die hoofspoorlyn oorgeneem word.²⁶⁷ Die Volksraad het die konsepkonvensie met 38 - 18 verwerp.²⁶⁸ Op 8 Julie 1896 is besluit om die hooflyn op 1 Januarie 1897 oor te neem.²⁶⁹ Dit het beteken dat daar voorlopig nie aan 'n graanlyn gedink sou word nie. Borckenhagen was egter daarvan oortuig dat daar na die oorname nog genoeg geld vir 'n graanlyn sou wees. Hy het voorgestel dat die afbetaling van die skuld op die hooflyn oor 'n aantal jare versprei word sodat 'n deel van die wins op spoorweë vir die graanlyn aangewend kon word.²⁷⁰ Hy sou graag wou sien dat daar sommer op die dag van oorname met taklyne begin word. Gerugte van runderpes het hom weer eens 'n pleidooi vir taklyne laat lewer. Dit was veral die graandistrikte wat sou ly as al die trekosse sou vrek, want dan het hulle geen vervoermiddels vir hulle graan gehad nie. Vir hom was dit 'n kwessie van lewe en dood.²⁷¹ Toe die pes toeslaan, het sy pleidooie in erns

263. *De Express*, 18 Mei en 19 Junie 1894.

264. *Ibid*, 12 Jan. en 2 Maart 1894 en 27 Julie 1897.

265. *Ibid*, 20 Des. 1895.

266. Malan, p. 251.

267. *OVSVR*, 12 Mei 1896, p. 362.

268. *Ibid*, 21 Mei 1896, p. 451.

269. *Ibid*, 8 Julie 1896, p. 943.

270. *De Express*, 5 Junie en 10 Julie 1896.

271. *Ibid*, 4 en 25 September 1896.

toegeneem. Die Volksraad het 'n buitengewone sitting in Oktober 1896 gehou met die oog op die runderpes en Borckenhagen het gewaarsku dat as hulle die kwessie van taklyne uitstel tot oor ses maande wanneer hulle weer sou vergader, spoorweë nie betyds gebou kon word om die boere te help nie. Volksraadslede het beweer dat spoorwinste aan die afneem was en dat daar later dalk geen winste sou wees nie. Borckenhagen het dit as oordrewe en nie volgens die feite nie bestempel.²⁷² Hy was reg, want spoorwinste het konstant toegeneem van R67 800 in 1891 tot R1 348 672 in 1896. Hierna het dit egter afgeneem na R1 008 198 in 1897 en R817 156 in 1898. Dit was deels aan die droogte en die runderpes toe te skryf. Die Volksraad het in 1897 besluit om boere te help deur vee teen 'n verminderde tarief na weivelde te vervoer.²⁷³ Dit het 'n verlies aan inkomste beteken, maar die inkomste was steeds verbasend goed. Borckenhagen het 'n dringende beroep op Volksraadslede gedoen om die sitting by te woon totdat die kwessie bevredigend opgelos was, al was dit ook vir 'n maand. Graanlyne was 'n noodsaaklikheid en hulle moes eiebelang laat vaar en hulle gesonde verstand gebruik. Hy het daarop gewys dat die direkteur-generaal van Spoorweë, R. Bronger, die beste spoorbouer in Suid-Afrika was en hy sou die werk goed en goedkoop gedaan kry.²⁷⁴ Die Volksraad het egter 'n besluit geneem wat vir hom baie teleurstellend was, naamlik om 'n omvattende stelsel aan te pak. Werk aan vyf verskillende taklyne sou gelyktydig begin word. Pres. Steyn het 'n moeilike taak gehad, want sedert spoorweë aanvaarbaar geword het, wou elke Volksraadslid 'n lyn vir sy eie distrik hê en hy moes probeer om almal tevrede te stel.²⁷⁵ Hy wou ook soveel werkgeleenthede as moontlik aan armlankes, wie se getalle as gevolg van die runderpes toegeneem het, verskaf.²⁷⁶ Borckenhagen sou 'n meer direkte en praktiese spoorstelsel wou sien. Hy het gemeen dat die Volksraad nie die erns van die krisis besef het nie. Die Vrystaat kon sy hele beeskudde verloor. Die bou van die omvattende skema sou tot 4 jaar duur en daar sou slegs 'n paar kilometer per jaar gevorder word sodat die lyne vir niemand tot nut sou wees nie. As lyne een vir een gebou sou word, kon sommige boere binne 6 maande 'n lyn in hulle omgewing hê. Hy het gemeen dat daar nie tyd was vir allerhande skemas nie. Mense wou kos hê en die boere het

272. *Ibid*, 27 Okt. 1896.

273. Lamprecht, p. 252.

274. *De Express*, 27 Okt. 1896.

275. Van der Merwe, p. 80.

276. Kieser, pp. 19 - 21; Lamprecht, p. 249.

vervoermiddels nodig gehad. Hy was daarvan oortuig dat die Volksraad sy beleid by die volgende sitting sou moes wysig.²⁷⁷ Borckenhagen was nie alleen in sy veroordeling van die Volksraadsbesluit nie. *The Friend* en *De Burger* het hom gesteun en dit was ook een van die weinige kere dat hy en J. G. Fraser saamgestem het oor 'n saak. Talle vergaderings is gehou en baie burgers het hulle teen die sporskema uitgespreek.²⁷⁸ In 1897 is die Volksraad se besluit herbevestig. Daar is baie stadig met die vyf lyne gevorder en in 1898 het die direkteur-generaal daarop aangedring dat die lyne liever een vir een gebou word.²⁷⁹ Die Volksraad het sy raad ter harte geneem en besluit dat die eerste lyn wat voltooi moes word, 'n graanlyn na Ficksburg en Ladybrand moes wees.²⁸⁰ Uiteindelik het die Volksraad besluit om dit te doen waarvoor Borckenhagen so lank gepleit het. Ongelukkig was hy toe reeds oorlede. Die oorlog het verhoed dat selfs die eerste lyn wat aangepak is, voltooi kon word.²⁸¹

'n Ander lyn wat baie stryd en bitterheid veroorsaak het, was die Bethulie-lyn. Toe die Kaapkolonie in 1889 getender het om die spoorlyn tussen Norvalspont en Bloemfontein te bou, het hy ook tenders vir die Kimberley- en Bethulie-lyne ingedien. Die Kaapkolonie wou graag 'n lyn van Bloemfontein oor Bethulie na Burgersdorp bou wat daar by sy lyn na Oos-Londen en Port Elizabeth kon aansluit. So kon sy hawens aan die Ooskus met die Witwatersrandse goudveld verbind word. Dit sou ook die kortste roete van 'n Kaapse hawe na die goudveld wees en dus beter in staat om met Durban te wedywer as Kaapstad. Die Volksraad wou egter nie hierdie twee lyne goedkeur nie en Borckenhagen het dit jammer gevind. Hy het gemeen dat die bou van die Bethulie-lyn nie alleen veel sou doen om die Kaapkolonie se goedgesindheid te behou nie, maar ook tot die Vrystaat se voordeel sou strek.²⁸² *The Friend* het hierdie lyn heftig teengestaan. Die redakteur, Arthur Barlow, wou eerder 'n lyn oor Smithfield en Aliwal-Noord hê. Borckenhagen het dit daaraan toegeskryf dat Barlow Smithfield se Volksraadslid was en dat hy nie van H. Klÿnveld, Volksraadslid van Bethulie, gehou het nie.²⁸³ Borckenhagen het 'n kaart by sy koerant ingesluit sodat

277. *De Express*, 30 Okt. 1896 en 4 Des. 1896.

278. *Ibid*, 4 Des. 1896, 12 Febr. en 27 April 1897.

279. *OVSVR*, 5 Mei 1898, p. 281-282.

280. *Ibid*, 15 Junie, 1898, p. 631.

281. Lamprecht, p. 251.

282. *De Express*, 11 Junie en 12 Nov. 1889; 20 Mei 1890.

283. *Ibid*, 3 Des. 1889.

lesers hulself daarvan kon oortuig dat die Bethulie-lyn die beste sou wees.²⁸⁴ *The Friend* het Borckenhagen daarvan beskuldig dat hy die lyn voorgestaan het ter bevordering van sy beursie en sy party. Hierop het Borckenhagen geantwoord dat dit heeltemal reg was. Nie net sy beursie nie, maar die hele land se skatkis sou daarby baat. Sy, lesers, wat tienkeer meer as *The Friend* s'n was, was sy party en hy het ook tot hulle voordeel gewerk.²⁸⁵ Hy het die Kaapkolonie verseker dat die lyn nog gebou sou word. Dit was net jammer dat die Volksraad deur sy besluit die Kaapkolonie van die Vrystaat vervreem het.²⁸⁶

By 'n vergadering van die Bloemfonteinse Kamer van Koophandel het Borckenhagen die kwessie van die Bethulie-lyn geopper. J. G. Fraser het verklaar dat hy nie die lyn sou aanbeveel of daarvoor sou stem nie. Volgens Borckenhagen was dit die teenoorgestelde van wat hy 'n jaar vantevore gesê het. Net hy, Arthur Barlow en A. Fischer was by die vergadering teen die lyn gekant. Die res van die teenwoordiges, onder andere G. A. Fichardt, F. W. Salzmann, A. Beck en M. Levisieur, "namen van betekenis", volgens Borckenhagen, was ten gunste van die lyn. As gevolg van hierdie vergadering het Fraser aan die *Cape Times* geskryf dat die ophaal van die Bethulie-lyn by die vergadering onnodig was. Dit was "flogging a dead horse (or rather the skeleton of one killed twelve months before) and wasting the valuable time of the country". Hy het ook 'n persoonlike aanval op Borckenhagen gedoen en hom die "self-constituted Director General of South African politics" genoem.²⁸⁷

In Augustus 1890 het Borckenhagen 'n beroep op die Volksraad gedoen om by sy volgende sitting weer oor die Bethulie-lyn te besin, veral na aanleiding van Rhodes se verklaring dat die Kaapkolonie nie die verlenging na Viljoensdrif sou bou as die Volksraad nie die Bethulie-lyn goedkeur nie.²⁸⁸ *The Friend* het steeds die Aliwal-lyn gepropageer en het die Kaapkolonie daarvan beskuldig dat hy die Vrystaat se spoorbeleid wou dikteer. Hy het gehoop dat die Volksraad die Kaapse regering kon oorhaal om die Bethulie-lyn te laat vaar.²⁸⁹ Toe die Kaapse en Vrystaatse afgevaardigdes mekaar na die spooropening in Desember 1890 ontmoet het, het Rhodes

284. *Ibid*, 22 April 1890.

285. *Ibid*, 20 Mei 1890.

286. *Ibid*, 10 Junie 1890.

287. *Ibid*, 22 Julie 1890; *The Friend*, 23 Julie 1890.

288. *De Express*, 5 Aug. 1890.

289. *The Friend*, 30 Julie, 20 Aug. en 16 Des. 1890.

die Vrystaters oorgehaal om die Bethulie-lyn goed te keur in ruil vir 'n graanlyn wat die Kaapkolonie sou bou. *The Friend* het dit betreur dat Fraser en Fischer van mening verander en ook vir die Bethulie-lyn gestem het.²⁹⁰ Nadat die lyn voltooi en oopgestel is, het Borckenhagen gewys op die groot voordeel dat die Vrystaat nou met al die hawens verbind was. Hy was dankbaar dat die lyn na jare van stryd 'n werklikheid geword het en het gewonder of dit nodig was dat elke spooraanleg met bitterheid gepaard moes gaan.²⁹¹

Daar is reeds op gewys dat die Kaapkolonie reeds in 1889 bereid was om 'n lyn van Bloemfontein na Kimberley te bou sonder dat dit die Vrystaatse staatskas iets sou kos. Die lyn sou vir Kimberley ook tot nut wees omdat die stad dan met die Witwatersrand verbind sou wees.²⁹² Borckenhagen, soos Barlow van *The Friend* het hierdie lyn sterk gesteun omdat Kimberley 'n goeie mark, selfs een van die beste markte, vir Vrystaatse graan en steenkool gebied het.²⁹³ Hulle was daarvan oortuig dat dit, verbind met 'n lyn van Bloemfontein na die graandistrikte, 'n betalende lyn sou wees en die steenkoolbedryf sou bevorder.²⁹⁴ Die Volksraad het die lyn egter keer op keer afgestem. Op 25 Januarie 1894 is dit met net twee stemme (29 - 27) afgekeur. Borckenhagen het dit as 'n groot fout bestempel²⁹⁵ en *The Friend* het die rede vir die Volksraad se optrede gesien as jaloesie op Bloemfontein.²⁹⁶ Daar is meermale van die Bloemfontein-kliek gepraat wat net alles vir Bloemfontein wou hê. Die lyn sou vir Bloemfontein waarde hê, maar veel meer vir die mense wat daarteen gestem het - die inwoners van die noordelike en oostelike distrikte waar die steenkoolvelde was en graan gekweek is. Borckenhagen en Barlow was dit eens dat spoorweë bo alles moes dien om die Vrystaat te ontwikkel en 'n Kimberley-lyn gekoppel aan 'n graanlyn sou dit by uitstek doen. In Mei 1895 het die Volksraad uiteindelik besluit om 'n omvattende spoorstelsel te laat bou wat 'n lyn oor Boshof en Petrusburg na Kimberley sou insluit. Borckenhagen het voorspel dat dié besluit deur die hele Suid-Afrika met

290. *Ibid*, 23 Des. 1890; *De Express*, 30 Des. 1890.

291. *De Express*, 30 Des. 1890 en 24 Mei 1892.

292. *Ibid*, 8 Des. 1893.

293. *De Express*, 16 Des. 1890 en 3 Febr. 1893; *The Friend*, 19 Jan. en 20 Des. 1892.

294. *De Express*, 29 Jan. 1889 en 19 Junie 1894; *The Friend*, 7 Okt. 1892.

295. *De Express*, 12 Nov. 1889 en 3 Febr. 1893.

296. *The Friend*, 9 Des. 1892.

intense vreugde ontvang sou word.²⁹⁷ Die Jameson-inval het die spoor-konvensie gekelder en die lyn is nie gebou nie.

'n Lyn wat die Vrystaat oor Harrismith met Natal sou verbind, het vir die Vrystaat baie moeite en vergeefse onderhandeling opgelewer. Die groot struikelblok in die weg van dié lyn was die stryd tussen die Kaapkolonie en Natal om die Transvaalse handel te bekom.

Op 17 Januarie 1889, net na pres. Reitz se inswering, het die Vrystaatse Volksraad eenparig gestem vir 'n lyn wat per konsessie van Natal na Harrismith gebou moes word.²⁹⁸ Natal was bereid om dit te doen en sy tender is deur Reitz aanvaar.²⁹⁹ Die feestelike ingebruikneming van die spoorlyn het op 13 Julie 1892 te Harrismith plaasgevind. Dié lyn was nie betalend nie en het in Mei 1893 reeds 'n verlies van R8000 getoon. Alleen indien dit met die Vrystaatse hooflyn verbind word, sou dit betalend wees.

Natal wou so gou moontlik met die Transvaalse goudveld verbind wees en het 'n spoor tot by Coldstreams gebou. Hy moes by Transvaal toestemming kry om die lyn na die Transvaalse grens te verleng. Paul Kruger was nie gretig om spoorlyne toe te laat wat met sy Delagoabaai-lyn sou meeding nie, maar aangesien daar met die bou van dié lyn baie probleme ondervind is en dit stadig gevorder het, het sy houding jeens die bou van ander lyne verander. Transvaal is egter deur die Potchefstroom-konvensie wat op 8 Maart 1889 met die Vrystaat aangegaan is, verplig om die Vrystaat te raadpleeg voordat hy enige lyne suid- of weswaarts aanlê.³⁰⁰ Dit het 'n spoorlyn na die grens van Natal ingesluit. Solank as wat Natal nie direk per spoor met Transvaal verbind is nie, het die Vrystaat hoop gehad dat hy die Harrismith-lyn na die Vrystaatse hooflyn sou verleng om so met die goudveld verbind te word. Sodra hy toestemming kry om die begeerde spoor oor Charlestown te bou, sou hy belangstelling in die verlenging van die Harrismith-lyn verloor. Om dié rede sou die Vrystaat nie maklik toestem dat Transvaal en Natal direk verbind word nie.

Pres. Reitz het sedert die opening van die Natallyn tot by Harrismith volhardend, maar sonder sukses, met Natal, maar

297. *De Express*, 7 Mei 1895.

298. *OVSVR*, 17 Jan. 1889, p. 145.

299. Moll, p. 176.

300. *Ibid*, 121.

ook met Transvaal en die Kaapkolonie gekorrespondeer en konferensies probeer reël oor die verlenging van die Harrismith-lyn.³⁰¹

Borckenhagen het sy bes gedoen om Transvaal op die bepalings van die Potchefstroom-konvensie te wys en om Paul Kruger ter wille van goeie betrekkinge tussen die twee republieke te oorreed om nie die Charlestown-lyn goed te keur nie. In November 1895 het hy geskryf dat dit vir hom vreemd was dat die Harrismithers gemeen het *De Express* wou hulle skade berokken. Hy het male sonder tal Pretoria toe gereis om by Paul Kruger te pleit om nie die Charlestown-verlenging toe te laat nie omdat dit die Harrismith-verlenging in gevaar sou stel. As die Harrismith-lyn die laaste van die hele spoorwegstelsel was om gebou te word, sou dit nie *De Express* nie, maar Natal, Transvaal, die Kaapkolonie en omstandighede se skuld wees.³⁰²

Op 25 Augustus 1893 het die Transvaalse Volksraad besluit om Natal toe te laat om die Charlestown-verlenging te bou.³⁰³ Dit het baie ongelukkigheid in die Vrystaat veroorsaak, want dit was beslis 'n verbreking van die Potchefstroom-ooreenkoms. Op sy beurt het die Vrystaatse Volksraad op 23 Januarie 1894 besluit om die Harrismith-verlenging per konsessie te laat bou.³⁰⁴ Borckenhagen het voorgestel dat die Kimberley-lyn ook aanvaar en by Bloemfontein met die Harrismith-lyn verbind word. Dit sou verseker dat laasgenoemde lyn betalend sou wees. Die Volksraad het egter op 25 Januarie teen die Kimberley-lyn gestem.³⁰⁵ Die Harrismith-lyn is ook nie aangepak nie.³⁰⁶

Die enigste spoorbou wat na die voltooiing van die hooflyn na Viljoensdrif plaasgevind het, was 'n bietjie werk aan die vyf taklyne wat in pres. Steyn se regeringstyd goedgekeur is. G. J. Lamprecht meen dat as daar genoeg geld beskikbaar was en die oorlog nie uitbreek het nie, die hele stelsel teen die einde van 1899 voltooi en oopgestel sou wees.³⁰⁷

Daar is voorheen na die oornam van die hooflyn verwys. Een van die vernaamste voorwaardes van die konvensie tussen die

301. *Ibid*, pp. 175 - 180.

302. *De Express*, 15 Nov. 1895.

303. Moll, p. 180.

304. *OVSVR*, 23 Jan. 1894, p. 97 en 27 Jan. 1894, p. 127.

305. *De Express*, 26 Jan. 1894.

306. Moll, p. 180.

307. Lamprecht, p. 251.

Kaapkolonie en die Vrystaat vir die bou van die hoofspoorlyn was dat die Vrystaat daarop geregtig sou wees om die spoor oor te neem. Die spoor moes in 'n goeie werkende toestand oorhandig word en die rollende materiaal moes ingesluit wees. Die aankoopkoste sou in geen geval meer as R11 000 per myl wees nie.³⁰⁸

Sedert die ingebruikneming van die spoor was daar van tyd tot tyd wrywing tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat. Eersgenoemde het hom nie altyd by die konvensie bepaal nie. Teen die einde van 1892 was die Vrystaters baie ontevrede met die behandeling wat hulle van die Kaapkolonie ontvang het en pres. Reitz en die Kaapse Minister, sir James Sivewright, het 'n konferensie oor Vrystaatse griewe gehou. Sommige van die griewe is uit die weg geruim, maar spoorvrag na die Vrystaat was steeds hoër as na Transvaal. Borckenhagen het dit as kontrakbreuk beskou en verklaar dat as die Vrystaat nie billik behandel word nie, hy verplig sou wees om die spoor oor te neem. Borckenhagen was nie op hierdie stadium ten gunste van so 'n stap nie en sou liever goeie samewerking wou sien.³⁰⁹ *The Friend* het geskryf dat dit tyd was om die lyn oor te neem sodat die Vrystaat die hele wins kon kry in plaas van om dit met die Kaapkolonie te deel.³¹⁰ In 1893 is daar in Kaapse koerante geskryf oor hoër spoortariewe waarop Borckenhagen gemeen het dat die Vrystaat moontlik maar die spoor moes oorneem sodat hy self tariewe kon bepaal.³¹¹ *De Express* het 'n onderhoud van pres. Reitz met 'n oorsese joernalis gepubliseer waarin hy ook gesê het dat die Vrystaat die spoor moes oorneem omdat hy dan dubbeld die wins kon maak en dit dadelik tot sy beskikking was en nie eers na 7 jaar soos die konvensie bepaal het nie.³¹²

In April 1893 het J. G. Fraser op sy verslagvergadering vir sy kiesers in Bloemfontein verklaar dat hy ten gunste van die oorname van die spoorlyn was. *The Friend* het hom gesteun en geskryf dat die Kaapkolonie die Vrystaat se onafhanklikheid bedreig het. Die Vrystaat het mag verloor omdat hy net gedurig toegewings aan die Kaapkolonie moes maak. *De Express* daarenteen was teen 'n spoedige oorname. Hy het gemeen dat daar lank voor oorname eers 'n spoorwegdepartement tot stand moes kom. Niemand het op

308. *Ibid*, pp. 239 - 240.

309. *De Express*, 4 Oktober 1892.

310. *The Friend*, 21 Okt. 1892.

311. *De Express*, 28 Febr. 1893.

312. *Ibid*, 7 Maart 1893.

daardie tydstip 'n verantwoordelike posisie beklee nie (hier het hy aan 'n minister gedink) omdat die Vrystaat nie verantwoordelike regering gehad het nie. Die Volksraad was in daardie sitting besig met 'n soort heksejag teen die departement van openbare werke en sy inspekteur-generaal, E. Thiange. Thiange se bekwaamheid is selfs buite die Vrystaat aangeprys, maar Volksraadslede het hom verantwoordelik gehou vir klein oortredings deur mindere amptenare. Volgens Borckenhagen sou die beheer van spoorweë oneindig moeiliker wees as dié van bestaande openbare werke en hy het nie gemeen die Vrystaat was al opgewasse daarvoor nie.³¹³

The Friend het na pres. Reitz se openingstoespraak by die Volksraadsitting van 1893 verwys waarin die President syfers verskaf het wat getoon het dat die spoorlyn betalend was en 'n opbrengs van 10% op kapitaal gelewer het. Hy het ook 'n verslag van die inspekteur-generaal van openbare werke, mnr. Thiange voorgelê waarin hy bereken het wat dit sou kos om die spoorlyn oor te neem. Barlow het dus gemeen dat die President, net soos hy en J. G. Fraser ten gunste van oorname was.³¹⁴

The Friend het in 1894 van mening verander. Die Kaapkolonie en Transvaal was in 'n tariwestryd gewikkel en Barlow het nie gemeen dat dit in die onsekere tye wys sou wees om die spoorlyn oor te neem nie.³¹⁵ Sy eintlike vrees was dat die Vrystaat in geval van oorname ekonomies meer na Transvaal as na die Kaapkolonie sou oorhel en dat die Vrystaat die Nederlandse spoormaatskappy wat die Transvaalse deel van die hoofspoorlyn beheer het, in staat sou stel om met die Kaapkolonie te wedywer. Die Vrystaat moes syns insiens nie aan oorname dink voordat die Transvaalse regering die lyn van die Nederlandse maatskappy oorgeneem het nie.³¹⁶ Hy het telkens nog voorwaardes bygevoeg: die Delagoabaai- en Charlestownlyne moes eers klaar wees sodat hulle invloed op die Vrystaatse spoor bereken kon word en die Vrystaat moes eers taklyne bou.³¹⁷

Aan die begin van 1895 het Borckenhagen se siening ook 'n kentering ondergaan. Een van die redes was dat die Vrystaat se behoeftes nie in ag geneem is nie. Die Kaapkolonie en

313. *The Friend* en *De Express*, 25 April 1893.

314. *The Friend*, 2 Mei 1893.

315. *Ibid*, 30 Okt. 1894.

316. *Ibid*, 1 Maart 1895.

317. *Ibid*, 8 Maart 1895.

Transvaal het in Bloemfontein 'n konferensie oor treinroosters gehou en daar is nooit aandag gegee aan die Vrystaat nie. 'n Belangriker rede was dat die spoor wat gesamentlik aan die Kaapkolonie en die Vrystaat behoort het, as 'n politieke speelbal teen Transvaal gebruik is. Die Kaapkolonie het die helfte van die Transvaalse vrag vir homself opgeëis en het gemeen Natal kon 'n derde en die Delagoabaailyn 'n sesde kry. Hy wou vrag na hom trek deur lae tariewe. Transvaal wou nie toegee nie en toe die Kaapkolonie vroeg in 1895 sy tarief verlaag, het Transvaal die tarief op sy deel van die spoor tussen Viljoensdrif en Pretoria verhoog sodat vervoer oor die Kaapse lyn in totaal nie minder gekos het as oor die ander lyne nie. Die Kaapkolonie se antwoord hierop was om spoorvrag by Viljoensdrif op ossewaens oor te laai. Borckenhagen het geskryf dat die konflik oor tariewe "is a conflict in which the Cape Colony is seeking to injure the commercial independence of our friends and fellow-republicans to the north of the Vaal. And .. that conflict .. is being fought out by means of what ought to be our railway, and upon what is without doubt our soil." In die kontrak tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie is daar nie bepaal dat die Kaapkolonie die reg sou hê om vrag op Vrystaatse grondgebied af te laai en op ossewaens oor te laai nie. Die Vrystaat was nie ekonomies onafhanklik nie en sy grondgebied is gebruik om 'n aanval op sy naaste politieke bondgenoot te maak. Die Vrystaat moes liewer die spoor oorneem. Hy wou steeds met die Kaapkolonie saamwerk, maar was nie bereid om teen Transvaal gebruik te word nie.³¹⁸ Verder kon die Vrystaat ook verhoed dat veraf plekke Transvaal oor sy kop van produkte voorsien as die spoor sy eie was.³¹⁹

Borckenhagen het daarop gewys dat die konflik tussen sy bure die Vrystaat in 'n netelige posisie geplaas het. Slegs as hy baas oor sy eie spoorweg was, kon hy sy ou posisie van bemiddelaar inneem en alle partye probeer oorreed om in te stem tot 'n billike, betalende tarief in plaas van die selfmoordende tariewestryd.³²⁰

Transvaal het die Kaapkolonie se taktiek om sy spoorvrag op ossewaens oor te laai, probeer fnuik deur die driewe in die Vaalrivier op 1 Oktober 1895 te sluit. Die Kaapse regering het dadelik 'n beroep op die imperiale regering gedoen om in

318. *De Express*, 1 Maart 1895.

319. *Ibid*, 8 Maart 1895.

320. *Ibid*, 5 April 1895.

te meng en pres. Kruger moes aan dié regering se druk toegee. Dit het byna op oorlog uitgeloop. Borckenhagen het nie gedink die sluiting van die driewe was 'n wyse stap nie, maar hy het die beroep op imperiale inmenging ten sterkste afgekeur en dit was vir hom 'n bewys van die gevaar wat dit ingehou het dat 'n vreemde regering die Vrystaat se spoorkonsessionaris was. Hierdie gevaar was voorheen net teoreties, maar is nou prakties gedemonstreer.³²¹ Die Vrystaat het volgens hom nie meer in 'n vennootskap met die Kaapkolonie geglo nie. Hy is deur sy spoorverbintenis met die Kolonie verplig om in die Rhodes-kamp teen Transvaal te wees. "Who knows but that complications may arise that will prove the necessity for a speedy alteration very soon?"³²²

Dit was profetiese woorde, want die Jameson-inval twee maande later het so 'n komplikasie geblyk te wees. Daar was nog 'n bykomende ekonomiese faktor: die Vrystaat is verplig om swak Kaapse steenkool en Vrystaatse steenkool wat vir Kaapse gebruik bestem was, teen 'n verlies te vervoer. 'n Jaar later het Borckenhagen Reitz kwalik geneem dat hy hom deur die Kaapkolonie laat oorrompel het om toestemming hiertoe te gee.³²³ Borckenhagen het geskryf dat die regering nie nodig gehad het om bang te wees om die spoor oor te neem nie, want die land sou finansiële onmiddellik daarby baat en ook polities. Hy het aanbeveel dat die President 'n kommissie aanstel om die saak te ondersoek en voorstelle by die volgende sitting in te dien. Die regering moes eerder die lyn oorneem en self die taklyne bou as dat die Kaapkolonie dit doen. Dat vreemdes die Vrystaat se spoor beheer het, was vir hom 'n anomalie.³²⁴

Op 19 Desember 1895 het die Vrystaat egter 'n voorlopige spoorkonvensie met die Kaapkolonie aangegaan waarvolgens laasgenoemde 'n uitgebreide spoorstelsel vir die Vrystaat sou bou. Die Jameson-inval het die hele posisie verander. Dit het bekend geword dat die samesweerders Johannesburg oor die Vrystaatse spoorstelsel van gewere en ammunisie voorsien het met die medewete van koloniale spooramptenare in die Vrystaat en ook vrywilligers deur die Vrystaat na Johannesburg vervoer het.³²⁵ *De Express* is oorval met briewe waarin gevra is dat die spoor oorgeneem word en die Kaapse

321. *Ibid*, 13 Sept. 1895.

322. *Ibid*, 22 Okt. 1895.

323. *Ibid*, 5 Nov. 1895; 20 Okt. 1896.

324. *Ibid*, 15 en 22 Nov. 1895.

325. *Ibid*, 7 Jan. 1896; Malan, p. 250.

amptenare met die Vrystaat se eie seuns vervang word. Die Boerebeskermingsvereniging wat op 5 en 6 Maart 1896 sy sentrale kongres in Bloemfontein gehou het, het hom sterk ten gunste van oorname uitgespreek en takke versoek om memories daarvoor na die Volksraad te stuur. Baie burgers wat getwyfel het oor die finansiële vermoë van die Vrystaat om die spoor oor te neem, is deur die politieke gebeure oortuig van die wenslikheid daarvan. Hierdie oortuiging is op talle vergaderings uitgespreek. Terselfdertyd is die voorlopige spoorkonvensie met die Kaapkolonie veroordeel.³²⁶

Op 21 Mei 1896 het die Volksraad die spoorkonvensie met die Kaapkolonie afgekeur.³²⁷ Oorname van die hooflyn was die volgende stap. Borckenhagen het, soos in die verlede, die stap aanbeveel en geskryf dat dit nie moeilik sou wees om die koste te bestry nie. Verder was die lyn uitstekend en goed geadministreer. Hy het die regering aangeraai om ter wille van die ontwikkeling van die land dadelik met taklyne te begin. Hy het beklemtoon dat die oorname nie net uit politieke nie, maar ook uit ekonomiese oorwegings 'n voordelige stap sou wees. Die oorname het nie vyandskap met die Kaap beteken nie. Die Vrystaat sou nooit 'n spoorlyn as 'n middel om sy bure te benadeel aanwend nie. Die oorname was vir twee jaar reeds net 'n kwessie van tyd en die "January scare has somewhat ripened the fruit that grows on our tree of knowledge..".³²⁸

Pres. Steyn het aan die begin van die debat oor verdere spoorbeleid oorname van die spoorlyn om politieke en ekonomiese redes bepleit.³²⁹ Hy het gemeld dat die lyn 26% wins opgelewer het ten spyte van die sterk mededinging wat van die Delagoabaai- en Charlestown-lyne ondervind is. Die Jameson-inval het getoon hoe gevaarlik dit was dat die spoorweë in vreemde hande was en dat daar so 'n groot aantal vreemde spoorwerkers in die Vrystaat gewoon het.³³⁰ Borckenhagen was baie teleurgesteld met die Volksraad se aanvanklike optrede. Daar is aan die Uitvoerende Raad opgedra om voor die buitengewone sitting in Oktober inligting in te win oor oorname. Hy het dit as 'n vermorsing van tyd beskou. Daar moes eerder 'n kommissie benoem word wat binne 'n week of twee al die inligting kon

326. Malan, pp. 250 en 251.

327. OVSVR, 21 Mei 1896, p. 451.

328. *De Express*, 22 en 29 Mei en 2 Junie 1896.

329. OVSVR, 21 Mei 1896, pp. 457 - 458.

330. Van der Merwe, p. 79.

bekom en dan kon op oorname besluit word. Spoedige optrede was nodig en die volk sou ook druk daarvoor uitoefen.³³¹ Dié besluit was die gevolg van raadslede J. G. Fraser, P. M. Botha en ander se verdragingstaktiek. Hulle het gehoop om die debat uitgestel te kry en dan by die buitengewone sitting, wanneer gemoedere oor die Jameson-inval gekalmeer het, met kragtige argumente die Raad teen oorname te oortuig.³³² *The Friend* het hulle gesteun en die Volksraad aangeraai om nie oorhaastig te wees nie.³³³ Op 5 Junie het die Raad 'n stappie in die rigting van Borckenhagen se voorstel geneem deur 'n kommissie aan te stel wat 'n verslag oor die beste wyse van oorname moes opstel.³³⁴ Met ontsteltenis het Borckenhagen op 3 Julie gevra watter nut dit sou hê as die kommissie se verslag eers voor die buitengewone sitting gepubliseer word. Daar moes eerder dadelik besluit word om die spoor op 1 Januarie 1897 oor te neem en die Kaapkolonie moes kennis gegee word van die besluit. Dié Kolonie was geregtig daarop om betyds kennis te kry. Om kennisgewing te verdraag, sou flinke optrede in die wiele ry. Nadat so 'n besluit geneem is, kon die regering al die nodige besonderhede versamel en by die buitengewone sitting voorlê.³³⁵ Op 8 Julie 1896 het die Volksraad besluit om die spoor op 1 Januarie 1897 oor te neem.³³⁶ *The Friend* het voorspel dat die Vrystaat nie maklik 'n lening sou kry nie. Syns insiens sou NZASM, die Nederlandse spoormaatskappy in Transvaal, al die voordeel van die oorname kry. Verder sou die administrasie van die spoorweë nooit so goedkoop of doeltreffend wees as onder Kaapse beheer nie.³³⁷ 'n Week later het die koerant beweer dat die Volksraad die oorname oorhaastig op die volk afgedwing het, maar tog 'n ander deuntjie begin sing en die mening uitgespreek dat dit goeie winste kon afwerp as die regering ekonomies en oordeelkundig te werk sou gaan. Hy was seker dat die Vrystaat met die Kaapkolonie sou saamwerk en die lyn doeltreffend sou bestuur, want dit was in sy eie belang. Die Vrystaat was net so goed soos enigeen in Suid-Afrika in staat om 'n lening te kry. Hy het geen skuld gehad nie en 'n goeie inkomste en die spoor was uitstekende sekuriteit. Die Vrystaat sou nou 'n groter deel van die wins kry.³³⁸ Die

331. *De Express*, 5 Junie 1896.

332. Malan, p. 254.

333. *The Friend*, 26 Mei 1896.

334. *De Express*, 12 Junie 1896.

335. *Ibid*, 3 Julie 1896.

336. *OVSVR*, 8 Julie 1896, p. 943.

337. *The Friend*, 7 Julie 1896.

338. *Ibid*, 14 Julie 1896.

koste van oorname was R5 500 000 en billike terme is gereël.³³⁹

De Express het gejuig oor die Volksraad se besluit en het gewys op die oneindige ekonomiese voordele wat die land daaruit sou trek. Die skuld sou maklik betaal kon word en die res van die wins kon dan aangewend word om plaaslike spoorlyne aan te lê wat tot die ontwikkeling van die land se bronne sou lei. Polities sou dit die Vrystaat meer onafhanklik maak. Daar sou probleme met beheer wees, maar deur ervaring kon die lyn 'n nog groter sukses word as wat dit reeds was.³⁴⁰

Voor oorname was daar heelwat wrywing tussen die Vrystaatse en Kaapse onderhandelaars. Sir James Sivewright, die Kaapse minister belas met spoorweë, het eise gestel wat pres. Steyn as aanmatigend beskryf het. Hy het veral twee eise gestel: steenkool vir Kaapse gebruik moes teen 'n baie lae tarief vervoer word soos pres. Reitz vroeër toegestaan het, en hy wou ook 20% van die wins op die Vrystaatse deel van die spoor hê om sogenaamde hanteringskoste in die Kaapkolonie te dek en te vergoed vir die hoër koste wat die Kaapkolonie gehad het weens steiler hellings. Pres. Reitz het in sy tyd toegegee aan die eis vir hanteringskoste en dit aan die Kaapkolonie oorgelaat om die bedrag te bepaal. Borckenhagen het Reitz oor hierdie toegewings gekritiseer, maar pres. Steyn geprys wat tydens onderhandelings ferm gestaan het.³⁴¹ Die oorname het vlot verloop en die kritiese *Friend* het geskryf dat dit uit die verslag oor die oorname geblyk het dat dit op uiters vriendelike en bevredigende wyse geskied het.³⁴² *De Express* het die grootste lof gehad vir die reusetaak wat die spoordepartement gedurende die ses maande na oorname verrig het. Dit het die oorname laat vlot ten spyte van die diefstal-sameswering van geërfde spooramptenare, die hele opmeting van die nuwe lyne voltooi en kontrakte uitgegee vir 100 myl se grondwerke vir die lê van spore. Hy het geskryf dat so 'n prestasie nog nooit in die Suid-Afrikaanse spoorgeskiedenis geëwenaar is nie. Die onderhandelinge met die Kaapkolonie en Transvaal het bevredigend afgeloop. Die Vrystaatse afgevaardigdes het ferm gestaan teen die Kaapkolonie en die NZASM het die Vrystaat

339. Lamprecht, p. 246; Van der Merwe, p. 80.

340. *De Express*, 10 Julie 1896.

341. *Ibid*, 20 en 23 Okt. 1896; Malan, p. 255.

342. *The Friend*, 25 Junie 1897.

billik behandel. Sivewright se poging om die Vrystaat van R200 000 te beroof het gefaal, maar sou altyd onthou word³⁴³ Borckenhagen kon met tevredenheid terugkyk op die goeie vrugte van nog 'n stryd wat in belang van Vrystaatse onafhanklikheid gestry is.

'n Spoorwegraad en -departement

In 1892 het Borckenhagen voorgestel dat 'n spoorwegraad aangestel word om alle spoorsake te hanteer. Die President kon nie alles behartig nie. As die Kaapkolonie tariewe wou verander, sou hy eers hierdie raad moes raadpleeg.³⁴⁴ Uit Kaapse kringe was daar kritiek op die voorstel. *The Cape Argus* het geskryf dat die Kaapkolonie nie "independent Free State management" wou hê nie. Borckenhagen het daarop geantwoord dat 'n Suid-Afrikaanse spoorwegraad wat oor alle spoorbelange toesig gehou het, goed sou wees. So nie moes die Vrystaat 'n raad kry om Vrystaatse belange te bestudeer en aan die regering verslag te doen. Dan kon die regering wettige beheer uitoefen.³⁴⁵

Die Kamer van Koophandel het aan die begin van 1893 daarop gewys dat werk in verband met spoorweë toegeneem het en alles het op die President se skouers gerus. Daar moes 'n spoorwegdepartement ingestel word om seker te maak dat die Vrystaat nie verliese ly nie, om doeanegeld te kontroleer en alle spoorsake te hanteer.³⁴⁶ Op J. G. Fraser se verslagvergadering in April 1893 het hy hom ten gunste van oornome van die hoofspoorlyn uitgespreek en die Kamer van Koophandel se voorstel van 'n spoorwegdepartement gesteun.³⁴⁷ Borckenhagen se reaksie was dat daar geensins aan die oornome van die spoorlyn gedink kon word voordat daar 'n gevestigde spoorwegdepartement was nie. Daar was op daardie tydstip nie eers 'n persoon soos die ministers in ander lande wat verantwoordelikheid vir spoorweë gedra het nie en spoorsake sou al moeiliker word om te hanteer.³⁴⁸

In Julie 1893 het die Volksraad 'n Raad van toesig oor spoorweë ingestel waarop die inspekteur-generaal van openbare werke, die staatsprokureur, die tesourier-generaal en 2 lede wat deur die Staatspresident benoem is, gedien

343. *De Express*, 9 Julie 1897.

344. *Ibid*, 29 Julie 1892.

345. *Ibid*, 27 Jan. 1893.

346. *The Friend*, 20 Jan. 1893.

347. *Ibid*, 25 April 1893.

348. *De Express*, 25 April 1893.

het.³⁴⁹ Borckenhagen was een van die benoemde lede.³⁵⁰ Die Volksraad het op 5 Junie 1896 'n kommissie aangestel om in samewerking met die Raad van toesig en die regering vas te stel hoe die oorname van die spoor op die doeltreffendste wyse kon geskied.³⁵¹ Borckenhagen het dus nie net as pleitbesorger vir spooroorname opgetree nie, maar ook 'n aandeel gehad in die vlot verloop van die oorname. Met die oorname van die hoofspoorlyn is die Raad van toesig oor spoorweë afgeskaf en met 'n departement van spoorweë vervang. Aan die hoof was die direkteur-generaal van spoorweë, R. E. Brounger. Hy moes aan die Volksraad verantwoording doen. Die verskillende afdelings van die administrasie en elke amptenaar se pligte is omskryf.³⁵² Borckenhagen het gemeen dat die Raad van toesig behou kon word en die Volksraad sou dalk nog die afskaffing daarvan betreur.³⁵³

Borckenhagen het gedurende sy hele verblyf in die Vrystaat baie gedoen om tot die spoorwegontwikkeling van die Republiek by te dra. Hy het propaganda gemaak, die volk ingelig, raad gegee, berekenings gemaak, korrespondensie gevoer, talle reise onderneem om die Vrystaat se belange veral in Transvaal te gaan verdedig en sy deel gedoen op die Raad van toesig. Dit was nie 'n maklike taak nie omdat elke staat en kolonie krampagtig wou toesien dat sy belange om ekonomiese en politieke redes voorop gestel word.

4.5 Die Nasionale Bank

Op 13 Julie 1876 het Brittanje 'n ooreenkoms met die Vrystaat aangegaan waarvolgens die Republiek R180 000 aanvaar het as vergoeding vir die diamantveld. *De Express* se redakteur, toe nog F. X. Schermbrucker, het voorgestel dat die geld vir die oprigting van 'n nasionale bank gebruik word.³⁵⁴ Die Volksraad het besluit om R140 000 van die geld vir so 'n bank te gebruik. 'n Kommissie van vyf, waaronder Borckenhagen, is gekies om 'n trustakte vir 'n nasionale bank op te stel.³⁵⁵ Die trustakte is op 27 Junie 1877 goedgekeur.³⁵⁶ Sewe direkteure, waarvan vier benoem en

349. *The Friend*, 7 Julie 1893.

350. *De Burger*, 10 Aug. 1895.

351. Lamprecht, p. 246.

352. *Ibid*, pp. 248 - 249; Ordonnansie 31 van 1896.

353. *De Express*, 2 Julie 1897.

354. *Ibid*, 29 Maart 1877.

355. *OVSVR*, 13 Junie 1877.

356. *Ibid*, 27 Junie 1877, p. 528.

drie deur aandeelhouders verkies is, het op die bank se direksie gedien en Borckenhagen was vir 15 uit die 20 jaar tot sy dood 'n direksielid.³⁵⁷

Benewens die R140 000 wat deur die regering in die bank belê is, is aandele ter waarde van R60 000 deur die publiek opgeneem. In die laaste algemene staat van die bank in 1899 is aangetoon dat die bank se bates R2 680 804 beloop het.³⁵⁸ Die instelling van die bank was 'n maatreël om die Republiek te vrywaar van vreemde oorheersing en om 'n trots in eie ondernemingsgees en instellings te kweek. Uitgebreide bankgeriewe is tot die burgers se beskikking gestel en die bank het 'n groot bydrae tot die uitbreiding van handel en die ekonomiese versterking van die Republiek gelewer.

Borckenhagen het die bestaan van 'n nasionale bank as 'n seën beskou omdat dit sekuriteit aan die inwoners gebied het en nie, soos die Standard- en ander vreemde banke geld aan spekulante verskaf het nie.³⁵⁹ Hy was baie ongelukkig oor die Volksraad se houding jeens die bank. In 1892 is die surplus in die staatskas by ander banke belê en Borckenhagen het 'n snedige artikel geskryf waarin hy dié stap van die Volksraad veroordeel het. Dit was ook een van die weinige kere dat hy pres. Reitz gekritiseer het. Hy het onder andere geskryf: "This is a free country, and ought to have free trade, which, in the case of Banking, means that other institutions should be invited to come and flood the country with their precious paper, inviting the public to favour them with fixed and floating deposits, a variety of material with which they successfully manage to extract very good dividends out of the foolish, free-trading Free State patriot".³⁶⁰ Die Nasionale Bank is nie ten opsigte van ander banke bevoordeel nie. Dit moes dieselfde lisensiegeld per tak as die ander banke betaal en dit het die uitbreiding na die platteland gestrem. Die direkteure het in 1892 'n brief aan die Uitvoerende Raad geskryf waarin op die besondere dienste van die bank aan die staat gewys is en versoek is dat die bank se lisensiegeld verminder word. Die memorie is aan die Volksraad voorgelê waarop die Raad banke se lisensiegeld van R150 tot R50 per tak verminder het.³⁶¹ Borckenhagen was ontstoke. Hy het betoog dat die direksie

357. *De Express*, 8 Febr. 1898.

358. *O.V.S. Gouvernements Courant*, 17 Nov. 1899.

359. *De Express*, 30 Sept. 1890.

360. *Ibid*, 24 April 1892.

361. *OVSVR*, 14 Mei 1892, p. 170.

se doel met die memorie was om die bank se lisensiegeld ten opsigte van ander banke te verminder en nou is al die banke se lisensiegeld verminder. Die Bank was 'n nasionale instelling, maar is slegter as alle ander finansiële instellings "who hawk about foreign capital - free of charge" behandel. Een van die argumente teen die bevoordeling van die Nasionale Bank was dat dit in vreemde hande was - 'n verdraaiing wat daarop gemik was om twyfel te saai oor die bank se status as nasionale instelling. Borckenhagen het daarop gewys dat 75% van die Nasionale Bank se aandeelhouders Vrystaatse burgers was, dat 90% van die kapitaal uit die Vrystaat gekom het en dat alle sake in die Vrystaat gedoen is. Hy het op die voordele van die Nasionale Bank vir die staat gewys. Die bank het geen vergoeding gevra vir dienste aan die staat gelever nie. As die Nasionale Bank floreer het, het die burgers en die staat daarby gebaat. Die bank is verbied om buite die Vrystaat sake te doen en kon dus nie soos ander banke gunstige geleenthede elders gebruik om uit te brei nie. As die landsvaders spesiale voorregte aan die Nasionale Bank sou gee, sou die staat daardeur bevoordeel word. Winste deur die bank gemaak, het in die land gebly, wat nie die geval met vreemde banke was nie en die staat is grootliks daardeur bevoordeel. Nogtans wou die staat, wat 70% van die kapitaal verskaf het, nie aan die bank dieselfde voorregte gee as wat die Transvaalse regering, wat maar 20% van die kapitaal verskaf het, aan hulle nasionale bank gegee het nie.³⁶² Hy was bly oor J. N. Bignaut se voorstel dat die totale lisensiegeld van die Nasionale Bank tot R1 000 beperk moes word. Dit sou die bank se laste ligter maak en hom in staat stel om na al die distrikte uit te brei. Om te kon uitbrei, was dit ook nodig om die kapitaal te vergroot.³⁶³ Die aandeelhouders het aan die begin van 1895 besluit om die kapitaal van die bank van R200 000 na R400 000 te verhoog en om die bank se bestaan, wat aanvanklik op 21 jaar gestel is, met nog 21 jaar te verleng.³⁶⁴ Die Volksraad het hierdie voorstelle aanvaar.³⁶⁵ Die vermeerdering van kapitaal en verlaging van lisensiegeld het tot gevolg gehad dat meer takke gestig is en teen 1898 was daar benewens die hoofkantoor in Bloemfontein nog 13 ander takke, naamlik te Bethlehem, Boshof, Ficksburg, Harrismith, Heilbron,

362. *De Express*, 17 Mei 1892.

363. *Ibid*, 27 Maart 1894.

364. *The Friend*, 8 Febr. 1895.

365. *OVSVR*, 4 Junie 1895, p. 617; *Ordonnansie* 13 van 1895, pp. 17-19.

Kroonstad, Ladybrand, Rouxville, Senekal, Lindley, Vrede, Wepener en Winburg. Die bank het ook as agent vir 'n aantal ander banke soos die Standardbank opgetree.³⁶⁶

4.6 Hulp aan Armblikes

Die verarming van boere sodat hulle hulle plase kwyt geraak het en hulle selfstandigheid moes prysgee, was vir republikeinse leiers 'n groot bekommernis. Dit kon 'n gaping vir kapitaliste en vreemde spekulante laat om grond in die republieke te bekom en sodoende 'n vastrapplek daar te kry.

Die Republiek kon ook nie bekostig om die las van 'n groot aantal armblikes te dra nie en elke burger se bydrae tot die ekonomie van die land was nodig; daarom het Borckenhagen reeds in 1884 en 1885 kommer uitgespreek oor die verarmde bywoners wat nie vir hulself kon sorg of hulle kinders skool toe kon stuur nie. Die oplossing wat hy aan die hand gedoen het, was dat die regering nedersettings daarstel.³⁶⁷ Op daardie tydstop het die regering geen aandag aan so 'n voorstel gegee nie.

Die probleem het deur die jare vererger. *De Express* het daarop gewys dat sommige deur hulle eie toedoen verarm het, ander deur omstandighede. Plase is in onekonomiese eenhede opgesny, wol was onbetalend en onkunde het geheers. Jare van droogte, sprinkane en veral runderpes het verder tot die toestand bygedra.³⁶⁸

Borckenhagen het 'n aantal oplossings aan die hand gegee. Die idee van nedersettings was nog voorop. Op dié wyse kon die verarmdes op die platteland bly, onder omstandighede wat aan hulle bekend was en weg van die sedelike ondermyning van dorpe en stede.³⁶⁹ Die regering kon staatsgrond in klein plasies opsny.³⁷⁰ Indien die regering besproeiingswerke sou aanpak en 'n klomp kleiner damme laat bou, kon vrugte op die lande onder besproeiing gekweek word, moontlik onder die toesig van 'n oorsese deskundige byvoorbeeld uit Kalifornië. Dit kon werk aan baie mense verskaf.³⁷¹ Sommige van die arm

366. *The Friend*, 8 Febr. 1895; Lamprecht, pp. 342 - 343.

367. *De Express*, 17 April 1884 en 19 Febr. 1885.

368. *Ibid*, 14 Junie 1895, 28 Aug. 1896 en 20 Aug. 1897.

369. *Ibid*, 13 Julie en 20 Aug. 1897.

370. *Ibid*, 14 Junie en 16 Aug. 1895.

371. *Ibid*, 20 Aug. 1897.

boere kon by die spoorweë gaan werk, want dit was die enigste moontlike werkverskaffer in die Vrystaat.³⁷²

In 1895 het die regering besluit om staatsgrond in die Barolong-gebied op te deel en vir armblikes klein plasies te gee. Later sou daar verdere toekennings wees. Borckenhagen het die stap verwelkom omdat dit sekuriteit aan die mense sou bied. Dit was vir hulle beter om baas op hulle eie plaas te wees as bywoners met nie-blikes as mede-arbeiders. Hy het dit jammer gevind dat daar nie meer grond beskikbaar was nie.³⁷³

Tydens pres. Steyn se bewind het die armblikevraagstuk in omvang toegeneem weens die verwoesting van die runderpes en die ernstige droogte van 1897. Hy het erns gemaak met die probleem en die meeste van sy uitsprake het met Borckenhagen se menings ooreengekom. Hy het ook gevoel dat die trek na die dorpe en stede gestuit moes word en het die stigting van nedersettings aanbeveel. Die Volksraad het die tyd hiervoor egter nie ryp geag nie.³⁷⁴ Vervolgens het hy die aanlê van spoorweë aanbeveel om aan soveel armes as moontlik werk te verskaf. 'n Uitgebreide stelsel van takspoorlyne is goedgekeur.³⁷⁵

Borckenhagen het die opvoeding van die arm en verwaarloosde kinders as die belangrikste oplossing vir die armblikevraagstuk gesien.³⁷⁶ In *De Express* se reeks oor die onderwys deur Hubertus Elffers is alreeds in 1890 gevra dat skoolplig vir minstens twee jaar ingestel word en dat die staat dan die arm kinders finansiële hulp.³⁷⁷ Die koerant het die Volksraad se aanvaarding van verpligte onderwys op 6 Junie 1895 hartlik verwelkom.³⁷⁸ Hy het die hoop uitgespreek dat daar 'n groter mate van praktiese onderwys sou wees. Dit sou goed wees as daar 'n landbou- en nywerheidskool by die klein plasies wat vir armblikes gegee is, kon wees. Nywerheidskole het 'n noodsaaklikheid geword. Blikes moes leer dat dit geen skande was om hande-arbeid te verrig nie en buitendien kon 'n land nie waarlik daarop roem dat hy onafhanklik was as hy mense van elders moes kry om

372. *Ibid*, 13 Julie 1897.

373. *Ibid*, 16 Aug. 1895.

374. *OVSVR*, 12 Mei 1897, p. 402; 2 Julie 1898, p. 765 en 12 April 1898, p. 108.

375. *Ibid*, 20 Okt. 1896, p. 82.

376. *De Express*, 7 Junie 1895.

377. *Ibid*, 4 Maart 1890.

378. *Ibid*, 7 Junie 1895.

handewerk te doen nie.³⁷⁹ Die verslag van 'n verkose komitee van die Kaapse parlement was vir Borckenhagen interessant en insiggewend en hy sou graag wou sien dat die Vrystaatse regering dieselfde rigting inslaan. In die Kaapkolonie het armblikes goeie en bruikbare werktuigkundiges geword. Dorskinders het ambagte en handvaardighede in die dorpe en by die spooewerkplase te Soutrivier, Uitenhage en Oos-Londen geleer. Soos spoorweë uitgebrei het, sou daar steeds meer werksgeleenthede ontstaan. Hierdie oplossing was egter buite die bereik van plattelandse kinders. Hulle kon nie nog losies ook bekostig nie. Vir hulle was daar 'n tehuis nodig, soos in die Kaapkolonie, waar inwoners bedags hulle ambag geleer het en saans aandskool bygewoon het. Hierdie kinders is versorg en beskerm. Die Vrystaatse Volksraad kon 'n kommissie aanstel vir die instelling van 'n nywerheidstehuis. Hy het gemeen dat dr. Brebner, die superintendent van onderwys, en mnr. R. E. Brounger, die spoorweghoof, uiters bekwaam sou wees om 'n skema uit te werk. Daar was baie geleenthede by Bloemfontein se spoorwegwerkswinkels en by ambagsmanne. Dit kon 'n oneindige bate vir die Vrystaat wees en was nie moeilik uitvoerbaar nie.³⁸⁰ " .. we should like to catch the little poor whites and put them into trades and into farm schools and teach them something besides walloping oxen and donkeys, or worse things, which they are learning at the present time", het hy op sy kenmerkende skertsende wyse geskryf.³⁸¹

Hierdie voorstelle van Borckenhagen is presies net so uitgevoer. Pres. Steyn het reeds in sy dae as regter sy bekommernis oor die armblikevraagstuk uitgespreek. In Februarie 1895 het hy in sy toespraak by Rouxville se skou op die noodsaaklikheid gewys dat armblikes nuttige handwerk moes leer doen.³⁸² Toe hy nedersettings as oplossing voorgestel het, het hy ook gemeen dat skole en veral ambagskole by sulke nedersetting opgerig kon word.³⁸³ Net soos Borckenhagen het hy daarop gewys dat alle kinders, dus ook behoeftige kinders, sedert 1895 verplig is om vir mintens twee jaar skool te gaan en die staat het hulle bygestaan deur gratis inwoning in dorpskoshuise te verskaf. Hulle het dus elementêre onderwys ontvang, maar dit het hulle nog nie vir 'n werk bekwaam nie. Nadat hy president

379. *Ibid*, 14 Junie 1895.

380. *Ibid*, 28 Aug. 1896.

381. *Ibid*, 8 Okt. 1897.

382. *Ibid*, 22 Febr. 1895.

383. Kieser, p. 43.

geword het, het Steyn dr. Brebner, na Kaapstad en Uitenhage gestuur om ondersoek in te stel na nywerheidskole. Daarna het 'n Volksraadskommissie hom bygestaan om die oprigting van 'n nywerheidskool te ondersoek en 'n leerkontrak op te stel. Die skool en tehuis is ingerig en op 24 November 1898 geopen met 25 seuns wat gratis geklee en gevoed is. Bedags het hulle 'n ambag geleer en saans het hulle onderwys ontvang.³⁸⁴

Borckenhagen het die Volksraad reeds in 1895 geprys vir sy simpatieke, intelligente en praktiese benadering van die armbankevraagstuk. Daar is ernstige pogings aangewend om die vraagstuk op te los. Hy het 'n beroep op kerk, staat en gemeenskap gedoen om saam te werk op soek na 'n oplossing. Daar is veral na die kerk opgesien om leiding, want predikante was bekend met hulle lidmate se omstandighede en kon goeie leiding gee. Predikante kon ook help om verwaarloosde kinders op te spoor sodat die staat of gegoede burgers kon help om hulle te laat opvoed. As almal betrokke sou raak, kon wondere geskied.³⁸⁵

Die pogings wat aangewend is om die armbankevraagstuk op te los, is te 'n kort tydjie gegun voordat die oorlog uitbreek het om werklik sukses te kon behaal. S. F. Malan skryf dat pres. Steyn se volgehoue pogings om die Republiek teen kapitaliste en spekulante wat verarmde boere se grond kon opraap, te beskerm, reaksie by die burgers uitgelok het. *De Express* het volgens hom 'n belangrike rol hierin gespeel.³⁸⁶

384. *Ibid*, pp. 44 en 45.

385. *De Express*, 19 Jan. 1894; 10 Mei, 14 Junie en 2 Julie 1895 en 28 Aug. 1896.

386. Malan, p. 260.

**BEVORDERING VAN REPUBLIKANISME DEUR SAMEWERKING MET DIE
ZUID-AFRIKAANSCH REPUBLIEK**

5.1 Suid-Afrikaanse samewerking

Carl Borckenhagen, soos byna alle Suid-Afrikaanse leiers van sy tyd, het besef dat Suid-Afrikaanse samewerking die voordeligste sou wees vir die land as geheel en vir elke afsonderlike streek. Hy het jarelank gedroom van 'n verenigde Suid-Afrikaanse republiek onder 'n eie vlag en geregeer deur sy eie mense. Die Britse imperialiste wou ook 'n verenigde Suid-Afrika hê - onder die Britse vlag. Dade van aggressie en anneksasie teen die wil van die inwoners het die republieke egter 'n afkeer in federasie met die Britse kolonies gegee. Optrede wat die Vrystaat aan eie lyf gevoel het, was onder andere die anneksasie van Basoetoland en Griekwaland-Wes. Die imperiale faktor was 'n struikelblok in die weg van Suid-Afrikaanse eenheid. Selfs Cecil J. Rhodes, wat 'n visie gehad het van die uitbreiding van die Britse Ryk oor die hele kontinent, het gepraat van die uitkakeling van die imperiale faktor.

5.2 Nouer republikeinse samewerking ter wille van oorlewing

Vir Borckenhagen was dit 'n onuithoudbare situasie dat Suid-Afrika op outokratiese wyse vanuit Londen regeer moes word in belang van Brittanje en sonder inagneming van die belange en wense van die mense van Suid-Afrika. Hy het tot aan die einde van sy lewe gepleit vir samewerking tussen Suid-Afrikaners, al was dit net op ekonomiese vlak, en het beklemtoon dat republikanisme nie noodwendig vyandskap met die Britse kolonies beteken het nie. Toenemende vyandiggesindheid en aggressie van Britse imperialiste teenoor die republieke het hom egter vroeg reeds laat glo dat die enigste manier waarop republikanisme kon oorleef, was deur 'n noue verbintenis tussen die twee republieke. Die een sou nie sonder die ander kon staande bly nie.

Tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog het Borckenhagen gewaardeerde hulp aan die Transvalers verleen. Brittanje het Transvaal van die buitewêreld afgesny deur die pers die swye op te lê en posverkeer te blokkeer. Borckenhagen het 'n gedugte organisasie op die been gebring

om telegramme en briewe deur middel van aflosspanne na en van Heidelberg te vervoer.¹ J. H. Hofmeyr, leier van die Kaapse Afrikaners, het ook vir Borckenhagen as tussenganger gebruik om met Transvaalse leiers te kommunikeer.² Hierna het Borckenhagen ten spyte van teenstand van pres. J. H. Brand, druk op die regering uitgeoefen om nouer bande met Transvaal te sluit. Die meerderheid Vrystaatse burgers het hom gesteun en na pres. Brand se oorlye was hy en die presidente verenig in hulle strewe na samewerking met Transvaal. Daar was egter 'n groepie ondersteuners van pres. Brand wat tot aan die einde van die republikeinse tydperk teen nouer bande met die susterrepubliek gekant was. Hulle is gelei deur die voorsitter van die Volksraad, J. G. Fraser en *The Friend* was hulle mondstuk. Laasgenoemde het selfs 'n Hollandse koerant, *De Burger*, begin uitgee om die Afrikaners in die Vrystaat se steun teen samewerking met Transvaal te werf. Paul Kruger en die Transvaalse regering is op elke moontlike wyse aangeval.

Terwyl dit so vanselfsprekend gelyk het dat die twee republieke moes saamwerk en dat die bande tussen hulle versterk moes word, was dit nie so 'n maklike proses nie. Daar was dikwels wrywing en afsydigheid.

Borckenhagen het, soos die republikeinse leiers, geweet dat die imperialiste en veral Rhodes, Chamberlain en Milner, 'n geleentheid gesoek het om die republieke tot 'n val te bring. Daar moes gewaak word teen enige optrede wat so 'n geleentheid kon bied. Die republieke moes op alle terreine sterk gemaak word en saamstaan en veral in hulle verhouding en kontak met die Britse kolonies en regering baie versigtig wees. Vir Borckenhagen was sy laaste jare baie spanningsvol omdat hy so bedag was op die gevaar wat elke verkeerde optrede tot gevolg kon hê. Hy het nie geskroom om Paul Kruger en die Transvaalse regering te kritiseer nie, veral as hy gemeen het dat hulle optrede republikanisme in gevaar gestel het nie. Dit was vir hom 'n groot teleurstelling dat Paul Kruger nie tot die tolunie wou toetree nie en hy was heftig gekant teen Transvaal se konsessiebeleid.

1. Jorissen, E.J.P., *Transvaalsche Herinneringen 1876-1896*, pp. 70-71.

2. Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 195.

5.3 Pogings tot vereniging

Met die toekenning van onafhanklikheid aan die Trekkers by wyse van twee afsonderlike konvensies het Brittanje gesorg dat daar nie een groot, verenigde Trekkerrepubliek tot stand kom nie. Andries Pretorius se droom van 'n verenigde Trekkerrepubliek is daarmee vernietig, maar sy seun, Marthinus Wessel Pretorius, het verskeie pogings aangewend om die twee republieke te verenig. Dit het nie geslaag nie, soos ook latere pogings deur pro-Transvaalse Vrystaters.

Na die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog het Transvaal in 1881 by die Pretoria-konvensie selfregering herwin, maar die Britse regering het susereiniteit oor die republiek behou en allerlei beperkings op sy vryheid geplaas. Hoewel Vrystaters se harte warm vir hulle broers anderkant die Vaalrivier geklop het en saam met hulle bly was oor die oorwinning oor die Britse magte, was daar nie sprake van vereniging nie, veral vanweë die susereiniteitsskewing. Die posisie het in 1884 verander toe die Londense Konvensie die Pretoria-konvensie vervang het en susereiniteit opgehef is. Talle Vrystaters het dadelik begin aandring op nuwe vereniging met Transvaal.

5.4 Borckenhagen beywer hom vir vereniging

Borckenhagen het pas nadat die Konvensie onderteken is, geskryf dat hy voortaan sou lewe en werk vir die uiteindelijke volkome vereenselwiging van die twee republieke. Dit moes nie dadelik geskied nie, maar daar moes geleidelik daaraan gebou word. As eerste stap het hy 'n uitleweringsooreenkoms voorgestel - 'n stap wat op 1 Julie 1884 deur die Vrystaatse Volksraad geneem is.³ Daarna kon 'n handelstraktaat en defensiewe maatreëls volg.⁴

Hierna het Borckenhagen nooit weer opgehou om in sy koerant vir nuwe vereniging met die susterrepubliek te pleit nie. Hy het by die Afrikanerbond aangedring om die kwessie deurgondelik te bespreek en memories aan die Volksraad te rig. Jaar na jaar het die Volksraad die memories in die wind geslaan, maar Borckenhagen het die Bond aangemoedig om nie tou op te gooi nie.

3. Volksraadsnotules OVS, hierna afgekort na OVSVR, 1 Julie 1888, p. 762.

4. *De Express*, 20 Maart 1884.

5.5 Pres. Brand is gekant teen nouer vereniging

Om ekonomiese redes en omdat die ou traktaat van handel en vriendskap wat in 1872 deur die twee republieke aangegaan is, nie meer doeltreffend was nie, het pres. Brand op 3 Mei 1886 in sy aanspraak aanbeveel dat 'n nuwe traktaat aangegaan word. Hy het daarmee ook gehoop om diegene wat na nouer vereniging met Transvaal gestreef het, te paai sodat hulle nie op 'n politieke verbintenis sou aandring nie.⁵ Die Volksraad het aan die President opdrag gegee om met Transvaal te onderhandel oor 'n traktaat. Hy het baie lank gesloer om die opdrag uit te voer en Borckenhagen het verskeie kere in sy koerant op die versuim gewys.⁶ Intussen het talle memories ten gunste van nouer vereniging met Transvaal na die Volksraad gestroom.

Pres. Brand en die voorsitter van die Volksraad, J. G. Fraser, en hulle ondersteuners in die Raad het enige politieke verbintenis met die Zuid-Afrikaansche Republiek⁷ heftig teengestaan. Hulle vernaamste argument was dat Transvaal nog onder Britse susereiniteit gestaan het. Borckenhagen het ten sterkste ontken dat dit die geval was.

In die 1886-sitting is die voorstel dat die twee republieke nouer verenig, met 35 - 13 verslaan.⁸ Pres. Brand het voorgestel dat die twee republieke afsonderlik ontwikkel en geleidelik ryp word vir 'n algemene Suid-Afrikaanse vereniging. Hy wou veel eerder bande met die Kaapkolonie aangaan as met Transvaal. Afgesien van sy voorliefde vir die Engelse kultuur, was die Kaap nie alleen die grootste kolonie nie, maar op daardie stadium ook die rykste.

Die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886 het die prentjie verander. Transvaal het die potensiaal gehad om die rykste staat in die subkontinent te word en ekonomiese sake tot 'n groot mate te dikteer. Hy kon ook 'n belangrike mark vir die Vrystaat word. Tussenstaatlike verhoudings het dadelik 'n wysiging ondergaan en dit het ook 'n invloed op die verhouding tussen die Vrystaat en Transvaal gehad.

5. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 114.

6. *De Express*, 2 Sept. 1886 en 11 Jan. 1887.

7. Hierna afgekort na ZAR.

8. *OVSVR* 28 en 29 Mei 1886, pp. 334 - 341 en 346 - 355.

Sedert die ontstaan van die republieke is hulle deur die kuskolonies uitgebuit deurdat 'n hoë invoerreg gehef is op ingevoerde goedere. Hoewel hulle herhaaldelik gevra het dat 'n gedeelte van die invoerreg aan hulle oorbetaal word, is dit steeds geweier. In Maart 1886 het pres. Kruger die Kaapse eerste minister, sir Thomas Upington, genader oor 'n tolunie, maar hy is onbeleeft die deur gewys. In Julie, toe dit al duidelik was dat daar 'n ryk goudveld in Transvaal was, het die Kaapkolonie aan Natal en die Vrystaat 'n tolunie voorgestel. Nou was Paul Kruger nie meer gewillig om 'n lid te word nie, want dit sou sy betrekkinge met Delagoabaai in gedrang bring.⁹ Voortaan sou sy houding wees dat hy nie tot 'n tolunie sou toetree voordat hy nie 'n eie hawe gehad het nie. Brittanje het die moontlikheid van 'n eie hawe verongeluk en daarom het Transvaal nooit tot 'n tolunie toegetree nie. Natal wou 'n deel van die Transvaalse handel bekom en om Transvaal aan sy kant te kry, het hy ontwykend op 'n Kaapse uitnodiging na 'n toluniekonferensie geantwoord deur te sê hy glo in "an exclusive commercial alliance with the Transvaal".¹⁰

Beide die Kaapkolonie en Natal was desperaat om per spoor met Transvaal verbind te wees om te deel in die toenemende handel. Hulle het 'n enorme skuldelas gehad vanweë spooraanleg en die Transvaalse handel sou grootliks help om die skuld te delg. Die Kaapkolonie het reeds 'n spoorlyn tot by Kimberley gebou na die ontdekking van diamante en wou dié lyn na Transvaal verleng. Die Vrystaat het sy hoop gevestig op 'n spoorlyn van die Kaapkolonie deur die Vrystaat na Transvaal en 'n Kimberley-lyn sou so 'n spoorlyn bedreig. Daar was drukke korrespondensie tussen presidente Brand en Kruger oor die aangeleentheid en Borckenhagen het ook 'n rol gespeel. Afgesien van artikels in *De Express* waarin hy op die gevaar van die lyn gewys het en by die regering aangedring het om daarteen te veg, was hy gedurig met die vernaamste leiers van Transvaal in gesprek om die bou van die lyn te voorkom.¹¹ In April 1887 het pres. Kruger beloof om geen spoorlyn suidwaarts toe te laat behalwe deur die Vrystaat nie.¹² Die Kaapkolonie was nou verplig om sy houding jeens die Vrystaat te verander wat die toekenning

9. Van der Poel, J., *Railway and Customs Policies in South Africa, 1885 - 1910*, p. 33.

10. *Ibid*, p. 25.

11. *De Express*, 15 Maart 1887.

12. Malan, S. F., *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 140.

van 'n deel van die invoerreg betref. Pres. Brand het dit duidelik uitgespel dat daar geen spoorlyn sou wees tensy die Vrystaat sy regmatige deel van die invoerreg kry nie.¹³ Aan die anderkant was pres. Kruger gretig om 'n lyn na Delagoabaai te kry omdat dit hom onafhanklik van koloniale hawens sou maak. In 1884 het hy met die Portugese regering begin onderhandel oor die spoorlyn.¹⁴ Baie probleme het opgeduik en die vordering was stadig. Die President was vasberade om geen ander lyn in Transvaal toe te laat voordat die Delagoabaailyn voltooi is nie. Dit het vir heelwat wrywing met die Vrystaat gesorg, want Brand was net so gretig om die Kaapse lyn deur die Vrystaat te kry.

G. D. Scholtz meen dat Borckenhagen die enigste buitelandse kampvegter vir Paul Kruger se ekonomiese beleid was.¹⁵

Die meerderheid Vrystaters was ten gunste van nouer vereniging met die ZAR, maar was verdeeld wat die vorm van so 'n vereniging betref. Sommiges was bekommerd omdat Transvaal nog tot 'n mate onder Britse gesag was en was bang dat 'n militêre verbintenis met die susterrepubliek tot verlies van die Vrystaat se onafhanklikheid kon lei. Ander was bevrees dat Transvaal met sy onuitputlike bronne die Vrystaat sou verswelg.

Borckenhagen het sy siening van nouer vereniging helder en duidelik uiteen gesit. Hy het verduidelik dat hy nie ten gunste van oorhaastige en volkome samesmelting was nie. Daar was te veel verskille tussen die twee state. Transvaal was ryk aan hulpbronne, maar die Vrystaat is baie beter geadmistreer. Die presidente se persoonlikhede en strewes het aansienlik verskil, die keuse van 'n hoofstad was 'n kwessie en die administrasie van 'n groot, gesamentlike republiek sou onbeheerbaar wees. Die republieke moes 'n basis vind waarvolgens elkeen selfstandig kon optree in eie sake, maar gesamentlik kon besluit oor sake van gemeenskaplike belang. Stap vir stap kon daar dan oor jare heen gewerk word in die rigting van 'n unie.¹⁶

Borckenhagen het selde bloot in terme van teorieë gepraat, maar sy voorstelle tot in die fynste besonderhede uitgewerk.

13. *Ibid.*

14. Van der Poel, p. 7.

15. Scholtz, G. D., *Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV 1881-1899*, p. 366.

16. *De Express*, 9 Sept. 1886.

Hy het voorgestel dat die vereniging van die twee republieke op die lees van die Verenigde State van Amerika geskoei word. Daar kon 'n konfederasie wees waarin elke staat sy eie president en raad sou hê, maar daar moes ook 'n oorkoepelende raad en president uit die twee state saam wees en sekere algemene wette asook afsonderlike wette vir elke staat. Verder moes daar 'n traktaat van handel en vriendskap wees, vryhandel tussen die twee republieke, 'n stelsel van gelyke munt, mate en gewigte en gelyke regte vir burgers wedersyds soos dieselfde belasting vir Vrystaatse burgers met grond in Transvaal as wat aan Transvalers opgelê is.¹⁷ Hoewel dit lank geduur het, het die meeste van hierdie voorstelle later neerslag gevind in ooreenkomste en wetgewing.

Borckenhagen het gemeen dat daar eers nouer samewerking tussen die republieke moes wees, onder andere in die vorm van 'n defensiewe verbond, voordat daar besluite oor spoorweë en tolooreenkomste geneem word. Die twee republieke kon dan 'n sterk front teen die ander deelnemers vorm en hulle invloed laat geld sodat die kolonies hulle as gelykes sou behandel.¹⁸ Transvaal wou nie tot 'n tolunie toetree nie, maar Borckenhagen het bly glo dat die twee republieke saam in 'n tolunie moes wees, want dan sou hulle die voorwaardes kon dikteer.¹⁹

Hy het gedurig gepleit dat die Vrystaat samesprekings met Transvaal moes voer om vas te stel wat die susterrepubliek se houding op ekonomiese gebied was.²⁰ Die volk het ook in talle memories aan die Volksraad nouer vereniging met Transvaal geëis.²¹ Op 10 Mei 1887, toe die Volksraad reeds in sitting was, het Borckenhagen weer eens vir 'n konferensie gepleit en voorgestel dat die Volksraad 'n telegram aan pres. Kruger stuur om samesprekings te bespoedig. Op 13 Mei het die Volksraad besluit om per telegram vas te stel of die Transvaalse regering bereid was om 'n Vrystaatse Volksraadskommissie te ontvang. Op 16 Mei het Paul Kruger toegestem. Die kommissie se besoek aan Transvaal sowel as 'n konferensie wat in Oktober 1887 in Bloemfontein plaasgevind het, was 'n mislukking omdat nie een van die præsidente wou toegee nie. Pres. Kruger het

17. *Ibid*, 30 Des. 1886, 8 Maart 1887 en 30 Okt. 1888.

18. *Ibid*, 4 Okt. en 13 Des. 1887, 13 April 1888.

19. *Ibid*, 4 Junie 1889 en 11 Febr. 1890.

20. *Ibid*, 2 Sept. 1886; 8 Maart en 12 Apr. 1887.

21. Moll, p. 115.

aangedring op 'n offensiewe en defensiewe verbond en wou nie 'n spoorlyn deur die Vrystaat toelaat voordat die Delagoabaailyn voltooi is nie. In ruil vir Vrystaatse samewerking in dié verband was hy bereid om vir tien jaar lank jaarliks 'n bedrag van R40 000 aan die Vrystaat te betaal. Dit sou as kompensasie dien vir die verlies aan inkomste uit ekonomiese samewerking met die Kaapkolonie. Die Vrystaters wou 'n spoorlyn van die Kaapkolonie deur die Vrystaat hê en het Kruger probeer oorhaal om tot 'n tolunie toe te tree. Hulle was teen 'n defensiewe en offensiewe verbond gekant. Die onderhandelaars het halsstarrig by hulle standpunte gebly en geen ooreenkoms is bereik nie, behalwe dat Transvaal nie 'n verlenging van die Kimberleylyn na Transvaal sou toelaat nie en dat daar weer oor vryhandel en nouer vereniging in die vorm van 'n federale verbond onderhandel sou word. Pres. Brand het aangedui dat hy net vir 'n federale unie waarin elke republiek sy soewereiniteit behou, te vinde was. Voordat oor republikeinse vereniging beraadslaag word, moes daar eers 'n tolunie gestig en 'n spoorlyn gebou word en republikeinse eenheid moes slegs die eerste stap in die rigting van 'n konfederasie van Suid-Afrikaanse geweste wees.²² Die Vrystaters het wel in Oktober onderneem om, totdat 'n federale unie tot stand kom, die Transvalers te help in geval van 'n aanval of bedreiging indien dit 'n regverdige saak blyk te wees. Dit het op 'n voorwaardelike defensiewe verbond neergekom en was 'n belangrike toeweging.²³

Raadslid Klÿnveld en Borckenhagen, wat ook lede van die afvaardiging na Pretoria was, het tydens die samesprekings begrip vir pres. Kruger se standpunt gehad, maar was in die minderheid. Hulle houding is skerp deur ondersteuners van pres. Brand veroordeel. Hierdie ondersteuners was meestal in die groter sentra soos Bloemfontein en Kroonstad. Die reaksie van die Vrystaatse burgers op die konferensies het getoon dat daar groot steun vir nouer vereniging was en die meerderheid het Klÿnveld en Borckenhagen se optrede verdedig en aangeprys.²⁴ Hoewel die konferensies misluk het, het Borckenhagen gemeen dat daar minstens 'n begin gemaak is met samewerking bloot deur met mekaar te konfereer.²⁵ In 1888

22. Malan, pp. 142 - 146; Moll, p. 115; Krüger, D. W., *Paul Kruger, II*, pp. 118 - 120.

23. Moll, p. 115.

24. Malan, pp. 142 - 145; *De Express*, 14 Junie, 19 Julie en 8 Nov. 1887.

25. *De Express*, 19 Febr. 1889.

is weer eens talle memories aan die Volksraad gerig vir nouer vereniging. Die gevolg was dat die Volksraad aan die Uitvoerende Raad opdrag gegee het om die ZAR te nader oor 'n federale unie.²⁶ As gevolg van pres. Brand se oorlye is die kwessie verdraag. Die Vrystaatse Volksraad het egter op 24 Oktober 1888 'n voorstel dat 'n federale unie tot stand kom, aanvaar.²⁷

Intussen het die Vrystaat en die Kaapkolonie op 'n konferensie wat aan die einde van Januarie 1888 te Kaapstad gehou is, tol- en spoorooreenkomste aangegaan wat nog deur die Volksraad goedgekeur moes word. Pres. Kruger se houding oor 'n Kaapse spoorlyn deur die Vrystaat het noodgedwonge verander. Die Delagoabaailyn het nie na wense gevorder nie en die inwoners van die goudveld het die regering verwyrt dat die gebrek aan 'n spoorlyn die swak ekonomiese posisie veroorsaak het. Kruger het besef dat daar spoedig spoorverbinding moes wees om die druk op die regering te verlig, maar daar was nie geld om die Delagoabaailyn te voltooi nie. Rhodes het hier 'n gaping gesien. Hy het onderneem om geld aan die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM) te leen mits Transvaal 'n Kaapse spoorlyn na Johannesburg sou toelaat. Kruger was verplig om in te stem.²⁸ Hy het aan die Vrystaat te kenne gegee dat hy nie meer teen 'n lyn van Kaapstad na Bloemfontein gekant was nie en dit het die Vrystaatse Volksraad en burgers se weerstand teen die lyn geleidelik laat verbrokkel. Die meerderheid burgers, uitgesonderd dié in die noordoostelike streek, het ook die voordele van 'n tolunie begin insien.

Na pres. Brand se dood het Borckenhagen die tussentydse regering aangeraai om die voordelige middeleg tussen die staat se handelsbelange na die suide en ooste en die politieke belange wat die Vrystaat aan Transvaal verbind het, te vind.²⁹

5.6 Pres. Reitz steun nouer vereniging

In die presidensiële verkiesingstryd het Carl Borckenhagen hom hart en siel agter F. W. Reitz geskaar en hom ten sterkste by die volk aanbeveel as ware Vrystater en

26. OVSVR, 28 Mei 1888, p. 275.

27. *Ibid*, 24 Okt. 1888.

28. Van der Poel, pp. 58 - 60.

29. *De Express*, 20 Nov. 1888.

Afrikaner wat hom vir republikenisme en nouer vereniging met Transvaal sou beywer.³⁰ Reitz het in die aanloop tot sy verkiesing dan ook verklaar dat hy aansluiting by Transvaal sou soek omdat "wý uit dezelfden bloed zýn ontsproten, en dezelfde taal en godsdienst, dezelfde voorliefde voor de vrýheid hebben ..".³¹ Die meerderheid burgers het met Borckenhagen saamgestem en Reitz tot president verkies.

Daar is kort na Reitz se inswering in Januarie 1889 gevolg gegee aan die Volksraadsbesluit van 1888 om verder met Transvaal te onderhandel. Nadat die Volksraad 'n Kaapse spoorlyn en tolunie goedgekeur het, het Reitz pres. Kruger van die besluite in kennis gestel. Kruger het sy verontrusting oor Vrystaatse samewerking met die Kaapkolonie uitgespreek en Reitz kon hom gerusstel dat geen stappe geneem sou word voordat hy Kruger geraadpleeg het nie en dat Transvaalse belange in ag geneem sou word. Hierop het Kruger gevra vir 'n byeenkoms waarop spoorweë, nouer vereniging en ander sake bespreek kon word. Die samesprekings het vanaf 4 Maart 1889 te Potchefstroom plaasgevind. Borckenhagen was, tot *The Friend* se groot misnoë,³² een van die afgevaardigdes omdat Reitz soveel vertroue in hom gestel het.³³

By die konferensie is 'n kompromis met betrekking tot spoorweë getref. Paul Kruger het belowe dat geen ander spoor sonder oorlegpleging met die Vrystaat na die goudveld gebou sou word nie behalwe oor Vrystaatse gebied. Die Vrystaters het onderneem om nie die Harrismith- en Bloemfontein-lyne sonder oorlegpleging met die ZAR te verleng nie.³⁴ Pres. Kruger wou hê daar moes wedersydse toestemming wees, maar J. G. Fraser het daarop aangedring dat daar net wedersydse raadpleging moes wees. Dit het later tot onenigheid gelei. Transvaal het Natal toegelaat om 'n direkte lyn na die Transvaalse grens te bou nadat hy wel die Vrystaat geraadpleeg het, maar nie Vrystaatse toestemming as noodsaaklik geag het nie.³⁵ 'n Verdrag van handel en vriendskap en 'n voorwaardelike defensiewe verbond is

30. *Ibid*, 31 Julie 1888.

31. *Ibid*, 26 Nov. 1889 - brief van Reitz aan M. W. Pretorius e.a.

32. *The Friend*, 27 Febr. 1889.

33. Malan, p. 166.

34. *Ibid*.

35. *De Express*, 2 Mei 1892.

gesluit. Die kwessie van federasie is tot later uitgestel.³⁶

Paul Kruger het 'n diplomatieke oorwinning behaal, want hy het 'n politieke verbond gekry en 'n houvas op Vrystaatse spoorplanne. Reitz, aan die anderkant, het aan die verwagtings van die meerderheid Vrystaters voldoen deur nouer samewerking met Transvaal en deur 'n teenvoeter vir die toenemende samewerking met die kolonies daar te stel.³⁷ Borckenhagen het die Potchefstroomse konvensie verwelkom en dikwels daarna verdedig. Vir hom was dit 'n hoogtepunt na jare van pleidooie vir nouer vereniging. 'n Defensiewe verbond was syns insiens natuurlik, want die twee republieke moes saam hulle onafhanklikheid bewaar. Hy het jarelank daarvoor gepleit. Die gees van vertroue wat by die konferensie geheers het, was vir hom bemoedigend, maar hy het gewaarsku dat vereniging opofferings sou verg.³⁸ Die saak van republikaanse het oorwin, maar daar was nie sprake van aggressie nie. Deur saam te staan sou die republieke hulle teen inmenging van buite vrywaar en nie ruimte laat vir imperialisme nie. Dit was 'n kwessie van selfverdediging. Die tol- en spoorooreenkomste met die Kaapkolonie wat net na die Potchefstroomse byeenkoms aangegaan is, het getoon dat die Vrystaat ook met die kolonies wou saamwerk.³⁹ Borckenhagen het sy lesers gerusgestel oor die feit dat die Vrystaat ooreenkomste aangegaan het wat aan die eenkant ekonomiese samewerking met die Kaapkolonie bewerkstellig het en aan die anderkant 'n politieke verbond met militêre verpligtings jeens Transvaal tot stand gebring het. Hy het daarop gewys dat die Vrystaat graag saam met al die state, ook Transvaal en Natal, in 'n kolonie wou wees, maar dat laasgenoemde twee geweier het om deel te neem. Pres. Reitz was volgens hom deurdrenk van 'n seldsame pligsbesef en hy sou daarvolgens handel sodat almal uiteindelik ten volle sou saamwerk.⁴⁰ Pres. Reitz het dan ook met slim diplomatiek verseker dat Transvaal nie van die Vrystaat vervreem sou raak as gevolg van die tol- en spoorooreenkomste met die Kaapkolonie nie. Hy het Paul Kruger oorreed om die NZASM se hoofingenieur, W. Vervey, toe te laat om hom by te staan in die sluiting van die spoorkonvensie met die Kaapkolonie. So sou hy verseker dat

36. Malan, p. 166.

37. *Ibid.*

38. *The Express*, 26 Maart 1889.

39. *Ibid.*, 28 Mei 1889.

40. *Ibid.*, 19 Maart 1889.

Transvaalse belange nie geskaad word nie.⁴¹ Vir 'n tydlank was daar nou 'n groter mate van samewerking tussen die Vrystaat en die res van Suid-Afrika as ooit tevore.

Tydens die 1889-Volksraadsitting is die verskillende onderafdelings van die Potchefstroom-konvensie goedgekeur. Die Politieke Verbond het heelwat teenstand ondervind en is slegs met 29 - 21 stemme goedgekeur.⁴² Die wyse van vereniging van die republieke is ook bespreek. Pres. Kruger het by Potchefstroom sekere voorwaardes vir vereniging gestel: daar moes 'n federasie tot stand kom ter voorbereiding van algehele eenwording; die Vrystaatse stemregkwalifikasie moes verhoog word om dit meer in pas met dié van Transvaal te bring en die nuwe grondwet moes voorsiening maak vir 'n vetoreg vir die volk.⁴³ Vir die Volksraad het die voorwaardes te ver gegaan, maar daar is nogtans 'n kommissie aangestel om aanbevelings te maak.⁴⁴ Die kommissie het 'n federasie volgens die Amerikaanse model aanbeveel en 'n konsepwet vir die daarstelling van 'n "Vereenigde Staten van Zuid-Afrika" wat 'n groot onverdeelde republiek sou wees. Elke republiek moes 6 Volksraadslede op 'n federale raad benoem en sittings van die raad sou jaarliks om die beurt in die twee republieke plaasvind. Die raad sou geen wetgewende mag hê nie en slegs raadgevend optree.⁴⁵ Die staatspresident van die republiek waar die sitting gehou word, kon aan die beraadslagings deelneem. Sake van gemeenskaplike belang sou bespreek word. Die voorstel is met 35 - 1 goedgekeur⁴⁶ en die Vrystaatse afgevaardigdes is voorlopig benoem.⁴⁷ Borckenhagen het, soos vroeër aangetoon, reeds op 8 Maart 1887 'n konfederasie volgens die Amerikaanse model en 'n oorkoepelende raad voorgestel. Die besluit van die Volksraad het by hom en by Vrystaters oor die algemeen 'n groot mate van optimisme gewek. Hy het geskryf dat hy met die Volksraad saamgestem het dat daar 'n proses van oorgang moes wees. Daar sou opofferings aan beide kante gemaak moes word, maar dit sou die moeite werd wees.⁴⁸

41. Malan, p. 168. Hy haal telegramme van Reitz aan Kruger op 9, 11 en 14 Mei 1889 aan.

42. OVSVR, 25 Mei 1889, pp. 192 - 193.

43. Malan, p. 169.

44. OVSVR, 25 Mei 1889, p. 201 en 6 Junie 1889, p. 319.

45. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, deel 1*, p. 106.

46. OVSVR, 6 Junie 1889, p. 327.

47. *Ibid*, 22 Junie 1889, p. 467.

48. *De Express*, 4 Junie 1889.

5.7 Die ZAR onverskillig oor nouer vereniging

Pres. Reitz het sy opdrag om met die regering van die ZAR oor die voorstelle te korrespondeer, uitgevoer, maar teen die einde van die Volksraadsitting het hy nog niks van pres. Kruger gehoor nie. Verskeie briewe en telegramme tussen hom en Kruger het gevolg.⁴⁹ Laasgenoemde het 'n demper op die entoesiasme geplaas deur te eis dat beide presidente sitting en stemreg op die Raad van Afvaardiging moes hê en dat 'n federale unie net 'n oorgangsmatreël moes wees met die oog op algehele samesmelting. Omdat die Volksraad nie meer in sitting was nie, moes die kwessie oorstaan tot die volgende sitting.⁵⁰

By die 1890-sitting het die Vrystaatse Volksraad by sy siening gebly dat die presidente nie stemreg op die Raad van Afgevaardigdes moes hê nie en was selfs daarteen gekant dat hulle aan die besprekings deelneem.⁵¹ Hiermee is 'n posisie van skaakmat tussen die republieke bereik. Dit was vir pres. Reitz 'n groot teleurstelling en hy het die kwessie van nouer vereniging nie weer tydens sy bewind te berde gebring nie.⁵² Op ekonomiese gebied het daar ook by tye wrywing tussen die twee republieke ontstaan. Hoewel Borckenhagen verskeie kere kritiek oor Transvaalse optrede uitgespreek het en dikwels baie teleurgesteld was, het hy tog bly aandring op 'n beter verstandhouding en nouer samewerking.

Een van sy grootste teleurstellings was dat Transvaal nie saam met die Vrystaat wou toetree tot die tolunie en so die aansprake van die republieke versterk nie.⁵³ Nog groter was die teleurstelling toe die ZAR besluit het om Natal toe te laat om sy lyn van Charlestown na Transvaal te verleng. Dit het beteken dat Natal nooit die Natal-Harrismithlyn deur die Vrystaat sou verleng nie. Hy het Transvaal verwytdat hy die Potchefstroom-konvensie verbreek het, dat Paul Kruger nie die verbond met die Vrystaat hoog geag het nie en dat sulke optrede die Vrystaat in die arms van die Kaapkolonie sou dryf. Hy het nie gedink dat Paul Kruger sy beste vriende

49. Malan, Voetnoot 112, p. 352; Moll, Voetnoot 74, p. 126.

50. Malan, p. 170; Van der Merwe, p. 106.

51. OVSVR, 13 Junie 1890, pp. 485 - 488.

52. Malan, p. 174; Moll, p. 126.

53. *De Express*, 11 Febr. 1890, 17 Mei 1892 en 19 April 1895.

so sou verkoop nie. Om die Potchefstroom-konvensie te verbreek, het "the total destruction of an instrument upon which the most vital Republican interests and the solidarity of both Republics may be said to rest" beteken. Dit sou tot 'n breuk tussen die twee regerings lei.⁵⁴ Borckenhagen het nie slegs in sy hoofartikels 'n beroep op Transvaal gedoen om die Potchefstroom-verbond na te kom nie, maar ook verskeie besoeke aan pres. Kruger gebring om hom te probeer oorreed om nie die Charlestown-lyn toe te laat nie.⁵⁵ Dit het nie vrugte afgewerp nie, maar toon hoe intens hy hom vir nouer samewerking beywer het.

'n Verdere grief wat Vrystaters teen Transvaal gekoester het, was die registrasiegeld wat heef is op elke wavrag produkte wat Transvaal van die Vrystaat af binnegegaan het. 'n Sertifikaat moes teen vyf sjielings vir elke 5 000 lb. of minder verkry word. Die Vrystaters was verontwaardig omdat hulle dit as 'n vorm van invoerbelasting beskou het terwyl die twee republieke op vryhandel ooreengekom het. Borckenhagen het die Transvalers aangeraai om hierdie dwase optrede te laat vaar. Min geld is geïen, maar dit het 'n groot mate van gegriefdheid tot gevolg gehad.⁵⁶ Verder het Transvaal die oorlogbelasting wat hy op grond heef het, ook van toepassing gemaak op Vrystaters wat Transvaalse plase gehad het. Volgens Borckenhagen was dit nogeens 'n verbreking van die Potchefstroom-konvensie en het hy die Vrystaatse regering gevra om aan te dring op beslegting van die geskil.⁵⁷ Hy het self hierby belang gehad, want hy het 'n plaas in Transvaal besit.

Hoewel die beweging vir nouer vereniging in 'n doodloopstraat beland en daar irritasies opgeduik het, het Vrystaters voortgegaan om 'n florerende handel met Transvaal te dryf. Die meeste burgers was steeds ten gunste van nouer vereniging en Borckenhagen het dit aangemoedig. Hy het geredeneer dat die Uitlanderkwessie in Transvaal wat vir alle Afrikaners 'n rede tot kommer was, opgelos kon word deur die vereniging van die twee republieke. Dit sou enige twyfel oor die Afrikaners se getalle-oorwig uit die weg ruim en daar kon dan met gerustheid aan die Uitlanders se aandrang op stemreg toegegee word. Die Vrystaat met sy liberale stemregstelsel sou aan die Transvalers 'n voorbeeld

54. *Ibid*, 19 April, 2 en 10 Mei 1892.

55. *Ibid*, 15 Nov. 1895.

56. *Ibid*, 23 Sept. 1892.

57. *Ibid*, 16 Okt. 1894.

stel. Deur saam te staan, kon weerstand teen imperialisme en kolonialisme, wat 'n toenemende bedreiging geword het, gebied word.⁵⁸ Vrystaters het meer en meer hulle meelewing met Transvaal betuig in voorvalle soos die Uitlanderdemonstrasies teen pres. Kruger tydens sir Henry Loch, die Britse Hoë Kommissaris, se besoek aan Pretoria in 1894,⁵⁹ die Britte se verdragingsstaktiek⁶⁰ met die inlywing van Swaziland by Transvaal⁶¹ en die Britse anneksasie van Tongaland aan die Ooskus wat Transvaal alle hoop op 'n eie hawe ontnem het.⁶²

In April 1895 het die Vrystaatse Volksraad besluit om 'n afvaardiging na die Transvaalse Volksraad te stuur om oor sake van onderlinge belang, soos 'n tolunie, te beraadslaag en te probeer om geskilpunte uit die weg te ruim.⁶³ Dit was pas na die anneksasie van Tongaland en Transvaal was minder as ooit geneë om by die tolunie aan te sluit. Die afvaardiging het tydens die besoek groter begrip vir Transvaal se weiering gekry. Heelwat kleiner geskille is uitgestryk.⁶⁴ Na die besoek het die Transvaalse Volksraad hom ten gunste van 'n staande kommissie om voortdurende kontak met die Vrystaat te behou, uitgespreek.⁶⁵ In antwoord daarop het die Vrystaatse Volksraad op 28 Junie 1895 'n kommissie gekies om saam met die hoofregter die staatspresident by te staan in onderhandelinge oor nouer vereniging met 'n soortgelyke kommissie van die Transvaalse Volksraad.⁶⁶ Tydens die Vrystaatse kommissie se besoek aan Transvaal is daar aan die Vrystaat 'n laer spoortarief beloof. Die Transvalers het egter weggeskram van hierdie belofte en Borckenhagen het gewaarsku dat dit ernstige onmin sou veroorsaak. Die Vrystaters sou nie weer bereid wees om met die Transvaalse kommissie samesprekings te voer nie. Net hierna het die Transvaalse regering per telegram laat weet dat die Vrystaters se spoortarief vanaf 1 Oktober 1885 met dié van die Transvalers gelyk gestel sou word. Dit het 'n

58. *Ibid*, 19 en 26 April en 9 Julie 1895.

59. Kruger, pp. 134 - 135.

60. *Ibid*, pp. 132 - 135.

61. *De Express*, 29 Junie 1894 - verslag van 'n mosie van meegevoel met Transvaal oor die Swazilandse kwessie en die Uitlanderdemonstrasies in die Volksraad op 28 Junie 1894.

62. *Ibid*, 10 Mei en 7 Junie 1895; Kruger, p. 135.

63. *De Express*, 19 April 1895; OVSVR, 18 April 1895, p. 185.

64. *De Express*, 21 Mei en 11 Junie 1895.

65. *Ibid*, 28 Junie 1895; Van der Merwe, p. 127.

66. *De Express*, 2 Julie 1895; OVSVR, 28 Junie 1895, p. 868-869; Van der Merwe, p. 107.

vermindering van 50% in spoorvrag beteken en Borckenhagen het dit hartlik verwelkom.⁶⁷ Skaars was hierdie irritasie verwyder of die Transvaalse regering het aangekondig dat daar 'n heffing van ses sjielings per gelling op alle drank wat in die Vrystaat vervaardig is, gehef sou word. Borckenhagen het die Vrystaters se verontwaardiging verwoord toe hy geskryf het dat dit 'n versteuring van die vriendskap sou veroorsaak. Dit was nogmaals 'n verbreking van die Potchefstroom-konvensie en 'n verdere guns aan die monopoliste waaraan Borckenhagen so 'n hekel gehad het. Vir hom, soos vir sy landgenote, het dit nie om die belasting op drank gegaan nie, maar om die beginsel van samewerking. Transvaal was volgens hom bereid om die Vrystaat te benadeel ter wille van monopoliste. Die Vrystaat het 'n internasionale reg gehad om daarop aan te dring dat sy belange bevorder word.⁶⁸

Intussen het Transvaal in Julie 1895 sy Delagobaai-spoorlyn amptelik in gebruik geneem. Vier-en-veertig Vrystaters, meestal Volksraadslede, het die geleentheid bygewoon. Die Volksraadslede is saam met hulle Transvaalse kollegas per spoor na Lourenco Marques om aan 'n amptelike geleentheid deel te neem,⁶⁹ Een van *De Express* se Hollandse redakteurs, J. S. M. Rabie, was onder die reisgenote en het die offisiële Transvaalse koerant, *De Pers*, bygestaan in die beriggewing oor die gebeure.⁷⁰

Die spanning tussen die Kaapkolonie en Transvaal het gedurende 1895 toegeneem totdat die tariewestryd in Oktober met die sluiting van die driewe in die Vaalrivier op die spits gedryf is. Borckenhagen was teen hierdie tyd oortuig dat die Vrystaat die hoofspoorlyn wat deur sy gebied geloop het, van die Kaapkolonie moes oorneem sodat dit nie misbruik kon word om aan Transvaal skade te berokken nie. Heelwat korrespondente het hulle instemming hiermee te kenne gegee en daarop aangedring dat die Vrystaat Transvaal in die tariewestryd moes bystaan. Borckenhagen het die sluiting van die driewe egter as 'n te radikale stap beskou en wou liewer vriendskaplike beraadslaging hê. Die sluiting sou net tot slegte gevoelens lei. Daar was genoeg vrag sodat almal 'n deel daarvan kon kry. Die sluiting was nog 'n verbreking van die Potchefstroom-konvensie omdat die Vrystaat nie

67. *De Express*, 13 en 16 Aug. 1895.

68. *Ibid*, 20 Aug. 1895.

69. *Ibid*, 5 Julie 1895; Kruger, p. 142.

70. *De Express*, 16 Julie 1895.

geraadpleeg is nie.⁷¹ Later het Borckenhagen geskryf dat die Vrystaat se posisie moeilik en delikaat was. Die Vrystaters het die sluiting as 'n ondiplomatieuse en onpraktiese stap beskou: "... it did not really hurt - it only exasperated a gentleman who was waiting to be exasperated. Mr Rhodes!" Die Vrystaat het toe dringende, vriendelike, vertroulike hoewel ongevraagde, raad op onoffisiële wyse aan Transvaal gegee. "How these were carried out and by whom, matters nothing", het hy verklaar en dit wek die vermoede dat hyself daardie raad oorgedra het.⁷² Borckenhagen het sy houding verander toe die Kaapse ministers imperiale inmenging in die kwessie versoek het. Die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain, het 'n skerp bewoorde nota aan Kruger gestuur en was bereid, soos later geblyk het, om militêr op te tree indien die Kaapkolonie die helfte van die koste sou dra en met vrywilligers, polisie en beskikbaarstelling van sy spoorlyn vir militêre doeleindes, te help. Rhodes het hier, soos Borckenhagen tereg beweer het, 'n gulde geleentheid gesien om van die Transvaalse regering ontslae te raak en Transvaal by 'n Britse federasie in te sluit. Tot sy teleurstelling het Paul Kruger die driewe oop verklaar.⁷³

Borckenhagen was besonder verbitterd teenoor die Kaapkolonie wat die imperiale faktor weer wou laat geld. Sy vroeëre versoenende houding het plek gemaak vir 'n mate van radikalisme. Na aanleiding van Britse inmenging het die Kaapse pers openlik verkondig dat dit die Britse kabinet se beleid was om 'n Suid-Afrikaanse konfederasie onder die Brits vlag tot stand te bring. Borckenhagen het geantwoord dat die Vrystaat hoegenaamd geen konfederasie met die kolonies begeer het nie, maar nouer vereniging met Transvaal om republikanisme te versterk. Beledigende en voorbarige inmenging van die Britse en Kaapse pers is net so bitterlik in Bloemfontein as in Pretoria afgekeur. As dit sou aanhou, sou vergeldingstappe volg. "The moment the Colony uses Imperial force, it causes the Transvaal and Free State to devise means to retaliate in some other way," het hy geskryf. Hy het voorgestel dat die Vrystaat die spoor oorneem, met Transvaal ooreenkom oor sy aandeel in die spoorverkeer en die Kaapkolonie dan na die Oranjerivier terugdruk. Die Kaapkolonie wou die Vrystaat gebruik om Transvaal te beveg, maar hoe meer die Kapenaars teen

71. *Ibid*, 30 Aug., 13, 17 en 20 Sept. 1895.

72. *Ibid*, 9 April en 7 Mei 1897.

73. Kruger, pp. 150 - 151.

Transvaal veg, hoe meer anti-koloniaal moes die Vrystaat word. Die driewekwessie het getoon hoe groot die haat teen die republieke was en dit het die Vrystaat net soveel as Transvaal geraak.⁷⁴

5.8 Pres. Steyn streef na republikeinse samewerking

Twee gebeure met verreikende gevolge het nou plaasgevind. Reitz het sy bedanking as president in November 1895 ingedien en Jameson het Transvaal heel aan die einde van die jaar binnegeval.

Marthinus Theunis Steyn en John George Fraser was die twee kandidate in die presidentsverkieping. Fraser was gekant teen vereniging met die ZAR en Steyn was hartlik ten gunste daarvan. Borckenhagen het die twee kandidate se houding jeens vereniging soos volg opgesom:

"Mr Steyn's programme: Free State born and bred, an enthusiastic Republican, Mr Steyn, whilst anxious to strive by friendship and co-operation with all neighbours, for general union, deems the first step towards the union the closing up of the Republican ranks. He thus declares for closer union with the Sister Republic, as 'with the same people, the same history, the same language, and a Government similar to our own,' adding that the cause is too good, indeed a sacred one, and should not be exposed to danger or failure by uncautiousness."⁷⁵

"Mr Fraser's Candidature: .. whosoever treasures Republicanism and wishes to see it keep its place and influence in South Africa is bound to strive at the strengthening of the factor, and that can only be achieved by the closer co-operation of the two Republics. We always considered Mr Fraser lukewarm and unsympathetic in this regard."⁷⁶

Borckenhagen het Steyn hartlik by die volk aanbeveel. Uit toesprake en die besluite op vergaderings geneem en korrespondensie in *De Express* was dit duidelik dat Steyn

74. *De Express*, 18 Okt. en 5 Nov. 1895.

75. *Ibid*, 24 Des. 1895.

76. *Ibid*, 27 Des. 1895.

veral weens sy houding jeens Transvaal die volk se keuse was. Die Jameson-inval en die twee kandidate se reaksie daarop het aan Steyn 'n nog groter voorsprong besorg. Borckenhagen het geskryf dat Fraser se houding "an outrage on South African sentiment" was⁷⁷ en talle van sy korrespondente het sy siening beaam. Steyn se verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid op 19 Februarie 1896 was 'n mandaat van die volk om erns met nouer vereniging te maak.

Die Jameson-inval in Transvaal en die beoogde Uitlanderopstand het Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika tot 'n hoogtepunt gevoer. Vrystaters het spontaan hulle meelewing met hulle broers in Transvaal betuig. Duisende was gereed om te gaan help indien nodig en 600 het hulle vrywillig by die kommando's aangemeld.⁷⁸ Borckenhagen het geskryf dat die misdadige inval "has confirmed all who were for closer union in their views, and has converted thousands who were either lukewarm or in opposition. It certainly had that effect, not only in the Republics, but on all thoughtful Africans in the Colony."⁷⁹

Borckenhagen, wat die Transvalers heelhartig gesteun het, was in sy skik dat die Vrystaatse regering, wat sonder 'n permanente staatshoof was, die Vrystaat se verpligting onder die Potchefstroomse Verbond teenoor Transvaal besef en vinnig opgetree het. Die Uitvoerende Raad het aan landdroste en veldkornette opdrag gegee om manskappe gereed te hou, die hoë kommissaris ingelig oor die Vrystaat se bekommernis oor gebeure en A. Fischer en H. Klÿnveld na Pretoria gestuur om solidariteit met Transvaal te betoon en uit te vind hoe die Vrystaat kon help. Te Heilbron, wat naaste aan die grens was, is 500 man opgekommandeer. *De Express* se spesiale verslaggewer het die kommando's besoek en bevind dat daar 'n baie goeie gees geheers het en dat die manne gretig was om Transvaal te help.⁸⁰ Nog 1 600 man is byeengebring. Die artilleriekorps het met 4 kanonne na die grens vertrek. Borckenhagen het die hoop uitgespreek dat die Uitvoerende Raad die Volksraad dadelik byeen sou roep.⁸¹

Pres. Kruger het Fischer en Klÿnveld se teenwoordigheid in Pretoria baie hoog op prys gestel sowel as die Vrystaters se

77. *Ibid*, 11 Febr. 1896.

78. Malan, p. 217.

79. *De Express*, 20 Maart 1896.

80. *Ibid*, 17 Jan. 1896.

81. *Ibid*, 3 Jan. 1896.

bereidwilligheid om dadelik en spontaan te help. Die bande tussen die republieke is aanmerklik verstewig.⁸² Uit die inligting en dokumente wat Paul Kruger aan Fischer en Kljnveld voorsien het, het dit geblyk dat persone wat die opstandelinge wou gaan bystaan en gewere wat vir hulle bedoel is, vryelik oor die Vrystaatse spoor beweeg het. Die twee afgevaardigdes het by die Vrystaatse regering daarop aangedring om te verhoed dat dit weer gebeur.⁸³ Die regering het dadelik 'n aantal maatreëls getref om 'n herhaling te vermy. Streng kontrole is oor die geweer- en ammunisiehandel uitgeoefen en manlike treinreisigers is verplig om 'n identiteitsdokument te dra. Toesig is oor die driewe gehou.⁸⁴

Die Volksraad het op 10 Januarie 1896 vir 'n buitengewone sitting byeen gekom om na Fischer en Kljnveld se verslag te luister en besluite te neem. Fischer het volgens Borckenhagen op ontroerende en welluidende wyse verslag gelewer en die Raadslede en talle belangstellendes het met emosie en instemming na sy toespraak geluister. Punte wat beklemtoon is, is dat die aanslag nie net teen Transvaal gemik was nie, maar teen republikanisme en dat die republieke moes saamstaan en voorsorg tref teen sulke optrede in die toekoms. Daarvoor was wetgewing nodig. Die Volksraad het op aanbeveling van 'n gekose komitee drie besluite geneem: simpatie moes met Transvaal betuig en gelukwensing gestuur word; as die ZAR bedreig word, moes die Uitvoerende Raad dadelik stappe neem om hulp te verskaf en die Volksraad byeen te roep; en daar moes by die hoë kommissaris aanbeveel word dat die Chartered Company se oktrooi herroep word. Die eerste en derde voorstelle is eenparig en die tweede na warm bespreking met vier teenstemme aanvaar.⁸⁵ Borckenhagen het namens die Vrystaatse volk Fischer en Kljnveld bedank vir die waardevolle dienste wat hulle gelewer het. Hy het hulle verseker dat die volk en regering van die ZAR dit nooit sou vergeet nie.⁸⁶

Vir Borckenhagen was die feit wat die duidelikste na vore gekom het tydens die inval, die Vrystaat se gereedheid om Transvaal se onafhanklikheid ten alle koste te help beskerm

82. Malan, p. 217; *De Express*, 14 Jan. 1896.

83. *De Express*, 14 Jan. 1896.

84. Malan, pp. 217 - 218.

85. *Ibid*, pp. 221 - 225; *De Express*, 14 Jan. 1896; *OVSVR* 11 Jan. 1896, pp. 50 - 51 en 68 en 13 Jan. 1896, p. 76.

86. *De Express*, 14 Jan. 1896.

en dat hy verseker was van die morele steun van Afrikaners in die kolonies. Wat nou nodig was, was dat die republieke en kolonies moes saamstaan om die imperiale faktor te verwyder.⁸⁷

Vir *The Friend* en *De Burger*, wat spesifiek in die lewe geroep is om Vrystaters teen nouer vereniging te beïnvloed, was die gevolge van die Jameson-inval 'n groot slag. Die meeste Afrikaners en ook gematigde Engelssprekendes het nouer samewerking tussen die republieke as enigste hoop op oorlewing gesien. Die twee koerante het Vrystaters probeer oortuig dat die Vrystaat nie saam met Transvaal sou ondergaan nie en wou hê dat die Republiek neutraal moes bly indien Transvaal in 'n oorlog betrokke sou raak. Hoewel hulle Jameson se optrede veroordeel het,⁸⁸ het hulle die skuld vir die inval op die Kruger-regering gepak wat volgens hulle so onderdrukkend teenoor Britse onderdane opgetree het dat opstand en aggressie geregtig was.⁸⁹ *The Friend* het selfs gedreig dat as die Vrystaat Transvaal teen die Uitlanders sou help, Uitlanders in die Vrystaat hulle Transvaalse geesgenote sou gaan bystaan.⁹⁰

Die twee koerante moes toesien hoe hulle kandidaat in die presidentsverkiesing, J. G. Fraser, steun verloor as gevolg van sy teenstand teen nouer vereniging. 'n Vooraanstaande ondersteuner, Volksraadslid C. W. H. van der Post, het in *The Friend* aangekondig dat hy sy steun aan Fraser onttrek het as gevolg van sy houding jeens Transvaal.⁹¹ Hy was een van vele.

Steyn is op 4 Maart 1896 ingesweer as president en op dieselfde dag het hy voorgestel dat die Volksraad 'n bedrag vir die slagoffers van die dinamietontploffing op 14 Februarie te Johannesburg beskikbaar moes stel. Die voorstel is eenparig aanvaar. Hierdie gebaar het die weg gebaan tot 'n ontmoeting met president Kruger.⁹² Reeds op 19 Maart het hy pres. Kruger by Viljoensdrif ontmoet vir informele samesprekings. Borckenhagen het dit as natuurlik beskou dat Steyn voor die Volksraadsitting met Paul Kruger

87. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

88. *The Friend*, 14 Jan. 1896; *De Burger*, 4 Jan. 1896.

89. *The Friend*, 7 en 10 Jan., en 31 Maart 1896; *De Burger*, 4 en 22 Jan. en 1 Febr. 1896.

90. *The Friend*, 7 Jan. 1896.

91. *Ibid*, 21 Febr. 1896.

92. Van der Merwe, pp. 134-135.

gedagtes wou wissel. Hy het daarop gewys dat die Volksraad reeds in 1895 met die ZAR ooreengekom het dat kommissies van die twee republieke mekaar sou ontmoet, maar dat die byeenkoms weens pres. Reitz se siekte en bedanking nog nie kon plaasvind nie. "If there was need for closer union in June, 1895, there is imperative need for it to-day, after our burghers have been at the Vaal river, ready to cross, if required, and give tangible proof of the fact that, if there are two Republics in South Africa, there is but one Republican cause and one Republican future".⁹³ Hierteenoor het *The Friend* van nouer vereniging as "the dangerous and utterly needless course" gepraat⁹⁴ waardeur die Vrystaat sy onafhanklikheid vir ewig sou verloor.⁹⁵ Borckenhagen het, soos voorheen, geantwoord dat hy nie met nouer vereniging absorpsie van die Vrystaat deur Transvaal bedoel het nie, maar 'n federasie waarin elke republiek sy onafhanklikheid behou. Daar moes wedersydse burgerregte wees en wetgewing wat in vredestryd harmonie tussen die twee republieke sou bewerkstellig. Verder moes die Vrystaat aandrang op die reg om geraadpleeg te word in sake van algemene belang. Dit moes 'n geleidelike vereniging wees, versigtig gekweek op grondslae wat reeds bestaan het. As dit nie vir die imperiale faktor, wat hy as die vloek van suidelike Afrika beskryf het, was nie, kon die suide ook in so 'n federasie deel gehad het.⁹⁶ Kort daarna het hy herhaal dat die Vrystaat inspraak moes hê in Transvaalse optrede omdat hulle saam in gevaar verkeer het.⁹⁷

Tydens die presidente se ontmoeting het hulle saamgestem dat republikeinse onafhanklikheid in gevaar verkeer het, dat 'n botsing met Brittanje ten alle koste vermy moes word en dat daar weer oor vereniging beraadslaag moes word. Die twee republieke moes saam staan of val en hoewel die hoofdoel moes wees om langs vreedsame weë die belange van die twee state te beskerm, dit ook nodig was om te bewapen. 'n Hegte band is tussen die presidente gesmee.⁹⁸

Met die aanvang van pres. Steyn se eerste Volksraadsitting op 7 April 1896, het Borckenhagen geskryf dat een van die

93. *De Express*, 20 Maart 1896.

94. *The Friend*, 25 Febr. 1896.

95. *Ibid*, 21 Febr. 1896.

96. *De Express*, 27 Maart 1896.

97. *Ibid*, 24 April 1896.

98. Van der Merwe, pp. 134 - 135; Kruger, p. 214; Malan, p. 235 en Kieser, A., *President Steyn in die krisisjare 1896 - 1899*, p. 8.

belangrikste kwessies waaroor die Raad moes besin, die verhouding met die ZAR was. Republikeinse samewerking sou 'n belangrike faktor in die handhawing van vrede wees.⁹⁹ Omdat Volksraadslede dit besef het, het hulle die kwessie van nouer vereniging op hulle vergaderings bespreek. Oor die algemeen was die burgers gretig dat onderhandelings met Transvaal hervat moes word.¹⁰⁰

Pres. Steyn het die kwessie van samesprekings in die Volksraad ter sprake gebring.¹⁰¹ In die debat oor republikeinse samewerking het J. G. Fraser en sy ondersteuners oudergewoonte hulle besware daarteen gelug. Die vernaamste argumente teen vereniging was dat Transvaal se probleme met die Uitlanders tot oorlog met Brittanje kon lei waarin die Vrystaat dan ook betrokke sou raak en dat vereniging met die susterrepubliek die Vrystaat ook onder Britse susereiniteit sou bring. Fraser se groep het nie geglo dat die Vrystaat sy onafhanklikheid sou verloor indien dit met Transvaal gebeur nie. Diegene wat ten gunste van vereniging was, was verreweg in die meerderheid en C. H. Wessels het tereg daarop gewys dat die volk met die verkiesing van pres. Steyn reeds goedkeuring aan nouer vereniging geheg het.¹⁰² P. M. Botha se voorstel dat die besluit wat by die buitengewone sitting in Januarie geneem is om hulp aan Transvaal te verleen, herroep moes word, het net 8 stemme gekry terwyl 44 "met akklamatie" daarteen gestem het.¹⁰³ Die Raad het met 25-7 besluit om 'n kommissie van ses lede aan te wys om pres. Steyn by te staan in onderhandelings oor nouer vereniging met 'n soortgelyke Transvaalse kommissie.¹⁰⁴ Toe hierdie besluit op 27 Mei 1896 geneem is, was dr. W. J. Leyds, staatsekretaris en genl. P. J. Joubert, kommandant-generaal van die ZAR, besoekers in die Raadsaal.¹⁰⁵

Na aanleiding van hierdie besluit het Borckenhagen gewys op die noodsaaklikheid om te bou op die grondslag wat reeds gelê is in die sluiting van die handelstraktaat en die politieke verbond. Nòg die Vrystaters, nòg die Transvalers

99. *De Express*, 7 April 1896.

100. Malan, p. 273.

101. *Ibid*, p. 274; Van der Merwe, p. 107.

102. *De Express*, 29 Mei 1896; Malan, p. 275; *OVSVR*, 27 Mei 1896, p. 490.

103. *De Express*, 24 April 1896; *OVSVR*, 21 April 1896, p. 163.

104. *OVSVR*, 27 Mei 1896, p. 492.

105. *De Express*, 29 Mei 1896.

wou volkome ineensmelting hê soos Fraser in die Volksraad beweer het. Die Vrystaatse volk wou 'n vorm van vereniging hê, maar dit was nie moontlik om vooraf te bepaal watter vorm dit sou aanneem nie. Daaroor moes die twee partye beraadslaag. As die kommissie as vertrekpunt net kon ooreenkom oor die wyse waarop die politieke verbond uitgevoer moes word, sou hulle arbeid nie vergeefs wees nie.¹⁰⁶

Pres. Steyn het dadelik aandag aan die verhouding tussen die twee republieke gegee. Soos voorheen genoem, het die Vrystaters 'n aantal griewe teen die Transvalers gehad. Een daarvan was die oorlogbelasting wat Vrystaters met plase in Transvaal moes betaal. Na korrespondensie tussen die twee presidente, waarin pres. Steyn daarop gewys het dat die vyande van vereniging sulke griewe uitgebuit het om verwydering tussen die republieke te bring, het die Transvaalse Volksraad besluit om Vrystaters van die belasting vry te stel.¹⁰⁷

5.9 Onderhandelings kom op dreef

Op 13 Junie 1896 het pres. Steyn die Transvaalse regering in kennis gestel van die verkiesing van die kommissie met die oog op onderhandeling en versoek dat 'n ontmoeting gereël word. Die Transvalers het 'n onverklaarbare stilswye gehandhaaf tot Februarie 1897. Selfs die onoffisiële navraag van goewermentsekretaris P. J. Bignaut in Januarie 1897 het net 'n vae antwoord tot gevolg gehad.¹⁰⁸ Volgens N. J. van der Merwe het pres. Steyn gedurende Januarie 'n persoonlike boodskap aan pres. Kruger met Sammy Marks, wat Bloemfontein aangedoen het, gestuur en daarna is 'n konferensie vir Maart gereël.¹⁰⁹ Malan meen dat Chamberlain se aanval op Kruger se hantering van Uitlandergriewe in die Britse parlement op 29 Januarie 1897 en die regskrisis in Transvaal as gevolg waarvan Kruger aanslae uit die buiteland verweg het, Kruger genoop het om na Vrystaatse steun te soek.¹¹⁰ Op 6 Februarie het hy aangebied om met sy afvaardiging na Bloemfontein te kom.¹¹¹

106. *Ibid.*

107. Malan, pp. 275 - 276.

108. *Ibid.*, pp. 276 - 277.

109. Van der Merwe, p. 215.

110. Malan, pp. 277 - 278.

111. *Ibid.*, p. 277.

Die regskrisis in Transvaal het intussen ernstige afmetings aangeneem wat Borckenhagen met kommer gevul het. Joseph Chamberlain het die verloop van sake met arendsoë dopgehou om te sien of daar nie geleentheid vir Britse inmenging was nie. Die kwessie het ontstaan deurdat hoofregter Kotzé sy vorige standpunt oor die verhouding tussen die Volksraad en die Hooggeregshof gewysig het en nou aangedring het op die reg om wetgewing in die Hooggeregshof aan die grondwet te toets. As die regbank hierin sou slaag, kon dit ernstige komplikasies tot gevolg hê. Misluk die regbank, was daar die gevaar van Britse inmenging. Op 18 Februarie 1897 het die Volksraad van die ZAR vergader en besluit dat die toetsingsreg nie aan die regbank toegeken sou word nie en dat regters wat hulle nie skriftelik voor 17 Maart 1897 hieraan onderwerp het nie, ontslaan kon word.¹¹² Borckenhagen se besoeke aan Pretoria en Kaapstad in hierdie tyd was 'n uitvloeisel van sy kommer oor die krisis en sy vertroue in die invloed wat sir Henry de Villiers en J. H. Hofmeyr kon uitoefen. *De Express* het op 16 Februarie 1897 berig dat Borckenhagen Kaapstad toe is en vroeg in Maart is hy weer daarheen nadat hy op 26 Februarie 1897 in 'n hoofartikel oor die ernstige wending wat die krisis aangeneem het en die kommer van Transvaal se vriende geskryf het. Intussen was hy egter weer 'n keer Pretoria toe. *Ons Land* het na Borckenhagen se dood genoem dat hy welbekend in Pretoria was. Hy het menige privaat besoeke aan die stad gebring om die Vrystaatse leiers en volk se gevoelens oor te dra. Dit was ook die geval tydens die regskrisis.¹¹³ Ook *The Printer's Imp*, 'n rubriekskrywer van *The Friend* en waarskynlik maar die redakteur, het bespiegel dat Borckenhagen se besoek aan Pretoria met die regskrisis verband gehou het. Hy het gespot dat hy elke oomblik 'n telegram van Paul Kruger verwag het, "intimating that Carl has effectively poured oil on the troubled waters."¹¹⁴ 'n Rukkie later het die skrywer weer beweer dat die doel van die besoek was om instruksies oor nouer vereniging te kry en dit kon ook in verband staan met Paul Kruger se besoek aan Bloemfontein later in die maand.¹¹⁵

Borckenhagen is, soos hierbo genoem, vroeg in Maart weer na Kaapstad, onder andere om die Bondskongres wat vanaf 11

112. Krüger, p. 207.

113. *Ons Land*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen, Press References*.

114. *The Friend*, 2 Maart 1897.

115. *Ibid*, 23 Maart 1897.

Maart te Malmesbury gehou is, by te woon. Volgens 'n telegram in *De Express* het sir Henry de Villiers hom op Sondag 14 Maart te Vereeniging bevind op pad na Pretoria. Dit was die eerste spoorwegstasie aan die Transvaalse kant en passe is daar ondersoek. Hy moes Kaapstad dus op 13 Maart verlaat het en dit is baie waarskynlik dat Borckenhagen met hom en Hofmeyr onderhoude gevoer het voor sy vertrek uit Kaapstad.¹¹⁶ Sir Henry en Hofmeyr het hierna in die regs krisis bemiddel - Hofmeyr by wyse van 'n reeks artikels in *Ons Land* en korrespondensie met Paul Kruger¹¹⁷ en sir Henry deur sy besoek aan Pretoria juis toe die regters hulle antwoord aan die Volksraad moes gee. Hy het met beide partye in Transvaal onderhandel en 'n kompromis is bereik.¹¹⁸

Met die oog op die samesprekings met die Transvaalse kommissie vanaf 11 Maart het Borckenhagen 'n lang artikel geskryf waarin hy op die noodsaaklikheid van verdere samesprekings gewys het omdat daar leentes in die Potchefstroom-konvensie was. As voorbeeld het hy genoem dat daar onsekerheid was of Vrystaatse burgers wat oor die grens moes gaan om militêre hulp te verleen, onder Transvaalse of Vrystaatse offisiere sou veg. Hy het beklemtoon dat Vrystaatse burgers Transvaal spontaan sou bystaan, maar dit was nodig om 'n formele ooreenkoms aan te gaan sodat die buitewêreld kon weet dat die republieke skouer aan skouer gestaan het en "that any attempt to violate the independence of one will be resented by the other" - nie net wanneer daar 'n aanval van buite was nie, maar ook binnelands. Hy het sy lesers gerus gestel dat daar veiligheidsmaatreëls was sodat daar slegs in die geval van 'n regverdige saak hulp verleen sou word en dat daar geen oorlogsverklaring kon wees sonder wedersydse raadpleging nie.¹¹⁹

Groot opgewondenheid het in Bloemfontein geheers oor die koms van Paul Kruger en sy geselskap. Daar is nog nooit voorheen soveel ophef oor 'n besoeker gemaak nie¹²⁰ en *De Express* het met ywer deelgeneem aan die voorbereidings vir die feestelike verwelkoming. In die vertoonvenster van die koerant se kantoor was daar foto's van die twee presidente met vlae en wapens van die twee republieke tussenin.

116. *De Express*, 16 Maart 1897.

117. Hofmeyr en Reitz, pp. 564-565.

118. Kruger, pp. 209-210.

119. *De Express*, 5 Maart 1897.

120. Van der Merwe, p. 105.

Daaronder was 'n foto van twee hande wat in mekaar geslaan was met 'n versie in veelkleurige letters daarby: "In onverbreekbaar broederband reiken wý elkaar de hand." Elders in die venster was daar verskeie spreuke soos: "Twee staten, een volk; krachthig door beproeving; door eendracht macht; vryheid, geduld en moed; eens van zin en eens van hart, staan wý steeds in vreugd en smart", en "dat thans de Vrystaat en Transvaal den broederband nauwer haal". *De Express* se verslaggewer het berig dat die stad saans fraai verlig was en die pragtigste gesigte is gelewer deur die Raadsaal, die poskantoor, markplein, stasie, stadhuis en fort. Op Woensdagaand, 11 Maart het die musiekkorps 'n optog van fakkeldraers gelei en is gevolg deur 'n "sleep van menschen". Voor die Presidensie is die fakkels op 'n hoop gegooi waar dit in vlamme opgegaan het. Daarna het 'n fietsoptog gevolg. Die skare moes seker teleurgesteld gewees het, want pres. Kruger het nie op die balkon verskyn soos hulle gehoop het nie. Na die dinee wat vir hom en sy gevolg aangebied is, het hy vroeg gaan slaap.¹²¹

Die samesprekings het in 'n gees van begrip en welwillendheid plaasgevind en eiebelang is op die agtergrond geskuif. Vir die eerste keer het daar 'n sterk vriendskapsband tussen die presidente van die twee republieke ontstaan, 'n band wat net deur die dood verbreek is.¹²² Die Potchefstroom-konvensie is aangevul. Die Handels- en Vriendskapstraktaat sou voortaan voorsiening maak vir vryer handelsverkeer en daar sou wedersydse gelyke behandeling wees wat belasting betref. Transvaal sou dus nie weer enige spesiale belasting soos oorlog- of spoorbelasting op Vrystaters se Transvaalse plase hef nie. Die traktaat was nou duideliker, veiliger en voordeliger, veral wat die Vrystaat betref.¹²³ Wat die Politieke Verbond betref, is besluit dat die staat wat hulp aan die susterrepubliek verleen, net sy beskikbare manne moes stuur en nie sy hele krygsmag nie. Dit het Vrystaters wat bekommerd was oor 'n aanval uit Basoetoland terwyl hulle magte Transvaal te hulp snel, gerus gestel. Daar is bevestig dat hulp nie net in die geval van 'n aanval van buite sou geskied nie, maar ook in die geval van binnelandse opstand. Pres. Steyn kon as gevolg van die traktaat Paul Kruger vrymoedig met raad bedien en die verhouding tussen die twee republieke was van die

121. *De Express*, 12 Maart 1897.

122. Van der Merwe, p. 109.

123. *Ibid*, p. 110.

hartlikste.¹²⁴ Die Transvalers het op Steyn se aandrang toegestem dat daar in die toekoms wedersydse raadpleging sou wees voordat oorlog verklaar word of enige stappe geneem word wat vyandigheid kon veroorsaak. Daar is ook 'n konstitusionele verandering aanbeveel, naamlik dat stemgeregtigde burgers van een republiek wat na die ander een gaan, volle stem- en burgerreg moes kry. Die twee afvaardigings het saamgestem dat daar uiteindelik 'n federasie tot stand moes kom en as eerste stap in dié rigting, is 'n Sentrale Raad van Afvaardiging in die vooruitsig gestel. Op hierdie Raad sou vyf lede van elke republiek dien en hulle sou jaarliks om die beurt in Pretoria of Bloemfontein vergader. Die staatspresidente of hulle verteenwoordigers sou die beraadslagings kon bywoon.¹²⁵ Die meeste van hierdie voorstelle is reeds vir meer as 'n dekade deur Borckenhagen bepleit.¹²⁶

In sy kommentaar het hy daarop gewys dat daar in die ooreenkomste geen sprake van aggressiwiteit teenoor ander state was nie: "... the members have fairly kept the broader South African issues in view, in the most friendly and neighbourly spirit". Paul Kruger het hierdie feit in sy toesprake beklemtoon.¹²⁷ Daar is ook geen groot veranderinge aangekondig nie en sommige mense was moontlik teleurgesteld daaroor. "But all those who, with us, have for years advocated the cause of closer union, have, with us, insisted that the process should be one of gradual growth, instead of hasty manufacture", het hy geskryf. Al die maatreëls wat getref is, was bedoel om nouer samewerking en vereniging te bewerkstellig en kon geleidelik uitgebrei word "and by their extension secure that general South African community of interests which would render impossible attempts, such as have been made from time to time upon the Republics, by Downing Street, High Commissioners, Colonial Governments and the Chartered gang of filibusters".¹²⁸

Die oornome van die hoofspoorlyn op 1 Januarie 1897 en die uitbreiding van die ooreenkomste met die ZAR in Maart van dieselfde jaar het getoon dat pres. Steyn en sy ondersteuners hulle finaal losgemaak het van pres. Brand se

124. *Ibid*, p. 139.

125. *De Express*, 23 Maart 1897; Malan, pp. 278 - 279; Kruger, p. 215; Van der Merwe, pp. 137 - 139.

126. *De Express*, o.a. 27 Maart en 24 April 1896.

127. *Ibid*, 19 Maart 1897.

128. *Ibid*, 23 Maart 1897.

beleidsrigting om eerder met die koloniale suide saam te werk as met Transvaal. Dit was belangrike stappe in pres. Steyn se poging om Afrikaner-republikanisme te beveilig. Terwyl *De Express* die ooreenkomste aangeprys, verduidelik en verdedig het,¹²⁹ het *The Friend*¹³⁰ en *De Burger* dit veroordeel as 'n seker manier om die Republiek se ondergang te bewerkstellig. Volgens S. F. Malan was dié twee koerante se invloed baie beperk en het *De Express* 'n groter kans op sukses gehad in sy poging om weifelaars en skeptici te oortuig van die wenslikheid van die stappe wat geneem is.¹³¹ So sterk was die Vrystaters se afkeer in *De Burger* se houding dat sy leserstal gekwyn het sodat hy op 29 Desember 1897 vir die laaste keer verskyn het. *De Express* het na aanleiding hiervan geskryf dat sy verdwyning 'n bewys daarvan was dat Vrystaatse republikeine hulle solied by hulle broers oorkant die Vaalrivier geskaar het. "Under the guise of being liberal and independent, the defunct sheet neglected no opportunity of stirring up strife, abusing the Sister Republic, and endeavouring to urge a political isolation upon the Free State, so that, divided, the two States might fall an easier prey to Imperialism and Charterism. Its collapse from inanition is the verdict of the population on such a propaganda", het hy verklaar.¹³²

Die Vriendskaps- en Handelstraktaat is deur die Volksraad goedgekeur nadat die teenstanders daarvan beswaar gemaak het teen die registrasiegeld wat nog steeds op elke wavrag produkte na Transvaal betaal moes word. Daar is besluit dat die Uitvoerende Gesag met Transvaal oor die kwessie moes onderhandel.¹³³ Pres. Steyn het dit hierna herhaaldelik met pres. Kruger bespreek. Laasgenoemde was in 'n moeilike posisie, want die geld wat deur die registrasie geïen is, is vir die bestryding van smokkelhandel gebruik, en sou hy die Vrystaat, wat reeds van belasting vrygestel is, ook hiervan vrystel, sou kritiek uit ander oorde nie uitbly nie. Die Vrystaatse Volksraad was bereid om 'n ronde bedrag aan die Transvalers oor te betaal indien die registrasiegeld afgeskaf word. Op die ou end is Vrystaters heeltemal kwyteskeld.¹³⁴

129. *Ibid*, 23 Maart, 15 Junie en 23 Nov. 1897, onder andere.

130. *The Friend*, 15 en 18 Junie 1897; 2 en 13 Julie 1897.

131. Malan, pp. 279 - 280.

132. *De Express*, 31 Des. 1897.

133. *OVSVR*, 12 Junie 1897, p. 758.

134. Malan, pp. 288 - 289.

Die Politieke Verbond en die Protokol daarvan sowel as die instelling van die Raad van Afgevaardigdes is aanvaar nadat die klein groepie teenstanders baie besware ingebring het en vergeefs 'n verdragingstaktiek probeer toepas het.¹³⁵

5.10 Vrugte op 'n leeftyd se arbeid

Kort voor Borckenhagen se heengaan op 5 Februarie 1898 het hy die vreugde gesmaak om die eerste vergadering van die Federale Raad aan te kondig. Die raadslede het op 24 Januarie by die Presidensie in Bloemfontein vergader om te beraadslaag en toe na Pretoria vertrek. Op 26 Januarie het die konferensie begin en dié aand is die afgevaardigdes deur pres. Paul Kruger en sy Uitvoerende Raad op 'n banket onthaal.¹³⁶ *De Express* is per telegram verwittig dat daar 'n goeie gesindheid by die konferensie geheers het¹³⁷ en Borckenhagen het in sy laaste hoofartikel, wat hy gedurende die oggend van Donderdag, 27 Januarie geskryf het om die volgende dag geplaas te word, verwys na Abraham Fischer se toespraak by die konferensie. Hy het waarskynlik 'n opsomming van die toespraak per telegram ontvang, want hy het gemeld dat hy nog nie die volle teks beskikbaar gehad het nie. In die hoofartikel, gebaseer op Fischer se toespraak, het hy geskryf dat republikenisme aan die blom was en dat die republieke bestaansreg gehad het. Dit was noodsaaklik dat hulle moes saam staan, anders sou hulle saam val. Hulle bestaan is bedreig deur imperialisme en kolonialisme wat die republieke as struikelblokke beskou het in die pad van algehele Britse oorheersing van die subkontinent. Van hulle kant af het die republieke geen aggressiewe gevoelens gekoester nie en sou graag die hand van vriendskap na die kolonies wou uitsteek. Hulle het net gevra dat hulle en hulle wettige strewes gerespekteer word en was bereid om met die kolonies saam te werk, maar hulle motiewe is verkeerd voorgestel. Die voorgenome federasie van die republieke was bloot 'n versekeringspolis en diegene wat dit bevraagteken het, se motiewe was van so 'n aard dat dit vir die republieke nog dringender noodsaaklik was om 'n vorm van versekering uit te neem.¹³⁸

135. *OVSVR*, 16 Junie 1897, pp. 797 en 808, 17 Junie 1897, p. 820.

136. *De Express*, 25 Jan. 1898.

137. *Ibid*, 28 Jan. 1898.

138. *Ibid*.

Borckenhagen het in die vroeë oggendure van 28 Januarie 'n beroerte-aanval gehad en was dus onbewus daarvan dat soveel van sy idees vervat is in die voorstelle wat by die Raad van Afvaardiging se konferensie gemaak is. Daar is aanbeveel dat die twee republieke se wette gelykluidend moes wees wat betref burgerskap en stemreg, verkiesing en magte en pligte van die president, magte en pligte van volksraadslede, samestelling en magte en pligte van die uitvoerende rade, funksionering van die regbank, die bepalings oor grondwetlike wysigings en die krygstelsel. Wette oor die weesheer, die insolvente boedelkamer, handelsmerke, maatskappye, huwelike en mate en gewigte moes eenvormig wees. Daar moes 'n gemeenskaplike appèlhof wees en die Transvaalse munt moes in die Vrystaat aanvaar word. Daar was ook aanbevelings oor die bevordering van taal en nasionaliteit en hoër onderwys.¹³⁹ Die Vrystaatse Volksraad het die meeste van hierdie aanbevelings aanvaar¹⁴⁰ en begin om hulle uit te voer.¹⁴¹

De Volksstem van Pretoria het na Borckenhagen se afsterwe geskryf dat sy gedagtenis in die harte van Transvalers sou voortleef as 'n bekwame mede-stryder. Sy dienste aan Transvaal was nog vars in almal se geheue. Die koerant het uitgebrei oor Borckenhagen se bydrae tot nouer vereniging en geskryf dat wat hy gedoen het, nie vergeet sou word nie.¹⁴²

Dit is dan ook gepas dat hy sy arbeid afgesluit het met 'n skrywe waarin hy die vereniging van die republieke verdedig het.

139. Malan, p. 292. Hy haal aan uit die *Rapport van Afgevaardigden*.

140. *OVSVR*, 7 - 10 Junie 1898, pp. 569, 572, 584 en 595.

141. Malan, p. 294.

142. *De Volksstem*, 9 Febr. 1898.

CARL BORCKENHAGEN AS VURIGE TEENSTANDER VAN IMPERIALISME EN KOLONIALISME

Met pres. Reitz se bewindsaanvaarding aan die begin van 1889 het dit gelyk asof daar 'n tydperk van samewerking en vrede in Suid-Afrika aangebreek het. Die Vrystaat het tot 'n tolunie met die Kaapkolonie toegetree en was optimisties dat Transvaal en Natal ook mettertyd lid van dié unie sou word. Spoorlyne van die Kaapse en Natalse grense na Bloemfontein is goedgekeur. In 1890 het Cecil John Rhodes met die steun van die Afrikanerbond eerste minister van die Kaapkolonie geword. Hy is die "groot Afrikaner" genoem en Jan Hofmeyr, leier van die Bond, het geglo dat hierdie samewerking sou lei tot die samesmelting van Afrikaners en Engelse in een Suid-Afrikaanse volk.

Op 17 Desember 1890 is die hoofspoorlyn van Norvalspont na Bloemfontein geopen en talle vooraanstaande Suid-Afrikaners soos dr. W. J. Leyds en A. E. J. Krause van Transvaal, sir H. Loch, Britse hoë kommissaris en goewerneur van die Kaapkolonie, sir Charles Mitchell, luitenant-goewerneur van Natal, C. J. Rhodes, Kaapse eerste minister en 'n lid van sy ministerie, J. Sivewright, het die geleentheid bygewoon.¹ 'n Hele aantal toesprake met Suid-Afrikaanse samewerking as vernaamste onderwerp, is gelewer. Die geleentheid is ook deur die verskillende verteenwoordigers benut om oor toekomstige spoorbeleid te besin. Borckenhagen het groot waardering gehad vir die gees van wedersydse vertroue en begrip waarin die byeenkoms plaasgevind het. Daar was sins insiens nog nooit so 'n ontmoeting in Suid-Afrika nie en hy was trots daarop dat die Vrystaat dit bewerkstellig het. Dit het hom moed gegee dat 'n skitterende toekoms vir Suid-Afrika gewag het.²

Veral Rhodes se toespraak het hom beïndruk. Na die byeenkoms was Rhodes by Borckenhagen aan huis en het hy die lang toespraak, wat nie goed deur almal gehoor kon word nie, aan hom gedikteer.³ Rhodes het klem gelê op samewerking op die gebied van spoorweë omdat die lyne aanvullend was en nie nodig gehad het om te wedywer nie, en 'n tolunie. Hy het

1. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 166.

2. *De Express*, 23 en 30 Des. 1890.

3. *Ibid*, 15 Febr. 1898.

staatgemaak op almal se steun in sy uitbreiding na die noorde en het veral ook 'n hand van vriendskap na Natal uitgestrek. "His earnestness cannot be doubted, and his ability to realise most ... will be readily conceded. .. let South Africa make its reply, whether the hour for an onward movement, for the purpose and realisation of which we should all join hands, has not come", het Borckenhagen geskryf.⁴

Daar was ook vir 'n aantal jare weinig inmenging van die imperiale regering in Suid-Afrikaanse sake. "This non-interference policy .. appears to have reached its extremest limit in the year 1887" en die gevolg was dat daar 'n groter mate van harmonie as ooit voorheen of daarna was, volgens Borckenhagen.⁵

Die kalmte op die oppervlak van die Suid-Afrikaanse toneel was egter net skyn. Almal was ten gunste daarvan dat Suid-Afrika uiteindelik verenig moes word, maar die pad daarheen en die vorm wat dit sou aanneem, is deur die onderskeie state en hulle leiers heeltemal verskillend gesien. Borckenhagen het, na aanleiding van 'n toespraak van Rhodes te Kimberley kort nadat hy eerste minister geword het, gemaan dat vereniging versigtig benader moes word. Dit was 'n omvangryke en stadige werk en moes in 'n Suid-Afrikaanse gees deurgevoer word. Hy het gemeen dat imperialiste die strewe skipbreuk kon laat ly deur hulle oorhaastige optrede.⁶ Wat hom betref moes alle Suid-Afrikaners saamstaan in hulle aandrang om hulle eie sake te reël met erkenning van Britse gesag in Britse gebiede.⁷ In 1895 het hy sy politieke credo in drie punte saamgevat: die essensiële onafhanklikheid van Suid-Afrika; die essensiële eenheid van Suid-Afrika; en erkenning van die kommersiële en historiese belang wat Groot Brittanje in Suid-Afrika gehad het. Sy geloof in die stadige groei van natuurlike neigings was Suid-Afrikaans, maar in geen opsig anti-Brits nie, het hy verklaar.⁸

'n Dekade van stryd, veral tussen imperialisme en kolonialisme aan die een kant en republikaanse en Afrikanernasionalisme aan die ander kant, het gevolg.

4. *Ibid*, 23 Desember 1890.

5. *Ibid*, 14 Mei 1895.

6. *Ibid*, 9 Sept. 1890.

7. *Ibid*, 5 Julie 1892.

8. *Ibid*, 9 Julie 1895.

Borckenhagen het verbete aan die voerpunt van die republikeine geveg. Hy was daarvan oortuig dat vrede en vooruitgang in Suid-Afrika net moontlik was indien Suid-Afrikaners aan hulself oorgelaat word. "What hinders the progress of the country, what imperils its peace, what undermines its credit, is the long succession of Imperial interferences which inevitably end in Imperial fiascos", het hy beweer.⁹ Daar was volgens hom 'n natuurlike samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes wat telkens versteur is deur die tussenkoms van die Britse owerheid, veral in die persoon van die hoë kommissaris. Suid-Afrika het ook gely onder Brits filantropiese sentiment en 'n jingoïstiese gees en toe is die spekulatiewe gees van Rhodes bygevoeg. Spekulate wat net daarin belang gestel het om geld te maak, is deur die hoogste gesag gesteun. Dit was syns insiens die mees immorele posisie denkbaar.¹⁰ " .. it is for the sake of a policy, revolving around the Zambesian Empire fad, that a fresh wave of Imperialism has swept over this continent. When it one day recedes .. we shall more clearly distinguish the havoc it has caused, and we shall too late regret that we did not offer a combined front to the mischief, determined to amicably settle amongst ourselves difficulties which are our own, and which we, and we alone, shall have to solve, at any price ...", het hy gewaarsku.¹¹

In die joernalistieke wêreld het hy net een of twee medestryders gehad. Na sy dood is daar in feitlik elke koerant in Suid-Afrika en in enkele oorsee na hom verwys as een van die grootste kampvegters vir republikanisme en teen imperialisme. Die Londense blad, *African Review*, het na hom verwys as "a militant Africander by conviction. .. his paper at Bloemfontein is perhaps the most authoritative exponent of the views of the advanced Africander party he has .. undoubtedly exercised more direct personal influence upon South African affairs within recent times than has been wielded by any other South African journalist. The Imperial Government, and above all the Chartered Company, are anathema to him, and his criticisms of Imperial policy and officers are usually robust, not to say robustious."¹² *The Press* van Pretoria het geskryf: "He was an ardent Republican .. and an inveterate hater of anything savouring of Jingoistic Imperialism. .. In his death the

-
9. *Ibid*, 28 Junie 1892.
 10. *Ibid*, 25 Nov. 1892.
 11. *Ibid*, 30 Mei 1893.
 12. *African Review*, Febr. 1898.

cause of Republicanism has lost a most ardent and eloquent advocate .. ".¹³ Volgens *The Star*, een van die invloedrykste koerante in diens van Rhodes en imperialisme, "the death of Mr. Borchenhagen .. removes from South Africa one of the most able and influential advocates of Republicanism .. . His hatred of Great Britain and Imperialism was almost a monomania .. ".¹⁴

The Standard and Diggers' News, 'n koerant wat die republikeinse saak goedgesind was, het *De Express* beskryf as "one of the most potent advocates of the cause of Republicanism. ... there has not been a corner of South Africa where his unshifting, steadfast purpose to preserve the Republics for themselves, his deep-rooted hatred of shoddy Jingoism and spurious Imperialism in all its forms, has not been felt. ..". Borchenhagen het die bynaam "President van die Vrystaat" verwerf, "in itself no mean tribute to the capacity of an audacious and powerful fighter, who, ranged on our side, has always thrust himself in the forefront of the battle."¹⁵

In sy stryd teen imperialisme het Borchenhagen die teenoorgestelde siening as sy plaaslike tydgenoot, *The Friend of the Orange Free State*,¹⁶ gehad. Dié koerant het imperialisme, soos deur Brittanje beoefen, as 'n seën vir die mensdom bestempel. Dit is volgens hom deur onderdrukte verwelkom en daar is geen onderskeid gemaak wat ras, godsdiens en kleur betref nie. Dit het vir 'n regverdigde saak geveg, die grootste mate van vryheid aan koloniste toegestaan, die hoogste gesag aan die volkstem toegeken en almal met griewe gehelp. Dit was so volmaak as wat menslik moontlik was. Kolonialisme het dieselfde eienskappe gehad. Die Vrystaatse regering moes eerder toenadering tot Brittanje soek, want dié land was bestand teen tirannie en outokrasie (waaraan Transvaal, volgens hom, skuldig was), sou die republikeinse teen vyande beskerm en volmaakte vryheid aan hulle gee.¹⁷

Die Britse regering en sy amptenare in Suid-Afrika het reeds verskeie pogings aangewend om 'n konfederasie van state in Suid-Afrika tot stand te bring. Sir George Grey, lord

13. *The Press*, 7 Febr. 1898.

14. *The Star*, 7 Febr. 1898.

15. *The Standard and Diggers' News*, 7 Febr. 1898.

16. Hierna afgekort na *The Friend*.

17. *The Friend*, 15 Mei 1889.

Carnarvon en sir Bartle Frere se pogings het misluk. Die republieke was geensins geneë om met die Britse kolonies te federeer nie, veral weens Brittanje se imperialistiese optrede met die anneksasie van Transvaal, Stellaland, Goosen, Basoetoland en Griekwaland-Wes. In Brittanje het aggressiewe imperialisme steeds meer steun verwerf. Leiers, waaronder skrywers en filosowe, het die Engelse aangemoedig om groot te dink sodat 'n groter Engeland geskep kon word. Kolonies sou aan die moederland prestige verleen en 'n afsetgebied en grondstowwe aan die groeiende nywerhede bied. Dit was veral die hoë lui en rykes wat sou baat by beleggingsgeleenthede. Die gewone Britte is gemotiveer om ryksuitbreiding te steun deur edeler motiewe voor te hou: die uitbreiding van beskawing en die bring van die Christelike evangelie aan die swart massas in Afrika. Aanvanklik was dit die Konserwatiewes met Benjamin Disraeli as hulle leier wat aggressiewe imperialisme voorgestaan het terwyl die Liberale leier, W. E. Gladstone dit sterk veroordeel het. Hy het in 1878 geskryf dat dit gepaard gegaan het met "a great deal of meanness as well as a great deal of violence" en geneig was tot "rank excess". Die magspolitiek van imperialisme was vir hom 'n verloëning van Brittanje se tradisionele beleid. Daar was 'n edeler vorm van imperialisme wat hom nie blind gestaar het op prestige en gebiedsuitbreiding nie.¹⁸ Dit is nie verbasend dat Rhodes se skemas vir uitbreiding in Suider-Afrika hom nie beïndruk het nie. Dit was in hierdie stadium dat Rhodes verklaar het dat daar van die imperiale faktor in Suid-Afrika ontslae geraak moes word. Tien jaar later, teen 1895, en met 'n Konserwatiewe regering aan bewind in Brittanje, het hy rykshulp nodig gehad en geweet dat hy daarop kon reken.¹⁹

Joseph Chamberlain was een van Gladstone se ondersteuners wat dit aanvanklik met hom hartlik eens was. Die Ierse kwessie het die Liberale Party laat skeur en Chamberlain het hom later by die Konserwatiewes gevoeg en 'n uitgesproke imperialis geword het. Sy mening was van deurslaggewende belang, want hy het die minister van kolonies in die Konserwatiewe regering geword.

Die ontdekking van goud in Transvaal het ryksuitbreiding op die voorgrond gestel. Heelwat Liberale was nyweraars en

18. Gladstone, W. E., "England's Mission" in *The Nineteenth Century*, vol. IV, Sept. 1878, aangehaal in Krüger, D. W., *Die ander oorlog*, p. 6-7.

19. Krüger, p. 12.

kapitaliste en Gladstone se opvolger, lord Rosebery, was verbonde aan kapitalistiese ondernemings in Suid-Afrika. Hierdie politici het aktiewe imperialiste geword. Borckenhagen het Suid-Afrikaners voor die 1892-verkieping in Brittanje gewaarsku om nie hulle hoop op 'n Liberale regering te vestig nie. Ervaring het geleer dat die Liberales die Konserwatiewes aangeval het oor hulle optrede en wanneer hulle aan bewind gekom het, het hulle dieselfde gedoen. So is die anneksasie van Transvaal tydens die Konserwatiewes se bewind skerp veroordeel, maar nie deur die Liberales ongedaan gemaak toe hulle aan bewind gekom het nie.²⁰ Hy het die Britse regering verwyt dat sy vernaamste strewe ryksuitbreiding was. Die Liberale eerste minister, lord Rosebery, het die Engelse aangeraai "to peg out claims for the future". Die Britte wou alles inpalm sonder om die verantwoordelikheid vir die nuwe gebiede te aanvaar. Dit het oor materialisme gegaan en beginsels is links laat lê. Die uitbreidingsdrang het gepaard gegaan met "a restless and feverish anxiety to be always proclaiming the greatness of the British Empire and British ideal" en dit het die vermoede laat ontstaan dat daar by die Britte twyfel was oor die stabiliteit van die Britse ryk. 'n Volk wat innerlik sterk was en seker van die toekoms, het nie nodig gehad om demonstratief en vertonerig te wees nie.²¹

Nog 'n bydraende faktor tot die groei van aggressiewe imperialisme was mededinging van ander moondhede, veral Duitsland, in die stryd om grondgebied in Afrika te bekom.²² Gedurende die tagtiger jare het Duitsland 'n kolonie aan die suidweskus tussen die Oranje- en Kuneneriviere geskep en in die neëntigerjare belangstelling in Delagoabaai aan die ooskus en in Transvaal getoon. As gevolg van Brittanje se strategiese en ekonomiese belange sou hy nie Duitse uitbreiding duld nie en het sterker gestrewe na 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag.²³ Britse oppergesag in Suid-Afrika het die strydkreet geword.

Graaf Albert Grey wat later, soos 'n hele aantal ander adellikes voor Rhodes se betowering geswig en 'n direkteur van die British South African Co.²⁴ geword het, het in 1889 'n toespraak gelewer wat 'n goeie weerspieëling van die

20. *De Express*, 28 Junie 1892.

21. *Ibid*, 26 Mei 1893.

22. Krüger, pp. 10-11.

23. Scholtz, G. D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, deel IV, 1881-1899*, p. 373.

24. Hierna afgekort na BSA Co.

gevoel in Brittanje was. Hy het 'n kragtiger beleid jeens Suid-Afrika bepleit, wat gebiedsuitbreiding beteken het. Syns insiens moes Brittanje sy plig teenoor Swartes nakom omdat dit ook in die ryk se eie belang was. Borckenhagen se kommentaar hierop was dat Britse bekommernis oor Swartes skyn was. Hulle het net uitlate vir hulle handel gesoek. In die gebiede waar hulle gesag oor onbeskaafde rasse gevoer het, het hulle weinig vir die mense se welsyn gedoen. Brittanje moes Suid-Afrika liever aan homself oorlaat. Hy het voorspel dat Engelse kolonies een vir een die weg van die Verenigde State sou volg. Britse politici sou wys wees om die weg vir vriendskaplike skeiding wanneer die tyd ryp is, voor te berei eerder as om sothede oor imperiale federasie - syns insiens 'n holle gedagte - te verkoop.²⁵

Cecil John Rhodes, die Kaapse eerste minister, het die verpersoonliking van imperialisme in Suid-Afrika geword. Hy het daarna gestreef om die hele Suider Afrika, selfs die hele vasteland, onder die Britse vlag te verenig. Hy het Transvaal as deel van "sy" noorde genoem. As eerste stap wou hy, net soos die Britse regering, Transvaal omring en van die noorde en die see afsluit.²⁶ In sy stryd teen Britse imperialisme het Rhodes Borckenhagen se vyand nommer een geword en na die Jameson-inval was dit Joseph Chamberlain. Sir Alfred Milner, wat sir Hercules Robinson as Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika vervang het, het Rhodes se werk voortgesit, maar omdat sy optrede aanvanklik versigtig was, het hy eers na Borckenhagen se heengaan sy ware kleure gewys.

1. Rhodes, die imperialis, word Borckenhagen se grootste vyand

Borckenhagen het aanvanklik waardering gehad vir Rhodes se vermoëns, maar het algaande tot ander insigte gekom. Toe Rhodes sy gekrenktheid uitgespreek het omdat Paul Kruger hom nie gedurende kerktyd op 'n Sondag te woord wou staan nie, het Borckenhagen sy verbasing uitgespreek omdat hy gemeen het Rhodes "is a large-minded man and a statesman".²⁷ In November 1889 het *The Cape Times* voorgestel dat Rhodes die leisels in die Kaap oorneem om sake reg te ruk. Borckenhagen se reaksie was dat hy waardering vir Rhodes se bekwaamheid met die meeste mense gedeel het, maar dat hy nie gemeen het

25. *De Express*, 5 Maart 1889.

26. Lockhart, J. G. en Woodhouse, C. M., *Rhodes*, p. 140.

27. *De Express*, 23 April 1889.

dat Rhodes toe op sy allerbeste was nie. Dit was net nadat die Vrystaatse regering Rhodes se aanbod vir 'n spoorlyn van die hand gewys het omdat dit met die toekomstige hooflyn sou inmeng. "His sneering allusion to the Free State policy" het hom in aansien by Borckenhagen laat daal. Hy het geskryf dat die Vrystaat in staat was om die mas goed op te kom sonder Rhodes.²⁸

Hoewel Rhodes in die tagtigerjare verklaar het dat die imperiale faktor uit Suid-Afrika moes verdwyn en hy die steun van Kaapse Afrikaners gehad het, was hy lank reeds 'n imperialis. Hy is veral tydens sy studiejare aan Oxford deur Britse filosowe en skrywers beïnvloed om Darwinisme en Britse imperialisme aan te hang. Die eienaardige vermenging van die filosofieë van mense soos Darwin, Aristoteles, Marcus Aurelius, Gibbon ('n agnostikus) en Winwood Reade ('n ateië) het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat daar 'n Mag buite die mens was wat die beste tipe mens wou voortbring. Hierdie tipe is volgens sy mening deur die Anglo-Saksiese ras verteenwoordig en daarom was dit vir hom duidelik dat "the Anglo-Saxon stock should occupy as much as possible of the earth and that Anglo-Saxon ideas should everywhere prevail in the minds of men."²⁹

Hy wou 'n pad na die noorde oophou met die oog op noordwaartse uitbreiding daarheen, en Suid-Afrika verenig. Om hierdie doelstelling te bereik, het hy baie geld nodig gehad. Hy het buitengewone sukses op die diamant- en goudveld behaal en het dus gou oor die finansies beskik om sy doel na te strew. Sy fenomenale sukses het ook 'n groot bydrae gelewer tot die gewildheid van die ryksgedagte in Brittanje.³⁰

Toe hy in 1880 lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering geword het, het hy ook begin om die politieke mag te verkry wat hy vir sy beplande optrede nodig gehad het. Hy het gou besef dat hy die steun van die sterkste party in die Kaapse politiek, die Afrikanerbond, nodig gehad het en daarom het hy en die leier, Jan Hofmeyr 'n ooreenkoms aangegaan: hy sou die Bond se beleid van die beskerming van Kaapse produkte steun en die Bond sou geen hindernisse in die weg van uitbreiding na die noorde lê nie.³¹

28. *Ibid*, 12 Nov. 1889.

29. Lockhart en Woodhouse, p. 67.

30. Krüger, p. 12.

31. Lockhart en Woodhouse, p. 86.

Rhodes het vroeg in sy politieke loopbaan by die Kaapse parlement aangedring om die handelspad na die noorde langs die wesgrens van Transvaal oop te hou. Die Kaapse goewerneur en Britse hoë kommissaris, sir Hercules Robinson, was sy getroue bondgenoot, ook in hierdie saak. Die Kaapse en Britse regerings was aanvanklik nie geïnteresserd in die gebied nie. Die totstandkoming van 'n Duitse protektoraat aan die weskus het dié regerings tot aksie gedwing. Brittanje het 'n protektoraat oor die noordelike deel van Betsjoeanaland uitgeroep terwyl die suidelike deel 'n kroonkolonie geword het. Tien jaar later het Rhodes die Britse regering oorreed om die kroonkolonie aan die Kaapkolonie te oorhandig.

Intussen het Rhodes sy oog verder noordwaarts gerig. Hy het gesante na Lobengula, koning van Matebeleland, gestuur om konsessies van hom te verkry. Deur onderhandeling, omkoperij, dreigemente en die hulp van die hoë kommissaris het hy ontslae geraak van ander aanspraakmakers op die gebied.³² Ook met Transvaalse aansprake is korte mette gemaak. Die Transvaalse regering het P. J. Grobler in 1887 na Lobengula gestuur. Op 30 Julie 1887 het hy namens die regering 'n verdrag van ewigdurende vrede en vriendskap met die koning gesluit. Transvaal het Lobengula as onafhanklike opperhoof en bondgenoot erken en Grobler is as konsul by Lobengula aangestel. Hoewel baie Transvalers en ook lede van die Volksraad gemeen het dat Transvaal wettige en redelike aanspraak op die gebied in die noorde gehad het, het Paul Kruger self geen begeerte gehad om daarheen uit te brei nie. Hy wou eerder 'n eie hawe aan die ooskus bekom.³³ Toe Rhodes teen die einde van 1887 van die verdrag hoor, het hy hoë kommissaris Robinson oorreed om op te tree. J. S. Moffat, 'n vertroueling van Lobengula wat op daardie tydstip in sy kraal was, is aangesê om met die koning te onderhandel. Die koning het die bestaan van 'n verdrag met Transvaal ontken en met Moffat een aangegaan waarvolgens hy nie sonder die hoë kommissaris se toestemming met ander moondhede verdrae sou aangaan of grondgebied afstaan nie. Dié verdrag het Rhodes en Robinson in staat gestel om Lobengula se optrede te beheer. Op 24 Julie 1888 is Grobler vermoor en Kruger, soos vele ander, was oortuig daarvan dat Rhodes of die Britte iets daarmee te doene gehad het. Transvaal se besware teen Robinson se optrede is op 25 Julie 1888 deur

32. *Ibid*, pp. 158-169.

33. Kruger, pp. 124-125.

hom verwerp op grond daarvan dat die gebied in die Britse invloedssfeer geleë was.³⁴

Volgens Borckenhagen het daar in internasionale reg nie soiets as 'n invloedssfeer bestaan nie, maar as dit sou bestaan, was die gebied in Transvaal se belangessfeer en kon Brittanje sy wil afdwing omdat hy 'n groot moondheid was en nie omdat hy reg was nie. Hy het voorspel dat Brittanje se beleid, onder andere om Swartes teen blanke Transvalers op te sweep - hy het geglo dat Grobler se moord die gevolg was van die politieke bedrywighede van "Keizerlyk geaccrediteerde agenten en berispingswaardige gelukzoekers in die streken" - sou boemerang en die Engelse regering op die ou end geld en bloed kos.³⁵

Lobengula het deur die Rudd-koncessie op 30 Oktober 1888 die mineraleregte in Matabeleland aan Rhodes gegee. In ruil daarvoor het hy 'n toelaag van R200 per maand, 1 000 Martini-Henry-gewere, 100 000 rondtes ammunisie ("cartridges specially selected not to fit the rifles", volgens Borckenhagen³⁶) en die belofte van 'n stoomboot, wat nooit gerealiseer het nie, gekry. Volgens die Brusselse konferensie en Kaapse wetgewing kon geen gewere en ammunisie aan 'n barbaarse opperhoof gegee word nie. Dit sou nie die laaste keer wees dat Rhodes dit doen nie. Sir Hercules Robinson en lord Knutsford (die koloniale sekretaris) het dit oogluikend toegelaat.³⁷ T. E. Fuller, Kaapse parlamentslid en vurige ondersteuner van Rhodes, se verweer vir Rhodes se optrede was dat die gewere "was judiciously handed over without cartridges."³⁸ Geen wonder dat Borckenhagen spekulatiewe imperialisme as immoreel beskryf het nie. Hy het daarop gewys dat die koncessie met twee ongerymdhede gepaard gegaan het: die verbreking van Kaapse wetgewing deur Kaapse parlamentslede en bedrog teenoor 'n swart opperhoof. "And then we are asked to be glad that the flag of England 'waves over the great lone land'".³⁹

Rhodes wou egter meer hê. Hy wou die land hê sodat hy die Kaapkolonie na Sentraal-Afrika kon uitbrei en Britse gesinne

34. Lockhart en Woodhouse, pp. 136-139; Scholtz, pp. 417-418.

35. *De Express*, 29 Jan. 1889 en 22 Sept. 1891.

36. *Ibid*, 22 Sept. 1893.

37. Lockhart en Woodhouse, pp. 146-147.

38. *The Friend*, 2 Des. 1892.

39. *De Express*, 22 Sept. 1893.

daar kon vestig.⁴⁰ Dit het hy uiteindelik gekry. Die minerale moes slegs as lokmiddel vir nedersetters dien. Lobengula het nie besef waarvoor hy hom ingelaat het nie. Hy het gemeen dat hy die beskerming van 'n sterk en welwillende monarg teen sy vyande gekry het.⁴¹

Sir Hercules Robinson was in Londen besig om die koloniale kantoor se guns vir Rhodes te wen.⁴² Deur skenkings aan die Ierse nasionaliste en die Liberale party het Rhodes verdere steun verwerf.⁴³ Lord Salisbury, die Britse eerste minister, wou, nes Rhodes, Britse gebied uitbrei, maar die minister van finansies, lord Goschen, kon nie geld beskikbaar stel vir al sy planne nie.⁴⁴ Rhodes het intussen besluit om aan die Britse regering voor te stel dat hy 'n geektrooieerde maatskappy tot stand bring om die ontwikkeling van die gebied noord van die Limpopo te finansier en te administreer. Om beleggings van die Britse publiek te bekom, sou hy die minerale-rykdom van die gebied as lokmiddel gebruik.⁴⁵ Lord Salisbury was, ten spyte van sy wantroue in ryksbou deur 'n private onderneming, bereid om Rhodes te laat begaan indien hy self vir die finansiering sou sorg.⁴⁶ Reeds in 1887 het die Britse regering die gebied tussen die Limpopo- en Zambesirivier tot hulle sfeer van invloed verklaar. Portugal, wat op 2 Augustus 1887 in kennis gestel is van hierdie besluit, het weerstand gebied, maar slegs totdat Brittanje 'n oorlogskip na Lissabon gestuur het.⁴⁷

Op 29 Oktober 1889 het koningin Victoria die oktrooi vir Rhodes se BSA Co. geteken. Hiervolgens het die maatskappy enorme magte ontvang. Dit kon in die hele Suider-Afrika noord van Betsjoeanaland, noord en wes van Transvaal en wes van Portugees-Oos-Afrika, sonder enige noordelike perk, bedrywig wees en kon alles doen wat 'n staat kon doen. Niemand het in ag geneem dat Rhodes slegs oor mineraleregte, en dit net in Matebeleland, beskik het nie.⁴⁸ Rhodes het in sy eie gemoed geen twyfel gehad dat hy al daardie gebiede

40. Lockhart en Woodhouse, p. 142.

41. *Ibid*, pp. 140 en 142.

42. *Ibid*, pp. 161-162.

43. *Ibid*, pp. 167-169.

44. *Ibid*, p. 165.

45. *Ibid*, p. 142-143.

46. *Ibid*, p. 166.

47. Scholtz, p. 416.

48. Lockhart en Woodhouse, p. 172.

sou bekom nie. "If we get Matebeleland we shall get the balance of Africa", het hy geskryf.⁴⁹

Borckenhagen was nie gekant teen die uitbreiding van die beskawing noord van die Limpoporivier nie, maar dan moes dit deur Suid-Afrikaners gedoen word sonder dat die imperiale regering 'n faktor was.

Nadat Lobengula ooreenkomste met Moffat en Rudd aangegaan het, het Borckenhagen geskryf dat Engeland wou verhoed dat Afrikaners Matebeleland kry omdat hulle dit vir hulself wou hê terwyl hulle voorgegee het dat hulle Lobengula wou beskerm. Op profetiese wyse het hy voorspel dat "when the speculators get a fit of brotherly love and a hankering after Lobengula's vineyard, there is no measure to their meanness." In onderhandelinge met barbare is daar in die reël bedrog gepleeg deur diegene van wie hulle beskerming verwag het.⁵⁰ Hy het geen illusie gehad dat die BSA Co. anders sou optree nie. Die maatskappy wou goud hê en moes daarom die grond kry waarin die goud was en het ook landbougrond vir die voorsiening van voedsel nodig gehad. Aangesien dié grond aan die Matebeles behoort het, sou hy dit van hulle neem.⁵¹ Borckenhagen was bekommerd omdat Rhodes daarin geslaag het om die steun van almal in Brittanje te kry: die imperiale regering, die hoë kommissaris, die handel en die publiek aan wie aandele verkoop is. "The only people who don't care about this class of company-mongering are the whites of South Africa, who are not shareholders, and the blacks whose country it is proposed to float, though the latter don't as yet comprehend what it all means. When they do, it will be too late for remedy ..".

Die Britse regering het ook geen besluite rakende Suid-Afrika geneem nie "without Mr Rhodes blowing the bellows .. What must one think of a Government who plays second fiddle to a private politician and speculator, and sends its own Viceroy under the care and protection of Mr Rhodes?" het hy gevra.⁵² Dit was voordat Rhodes eerste minister geword het. Daarna het die Britse regering hom nog meer sy gang laat gaan en aan al sy versoeke voldoen.

49. *Ibid*, p. 158.

50. *De Express*, 19 Maart en 2 April 1889.

51. *Ibid*, 9 Sept. 1890.

52. *Ibid*, 1 April 1890.

Borckenhagen se kritiek op die BSA Co. het al hewiger geword. Volgens hom moes 'n land van so 'n groot omvang deur 'n staat beheer word en nie verlaag word om deur handeldrywende, gewetenlose individue wat grond wou inpalm, bestuur te word nie. Hulle was aan niemand verantwoordelikheid verskuldig nie en het volgens hulle eie opvatting van reg en plig gehandel. Borckenhagen het voorsien dat Rhodes, met die goedkeuring en steun van die imperiale regering, Lobengula en sy volk dadelik uit hulle besittings sou verdryf as hulle nie wou onderhandel nie en die sosiale en morele vernieling van die stam aan die 300 vrybuiters wat as polisiemanne gewerf is, oorlaat. Niemand in Engeland sou die Matebeles jammer kry nie, want 'n ryk land vol minerale skatte is oopgestel. Intussen is op skynheilige wyse voorgegee dat alles om die bring van die beskawing en die verdediging van die swakkes gegaan het. Dit was syns insiens die grootste stuk bedrog wat in die hele eeu gepleeg is. Rhodes se ondersteuners het 'n aandeel in die bedrog gehad. *The Cape Times* het byvoorbeeld voorgegee dat Lobengula, toe hy mineraleregte deur die Rudd-koncessie aan Rhodes toegeken het, geweet het dat hy daarmee sy grond prysgegee het.⁵³

Rhodes het hom nie veel daarvoor bekommer dat hy net oor Matebeleland se mineraleregte beskik het nie. Hy was volgens Lockhart en Woodhouse van plan om Lobengula se toestemming te kry om 'n groep van sy manne na die omliggende lande te stuur "so that he could throw his tentacles into these more distant lands, where he would stake claims and make treaties with the ruling chiefs."⁵⁴ Dit het hy gedoen en tydens sy toespraak te Kimberley in September 1890 het hy gemeld dat hy pas verneem het van die sessie aan die BSA Co. van 225000 vk. myl noord van die Zambesi deur die hoof van Barotseland.⁵⁵ Borckenhagen het skerp hierop gereageer. Hy het dit as 'n verdere stuk bedrog bestempel dat die Barotsi as 'n nasie bestempel is en dat dié nasie gevra het om 'n Britse protektoraat te word. "Some individual has been conveniently supposed to be chief of some thousands of square miles of territory, though everyone knows he is nothing of the kind. A few trifles in the shape of blankets, beads and brandy (the three B's of civilisation) are presented to him, and in return he puts a cross on a piece of paper, purporting to represent a cession of his

53. *Ibid*, 12 Nov. 1889 en 28 Jan. 1890.

54. Lockhart en Woodhouse, p. 175.

55. *De Express*, 9 Sept. 1890.

kingdom to the Chartered Company. He has as much right to cede that territory or deal with it in any way as the editor of the *Cape Times* has to cede the Cape Colony. But he has satisfied modern views of theft by a State." Sou die Swartes beswaar maak, word 'n mag teen hulle gestuur om hulle te dwing om die kontrak uit te voer.⁵⁶

In teenstelling met Borckenhagen het sy plaaslike opponent, *The Friend*, soos die meeste Engelse blaaië, die BSA Co. geloof omdat dit handel en beskawing bevorder het. "Time will prove that the formation of this company was one of the greatest blessings ever conferred on this country", het die koerant geskryf.⁵⁷ Hy was seker dat Rhodes sukses sou behaal. Hy was 'n man van aksie en het nie na mag, roem of rykdom gestreef nie. Hy was inherent groot en *The Friend* het die hoop uitgespreek dat Suid-Afrikaners hulle naywer sou laat vaar en die meeste maak van die erfenis wat 'n Uitlander aan hulle sou nalaat.⁵⁸ " .. he is to-day one of the foremost men of the age and a typical empire-maker. We .. have no hesitation in wishing ample success to his new undertaking", het die koerant Rhodes geprys.⁵⁹ *The Friend* het oud-regter James Buchanan, wat saam met hoofregter F. W. Reitz en M. de Villiers die eerste regters in die Vrystaatse Hooggeregshof was, wat op 18 Oktober 1880 bedank het en daarna in Griekwaland-Wes en Transvaal werksaam was voordat hy in Londen afgetree het, gekry om 'n rubriek, "A South African in the old country" te behartig. Die redakteur het waarskynlik nie besef hoeveel Buchanan van hom sou verskil nie. Sy siening van Rhodes en die BSA Co. was feitlik identies met dié van Borckenhagen. "I know you, Mr Editor, do not share these views .. it seems to me some candid critics must speak out from the other side", het hy in *The Friend* geskryf.⁶⁰ "One grows sick of all this Rhodesian rot and sycophantic hero-worship", het hy uitgeroep en die BSA Co., net soos Borckenhagen, as 'n seepbel en 'n vuurpyl wat soos 'n stok aarde toe sou terugval, beskryf. Bestendige, geleidelike ontwikkeling van 'n land sou veel beter wees. Toe Hollanders en Engelse hulle in Suid-Afrika gevestig het, was dit 'n nasionale saak, "and behind these national occupations there was a flag, rule, order, constitutional development, and not merely 'Ego'". Hy het dit ook teen

56. *Ibid.*

57. *The Friend*, 5 Maart 1890.

58. *Ibid*, 19 Des. 1890.

59. *Ibid*, 9 Des. 1892.

60. *Ibid*, 14 Julie 1893.

Rhodes se gewetenloosheid gehad: "Here rifles are surreptitiously smuggled into South Africa and exported by a clever artifice on the reputation of a pious agent".⁶¹ Hy het Rhodes eerder "the Utilizer" as "the Amalgamator" genoem omdat hy geweet het hoe om almal te gebruik. "He is a political Icarus, fast nearing the Sun, with the waxen wings of expediency and double diplomacy." Sy verbasende korrekte voorspelling - in 1893 - was: "Out - 1896".⁶²

Borckenhagen het terdeë besef dat Rhodes grootse idees gehad het en dat hy niks in die pad daarvan sou laat staan nie: " .. the prosperity of the Cape Colony is a small matter in Premier Rhodes' gigantic ambitions." Hy het die kolonies, die Britse regering, die adel, die kerk en die Afrikaners gebruik sonder dat hulle dit besef het. Hy sou die Matebeles uit die weg vee met of sonder imperiale hulp, toegewings aan Transvaal maak en inskiklik jeens die Vrystaat wees soos dit hom gepas het. Hy was bereid om goed te betaal om sy doel te bereik en het hom nie met onbenullighede besig gehou nie.⁶³ Met hierdie siening van Rhodes was Borckenhagen in die kol; nietemin het hy gemeen dat Rhodes 'n belangrike rol in Suid-Afrika kon speel. Hy het op hierdie stadium geen vermoede gehad dat Rhodes planne teen die onafhanklikheid van die republieke bedink het nie. Soos vroeër genoem, was hy beïndruk met Rhodes se toespraak oor Suid-Afrikaanse samewerking by die spoorfees in Bloemfontein in Desember 1890. Dié twee invloedryke leiers se persoonlike verhouding was toe van die hartlikste.⁶⁴

Die keerpunt in Borckenhagen se houding teenoor Rhodes het gekom na 'n toespraak wat laasgenoemde op 30 Maart 1891 tydens die Afrikanerbond se kongres te Kimberley gelewer het. Borckenhagen was in Port Elizabeth toe hy die toespraak onder oë kry en dit het hom soos 'n weerligstraal getref. Hy het aan sy personeel getelegrafeer dat hulle geen kommentaar moes lewer voordat hy terug was nie. Dit was die einde van alle persoonlike kontak tussen hom en Rhodes. *De Express* het Rhodes van toe af beskou as iemand wie se hoofdoel dit was om die republieke omver te werp.⁶⁵

61. *Ibid*, 2 Des. 1892.

62. *De Express*, 14 Julie 1893.

63. *Ibid*, 28 Okt. 1890.

64. *Ibid*, 15 Febr. 1898.

65. *Ibid*.

In sy kommentaar wat twee weke na die toespraak verskyn het, het Borckenhagen verwys na Rhodes se vermenging van Suid-Afrikaanse politieke aangeleenthede met sy eie skemas in die noorde en dat hy sy posisie as eerste minister daarvoor misbruik het. Nog erger was sy ongevraagde aanval op die republieke, en dit terwyl hy in sy hoedanigheid as eerste minister gepraat het. Rhodes het van die foute van die verlede gepraat waardeur onafhanklike state tot stand gekom het. Dit het tot wrywing en enorme, verskriklike probleme gelei wat onderlinge verhoudings betref. Hy het vervolg: ". if I had my wish, I would abolish that system of independent States antagonistic to ourselves south of Zambesia; but I may say to you that no effort will be spared on my part to mark the map so that we need have no differences of that description in the future." Borckenhagen het geantwoord dat die toespraak hom met weersin vervul het. Die republieke het nie wrywing veroorsaak nie, maar 'n edele en goeie werk verrig deur hulle state op te bou ten spyte van Engelse inmenging. Dit was die republieke wat beroof, gedwarsboom, vervolg en beswadder is. Hy het dit as ongehoord beskou dat 'n politikus van Rhodes se kaliber, wat vir sy posisie van die genade van die Afrikanerbond afhanklik was, so beledigend en onbesonne van mense kon praat wat oneindig meer vir Suid-Afrika beteken het as Rhodes en sy finansiële bende. Dit het van die uiterste gebrek aan takt getuig. Hy het Rhodes verseker dat die Afrikaner met sy nasionale aspirasies sou bly voortbestaan. Hy het dit as 'n groot jammerte beskou dat die pad na unie met soveel dorings besaai moes word. Vir hom was die toespraak 'n baken in Suid-Afrikaanse politiek. "If Mr. Rhodes has his will, and money continues to exercise due sway, it forms the starting point for some forced march of Imperialism, and the closing point of a sensible Africander policy."⁶⁶ Hy het 'n beroep op die Kapenaars gedoen om die ware belange van Suid-Afrika na te streef deur met die res van die land saam te werk in teenstelling met Rhodes se voorneme om die kaart van Afrika te kleur op 'n wyse wat sy vyandigesindheid jeens die republieke getoon het. Hy het sy beleid duidelik uitgespel: hy wou die republieke inperk en hulle invloed uitwis. Sy idee van 'n Suid-Afrikaanse unie was om die Kaapkolonie se grense uit te brei en die onafhanklike republieke te absorbeer. Dit was "the union of the lion and the lamb - with the lamb inside",⁶⁷ het Borckenhagen gespot. Rhodes se optrede het die hoop op 'n

66. *Ibid*, 14 April 1891.

67. *Ibid*, 6 Okt. 1891.

billike oplossing van die Swazilandkwessie en 'n algemene tolonie laat verdwyn. Die Vrystaat sou moes besin oor die wenslikheid om in die tolonie met die Kaapkolonie te bly.⁶⁸

Weer en weer het Borckenhagen teruggekom na hierdie toespraak. Hy het beklemtoon dat dit vir hom onaangenaam was om Rhodes aan te val, want hy het gehoop dat hy die man was wat Suid-Afrika as staatsman en patriot sou lei tot almal se bevrediging. Sy teenstand teen Rhodes het niks daarmee te make gehad dat hy 'n Engelsman was nie. Syns insiens was daar geen beter man as 'n invloedryke en flinke Engelsman om die groot probleme van Suid-Afrika op te los nie, want Engeland sou so 'n leier vertrou. Hy moes egter sy invloed op so 'n manier gebruik dat ander gemeenskappe se regte en gevoelens gerespekteer word. Hy was bereid om ver terug te leun om Rhodes te steun. Rhodes het egter net sy eie belang gesoek en wou sy sukses met die amalgamasie van De Beers en Kimberley herhaal deur Suid-Afrika op sy manier te amalgameer. Die implikasie van sy versekering dat hy Suid-Afrika sou verenig, was dat hy die republieke sou uitwis. Hy is daarin gerugsteun deur die Britse openbare mening, soos in *The Times* weerspieël. Hulle wou geen ander regeringsvorm in Suid-Afrika sien as direkte beheer deur die Britse regering nie. Rhodes het Suid-Afrikaners se gevoelens geminag en aan Afrikaners buite die Afrikanerbond aanstoot gegee. "It is for that reason that our former sympathy and support must be withdrawn, to be replaced by the straightest opposition. We want the rest of South Africa duly acknowledged ..", het hy verklaar.⁶⁹ Dit het hom gegrief dat Bondslede by die kongres Rhodes toegejuig het toe hy gesê het: "I will take that country, although I will allow you to live in it, and having added to my influence and power, I will repaint the map of South Africa". Hy het van die land wat Borckenhagen as deel van Suid-Afrikaners se erfenis beskou het, gepraat as "my new land". Die Bond het hom verbind om Rhodes te help om, soos Borckenhagen dit gestel het, Suid-Afrikaanse gevoelens onder die voete te vertrap in ruil vir aandele, grond en onbenullige toegewings op plaaslike vlak.⁷⁰ Rhodes se doel was Britse oorheersing in Suid-Afrika. Om die Bond se steun te behou, het hy hulle gesteun met betrekking tot die inperking van stemreg aan Swartes, die taalkwessie, aksyns en die sogenaamde strop- of lyfstrafwet. Borckenhagen het beweer dat Rhodes niks

68. *Ibid*, 21 April 1891 en 12 Jan. 1892.

69. *Ibid*, 21 en 28 April 1891.

70. *Ibid*, 28 April 1891.

omgegee het vir enige van hierdie "tender points of Africander faith" nie, en wanneer hy sy doel bereik het, sou hy wel daarvan ontslae raak.⁷¹ Wat Borckenhagen betref, was dit 'n ongelyke stryd - Rhodes het alles gekry wat hy wou hê, Hofmeyr en die Bond weinig.⁷²

Ten spyte van die Bond se toejuiging tydens Rhodes se toespraak, het sy mondstuk, *De Zuid Afrikaan*, daarop gewys dat sy uitlatings samewerking tussen hom en die Bond skipbreuk kon laat ly - Rhodes het nie besef hoe magtig die gevoel van verbondenheid van Kaapse Afrikaners met hulle republikeinse volksgenote was nie. *Di Patriot*, daarenteen, het beweer dat die toespraak misverstaan is. Rhodes wou broederlik met die twee republieke saamwerk. Volgens *De Express* was dié koerant die spoor heeltemal byster.⁷³

Borckenhagen het na aanleiding van die toespraak 'n "zeer opgewonden brief" aan Hofmeyr geskryf waarin hy met hom gesimpatiseer het "over de moeilike positie, waarin hÿ geplaatst werd door de toespraak van een man die, volgens zÿn eigen erkenning, de Republieken zoude willen uitdelgen en wiens doel is om onze wettige sfeer van invloed te beperken en aan banden te leggen." Hofmeyr het dadelik geantwoord: "Ik geef niet toe, dat er reden voor uw verontwaardiging bestaat. Schryf aan de man zelf en gÿ zult vinden, dat gÿ verkeerd hebt".⁷⁴ Borckenhagen was ongelukkig oor Hofmeyr se steun aan Rhodes, maar het steeds hoë agting vir hom gekoester en in tye van krisis was hulle gereeld in voeling met mekaar.

Rhodes en die Britse regering het verdere pogings aangewend om Transvaalse uitbreiding na die noorde te keer. In ruil vir die prysgawe van aansprake op die noorde, het Kruger in Mei 1889 die versekering geëis dat hy na die ooste kon uitbrei en 'n hawe aan die ooskus kon bekom. Die enigste moontlikheid van 'n hawe was Kosibaai wat in 'n klein strokie sogenaamde niemandsland geleë was. Een van die eerste stappe in dié rigting sou wees om beheer oor Swaziland te verkry en om daarna die gebiede van Zambaan en Umbegisa in te lyf.⁷⁵ Op die ou end is die onderhandelings oor Swaziland oor jare uitgerek. Hoë kommissaris Robinson

71. *Ibid*, 23 Junie 1891.

72. *Ibid*, 29 Sept. 1891.

73. *Ibid*, 22 Sept. 1891.

74. Hofmeyr, J.H. en Reitz, F.W., *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 453.

75. Scholtz, pp. 403-404.

was ten gunste daarvan dat Transvaal Swaziland annekseer en Kosibaai kry, maar die Britse publiek was daarteen gekant. Die Britse regering het sir Francis de Winton as spesiale kommissaris na Swaziland gestuur om ondersoek in te stel na die beste wyse van regering vir die land. De Winton het aanbeveel dat Transvaal die land annekseer en toegelaat word om na die ooste uit te brei mits hy sy aanspraak op die noorde prysgee, vryhandel met die Kaapkolonie toestaan, tot 'n tolunie toetree en die aanlê van spoorlyne van die kuskolonies na Transvaal toelaat. Weens die openbare mening se afkeur van die oorgawe van Swaziland kon die Britse regering dit nie waag om De Winton se aanbevelings ten volle uit te voer nie. Borckenhagen het gewonder wat die Britse openbare mening met Swaziland te make gehad het.⁷⁶ Op 5 Maart 1890 is Robinson se opvolger, sir Henry Loch, laat weet dat die bestuur van Swaziland gesamentlik deur Transvaal en Brittanje behartig moes word. Loch het Kruger op 12 en 13 Maart 1890 by Blignautspont aan die Vaalrivier ontmoet, onder andere om hom te probeer oorreed om af te sien van sy eis om oor Swaziland te regeer. Die voorlopige regering is tot 18 Augustus verleng en 'n ooreenkoms opgestel. Paul Kruger het onderneem om dit by die Uitvoerende Raad en die Volksraad aan te beveel en Loch sou probeer om die Britse regering tot verdere toegewings oor te haal. Die Volksraad wou die ooreenkoms nie goedkeur nie en Loch het gedreig met militêre optrede indien dit nie op 18 Julie onderteken was nie. Jan Hofmeyr is na Pretoria gestuur om die Transvalers tot ondertekening te oorreed. Die Britse regering was nie bereid om Transvaal se aanspraak op Swaziland, wat voor die anneksasie van 1877 deel van die Republiek was, te erken nie, slegs om die beheer oor die land met Transvaal te deel en dan moes Transvaal aan De Winton se voorwaardes voldoen. Al wat aan Transvaal toegestaan is, is 'n smal strook deur Swaziland vir die aanlê van 'n spoorlyn na Kosibaai. Vir vier weke het Hofmeyr die Transvalers bearbei en was daar heelwat korrespondensie tussen hom en Loch en die Britse regering. Dié regering was net bereid om geringe veranderings aan te bring, onder andere dat Transvaal geen vryhandel aan die Kaapkolonie sou toestaan voordat hy lid van 'n tolunie was nie en dat hy nie lid van 'n tolunie sou word voordat hy nie 'n eie hawe gehad het nie. Nadat Loch laat weet het dat troepe van Natal op pad was, is die Swazilandse konvensie op 2 Augustus 1890 geteken. Hofmeyr het vooraf besef dat hy hom die gramskap van die Transvalers op die hals sou haal, maar het vas geglo

76. *De Express*, 16 Junie 1893.

dat hy 'n oorlog afgeweer het.⁷⁷ Paul Kruger het dit nie geglo nie en vir hom was Hofmeyr se optrede 'n bitter pil om te sluk.⁷⁸ Dit het verwydering tussen Transvaal en die Kaapkolonie veroorsaak. Na talle konferensies en verdragings en die stel van etlike voorwaardes, onder andere dat daar geen spoorlyn verby die Swazilandse grens gebou sou word sonder 'n verdere konvensie en die goedkeuring van die Britse regering nie,⁷⁹ is Transvaal uiteindelik in 1894 toegelaat om Swaziland as protektoraat te bestuur. Die land is nooit by Transvaal ingelyf nie. Borckenhagen het die konvensie as bedrog en nóg vis, nóg vlees beskryf.⁸⁰ Die doel waarvoor Transvaal Swaziland wou verkry, is kort daarna verydél toe verdere ooswaartse uitbreiding deur Brittanje gekortwiek is.

Borckenhagen het aanvanklik die hoop gekoester dat Transvaal billik behandel sou word met betrekking tot Swaziland. Veral Hofmeyr se betrokkenheid was vir hom 'n waarborg daarvoor. Nadat die 1890-konvensie onderteken is, het hy geskryf dat dit hom platgeslaan het. Hy was verbaas dat Kruger dit onderteken het. Daar is weinig toegestaan en die voorwaardes daaraan verbonde het alle waarde van die toegewings weggeneem. Loch het nie by internasionale etiket gehou nie en het nie versierendheid getoon nie. Hy het bullebakkery gebruik en ultimatus gestel.⁸¹ Sulke optrede het die hoop op 'n Suid-Afrikaanse unie vernietig. Transvaal sou nie tot 'n tolunie toetree nie. Hy het voorspel dat Transvaal mettertyd sou besef hoe waardeloos die konvensie was en die idee van 'n hawe by Kosibaai sou opgee en met Delagoabaai tevrede sou wees.⁸² Hy was baie ongelukkig met Hofmeyr en die Afrikanerbond se steun aan die Britse regering in die Swazilandkwessie en het in 1893 beweer dat hulle 'n plaaslike en selfsugtige motief gehad het. Hulle wou die Zuid-Afrikaansche Republiek⁸³ verplig om tot 'n tolunie toe te tree waarby individuele lede van die Bond (die wynboere) in die besonder sou baat.⁸⁴ Die republieke het nie net 'n stryd teen Rhodes se imperialisme gevoer nie, maar ook teen Hofmeyr en andere se kolonialisme. Borckenhagen het herhaaldelik teen die verdragingstaktiek en

77. Scholtz, pp. 434-448.

78. *Ibid*, p. 449.

79. *De Express*, 17 Nov. 1893.

80. *Ibid*, 28 Des. 1894.

81. *Ibid*, 28 Junie 1892.

82. *Ibid*, 12 Aug. 1890.

83. Hierna afgekort na ZAR.

84. *De Express*, 27 Jan. 1893.

die voorwaardes wat in die Swaziland-kwessie gestel is, beswaar gemaak en was bly dat die Vrystaatse Volksraad 'n amptelike standpunt ingeneem het. Die Raad het aan pres. Reitz opdrag gegee om die Britse regering te vra om die kwessie spoedig op te los.⁸⁵ In 1894 het die Britse regering gesê dat die Swazi-koningin teen die ooreenkoms tussen Loch en Kruger geprotesteer het en in die Britse laerhuis is Transvaal as 'n korrupte regering voorgelê. Borckenhagen het dit "a mere piece of hypocritical impertinence with probably some speculative interest at the bottom of it" genoem. Op 28 Junie 1894 het die Vrystaatse Volksraad eenparig sy meegevoel met die Transvaalse regering oor die Swaziland-kwessie uitgespreek.⁸⁶

In ruil vir vae beloftes van ooswaartse uitbreiding met die ondertekening van die Swaziland-konvensie, moes pres. Kruger onderneem om nie noordwaarts uit te brei nie. In 1890-1891 het 'n groep Afrikaners onder leiding van L. D. Adendorff wat oor 'n konsessie vir vestiging in Banjailand beskik het, 'n trek daarheen georganiseer. Rhodes het alles in sy vermoë gedoen om die trekkers uit die gebied wat hy vir sy geoktrooieerde maatskappy toegeëien het, te weer. Hy het hom tot die imperiale sekretaris aan die Kaap, sir Graham Bower, die nuwe hoë kommissaris, sir Henry Loch en die Afrikanerbond en sy leier, Jan Hofmeyr, gewend. In sy gewraakte toespraak voor die Afrikanerbond te Kimberley op 30 Maart 1891, waarna vroeër verwys is, het hy sy doelstelling met uitbreiding na die noorde aan die Bond geskets en duidelik te kenne gegee dat hy nie mededinging sou duld nie. Die Bond het hom toegejuig en sy steun aan en bondgenootskap met Rhodes daar beseël.⁸⁷ Hofmeyr het 'n vergadering vir 13 April 1891 in die Paarl belê met Rhodes as spreker en 'n week later was hyself die voorsitter van 'n vergadering te Kaapstad. Die doel van die vergaderings was om Kaapse Afrikaners se steun vir Rhodes se planne in die noorde te werf en om die Adendorff-trek te veroordeel. Die gevolg van die vergaderings was 'n deputasie wat toestande in die noorde moes gaan ondersoek en 'n omsendbrief aan Bondslede, onderteken deur Jan en A. B. Hofmeyr, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die Kaapse Bondstak, waarin hulle teenstand teen die Adendorff-trek verduidelik is. Daarin is gewaarsku dat die gebied waarheen hulle wou trek, binne die Britse invloedssfeer geval het en

85. *Ibid*, 28 Junie 1892.

86. *Ibid*, 29 Junie 1894.

87. Hofmeyr en Reitz, pp. 451-453.

dat die trek geweld tot gevolg kon hê. Engeland kon selfs met geweld teen een of meer Suid-Afrikaanse state optree.⁸⁸ Trekkers is aangeraai om net onder die vleuels van die BSA Co. na die noorde te gaan. Borckenhagen het ten sterkste teen die Afrikanerbond se optrede geprotesteer. Volgens hom het die Bond nou te ver gegaan in sy ondersteuning van Rhodes. Hy was veral gebelgd omdat die Bond die republieke verantwoordelik wou hou vir trekkers se optrede. Die trekkers het niks met regerings te make gehad nie en Paul Kruger het reeds die versekering gegee dat hy teen die trek gekant was. Hy het gewonder of die Bond 'n konfliktsituasie wou skep en het die insinuasie dat die trek 'n burgeroorlog tot gevolg kon hê, as belaglik beskou. Dit was vir hom 'n tragedie dat die Bond hom soos 'n pion op 'n skaakbord deur Rhodes laat gebruik het. Die Bond se invloed was so groot dat as dit nie vir "the wholesale bribery and corruption of that wonderful national and dazzling concern" was nie, sake soveel anders kon verloop het. Ten slotte het hy daarop gewys dat Adendorff tog 'n soort van 'n konsessie om die gebied te bewoon, gehad het, terwyl Rhodes net mineraleregte gehad het.⁸⁹

Borckenhagen het dit betreur dat die Afrikanerbond, wat gestig is met die doel om nasionalisme te bevorder, so afvallig van sy beginsels geword het dat hy 'n beleid van Britse inmenging teen die regte en belange van Suid-Afrikaners gesteun het.⁹⁰

Loch het 'n brief aan Paul Kruger gestuur met dreigemente van gewapende optrede van Britse soldate as gevolg van die beweerde skending van die Londense Konvensie, 'n verwysing na die Swaziland-konvensie en beloftes van uitbreiding na die ooskus. Dit het Kruger oorreed om op 25 April 1891 'n proklamasie uit te vaardig om die trek te verbied. Die hoë kommissaris het vervolgens 'n aantal lede van die Betsjoeanalandse polisie na die grens gestuur om te verhoed dat die trekkers oor die rivier gaan.⁹¹ Borckenhagen het Rhodes verantwoordelik gehou vir die dreigbrief en gevra of sy aanspraak dat hy 'n Afrikaner was, nie 'n masker was nie, "concealing plans and thoughts which will provide a sorry day for Africanders when they discover their true aim and

88. *Ibid*, pp. 458-459.

89. *De Express*, 5 Mei 1891.

90. *Ibid*, 5 Julie 1892.

91. Lockhart en Woodhouse, p. 181; Scholtz, pp. 423-424 en 427-429.

real meaning".⁹² Wat Loch betref, het Borckenhagen hom van "irrational bullying and bluster" en aggressiewe imperialisme beskuldig.⁹³ Met sy hooghartige en arrogante optrede het hy die plofbare situasie vererger.⁹⁴

Rhodes het hom intussen met twee belangrike take besig gehou. Nog voordat die oktrooi geteken is, het hy die spoorlyn van Kimberley na die noorde begin verleng. Sy eerste taak nadat die oktrooi toegestaan is, was om pioniers na die gebied te stuur. Teen die middel van Augustus 1891 was hulle in Masjionaland gevestig.⁹⁵

Op 7 Mei 1891 het Carel, tweede seun van pres. Brand, in die ouderdom van 37 jaar in Manikaland, een van die noordelike gebiede, aan koors gesterf. Borckenhagen het die gebied "the Chartered fever-trap" genoem en van toe af het hy dit as ongeskik vir blanke bewoning beskou.⁹⁶ Dit was net in die winter veilig,⁹⁷ en sou net slaag as die minerale rykdom baie betalend was.⁹⁸ Ene Van Heerden van Ladybrand was besig om 'n trek van Vrystaters onder die vlag van die BSA Co. te organiseer. Borckenhagen het Vrystaters afgeraai om na die noorde te gaan omdat hy hulle lewens te kosbaar geag het om daar te gaan opoffer sodat imperialiste en spekulante soos Rhodes se ideale verwesenlik en hulle sakke gevul kon word. Die Kaapse politikus, John X. Merriman, het die imperiale regering juis aangeraai "to ride into the interior 'on the back of the Boer'". Afrikaners moes hulle nie so laat verneder om as ander se pakosse gebruik te word nie.⁹⁹ Deur te gaan, sou hulle die republikeinse saak verraai, want hulle sou Rhodes help om die republieke in te perk. Hulle sou ook help om verdeeldheid onder Suid-Afrikaners te saai.¹⁰⁰ Die republieke het hulle nodig gehad, want daar was nog 'n groot behoefte aan ontwikkeling.¹⁰¹ Hulle vertrek na die noorde sou die Afrikanerdom in die suide verswak en imperialisme in die noorde versterk. Die imperialiste het niks vir Afrikaners omgee nie en wou hulle net gebruik om die vuilwerk te doen.¹⁰² Die

92. *De Express*, 26 Mei 1891.

93. *Ibid*, 15 Des. 1891.

94. *Ibid*, 29 Des. 1891.

95. Lockhart en Woodhouse, p. 186.

96. *De Express*, 7 Julie 1891.

97. *Ibid*, 18 Aug. 1891.

98. *Ibid*, 1 Jan. 1892.

99. *Ibid*, 12 Jan. 1892.

100. *Ibid*, 21 Julie 1891.

101. *Ibid*, 29 Sept. 1891.

102. *Ibid*, 22 Des. 1891.

administrasie van die noorde het ook veel te wense oorgelaat. Tydens sy eerste besoek aan Masjonaalands in Oktober 1891 het die waaksaamheidskommissie 'n lang lys griewe aan Rhodes voorgelê. Die inwoners wou seggenskap in eie sake hê en was bitter oor die arbitrêre optrede en dreigemente van amptenare.¹⁰³ Hulle griewe was veel meer substansiële as dié van die Uitlanders in Transvaal wat Rhodes nie geskroom het om as genoegsame grond aan te voer vir sy inval in Transvaal in 1895/96 nie. Hulle het nog nie die 3 000 akkers of die goudkleims gekry wat aan hulle beloof is nie. Van die goud wat as lokmiddel voorgehou is, was daar min sprake. Die administrasie het die helfte van die opbrengs opgeëis wanneer goud wel gevind is. Daar was geen behoorlike kommunikasiemiddele nie en in die reënseisoen is alle paaie weggespoel en die pioniers heeltemal van mekaar afgesny. Alles moes teen geweldige pryse ingevoer word en kos en arbeid was baie skaars. Heelwat pioniers het al weens koors en hongersnood omgekóm en baie het padgegee. Boonop was die finansiële posisie van die BSA Co. haglik. Van die 2 miljoen rand aanvangskapitaal is die helfte reeds opgebruik en daar het feitlik geen geld ingekom nie. Dr L. S. Jameson, Rhodes se boesemvriend sedert 1878 wat van die begin af sy regterhand in die ontwikkeling van die noorde was en in Augustus 1891 as residensiële kommissaris aangestel is,¹⁰⁴ het die aantal polisiemanne drasties besnoei en dit het die blanke inwoners se veiligheid in gevaar gestel.¹⁰⁵ Borckenhagen se siening dat die gebied op daardie tydstip te onveilig en ongesond vir blanke bewoning was, was dus korrek.

Borckenhagen het *The Friend* en koloniale koerante heftig gekritiseer omdat hulle Rhodes se naakte imperialisme gesteun en boere weggelok het na Masjonaalands waar daar nie 'n mark vir hulle produkte of enige ander wyse van lewensonderhoud was nie. Kapitaliste sou nie bereid wees om meer geld in die land te pomp nie en indien die BSA Co. te gronde sou gaan, sou hierdie nasate van Voortrekkers onder direkte imperiale bestuur kom.¹⁰⁶ "We shall never cease to deplore - and to condemn as prejudicial to South African interests - the action of Mr Rhodes, by which he has brought the Imperial Government once more into conflict with South African sentiment and a sensible South African policy", het

103. *Ibid*, 3 Nov. 1891.

104. Lockhart en Woodhouse, p. 249.

105. *Ibid*, pp. 245-250.

106. *De Express*, 26 April 1892.

Borckenhagen geskryf.¹⁰⁷ Hy het 'n artikel uit *Greater Britain* aangehaal om te toon hoe arrogant hierdie imperiale faktor was. Volgens die blad sou die sukkelende massa stemgeregtigdes in Brittanje, sodra hulle seker was dat die gebiede in Afrika oorgeloop het van melk en heuning, 'n beleid steun, "no matter how aggressive, which secures to them a heritage at the expense of the retrogressive Boers and the Portugese, and which must include the mouths of the Zambesi and Delogoa Bay. ∴ capital and population, eager for a Colonial outlet, will flow into them with magical facility".¹⁰⁸

Rhodes het van krag tot krag gegaan. Dit het gelyk asof hy met alles wat hy aangepak het, sukses behaal het. Hy het oor 'n besondere ooredingsvermoë beskik en as dit nie geslaag het nie, het hy geen gewetensbeswaar gehad om 'n prys te betaal nie. Hy het geglo elke man het sy prys. Werk dit ook nie, het hy nie geskroom om te neem wat hy wou hê nie. Omdat sy noordwaartse uitbreiding deur en deur imperialisties van aard was, het hy geweet dat hy die steun van die magtige Britse ryk agter hom gehad het.¹⁰⁹ Sy optrede tydens die Matebele-oorlog van 1893 is aanvanklik heftig deur die Britse publiek en veral die Radikale parlamentslede gekritiseer, maar die openbare mening het heeltemal omgeswaai nadat hy sukses behaal het. Die Britse regering het sy ooreenkoms met die Matebeles waarvolgens die BSA Co. die land in besit geneem, die Swartes in twee reservate geplaas en 'n deel van die gebuite beeste aan hulle oorhandig het, op 18 Julie 1894 goedgekeur.¹¹⁰ Borckenhagen se houding oor die oorlog word in die hoofstuk oor anderskleuriges bespreek. Na die oorlog het hy geskryf dat Rhodes se imperialistiese vriende in Londen, die Konserwatiewe party, die Unioniste en die Rosebery-tipe Liberale hom voortaan sou toelaat om te doen net wat hy wou. "He is their great Englishman, who has done well in securing Mashonaland; who has done wonders in securing Matebeleland, and who may be trusted to do much more for the cause", het hy geskryf.¹¹¹

Spedig het Rhodes sy sukses in die noorde opgevolg met die anneksasie van Pondoland op 18 Maart 1894. Weer eens het

107. *Ibid*, 18 Aug. 1891.

108. Aangehaal in *De Express*, 3 Nov. 1891.

109. *De Express*, 7 Nov. 1893.

110. Lockhart en Woodhouse, pp. 268-270.

111. *De Express*, 7 Nov. 1893.

Borckenhagen Rhodes se optrede heftig gekritiseer.¹¹² Hy was verwonderd oor die Britse regering se verandering van koers: "The most remarkable and novel feature in the Pondoland affair is the complete manner in which the Imperial Government has abdicated what it seems always to have regarded as its special functions. A Colonial Premier has been left at liberty to levy war upon and to dictate terms to a tribe which has hitherto been regarded as independent". Hy sou dit verwelkom as dit algemene praktyk sou word dat Brittanje nie in Suid-Afrikaanse sake inmeng nie, maar die optrede was net tot Rhodes beperk. In die geval van 'n republikeinse president was daar "the most exacting supervision."¹¹³

Gedurende 1893 het Borckenhagen telkens gewaarsku teen die onbeperkte mag van Rhodes. Sy drieledige posisie as eerste minister van die Kaapkolonie, voorsitter van De Beers en van die BSA Co. het hom in staat gestel om te doen wat hy wou. 'n Kaapse parlamentslid, ene O'Reilly, het 'n mosie van sensuur teen Rhodes ingedien omdat sy belang by die BSA Co. hom sy pligte in die Kaapkolonie laat verwaarloos het. Borckenhagen het bygevoeg dat Rhodes nie die belang van Suid-Afrika gesoek het nie, maar net van die noorde. Die Kaapse parlement het egter aan Rhodes vrye teuels gegee deur die mosie met 56-2 te verwerp. Borckenhagen het dit as 'n kwade dag vir konstitusionele en politieke vryheid bestempel wanneer een man "gains so complete an ascendancy", nie vanweë sy patriotisme of dienste gelewer nie, maar vanweë sy rykdom en sakevernuf.¹¹⁴ Geld is mag en Rhodes het nie geskroom om sy eie rykdom en dié van die De Beers-diamantmaatskappy, sonder raadpleging of inagneming van die aandeelhouders, aan te wend om invloed uit te oefen nie.¹¹⁵ Borckenhagen was reg. Van die begin af was Rhodes van plan om De Beers se geld vir sy skemas om na die noorde uit te brei, 'n spoorwegstelsel oor die hele vasteland te bou en 'n groot dominium tot stand te bring, te gebruik. Voordat die maatskappy tot stand gekom het, het hy baie tyd daaraan bestee om Barney Barnato, wat toegestem het om te amalgameer, te oorreed om 'n trustakte goed te keur waarin die wydste magte aan die maatskappy toegeken sou word. Na 'n finale sessie van agtien uur het Barnato ingegee. By 'n

112. Breedvoeriger bespreek in die hoofstuk oor anderskleuriges.

113. *De Express*, 20 April 1894.

114. *Ibid*, 26 en 30 Junie 1893.

115. *Ibid*, 12 Sept. 1893.

vergadering van aandeelhouders is die trustakte goedgekeur. Die magte wat toegeken is, was om enige soort mynbou aan te pak, spoorweë te bou, water te voorsien, as bankiers op te tree, lande te annekseer en te regeer, 'n leër op die been te bring en oorlog te voer. Rhodes het die tyd nog nie ryp geag om die aandeelhouders in te lig oor sy planne met die noorde nie.¹¹⁶

Rhodes se planne was groots en terwyl hy die breë lyne getrek het, het hy die fynere besonderhede aan sy minderes oorgelaat. Hy sou nie toelaat dat iets in sy pad staan nie en het enige middel gebruik om sy doel te bereik. Sy grootste probleem was sy swak gesondheid en hy het gevrees dat hy sou sterf voordat hy sy doel bereik het. Hy het 'n aantal hartaanvalle en ander gesondheidsprobleme gehad en dit het hom ongeduldig gemaak sodat hy steeds meer van kortpaaie gebruik gemaak het. Dit het ook sy oordeelsvermoë aangetas.¹¹⁷

Borckenhagen was bedug op die gevaar wat die situasie vir die republieke se onafhanklikheid ingehou het. Hy het besef dat die vyand magtig was en dat die republieke waaksaam moes wees. Dit is daarom dat hy so genadeloos op Rhodes se spoor gebly het. Daar het min uitgawes van sy koerant verskyn waarin hy Rhodes, wat hy "one of the most reckless and unscrupulous adventurers" genoem het, nie aangeval het nie. Rhodes se optrede het die republieke se vertroue in Brittanje geknou sodat hulle na Duitsland, 'n semi-outokratiese land, opgesien het vir beskerming¹¹⁸ en op die goedgesindheid van die Europese volke gehoop het. Hierdie optrede was gemik teen die republieke se politieke en ekonomiese onafhanklikheid en het onder beskerming van die Britse vlag en met die hulp en goedkeuring van Britse diplomatieke agente soos sir Jacobus de Wet in Pretoria en sir Henry Loch in Kaapstad plaasgevind. Borckenhagen het geglo dat dit Rhodes se doel was om Suid-Afrika deur die smeltkroes van konfederasie te laat gaan;¹¹⁹ daarom moes republikeine op hoogte bly van die strategieë wat teen hulle aangewend is. Die Vrystaatse en Transvaalse regerings moes nie foute maak wat die vyand die geleentheid gebied het om in te meng nie en hulle moes ten nouste saamwerk om 'n verenigde front te vorm.

116. Lockhart en Woodhouse, pp. 119-122.

117. *Ibid*, pp. 217-218.

118. *De Express*, 28 Des. 1894.

119. *Ibid*, 28 Des. 1894 en 1 Jan. 1895.

Teen Maart 1895 het hy teruggekyk op vyf jaar van 'n felle imperiale aanslag om die Afrikaners uitmekaar te dryf en so in die kake van kommersiële imperialisme te laat beland. Hy was tevrede dat die republikeinse weerstand tot op daardie tydstop die aanslag afgeweer het en het gemeen dat die tyd aangebreek het om aan te val en nie net te verdedig nie. Daarmee het hy nie aggressie bedoel nie, maar dat Afrikaners moes saamstaan veral wat die kwessies van spoorweë en 'n tolunie betref. Dit kon 'n saambindende faktor in die algemene belang van Suid-Afrika word. Die Vrystaat moes die rol van tussenganger vervul.¹²⁰ Syns insiens het die Transvaalse regering se weiering om aan die tolunie deel te hê, getuig van 'n wanopvatting van die Suid-Afrikaanse situasie. Deur die leidende posisie in 'n tolunie in te neem, kon Transvaal juis 'n belangrike rol speel in die stryd teen imperialisme en kolonialisme. Dit sou verhoed dat die tolunie deur imperialiste ingespan word om deel te word van 'n imperiale tolunie soos by die Ottawa-konferensie in 1894 voorgestel is. Hy het gemeen dat dit die belangrikste besprekingspunt in die aanstaande samesprekings tussen 'n Vrystaatse en Transvaalse deputasie moes wees.¹²¹

Verwikkelinge in die Britse politiek het in Rhodes se guns verloop. Teen Maart 1894 het Gladstone as eerste minister bedank en lord Rosebery het hom opgevolg. Gladstone was teen aggressiewe imperialisme gekant; Rosebery was 'n imperialis wat sy volk aangeraai het om 'n beleid van "pegging out claims for futurity" te volg¹²² en 'n lofrede oor Rhodes se Matebeleveldtog gelewer het. Borckenhagen het tereg gemeen dat Rhodes hartliker offisiële seën as voorheen sou kry. Rosebery was die skoonseun van lord Rothschild met wie se finansieringsinstansie Rhodes sake gedoen het.¹²³

Aggressiewe imperialisme het dus reeds tydens die Liberale regering van lord Rosebery in Brittanje die oorhand gekry. Die Britse regering wou, soos Rhodes, 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag hê en in die harte van die meeste Britte was daar 'n begeerte om Majuba te wreek. Daar is steeds meer geglo dat dit 'n fout was om onafhanklike republieke tot stand te bring. "It is as if the Pharaohs who

120. *Ibid*, 22 en 29 Maart 1895.

121. *Ibid*, 19 en 23 April 1895.

122. *Ibid*, 28 Junie 1895.

123. *Ibid*, 23 Maart 1894; Lockhart en Woodhouse, p. 161.

in 1852 and 1854 .. assented to Republican independence in South Africa, had repented that they had let Israel go from serving them", het Borckenhagen op sy kenmerkende beeldryke wyse verklaar.¹²⁴ Die oppergesag van Brittanje in Suid-Afrika moes gehandhaaf word en dus kon Transvaal met sy minerale rykdom nie toegelaat word om te sterk te word nie. Hy moes ook nie 'n eie hawe bekom nie, want dit sou hom te onafhanklik maak en ook aan ander moondhede die moontlikheid van 'n vastrapplek aan die Suid-Afrikaanse kus bied. Rhodes, wat dieselfde siening gehad het, het dit dus nie moeilik gevind om steun vir sy planne te werf nie, veral aangesien hy die Britse ryk wou uitbrei en self die fondse voorsien het.

Borckenhagen het tereg beweer dat Rosebery se regering net in naam Liberaal was.¹²⁵ Gedurende die laaste paar maande van Liberale regering in 1895 het Rhodes die koloniale kantoor oorreed om sir Hercules Robinson as hoë kommissaris en goewerneur aan te stel en die regering het Tongaland op 16 Maart 1895 geannekseer. Dit het die einde van Paul Kruger se droom van 'n eie hawe beteken en was 'n verbreking van beloftes wat met die sluiting van die eerste Swaziland-konvensie in 1890 aan Transvaal gemaak is. Tongaland was die gebied tussen die Swazilandse grens en die Pongolarivier met Umbegisa en Zambaan as opperhoofde wat Kruger gemeen het om in te lyf.

Die ZAR het sonder enige sukses beswaar teen die anneksasie aangeteken. Borckenhagen het van die begin af nie waarde geheg aan Kosibaai as hawe nie¹²⁶ en Paul Kruger het ook reeds bedenkinge daarvoor gehad, maar dit was 'n kwessie van beginsel. Oor 'n tydperk van maande het Borckenhagen te velde getrek teen hierdie "rank, unadulterated Imperialism".¹²⁷

Borckenhagen het gevrees dat daar 'n tydperk van "disturbance and distrust far more serious than any which it has yet undergone" op Suid-Afrika gewag het. Hy het algaande tot die oortuiging gekom dat die enigste rede vir die anneksasie was om Transvaal van die kus af weg te hou en dit was ook moontlik dat Brittanje of die kolonies 'n rede gesoek het om teen Transvaal oorlog te maak. Suid-Afrika was

124. *De Express*, 14 Mei 1895.

125. *Ibid*, 26 April 1895.

126. *Ibid*, 12 Aug. 1890.

127. *Ibid*, 10 Mei 1895.

'n kruittvat en Borckenhagen was seker dat as Rhodes dit in sy belang geag het om die vuurhoutjie te trek, hy dit sou doen ongeag of duisende mense opgeoffer moes word of nie. Borckenhagen het Transvaal aangerai om kalm te bly, enige rusie met die Britse regering te vermy en saam met die res van Suid-Afrika teen die Kaapkolonie te werk.¹²⁸ Transvaal was juis in 'n tariewestryd met die Kaapkolonie gewikkel.

Die Britse regering se offisiële verduideliking vir die anneksasie het gelui dat ene magistraat Saunders in 1889 'n verslag aan die Britse regering gestuur het waarvolgens die swart inwoners van die gebied gevra het om deur Brittanje geannekseer te word. Borckenhagen was seker dat die Shepstones wat vir die anneksasie van Transvaal in 1877 verantwoordelik was, Saunders gebruik het en dat sir Henry Loch die finale deurslag gegee het om so wraak te neem omdat Transvaal teen sy sin beheer oor Swaziland gekry het.¹²⁹ Loch het inderdaad 'n week nadat die Transvaalse Volksraad die Swaziland-konvensie op 13 Februarie 1895 goedgekeur het, by Ripon daarop aangedring om Tongaland te annekseer. Ripon het op 16 Maart toegestem, want dit was in ooreenstemming met sy eie mening. Hy was bevrees dat Duitsland Kosibaai sou gebruik indien dit in Transvaalse hande was. Duitsland het reeds in Oktober 1894 oorlogskepe na Delagoabaai gestuur. G. D. Scholtz wys daarop dat Brittanje wou verhoed dat 'n ander moondheid 'n hawe aan die Suid-Afrikaanse kus sou gebruik om die Britse seevaart na ander dele van die Britse ryk, veral Indië, te bedreig. Volgens hom het Ripon allerlei redes vir die anneksasie aangegee wat nie met die waarheid gestrook het nie. Hy het wel aan die Transvaalse konsul in Londen, Montagu White, erken dat hy bekommerd was dat Duitsland Kosibaai kon bekom.¹³⁰ Borckenhagen was dus reg om Loch te verdink, maar het verkeerdelik gemeen dat Ripon deur Loch mislei is en dalk onregverdiglik tot sondebok gemaak is.¹³¹ Die Vrystaatse Volksraad het die anneksasie eenparig veroordeel.¹³²

128. *Ibid*, 3 Mei 1895.

129. *Ibid*, 4 Junie 1895.

130. Scholtz, pp. 410-412.

131. *De Express*, 4 Junie 1895.

132. *Ibid*, 7 Junie 1895.

2. Sir Henry Loch

Borckenhagen het dikwels onvleiende aanmerkings oor hoë kommissaris se gemaak en dit op die republieke se ervaring in die verlede gegrond. Hulle was verantwoordelik vir die uitvoering van Britse beleid in Suid-Afrika, maar het volgens hom dikwels skade aangerig soos in die geval van sir Bartle Frere.¹³³ Hulle wou graag in die tydjie wat hulle gegun was om 'n gesagsrol in die land te vervul, hulle naam in die geskiedenis verewig.¹³⁴ Hy sou graag wou sien dat daar 'n einde moes kom aan "this playing of Imperial ignoramuses with the destinies of this country".¹³⁵ Hy het voorgestel dat die Kaapkolonie die reg moes hê om Brittanje te vra om 'n goewerneur te herroep.¹³⁶

Met fyn aanvoeling het hy sir Henry Loch van die begin af gewantrou. Hy het geglo dat Loch in die pad van Suid-Afrikaanse samewerking gestaan en onenigheid bevorder het omdat hy Rhodes se planne gesteun en 'n ooreenkoms oor Swaziland verdraag het. Hy was die oorsaak van die vyandiggesindheid tussen die republieke en die Kaapkolonie.¹³⁷

Na Loch se besoek aan Bloemfontein in Junie 1893, het Borckenhagen geskryf dat sy vyandiggesindheid jeens Loch geen geheim was nie. Hy het hom glad nie vertrou nie.¹³⁸ Loch het vir hom dieselfde "foxiness" as Frere gehad.¹³⁹ Hoe juis sy waarneming was toe hy geskryf het: "Sir Henry always had a tendency towards the martial, besides a hankering after map-painting",¹⁴⁰ het geblyk uit Loch se hantering van die Swaziland- en Uitlanderkwessies. Op 29 Mei 1890 het Loch Paul Kruger in 'n brief gedreig om Brittanje se wil met betrekking tot Swaziland met geweld op Transvaal af te dwing.¹⁴¹ Terwyl Hofmeyr in Pretoria teen sy sin maar met pligsgevoel geswoeg het om die Transvaalse regering te oorreed om die onaanneemlike voorwaardes van die ooreenkoms te aanvaar, het Loch minstens tweemaal gedreig dat troepe op

133. *Ibid*, 27 April 1894.

134. *Ibid*, 17 Nov. 1893.

135. *Ibid*, 6 Sept. 1892.

136. *Ibid*, 24 Febr. 1892.

137. *Ibid*, 31 Jan. en 1 Aug. 1893.

138. *Ibid*, 13 Junie 1893.

139. *Ibid*, 6 Okt. 1893.

140. *Ibid*, 27 Febr. 1894.

141. Hofmeyr en Reitz, p. 436.

pad na die Natalse grens was.¹⁴² Hofmeyr en Reitz skryf dat hy geen simpatie met Transvaal gehad het nie en volkome bereid was om die kans van 'n botsing te waag.¹⁴³ Borckenhagen was ook seker dat hy nie omgee het of die hele Suid-Afrika in vlamme opgegaan het nie.¹⁴⁴ Sy naam onderaan die Swaziland-konvensie was vir Borckenhagen die waarborg dat die hoofkenmerk "insolence and presumption" sou wees.¹⁴⁵

Sir Graham Bower, Loch se sekretaris, het sy hoof as vurig, ydel en impulsief en 'n man wat hy net gedurig moes probeer terughou, beskryf.¹⁴⁶ Hierdie kenmerke het nog duideliker in sy kontak met die Uitlanders na vore gekom as in die Swaziland-kwessie. In Junie 1894 is hy na Pretoria om met Paul Kruger oor Swaziland en die opkommandering van Britse burgers in die stryd teen die swart opperhoof, Malaboch, te beraadslaag. Die Uitlanders was in beroering oor die opkommandering en het op imperiale tussenkoms aangedring. Kruger het Loch op die stasie ontmoet, maar daar was ook 'n hele aantal Uitlanders wat 'n betoging op tou gesit en Kruger verneder het. Loch is deur die betogers meegesleur en agterna het hy heelwat deputasies ontvang waarin hy gevra is om die Uitlanders in hulle stryd om meer regte te help. Toe hy Lionel Phillips, hulle verteenwoordiger, te woord gestaan het, het hy die indruk geskep dat hulle op imperiale bystand kon reken. Vir Bower het hy gesê dat hy net sy hand moes lig en die Uitlanders sou van Transvaal 'n Britse provinsie maak. Hy was grootliks in die versoeking om na Johannesburg te gaan. Bower was hewig ontsteld en het gedreig om dadelik te bedank. Loch het besin en aan Kruger se versoek om nie na Johannesburg te gaan nie, gehoor gegee. Hy het egter voortgegaan om met die Uitlanders te korrespondeer. Na die gebeure in Pretoria het Borckenhagen geskryf dat dit ongelooflik was dat Loch 'n petisie van die Uitlanders in ontvangs geneem het voordat hy sy amptelike taak afgehandel het. Sy optrede was so 'n "scandalous breach of international etiquette, that we despair of finding expression for the sense of indignation ..".¹⁴⁷

Aan lord Ripon, die koloniale sekretaris, het Loch laat weet dat daar te eniger tyd 'n uitbarsting in Johannesburg kon

142. *Ibid*, pp. 441 en 443.

143. *Ibid*, p. 436.

144. *De Express*, 25 Junie 1895.

145. *Ibid*, 17 Nov. 1893.

146. Lockhart en Woodhouse, pp. 297-298.

147. *De Express*, 29 Junie 1894.

wees en dat hy voorbereidings moes tref vir gewapende steun in die vorm van 'n versterkte mag van sowat 5 000 naby die Transvaalse grens. Hyself het 'n imperiale mag te Mafeking geplaas. Ripon was heeltemal gekant teen Loch se voorstelle en het die eerste geleentheid om hom terug te roep, aangegryp. Loch het dus 'n opstand verwag en was bereid om, nadat dit uitbreek het, 'n mag van die grens af te laat inbeweeg. Hyself sou dan na Pretoria gaan om as tussenganger op te tree. Hierdie plan van Loch is later deur Rhodes as model vir sy sameswering gebruik. Loch het egter van Rhodes daarin verskil dat hy van alle onafhanklike elemente, soos Rhodes self, ontslae wou raak en indien 'n Suid-Afrikaanse federasie tot stand sou kom, dit onder direkte imperiale beheer wou plaas.¹⁴⁸

Loch het Rhodes aanvanklik gesteun en gehelp om sy doelstellings te bereik. Hy het onder andere druk op lord Ripon uitgeoefen om 'n spoorlyn deur Betsjoeanaland na Rhodesië te bou. Die verhouding het suur geword weens Loch se houding, soos voorgeskryf deur Downingstraat 10, tydens die Matebeleoorlog en sy teenkanting teen die oorhandiging van die Betsjoeanalandse Protektoraat aan die BSA Co. Rhodes het dus nie sy vertrek in 1895 betreur nie.¹⁴⁹ Inteendeel, hy het die geleentheid gebruik om 'n hoë kommissaris aangestel te kry wat na sy pype sou dans.

3. Sir Hercules Robinson

Reeds in 1894 het Borckenhagen teenstanders van Rhodes gewaarsku dat hulle nie hulle hoop op 'n nuwe hoë kommissaris moes vestig nie - Rhodes en sy ondersteuners sou gou "get hold of the new arrival and settle him ..".¹⁵⁰ Hy sou "a creature of Mr Rhodes" wees en dan sou imperialisme vrolik gedy "like a soap bubble blown by two people". Rhodes het reeds 'n blanko tjek van die Britse regering gehad om in Suid-Afrika te doen wat hy wou en hy sou self die hoë kommissaris kies.¹⁵¹ Hy was heeltemal reg. Dit was Rhodes wat sir Hercules Robinson voorgestel en op sy aanstelling aangedring het. Hy het selfs op koningin Victoria druk uitgeoefen.¹⁵² Uit talle oorde was daar teenkanting teen Robinson se aanstelling juis omdat daar gemeen is Rhodes sou

148. Lockhart en Woodhouse, pp. 291, 292 en 298; Krüger, p.

148; Pakenham, E., Jameson's Raid, pp. 141-142.

149. Lockhart en Woodhouse, pp. 275, 278 en 283.

150. *De Express*, 13 April 1894.

151. *Ibid*, 1 Maart 1895.

152. Lockhart en Woodhouse, p. 285.

hom gebruik. Hy was reeds 72 en baie sieklik¹⁵³ en daar is gemeen hy sou homself nie teen Rhodes kon handhaaf nie. Sy ondersteuners, waaronder Paul Kruger,¹⁵⁴ het gevoel dat sy vorige ervaring in dieselfde pos in Suid-Afrika van 1881 tot 1889, sy gewildheid by Afrikaners vanweë sy betrokkenheid by die herstel van die onafhanklikheid van Transvaal en sy uitsprake teen imperiale inmenging sou help om verhoudings te verbeter.¹⁵⁵ Borckenhagen se houding was dat Robinson nie aan vorige optrede en uitsprake gemeet moes word nie, maar aan wat sy optrede gedurende sy tweede tydperk sou wees.¹⁵⁶ Robinson het die vrese dat hy aan Rhodes onderdanig sou wees, probeer besweer deur as direkteur van die Standardbank en De Beers te bedank.¹⁵⁷ Borckenhagen is nie daardeur mislei nie. Hy het geskryf dat Robinson weens sy verbintenis met Rhodes se finansiële belange nie dieselfde man as voorheen was nie¹⁵⁸ en dat Rhodes hom wou gebruik. As hy nie uit en uit 'n Rhodes-agent was nie, het hy in elk geval te veel simpatie met hom gehad. Buitendien was toestande in Suid-Afrika as gevolg van groter verdeelheid anders as gedurende sy vorige tydperk hier, en sy posisie was moeiliker. Hy het hom bejammer en met profetiese voorgevoel voorspel: "How much he is to be pitied will be more clearly discernible twelve months hence."¹⁵⁹ Indien dit sy opdrag was om Suid-Afrika te federeer, het Borckenhagen hom aangeraai om kennis te neem van die republieke se teenkanting daarteen. Hy sou dit kon aflei uit die Vrystaatse Volksraad se verklaarde simpatie met Transvaal oor die anneksasie van Tongaland. " .. the Republics will watch his new mission with suspicion and apprehension", het Borckenhagen gewaarsku.¹⁶⁰

Robinson het aan die einde van Mei 1895 in Kaapstad aangekom. In Julie is hy na Pretoria vir die amptelike opening van die oosterlyn. Hy het Paul Kruger hartlik geluk gewens met die vrug van sy wilskrag en volharding¹⁶¹ en verklaar dat Transvaal nog altyd 'n lid van die Suid-Afrikaanse familie was. Borckenhagen het die toespraak as "admirable" bestempel omdat hy gemeen het dat Robinson die

153. *Ibid*, p. 299.

154. *De Express*, 12 Julie 1895.

155. *Ibid*, 5 Maart en 23 April 1895.

156. *Ibid*, 5 Maart 1895.

157. *Ibid*, 15 Maart 1895.

158. *Ibid*, 21 Mei 1895.

159. *Ibid*, 31 Mei 1895.

160. *Ibid*, 7 Junie 1895.

161. Krüger, p. 141.

klem wou lê op Suid-Afrikaanse samewerking. Die imperialistiese pers het egter 'n ander vertolking aan Robinson se woorde geheg naamlik dat Transvaal hom aan die druk van die res van Suid-Afrika moes onderwerp.¹⁶² Kort hierna het Robinson vir hom Borckenhagen se misnoeë op die hals gehaal weens sy aandeel in die driuwekessie waarna later verwys word, maar sy optrede na die Jameson-inval het sy beeld weer in ere herstel.

4. Rhodes, Portugal en Delagoabaai

Die Portugese se teenwoordigheid in Afrika was op tweërlei wyse vir Rhodes 'n doring in die vlees: hulle het beweer dat die hele gebied tussen hulle twee kolonies Portugees was en hulle het aan Transvaal 'n verbindingskanaal met die buiteland verskaf deur Delagoabaai.

Rhodes het op kenmerkende wyse hom glad nie aan Portugal se aansprake gesteur nie. Volgens hom het die Portugese die geleentheid laat verbygaan om die streek te ontwikkel; hy sou dit nou beset en ontwikkel ongeag wetlike regte. Die Rudd-koncessie was die eerste stap in dié rigting. Sy pioniers wat op pad was om Lobengula se gebied te beset, het opdrag gekry om die ander swart hoofde in die binneland te oorreed om die beskerming van die BSA Co. en Rhodes te aanvaar, die gebiede te annekseer en Europa voor 'n voldonge feit te stel. Umtasa van Manikaland en Gungunyana van Gazaland aan die kus is oorreed om volle minerale- en handelsregte in ruil vir Britse beskerming, 'n jaarlikse subsidie en 'n voorraad gewere en ammunisie aan die BSA Co. te gee. Net soos in die geval van Lobengula is voorgegee dat 'n ooreenkoms met die maatskappy gelyk was aan 'n ooreenkoms met Brittanje. 'n Boot, die *Countess of Carnarvon*, is met gewere, ammunisie en geld gestuur. 'n Portugese aanval is afgeslaan en omdat die Portugese regering bevrees was vir 'n oorlog met Brittanje en die verlies van hulle kolonies, het hulle ingestem om die maatskappy se besetting voorlopig te aanvaar en sy manne toe te laat om die see deur Portugese gebied te bereik. In April 1891 het die Portugese begin om die BSA Co. se bote op die Pungwerivier voor te keer, maar die verskyning van Britse oorlogskepe aan die kus het hulle laat ingee. Rhodes het sonder welslae probeer om die hele provinsie van

¹⁶². *De Express*, 16 en 23 Julie 1895.

Lourenco Marques by die Portugese te koop. Hoewel arm, was hulle te trots om 'n kolonie prys te gee.¹⁶³ 'n Finale ooreenkoms is op 11 Junie 1891 bereik waardeur Gazaland met die hawe Beira aan die Portugese en Manikaland aan die BSA Co. gegee is en Rhodes se mense vrye deurgang tussen die kus en die binneland toegestaan is. Die gevolg van die ooreenkoms was dat Rhodes nie 'n eie uitlaat na die see gehad het nie.¹⁶⁴

Borckenhagen het Rhodes se optrede teenoor die Portugese in Afrika en veral ook teenoor die Swartes in die Portugese en aangrensende gebied gekritiseer. Teen die einde van 1889 het hy die bohaai wat koloniale koerante opgeskop het omdat beweer is dat die Portugese oortree het in gebiede wat binne die Britse invloedssfeer val, veroordeel.¹⁶⁵ Die Portugese kon immers terugval op verdrae waarvan sommige uit die sewentiende eeu gedateer het.¹⁶⁶ In Maart 1891 het Borckenhagen geskryf dat dit toe geblyk het dat Rhodes die oortreder was. Sy gewetenlose agente het die Portugese regering in Oos-Afrika onderkruip. Borckenhagen het nie veel vir die Portugese omgee nie, maar "wat ons diep ter harte gaat, is het ompraten, omkoop, en wapene van inboorlinge" met die doel om die BSA Co. te bevoordeel. In Suid-Afrika het Blankes tot op daardie stadium saamgestaan teen Swartes wanneer hulle bedreig is. Nie alleen het Rhodes die Blankes van Suid-Afrika geïgnoreer in sy uitbreiding na die noorde nie,¹⁶⁷ maar hy het duisende Swartes teen Blankes, in hierdie geval die Portugese, aangehits. Omdat Portugal 'n Europese moondheid was, kon hy minstens reken op 'n mate van steun weens offisiële etiket. Met Transvaal was dit anders gesteld. Niemand sou hom teen Rhodes en Brittanje bystaan nie.

Rhodes het deur sy optrede weer eens 'n internasionale ooreenkoms en sy eie Kaapse wette verontagsaam sonder dat daar teen hom opgetree is.

Transvaal was die stok in die wiel van Rhodes se droom van 'n Suid-Afrikaanse unie. Met die hulp van die Britse regering is die Republiek van alle kante omring en afgesonder. Paul Kruger het egter daarin geslaag om 'n

163. Lockhart en Woodhouse, p. 193.

164. *Ibid*, pp. 227-233.

165. *De Express*, 31 Des. 1889.

166. Lockhart en Woodhouse, p. 221.

167. *De Express*, 24 Maart 1891.

uitlaat na die see te kry met die bou van sy oosterlyn na Delagoabaai in die Portugese kolonie Mosambiek. Rhodes en Brittanje sou dus alles in hulle vermoë doen om Delagoabaai en die deel van die oosterlyn wat deur Portugese gebied geloop het, van die Portugese te koop of af te neem.

Duitsland het veral sedert 1890 aansienlike beleggings in Transvaal gehad. Duitse kapitaal is in die NZASM, die bankwese, die goudmyne, die dinamietindustrie en 'n aantal handelondernemings belê¹⁶⁸ en vir Duitsland was dit belangrik dat Delagoabaai nie in Britse hande val nie. Hy het ook 'n kolonie aan die ooskus (die huidige Tanzanië) bekom wat sy belange in die Indiese Oseaan uitgebrei het.

In 1891, 1892 en 1893 het pogings van Rhodes om Delagoabaai te koop, op die rots van Portugese nasionale trots gestrand. In Desember 1895, kort voor die Jameson-inval, het *De Express* berig dat Brittanje weer tydens 'n besoek van koning Carlos probeer het om die helfte van Mosambiek by Portugal te koop.¹⁶⁹ Transvaal en Duitsland het ook vrugteloos probeer om regte in Delagoabaai te bekom om Britse planne teen te werk. Die Portugese was nie van plan om enige besluit te neem voordat daar arbitrasie was oor 'n konsessie, genaamd die Bern-toekening, vir die Delagoaspoorlyn nie. Op die ou end is hierdie arbitrasie eers in 1900 afgehandel.¹⁷⁰ Die drie belanghebbendes het mekaar met arendsoë dopgehou. Brittanje het hom beroep op 'n voorkoopreg met betrekking tot Delagoabaai wat hy in 1875 deur 'n verdrag bekom het.¹⁷¹

In 1892 het *De Zuid Afrikaan* berig dat Portugal moontlik sy koloniale besittings, insluitende Delagoabaai, sou moes verkoop om sy skuld te betaal. Indien die baai in Engelse hande sou kom, sou hulle beheer hê oor al die hawens waardeur Suid-Afrika in- en uitgevoer het. Volgens Borckenhagen sou dit die nekslag aan republikenisme toedien.¹⁷² In 1894 het *The Cape Times* en *The Pall Mall Gazette* van Londen weer 'n gerug van 'n ooreenkoms tussen NZASM en die Portugese owerheid in Delagoabaai versprei. Daar was inderdaad geheime onderhandelings aan die gang, maar dit het misluk.¹⁷³ Die *Gazette* het Rhodes aangespoor

168. Scholtz, p. 432.

169. *De Express*, 10 Des. 1895.

170. Lockhart en Woodhouse, p. 273.

171. Scholtz, pp. 436-439.

172. *De Express*, 4 Okt. 1892.

173. Scholtz, p. 438.

om te eis dat Brittanje Delagoabaai oorneem. Borckenhagen het gewaarsku dat die Vrystaat by Transvaal sou staan as Engeland Delagoabaai probeer bekom.¹⁷⁴

Allerlei gerugte wat deur die Kaapse en Engelse pers die wêreld ingestuur is oor onrus in Mosambiek en die onvermoë van Portugal, was vir Borckenhagen deursigtige pogings om Delagoabaai in Britse hande te laat beland.¹⁷⁵

Die Britse konsul in Delagoabaai het 'n aantal matrose laat land, maar hulle weer as gevolg van Portugese protes verwyder. Lord Ripon het oorlogskepe na die Baai gestuur en die Portugese is gewaarsku om nie van Transvaalse vrywilligers gebruik te maak teen die opstandiges nie. Die Duitsers het die Britte se voorbeeld gevolg deur ook oorlogskepe te stuur. Volgens Borckenhagen was die Duitsers ontsteld omdat hulle gemeen het dat Brittanje en Rhodes die kans wou aangryp om hulle gebied in Oos-Afrika uit te brei. Die Duitsers het baie belange in Transvaal gehad en het besef dat as Delagoabaai wegglip, die republieke nie kon voortbestaan nie. Hulle wou nie sien dat republikanisme gesmoor word nie. Intussen het Delagoabaai gebaat by die Transvaalse handel.¹⁷⁶

Die Britte se argwaan is opgewek toe daar gedurende 1895 by minstens drie geleenthede klem gelê is op die vriendskap tussen Transvaal en Duitsland. In Julie, tydens die spoorfees, is daar weer Duitse oorlogskepe na Delagoabaai gestuur en terwyl Paul Kruger aan boord van een van die skepe was, is 'n persoonlike telegram van gelukwensing van die keiser aan hom oorhandig.¹⁷⁷ Dit het die goeie verhouding tussen Brittanje en Duitsland versteur en 'n valse optimisme by Transvaal gewek dat Duitsland hom teen Britse imperialisme sou beskerm.¹⁷⁸ Na aanleiding van die koor van besware teen die Duitse boodskap uit Britse en Kaapse kringe het Borckenhagen geantwoord dat Rhodes Delagoabaai wou hê en dat Duitsland dit sou verhoed. Die republieke sou Rhodes eerder beveg as om aan sy druk toe te gee.¹⁷⁹

174. *De Express*, 28 Sept. en 2 Okt. 1894.

175. *Ibid*, 28 Sept. en 2, 16 en 19 Okt. 1894.

176. *Ibid*, 19 en 23 Okt. en 28 Des. 1894.

177. Krüger, p. 142.

178. Scholtz, pp. 440-443.

179. *De Express*, 30 Julie 1895.

Die vryheid van deurtog deur die Portugese gebied en die gebruik van Delagoabaai was vir die voortbestaan van die republieke van lewensbelang en dit is nie verbasend dat Borckenhagen die republikeine aangespoor het om daaraan vas te klou en selfs daarvoor te veg nie.

In 1898 het Brittanje en Duitsland in die geheim ooreengekom om Portugal van lenings te voorsien en indien dit nie terugbetaal word nie, sou die twee moondhede die Portugese besittings in Afrika onder hulle verdeel. Brittanje sou Delagoabaai kry. Die verhouding tussen die twee is herstel en dit het gelei tot die volkome diplomatieke isolasie van Transvaal. Paul Kruger was onbewus van die ooreenkoms en van die feit dat hy nie langer op Duitse steun kon staatmaak nie.¹⁸⁰ Borckenhagen se heengaan in Februarie 1898 het hom dié pynlike kennis gespaar.

5. Rhodes en die Jameson-inval

Sedert Rhodes se toespraak in Kimberley in Maart 1891 het Borckenhagen geweet dat hy sy kans afgewag het om die republieke te vernietig. Hy het reeds 'n aandeel gehad in hulle omringing. Borckenhagen het die toespraak as 'n vertrekpunt vir aggressiewe imperialisme beskou, maar agter hierdie ywer vir die ryk het Rhodes se persoonlike ambisie en selfsug gesit. Hy het die republieke gewaarsku om uiters waaksaam te wees. Aan die anderkant het hy Rhodes gewaarsku dat die republieke hom sou leer om hulle onafhanklikheid te respekteer indien hy ooit daaraan sou dink om daarmee te peuter.¹⁸¹ Hy het 'n dringende beroep op die Kapenaars gedoen om eerder met die republieke saam te werk in belang van die hele Suid-Afrika as om Rhodes se onbesonne planne te steun.¹⁸² Minder as 'n maand na die toespraak het Borckenhagen geskryf: " .. as the difficulties increase, as the impatience of Mr Rhodes grows, as his ambition is more and more fanned, not to speak of the cupidity of those around him, we seem to be getting into a lively lot of discontent, bad feeling and enmity ..".¹⁸³

Borckenhagen was baie bekommerd oor die toenemende steun vir Rhodes in verskillende kringe - steun wat hy met behulp van die finansies van De Beers bekom het. Teen die einde van

180. Krüger, p. 224.

181. *De Express*, 14 April 1891.

182. *Ibid*, 21 April 1891.

183. *Ibid*, 28 Maart 1891.

1892 is hy en Loch, volgens Borckenhagen "a singularly pliant and accomodating High Commissioner", na Londen waar hy vir die BSA Co. die alleenreg op konsessies in die Betsjoenalandse Protektoraat bekom het. "The cheerful simplicity with which these transactions are managed is something marvellous", het hy uitgeroep. Niemand het teen so 'n monopolie beswaar gemaak nie.¹⁸⁴

Die finansiële en politieke invloed van De Beers was vir Borckenhagen 'n bron van bekommernis. Die maatskappy het politieke mag verkry omdat baie geld bestee is aan parlementêre kandidate wat Rhodes gesteun het. Hierdie parlamentslede het Rhodes in staat gestel om die parlement en ministerie te oorheers. "The organisations which it has at its command, the machinery which it sets in motion, are so extensive as to be almost startling", was sy bevinding.¹⁸⁵ Nie lank hierna nie was daar 'n kabinetskrisis en Rhodes moes 'n nuwe kabinet saamstel. Hy wou W. P. Schreiner as prokureur-generaal in die kabinet aanstel, maar Schreiner was nie 'n parlamentslid nie. Volgens Borckenhagen het Rhodes eenvoudig 'n lid van Kimberley, mnr. Lynch, uitgeskop om plek te maak vir Schreiner. Kimberley was te bang om te weier, want die stad was van Rhodes en De Beers afhanklik vir sy voortbestaan.¹⁸⁶ Die mag het in werklikheid net in Rhodes gesetel, want die meerderheid direkteure was blote marionette, deur homself betaal en ondergeskik aan sy belange. In Brittanje was baie invloedryke persone aandeelhouers van De Beers en die BSA Co., onder andere die prins van Wallis. So het Rhodes tot in die binnekring van die koningshuis gedring. Deur sy verbintenis met die Rothschilds het hy invloed in die Londense geldmark verkry. Dit was vir Borckenhagen immoreel en gevaarlik dat soveel mag in die hande van privaat individue geplaas is. Een man het meer as die helfte van die uitvoere uit die Kaapkolonie beheer en 'n ryk het binne 'n ryk tot stand gekom. Die volk se belange is ondergeskik gemaak aan handelsbelange. De Beers het ook die grootste deel van die Engelse pers in Suid-Afrika beheer en kon dus kritiek smoor en die openbare mening plooi. Borckenhagen was nie 'n sosialis nie, maar hy kon aan net een oplossing dink om Rhodes en De Beers se vlerke te knip, en dit was nasionalisasie van die diamantbedryf.¹⁸⁷ Dit was nie 'n

184. *Ibid*, 18 Nov. 1892.

185. *Ibid*, 2 Des. 1892.

186. *Ibid*, 2 Junie 1893.

187. *Ibid*, 2 Des. 1892.

praktiese oplossing nie, want Rhodes het die steun van die meerderheid parlamentslede geniet en hulle sou nie vir so 'n voorstel stem nie. Waarop Borckenhagen gehoop het, was dat daar 'n ander eerste minister gekies sou word.

Gedurende 1893 het Borckenhagen steeds meer tekens waargeneem van Rhodes se voorneme om die republieke tot 'n val te bring. Hy het in die Kaapse parlement beweer dat die ZAR in die pad van 'n Suid-Afrikaanse unie gestaan het deur sy belasting op Kaapse vee en die weerhouding van die stemreg aan nege-tiendes¹⁸⁸ van sy bevolking. Hy was seker dat Transvaal nie veel langer in sy beleid van isolasie sou kon volhard nie. Borckenhagen het Rhodes se verwysing na die stemreg as ongevraagde inmenging in Transvaal se sake beskou en Rhodes verseker dat die republieke nie volgens 'n Rhodes-program sou verenig nie, "whatever the cost of continued separation may be, and, notwithstanding our hearty desire for, and strong advocacy of, inter-South African free trade ..".¹⁸⁹ Borckenhagen het die ironie daarvan ingesien dat Rhodes wat so baie van Suid-Afrikaanse eenheid gepraat het, deur sy optrede die verdeeldheid vererger het. Op daardie stadium was dit veral omdat hy die imperiale faktor en die Afrikanerbond, wat gestig is om Afrikanereenheid te bevorder, gebruik het om sy planne in die noorde ten uitvoer te bring.¹⁹⁰ Hy was 'n pragmaties wat steun van alle partye verkry het. Elke party het gehoop dat Rhodes op die ou end sal doen wat hy wil hê: "To Englishmen he is the 'Elizabethan' Englishman, whose iron grip, in Colonial political matters, will yet be felt through the velvet glove he wears just now, whilst to the Bond party, as a shrewd, practical, determined, don't-care-a-dump kind of man, he represents the only class of Englishman they can screw sympathy out for. But he is .. riding two horses in the Colonial circus at the same time, and one of them will

188. Grootskaalse oordrywing. Dit was deel van Engelse propaganda om die indruk te skep dat die Uitlanders in die meerderheid was. Hierdie propaganda het algaande groter afmetings aangeneem en is deur die Britse publiek geglo. In 1897 het 'n Vrystaatse student, F. R. Cronjé, in Londen aan 'n debat oor Rhodes deelgeneem. Een van sy Engelse teenstanders het beweer dat Uitlanders 19/20 van die belasting in Transvaal betaal het. Cronjé het dit ten sterkste weêrlê en gesê dat dit tipies van Rhodes en sy ondersteuners was om bewerings te maak waarvoor hulle geen bewyse gehad het nie. (P.V. 194, lêer nr. 5/1/1, Ineg)

189. *De Express*, 18 Aug. 1893.

190. *Ibid*, 15 Sept. 1893.

eventually take the bit and defy the clever rider's skill."¹⁹¹

In November 1893 het Borckenhagen in 'n artikel, getiteld "The Coming Danger", met profetiese insig voorspel dat Rhodes se ambisie, noudat hy die Matebeles oorwin het, hom sou lei om druk op die republieke uit te oefen. Die grootste gedeelte van die pers was aan Rhodes dienstig en het reeds begin om propaganda te maak. *The Star* het met Britse diplomatieke en parlementêre optrede teen Transvaal gedreig oor die dinamietkonsessie. Die *Transvaal National Union* het herleef en Borckenhagen was oortuig daarvan dat hierdie unie gebruik sou word om Britse inmenging in Transvaal te regverdig. In plaas daarvan om die unie in Engeland voor te stel soos hy was, naamlik die produk van 'n paar kapitaliste se draadtrekkery, sou hy voorgestel word as die verteenwoordiger van algemene ontevredenheid teen die regering. Die regering sou as onderdrukkers gebrandmerk word terwyl die onderdrukking van die werkers deur die kapitaliste baie erger was. Hulle het die werkers en aandeelhouders uitgebuit terwyl hulle hulself verryk het. Die agitatie wat deur die unie op tou gesit is "will assuredly be made use of to further such designs on the part of Mr. Rhodes as may require the assistance of diplomatic interference on the part of the British Government." Die agitatie is fyn beplan om plaas te vind sodra die Matebeles oorwin is. Weens sy sukses in Matebeleland was Rhodes verseker van Britse steun. Die Britte het op hom gereken om Majuba te wreek en die ryk uit te brei. Hy het ook die steun van die Afrikanerbond geniet omdat die Kaapse boere kwaad was oor Transvaalse belastinge. "The next five years of South African history will be years of profound anxiety ..", het hy voorspel.¹⁹² Hy het daarop gewys dat Rhodes geweet het hoe om sy mantel na die wind te draai om steun te kry. In 'n verkiesingstoespraak te Barkly-Wes het hy na die uitbreiding na die noorde verwys as uitbreiding van die Kaapkolonie en in Londen het hy dit as uitbreiding van die Britse ryk bestempel.¹⁹³

Die triomfantlike ontvangs wat Rhodes in Kaapstad geniet het, is volgens Borckenhagen gereël om die Engelse te laat glo dat hy algemene steun in Suid-Afrika geniet het. Gladstone het reeds in die Britse laerhuis gepraat van

191. *Ibid*, 12 Sept. 1893.

192. *Ibid*, 14 Nov. 1893.

193. *Ibid*, 6 Febr. 1894.

"unbounded confidence". Borckenhagen het die tyd waarin hy geleef het as een van die ongelukkige tydperke bestempel waarin die filosofie van sukses eerder as van morele beginsels aanvaarbaar was. Sukses is aanbid ongeag die wyse waarop dit behaal is. As voorbeeld het hy die leuenagtige telegramme genoem wat tydens die Matebele-oorlog uit die noorde gestuur is. Die toekoms het vir hom donker gelyk.¹⁹⁴

Tydens 'n toespraak op 'n banket wat op 6 Januarie 1894 ter ere van hom in Kaapstad gehou is, het Rhodes verklaar dat wanneer 'n mens in die politiek 'n goeie idee beet het, jy daaraan moet klou. Hy het aan die Matebeleland-idee vasgeklou totdat hy dit met sukses uitgevoer het. Nou het hy 'n ander idee gehad: "No one can remove from me the idea that the day will come when there is 'one system' south of the Zambesi, with full affection for the flag that I have been born under and the flag that I represent". Hy was seker dat hy die republikeinse stelsel met die koloniale stelsel kon assimileer. Borckenhagen het daarop gewys dat Rhodes se optrede in die verlede reeds getoon het dat hy die republieke bedreig het; hier was nou 'n direkte dreigement.¹⁹⁵

In 1894 en 1895 het Rhodes die kruin van sy sukses bereik. Hy het die diamantmyne geamalgameer en 'n fortuin gemaak. Aan die Rand het sy goudbelange miljoene tot sy bankbalans bygedra. Hy het 'n uitgestrekte gebied tot die Britse ryk gevoeg, die BSA Co. gestig, pioniers in die noorde gevestig en die Matebeles oorwin. In die Kaapkolonie was sy posisie as eerste minister onaantasbaar. Maar een droom het hom ontwyk: "I have a greater and bigger idea .. and that is the union of South Africa", het hy in 1894 in Queenstown verklaar.¹⁹⁶ Die republieke het in die pad van hierdie droom gestaan. Met die anneksasie van Tongaland in 1895 het hulle hoop op 'n eie hawe aan die ooskus verdwyn en was hulle feitlik heeltemal van die buitewêreld geïsoleer. Die gebruik van Delagoabaai was die enigste uitlaat na die see en Rhodes kon nie daarin slaag om dit toe te stop nie. Dit het aan die lig gekom dat die goudriewe aan die Witwatersrand veel ryker was as wat voorheen besef is en Transvaal sou eerder sterker as swakker word. Daarteenoor het Rhodes besef dat Rhodesië nie 'n tweede Rand sou word nie. Daar was veel minder minerale as wat hy sy

194. *Ibid*, 24 Nov. 1893.

195. *Ibid*, 12 Jan. 1894.

196. Lockhart en Woodhouse, p. 272.

aandeelhouders in Engeland laat glo het. Sy ongeduld het geen perke geken nie, veral ook omdat hy besef het dat sy gesondheid aan die afneem was. In Augustus 1895 was hy vir weke lank siek aan malaria en griep.¹⁹⁷

Aangesien Paul Kruger onomkoopbaar was en hy nie daarin kon slaag om sy regering op die knieë te dwing nie, het hy besef dat hy geweld sou moes gebruik om dit omver te werp. 'n Definitiewe plan het waarskynlik reeds vanaf September 1894 in sy kop begin vorm aanneem. Die Amerikaanse myningengineur, John Hays Hammond, het hom meegedeel dat daar ongetwyfeld 'n Uitlanderopstand teen die Transvaalse regering sou wees.¹⁹⁸ Hoë kommissaris Loch was reeds in Junie in Pretoria en het nie alleen na die Uitlanders se griewe geluister nie, maar hulle ook laat verstaan dat hulle imperiale hulp kon verwag in geval van 'n opstand. Rhodes moes hiervan kennis geneem het en ook van Loch se plan: binnelandse opstand in Transvaal, 'n grensmag om hulp te verleen en tussenkoms deur die hoë kommissaris. Die Uitlanders kon dus die werk vir hom doen en sodra hulle sukses behaal, sou hy Transvaal binneval met 'n mag wat hy op die Betsjoeanalandse grens gereed sou hou en met wie se hulp hy en nie die Uitlanders of die hoë kommissaris wat as tussenganger moes optree nie, die hef in die hande sou hê.

Aan die einde van 1894 is Rhodes en Jameson na Engeland. Daar is hulle soos helde ontvang en veral Jameson het hom verlustig in die verering, onder andere die toekenning van die C.B. In 'n toespraak vóór die Imperiale Instituut, met Rhodes aan sy sy, het hy uitgewei oor die skitterende toekoms van 'n Suid-Afrikaanse federasie (Rhodesië ingesluit). Die enigste teenstand, het hy gesê, het van 'n handjievul "Boer obstructionists" gekom, maar hulle sou gou rede sien.¹⁹⁹ *De Express* het ongetwyfeld met genoeg berig dat *The Cape Times* se redakteur, F. Y. St. Leger, Jameson tereg gewys het: pionierswerk was goed en wel, maar "the homely task that awaits statesmen on their threshold" was oneindig belangriker. Die man wat brandsiekte onder skape kon uitroei, sou veel meer bydra tot die voorspoed en geluk van die land as een wat nog 'n tropiese land van Swartes by die ryk gevoeg het.²⁰⁰ Rhodes het die eerste minister, lord Rosebery en sy koloniale sekretaris, lord Ripon, besoek en

197. *Ibid*, p. 286.

198. *Ibid*, p. 292.

199. *Ibid*, p. 293.

200. *De Express*, 26 Febr. 1895.

druk uitgeoefen vir die oordrag van die Betsjoeanalandse Protektoraat aan die BSA Co. Hy het Rosebery ook ingelig oor sommige van sy planne met betrekking tot die ZAR hoewel Rosebery dit later ontken het. Hy het waarskynlik nie besef dat daar 'n verbintenis was tussen Rhodes se gretigheid om die Protektoraat te bekom en sy planne met Transvaal nie.²⁰¹

Borckenhagen het gewonder hoe Rhodes, wat in Engeland op 'n wolk van verering geweeft het, die harde werklikheid van 'n Suid-Afrikaanse tolunie en die Johannesburgse handel sou hanteer. Sou hy sy gesonde verstand gebruik, of sou hy "the fatal and ruinous road of cut-throat competition" kies? Hy sou nie die ernstige en praktiese probleme kon oplos "by vague talk about possessions twelve hundred miles long and five hundred miles broad" nie. Dit sou Londenaars beïndruk, maar nie Suid-Afrikaners nie.²⁰²

Namate die spoorlyne tussen Johannesburg en Delagoabaai en Johannesburg en Durban voltooiing genader het, het die Kaapkolonie besef dat die voordelige posisie waarin hulle spoorlyn met betrekking tot die Johannesburgse handel verkeer het, nie veel langer sou voortduur nie. Hulle het groot lenings aangegaan vir spooraanleg en het baie staatgemaak op die spoorinkomste van die lyn na Johannesburg om die rente te delg. Teen September 1894 was daar al heelwat onsuksesvolle samesprekings tussen die twee regerings oor die aandeel van die Kaapse lyn in die totale vrag. Minister Laing is weer na Pretoria afgevaardig om by Paul Kruger aan te dring op die grootste gedeelte van die vrag. Borckenhagen het die Kapenaars, en veral die Afrikanerbond, gewaarsku dat hulle geen tegemoetkoming van die ZAR moes verwag nie. Rhodes se optrede deur die jare, veral die omringing van die Republiek en die afdwing van die Swaziland-konvensie wat gepaard gegaan het met die dreigement om Britse regimente teen Transvaal te gebruik,²⁰³ was die oorsaak van vervreemding tussen die Republiek en die Kaapkolonie. Om uit hulle ekonomiese dilemma te kom, sou die Kaapkolonie doeanegeld moes verhoog, wat handel juis sou wegdryf na die ander lyne, of direkte belasting hef - iets waarteen Kaapse boere heftig beswaar gemaak het. Rhodes sou hulle nie uit hierdie dilemma kon verlos nie, want hy was uiters ongewild in Transvaal, te besig met sy eie projekte en nie bekend daarvoor dat hy 'n opdraande stryd kon voer

201. Lockhart en Woodhouse, pp. 293-295.

202. *De Express*, 22 Febr. 1895.

203. *Ibid*, 29 Jan. 1895.

nie. Borckenhagen het net een oplossing voorsien: Hofmeyr moes homself beskikbaar stel as eerste minister. Hy en die Bond moes teen dié tyd besef het dat Rhodes hulle net gebruik het. Rhodes kon hom gaan besig hou met die ontwikkeling van die noorde en die regering van die Kaapkolonie in die hande laat van mense wie se huise en belange in die land self was.²⁰⁴

Soos Borckenhagen voorspel het, het Laing se sending misluk. Die gerugte dat Lourenco Marques en die oosterlyn deur massas Swartes bedreig is, het hy as net nog 'n intrige van Rhodes en sy ondersteuners beskou. Dit was vir hom eienaardig dat die Voorsienigheid so op die regte oomblik tot Rhodes en Laing se redding kon kom. As die oosterlyn as 'n veiligheidsrisiko voorgestel kon word, sou die Kaapkolonie die grootste deel van Johannesburg se handel kon bekom.²⁰⁵ Toevallig het Rhodes juis op daardie tydstip via Lourenco Marques na Pretoria gereis waar hy ook oor die verdeling van die vrag onderhandel het. Die Portugese het hom daarvan beskuldig dat hy die Swartes aangehits het. Sir Henry Loch het die bewerings heftig in Londen ontken.²⁰⁶ Rhodes het ook nie in Pretoria sukses behaal nie en dit moes net verdere momentum verleen het aan die plan wat reeds in sy kop begin vorm aanneem het om 'n einde te maak aan Paul Kruger se bewind. Borckenhagen het voorspel dat daar oorlog aan die kom was.²⁰⁷

Rhodes het op pad na Kaapstad eers Bloemfontein en toe Kimberley aangedoen. Terwyl hy in Bloemfontein was, het Borckenhagen in 'n hoofartikel geskryf dat dit onverstaanbaar was dat Rhodes en sy ministerie dit kon oorweeg om 'n spoorlyn van Kaapstad na Kaïro te bou terwyl hulle nie bereid was om die binnelandse bronne van die Kaapkolonie te ontwikkel nie, maar op spoorinkomste gesteun het. Afgesien van Rhodes het Laing die bou van so 'n lyn in 'n toespraak te Mafeking geopper.²⁰⁸

Rhodes is na Kimberley om die jaarvergadering van De Beers by te woon en daar het hy 'n voorstel deurgevoer gekry wat volgens Borckenhagen net weer getoon het hoe min agting hy vir beloftes en wette gehad het. In 1887 het hy die Kaapse

204. *Ibid*, 21 Sept. 1894.

205. *Ibid*, 28 Sept. 1894.

206. *Ibid*, 19 Okt. 1894.

207. *Ibid*, 23 Okt. 1894.

208. *Ibid*, 19 Okt. 1894.

parlement ooreed om 'n kampongstelsel in Kimberley toe te laat. Dit sou handelaars, wat reeds swaar getref is deur die amalgamasie van die diamantmaatskappye, ernstig benadeel en daarom is sekere voorwaardes gestel, naamlik dat net noodsaaklike lewensmiddele verkoop word vir gebruik gedurende die werkers se kontraktyd en dat daar geen wins gemaak word nie. Rhodes het die wet - wet nr. 23 van 1887: Payment of Wages Act - self deur die parlement geloods. By die jaarvergadering het Rhodes erken dat beide voorwaardes nog al die jare oortree is; wanneer Swartes na hulle tuistes teruggekeer het, het hulle byna al hulle loongeld aan produkte wat hulle saamgeneem het huis toe bestee en so het die maatskappy feitlik al die geld teruggekry wat aan lone uitbetaal is. Verder is daar jaarliks 'n wins van R600 000 gemaak en Rhodes het geen voorneme gehad om die stelsel te beëindig nie. Hy het nou voorgestel dat hierdie wins tot sy persoonlike beskikking gestel word om daarmee na goeie handel te handel. Borckenhagen het uitgeroep: "There is a candour about this proposal which is really quite refreshing ..", en "Is it possible to imagine a more impudent and outrageous defiance of the law?" Die letter en gees van die wet is oortree en hoewel daar 'n boete van R20 of gevangenisstraf van twee maande of minder opgelê kon word vir elke transaksie in die kampongs, het niemand Rhodes vervolg nie. Hy het daarin geslaag om die openbare mening te smoor en te demoraliseer en homself bo die wet te stel. Die voorstel dat die geld tot sy beskikking gestel word, is aanvaar, hoewel nie sonder 'n stryd nie. *The Standard and Diggers' News* het berig dat daar 'n relletjie onder die direkteure van De Beers was oor die hooghartige manier waarop Rhodes die aanname van die voorstel afgedwing het en heelwat kommentaar is uitgespreek oor Rhodes se outokratiese optrede. Volgens *The Diamond Fields Advertiser* en *The Eastern Province Herald* het baie mense gemeen die geld sou vir omkoopdoeleindes gebruik word. Borckenhagen het daarop gewys dat Transvaal altyd beskuldig is van omkoperie en korrupsie, maar dat die Kaapkolonie 'n baie groter sondaar in dié verband was. Dit was geen geheim dat De Beers politici omgekoop het om Rhodes te steun nie en die maatskappy se geld het ook 'n behoorlike organisasie op die been gebring om sy verkiesingsveldtogte te reël: "As constituencies fall open, rank outsiders are put up as candidates; money is spent in galore, and from the housetops it is announced .. that the candidate is a supporter of Rhodes ..". Vir hom het die vergadering se besluit beklemtoon watter kwaad daarin geleë was dat Suid-Afrika aan die belange en skemas van 'n klein groepie

kapitaliste, van wie die meerderheid in Europa gebly het, onderworpe gemaak is. Suid-Afrikaners moes saamstaan om hierdie kapitaliste te onttroon.²⁰⁹ Dit het hom ontstel dat prokureur-generaal Schreiner Rhodes nie vervolg het nie en dat die Rhodes-koerante beide Schreiner en Rhodes verontskuldig het.²¹⁰

Borckenhagen se vrees dat Rhodes die geld waarvoor hy aan niemand verantwoording verskuldig was nie, tot nadeel van Suid-Afrika sou gebruik, was nie ongegrond nie. Gedurende die tweede helfte van 1895 het hy die opstand in Johannesburg met De Beers-geld gefinansier.²¹¹

Soos die jaar 1895 gevorder het en die verhouding tussen die Kaapkolonie en Transvaal as gevolg van die tariewestryd versleg het, het Borckenhagen se bekommernis oor Rhodes se planne toegeneem. In April het hy 'n artikel onder die opskrif "Who goes there?" geskryf wat getuig het van buitengewone aanvoeling en insig. Volgens hom het daar 'n uiters gevaarlike situasie in Suid-Afrika ontstaan. Rhodes, 'n man met onbeperkte ambisie en wat absoluut gewetenloos was, is beklee met die hoogste uitvoerende gesag. Hy was die persoonlike vriend van die mees invloedryke lede van die koningshuis en is gesteun deur die meerderheid in die Britse laerhuis waaronder al die Tories en al die finansiële Liberales; ook al die negrofiliste. Hy het 'n hoë kommissaris gehad wat volkome na sy pype sou dans. Dat hy nie geskroom het om wette te verbreek om sy persoonlike projekte te bevorder nie, is minstens vier keer bewys: hy het aan Lobengula 'n duisend gewere gegee en dis oogluikend deur die destydse eerste minister, Sir Gordon Sprigg, toegelaat; die *Countess of Carnarvon* is wederregtelik met 'n vrag wapens uit Algoabaai na Gungunyana gestuur; die wapens is in Portugese gebied ingesmokkel; en dan was daar die voortdurende en doelbewuste oortreding van die loonwet op Kimberley se kampongs. Sy prestige was op die spel aangesien hy nie sy sin kon kry met betrekking tot 'n tolunie en spoortariewe en -vrag nie en die gevaar was daarin geleë dat hy sou probeer om verlore prestige te herwin. As dit hom sou pas, sou hy nie 'n oomblik huiwer om 'n breuk tussen Transvaal en Brittanje te veroorsaak nie. Hy het genoeg oorsese steun daarvoor gehad en die verengelste Afrikaners in die Kaapkolonie en die grootste gedeelte van die

209. *Ibid*, 26 en 30 Okt. en 2 Nov. 1894.

210. *Ibid*, 18 Des. 1894.

211. Lockhart en Woodhouse, p. 309; Pakenham, p. 268.

handelsgemeenskap daar sou hom toejuig. Daar kon maar net gelet word op die liggeraaktheid van die Brits laerhuis wanneer dit by Transvaalse kwessies gekom het en die onderdanigheid van toonaangewende Liberale koerante aan finansiële kartelle om te besef hoe gewild nog 'n oorlog teen Transvaal in Engeland sou wees. Hy het die situasie vergelyk met die toestand in Frankryk net voordat Napoleon III sy staatsgreep op 2 Desember 1851 uitgevoer het. Dit was 'n kriminele daad wat deur 'n man met essensieel kriminele neigings tot sy eie voordeel uitgevoer is. Die staatsgreep was 'n vergryp teen die wet, teen vryheid en teen die mensdom. Niemand het 'n dag voor die staatsgreep geglo dat soiets sou gebeur nie en hy was van mening dat mense hom ook nie sou glo nie. Die posisie in Suid-Afrika was op daardie tydstip presies so gevaarlik soos in 1851 in Parys. "... the sentry who sees a possible danger approaching and fails to challenge it is neglectful of his duty", het hy geskryf.²¹² Hy was baie dapper om te midde van soveel verering van Rhodes te waag om so 'n artikel te publiseer en hy kon nie 'n meer gepaste beeld as dié van 'n wag op die muur gebruik het om homself te beskryf nie.

Pas nadat hierdie artikel verskyn het, is die nuus ontvang dat Brittanje Tongaland geannekseer het. Borckenhagen was oortuig daarvan dat Rhodes iets daarmee te make gehad het. In Junie het Rhodes die Kaapse parlement oorreed om vir die aanhegting van die Betsjoeanalandse kroonkolonie te stem. Volgens Borckenhagen het Rhodes met sy visioene van uitbreiding na die noorde steeds meer laste en verantwoordelikhede op die Kolonie gelê terwyl Sprigg se begroting getoon het dat die land se produktiwiteit afgeneem het en minder uitgevoer is terwyl invoere gestyg het. In plaas daarvan dat Kaapse kapitaal aangewend is om boerdery te bevorder, is dit uit die land gestuur om in myne en noordelike uitbreiding belê te word. Die boerderygemeenskap is deur Rhodes gehipnotiseer om te glo dat die noorde die beloofde land was wat 'n afsetgebied vir hulle produkte sou word. Dit het nie gerealiseer nie.²¹³ Om te vergoed vir 'n gebrek aan ontwikkeling van bronne, is die spoorwegstryd aangeknoop.

In Junie 1895 het die Liberale regering in Brittanje tot 'n val gekom en die bewindsaanvaarding van die Konserwatiewes met lord Salisbury as eerste minister en Joseph Chamberlain

212. *De Express*, 26 April 1895.

213. *Ibid*, 14 en 18 Junie 1895.

as koloniale sekretaris sou dit vir Rhodes makliker maak om sy doelwitte te bereik. In Junie het hyself gesorg vir nog meer invloed oor die pers deur F. E. Garrett van Brittanje in te voer as redakteur van *The Cape Times* in die plek van die gematigde F.Y. St. Leger. Kort na sy aankoms het Garrett geskryf dat Johannesburg se bevolking Rhodes se planne in Transvaal sou verwerklik en dan sou die Vrystaat soos 'n ryp peer in Engeland se skoot val. Rhodes se geld en Johannesburg se goud sou 'n einde aan die republieke se pretensies maak. Die Engelse ministerie en Rhodes tesame met joernaliste soos hy sou dit binnekort te weeg bring. Borckenhagen se kommentaar was dat Hofmeyr en St. Leger nie die moed gehad het om Rhodes teen te staan nie, maar hulle het te veel selfrespek gehad om hom so blindelings soos Garrett te volg.²¹⁴ 'n Maand later het Garrett Pretoria besoek en net na die spoorfees 'n onafgespreekte besoek aan Paul Kruger gebring en daarna 'n lang, kritiese en beledigende artikel geskryf. *De Express* en *The Press* het dit kwaai gekritiseer. *The Press* het gepraat van die "whimsical imagination of an interviewer, who, after a week's sojourn at Pretoria, thinks he can pose as the oracle for, and the reorganiser of, South Africa".²¹⁵ Nog 'n Rhodes-mondstuk, *The Cape Argus*, het op 22 Julie 'n artikel gepubliseer waarin "inspired insult vied with deliberate falsehood", volgens Borckenhagen. Die koerant het Transvaal met 'n ultimatum gedreig omdat die President 'n boodskap van gelukwensing met die opening van die oosterlyn van die Duitse Keiser te ontvang. Beide artikels was ooglopende propaganda met die doel om Kruger in 'n slegte lig te stel en die verhouding tussen Transvaal en Duitsland, asook tussen Transvaal en Engeland, te vertroebel.²¹⁶

Borckenhagen het die kwessie van Duitse vriendskap en moontlike hulp aan Transvaal ietwat simplisties gestel. Wat hom betref wou Rhodes Delagoabaai en die Portugese deel van die oosterlyn hê omdat dit die Kaapse handel met Johannesburg bedreig het en Duitsland het verhoed dat hy dit kry. Dit lyk asof hy nie beseft het dat Brittanje self bekommerd was dat die Duitse teenwoordigheid in Suider-Afrika vir die Britse ryk skadelik kon wees nie, want hy het voorgestel dat Rhodes geïgnoreer moes word en dat die republieke direk met Brittanje onderhandel om weer harmonie in Suid-Afrika te kry.

214. *Ibid*, 9 Julie 1895.

215. *Ibid*, 26 Julie 1895.

216. *Ibid*, 30 Julie 1895.

In Junie 1895 is 'n begin gemaak om troepe op Transvaal se wesgrens te kry. Die eerste stap was om die Betsjoeanalandse polisie se getalle te verminder sodat die uittrekendes by Jameson se mag kon aansluit. Op 19 Junie het sir Graham Bower 'n telegram na Salisbury gestuur waarin hy verklaar het dat die afdeling te Macloutsie tot 50 verminder moes word en later tot nog minder.²¹⁷

Die tariewestryd was nog aan die gang en tussen Augustus en Oktober het die kwessie van die sluiting van die driewe 'n dekmantel aan Rhodes en sy imperiale vriende verskaf vir die beweging van troepe. Dit het ook aan Rhodes die geleentheid gebied om imperiale hulp in te roep. Chamberlain se dreigement van oorlog het Paul Kruger laat ingee en die driewe is op 7 November heropen. Dit was een van die grootste diplomatieke neerlae van sy loopbaan en die verhouding met die Kaapkolonie het aanmerklik versleg, maar dit het ook tot gevolg gehad dat Afrikaners saamgestaan het in hulle afkeer van imperiale inmenging.²¹⁸ Borckenhagen het bedenkinge uitgespreek oor die Vrystaat se posisie as junior spoorwegvennoot van die Kaapkolonie. Hy het 'n verandering aanbeveel omdat hy bevrees was dat Rhodes die Vrystaat teen Transvaal sou gebruik. "Who knows but that complications may arise that will prove the necessity for a speedy alteration very soon?" het hy gevra.²¹⁹ Die komplikasies in die vorm van die Jameson-inval het die Vrystaters inderdaad laat besluit om 'n verandering aan te bring deur die hoofspoorlyn oor te neem.

Dit was ook gedurende Junie dat Jameson Rhodes in Kaapstad besoek het. Daarna is hy noordwaarts waar hy ywerig reëlings getref het vir sy latere inval: perde en voorrade is gekoop en al langs die roete wat hy sou volg, is poste ingerig. Hy het die leiers van die Uitlanders in Johannesburg besoek om met hulle te onderhandel.²²⁰ Twee betekenisvolle telegramme in *De Express* het nie toe besondere aandag getrek nie: "Bulawayo 28 June 1895 - Dr Jameson arrived to-day from Salisbury, en route from Capetown, where he has been called to consult on matters connected with Bechuanaland and Protectorate affairs. He

217. Lockhart en Woodhouse, p.296.

218. Krüger, p. 151; Scholtz, 450-452.

219. *De Express*, 22 Okt. 1895.

220. Scholtz, p. 463.

leaves to-day for Pretoria";²²¹ en "Pretoria 4 July - Dr Jameson arrived last night. He left again this morning for Johannesburg".²²²

Intussen het Rhodes in korrespondensie en deur dr. Rutherford Harris en graaf Grey verskeie kere na hom te stuur, druk op Chamberlain uitgeoefen om die Betsjoeanalandse protektoraat aan die BSA Co. te oorhandig. Algaande het Chamberlain ingelig geraak oor Rhodes se planne. Op die ou end was hy bereid om 'n strook vir die bou van 'n spoorlyn te oorhandig mits reservate vir Swartes daarin opsy gesit sou word. Rhodes was woedend oor die reservate, maar omdat hy haastig was om die gebied te kry, het hy die voorwaarde aanvaar. Op 7 November het Robinson kennis gekry van die oordrag en Jameson het dadelik begin om sy troepe by Pitsani op die grens gereed te kry. Die voorwendsel was dat hulle die spoorlyn, wat nog nie bestaan het nie, moes beskerm en Suid-Afrikaners het gemeen dat die troepe in verband gestaan het met die driwekwessie. Chamberlain het in gedagte gehou dat oorlog mag uitbreek en daarom het hy twee bataljonne soldate na die Kaap gestuur onder voorwendsel van die Ashanti-oorlog.²²³

In Londen het Harris met heelwat mense oor die sameswering gepraat en in Flora Shaw, *The Times* se koloniale verteenwoordiger, 'n gewillige luisteraar gevind. Sy het 'n geesdriftige ondersteuner van Rhodes geword en *The Times* by die sameswering betrek.²²⁴ Spoedig het sy begin propaganda maak deur prominensie aan die driwekwessie en die Uitlanders se griewe te gee. Borckenhagen se kommentaar was dat Rhodes en Rudd, wat onder die arme, lydende Uitlanders getel het, se jongste jaarlikse dividend as lewenslange direkteure van Consolidated Goldfields net R670 000 elk was. "Who would not mourn their lot?" het hy gespot.²²⁵

Kaapse koerante het ook lustig aan die propagandaveldtog teen Transvaal deelgeneem. *The Cape Argus* het gekla dat die Uitlanders, wat gesorg het dat daar 'n surplus op die Tranvaalse begroting was, so sleg behandel is;²²⁶ *The Grahamstown Journal* het 'n Johannesburgse revolusie

221. *De Express*, 2 Julie 1895.

222. *Ibid*, 5 Julie 1895.

223. Lockhart en Woodhouse, pp. 301-305.

224. *Ibid*, p. 304.

225. *De Express*, 5 Nov. 1895.

226. *Ibid*, 9 Aug. 1895.

aanbeveel²²⁷ en so het ook byna al die Engelse koerante, wat Borckenhagen dissipels van Britse imperialisme genoem het, die Uitlanders opgesweep teen die Transvaalse regering. *The Cape Times* was seker dat Paul Kruger nie die opstandiges in toom sou kon hou nie en dat sake besig was om op 'n ontkenping uit te loop wat aan die tragiese gegrens het.²²⁸ Reeds teen die middel van Oktober het Kaapse koerante en politici daagliks 'n opstand in Johannesburg verwag en was teleurgesteld as dit nie plaasgevind het nie. Hulle het voortgegaan om Johannesburgers tot revolusie aan te moedig.²²⁹ *The Eastern Province Herald* was egter seker dat die Uitlanders nie tot oproer sou oorgaan nie. Hulle was te ryk.²³⁰

Op 8 November het *De Express* berig dat masjiengewere vinnig na die BSA Co. gestuur is. Die koerant het gewonder waarvoor dit was.²³¹ Waarvan die koerant nie geweet het nie, was dr. Harris, nou terug in Suid-Afrika, se opdrag om wapens aan die Uitlanders in Johannesburg te verskaf. Dit het hy gedoen met behulp van De Beers en die BSA Co. se agente in Kaapstad en Port Elizabeth en die gewere wat hy in oliedromme onder steenkool versteek het, het oor die Vrystaatse spoor na Johannesburg gegaan.²³² 'n Volgende berig wat op die voorbereidings betrekking gehad het, het 'n week later verskyn: die Betsjoeanalandse polisie is deur die hoë kommissaris ontbind en diegene onder hulle wat nie by die Kaapse polisie wou aansluit nie, is opgeneem in die sterk mag wat die BSA Co. besig was om by Pitsani byeen te bring.²³³

Die geleedere van die Uitlanders is versterk deurdat die meeste van die groot goudmagnate - J.B. Robinson en Barney Barnato het onder die uitsonderings getel - by die *Transvaal National Union* aangesluit het. Skietverenigings is gestig en die imperiale regering het Transvaal met oorlog gedreig weens die driwekwessie. Uit al hierdie feite skyn dit asof die Uitlanders gereed was vir opstand. Hoewel daar sedert 1894, toe daar 'n ernstige depressie aan die Rand geheers het en die aandelemark in duie gestort het, baie gepraat

227. *Ibid*, 4 Okt. 1895.

228. *Ibid*, 8 Okt. 1895.

229. *Ibid*, 15 Okt. 1895.

230. *Ibid*, 3 Des. 1895.

231. *Ibid*, 8 Nov. 1895.

232. Lockhart en Woodhouse, p. 309.

233. *De Express*, 15 Nov. 1895.

is oor 'n opstand,²³⁴ het dit teen die tweede helfte van 1895 so goed met die mynbedryf gegaan dat die entoesiasme vir soiets maar flou was en van buite af aangeblaas moes word. Rhodes se broer Frank wat aangestel is as militêre direkteur van die operasie, het op 25 Oktober aan hom geskryf: "... so long as people are making money individually in Johannesburg they will endure a great many political wrongs. The Jewish element is also a damper on any political agitation."²³⁵

In November het die Uitlander-leiers die *Reform Committee* gestig wat die reëlings vir die opstand sou tref. Gedurende die maand het van die leiers Rhodes in Kaapstad besoek om uit te vind wat sy presiese bedoelings was. Rhodes was op hierdie stadium volskaals met die komplot besig. Jameson het opdrag gekry om sy militêre maatreëls in Rhodesië en Johannesburg te finaliseer. Jameson en Rhodes het oorgeloop van selfvertroue.²³⁶

Teen die einde van die maand is Jameson na Johannesburg waar hy vyf van die leiers, Charles Leonard, Lionel Phillips, Frank Rhodes, John Hays Hammond en George Farrar oorreed het om 'n ongedateerde brief te onderteken waarin hulle griewe uiteengesit is, 'n konfliktsituasie geskets is waardeur "thousands of unarmed men, women and children of our race" in gevaar gedompel sou wees en hy uitgenooi word om hulle te hulp te snel. Hiermee het hulle aan Jameson 'n blanko tjek gegee wat hy na goeddunke kon gebruik.²³⁷

Die Uitlanderleiers het opruiende toesprake gemaak. Koerante se propagandapraatjies het toegeneem, veral in Engeland en die aandelemark het daarop gereageer. Op 16 Desember het *The Times* 'n besonder dreigende hoofartikel gepubliseer.

The Star in Johannesburg het die idee van oproer lewendig gehou. Borckenhagen het 'n private bron gehad wat hom ingelig het oor die korrespondensie tussen Chamberlain en Robinson. Chamberlain het laat weet dat daar geen imperiale tussenkoms sou wees nie, maar dat die hoë kommissaris volgens eie goeddunke moes handel. Die bron het verder berig dat die opstand oorspronklik vir 27 Desember beplan was wanneer die massas wapens sou ontvang bestaande uit 5 000

234. Lockhart en Woodhouse, p. 290.

235. *Ibid*, p. 307.

236. *Ibid*, p. 311.

237. *Ibid*, p. 309.

gewere wat in dromme ingevoer en in myne versteek is, rewolwers en maxims. Die revolusie sou lei tot die instelling van 'n tussentydse republikeinse regering wat mettertyd aan Rhodes se vereistes van federasie en die Britse vlag sou voldoen. Die verdere doelstelling was om die aandelemark te laat tuimel, die aandele op te koop en van die Rand 'n tweede De Beers te maak.²³⁸

Intussen het die Uitlanders se entoesiasme aansienlik afgekoel. Hulle het net 3 000 van die beloofde 5 000 gewere ontvang en die meeste daarvan was nog nie eers uitgepak nie. Die gewone mynwerkers was glad nie lus vir 'n opstand nie en die leiers het paniekerig geword en redes vir uitstel gesoek. Rhodes het teësinig tot uitstel ingestem en onderneem om Jameson, wat opdrag gehad het om met sy inval te wag totdat die opstand plaasgevind het, van die uitstel te laat weet. Daar was heelwat misverstand tussen die verskillende partye en Jameson kon sy ongeduld nie langer betuel nie. Dr. Harris het in opdrag van Rhodes aan Jameson getelegrafeer dat die Uitlanders nie meer in opstand wou kom nie en dat hy niks moes doen voordat hy opdrag kry nie. Die Uitlanders het boodskappers na hom gestuur om hom te keer. Hy het egter niks direk van Rhodes gekry nie en op Saterdag, 28 Desember het hy Harris laat weet dat hy Sondagaand met sy inval sou begin. Harris was gerus en het nie reëlings getref om telegramme te ontvang nie. Hy het die boodskap eers Maandagoggend gekry. Jameson het ook sy broer Sam in Johannesburg in kennis gestel dat hy Sondagaand sou vertrek. Sondagmiddag het hy die telegraafdrade na Mafeking laat sny en so die verbinding met Kaapstad verbreek. Van sy soldate was nalatig en het nie die drade na Pretoria gesny nie. Nuus van die inval kon dus na Pretoria deurgestuur word. Jameson het sy troepe opgestel en 'n misleidende toespraak gehou. Hy het die ongedateerde uitnodigingsbrief van die vyf Uitlanderleiers voorgelees, gesê dat alles gereed was en dat troepe van Johannesburg hulle tegemoet sou kom. Die bevelvoerder, sir John Willoughby, het hulle vroeër al verseker dat die ekspedisie met die kennis en goedkeuring van die imperiale owerheid geskied het. Die optog het na sonder vertrek en lede van die Betsjoeanalandse polisie het later by hulle aangesluit. Daar was 478 man, drie kanonne en 8 maxims.²³⁹

238. *De Express*, 31 Des. 1895.

239. Lockhart en Woodhouse, pp. 315-321.

Byna alles wat kon, het verkeerd geloop. Nòg van die kant van die Uitlanders, nòg van die imperiale owerheid het enige hulp gekom. In plaas daarvan het beide boodskappe gestuur dat hy moes omdraai. Die Transvalers is heeltemal onderskat en Jameson was verplig om op 2 Januarie by Doornkop oor te gee. Die nuus van die inval het Suid-Afrika soos 'n donderslag getref. Almal was bewus van die Uitlander-onrus in Johannesburg, maar niemand het kon droom dat Rhodes daarby betrokke was en 'n land wat op vriendskaplike voet met Brittanje en die Kaapkolonie verkeer het, sou binneval met die voorneme om die regering met geweld omver te werp nie. Die hoë kommissaris het die Uitlanders oorreed om hulle gewere aan die Transvaalse owerheid te oorhandig en hulle leiers is gearresteer.²⁴⁰

Chamberlain het Rhodes laat weet dat hy teen hom sou optree indien hy Jameson sou beveel om Transvaal binne te val. Hiermee wou Chamberlain sy aandaagtheid verdoesel. Rhodes het die nuus van Jameson se vertrek die Sondag gekry en dadelik 'n telegram gestuur om hom te keer - maar die verbinding was verbreek. Hy het Bower, die imperiale sekretaris, ingelig en aangebied om die volgende dag as eerste minister te bedank. Hy het besef dat hy sy ministers en die Bond se steun verbeur het. Intussen het hy gehoop dat Jameson tog sou slaag.

De Express het na aanleiding van die Britse regering se Blouboek berig dat Chamberlain, wat voorgegee het dat hy niks van die sameswering geweet het nie, verwys het na die herhaalde kere wat die BSA Co. probeer het om toestemming te kry om van sy troepe op die grens te plaas. Die hoë kommissaris, daarenteen, het herhaaldelik daarteen beswaar gemaak, maar Rhodes se verduidelikings gesluk. Dit was onmoontlik vir hulle om niks te geweet het nie. Op 29 Desember 1895 het Chamberlain 'n telegram aan Robinson gestuur waarin hy gepraat het van iemand wat van die Betsjoeanalandse grens met polisie sou vertrek en daar kon 'n poging aangewend word om druk te gebruik.²⁴¹ Chamberlain het dus geweet en niks gedoen om dit te verhoed nie. Op 31 Desember het hy weer vir Robinson laat weet dat Jameson en sy manne vrybuiters was en indien die BSA Co. hom gestuur het, sou Engeland die oktrooi terugtrek. Op 13 Februarie het hy egter aangekondig dat die maatskappy kon voortgaan met sy

240. *Ibid*, pp. 325-330.

241. *De Express*, 18 Febr. 1896.

goeie werk.²⁴² Veel later het dit uit die *Salisbury Papers* geblyk dat die Britse regering die telegram van 29 Desember waarna in die Blouboek verwys is, geredigeer het. Rhodes en Jameson se name en dele wat Chamberlain kon inkrimineer, is weggelaat.²⁴³

Hofmeyr het eers Dinsdagoggend, 31 Desember van die inval gehoor. Hoewel diep geskok, was hy die enigste van die Kaapse leiers wat dadelik handelend opgetree het. Hy is na Rhodes en het daarop aangedring dat hy Jameson se daad afkeur, maar hy wou nie. Hy het ook ontken dat hy enigiets met die inval te make gehad het. Dit was die einde van hulle vriendskap. Hofmeyr het die volgende telegram aan Paul Kruger versend: "Ik hoop uw burgers zullen zich kwijten als helden tegen Jameson's vrybuiters." Vir die Transvaalse regering het die versekering dat Kaapse Afrikaners hulle gesteun het, baie beteken.²⁴⁴ Hierna het Hofmeyr die hoë kommissaris gedwing om 'n proklamasie uit te vaardig teen die inval en enige hulp van Britse onderdane aan die invallers. Robinson het spoedig na Transvaal vertrek.²⁴⁵ Hofmeyr se volgende stap was om telegrafies met Chamberlain in verbinding te tree. Chamberlain, wat bewus was van Hofmeyr se invloed, het laat weet dat die Britse regering Jameson se handeling verwerp het en alles in sy vermoë sou doen om die skade te herstel. Hy het vertrou dat Hofmeyr dieselfde sou doen. Hofmeyr het voorgestel dat die BSA Co. se oktrooi dadelik opgeskort word en ondersoek ingestel word na die inval. Hy het daarop gewys dat hoë in Britse militêre en finansiële kringe sowel as hoë Britse amptenare of aktief of passief 'n aandeel in die inval gehad het. Chamberlain het op 7 Januarie 'n ondersoek beloof.²⁴⁶

Onmiddellik nadat Borckenhagen van die inval gehoor het, het hy aan Hofmeyr getelegrafeer: "Onder traktaat van Potchefstroom is Jameson's handeling *casus belli*, vrystaatse deelname verpligtende, hetgeen ook gebeuren zal. Hoe is het moegelik, dat zulke volslagen krankzinnigheid van uit koloniaal gebied kon gepleegd worden? De toekomst van Zuid-Afrika zag daar nog nooit zo duister uit."²⁴⁷ Na aanleiding van Hofmeyr se aktivering van die hoë kommissaris en kontak met Chamberlain het Borckenhagen op 4 Januarie soos volg aan

242. *Ibid.*

243. Pakenham, p. 232.

244. Hofmeyr en Reitz, p. 538.

245. *Ibid.*, pp. 321-324.

246. Hofmeyr en Reitz, pp. 543-544.

247. *Ibid.*, p. 542.

hom getelegrafeer: "Ik dank u uit de bodem van myn hart. Dat zal ook geheel Zuid-Afrika doen. Ruk op, vriend, en wy zullen u volgen."²⁴⁸

Blanca Marais, Borckenhagen se dogter, het in haar tagtigerjare nog duidelike herinneringe aan die Jameson-inval gehad. Sy het onthou dat die telegraafkantoor van die Bloemfonteinse poskantoor tot in die vroeë oggendure oop was sodat haar vader telegramme kon stuur en ontvang. Volgens haar was daar 'n losprys op haar pa se kop omdat Rhodes en die Uitlanders besef het hoeveel invloed hy op die presidente gehad het. Sy lewe was werklik in gevaar en die polisie het hom verplig om 'n polisiefluitjie in sy onderbaadjiesak te dra. Hoewel hy 'n perdekar gehad het, het hy verkies om tussen sy huis en kantoor te stap. Oorkant hulle huis was daar 'n leë gebou waarin agterdogwekkende persone geskuil het. Wanneer hy teen die aand se kant huis toe gekom het, het sy vrou hom tegemoet gegaan en dan aan die kant van hom naaste aan daardie gebou gestap. Sy het gemeen dat niemand op 'n vrou sou skiet nie. Een aand was daar 'n geluid onder sy dogter Dora se kamervenster. Hy en sy seun Hans het gaan ondersoek instel en iemand op die sypaadjie sien rondrentel. Toe Borckenhagen aan hom vra wat hy daar soek, het hy weggehardloop. Hulle het hom verby Greykollege se tuin gevolg. Daar is 'n skoot op hulle gevuur, maar hulle is gelukkig nie getref nie. Hulle het 'n man op die tuinmuur sien sit en toe hulle hom nader, het hy voorgegee dat hy onder die invloed van drank was. Die volgende dag is 'n rewolwer op die grond langs die muur gevind. Die man wat agtervolg is, se doel was klaarblyklik om Borckenhagen na buite te lok sodat op hom geskiet kon word.²⁴⁹ 'n Korrespondent het op 20 Desember 1895 onder die skuilnaam "Een Kolonist" aan *De Express* geskryf dat Rhodes 'n vyand van die republieke was en orals sy speurders gehad het.²⁵⁰

By Borckenhagen was daar geen twyfel dat Rhodes agter die inval gesit het nie. "It is a sorry satisfaction we experience to-day, but it is nevertheless a satisfaction to know that, during all these years, when we as conscientiously as persistently attacked Mr Rhodes, we did him no wrong. we considered him .. as a selfish,

248. *Ibid.*

249. Marais, B., *Memories of Mrs Blanca Marais (née Borckenhagen)*, pp. 2-4.

250. *De Express*, 20 Des. 1895.

unscrupulous adventurer, agitator and speculator, and events have justified our views of the man", het hy geskryf. Die ergste was dat hy Jameson oorboord gegooi het. Vir maande het Jameson voorberei en sy troepe gereed gekry; sy Goldfields Co. het die finansies voorsien; maar Rhodes beweer dat hy niks geweet het nie. "The dear old High Commissioner knew nothing either. .. Rhodes is finally burst. ... It is the most scandalous chapter of modern history. ... We write with a heart full of bitterness." Hy het, soos baie Suid-Afrikaners, gehoop dat Jameson en sy soldate hulle straf sou kry en dat Rhodes verantwoordelik gehou sou word vir hierdie "most dastardly attempt on the liberty of the Sister Republic". Volgens Borckenhagen was dit die Britse regering se plig om met politieke ordentlikheid op te tree deur die BSA Co. se oktrooi dadelik op te skort, want dit was net 'n dekmantel vir wetteloosheid.²⁵¹ Pas na die inval het hy aanbeveel dat Jameson en sy manne aan die Britse regering oorhandig word om gestraf te word. Hoewel hy besef het dat Rhodes die eintlike skuldige was en dat daar nou van Jameson die sondebok gemaak is, was dit hy wat met sy "plucky madness .. committed the most amazing breach of international obligations ever committed by a Chartered Co. man. And that is saying a great deal!"²⁵² Die Transvalers was woedend oor die inval en baie van hulle, veral die krygsoffisiere, sou graag wou sien dat die invallers summier doodgeskiet word. Volgens die volkereg sou dit nie verkeerd wees nie. Paul Kruger was wys genoeg om te besef dat dit tot groot diplomatieke voordeel sou wees as hy genade betoon en die invallers aan Engeland oorhandig vir verhoor. Hofmeyr het reeds op 4 Januarie aan hom getelegrafeer dat so 'n stap wys sou wees en op dieselfde dag ook soos volg aan Borckenhagen: "Gerucht van voorstel Jameson en officieren dadelik te fusilieren doet groot nadeel aan transvaalse zaak onder Hollandsen en Engelsen. Om Gods wil, zend dadelik telegram, getekend door zoveel voormannen als gij vinden kunt, om alle praat van doodschieten daar te laten."²⁵³ M. T. Steyn, toe nog in 'n verkiesingstryd gewikkel, het dieselfde versoek aan Borckenhagen gerig.²⁵⁴ Hofmeyr se biografe meld dat Borckenhagen die twee Vrystaatse afgevaardigdes, Fischer en Kljnveld, beweeg het om die Transvalers oor die kwessie te

251. *Ibid*, 3 Jan. 1896.

252. *Ibid*, 3 Jan. 1896.

253. Hofmeyr en Reitz, p. 547.

254. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn*, 1, p. 129.

bearbei. Hulle het gedurende die oggend van 2 Januarie in Pretoria aangekom waar Borckenhagen telegrafies met hulle in verbinding moes gewees het. Op 6 Januarie was dit Kruger se taak om die kommandante te oorreed om die invallers na Engeland te stuur. Hy het vier ure lank geswoeg en Fischer en Klünveld het hulle ook toegesprek. Uiteindelik het hulle ingestem.²⁵⁵

Stadigaan het nuus ingedrup en sommige stukkie getuienis is met die grootste toeval ontdek. Die komplot kon tot 'n groot mate ontrafel word hoewel sommige getuienis eers veel later uit sir Graham Bower se *Apologia* en die Rhodes-dokumente na vore gekom het.

Teen 7 Januarie kon Borckenhagen 'n duidelike beeld vorm van wat gebeur het. Uit die getuienis van deelnemers en ondersteuners van die sameswering was dit vir hom duidelik dat Rhodes nie net die Transvaalse regering wou omver werp nie, maar ook dié van die Vrystaat.²⁵⁶ Die Uitlanders se griewe was 'n deursigtige verskoning en Brittanje was aandadig, want invloedryke Britse amptenare het aktief gehelp of passief toegekyk hoe 'n vuur ontketen word. Hofmeyr se korrespondensie met Chamberlain het dit bevestig.²⁵⁷

De Express se menings is deur die paar republikeinssesinde koerante gedeel. *Ons Land*, die Bondmondstuk wat Rhodes voorheen gesteun het, het sedert die driewekwessie 'n nuwe blaadjie omgeslaan en hom begin veroordeel. Vir die koerant was dit pynlik om te erken dat Borckenhagen al die jare reg was en dat hulle 'n adder aan die boesem gekoester het.²⁵⁸ Soos reeds gesien, het die Bond se leier, Hofmeyr, hom van Rhodes gedistansieer en die grootste gedeelte van die Bond se lede het hom gevolg. Daar was 'n groepie, meestal Engelssprekendes, wat Rhodes bly ondersteun het en mettertyd uit die Bond bedank en hulle by die Progressiewe party aangesluit het. Onder hulle was sir Gordon Sprigg en sir James Sivewright en enkele Afrikaners soos Adriaan Hofmeyr, ds. S. J. du Toit en D. C. de Waal. Aan die anderkant was daar ook 'n aantal gematigde Engelssprekende Kapenaars wat die rug op Rhodes gedraai het soos John X. Merriman, J. T.

255. Hofmeyr en Reitz, p. 546; Krüger, pp. 165-166; Van der Merwe, p. 59.

256. *De Express*, 7 Jan. 1896.

257. *Ibid*, 10 Jan. 1896; Hofmeyr en Reitz, p. 543.

258. *De Express*, 24 Maart 1896.

Molteno, W. P. Schreiner, sy suster Olive en haar man, S. C. Cronwright-Schreiner. Die inval het oor die algemeen Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika saamgesnoer soos selde vantevore. Vir Kaapse Afrikaners het dit 'n dilemma geskep, want hulle was steeds Britse onderdane.²⁵⁹

Die Bondskongres wat in Maart 1896 gehou is, was vir Borckenhagen 'n bewys dat Afrikaners nou bereid was om saam te staan. Die Bond het Rhodes en sy ondersteuners veroordeel en besluit dat hy nooit weer 'n rol in Suid-Afrikaanse sake sou speel nie. Daar is ooreengekom dat die tyd aangebreek het om 'n behoorlike grondslag te lê vir 'n sterk nasionale verdrag wat sou verhoed dat daar in die toekoms verdeeldheid onder Afrikaners sou wees. Die beleid sou voortaan wees om die imperiale faktor uit die land te weer.²⁶⁰ *Ons Land* het gepraat van die nasionale herontwaking na hierdie tweede Amajuba.²⁶¹ Dit was nie 'n baie diplomatieuse aanmerking nie, want die eerste Amajuba was steeds 'n baie teer punt in Engelse kringe. In aansluiting hierby het Borckenhagen in April 1896 die stigting van 'n nasionale party dwarsdeur Suid-Afrika bepleit - 'n party "which will command a majority, and which will, by an expression of firm public opinion, secure to South Africa peace, harmony, trust, co-operation - Union." Dit sou die einde beteken van gevaarlike imperiale inmenging en jingoïsme.²⁶²

Dit het Borckenhagen verheug dat die Vrystaat so flink gereageer het toe die susterrepubliek in die nood was en dit in 'n tyd toe die land sonder 'n staatspresident was as gevolg van Reitz se bedanking. Pres. Blynaut op 30 Desember 1895 van die inval in kennis gestel en op die Vrystaat se verpligting kragtens die Potchefstroom-konvensie gewys. Blynaut was aanvanklik in vertwyfeling,²⁶³ maar het die Uitvoerende Raad die volgende dag byeengeroep. Dié Raad het aan Blynaut opdrag gegee om die Transvalers van die Vrystaat se steun te verseker en die Republiek se kommer aan die hoë kommissaris oor te dra. Verder is besluit om 'n afvaardiging na Transvaal te stuur.²⁶⁴ Raadslede A. Fischer en H. Kljnveld het op 1 Januarie 1896 per trein na Pretoria vertrek om Paul Kruger by te staan. Die Uitvoerende Raad het

259. Scholtz, pp. 479-480.

260. *De Express*, 17 Maart 1896.

261. *Ibid*, 24 Maart 1896.

262. *Ibid*, 7 April 1896.

263. Malan, p. 215.

264. *Ibid*, p. 216.

kommando's opgekommandeer om na die grens te gaan. Baie Vrystaters het ook vrywillig hulp aangebied. Op 10 Januarie het Fischer en Klýnveld breedvoerig in die Volksraad verslag gedoen oor al die getuienis wat die Transvaalse regering ingesamel het. Die algemene gevoel was dat die oktrooi van die BSA Co. beëindig moes word en dat die republieke nouer moes saamwerk. Die twee afgevaardigdes het ook aanbeveel dat die Volksraad wetgewing moes indien wat die herhaling van die gebeure ontmoontlik sou maak.²⁶⁵ Die inval het dan ook geleidelik tot nouer bande tussen die republieke soos Borkenhagen reeds jarelank bepleit het en wat hy op daardie tydstip as van die uiterste belang beskou het.²⁶⁶ Kort nadat pres. Steyn ingesweer is, het hy pres. Kruger by Viljoensdrif ontmoet en in Maart 1897 is die Potchefstroom-konvensie uitgebrei. Daar is onder andere ooreengekom dat die twee republieke mekaar nie net in geval van 'n aanval van buite sou bystaan nie, maar ook in geval van binnelandse opstand.²⁶⁷

Daar is vroeër gewys op verskeie bewyse van vriendskap tussen Duitsland en Transvaal gedurende 1894 en 1895. Op 3 Januarie 1896 het Keiser Wilhelm II van Duitsland Paul Kruger per telegram geluk gewens met sy geslaagde optrede teen die invallers en uit sy bewoording kon afgelei word dat hy Duitse militêre hulp in die vooruitsig gestel het. Chamberlain, Rhodes en die Britse regering het onmiddellik munt hieruit geslaan. Die Britse publiek was aanvanklik geskok en verontwaardig oor die inval, maar *The Times* het met sy publikasie van die Uitlanders se uitnodigingsbrief, sy klem op Uitlandergriewe en sy meegevoel met die Reformers reeds 'n swaai in die openbare mening te weeg gebring. Die bekendmaking van die Keiser se telegram het hulle dadelik laat glo dat 'n Duitse bedreiging van 'n deel van die ryk die inval tot gevolg gehad het. Drie jaar later het Rhodes die Keiser persoonlik bedank dat hy die aandag van die inval afgelei het.²⁶⁸ Die Britsgesinde koerante in Suid-Afrika, waaronder *The Friend*,²⁶⁹ het mildelik van hierdie verskoning vir Rhodes se optrede gebruik gemaak, net soos van die Uitlandergriewe en die bewering van die Transvaalse regering se tirannie. *The Grahamstown Journal* het met 'n argument gekom wat later tydens Rhodes se verhoor in Engeland baie

265. *De Express*, 14 Jan. 1896.

266. *Ibid*, 20 Maart 1896.

267. *Ibid*, 5 Maart 1897.

268. Lockhart en Woodhouse, pp. 331-332; Krüger, pp. 163-

164. Scholtz, pp. 473-474.

269. *The Friend*, 14 Jan., 7 en 11 Febr. 1896.

daartoe bygedra het om guns vir hom te wen: die bewering dat hy sulke oneindige dienste aan Suid-Afrika en die Britse ryk gelewer het.²⁷⁰

Wat Duitse betrokkenheid betref, het Borckenhagen na die Duitse Witboek verwys waaruit dit duidelik was dat Duitsland slegs die *status quo* wou handhaaf om sy handelsbelange in Transvaal en Delagoabaai te beskerm. Indien Suid-Afrika vrywilliglik onder die Britse vlag wou federeer, sou Duitsland nie inmeng of gevra word om in te meng nie, maar as dit op Suid-Afrika afgedwing word, sou die republieke hulp uit enige oord verwelkom.²⁷¹

Die Engelse pers het Jameson se optrede as 'n heldedaad en sy lot as 'n ramp beskou en wou niks weet van Rhodes en die Britse regering se aandadigheid nie. *The Friend* het Jameson wel veroordeel, maar *De Express* van verdraaiing beskuldig omdat hy beweër het dat Rhodes en die Britse regering ook betrokke was.²⁷² Rhodes en die Britse regering het die komplot nog verder gevoer deur alle Europese kommentaar te onderdruk. Hulle was in beheer van Reuter en het slegs uittreksels uit *The Times* na Suid-Afrika gestuur.²⁷³

Borckenhagen het van die begin af daarop aangedring dat ondersoek ingestel word na die inval, maar nie veel hoop gehad dat Brittanje onpartydig sou optree nie.²⁷⁴ Wat Chamberlain moes doen, was om Rhodes dadelik onder arres te plaas en op sy dokumente beslag te lê. Dit het nie gebeur nie en Borckenhagen was seker dat baie van die getuienis sou verdwyn.²⁷⁵ Sy aanvoeling was korrek, maar hy was onbewus van wat alles agter die skerms in Brittanje aan die gang was. Chamberlain wou ten alle koste sy betrokkenheid verdoesel en so sy pos behou. Rhodes, wat net na die inval na Engeland is, was bo alles vasberade om die BSA Co. se oktrooi te beskerm. Sy prokureur, B. F. Hawksley, was in besit van 54 telegramme, meestal deur Harris gestuur, waaruit Chamberlain se aandeel duidelik geblyk het. Daar was dus 'n verstandhouding tussen Rhodes en Chamberlain: hulle sou mekaar beskerm, maar as Chamberlain die oktrooi sou opskort, sou Rhodes die telegramme openbaar maak. Chamberlain sou ook terwille van homself en van Rhodes

270. Aangehaal in *De Express*, 4 Febr. 1896.

271. *De Express*, 13 Maart 1896.

272. *The Friend*, 3 en 7 Jan. 1896.

273. *De Express*, 7 Jan. 1896.

274. *Ibid*, 24 Jan. 1896.

275. *Ibid*, 10 Jan. 1896.

probeer om 'n ondersoek af te weer. Chamberlain het na die inval aan lord Salisbury voorgestel dat hulle met 'n "act of vigour" moes kom om die aandag van die gebeure af te trek. "It does not much matter which of our numerous foes we defy, but we ought to defy someone." Dit kon die Duitsers of die Franse of Paul Kruger wees.²⁷⁶ Op 1 Februarie het Chamberlain in 'n brief aan 'n tussenganger tussen hom en Rhodes, Reginald Brett, voorgestel dat Rhodes moes probeer om dokumentêre bewys te kry van 'n Duits-Transvaalse sameswering "to divert the issue and to share the blame." Hy het ook aanbeveel dat Rhodes moes verklaar dat hy, nes almal, bewus was van die moontlikheid van opstand in Johannesburg en dat hy dit sy plig geag het om 'n mag op die grens gereed te hou ingeval van probleme. Dit was nie sy bedoeling om dit sonder die hoë kommissaris se toestemming te gebruik nie en net in 'n noodgeval. So 'n verklaring sou Rhodes, Chamberlain en die koloniale kantoor vrywaar.²⁷⁷ Chamberlain het selfs aan die moontlikheid van oorlog teen Transvaal gedink om 'n ondersoek te vermy, maar besef dat hy nie regverdiging daarvoor sou vind nie. Hy sou die "extreme war party" egter laat voortgaan met hulle oorlogspraatjies: ".. I do not mind the noisy exaltation of the Jingo party, since it does not commit me and may put some pressure on the people in the Transvaal who are afraid of war", het hy op 7 April 1896 aan E. Fairfield, die Afrika-deskundige in die koloniale kantoor, geskryf.²⁷⁸ Borckenhagen het juis in April berig dat daar in Londen gerugte was van 'n militêre demonstrasie op die Natalse grens en van regeringsplanne om minstens 20 000 soldate in Natal te plaas. Borckenhagen het geglo dat dit blote praatjies was met die doel om druk op die republieke uit te oefen.²⁷⁹

Chamberlain het Kruger uitgenooi om Londen te besoek om sake te skik sodat 'n ondersoek na die inval en sy betrokkenheid vermy kon word. Aan lord Salisbury het hy geskryf: "I think it will be a great 'coup' to get the old man over here and we have much to gain from him while he has little to ask from us." Kruger was slegs gewillig om te gaan indien artikel 4 van die Konvensie bespreek sou word. Chamberlain het geweier. Hy wou weer slegs oor die Uitlandergriewe praat en het Kruger boonop beledig deur een van sy briewe aan hom met voorstelle vir munisipale

276. Lockhart en Woodhouse, pp. 334-335.

277. Pakenham, p. 237.

278. *Ibid*, pp. 242-244.

279. *De Express*, 24 Maart 1896.

hervorming in Johannesburg in die *London Gazette* te laat publiseer voordat dit Kruger kon bereik.²⁸⁰ Daar het dus niks van samesprekings gekom nie. Borckenhagen het dit ook as nutteloos vir Kruger beskou om na Londen te gaan.²⁸¹ In die Britse laerhuis het Chamberlain alles in sy vermoë gedoen om 'n ondersoek af te weer. Hy het die inval probeer goedpraat deur te wys op Uitlandergriewe en te beweer dat Britse oppergesag in Suid-Afrika bedreig is. Daarna het hy verklaar dat hy Rhodes nie kon vervolg nie omdat hy die ryk help bou het. "Mr. Chamberlain is frightened to tackle him", het Borckenhagen die spyker op die kop geslaan. En verder: "By the treatment of Mr Rhodes, Mr Chamberlain had to afford the world final evidence of his true position in the conspiracy. He has not redeemed Mr Rhodes by his action - he has only cast a serious reflection upon himself." Sulke optrede het Suid-Afrikaners net meer wantrouig jeens Brittanje gemaak en meer vasberade om van die imperiale faktor ontslae te raak.²⁸² Met die einde van die Britse parlamentsitting in sig, het Borckenhagen voorgestel dat die ondersoek na Rhodes en die inval laat vaar word. Hoë Britte was betrokke en hy het geen hoop op 'n billike verhoor gehad nie.²⁸³ Dit was duidelik dat dit eers die volgende jaar sou plaasvind wanneer die Britse publiek alles al vergewe en vergeet het. Dat 'n komitee van die laerhuis die ondersoek sou doen en Chamberlain waarskynlik die voorsitter sou wees, sou daarvan 'n klug maak. Buitendien het Suid-Afrikaners al dwarsdeur alles gesien.²⁸⁴

Wat die Kaapse parlement betref, het Borckenhagen herhaaldelik gevra dat daar gou met 'n ondersoek begin word voordat getuienis vernietig kon word.²⁸⁵ Die Kapenaars moes deur die ondersoek aan Engeland en veral Chamberlain toon wat hulle van 'n eerste minister gedink het wat die vertroue in hom so skandelik en krimineel misbruik het. Aan Transvaal moes hulle bewys dat hulle die optrede van De Beers en Britse offisiere en amptenare in die kolonie wat aandadig aan die inval was, veroordeel het.²⁸⁶ Die parlement het in Mei 1896 'n kommissie van ondersoek aangestel en op 17 Julie is die verslag waarin Rhodes se aandeel in die

280. *Ibid*, 18 Febr. 1896; Krüger, p. 171; Pakenham, pp. 235-236. Lockhart en Woodhouse, pp. 335-339.

281. *De Express*, 24 Maart 1896.

282. *Ibid*, 12 Mei 1896.

283. *Ibid*, 26 Junie 1896.

284. *Ibid*, 14 Julie 1896.

285. *Ibid*, 17 en 24 Jan. 1896.

286. *Ibid*, 24 Maart 1896.

inval bewys en skerp veroordeel is, gepubliseer.²⁸⁷ Kort tevore is W. P. Schreiner se mosie dat Rhodes sy setel in die parlement behou en hy verlof kry om tydens die sitting afwesig te wees, aanvaar.²⁸⁸

Rhodes het sir Gordon Sprigg as sy opvolger aangewys met sir James Sivewright as kommissaris of minister van openbare werke. Hulle was beide Rhodes-aanhangers en veral Sivewright was verantwoordelik vir wrywing tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie oor spoorsake. Hy kon die parlement egter nie oorreed om onbillik jeens die republieke op te tree nie. Schreiner, wat in 1898 eerste minister sou word, het 'n belangrike aandeel daarin gehad.²⁸⁹

Die verhoor van die lede van die *Reform Committee* het in April 1896 in Pretoria plaasgevind. Hulle is aangekla van hoogverraad en het skuld beken. Regter Gregorowski het die doodstraf aan vier van die vyf leiers wat die uitnodigingsbrief onderteken het (Charles Leonard het gevlug), opgelê en die ander tot twee jaar tronkstraf en R4000 boete gevonniss. Onmiddellik is daar van alle kante beswaar aangeteken en meegevoel met hulle uitgespreek. Borckenhagen se kommentaar was dat hulle geen meegevoel met ander gehad het nie. Hulle was bereid om grootskaalse bloedvergieting te laat plaasvind en het hulle straf verdien. Tog was hy seker dat Paul Kruger weer eens genadig sou wees.²⁹⁰ Borckenhagen was die woordvoerder van 'n groep voraanstaande Vrystaters wat pres. Steyn versoek het om by pres. Kruger om genade vir die rebelle te pleit. Hy het verklaar dat dit nie om die meriete van die saak of die regverdigheid van die vonnis gegaan het nie - hulle was skuldig. Dit sou goeie diplomاسie wees as pres. Kruger genade bo geregtigheid gestel het om sodoende mense wat teen die beste belange van die land gewerk het, se samewerking te verkry tot Suid-Afrika se beswil. Die President het ingestem en gemeld dat hyself reeds aan pres. Kruger geskryf het.²⁹¹ Die vonnisse is almal versag en na betaling van die boetes en 'n skriftelike versoek om ontslaan te word, is almal behalwe twee wat nie so 'n versoek wou rig nie, vrygelaat.²⁹²

287. Hofmeyr en Reitz, pp. 560-561; Lockhart en Woodhouse, p. 343.

288. *De Express*, 17 en 21 Julie 1896.

289. *Ibid*, 9, 20 en 23 Oktober 1896.

290. *Ibid*, 1 Mei 1896.

291. *Ibid*, 5 Mei 1896.

292. Pakenham, p. 111.

Volgens Borckenhagen het Engeland niks gedoen om Rhodes te straf en die republieke gerus te stel nie en Borckenhagen het dus aanbeveel dat daar bewapen word.²⁹³ Dit is dan ook wat die republieke gedoen het. Dadelik was daar veroordeling uit die Engelse kamp. *The Star* het beweer dat daar onbeperkte bewapening was en die moontlikheid het bestaan "that the Dutch are preparing themselves for some supreme effort". President Kruger het die koerant bestraf oor sy hernieude pogings om die vrede te versteur en Brittanje teen die Afrikaners aan te hits. Borckenhagen het ontken dat bewapening op so 'n groot skaal aan die gang was.²⁹⁴ Die wapens was net vir selfverdediging bedoel.

Die groei van Afrikanereenheid het 'n teenreaksie onder Engelssprekendes uitgelok wat uitgeloop het op die stigting van die *South African League*, 'n politieke organisasie vir Engelse dwarsdeur Suid-Afrika. Daar was 'n skerper verdeling tussen Engels- en Afrikaanssprekendes as ooit tevore en Borckenhagen het geskryf dat jingoïsme sy hoogtepunt bereik het.²⁹⁵ Van die League se voorsitter, dr. Darley Hartley, het selfs Engelse koerante soos die *Grahamstown Journal* geskryf dat hy vyandiggesindheid gekweek het.²⁹⁶ Die doelstelling van die organisasie was: " .. to support the existing supremacy of Great Britain in South Africa and bind itself to oppose any attempts that may be made to weaken or destroy that supremacy".²⁹⁷ Lede is teen Transvaal opgesweep soos by 'n vergadering te Kaapstad waar hulle gevra is om dwarsdeur Suid-Afrika vir die vrylating van die twee *Reformers*, Sampson en Davies en die afskaffing van die perswet en die wet op uitsetting van vreemdelinge te betoog. Daar is ook besluit om die Britse regering te vra om die twee se vrylating op regsgronde te probeer kry.²⁹⁸ In Engeland is die *South African Association* gestig om die Britse publiek te beïnvloed om imperiale druk op Suid-Afrika te steun. Engelse koerante het al hoe bitsiger geword. *The Cape Argus* het teenstanders van die Kruger-regering gemeen om geduldig te wees aangesien die twee genoemde wette tot verbrekking van die Londen-konvensie kon lei "in which Great Britain being, for the first time, wholly in the right, would be justified in the eyes of the world in using

293. *De Express*, 28 Febr. 1896.

294. *Ibid*, 24 Maart 1896.

295. *Ibid*, 27 Julie 1897.

296. *Ibid*, 1 Sept. 1896.

297. *The Cape Times*, 28 Aug. 1896.

298. *De Express*, 29 Sept. 1896.

force."²⁹⁹ *The Friend* het hewige aanvalle op Paul Kruger geloods en hom "the real culprit" genoem.³⁰⁰ Dit was die imperiale regering deur sy hoë kommissaris wat die inval onderdruk en Transvaal gered het, het hy geskryf, en nou wou die Bond die imperiale faktor verwyder.³⁰¹ Engelse politici en hulle pers het 'n propagandaveldtog begin waarin van 'n Afrikaner-sameswering gepraat is. *The Star* het na aanleiding van die Bondskongres van die aggressiwiteit van Afrikanerleiers gepraat.³⁰² Dieselfde koerant en andere het dikwels met ultimatus en militêre optrede deur Brittanje gedreig, soos na Paul Kruger se weiering om na Londen te gaan.³⁰³

Na Rhodes se besoek aan Engeland is hy na Rhodesië waar die Matebeles weer in opstand gekom het en hy het aktief deelgeneem aan hulle onderdrukking.³⁰⁴ Hy het in Desember 1896 na Suid-Afrika teruggekeer. Borckenhagen het reeds op 6 November geskryf: "In towns like Capetown and Port Elizabeth, Mr Rhodes is far better loved than before. Now that he has shown that his friendship with, and for the Dutch Afrikaner was only a trick to humbug them ..", steun hulle hom.³⁰⁵ In Port Elizabeth en Kaapstad is Rhodes met ekstase ontvang en het hy beweer dat sy politieke loopbaan maar pas begin het. *De Express* het tereg beweer dat hierdie byeenkomste gereël is om in Brittanje en veral by die kommissie van ondersoek die indruk te skep dat hy algemene steun in Suid-Afrika geniet het en dat Suid-Afrikaners Brittanje sou verkwalik as hy aan 'n verhoor blootgestel word.³⁰⁶

'n Stroom van verontwaardiging oor die verering van 'n man wat as aangeklaagde na Brittanje is, is spoedig op een protesvergadering na die ander in die Kaapkolonie uitgiet. Een van die eerstes is op 11 Januarie 1897 in die Paarl gehou. Daar was sowat 600 aanwesiges van wie 540 teen die onthale vir Rhodes gekant was.³⁰⁷ Teen 21 Januarie is daar reeds 52 vergaderings - van Koeberg tot by Graaff-Reinet, Middelburg en Hopetown - gehou en Bondstakke het hulle ook

299. *Ibid*, 2 Okt. 1896.

300. *The Friend*, 31 Maart 1896.

301. *De Express*, 20 Maart 1896.

302. *Ibid*.

303. *Ibid*, 27 Maart 1896.

304. Lockhart en Woodhouse, pp. 345-356.

305. *De Express*, 6 Nov. 1896.

306. *Ibid*, 1 Jan. 1897.

307. *Ibid*, 12 Jan. 1897.

teen die Rhodes-demonstrasies uitgespreek. John X. Merriman, vroeër 'n minister in Rhodes se kabinet, het die vergadering te Stellenbosch toegespreek.³⁰⁸ Borckenhagen was verheug oor die betoning van solidariteit in Afrikanergeledere.³⁰⁹ Die Engelse pers het die feit dat soveel mense die vergaderings bygewoon het, probeer verdoesel. St. Leger wat waargeneem het as *The Cape Times* se redakteur terwyl Garrett Rhodes na Engeland vergesel het, het geskryf: "Nothing is to be gained by the course taken by English newspapers in denying the reality of the counter demonstrations against Rhodes, or in abusing Mr. Hofmeyr for asserting their numerical force and importance."³¹⁰ Borckenhagen het vervolgens verklaar: "English public opinion, manufactured by a paid press, may back him throughout and to the end of his days, but that very fact represents a distinct danger to our peaceful development." Rhodes het die voorneme uitgespreek om dieselfde spel as voorheen te speel en sy finansiële vermoëns en "a formidable following of the worst kind" was genoegsame rede waarom Borckenhagen hom steeds sou dophou en nooit sou ophou om die mense te waarsku nie.³¹¹

Rhodes se ondersteuners het alle middele aangegryp om die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek te verhoed. Op 20 Januarie het sir James Sivewright 'n spoorbrug by Worcester geopen en in sy toespraak die republieke daarvan beskuldig dat hulle gesante na die Kaapkolonie gestuur het om republikeinse propaganda te versprei en mense se gemoedere te vergiftig teen Brittanje. Die nuus is dadelik deur die BSA Co. se kantoor na Londen gekabel en het op 21 Januarie in Londense koerante verskyn - dieselfde dag waarop die laerhuis moes besluit oor 'n kommissie van ondersoek. Die toespraak het in die laerhuis ter sprake gekom. "Sivewright's speech has caused a renewal of want of political confidence in the Transvaal", volgens 'n Britse kabelgram aan *The Star*.³¹² Agterdog jeens Transvaal moes dien as verskoning vir Rhodes se optrede. Rhodes se vriend, Harris, het intussen Londense koerante soos *The Globe* bearbei en daar het ook 'n onderhoud met ds. S. J. du Toit waarin hy Rhodes en die BSA Co. aanprys, in 'n Londense blad verskyn. " .. everything is so arranged that public opinion

308. *Ibid*, 15, 19, 22 en 26 Jan. 1897.

309. *Ibid*, 15 Jan. 1897.

310. Aangehaal in *De Express*, 29 Jan. 1897.

311. *De Express*, 29 Des. 1896 en 1 Jan. 1897.

312. *Ibid*, 29 Jan. 1897.

in England shall succumb to a well-concerted cross fire", het Borckenhagen beweer.

Die republieke was verontwaardig oor Sivewright se aantyging en sy verweer was dat hy in sy toespraak eintlik verwys het na 'n hoofartikel wat op 12 Januarie in *De Express* verskyn het waarin Borckenhagen aanbeveel het dat koloniale Afrikaners jingoïsme teenwerk deur 'n republikeinse party te stig en langs konstitusionele weë hulle politieke status te probeer verander. Borckenhagen was verwonderd dat Sivewright hieruit kon aflei dat die republieke gesante na die Kaapkolonie gestuur het. Die vergaderings waarop daar gesante sou wees, is reeds op 4 en 11 Januarie gehou en sy artikel kon dus nie die stuur van gesante tot gevolg gehad het nie.³¹³ Pres. Steyn het in korrespondensie met die hoë kommissaris getree oor die aangeleentheid en volhard totdat Sivewright sy bewerings teruggetrek het en die imperiale sekretaris die Britse regering laat weet het van die terugtrekking.³¹⁴

Op 6 Januarie 1897 is Rhodes na Engeland om deur die parlementêre kommissie van ondersoek na die inval ondervra te word. Omdat Chamberlain voorsitter van die kommissie was, het Rhodes nie veel te vrees gehad nie. Hy het die hef in die hand gehad weens die 54 telegramme in sy besit waaruit Chamberlain se medepligtigheid duidelik sou blyk. Solank hy hulle nie openbaar gemaak het nie, sou Chamberlain hom beskerm. Op die ou end is 46 van die telegramme se inhoud bekend gemaak, maar die 8 wat die gevaarlikste vir Chamberlain se reputasie was, het gerieflik verdwyn.³¹⁵ Borckenhagen het Chamberlain se toespraak met die aanvang van die verhoor ten sterkste veroordeel. Hy het die BSA Co. uit wie se geledere die inval geloods is, geprys en sy voortbestaan aanbeveel. Daarna het hy beweer dat die wettige Uitlandergriewe die rede vir die inval was en dat Kruger belooft het om dit te verwyder, maar nog niks daaromtrent gedoen het nie. Hy het die aandag afgelei na huidige omstandighede in Transvaal. Volgens hom het die regering vir hernude onrus gesorg deur wetgewing te aanvaar wat in stryd met die Londense Konvensie was. Borckenhagen het dit 'n "wicked untruth" genoem. Die enigste onrus wat gestook is, het van *The Star* en die *South African League* gekom. Chamberlain het 'n dreigende houding jeens Transvaal

313. *Ibid.*

314. *Ibid.*, 9 Febr. 1897.

315. Lockhart en Woodhouse, pp. 378-380.

ingeneem. Volgens Borckenhagen was dit uit Chamberlain se houding duidelik dat die ondersoek 'n klug sou wees en hy kon dit maar net sowel laat vaar.³¹⁶ Hy wou homself en ander amptenare se betrokkenheid by die sameswering toesmeer en daarom het hy tot die aanval op Transvaal oorgegaan.³¹⁷ Borckenhagen het besef dat Chamberlain 'n bedreiging vir die vrede in Suid-Afrika was: " .. Mr Chamberlain is making mischief .. an he should be stopped before he puts the screw any further on the Pretoria Government".³¹⁸ Sir William Harcourt van die Liberale party en Henry Labouchere van die Radikales se vrae het Rhodes aanvanklik in 'n hoek gedryf, maar hy het gou metodes ontwikkel om dit te ontwyk. Deurdat hy die eer van Brittanje, die uitbreiding van die ryk, die unifikasie van Suid-Afrika onder die Britse vlag en die regstelling van die onderdrukte Uitlanders in Transvaal se griewe as motief vir sy optrede gestel het en op die Duitse gevaar gewys het, het hy teen die end almal se guns gewen. Hoewel Harcourt, maar veral Labouchere, vermoed het dat hoë Britse amptenare by die komplot betrokke was, wou hulle nie graag Britse prestige 'n knou in die oë van die wêreld toedien deur dit te ontrafel nie.³¹⁹ In die verslag wat op 13 Julie 1897 gepubliseer is, is die inval veroordeel en Rhodes en sommige van sy mede-samesweerders skuldig bevind. Byna al die hoë Britse amptenare wat aandadig was, se aandeel is verswyg. Die BSA Co. is toegelaat om voort te bestaan en geen stappe is teen die oortreders geneem nie. Rhodes het selfs aangebly as lid van die Geheime Raad.³²⁰ Heel aan die einde het Chamberlain verklaar dat Rhodes niks gedoen het wat afbreuk gedoen het aan sy "personal position as a man of honour" nie.³²¹ Borckenhagen het geskryf dat hierdie uitspraak van Chamberlain Afrikaners se oë geopen het³²²; die feit dat daar Britse parlamentslede was wat Chamberlain veroordeel en dit betreur het dat hy so laag gedaal het om 'n verraaier 'n man van eer te noem, was 'n hoopvolle teken.³²³ Hy het die verhoor 'n "hollow mockery" genoem. Volgens hom was daar geen twyfel oor die Britse regering se aandeel in die inval nie. Hulle het Rhodes se planne om die Transvaalse regering omver te werp, goedgekeur

316. *De Express*, 2 Febr. 1897.

317. *Ibid*, 5 Febr. 1897.

318. *Ibid*. Let op Borckenhagen se humorsin. Chamberlain het sy rykdom aan 'n skroewefabriek te danke gehad.

319. Lockhart en Woodhouse, pp. 370 e.v.

320. *Ibid*, pp. 380-381.

321. *Ibid*, p. 382.

322. *De Express*, 30 Julie 1897.

323. *Ibid*, 13 Aug. 1897.

en selfs al het hulle dit nie eksplisiet goedgekeur nie, het hulle daarvan geweet, maar dit nie verhoed nie. Dit het by hom die diepste vrees vir die toekoms gewek. Die republieke was in uiterste gevaar,³²⁴ en het vergeefs gehoop dat Engeland reg sou laat geskied.³²⁵ Chamberlain se optrede tydens die verhoor het getoon dat hy vasberade was "to escape from an awkward dilemma by exaggerating all Republican misfortunes and misdemeanours" en dat hy wraak sou neem vir die vernedering wat Britse prestige gely het.³²⁶

In Suid-Afrika het byna alle Afrikaners en ook 'n hele aantal Engelssprekendes die rug op Rhodes gedraai.³²⁷ By die Bondskongres wat in Maart 1897 te Malmesbury gehou is, was daar heelwat spanning omdat 'n aantal Bondslede Rhodes steeds gesteun het. Ds. S. J. du Toit was hulle leier en het vanweë sy bekendheid as redakteur van *Di Patriot* 'n groot invloed uitgeoefen. Uit briewe aan J. H. Hofmeyr het dit geblyk dat ds. Du Toit geldelik deur Rhodes gesteun is sodat hy ook *Het Dagblad* kon uitgee; daarom het hy hom verplig gevoel om Rhodes te steun. Daar is ver wag dat Du Toit 'n aansienlike gevolg by die Bondskongres sou hê. Hofmeyr was nie teenwoordig nie, maar sy invloed was voelbaar. Borckenhagen, wat een van Rhodes se felste teenstanders gebly het, se teenwoordigheid by die kongres moes ook indruk gemaak het.³²⁸ Die kongres se besluit om aan Rhodes "geen de minste politieke ondersteuning te verlenen, hetzÿ op politieke vergaderingen, in de drukpers, bÿ de stembus, in het Parlement of waar ook",³²⁹ moes aan hom groot vreugde verskaf het.

Rhodes het lid van die Kaapse parlement gebly,³³⁰ hom by die Progressiewe party geskaar en aan die 1898-verkieëing deelgeneem. Garrett van *The Cape Times* was aan die voerpunt van die beweging om Rhodes leier van die Progressiewe party te maak en die party te gebruik om Britse invloed in Suid-Afrika te versterk. Die verkiesing is deur W. P. Schreiner se Suid-Afrikaanse party, gesteun deur die Bond, gewen. Teen die einde van 1898 het Rhodes se belangstelling

324. *Ibid*, 20 en 30 Julie 1897.

325. *Ibid*, 29 Junie 1897.

326. *Ibid*, 1 Junie 1897.

327. Lockhart en Woodhouse, p. 387.

328. *De Express*, 16 Maart 1897.

329. Hofmeyr en Reitz, pp. 563-564.

330. Lockhart en Woodhouse, p. 389.

in die politiek heeltemal verflou.³³¹ Hy het ook geen rol meer in die verhouding tussen die Kaapkolonie en Transvaal gespeel nie, enersyds omdat hy met die grootste agterdog in Transvaal bejeën is en andersyds omdat die nuwe hoë kommissaris, sir Alfred Milner, met groot ywer die presiese beleid teenoor Transvaal gevolg het wat hy voorgestaan het.³³²

6. Joseph Chamberlain

Terwyl Rhodes, Jameson en ander nou van die toneel sou verdwyn, het Chamberlain minister van kolonies gebly. Wat Borckenhagen betref, moes iemand in dié posisie skoon hande hê sodat na hom opgesien kon word en dit was nie die geval met Chamberlain nie. Afgesien van sy aandeel in die inval, het hy nie sy belofte nagekom om die skade te herstel nie. Verder het hy hom met Transvaal se binnelandse sake ingemeng deur eise te stel oor die Uitlanderkwessie en voorskriftelik te wees met betrekking tot Johannesburg. Wat Suid-Afrikaners van hom verwag het, was billikheid, dat hy die lug sou suiwer en hulle sou toelaat om in vrede te lewe.³³³ Borckenhagen het egter besef dat Chamberlain sou voortgaan om 'n beleid van aggressiewe imperialisme in Suid-Afrika uit te voer deur veral van die Uitlanderkwessie gebruik te maak: "How the paramount Power proposes to coerce an independent country to hand over its internal affairs to a foreign and floating population is a problem, the solution of which we shall watch with the interest the question deserves from a South African point of view".³³⁴ Soos Rhodes voor die inval het Chamberlain na die inval tot met Borckenhagen se dood die toon aangegee as imperialis en was hy gevolglik Borckenhagen se vernaamste teenstander. Ses maande na die inval het Borckenhagen met insig geskryf: "Mr Chamberlain has become extremely moderate of late, but it is not in the way of human nature to acquiesce in a defeat. We shall hear again ere long of this resourceful and pushful (sir Hercules Robinson het van "pushful Joe" gepraat³³⁵) gentleman, and it will require all care and caution to checkmate his probable attempts to redeem Imperialism in South Africa."³³⁶ Behalwe die inmenging in binnelandse aangeleenthede soos die Uitlanderkwessie, sou die imperialiste herhaaldelik

331. *Ibid*, pp. 410-413.

332. *Ibid*, p. 422.

333. *De Express*, 14 Febr. 1896.

334. *Ibid*, 27 Maart 1896.

335. Pakenham, p. 227.

336. *De Express*, 16 Junie 1896.

gebruikmaak van die argumente van Britse susereiniteit en opperheerskappy in Suid-Afrika.

Die griewe van die Uitlanders is as voorwendsel vir die Jameson-inval gebruik en Transvalers was na die inval baie wantrouig teenoor Uitlanders en glad nie geneë dat daar aan hulle toegewings gemaak moes word nie. Borckenhagen het aanbeveel dat Transvaal grootmoedig moes optree en die verlede moes vergewe en vergeet en veral moes sorg dat daar van hulle kant geen onreg gepleeg word nie. Daar was egter perke aan die mate van vryheid wat toegelaat moes word.³³⁷ Om op Transvaalse burgerskap aan te dring sonder om bereid te wees om Engelse burgerskap prys te gee, was onbeskaamde astrantheid.³³⁸ Hy was oortuig daarvan dat die meeste Uitlanders net daarin belang gestel het om geld te maak en geen erg aan politieke regte gehad het nie.³³⁹ Een van die leiers van die Uitlander-rebelle, Lionel Phillips, het reeds in Junie 1894 aan Alfred Beit geskryf dat hy "did not think many people cared a fig for the franchise" - hulle wou net toegelaat wees om hulle sake sonder inmenging te bedryf.³⁴⁰ Chamberlain, wat rede vir oorlog teen Transvaal gesoek het, maar nie kon vind nie, het Uitlander-griewe as oorsaak aangegryp. Net na die Jameson-inval het hy aan die hoë kommissaris opdrag gegee om by Paul Kruger aan te dring om die griewe uit die weg te ruim. Kruger wou onder daardie omstandighede niks hoor van Uitlandergriewe nie. Robinson het verklaar dat die inval "a vile conspiracy, which had nothing to do with uitlander grievances" was.³⁴¹ Daarna het Chamberlain eentonig bly hamer op dié griewe en veral op stemreg vir die Uitlanders aangedring. Tydens Rhodes se verhoor het hy die inval geregverdig deur op Uitlandergriewe te wys. Dit moes die aandag van die inval en Britse betrokkenheid weglei.³⁴² By die afskeidsete vir Milner in Londen op 27 Maart 1897 het hy die hoop uitgespreek dat die Transvaal-regering die konvensie tot die letter sou uitvoer en die hand van vriendskap sou reik aan die groot aantal vreemdelinge wat grootliks tot die sukses en vooruitgang van Transvaal bygedra het. Hy het ook gehoop dat sy landgenote die regte wat volgens die konvensie aan hulle toegekom het,

337. *Ibid*, 11 Aug. 1896.

338. *Ibid*, 11 Sept. 1896.

339. *Ibid*, 8 Des. 1896.

340. Lockhart en Woodhouse, p. 289.

341. *De Express*, 2 Febr. 1896.

342. *Ibid*.

sou handhaaf en ook Groot Brittanje se posisie as oppergesag in Suid-Afrika.³⁴³

Die Transvaalse regering het 'n industriële kommissie aangestel om griewe te ondersoek en te bepaal watter hervormings nodig was om die goudmynbedryf tot sy reg te laat kom. Borckenhagen het geglo dat die mynbedryf self vir sy probleme verantwoordelik was deur wanbestuur, buitensporighede en oneerlikheid. Die skuld kon nie op heffings en belasting gelê word nie.³⁴⁴ Hy het uit Truth aangehaal om aan te toon dat spekulante in Transvaal baie beter daaraan toe was as in die Kaapkolonie en Rhodesië en die belasting was so laag dat enorme winste gemaak is.³⁴⁵ In sy verslag het die kommissie hervormings en veral die afskaffing van die dinamietkonsessie aanbeveel. Borckenhagen het, soos altyd, die dinamietkonsessie veroordeel, maar ook die agitatie vir hervorming. Syns insiens sou net die kapitaliste by hervorming baat en nie die werkers nie. Die kapitaliste was net sulke uitbuiters soos die dinamietkonsessionarisse en hulle doel was om politieke onstabiliteit en onrus te weeg te bring.³⁴⁶ Na Borckenhagen se dood het Chamberlain die stemregkwessie op die spits gedryf en dit as voorwendsel vir oorlog gebruik.

Chamberlain het die Londen-konvensie as instrument aangewend om te bewys dat Brittanje Transvaal se suserein was. Artikel IV het bepaal dat Transvaal verdrae met vreemde moondhede, behalwe die Vrystaat, aan Brittanje moes voorlê. Indien dit teen Britse belange ingedruis het, kon die Britse parlement dit binne 6 maande veto. Chamberlain het sy eie vertolking aan die artikel gegee en daarop aangedring dat verdrae eers aan die Britse parlement voorgelê moes word vir goedkeuring voordat die Transvaalse Volksraad daarvoor kon besluit. Die Transvaalse regering het geweier om hierdie vertolking te aanvaar en het in Mei 1897 voorgestel dat die president van Switserland as arbiter in die kwessie moes optree.³⁴⁷ Borckenhagen het geskryf dat daar nie soiets soos Britse susereiniteit bestaan het nie en dat daar op arbitrasie aangedring moes word soos reeds by 'n paar vergaderings in Transvaal en die Kaapkolonie gedoen is. Chamberlain wou sy wil op Transvaal afdwing omdat dit 'n klein volkie was en by

343. *Ibid*, 30 Maart 1897.

344. *Ibid*, 26 Maart 1897.

345. *Ibid*, 30 April 1897.

346. *Ibid*, 29 Okt. en 2 Nov. 1897.

347. Scholtz, pp. 493-494.

hom die beginsel gegeld het dat mag reg was. As hy nie sy sin in een opsig kry nie, sou hy ander middele aanwend. Hy het reeds weer 'n battaljon van die Berkshire-regiment na Suid-Afrika gestuur. Hy het ook gehoop dat Transvaal se finansies so chaoties sou word dat Brittanje kon inmeng.³⁴⁸ By verskeie geleenthede het Borckenhagen lang en uitstekend-beredeneerde uiteensettings gegee van die susereiniteitkwestie. Om sy standpunt te bevestig, het hy ook uit die Britse koerant, *Truth*, aangehaal.³⁴⁹ Hy het Transvaal aangeraad om volhardend teen Chamberlain se aanvaarding dat susereiniteit bestaan het, beswaar te maak sodat hy nie kon beweer dat Transvaal die situasie aanvaar het nie. Die Transvaalse Volksraad het 'n debat oor susereiniteit gehou en beslis dat Brittanje nie oppergesag in die Republiek gehad het nie en dat daar geen sprake van susereiniteit was nie.³⁵⁰ Uit Borckenhagen se hoofartikel van 1 Oktober 1897 het dit geblyk dat hy alle beskikbare lektuur oor die onderwerp bestudeer het en dat sy afleidings gegrond was. Hy het verskeie denkers aangehaal, die ZAR se posisie deeglik uiteengesit en op die verskil tussen die Pretoria- en Londen-konvensies gewys. In laasgenoemde is enige verwysing na susereiniteit weggelaat en hy het lord Derby wat as koloniale sekretaris in 1884 gemoed was met die opstel van die konvensie, se brief aangehaal waarin hy verklaar het dat die Republiek vry was "to control the country without interference, and to conduct its diplomatic intercourse and shape its foreign policy subject only to the requirements embodied in the fourth article of the convention." Daardie artikel het slegs een beperking op Transvaal se buitelandse betrekkings geplaas en het dus alle ander beperkings, buite- en binnelands afgeskaf. Ten slotte het Borckenhagen op diplomatieuse wyse 'n beroep op Brittanje se eer, integriteit en menslikheid gedoen soos geblyk het uit optredes in die verlede toe die land die kampvegter vir swak volkere in hulle stryd teen sterkes was.³⁵¹ Chamberlain het voortgegaan met notas aan Transvaal en dr. W. J. Leyds se weerlegging van sy aanspraak op susereiniteit op 16 April 1898 was in dieselfde trant as Borckenhagen se redenering. Chamberlain het in 'n private brief aan Milner erken dat hy Brittanje se reg op susereiniteit betwyfel het.³⁵² Nietemin het hy telkens probeer om Transvaal skuldig aan verbreking

348. *De Express*, 13 en 24 Aug. 1897.

349. Aangehaal in *De Express*, 28 Sept. 1897.

350. *De Express*, 31 Aug. 1897.

351. *Ibid*, 3 en 7 Sept. en 1 Okt. 1897.

352. Scholtz, pp. 493-496.

van die konvensie te bewys. Borckenhagen het geskryf dat dit in der waarheid Brittanje en Chamberlain was wat die konvensie verbreek het deur hulle betrokkenheid by die Jameson-inval.³⁵³

Soos Borckenhagen voorspel het, het Chamberlain ander middele aangewend om druk op Transvaal uit te oefen. Hy het geleidelik meer troepe na Suid-Afrika gestuur en vlootdemonstrasies in Delagoabaai en Simonstad gehou. Daar was gedurige dreigemente van oorlog en Borckenhagen het dit tereg as blufspel afgemaak. Hy het nie gemeen dat Brittanje maklik oorlog sou maak nie.³⁵⁴ Chamberlain het vir 'n paar jaar gemeen sulke dreigemente was genoeg om Paul Kruger te laat kapituleer. In sommige gevalle was dit so; na vlootdemonstrasies in Delagoabaai in 1896 het die Transvaalse regering die drie wette waarteen Chamberlain beswaar gemaak het, herroep hoewel hy geen seggenskap in Transvaal se binnelandse sake gehad het nie.

Hierdie optrede is deur die Engelse pers en Engelsgesindes, selfs in die Kaapse parlement, gesteun. Sir James Sivewright, wat beweer het dat hy bereid was om na die inval minister te word om harmonie te help herstel, het verklaar dat hy oorlog bo oneerbare vrede verkies³⁵⁵ en in Junie 1897 het dit op die lappe gekom dat hy aan 'n Skotse parlamentslid, John Scott Montagu, geskryf het om vlootdemonstrasies aan te beveel en voorgestel het dat Brittanje Inyack-eiland in Delagoabaai moes bekom. Na die demonstrasies het hy geskryf: "This last step has been of incalculable use, and has put the 'fear of God', as well as of Great Britain, in the hearts of the rabid Republicans in this country."³⁵⁶ *The Cape Times* het berig dat daar in 1897 driemaal meer Britse troepe in Suid-Afrika was as drie jaar tevore en gedreig dat Brittanje sy oppergesag in Suid-Afrika sou handhaaf deur nog driemaal meer te stuur.³⁵⁷ Generaal Goodenough het syfers verskaf: daar was 8 780 soldate, 'n vermeerdering van 2 885 in 'n jaar se tyd.³⁵⁸ Tydens die behandeling van die 1897-begroting in die Brits laerhuis is meer geld vir troepe en 'n vloot teen Suid-Afrika gestem³⁵⁹. Admiraal Rawston se vloot het in Durban anker gewerp en die

353. *De Express*, 7 Mei en 11 Junie 1897.

354. *De Express*, 2 April 1897.

355. *Ibid*, 9 Apr. 1897.

356. *Ibid*, 8 Junie 1897.

357. Aangehaal in *De Express*, 28 Mei 1897.

358. *De Express*, 29 Junie 1897.

359. *Ibid*, 4 Mei 1897.

troepe wat met die *Dunera* gebring is na Kingwilliamstown en Grahamstad gestuur. In Durban was daar skepe met 2 900 soldate en volgens gerugte kon 1 000 baie vinnig geland word. *The Cape Times* en *The Star* het gejubel oor die troepeversterkings en gespog dat daar nou genoeg manne was om die kaart oor te teken.³⁶⁰ *The Daily Chronicle* het berig dat uit militêre en parlementêre kringe verneem is dat meer troepe, wapentuig en voorraad na die jubileumvierings na Suid-Afrika versend sou word. 'n Amptenaar het gepraat van die "dribbling in" van troepe.³⁶¹ Borckenhagen was nou seker dat Chamberlain oorlog wou hê: "Mr Chamberlain is spoiling for a rumpus".³⁶² Hy het die teenwoordigheid van troepe as 'n bron van onheil bestempel en herhaaldelik daarteen beswaar gemaak. Dit het kwade gevoelens in die republieke veroorsaak en militante jingoes met valse hoop gevul. Hulle onttrekking sou vertroue herstel en vrede bring.³⁶³ Die republikeinse regerings het ook beswaar gemaak teen die vermeerdering van troepe in Suid-Afrika, maar pres. Steyn het in die Volksraad die hoë kommissaris se verduideliking aanvaar dat die troepe net vir verdediging bedoel is. Borckenhagen se kommentaar was dat dit getoon het dat die Britte die republieke nie geken en verstaan het nie. Hulle was nog nooit aggressors nie en sou dit nooit wees nie.³⁶⁴ Hy het herhaaldelik geskryf dat die republieke net vrede wou hê³⁶⁵ en hy was verheug oor die vredesmosie wat in die Kaapse parlement aanvaar is. Na aanleiding van al die oorlogspraatjies het *Ons Land* voorgestel dat daar 'n vredesmosie in die parlement ingedien word waarin duidelik aan Engeland uitgespel moes word dat Suid-Afrika vrede wou hê,³⁶⁶ Hofmeyr het in oorleg met twee ministers 'n mosie opgestel wat hy by Afrikanerlede van die parlement aanbeveel het. P. J. du Toit het die mosie op 15 April 1897 by die parlement ingedien. Daarin is verklaar dat die uitbreek van vyandelikhede noodlottig sou wees. Die vrede sou alleen bewaar kon word indien konvensies en verdrae getrou nagekom word en arbitrasie as middel aangewend word om vriendskaplike skikkings te verkry. Daar moes nie 'n magspel deur die groot moondhede bedryf word nie. Die mosie is met 41 stemme teen 32 aanvaar.³⁶⁷ Afrikaners en gematigde

360. *Ibid*, 7, 14 en 18 Mei 1897.

361. Aangehaal in *De Express*, 25 Mei 1897.

362. *De Express*, 7 Mei 1897.

363. *Ibid*, 28 Mei en 25 Junie 1897.

364. *Ibid*, 2 Julie 1897.

365. *Ibid*, 5 en 19 Maart, 30 April en 14 Mei 1897.

366. Aangehaal in *De Express*, 6 April 1897.

367. Hofmeyr en Reitz, p. 566.

Engelse het vir die mosie gestem en Borckenhagen het die versoenende houding van die Kaapkolonie hoog aangeprys.³⁶⁸

In Julie 1897 is belowe dat van die troepe na Indië sou gaan,³⁶⁹ maar dit het nie gebeur nie en daar was eerder sprake dat nog sou kom.³⁷⁰ Na nog 'n Chamberlain-nota oor susereiniteit, het Borckenhagen geskryf dat Chamberlain na alle waarskynlikheid sou optree asof hy regte gehad het wat hy nie gehad het nie. Transvaal sou dié regte ontken en moeilikheid sou volg. Chamberlain was soos Agab wat Nabot se wingerd wou hê en met sy notas wou hy die pot kokend hou. Borckenhagen het by Transvaal gepleit om nie foute te maak wat 'n voorwendsel vir inmenging kon verskaf nie. Verder moes hulle Chamberlain net ignoreer.³⁷¹ Hy het gehoop om deur sy notas en troepeversterkings die republieke tot oorgawe te dwing en Afrikanernasionalisme te vernietig. Dit sou nie gebeur nie. Nasionalisme sou onder druk groei. Die Afrikanersaak het sterk gestaan, want daar was geregtigheid en matigheid en dit was prakties, het Borckenhagen verklaar.³⁷²

Sir Hercules Robinson was te oud en sieklik om langer in Kaapstad aan te bly. Borckenhagen het voorspel dat die volgende hoë kommissaris een soos Loch, wat die Transvaalse regering wou omver werp, sou wees. Chamberlain sou hom versigtig uitkies en dit sou een van sy vertrouelinge wees.³⁷³ Toe daar bespiegel is dat Alfred Milner gestuur sou word, het Borckenhagen die hoop uitgespreek dat *The Daily Chronicle* reg was toe hy hom beskryf het as iemand met 'n edel karakter, groot bekwaamheid en onwrikbare eergevoel en dat *The Cape Times* fouteer het deur hom 'n Britse imperialis van die nuwe skool te noem wat hom nie deur "Little Englanders" sou laat mislei nie. Uit 'n boek wat hy geskryf het, het dit geblyk dat hy in Egipte druk toegepas het. Borckenhagen was bereid om sy koms met onbevooroordeeldheid af te wag.³⁷⁴

Milner het op 5 Mei 1897 in Kaapstad aangekom en Borckenhagen het berig dat *The Cape Argus* en Rhodes se vriend, die parlamentslid Thomas Fuller, dadelik begin het

368. *De Express*, 30 April 1897.

369. *Ibid*, 13 Julie 1897.

370. *Ibid*, 19 Nov. 1897.

371. *Ibid*, 7 en 14 Jan. 1898.

372. *Ibid*, 18 Jan. 1898.

373. *Ibid*, 9 Febr. 1897.

374. *Ibid*, 19 Febr. 1897.

om hom teen Afrikaners te beïnvloed.³⁷⁵ Vir 'n paar maande is daar min van Milner gehoor. In September het hy 'n toespraak in Port Elizabeth gehou waarin hy beloof het om Brittanje se eer te handhaaf en harmonie in Suid-Afrika te bevorder. Borckenhagen het herinner aan Chamberlain se uitspraak dat Rhodes se persoonlike eer nie geraak is deur die Jameson-inval nie, dus het hy nie veel waarde aan Milner se woorde geheg nie. Solank as wat Chamberlain op Britse susereiniteit oor Transvaal aanspraak gemaak het, sou hy Milner se uitsprake as holle woorde beskou. Hulle was buitendien te vaag en Milner het probeer om almal tevrede te stel.³⁷⁶ Kort hierna het Milner se toespraak op Prins Albert gevolg. Hy het ontken dat daar verskille tussen Afrikaners en Engelse was. Borckenhagen het dit as 'n oppervlakkige siening bestempel. Die verskille was diepgaande, veral as gevolg van Chamberlain se optrede. "We still trust Sir Alfred, if he will only keep clear of some of his Ministers, but then he must not jump into the face of facts and evidence", het hy verklaar.³⁷⁷ Milner is na Bulawayo vir die opening van die spoorlyn na Rhodesië en daarna het hy op Umtali vir Rhodes geprys en Chamberlain se mening dat hy 'n eerbare man was, onderskryf. Hy het die Rhodesiërs gevra om Rhodes te ondersteun. Dit het Borckenhagen se argwaan gewek: "He only disquiets people who looked to him for a fair and reputable policy".³⁷⁸ Borckenhagen se intuïsie was weer eens reg. Hy is oorlede voordat Milner sy ware kleure gewys het met sy toespraak te Graaff-Reinet, maar hy het reeds aangevoel dat Milner nie 'n vriend van die republieke was nie.

Borckenhagen was veral sedert 1891 bedag op die gevaar wat aggressiewe imperialisme vir die republieke ingehou het en het waaksaamheid bepleit. Hy was die vurige kampvegter vir republikenisme en die vyand van imperialisme, maar was nooit 'n voorstander van aggressie en geweld nie. Wanneer hy 'n beroep op Afrikaners gedoen het om saam te staan, het hy nie daarmee bedoel dat hulle aggressief teenoor Brittanje moes optree nie. Net soos presidente Kruger en Steyn het hy daarop klem gelê dat samewerking tussen die twee republieke nie vyandskap jeens die kolonies of Brittanje beteken het nie.³⁷⁹ In sy laaste hoofartikel wat oor die eerste

375. *Ibid*, 7 Mei 1897.

376. *Ibid*, 14 en 21 Sept. 1897.

377. *Ibid*, 28 Sept. 1897.

378. *Ibid*, 3 Des. 1897.

379. *Ibid*, 5 en 12 Maart 1897.

vergadering van die federale raad gegaan het, het hy Abraham Fischer se toespraak behandel en met hom saamgestem dat die Vrystaat, "placing itself back to back with the Transvaal, stretches forth a hand of friendship to the Colonies".³⁸⁰ Hy het erken dat Brittanje sekere regte in Suid-Afrika gehad het en het by die Engelse gepleit om nie hierdie regte te oorskry nie. Die republieke moes aan hulself oorgelaat word. Hoe minder druk Brittanje en die kolonies op die republieke uitgeoefen het, hoe gretiger sou hulle wees om saam te werk.

Na sy dood het Borckenhagen se opvolger geskryf dat die gebeure aan die einde van 1895 en die begin van 1896 hom 'n gevoelige knou toegedien het. Hy was vol bekommernis oor die gevare wat die republieke bedreig het en bevrees dat Transvaal verkeerde stappe sou neem en so in die hande van die vyand sou speel.³⁸¹ Tydens die regskrisis in Transvaal in 1897 het hy die vrees uitgespreek dat dit 'n stok in die hande van die vyand sou gee.³⁸² Hy het geskryf dat die republieke steeds in gevaar verkeer het en daarvolgens moes optree.³⁸³ Die vloek van Suid-Afrika was imperiale inmenging, soos met die Jameson-inval bewys is. Dit het onmin veroorsaak en vooruitgang verhinder en die land op die nippertjie in burgeroorlog gedompel.³⁸⁴ "It is a danger that threatens us daily, and may at any moment assume the most calamitous proportions".³⁸⁵ Hy het gesterf met 'n diepe bewustheid van die bedreiging van imperialisme, maar ook die wete dat die republieke sou saamstaan. Hy het sy deel gedoen om op die gevare te wys en tot paraatheid, versigtigheid en samewerking aan te spoor.

380. *Ibid*, 28 Jan. 1898.

381. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

382. *Ibid*, 2 Maart 1897.

383. *Ibid*, 24 Jan. 1896.

384. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

385. *Ibid*, 7 April 1896.

HOOFSTUK 7

CARL BORCKENHAGEN SE HOUDING JEENS ANDERSKLEURIGES

7.1 Borckenhagen se kennismaking met die heterogene bevolking van Suid-Afrika

Met sy aankoms in Kaapstad in 1873 het Carl Borckenhagen waarskynlik vir die eerste keer in sy lewe met anderskleuriges kennis gemaak en wel met die Kaapse Bruinmense. Dit was maar 'n kortstondige kennismaking, want die Kaapse klimaat was nie bevorderlik vir sy brose gesondheidstoestand nie en baie gou het hy na die binneland vertrek. Sy eerste tuiste in die Vrystaat was by die Berlynse sendingstasie, Bethanie, waar hy as klerk vir Emanuel Fichardt gewerk het. Daar het hy waarskynlik met Swartes wat in diens van Blankes was en moontlik ook mense van gemengde bloed kennis gemaak. In 1875 het hy na Bloemfontein verhuis waar daar drie woongebiede of "lokasies" vir Swart- en Bruinmense bestaan het. Die Blankes het die anderskleuriges in getalle oortref en so sou dit bly tot 1895. Volgens die sensus van 1890 het Bloemfontein 'n bevolking van 3 379 gehad waarvan 2 077 Blankes en 1 302 anderskleuriges was.¹ By sy drukkery het hy 'n aantal Swartes in diens gehad² en ongetwyfeld ook op sy plase. By sy dorpsuithouding was daar 'n kok, 2 huisbediendes, 'n huiskneg, 2 tuiniers, 'n drywer en 'n wasvrou in diens en al ag het op die perseel te *Rose Lodge* geslaap.³

Borckenhagen was baie gou 'n Vrystater in murg en been en het hom volkome vereenselwig met die Vrystaters se houding jeens anderskleuriges. Om vas te stel wat hierdie houding was en hoe dit posgevat het, is dit nodig om eers te kyk na die bevolkingsgroepe in en om die Vrystaat.

1. Schoeman, Karel, *Bloemfontein*, p. 119.

2. Op 'n personeelfoto wat in 1896 geneem is en op 7 Aug. 1937 in *The Friend* afgedruk is, verskyn 45 personeellede waarvan 5 swart was, saam met Borckenhagen.

3. Schoeman, p. 126.

7.2 Bevolkingsgroepe in die Vrystaat

Aan die begin van die neëntiende eeu is die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier slegs deur swerwende Boesman- of San-stamme bewoon,⁴ maar spoedig het ander groepe hulle opwagting gemaak. Uit die weste het stamme van gemengde bloed, wat eers as Basters en later as Griekwas bekend gestaan het, gekom en hulle teen 1825 op uitnodiging van dr. John Philip en onder leiding van Adam Kok by die sendingpos te Philippolis gevestig. Hulle het aanspraak op die gebied tot by die Modder- en Caledonrivier gemaak.⁵ Uit die ooste het Swartes wat voor die verwoestende assegaaië van Shaka en Mzilikazi uit gevlug het, gekom en hulle omstreeks 1824 onder Moshweshwe by Thaba Bosiu geskaar. Die Basoeto-stam wat Moshweshwe sodoende opgebou het, het in die vrugbare streek tussen die Caledon- en Oranjerivier gewoon en hulle aanspraak na die gebied wes van die Caledon uitgebrei. Deur goeie militêre strategie, maar veral diplomatie het Moshweshwe die oorhand oor al sy swart vyande gekry. Sy grootste probleem was Griekwa- en Koranabendes wat te perd en met gewere gewapen strooptogte uitgevoer het. Op sy beurt het hy hulle weer aangeval en perde en gewere bekom. Baie gou het die Basoeto's gedugte ruiters en skuts geword.⁶ Die Barolong onder Moroka, wat ook voor Mzilikazi uit oor die Vaalrivier gevlug het, het deur bemiddeling van hulle sendeling, eerwaarde James Archbell, grond te Thaba Nchu by Moshweshwe "gekoop". Die Wesleyaanse sendelinge het wettige dokumente ter staving van die transaksie gehad, maar Moshweshwe se siening volgens die tradisie dat stamgrond nie verkoop mag word nie, was dat hy hulle net vergunning gegee het om op die grond te bly.⁷ Soos meermale die geval by swakker stamme, het hulle in bondgenootskap met die Blankes geleef. Blanke trekboere het reeds van vroeg in die neëntiende eeu af, nog voor die Basoeto's of die Griekwas,⁸ geleidelik oor die Oranjerivier gekom, aanvanklik slegs terwille van weiding, maar later om hulle in die gebied te

4. Oosthuizen, S. P. R., *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Basoetoland*, pp. 21-22.

5. Van Schoor, M. C. E., *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontlouking in Transoranje tot 1854*, pp. 79-80.

6. Cameron, T. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, p. 123.

7. *Ibid*, p. 143; Oosthuizen, pp. 26-27 en 354.

8. Van Schoor, p. 79; Oosthuizen, pp. 9-10.

vestig. Hulle getalle is vanaf 1836 aangevul deur Voortrekkers.⁹

Die Voortrekkers wat hulle in die gebied gevestig het, se houding jeens Swart- en Bruinmense en die regeringsbeleid wat daaruit gespruit het, was die gevolg van jarelange historiese ontwikkeling, kontak en ervaring. In die Kaapkolonie het die Kompanjie die steeds verder trekkende veeboere aan hulself oorgelaat en was hulle gewoon daaraan om hulself te verdedig en volgens eie goeëdunke op te tree.¹⁰ Weens hulle hoër beskawingspeil en Christelike godsdiens het hulle hulself as die meerderes van Swart- en Bruinmense gesien.¹¹

Beide die Blankes en Swartes aan die Oosgrens was veeboere wat steeds meer weiding nodig gehad het. Hulle het mekaar as bedreiging van hulle bestaansmoontlikheid gesien. Swartes het gevolglik Blanke plase aangeval en vee geroof. Blankes het hulself probeer verdedig en kommando's teen die Swartes uitgestuur. Die kontak wat hulle gehad het, was dus as vyande en die Blankes het Swartes as barbare, moordenaars en diewe bestempel. Met hulle perde en gewere het Blankes geleidelik daarin geslaag om Swartes te onderwerp en as arbeiders in diens te neem.

Hulle het 'n groot behoefte aan arbeiders gehad en hul verhouding tot Swartes en Bruines het mettertyd hoofsaaklik dié van heer tot dienskneg geword. Met die koms van die Britse bewind in 1806 en die invloed van filantropie in en sendelinge uit Brittanje, is daar geleidelik wetgewing aangeneem om slawe en ander arbeiders se posisie te verbeter. Slawe is in 1834 vrygestel en beperkende wetgewing op Khoikhoi-arbeiders, onder andere in ordonnansie 50 van 1828, opgehef. Dit het vir die veeboere 'n arbeidskrisis geskep en ook hulle gesag as here aangetas.

Een van die vernaamste redes vir die Groot Trek was die Britse houding jeens anderskleuriges, hetsy Swartes, Khoikhoi of slawe. Die Trek was 'n opstand teen 'n regering wat, volgens hulle, die juiste verhoudings tussen heer en diensbode versteur het, onder andere deur die beleid van gelykstelling voor die reg, maar wat nie die grensbewoners kon beskerm teen aanvalle van Xhosas en plunderende Khoikhoi

9. Oosthuizen, pp. 8-11; Van Schoor, pp. 76, 79 en 83.

10. Van Schoor, p. 14.

11. *Ibid*, p. 15.

nie. Die idee van die gelykstelling van Blanke Christene met wat hulle as barbaarse heidene beskou het, was vir die Voortrekkers heeltemal onaanvaarbaar¹² en deur weg te trek, sou hulle vry wees om hulle eie opvattinge met betrekking tot anderskleuriges te laat geld.¹³

Die Voortrekkers het tydelik aan die Britse juk en beleid ontsnap,¹⁴ maar hulle sou nog vir jare 'n stryd voer teen Swart stamme wat hulle veiligheid bedreig het. Dit was die geval in Natal, Transvaal en die Vrystaat. Net soos op die Oosgrens, het die boere in die Vrystaat hulle aanvanklik bedreig gevoel deur anderskleuriges, veral die Basoeto's en Griekwas op hulle grens.

Dit was onvermydelik dat daar botsings tussen hierdie uiteenlopende groepe sou wees. Die Britse owerheid het nie die Trekkers se onafhanklikheid erken nie en het in 1843 by die gebied betrokke geraak deur verdrae met Moshweshwe en Adam Kok aan te gaan. Hulle aansprake op grond is erken terwyl die Blankes ewe sterk aanspraak daarop gehad het. Nogmaals het die Trekkers met die Britse rassebeleid te make gekry. Die optrede van veral sir Peregrine Maitland, Kaapse goewerneur van 1844-1847, het die persepsie by hulle versterk dat die Britse regering altyd vir anderskleuriges teen hulle kant gekies het.¹⁵ Die Blankes in die gebied het geweier om hulle aan die gesag van Swartes of Griekwas te onderwerp. Britse troepe ter beskerming van die Griekwas is teen die Blankes gebruik en hulle is in 1845 by Swartkoppies verslaan.¹⁶ As gevolg van toenemende botsings het Maitland die grond van die Griekwas in 'n vervreembare en onvervreembare gebied verdeel. Slegs die plase in die vervreembare deel kon aan Blankes verhuur word. In 1846 is 'n Britse resident, maj. H. D. Warden, te Bloemfontein geplaas om die Britse regering te verteenwoordig en die Blankes te beheer. Hy kon nie daarin slaag om die Blankes teen die anderskleuriges te beskerm of hulle samewerking te verkry nie.¹⁷ Die Griekwas het in 1861 hulle regte noord van die Oranjerivier aan die Vrystaat verkoop en na Griekwaland-Oos verhuis. Aansprake op die diamantgrond in die Vrystaat sou hulle in die sewentigerjare weer by die Vrystaatse geskiedenis betrokke maak. Ook die klein Korana-

12. *Ibid*, pp. 39-46; Cameron, pp. 88-90.

13. Van Schoor, p. 51.

14. *Ibid*, p. 48.

15. *Ibid*, p. 89-90; Oosthuizen, pp. 37-38.

16. Van Schoor, p. 90; Oosthuizen pp. 55-56.

17. Oosthuizen, pp. 76-79.

en San-stamme het hulle grondgebied aan Blankes verkoop. Net Adam Opperman se Basters wat eers by Bethanie gewoon en in 1860 na Jacobsdal verhuis het, het hulle grond behou. Intussen het die ywerige imperialis, sir Harry Smith, goewerneur van die Kaapkolonie geword (1847 - 1852) en in 1848 besluit om die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier as die Oranjerivier-Soewereiniteit vir Brittanje te anneksier.¹⁸ Een van die vernaamste doelstellings van die anneksasie was om anderskleuriges teen Blankes te beskerm. Opperhoofde het gesag oor hulle onderdane en hulle eie stamwette behou terwyl die Blankes deur die wette van die Kaapkolonie regeer is. Die rassebeleid wat toegepas is, het die Blankes erg gegrief.¹⁹ Botsings met die Basoeto's, veral oor grondbesit, het gevolg. Die owerheid was nie in staat om orde te handhaaf nie en het self in botsings met die Basoeto's betrokke geraak.²⁰ Uit verset oor die regering se rassebeleid het die Blankes geweier om die klein Britse troepemag teen die Basoeto's te help.²¹ Die Britse owerheid het begin vrees vir onbeheersde koloniale uitgawes en die Britse minister van finansies, Benjamin Disraeli, het in 1852 van die kolonies as "millstones around our necks" gepraat. Die staatskas het nouliks kans gesien om militêre optrede aan die Kaapse Oosgrens te finansier en toe Britse soldate twee neerlae, te Viervoet in Junie 1851 en Bereaberg in Desember 1852, teen die Basoeto's gely het en dit geblyk het dat die Britte nie in staat was om orde in die gebied te handhaaf nie, is onafhanklikheid aan die blanke inwoners verleen.²² Dit het geskied by wyse van die Bloemfontein-konvensie op 23 Februarie 1854.²³

7.3 Die Vrystaters en die Basoeto's

Met die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat het die inwoners 'n baie onstabiele toestand van die Britte, wat nie daarin kon slaag om die onrus, veral op die grens met Basoetoland, te laat bedaar nie, geërf.²⁴ Die Republiek moes van die grond af opgebou word met geen finansies, ervaring of soldate nie en bowendien met 'n erg verdeelde blanke bevolking.²⁵ In 1849, tydens die Britse bewind, is die

18. *Ibid*, pp. 80-86.

19. Van Schoor, pp. 100 en 115.

20. *Ibid*, pp. 115-117.

21. *Ibid*, pp. 117-118; Oosthuizen, p. 128.

22. Van Schoor, p. 124; Oosthuizen, pp. 128-134.

23. Van Schoor, p. 147; Oosthuizen, p. 149.

24. Oosthuizen, pp. 146-153.

25. *Ibid*, p. 266.

Warden-grensllyn, min of meer langs die loop van die Caledonrivier, tussen die Basoeto's en die Blankes vasgestel. Moshweshwe was nie met hierdie inperking gediend nie en het oogluikend toegelaat dat sy onderdane die grens oorskry en blanke plase plunder of beset. Die Vrystaters het eers probeer om die probleem by wyse van briefwisseling, onderhandeling en selfs die persoonlike bemiddeling van sir George Grey op te los, maar dit was tevergeefs.²⁶ Drie grensoorloë het gevolg. Aanvanklik het dit onder andere as gevolg van gebrek aan patriotisme en dissipline baie sleg met die Vrystaters in die oorloë gegaan.²⁷ Nadat president Brand aan bewind gekom het en hy die Basoetokwessie met mening aangepak het, is hulle saamgesnoer en gemotiveer deur hulle president en het hulle sukses behaal.²⁸ As gevolg hiervan het Basoetoland se grense gekrimp, maar voordat die vyand tot totale oorgawe gedwing is, het Brittanje in Maart 1868 ingegryp en Basoetoland tot Britse Protektoraat verklaar.²⁹ Enersyds het hierdie inmenging die Vrystaters se gegriefdheid teen die Britse regering vererger, maar andersyds het dit hulle verlos van die verantwoordelikheid om 'n moeilike stam te beheer. Vorentoe is die Vrystaat nooit weer deur Swartes bedreig nie, al was daar soms onrustigheid oor moontlike invalle uit of probleme met Basoetoeland, veral in krisistye soos met die Jameson-inval aan die einde van 1895 en die runderpes in 1896. Toe pres. Brand die Londense konferensie in 1876 bygewoon het, het hy verklaar dat die Vrystaat geen Swartvraagstuk gehad het nie - dit was reeds geskik.³⁰

In die beginjare was daar ook die Koranas om mee rekening te hou. In Mei 1858 het die Korana-kaptein, Skeelkoos, vanuit sy skanse aan die Vaalrivier 'n skrikbewind in die Wes-Vrystaat gevoer. Mans, vrouens en kinders is wreed vermoor en duisende stuks vee weggevoer. 'n Boerekommando het daarin geslaag om hierdie aanvallers heeltemal te verdryf.

Gedurende die laaste dekade van die neëntiende eeu was dit hoofsaaklik net Basoeto's en Barolongs wat in stamverband in die Vrystaat gebly het. Van die Basoeto's het self gevra om Vrystaatse onderdane te wees, byvoorbeeld Paulus Mopeli wat te Witsieshoek gevestig is. Die Barolongs was die Blankes

26. *Ibid*, pp. 154-196.

27. *Ibid*, pp. 208-210; 309-312 en 334-335.

28. *Ibid*, pp. 317 en 364.

29. Malan, S. F., *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 39.

30. *Ibid*, p. 213.

van die begin af goedgesind en het op die beskerming van die Vrystaat staatgemaak. Verder was daar 'n groot verskeidenheid anderskleuriges wat buite stamverband of as arbeiders daar gaan werk soek het, en op plase en in lokasies gebly het, onder andere Basoeto's, Zoeloes, Fingo's, Xhosas, Betsjoeanas, Griekwas, Koranas, Boesmans, Basters en enkele Asiate. Daar was ook onderlinge vermenging. *The Friend* het tereg gepraat van "a community .. where there is every shade of colour from the full-blooded Kafir to the purest white European."³¹ Daar was baie min bloedvermenging tussen Blankes en anderskleuriges.³² Die Volksraad het van almal as kleurlinge gepraat en dit was ook die mees algemene benaming onder die Blankes. Op enkele uitsonderings na is alle "kleurlinge" in wetgewing oor dieselfde kam geskeer.³³

By Vrystaters is die gevoel dat die Britse regering altyd die kant van Swart- en Bruinmense teen Afrikaners kies, deur die anneksasie van Basoetoland versterk en nog meer so deur die gebeure rondom die diamantveldkwessie. Die Vrystaat het regmatig aanspraak gemaak op die gebied waar diamante gevind is, maar Brittanje het die grond aan die Griekwa-opperhoof, Nicolaas Waterboer toegeken. Spoedig is hierdie grond deur spekulante opgekoop en die gebied as Griekwaland-Wes deur Brittanje geannekseer. Borckenhagen het hierdie en talle ander gebeure aangehaal om sy bewering te staaf dat die Britse en Kaapse regerings skynheilig was wanneer hulle voorgegee het om Swart- en Bruinmense se kampvegters te wees terwyl hulle net hulle eie belang gesoek het. Uit al hulle ervaring met die Britse en Kaapse regerings se rassebeleid en optrede, het die Vrystaters tot die gevolgtrekking gekom dat hulle dié regerings nie kon vertrou nie. Die Hollandse redakteur van *De Express* het geskets hoedat beleid teenoor anderskleuriges van die vroegste tye af 'n twisappel tussen Afrikaners en Engelse was. Engelse het met vooropgestelde idees van gelykheid en broederskap na Suid-Afrika gekom en wanneer hulle nie hulle sin kon kry nie, het hulle Afrikaners as tiranne en slawehandelaars aan vreemde moondhede voorgestel. Valse voorstellings het gelei tot slagtersnek, die roof van Basoetoland, die anneksasie van

31. *The Friend of the Orange Free State*, hierna afgekort na *The Friend*, 10 Jan. 1894.

32. Van Aswegen, H. J., *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat 1854 - 1902*, p. 688.

33. *Ibid*, pp. 5 - 7.

die diamantvelde en Transvaal "en altýd was het om den lieven Zwartens broeder te doen".³⁴

7.4 Die Vrystaters se houding jeens Swart- en Bruinmense.

Volgens H. J. van Aswegen was anderskleuriges in die Vrystaat 'n inherente deel van die ontwikkelende Blanke gemeenskap. Hulle was daaglik in noue aanraking met mekaar, was diep afhanklik van mekaar en het 'n groot invloed op mekaar uitgeoefen. Hulle was egter twee totaal verskillende groepe mense, elk met hulle eie agtergrond, lewenswyse, opvattinge, oordele en vooroordele. Die verhouding tussen die twee groepe was op ongelyke vlak. Die Blankes was in 'n meerderwaardige posisie teenoor die anderskleuriges. Hulle was hoër beskaafd, kultureel verder ontwikkel en ver voer op ekonomiese, politieke, militêre en ander terreine. Daar kan dus nie eintlik van 'n verhouding gepraat word nie, maar eerder van die houding wat Blankes ingeneem het. Die anderskleuriges het nie veel van 'n aktiewe aandeel en seggenskap in die verhouding gehad nie. Oor die algemeen het hulle hulle posisie aanvaar, was rustig en onderdanig en het geen eise gestel of in opstand teen toestande gekom nie.³⁵ Borckenhagen, wat die Vrystaters se mening hierin verteenwoordig het, het dikwels beweer dat anderskleuriges in die Vrystaat gelukkiger as op enige ander plek in Suid-Afrika was.³⁶ *The Friend* was ook tevrede dat Swartes in die Vrystaat in die breë goed behandel is en daarom was daar genoeg arbeiders beskikbaar.³⁷ Die redakteur het die wette wat op anderskleuriges betrekking gehad het, oor die algemeen billik en regverdig gevind en het met lof gepraat van die simpatieke, menslike en goedhartige wyse waarop boere in die Volksraad van swart arbeiders gepraat het. Aan die anderkant het Volksraadslede getuig van die goeie behandeling wat anderskleuriges, op enkele uitsonderings na, ontvang het.³⁸ *De Burger* het geskryf dat die Transvalers na die Malaboch-oorlog vrouens en kinders soos slawe aan boere gegee het, maar die Vrystaat sou nooit so optree nie. Anderskleuriges in die Vrystaat het soveel vryheid as

34. *De Express*, 17 Sept. 1897.

35. Van Aswegen, pp. (i), 1, 2, 10, 28 en 29.

36. *De Express en Oranje Vrystaatsch Advertentieblad*, hierna afgekort na *De Express*, 9 Aug. en 6 Des. 1895; 2 Nov. 1897.

37. *The Friend*, 27 Maart 1894.

38. *Ibid*, 17 Mei 1892.

moontlik geniet onder die billike wette van die land en vrouens en kinders was so vry soos voëls.³⁹

Voortvloeiende uit hulle ervaring en geskiedenis, het alle blanke Vrystaters, Afrikaans- en Engelssprekend, met feitlik net die uitsondering van 'n aantal Engelse geestelikes ongeveer dieselfde houding jeens anderskleuriges gehad. Hierdie houding is deur Transvalers en die meerderheid Kapenaars,⁴⁰ ook die meeste nakomelinge van die Britse setlaars,⁴¹ gedeel. *Ons Land*, spreekbuis van die Afrikanerbond en dus 'n groot groep Afrikaners in die Kaapkolonie, het die republieke in 1895 geprys omdat die "ellendige" Britse gelykstelling nie daar gegeld het nie⁴² en *The Cape Argus* wat weer 'n groot deel van die Engelssprekende gemeenskap aan die Kaap verteenwoordig het, het die vermenging van rasse in die "Church Lad's Brigade" skerp veroordeel.⁴³ Die Hollandse redakteur van *De Express* het beweer dat dit net "onverantwoordelike stumperts in Engeland .. moedswillige oppositie-mannen in het Parlement, .. ook .. voormannen en woordvoerders van de inboorlinge zelve" was wat gelykstelling bepleit het.⁴⁴ Toe J. H. Hofmeyr en Cecil Rhodes in 1891-92 in die Kaapse Parlement vir hoër stemregkwalifikasies geveg het sodat minder Swartes stemgeregtig sou wees, het Borckenhagen daarop gewys dat dit nie Afrikaners en Engelse was wat mekaar geopponeer het nie, maar konserwatiewe grondbesitters en liberale dorpenaars.⁴⁵ Daar was by hom geen twyfel dat Afrikaners en Engelse hulle verskille sou vergeet en 'n soliede front sou vorm indien Swartes 'n bedreiging in Suid-Afrika sou word en Blankes na hulle vlak probeer afdwing nie. Dit sou 'n geweldige stryd afgee.⁴⁶

Omdat die Blankes hulle ras as meerderwaardig beskou het, het dit as vanselfsprekend gevolg dat ander rasse hulle onderhoriges en diensbodes moes wees. *The Friend* het verklaar: "There is only one way to deal with a native or his coloured brother, and that is to keep him in his

39. *De Burger*, 8 Sept. 1894.

40. Vgl. aanhaling uit *De Zuid Afrikaan* in *De Express*, 21 April, 1891.

41. Cameron, p. 101.

42. Aangehaal in *De Express*, 3 Des. 1895.

43. Aangehaal in *De Express*, 27 Sept. 1895.

44. *De Express*, 9 Aug. 1895.

45. *Ibid*, 3 Nov. 1891.

46. *Ibid*, 26 Jan. 1892.

place."⁴⁷ Die Blankes se opvatting is gebaseer op kleuronderskeid en anderskleuriges is nie as burgers van die staat beskou nie, maar wel as onderdane.⁴⁸ Blankes het dit as hulle plig gesien om die beskawing teenoor die barbaaredom te handhaaf. Met die viering van Dingaansdag in 1894 het die Hollandse redakteur van *De Express* geskryf dat die slag van Bloedrivier nie 'n kwessie van wraakneming was nie - dit was 'n stryd tussen die barbaaredom aan die eenkant en die Christendom en beskawing aan die anderkant en laasgenoemde moes seëvier. Met die oorwinning het die Blankes sekere verpligtinge teenoor hulle swart minderes op hulle geneem en dit ook nagekom. Swartes was oneindig beter daaraan toe en gelukkiger as vroeër. Hulle het in al die voordele van die beskawing gedeel en as dit nie so was nie, was dit hulle eie skuld.⁴⁹

The Eastern Province Herald het die republieke veroordeel omdat hulle nie stemreg aan Swartes toegeken het nie.⁵⁰ Later, toe hy sy standpunt oor Hofmeyrse pogings om hoër stemregkwalifikasies aanvaar te kry, gewysig het, het hy geskryf dat, van naderby beskou, protes teen klassewetgewing onredelik was. *De Express* se kommentaar was dat Engelse Afrikaners net genoeg tyd gegun moes word om ervaring op te doen om heeltemal gespeen te word van Europese beginsels wat nie in Suid-Afrika tuisgehoort het nie.⁵¹

Die meeste Vrystaters het geglo dat arbeiders en anderskleuriges oor die algemeen met menslikheid en regverdigheid behandel moes word. Hulle was soos kinders en die Blankes was hulle voogde. Toe die Volksraad in 1890 meer geld vir die kranksinnige gestig bewillig het,⁵² het *The Friend* die Raad geprys omdat "their charity and benevolence do not stop at a white man or a burgher; for all inhabitants, both black and white, are provided for in this institution."⁵³ Daar was in die Vrystaat, net soos elders, ook uitsonderings en gevalle van wreedheid en mishandeling het voorgekom. 'n Korrespondent het beskryf hoedat 'n swart

47. *The Friend*, 12 Nov. 1897.

48. Van Aswegen, p. 10.

49. *De Express*, 18 Des. 1894.

50. Aangehaal in *De Express*, 15 Des. 1891.

51. *De Express*, 4 Okt. 1892.

52. *Volksraadsnotules OVS*, hierna afgekort na *OVSVR*, 20 Junie 1890, pp. 578-579.

53. *The Friend*, 25 Junie 1890.

gevangene mishandel is totdat hy dood is.⁵⁴ Sulke optrede is egter nie deur die gemeenskap goedgekeur nie. Die geval waar wetstoepassers swart kerkgangers op 'n Sondag te Springfontein in hegtenis geneem, vir vier uur in die son laat staan en toe na Philippolis aangejaag het omdat hulle nie amptelike passe gehad het nie, het groot verontwaardiging, veral ook by *De Express* en *The Friend* uitgelok.⁵⁵ Daniel Ntsola het na aanleiding van die gebeure in 'n brief aan *De Express* gevra of swart Metodiste predikante en leke-afgevaardigdes na die sinode in Bloemfontein geel passe sou moes dra. Die vorige jaar is mnr. Tengo Jabavu byna opgesluit omdat hy op Kroonstad se spoorwegperron geloop het.⁵⁶ 'n Korrespondent van Petrusburg het geskryf dat die polisie op Springfontein reg opgetree het as na die letter van die wet gekyk is, maar hulle moes hulle liever by die gees hou. Die Vrystaat was nie 'n paradys vir Swartes nie en hulle is nie in alle gevalle regverdig behandel nie - veral nie deur mindere amptenare soos vrederegters, spesiale vrederegters en veldkornette nie.⁵⁷ Slegs een leser het geskryf dat die polisie op Springfontein maar net hulle plig gedoen het. Die Swartes se passe was nie in orde nie.⁵⁸ 'n Leser van Thaba 'Nchu het onder die skuilnaam "Au Revoir" in *De Burger* die geskiedenis van die trou van Moroka en die Barolong jeens Vrystaatse burgers geskets. Hy het die vorige landdros 'n vader vir die volk genoem, maar die landdros wat op daardie tydstip in Thaba 'Nchu was, P. J. Botha, het Swartes verdruk, hulle in die tronk gegooi omdat hy die wet verkeerd vertolk het en hulle beboet. Dit was onregverdig en die skrywer het die saak reeds by die Uitvoerende Raad aangemeld.⁵⁹

Daar was soms klagtes van ongelyke behandeling van Blank en Swart deur die howe. Aan die begin van 1895 het 'n boer van Ladybrand, F. van Reenen, een van sy Swart werknemers doodgeskiet omdat hy opstandig geraak het. Sy verweer was selfverdediging. *The Friend* het gemeen dat die werknemer brutaal behandel en sy loon teruggehou is.⁶⁰ *De Burger* was daarteen gekant dat Van Reenen op borgtog vrygelaat is en het geskryf dat as dit 'n arme was, hy tot April in die

54. *Ibid*, 27 Okt. 1893.

55. *Ibid*, 17 April 1894; *De Express* 10 en 17 April 1894.

56. *De Express*, 17 April 1894.

57. *Ibid*, 4 Mei 1894.

58. *Ibid*, 1 Mei 1894.

59. *De Burger*, 16 Mei 1894.

60. *The Friend*, 19 Febr. 1895.

tronk sou moes sit. Dit het die Basoeto's opstandig gemaak.⁶¹ *The Friend* was van mening dat die boete wat hy moes betaal, 'n te ligte straf was en het beweer dat daar een wet vir rykes en 'n ander vir armes was.⁶² Die koerant het nog 'n geval genoem. Twee broers het met gewere in Basoetoland gesmokkel en is saam met die koper gevang. Die broers, wat skuld erken het, het elk 'n boete van R60 gekry, terwyl die swart koper ses maande tronkstraf en R50 boete gekry het. Volgens die koerant was die Blankes se skuld groter. Hulle het die Swarte verlei en aan hom wapens verskaf wat teen hulle eie mense gebruik kon word. Saam met 'n korrespondent van Rouxville het hy die vraag gevra of daar twee wette in die Vrystaat was: een vir Blankes en 'n ander een vir Swartes? As 'n Swarte uit Basoetoland sou kom en dieselfde doen sou daar nie 'n straf swaar genoeg geag gewees het om hom mee te straf nie.⁶³

Bewyse van welwillendheid tussen Blankes en anderskleuriges was volop. Pas nadat pres. Reitz ingesweer is, het hy pres. Kruger anderkant die Vaalrivier ontmoet. Op pad daarheen het 'n koor van swart vroue en kinders hom by Kroonstad toegesing.⁶⁴ Toe 'n groep negersangers, die Jubilee Singers, Bloemfontein in 1891 besoek het, is hulle met die uiterste vriendelikheid ontvang en ondersteun en beide *De Express* en *The Friend* was baie positief teenoor hulle ingestel.⁶⁵ In Augustus 1892 het die inwoners van die woonbuurt vir anderskleuriges, Waaihoek, 'n vergadering gehou waarop hulle die burgemeester, dr. B. O. Kellner, bedank het vir sy billike en vriendelike behandeling. Hulle het die hoop uitgespreek dat hy lank burgemeester sou bly en belowe om alles in hulle vermoë te doen om hom te steun in sy pogings om Waaihoek te verbeter.⁶⁶

'n Swart korrespondent van Smithfield het aan *The Friend* geskryf om die dorpsraad te prys vir die oopstelling van die stadsaal vir 'n konsert deur die swart gemeenskap. Hy het darem genoem dat 'n mens soiets selde in die Vrystaat gekry het en dat hy gehoop het dit sou 'n voorbeeld vir ander dorpe wees. Die amptenare van Smithfield het in geregtigheid en vooruitgang geglo. Heelwat boere wat op die dorp was vir 'n aannemingsgeleentheid, het die konsert bygewoon. Daar

61. *De Burger*, 16 Febr. 1895.

62. *The Friend*, 23 April 1895.

63. *Ibid*, 27 Aug. 1895.

64. *De Express*, 12 Maart 1889.

65. *Ibid*, 1 Sept. 1891; *The Friend*, 18 Aug. 1891.

66. *De Express*, 23 Aug. 1892.

was ook dorpenaars, maar minder as wat verwag is. Sommige het dubbeld die toegangsgeld en nog meer betaal.⁶⁷ Nog 'n brief uit Smithfield het gekom van I. J. G. Sishuba wat vertel het van 'n petisie vir 'n brug wat Swartes aan die munisipaliteit gestuur het. Baie het gemeen dat dit hopeloos was, maar die munisipaliteit het dit toegestaan. Hy het geskryf om dankie te sê. Daar was werklik goeie mense wat met Swartes simpatie gehad het en begin besef het dat Swartes ook 'n siel het.⁶⁸ 'n Inwoner van Rouxville het in 1895 die vertrekkende landdros, mnr. Rosensweig, geprys, vertel van sy opheffingswerk en geskryf dat hy by almal, Blank en Swart, geliefd was en hulle het hom vertrou.⁶⁹ Kort daarna het 'n swart korrespondent van Zastron vertel van die inwyding van die swart Metodistekerk. Daar was heelwat Blankes teenwoordig en ds. du Plessis van die N. G. Kerk het wyse woorde vir so 'n jong man gepraat.⁷⁰ Met president Steyn se verjaarsdag in 1896 was daar, soos gewoonlik, baie besoekers by die Presidensie. Die inwoners van Waaihoek was eerste op die toneel en het 'n kunstig-uitgewerkte adres aan die president gebied. Dit is geteken deur die veldkornet en hoofmanne van die woongebied.⁷¹ Die feit dat Waaihoek uit eie geleedere 'n veldkornet gekies het wat as leier kon optree, het van 'n groeiende verantwoordelikeheidsin getuig. Die eerste veldkornet, Jacob Lavers, is reeds in 1882 gekies. Die stadsraad was tevrede met hom en het sy verkiesing bekragtig, maar die regering het geweier om hom as amptelike veldkornet te erken. Dit was sy opvolger, Jan Mocher, wat as baie verstandig beskryf is, wat die adres geteken het.⁷²

Borckenhagen het nie alleen gemeen dat anderskleuriges in die Vrystaat gelukkig was omdat hulle as gevolg van 'n wyse regering in 'n geordende gemeenskap gewoon het nie, maar hy en ander Blankes was ook met 'n mate van trots jeens die Vrystaatse anderskleuriges vervul. 'n Koerant van Beaufort-Wes het swart werknemers daar as onbekwaam, lui, parmantig en skelm beskryf. Borckenhagen het geantwoord dat die meeste Vrystaatse werknemers goeie, eerlike mense sonder enige van bogenoemde afkeurenswaardige eienskappe was.⁷³

67. *The Friend*, 17 Sept. 1895.

68. *Ibid*, 2 April 1895.

69. *Ibid*, 1 Okt. 1895.

70. *Ibid*, 8 Okt. 1895.

71. *De Express*, 6 Okt. 1896.

72. Schoeman, pp. 84 en 130.

73. *De Express*, 12 Maart 1897.

Hy was besonder trots op wat in die woongebied Waaihoek by Bloemfontein bereik is. In 1890 was toestande daar nog allesbehalwe prysenswaardig. Daar het skielik weer witseerkeel in Bloemfontein uitbreek en omdat streng gesondheidsregulasies in die dorp gegeld het, was Borckenhagen oortuig dat die bron in die woongebiede vir anderskleuriges moes wees. Aangesien hy self vroeër 'n seuntjie deur witseerkeel aan die dood moes afgee, is dit te verstane dat hy heftig te velde sou trek teen die swak toestande daar. Hy het aanbeveel dat die drie gebiede, Waaihoek, Kafferfontein en ou-Kafferfontein een moes word. Dit sou die administrasie vergemaklik. Daar was 'n oormaat leeglêers terwyl dorpenaars nie arbeiders kon kry nie. Streng en ingrypende administratiewe maatreëls was nodig. Daar moes van leeglêers ontslae geraak word en honde moes uitgeroei word.⁷⁴ Binne die volgende twee jaar het daar dan ook skouspelagtige veranderinge plaasgevind. Waarskynlik aangespoor deur die burgemeester, dr. B. O. Kellner, se belangstelling, het die inwoners die begeerte uitgespreek om hulle woonbuurt te verfraai en bome aan te plant, 'n versoek vir die oprigting van 'n saal vir openbare byeenkomste is aan die stadsraad gerig en 'n afskaffersbeweging wat tot bykans negentig lede gegroei het, is gestig.⁷⁵ In Augustus 1892 het Borckenhagen berig oor 'n vergadering wat die inwoners gehou het om die burgemeester te bedank vir sy ywer om verbeteringe in Waaihoek aan te bring.⁷⁶ Vroeg die volgende jaar het hy die sukses wat in Waaihoek bereik is deur anderskleuriges aan te spoor om in huise te bly en klere te dra, vergelyk met swak toestande elders in Suid-Afrika, veral in reservate. Hy het geskryf dat die resultate wat in Waaihoek bereik is, merkwaardig was.⁷⁷ *The Friend* het met hom saamgestem en geskryf dat Waaihoek seker die netjiese woongebied vir anderskleuriges in die land was, veral as gevolg van die bemoeiing van burgemeester Kellner. "We question if any colonial town could show such clean, orderly and well-kept native quarters as Waaihoek, and the Council is now taking measures to introduce systematic sanitary arrangements." Dit kon egter nie van die spoorwegkamp, wat nie die verantwoordelikheid van die stadsraad nie, maar van die Kaapse spoorwegowerheid was, gesê word nie en die stadsraad het reeds die spoorweë

74. *Ibid*, 14 Jan. 1890.

75. Schoeman, p. 130.

76. *De Express*, 23 Aug. 1892.

77. *Ibid*, 10 Jan. 1893.

aangesê om sanitêre geriewe te verbeter.⁷⁸ In 1894 het Borckenhagen weer eens met trots na Waaihoek en ook na Kafferfontein verwys: "... the Waaihoek and Kafirfontein locations are a credit to their inhabitants and the town", het hy geskryf.⁷⁹ In 1895 het hy 'n verslag geplaas van 'n stadsraadsvergadering wat op 17 Oktober plaasgevind het en waar dr. Kellner vertel het dat hy die Kaapse gesondheidsbeampste, dr. Turner, na Waaihoek geneem het. Dr. Turner was uiters verbaas oor die netheid, ook binne die huise, en dat Swartes toilette gebruik het. Hy het gedink dat dit onmoontlik was om hulle tot soiets te oorreed. Hy wou weet hoe Bloemfontein dit reggekry het. Dr. Kellner het geantwoord dat die stadsraad die paaië skoongehou het en die inwoners aangemoedig het om hulle eie plek netjies te hou.⁸⁰

Die Volksraad het ook sy deel bygedra om leegleëry in dorpslokasies te beëindig. Kragtens wet 8 van 1893 kon alleen persone wat by Blankes in diens was, daar woon. Die enigste uitsondering was diegene wat selfstandig wou werk. Hulle is toegelaat om dit te doen mits hulle benewens die gewone verlofbrief ook maandeliks 'n sertifikaat vir vyf sjielings by die munisipaliteit gekoop het waarop die aard van hulle werk aangedui is. Niemand bo sestien kon langer as twee dae in die lokasie bly sonder 'n verblyfpermit nie. Oortreders is as landlopers behandel en as sodanig gestraf.⁸¹

In 'n artikel waarin hy woongebiedskeiding en die aandklokke aangeprys het, het Borckenhagen genoem dat anderskleuriges saans in hulle eie gebiede waar hulle kerke, skole, klubs, ontspanning en vermaak gehad het, moes ontspan. Dit wek die vermoede dat hierdie geriewe in Bloemfontein se anderskleurige woongebiede bestaan het.⁸² Daar was wel kriketspanne en minstens een tennisklub, die Oriental Club van Waaihoek. Hierdie klub het in 1892 vir die stadsraad 'n stuk grond vir 'n tennisbaan en deelname saam met Blankes aan toernooie gevra. Hulle het bygevoeg dat dit die bande met Blankes sou versterk. Raadslid Fouché het hom baie skerp uitgespreek teen die moderne Swartes en die versoek is sonder opgaaf van redes van die hand gewys. Moontlik het dit gebeur oor die verwysing na die smee van

78. *The Friend*, 24 April 1894.

79. *De Express*, 17 Aug. 1894.

80. *Ibid*, 22 Oktober 1895.

81. *OVSVR*, 30 Mei 1893, p. 276 en 16 en 20 Junie 1893, pp. 404 - 411 en 427.

82. *De Express*, 9 Aug. 1895.

bande tussen Blankes en anderskleuriges.⁸³ *The Friend* se Hollandse redakteur was ook verontwaardig omdat Swartes wou tennis speel in plaas van werk en het die verwysing na nouer bande as 'n brutale byvoeging beskou.⁸⁴ 'n Jaar later het die stadsraad eweneens 'n versoek van deken Vincent vir 'n stuk grond in Kafferfontein om 'n skool op te rig, van die hand gewys nadat raadslid Hendrik Fouché sy afkeur uitgespreek het oor geleerde Swartes.⁸⁵

Daar is gereeld gesondheidsinspeksies in die woongebiede van anderskleuriges gehou, tot voordeel van die inwoners, maar ook omdat dit die Blanke inwoners teen siektes beskerm het.⁸⁶ Enige teken van aansteeklike siektes is met paniek deur die Blankes begroet. Toe pokkies in 1895 uitgebreek het, is daar dadelik 'n openbare vergadering gehou waaraan veral Borckenhagen, soos gewoonlik wanneer dit by die openbare belang kom, lewendig deelgeneem het.⁸⁷ *The Friend* se eerste reaksie was dat die stadsraad 'n fout gemaak het om Waaihoek tot teenaan die stad te bou. Die koerant het 'n beroep op Blankes gedoen om hulself te beskerm en ook te verhoed dat die siekte na plase versprei. Hy was bly dat die stadsraad Swartes laat betaal het vir die voorkomingsmaatreëls omdat dit die enigste manier was om hulle uit hulle traak-my-nieagtige houding te skud.⁸⁸ Borckenhagen was ontstoke en het dit kriminele nalatigheid genoem omdat 'n kerk 'n partytjie vir swart kinders gehou het terwyl gevaar gedreig het. Ook was die Engelse kerk se skool vir Swartes regoor sy huis in St. Georgestraat nog volstoom aan die gang.⁸⁹ Toe die epidemie teen Augustus oorgewaai het, was daar groot lof vir die uitstekende werk, onder andere inenting en gedurige waaksaamheid, van die Gesondheidsraad. Die swart veldkornet en ses helpers het sonder vergoeding al die huise in hulle woongebiede elke tweede dag besoek. Kafferfontein is onder kwarantyn geplaas en Swartes het nie teen die inperking geskop nie omdat hulle beseft het dat dit in hulle eie belang was. Hulle het die mediese behandeling waardeur. Daar is weer eens met groot lof van die goeie, higiëniese toestand waarin Waaihoek verkeer het, gepraat. Alle eer is aan die burgemeester en stadsraad gegee wat Waaihoek oor 'n aantal jare so

83. *The Friend*, 11 Nov. 1892; Schoeman, p. 131.

84. *The Friend*, 11 Nov. 1892.

85. *De Express*, 12 Des. 1893.

86. Schoeman, p. 84.

87. *The Friend*, 29 Jan. 1895.

88. *Ibid*, 29 Jan. 1895.

89. *De Express*, 29 Jan. 1895.

opgegradeer het en wat gesorg het vir inenting op 'n ekonomiese wyse. Alle inwoners van Bloemfontein, Blank en anderskleurig, moes 'n heffing betaal en het dit gedoen sonder om te mor. *The Friend* het voorgestel dat Kafferfontein nader aan Waaihoek moes kom sodat dit beter deur die munisipaliteit en polisie beheer kon word.⁹⁰ Uit hierdie gebeure is dit duidelik dat daar Blankes in die Vrystaat was wat anderskleuriges wou ophef en beskaaf, in hulle belang, maar veral ook in belang van die Blankes self.

7.5 Borckenhagen se siening en rol.

7.5.1 Inleiding

Borckenhagen het die Vrystaters se siening heelhartig onderskryf en aangemoedig in sy koerant. Hy was oortuig daarvan dat die Blankes die regmatige eienaars van die grond in die Vrystaat was. Toe 'n mnr. Budlwana gepraat het van die erfgrond van sy voorvaders, het Borckenhagen hom daarop gewys dat die Vrystaat nie oorspronklik aan Swartes of Blankes behoort het nie aangesien daar eers net San-stamme en rondswerwende, plunderende Koranas en Griekwas in die Vrystaat was. Verder was die land ontvolk deur bloedige oorloë. Die Voortrekkers het dus besit geneem van 'n onbewoonde land en het dit suksesvol verdedig teen die Zoeloes en die Matebele.⁹¹

H. J. van Aswegen skryf dat die regering, howe, amptenare en kerk 'n belangrike rol in die houding jeens anderskleuriges gespeel het, maar dat die pers met sy groter en meer direkte invloed 'n veel magtiger middel was om die verhouding te bepaal. *The Friend* en *De Express* het beide 'n groot invloed deur middel van hoofartikels, redaksionele berigte en briewekolomme uitgeoefen en was 'n bron van propaganda vir of teen regeringsbeleid of 'n bepaalde wet of die verhouding in die algemeen. Hoewel *The Friend* meer gematigd was en dikwels die regte en posisie van Swart- en Bruinmense verdedig het, het dit nooit in 'n "sieklieke filantropisme" verval nie omdat die redakteur en sy medewerkers te goed bekend was met die anderskleuriges van die Vrystaat. *De Express*, wat gou die invloedrykste koerant in die Vrystaat geword het en wyd gelees is, het 'n groter invloed uitgeoefen omdat hy die houding van die Blanke Afrikaner in die Republiek onomwonde verkondig het. Hy het 'n belangrike

90. *The Friend*, 9 Aug. 1895.

91. *Ibid*, 1 Maart 1892. Vgl. Oosthuizen, p. 9.

faktor in die bepaling van die verhouding tussen die rasse-groepe geword. Borckenhagen se siening was enersyds die volk se siening of 'n weerspieëling van die openbare mening en aan die anderkant het hy die openbare mening help vorm en verstewig. Die ondergeskikte posisie van anderskleuriges is in hoofartikels beklemtoon en gemotiveer en verskeie aspekte van die arbeids- en Swartvraagstuk is heftig in die briewekolomme bespreek. Soms is die briewe deur die redakteur self geskryf.

Volgens Van Aswegen het Borckenhagen in teenstelling met *The Friend* ook 'n groot invloed op die houding van die regering gehad. Wanneer hy in sy weldeurdagte, goedgeмотiveerde en sinvolle hoofartikels 'n saak bepleit of gepropageer het, of kritiek op wetgewing soos verouderde paswette wat die anderskleuriges nadelig getref het, uitgespreek het, het die regering gewoonlik spoedig met nuwe wetgewing gereageer. Dit is 'n belangrike aspek, want Borckenhagen het nie gehuiwer om kritiek op maatreëls uit te spreek of te wys op gebrek aan visie nie - iets waarvoor hy 'n fyn aanvoeling gehad het en wat hy op 'n waardige en intellektuele wyse aangetoon het. Sy persoonlike invloed agter die skerms sowel as *De Express* se invloed in die openbaar was van kardinale belang in die bepaling van rasseverhoudings in die Vrystaat.⁹²

7.5.2 Borckenhagen se siening van Vrystaatse wetgewing met betrekking tot anderskleuriges.

Die Vrystaatse regering het die verhouding tussen Blankes en anderskleuriges bepaal deur sy maatreëls. Die Volksraad se wetgewing het hierin 'n kardinale rol gespeel. Die meeste Volksraadslede was boere en die meeste kiesers ook. Raadslede was verantwoordelik aan hulle kiesers en die wetgewing wat aangeneem is, was 'n uiting van die volk se wil en beskouings.⁹³ Anderskleuriges het geen direkte verteenwoordiging in die Volksraad gehad nie, want hulle het nie oor burger- of stemreg beskik nie. Hulle het geen aandeel in die opstel of uitvoering van wette gehad of in die regspleging nie en hulle het dit so aanvaar. *The Friend* het die posisie korrek opgesom: "The native is a child, a minor, to our law, so that he has to rest satisfied with the laws made for him by the white man."⁹⁴ Hulle is wel indirek

92. Van Aswegen, pp. 25 - 26.

93. *Ibid*, pp. 11- 12.

94. *The Friend*, 17 Jan. 1894.

verteenwoordig aangesien hulle die Volksraadslid van hulle distrik kon nader. Dit het wel soms gebeur.⁹⁵ Volgens die grondwet was almal gelyk voor die wet, maar daar is in sommige wette onderskeid gemaak, byvoorbeeld dat anderskleuriges nie eiendomsreg of burgerskap kon kry nie. Klassewetgewing was 'n aanvaarde beginsel en die wette het Blankes bevoordeel en beskerm. Anderskleuriges het wel gewetensvryheid en vryheid van spraak en die pers gehad, en hulle was vry om vergaderings te hou en petisies op te stel. Hulle het feitlik nooit van die regte gebruik gemaak nie, waarskynlik omdat hulle nie hoog genoeg ontwikkel was nie. Die beperkings wat op hulle gelê is, was net op terreine waar hulle moontlik 'n bedreiging vir Blankes kon wees.⁹⁶

Borckenhagen het, net soos sy medeburgers, anderskleuriges se posisie met betrekking tot wetgewing nie as onbillik beskou nie. Dit was 'n manier om die beskawing te bewaar en hy het gemeen dat dit ook tot anderskleuriges se voordeel was. Hy was tevrede dat Vrystaatse wette en gebruike van so 'n aard was dat daar geen rasseprobleme in die Republiek was nie, al sou daar twee anderskleuriges vir elke Blanke wees soos adv. Smuts in Kimberley beweer het. Hyself het geskat dat die getalle ongeveer gelyk was. (Volgens die 1890-sensus was daar 8 anderskleuriges vir elke 5 Blankes.⁹⁷) Die sosiale en ekonomiese posisie van beide rasse is duidelik omskryf en daar is bepaal dat Swartes, Bruines, Indiërs en Chinese almal as "kleurlinge" gereken is. Daar was dus geen vrees vir komplikasies nie, behalwe as daar inmenging van buite sou wees.⁹⁸ Net soos Borckenhagen het *The Friend* ook gemeen dat die wette met betrekking tot anderskleuriges billik en regverdig was, op enkele uitsonderings na. Hy was ook beïndruk met die goedhartige en menslike wyse waarop daar na Swartes verwys is in die Volksraad.⁹⁹

7.5.2.1 Die drankwet.

Die publiek en die pers het sterk druk op die regering uitgeoefen om handelaars te verbied om drank aan anderskleuriges te verskaf. Ordonnansie 10 van 1883¹⁰⁰ het hieraan gehoor gegee. Aanvanklik was daar baie klagtes dat

95. Van Aswegen, pp. 322 - 326.

96. *Ibid*, pp. 337 - 339.

97. *Ibid*, pp. 38 - 39.

98. *De Express*, 5 Nov. 1895.

99. *The Friend*, 17 Mei 1892.

100. *OVSVR*, 30 Mei en 16 - 22 Junie 1883, pp. 161 - 163, 256 - 280 en 288 - 290.

die wet nie streng toegepas is nie. Algaande was daar 'n besliste verbetering.¹⁰¹ Vir Borckenhagen was dit van die allergrootste belang dat drankhandelaars verbied is om drank aan Swartes te verskaf. Hy het dit egter betreur dat die drankwet nie altyd streng genoeg toegepas is nie.¹⁰² In 1896 het hy geskryf dat die toestand verbeter het, behalwe in Bloemfontein. Dit was 'n seën vir die land en hy het dit verwelkom dat die Transvaalse regering dit ook oorweeg het om 'n verbod in te stel. Drank was veral by mynkampongs 'n probleem en dit kon lei tot die ondergang van Swartes en die ruïnering van die mynbedryf.¹⁰³ Sy opvolger by *De Express* kon berig dat daar 'n besliste verbetering in die land was wat die toepassing van die drankwet betref het.¹⁰⁴

7.5.2.2 Arbeidswetgewing.

Die kwessie van arbeidsvoorsiening is die onderwerp wat deur die jare die meeste aandag van die Volksraad geniet het en waaroor die burgers die meeste gekla het. Jaar na jaar is dit in die Raad bespreek sonder dat 'n oplossing gevind kon word. Een van die inherente probleme was dat daar nie soveel anderskleuriges in die Vrystaat was om in die arbeidsbehoefte te voorsien nie. Die Volksraad moes dus versigtig wees om nie sulke streng wette te maak dat dié wat daar was, wegtrek nie. Terwyl sommige boere dus aangedring het op hoë belasting en ander maatreëls teen leegglêers, het ander gemeen dat dit die probleem sou vererger. 'n Ander probleem was dat sommige boere plakkery op hulle plase toegelaat het. Groot groepe leegglêers het daar versamel - na bewering was daar teen 1897 tot 1 800 in die Winburg-distrik.¹⁰⁵ Vroeg reeds is die aantal gesinne wat belastingvry per plaas toegelaat is, beperk om plakkery te verhoed en arbeid meer eweredig te versprei. In 1872 is bepaal dat daar slegs vyf hutte gekontrakteerde gesinshoofde per bewoonde plaas en twee per onbewoonde plaas belastingvry kon woon. Vir enige aantal hutte meer as dit moes R2 per hut per jaar betaal word.¹⁰⁶ Ordonnansie 7 van 1881 het bepaal dat daar hoegenaamd nie meer as vyf gesinne op bewoonde en twee op onbewoonde plase aangehou kon word nie. Boere moes 'n lys van Swartes en die aantal vee wat hulle

101. Van Aswegen, pp. 693 - 695.

102. *De Express*, 15 Des. 1891.

103. *Ibid*, 17 Julie 1896.

104. *Ibid*, 1 Nov. 1898.

105. *Ibid*, 8 Okt. 1897.

106. *OVSVR*, 27 Mei 1872, p. 126 - 131.

gehad het, aan die veldkornet gee.¹⁰⁷ Ordonnansie 11 van 1883 het hierdie bepalings herbevestig met die geringe wysiging dat 'n kommissie van drie lede in elke veldkornetskap kon bepaal of 'n boer meer as vyf hoofde van gesinne as arbeiders nodig gehad het. Hy kon egter nooit meer as tien aanhou nie. Op onbewoonde plase kon nooit meer as twee gesinne woon nie. Kontrole oor die uitvoering van die wet is verskerp.¹⁰⁸ Die wet het tot die einde van die republikeinse tydperk gegeld. Wat plakkery betref, het dit 'n verbetering maar geen finale oplossing teweeg gebring nie. Baie Swartes het weggetrek en die arbeidsprobleem het vergroot.¹⁰⁹

Vanaf 1892 het Borckenhagen die pas aangegee in die kritiek op arbeidswetgewing. Volgens hom was ordonnansie 11 van 1883 'n harde en onregverdige wet. Die rede waarom so 'n wet aanvaar is, was dat spekulante plase in lokasies omskep het. Die wet was onregverdig omdat dit nie die grootte van plase in ag geneem het nie. Sommige boere het net 100 morg grond gehad, ander tot 8 000. Boere met groot plase kon dus nie genoeg arbeiders bekom nie. Omdat hulle onwillig was om hulle kinders uit die skool te hou om skape op te pas, het hulle die wet omseil deur hulle plase te onderverdeel. In baie gevalle is kinders tog gebruik om op plase te help en die regering sou nie verpligte onderwys kon instel voordat die arbeidskwessie nie eers opgelos is nie.¹¹⁰

Hierdie wetgewing het Swartes uit die Vrystaat verdryf en arbeid duurder gemaak terwyl meer arbeiders gelok behoort te gewees het. Hy het gemeen dat die wet uitgedien was en ook onredelik, onbillik, skadelik vir die land en voorskriftelik. Daarby was dit diskriminerend omdat handelaars se aantal arbeiders nie beperk is nie. Boere het self gewet wat hulle behoeftes was en omdat baie hulle plase omhein het, sou hulle nie meer arbeiders aanhou as wat nodig was nie. Die ywerige boer is gestrem. Swartes was 'n uiters aanvaarbare en noodsaaklike deel van die nasionale ekonomie. Die wet was onmoontlik en was nog net op die wetboek omdat dit meestal geïgnoreer is.¹¹¹

107. *Ibid*, 17 Mei 1881, p. 129.

108. *Ibid*, 25 Junie 1883, p. 302.

109. Van Aswegen, pp. 542 - 543 en 546.

110. *De Express*, 7 Maart 1893.

111. *Ibid*, 9 Febr. 1892.

Borckenhagen se argumente was goed gefundeer. Sy uitgesproke mening het in die Raadsaal weerklank gevind. Hy is deur *The Friend*¹¹² en vooraanstaande leiers soos Fraser en Fischer gesteun. Na Borckenhagen se aanval op die wet het die lewendigste bespreking ooit oor die kwessie in die Volksraad gevolg. In Mei 1892 is 'n arbeidskommissie aangestel.¹¹³ In 1893 het die kommissie tot die besef gekom dat die gebrekkige uitvoering van die wet die grootste probleem was.¹¹⁴ Volgens wet 2 van 1894 is die berede diensmag opgeknep en met groter magte beklee.¹¹⁵ Dit het 'n effektiewe wapen geword vir die bestryding van landlopery en plakkery.¹¹⁶ Die kommissie van ondersoek na arbeid se finale verslag het dit beklemtoon dat wetgewing nie die arbeidsprobleem sou oplos nie. Daar was te min Swartes in die Vrystaat en myne het dié wat daar was, weggelok. Anderskleuriges in die Vrystaat is dus nie gedwing om te werk of voorgeskryf waar om te werk nie. Die Volksraad wou nooit die indruk wek dat slawerny toegepas word nie.¹¹⁷

Borckenhagen het twee waarhede met betrekking tot arbeidswetgewing raakgesien: die wette was soms goed, maar die probleem het by die uitvoering daarvan gekom en dan was die boere ook nie altyd samewerkend nie; ¹¹⁸ verder het hy ook met die arbeidskommissie saamgestem dat wetgewing nie die arbeidskwessie sou oplos nie - elkeen moes maar self die probleem na die beste van sy vermoë aanpak.¹¹⁹ Die besprekings in die Volksraad het getoon dat die opvatting by sommige lede ingang gevind het.¹²⁰

7.5.2.3 Paswette.

Swartes in die Vrystaat het nie vryheid van beweging gehad nie. Daar is reeds in 1860 paswette aangeneem om landlopery en diefstal te verhoed. Daarvolgens moes Swartes van buite die Vrystaat 'n spesiale pas hê om die staat binne te kom. Binne die Vrystaat moes Swartes 'n pas van 'n diensheer,

112. *The Friend*, 26 Febr. 1892.

113. Van Aswegen, p. 566.

114. *Ibid*, p. 572.

115. *OVSVR*, 15, 16 en 22 Jan. 1894, pp. 36 - 43 en 75 - 76.

116. Van Aswegen, pp. 582 - 583.

117. *Ibid*, pp. 582 - 583.

118. *De Express*, 3 April 1894.

119. *Ibid*, 16 Sept. 1886 en 17 Mei 1895.

120. *OVSVR*, 14 Mei 1892, pp. 166 - 167; 29 Mei 1893, p. 264;

17 Mei 1894, pp. 127 - 131.

opperhoof, sendeling, veldkornet of landdros kry.¹²¹ In 1881 is hierop uitgebrei en is burgers die plig opgelê om na passe te vra wanneer hulle Swartes teëkom en persone sonder pas na die landdros of veldkornet te neem vir verhoor. 'n Boete tot die maksimum van R10, of 3 maande gevangenisstraf kon opgelê word of die oortreder kon by 'n diensheer gekontrakteer word.¹²² Weens wanpraktyke met passe is ordonnansie 8 van 1886 aanvaar waarvolgens slegs gedrukte passe, wat slegs deur sekere amptenare uitgereik kon word teen ses pennies of een sjieling, geldig was.¹²³ In 1895 is bepaal dat Swart vroue onder sekere omstandighede ook passe moes dra en dat Swartes eers 'n pas moes koop voordat hulle 'n treinkaartjie kon koop.¹²⁴

Vir Borckenhagen was paswette 'n noodsaaklike ewel om leeglêers en veediewe in toom te hou, maar hy sou graag wysigings wou sien. Die wet was vir werkgewers 'n las omdat hulle werknemers, soms onnodiglik, gearresteer is omdat hulle op 'n gegewe tydstop nie 'n pas byderhand gehad het nie.¹²⁵ Hy sou graag wou sien dat daar onderskeid gemaak word tussen lojale en eerbiedwaardige Swartes soos predikante, evangeliste en onderwysers en ander vir wie die dra van 'n pas 'n vernederende en ontstellende ervaring was en blote leeglêers en rondlopers. Sy voorstel was dat eersgenoemdes eenmalig geregistreer word om dan verder van die dra van passe vrygestel te word. As daar uitsonderings gemaak kon word met betrekking tot die verbod op die besit van eiendom deur anderskleuriges, kon daar in die geval van die paswet ook in verdienstelike gevalle uitsonderings gemaak word.¹²⁶

Hy het heftig beswaar gemaak teen taktlose optrede van wetstoepassers teen mense sonder amptelike passe, soos op Sondag 1 April 1894 te Springfontein gebeur het met die inwyding van 'n kerk. Hy het die owerheid versoek om sulke amptenare behoorlik te straf en 'n voorbeeld van hulle te maak.¹²⁷

121. *Ordonnantie-Boek van den O.V.S. 1854 - 1884: Ord. 1 van 1860*, pp. 181 - 183.

122. *OVSVR*, 17 Mei 1881, p. 129.

123. *Ibid*, 4, 20 en 24 Mei 1886, pp. 30, 229 - 236 en 265.

124. *Ibid*, 8 Mei 1895, pp. 416 - 417; 15 Mei 1895, pp. 460 - 461.

125. Schoeman, p. 85.

126. *De Express*, 1 Maart 1892.

127. *Ibid*, 10 en 17 Febr. 1894.

7.5.2.4 Verbod op eiendomsreg.

Anderskleuriges in die Vrystaat het, volgens ordonnansie 5 van 1876, op 'n paar uitsonderings na, nie eiendomsreg gehad nie. Die meeste het geen begeerte getoon om grond te koop nie en het ook nie die geld daarvoor gehad nie. Die posisie in die res van Suid-Afrika was ongeveer dieselfde.¹²⁸ *De Express* het daarmee saamgestem en *The Friend* het ook nie beswaar gemaak nie. *The Eastern Province Herald* het die republieke veroordeel omdat hulle geen eiendomsreg aan Swartes toegeken het nie. Dit was neerdrukkend vir Swartes en het hulle teruggedryf na barbaardom. Borckenhagen het geantwoord dat Swartes in die Vrystaat net so of waarskynlik meer getrou en nuttig was as dié in die Kaapkolonie. Die Vrystaat was pastoraal en boerdery moes op groot plase, nie kleinhoewes nie, bedryf word. As Swartes hulle eie grond moes hê, sou groot reservate voorsien moes word en selfs *The Herald* was daarteen. Bowendien het die Vrystaatse ondervinding met die Barolong getoon dat Swartes gou van hulle plase ontslae geraak het. Swartes in die Vrystaat het nie gely nie, want werk en weiding was volop.¹²⁹

De Express en *The Friend* het die Volksraad se optrede goedgekeur wanneer daar in verdienstelike gevalle 'n uitsondering gemaak is. In 1892 het die Volksraad 'n spesiale vergunning aan Adam Opperman, wie se pa 'n vrygestelde Kaapse slaaf was wat grond in die Vrystaat besit het toe die Blankes ingetrek het, en sy groep bruinmense verleen. Hulle was van die weinige anderskleuriges wat eiendomsreg op hulle grond gehad het en Adam het nou versoek om van die beperking wat deur ordonnansie 11 van 1883 opgelê is van slegs vyf hoofde van gesinne op 'n bewoonde plaas, vrygestel te word. Hy was bang dat sy mense verstrooi sou word. Dit is toegestaan.¹³⁰ *The Friend* het die Volksraadslede se onderskeidingsvermoë geloof. Die Oppermans was opgevoed, Christelik en wetsgehoorsaam en het spesiale behandeling verdien.¹³¹

De Express het verslag gedoen oor 'n interessante debat wat op 18 Augustus 1894 deur die Jongelingsvereniging van

128. Van Aswegen, pp. 342, 351 en 367.

129. *De Express*, 15 Des. 1891.

130. *OVSVR*, 31 Mei 1892, pp. 308 - 309.

131. *The Friend*, 3 Junie 1892.

Kromellenboog, Heilbron gehou is. Die onderwerp was: sal dit tot die land se voordeel strek om aan kleurlinge (anderskleuriges) van goeie gedrag na vyf jaar in die staat eiendomsreg toe te staan? Die vergadering het met 'n meerderheid van slegs twee besluit dat dit nie voordelig sou wees nie. Argumente wat geopper is ten gunste van eiendomsreg was dat dit weerhou is omdat sommige Blankes anderskleuriges wou vervolg; daar was anderskleuriges wat hulle baie goed gedra het en sommige was baie yweriger as sommige Blankes. Waarom moes hulle dan van voorregte uitgesluit wees? Diegene wat teen eiendomsreg was het geredeneer dat Swartes vooruitgegaan het en manhaftig geword het. Hulle kon Blankes verbysteeek as dit so sou voortgaan en hulle nog voorregte bykry. Daar was ook baie Swartes wat ontrou was.¹³² Wat hier opvallend is, is dat die jeug begin dink het aan die posisie van anderskleuriges en dat voorregte nie bloot aan kleur gekoppel moes word nie.

7.5.3 Beskawing deur arbeid en die behoefte aan 'n eenvormige beleid in Suid-Afrika.

Vir Borckenhagen was die hoofsaak dat die beskawing in Suid-Afrika moes vooruitgaan. Die Blankes, wat reeds 'n hoë peil van ontwikkeling bereik het, moes die leiding neem en hard werk en opoffer om hierdie doel te bereik. Suid-Afrika moes 'n Witmans- of beskaafde land word.¹³³ Dit sou nie gebeur deur sake maar hulle loop te laat neem nie. Daar moes gewerk word. Armblikes se kinders moes leer om te werk, veral as ambagsmanne.¹³⁴

Swartes het ook 'n rol gehad om te speel. Hulle was onontbeerlik in die ekonomie van die land, maar hulle regmatige plek daarin was dié van arbeiders. Toe die Matebele in 1896 vir 'n tweede keer in opstand teen Rhodes se pioniers in Rhodesië gekom het, het *The Cape Argus* geskryf dat hulle eens en vir altyd uitgeroei moes word. Borckenhagen het dit as dwaasheid beskou, want Swartes was noodsaaklik vir die ekonomie en dit sou nog meer so in Rhodesië wees as elders.¹³⁵

Hy het Blankes se benadering presies verwoord toe hy geskryf het dat die Blanke die heer en die Swartman die dienskneg

132. *Ibid*, 31 Aug. 1894.

133. *De Express*, 5 Nov. 1889.

134. *Ibid*, 18 April 1893.

135. *Ibid*, 7 Aug. 1896.

was en dat 'n verandering in dié toestand nie waarskynlik was nie. Hoewel hulle status verskil het, was hulle belange dieselfde. "Blacks and whites have everything in common, and perfection will have been reached when every white master will have become a good master, and every black servant a good servant", het hy geredeneer.¹³⁶

Hy het gemeen dat die meeste van hulle nie oor die vermoë beskik het om iets anders te doen as om arbeiders te wees nie. Toe 'n groep Basoeto's besluit het om 'n handelsvereniging te stig en ondernemings in Basoetoland te begin, het hy geskryf dat hulle gou sou uitvind dat hulle nie bedoel was om handelaars te wees nie; ook nie werktuigkundiges, boere of krieketspelers nie.¹³⁷

Wat hom betref het, was die arbeidsprobleem die vernaamste vraagstuk om op te los. Die hele Suid-Afrika moes in hierdie verband saamstaan. Dit was noodsaaklik dat 'n konferensie dringend gehou moes word om probleme rondom Swartes te bespreek en eenvormige wetgewing op te stel, maar politici het die vraagstuk vermy.¹³⁸ Solank Brittanje die beleid bepaal het, kon daar nie vordering wees nie en ook geen sprake van unifikasie nie. Die Swart-vraagstuk kon net deur Suid-Afrika opgelos word en nie deur Britse sentimentaliste nie, en dit moes dadelik aangepak word.¹³⁹ Een van die eerste vereistes vir die groei van die beskawing was syns insiens dat stamtradisies noodwendig moes wyk. Met Transvaal se onderwerping van Malaboeh en sy stam in 1894, het Borckenhagen geskryf dat kapteinskappe, dit wil sê onafhanklike regering deur Swartes, nie toegelaat kon word as 'n land se bronne ontwikkel moes word nie. Transvaal moes die stam uit hulle sterk vestings kry sodat hulle landswette kon gehoorsaam.¹⁴⁰ Met Montsioa, die Barolong-opperhoof, se oorlye in 1896 het Borckenhagen weer geskryf dat die dae van opperhoofde en stamme in Suid-Afrika verby was en dit was reg so. Daar was nie plek vir opperhoofde en afsonderlike, uitgediende en primitiewe regerings- en regstelsels nie.¹⁴¹ Die tyd om in die son te sit en bier drink was in die moderne, beskaafde Suid-Afrika vir ewig verby. Elkeen moes werk om sy deel tot die ekonomie by te dra en wie nie wou

136. *Ibid*, 7 Febr. 1893.

137. *Ibid*, 15 Okt. 1895.

138. *Ibid*, 9 Sept. 1890.

139. *Ibid*, 21 Okt. 1890.

140. *Ibid*, 3 Aug. 1894.

141. *Ibid*, 23 Okt. 1896.

werk nie, moes wegtrek.¹⁴² Hy was oortuig daarvan dat as Swartes eers die waarde van arbeid leer ken het, ledigheid gou net so onaanvaarbaar vir hulle as vir Blankes sou word.¹⁴³ Verder moes hulle ook verplig word om in huise te woon en klere te dra. Die merkwaardige resultate wat Bloemfontein se stadsraad in Waaihoek bereik het, was vir die res van die land 'n voorbeeld.¹⁴⁴ *The Friend* het saamgestem oor die afbreek van stamtradisies. Na aanleiding van Brittanje se probleme in Basoetoland, het die koerant geskryf dat hy gehoop het dat Brittanje langamerhand die mag van die opperhoofde sou verswak en dat Swartes mettertyd sou erken dat die reg en geregtigheid wat Blankes toegepas het, verreweg verkieslik was bo die giere en grille van 'n opperhoof.¹⁴⁵

'n Kwessie wat spoedig deur samewerking opgelos moes word, was die myne se weglokking van Swartes van die plase af. Dit sou nie, soos genl. Joubert voorgestel het, help om werkloses te belas nie. Hulle sou net 'n bietjie werk verrig om die belasting te kan betaal. Daar moes met lokasies en krale weggedoen word, dan sou daar genoeg arbeiders vir almal wees. Wanneer Borckenhagen van lokasies praat, bedoel hy eintlik reservate.¹⁴⁶ In die Vrystaat, anders as in die res van Suid-Afrika, was daar weinig reservate. Dié wat daar was, is op versoek van anderskleuriges geskep.¹⁴⁷ Die enigste Basoeto-reservaat wat tot die einde van die republikeinse tydperk bly bestaan het, was dié van Paulus Mopeli, Moshweshwe se broer, te Witsieshoek.¹⁴⁸ Daar was ook vyf Barolong-reservate in die distrik Moroka.¹⁴⁹ Hierdie reservate was geslaagd en het nie vir die Blankes veel probleme geskep nie.¹⁵⁰ Dorpslokasies, wat oor die algemeen klein was, het ook nie probleme geskep nie. Slegs gesinne van wie die hoof by Blankes gewerk het, is toegelaat en daar was streng kontrole. Die inwoners was skynbaar tevrede, want dit het aan hulle bestendigheid gegee.¹⁵¹ In die res van Suid-Afrika was daar ook reservate en lokasies¹⁵² en wel op veel groter skaal as in die Vrystaat. Daar is dikwels

142. *Ibid*, 30 Aug. 1892.

143. *Ibid*, 5 Junie 1894.

144. *Ibid*, 10 Jan. 1893.

145. *The Friend*, 24 Nov. 1891.

146. Van Aswegen, p. 369.

147. *Ibid*, p. 405.

148. *Ibid*, p. 422.

149. *Ibid*, p. 446.

150. *Ibid*, p. 454.

151. *Ibid*, pp. 461 en 466.

152. *Ibid*, p. 466.

probleme ondervind. Wat in die Vrystaat ontevredenheid veroorsaak het, was die plakkers in lokasies op private plase wat merendeels aan spekulante behoort het. Die regering het allerlei maatreëls, wat onder die opskrif *Arbeidswetgewing* bespreek is, toegepas, maar die kwessie is nooit volkome opgelos nie.

Borckenhagen wou plakkery in lokasies en reservate beëindig sien, want dit het verhoed dat Swartes tot die arbeidsmark toetree.

In die omgewing van Oos-Londen is boere so getreiter deur veediewe dat hulle 'n paar doodgeskiet het. Rhodes het in die Kaapse Parlement aangekondig dat hy swart speurders sou aanstel. Borckenhagen het beweer dat Rhodes glad nie die probleem verstaan het nie. Die rede vir die veediefstalle was dat Swartes gratis grond in reservate gekry en nie gewerk het nie. Om te kon lewe, het hulle vee gesteel. Die oplossing was eenvoudig om van alle lokasies op privaatsgrond ontslae te raak, regeringsreservate in klein individuele erwe op te sny en weidingsregte te beperk. Geen nuwe reservate moes gevestig word nie. Dit sou die einde van die arbeidsvraagstuk beteken. Die land het 'n oormaat Swartes gehad en nogtans is arbeiders uit Mosambiek, Indië en China ingevoer om op die land se welvaart te teer. Alle probleme met Swartes kon herlei word na die stamstelsel en reservate. Hulle moes uit die beskermde eksklusiwiteit van reservate in die volle stroom van die lewe gewerp word. In die Vrystaat was daar syms insiens min probleme met arbeid en veediefstalle omdat daar nie reservate was nie. Vir eeue vorentoe sou Swartes en Blankes op mekaar moes staatmaak om te kon oorleef en daarom moes daar nie gepeuter word aan die bestaande verhouding van heer en dienskneg nie. As Rhodes volgens hierdie beginsels sou optree, het hy geskryf, sou hy meer tot stand bring as deur die amalgamasie van myne in Kimberley en die tydelike toevoeging van die noorde (Rhodesië) tot die Britse Ryk.¹⁵³

Borckenhagen het besef dat daar min plekke was waarheen die plakkers hulle kon wend. Stangebiede was besig om te verdwyn. Die Barolong het hulle eie grond gehad, maar hulle was vinnig besig om daarvan ontslae te raak.¹⁵⁴ Wat hom betref moes Swartes hulle aan boere verhuur waar hulle 'n gesonde, skoon lewe in die vrye natuur kon lei. Onder hulle

153. *De Express*, 23 Aug. 1892.

154. *Ibid*, 9 Sept. 1890 en 5 Des. 1893.

is die Swartmense met die beste karakterz aangetref.¹⁵⁵ Die res kon in dorpe en stede gaan werk waar hulle in lokasies beheer kon word. Hy het herhaaldelik oor hierdie kwessie geskryf en geen verskoning daarvoor aangebied nie omdat hy dit as so dringend beskou het.

Borckenhagen het met genl. Piet Joubert saangestem dat spoorweë 'n groot bydrae kon lewer tot die oplossing van probleme met Swartes. Hulle stamlewe was aan die verbrokkel, weiveld het skaars geword sodat hulle hulle vee sou moes verminder en daarmee saam het hulle getalle vinnig toegeneem. Hulle sou moes werk om te oorleef. Dié wat wou, kon dalk in bestaande reservate bly, maar daar moes geen nuwe reservate geskep word nie. Spoorweë en myne het baie arbeiders benodig en so sou die probleem homself oplos. Swartes sou geleidelik by die beskawing inskakel. Hulle was alreeds nie meer, soos vroeër, die aggressors nie en die Blanke het ook geen rede gehad om hulle aan te val nie. Hulle moes net rustig wag op die beskawing om sy gang te gaan. In die Vrystaat was die proses in 'n gevorderede stadium. Genoeg arbeiders teen redelike vergoeding was beskikbaar.¹⁵⁶

Kaapse politici het verskil oor die oplossing vir die arbeidsvraagstuk. Die mees onwaarskynlike oplossing, volgens Borckenhagen, was dié van die Kaapse minister, mnr. James Rose Innes. Hy het te Queenstown aanbeveel dat Swartes eiendomsreg in reservate kry. Dit sou hulle daar hou en hulle beskikbaar stel as arbeiders. Borckenhagen het geantwoord dat die opbreek van reservate Swartes juis sou uitdryf om op plase en in dorpe te gaan werk, want hulle sou geen ander heenkome hê waar hulle kon leeglê nie. Nog 'n minister, mnr. John X. Merriman, het reservate as broeiplekke vir ledige en waardelose mense beskou. Swartes wat hul tradisionele stamlewe wou handhaaf, moes in Swartgebiede bly en nie in die Kolonie toegelaat word nie. Diegene wat in die beskaafde gemeenskap van die Kaapkolonie wou bly, moes bereid wees om as arbeiders of beskaafde mense te kom. Daar moes weggedoen word met reservate. Borckenhagen het die bespreking van die kwessie en Merriman se beleidsverklaring verwelkom. Dit het getoon dat Kapenaars in dieselfde rigting as Vrystaters begin dink het. As die Vrystaat alleen so 'n beleid gevolg het, sou hy soos 'n klein eiland in 'n stormagtige see wees. Dat die Kapenaars

155. *Ibid*, 14 Sept. 1897.

156. *Ibid*, 16 Aug. 1892.

die kwessie in een sitting sou oplos, het hy egter betwyfel, maar daar kon minstens 'n geleidelike begin gemaak word.¹⁵⁷ Reservate en wetgewing met betrekking tot here en diensbodes was twee kwessies wat dringende aandag geverg het. Hy was ook bly daaroor dat Kapenaars weens beter kommunikasie-middele en veral die koms van die spoorweë nou self kon sien hoe Vrystaters sake hanteer. Voorheen het die Kaapse pers en politici die Vrystaat beskuldig van onmenslike en hooghartige optrede jeens Swartes op grond van enkeles se verslae.¹⁵⁸

In 1894 het die Kaapse Parlement die kwessie van grondbesit van Swartes, wat met die arbeidskwessie saamgehang het, aangepak. Die Glen Greywet wat uiteindelik aangeneem is, was 'n stelsel van individuele besit op ewigdurende erfpag. Stemreg sou nie aan die besit van 'n perseel gekoppel word nie. Elke lokasie sou 'n dorps- en distriksraad hê waar die inwoners plaaslike sake kon bespreek en daaroor kon beslis. 'n Belasting van tien sjielings per jaar sou op mense wat vir minder as drie maande per jaar werk, gehef word. Dié geld sou vir onderwys gebruik word. Indien die proefneming by Glen Grey sou slaag, sou dit ook elders ingevoer word. Borckenhagen was ten gunste van die aspekte van die wet wat arbeidsaamheid aangemoedig het. Hy het geskryf dat die wet die eerste eerlike poging in die Kaapkolonie was om die arbeidsvraagstuk aan te pak. Verpligte arbeid op 'n verstandige basis was die beste beleid. Hy was egter gekant teen Swart nedersettings en het gemeen dat die Vrystaatse stelsel, waar daar nie reservate of nedersettings was nie, die beste was. Swartes het in die Vrystaat meestal op plase en in dorpe gewerk. Hulle het nie swaargekry en nooit honger gely nie. Verder is hulle volgens meriete vergoed. In die Maroko-gebied het Swartes plase gehad en toe hulle die geleentheid gekry het om dit te verkoop, het hulle dit gedoen - moontlik weens hulle liefde vir brandewyn of weens die spanning om tussen Blankes te bly. Wat die massas Swartes betref, was dit die beste om by hulle gewoontes te bly. Daar was enkele uitsonderings, soos die Tengo Jabavu's. Hoe meer gesag en streng regering, hoe minder vryhede en nabootsing van Europese patrone, hoe minder was die teleurstellings.¹⁵⁹

157. *Ibid*, 18 April 1893.

158. *Ibid*, 1 Nov. 1892.

159. *Ibid*, 31 Julie en 7 Aug. 1894; Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, pp. 516 - 519.

Die kwessie van verpligte arbeid is hierbo aangerak. Die voorsitter van die Kamer van Mynwese in Transvaal het voor die ondersoekkomitee na goudmyne verklaar dat hy ten gunste van verpligte arbeid teen billike betaling was. *The Eastern Province Herald* was ontstoke hieroor en het geskryf dat die absolute vryheid van elke mens in Suid-Afrika voor die belange van goudmyne of enige nywerheid geplaas moes word. Borckenhagen was daarenteen van mening dat 'n wet teen leeglêery verstandig was. Sosiale en ekonomiese behoeftes het by Blankes as dryfveer gedien om te werk, maar hierdie motivering het by Swartes ontbreek. Dit sou dus verstandig wees om elke man, ongeag ras, deur wetgewing te verplig om 'n redelike hoeveelheid werk teen redelike vergoeding te verrig. As almal leeglêers was, sou die land nie ontwikkel nie.¹⁶⁰

Daar was 'n aantal Vrystaatse wette wat 'n mate van verpligte arbeid voorgeskryf het. Die inboeking van kinders is toegelaat, maar slegs per kontrak en slegs weeskinders, onversorgdes en kinders wie se ouers toestemming gegee het, kon ingeboek word. Die diensheer moes die kinders handwerk of 'n beroep leer en hulle opvoed in die gereformeerde christelike leer en was dus hulle voog. Daar was nooit slawerny in die Vrystaat nie.¹⁶¹ Sedert 1865 is daar belastings gehef op gesinshoofde wat nie vir minstens ses maande per jaar by 'n Blanke in diens was nie. Raadslid M. Heyns het in 1893 'n wetsontwerp by die Volksraad ingedien waarvolgens Swartes deur hoë belasting verplig sou word om te werk. *The Friend* wou graag sien dat die grootste mate van produktiwiteit van die groot swart bevolking verkry word en het saamgestem dat lokasies net leeglêery tot gevolg gehad het, maar was heeltemal teen verpligte arbeid gekant. Dit sou slawerny wees. Swartes moes vry wees om hulle arbeid te verkoop teen die beste voorwaardes. As 'n werkgewer te streng was, sou sy werkers hom verlaat en as die land se wette onderdrukkend was, sou Swartes wegtrek. Wetgewing om arbeid verpligtend te maak, sou net ekonomiese wette omverwerp.¹⁶²

Die meeste Vrystaters het met Borckenhagen saamgestem wat die oplossing van die arbeidsvraagstuk betref, naamlik 'n vorm van verpligte arbeid, die opruiming van reservate en plakkersplase waar anderskleuriges leeggelê het, 'n verbod

160. *De Express*, 30 April 1897.

161. Van Aswegen, pp. 473 en 476 - 477.

162. *The Friend*, 18 April 1893.

op drank aan Swartes en goeie behandeling van werknemers. Op 'n vergadering van die Young Men's Literary Society, gehou op 25 Julie 1894 het J. R. Koller 'n lesing oor die arbeidskwessie gelewer. Hy het gewys op die weglorkking van arbeiders deur die mynbedryf, reservate, plakkersplase en drankmisbruik. Hy het 'n heffing van tien sjielings per maand op werklose anderskleuriges voorgestel, dus verpligte arbeid en dat geen Swarte toegelaat moes word om meer as vier of vyf stuks vee aan te hou nie.¹⁶³ W. N. Somngesie van Rouxville het in *The Friend* kommentaar gelewer op die menings wat by die vergadering uitgespreek is. Vir hom was die hoofsaak dat 'n werkgewer sy arbeiders goed moes behandel, want dan sou hy nooit 'n arbeidsprobleem hê nie. Hy het verwys na Swartes wat vir jare by 'n billike werkgewer gebly het. Daar was egter ook Blankes wat nie eers hulle werknemers wou toelaat om Sondae kerk toe te gaan nie omdat hulle nie geglo het hulle het siele nie en dat Christelikheid net van hulle swakker arbeiders sou maak.¹⁶⁴

Die arbeidskwessie was een van die onderwerpe waaroor korrespondente die meeste geskryf het in hulle briewe aan die koerante. 'n Aantal vooraanstaande boere het op Borckenhagen se artikels oor arbeid gereageer. F. Schimper (wat jarelank op vergaderings, deur memories en die pers betoog het vir verpligte arbeid¹⁶⁵) en C. Salzmänn het albei groot boerderye gehad en het gekla dat die gebrek aan arbeiders boerdery gestrem het. Volgens hulle was daar heelwat plakkery van leeglêers op plase - soveel as 1 800 in die Winburg-distrik - terwyl boere sonder arbeid moes klaarkom. Die Swartes is toegelaat om op 'n deel van 'n plaas te saai en 'n bietjie vee aan te hou. Verder het hulle skape gesteel en hulle kinders gestuur om by die myne te gaan werk. Dit het hulle in staat gestel, soos Borckenhagen dit gestel het, "to live out a philosophic existence". Schimper en Salzmänn het albei geskryf dat dit noodsaaklik was dat alle mense, Blank en Swart, ses dae per week moes werk en een dag rus en nie andersom nie. Borckenhagen het gevoel dat die Volksraad nie hulle verantwoordelikhede jeens boere nagekom het nie. Hulle moes iets doen om die arbeidsprobleem op te los. Die enkeles wat iets vir die boere wou doen, soos Cornelius Wessels, het nie steun gekry nie.¹⁶⁶

163. *De Express*, 31 Julie 1894.

164. *The Friend*, 7 Aug. 1894.

165. Van Aswegen, pp. 508 - 510.

166. *De Express*, 8 Okt. 1897.

Na 'n maandelange stryd het die Kaapse regering die opstand van die Batlapin-stam in die Kalahari onderdruk en die gevangenes aan boere uitgekontrakteer. Daar was baie besware teen hierdie optrede, onder andere deur die Kaapse parlementariër, mnr. James Rose Innes "and his hysterical female supporters in the Peninsula" en *The Christian Express* en ander Engelse koerante het dit as slawerny bestempel. Borckenhagen wou weet wat hulle met hierdie verhongerde mense sou doen - laat rondswerf in die Kalahari? Dit was vir hulle baie beter om op plase te werk waar hulle versorg en beskerm is en in die vrye natuur kon lewe. Dit was nie onderdrukking nie, maar bewaring en hulle was baie gelukkiger as voorheen en as miljoene armlastiges in Engeland om so 'n heenkome te hê. Dit was vir hom snaaks dat *The Christian Express* nie beswaar aangeteken het teen die duisende Swartes wat maandeliks aan mynmagnate gekontrakteer is en in mynkampe vergaan het nie. Simpatie moes prakties wees om nuttig te wees. Die beste bewys daarvoor was die gesonde toestand van die Vrystaatse Swarte wat op plase grootword teenoor die koloniale Swarte vir wie gelykstelling eerder 'n vloek as 'n seën was. Dit was "platform philanthropy" wat die Suid-Afrikaanse Swarte doodgemaak het.¹⁶⁷

7.5.4 Geen gelykstelling nie

Van Aswegen skryf: " .. veral in die inleidingsartikels van die redakteur van *De Express*, die koerant wat die republikeinse standpunt gedurende die laaste kwart van die 19de eeu onomwonde verkondig het, het die opvatting van die mindere posisie van die nie-blanke telkemale na vore gekom." Dit het gegaan oor beskawingsverskille wat vir hom sinoniem was met kleurverskille.¹⁶⁸ Tog het Borckenhagen reeds in 1880 geskryf dat hy nie mense met 'n ander velkleur geminag het nie - dit was net 'n geval van verskil in ontwikkelingspeil.¹⁶⁹

Vir Borckenhagen, soos vir die meeste Blankes in Suid-Afrika op daardie tydstip, was gelykstelling van Blankes en anderskleuriges ondenkbaar. Wat ongelyk was, wat deur die natuur bedoel was om ongelyk te wees, kon nie gelyk gestel

167. *Ibid*, 14 Sept. en 2 Nov. 1897.

168. Van Aswegen, pp. 715 - 717.

169. *De Express*, 28 Oktober 1880.

word nie. *The Friend* het saamgestem. Hy het die voorgestelde Transvaalse Immigrasiewet veroordeel op grond daarvan dat dit Blanke immigrante op gelyke voet met Swartes in die Vrystaat sou stel.¹⁷⁰ Nadat die Indiërs die Vrystaat verlaat het, het Borckenhagen geskryf dat die vuil blyplekke wat hulle agtergelaat het, weer eens bewys het dat dit dwaas was om mense wat ongelyk was, gelyk te stel.¹⁷¹ Borckenhagen het geskryf dat die Afrikaner se beleid nie op teorieë gegrond was nie, maar op werklike omstandighede en gebeure.¹⁷² Toe *The Cape Argus De Express* in 1896 daarvan beskuldig het dat hy geweier het om die nuwe en onvermydelike orde te aanvaar of om toekomsfeite in die gesig te staar, bedoelende die vooruitgang wat Swartes op talle gebiede, soos geloof en modes, gemaak het, het Borckenhagen geantwoord dat hy juis feite in ag geneem het. Sy bevinding was dat die pogings van Swartes om in pas met Blankes te bly, tot hulle ondergang gelei het. Hy was geamuseerd met *Imvo Neliso Lomzi* se na-apery van Blanke koerante met hulle geboorte-, huweliks- en sterftetekennings, maar verontwaardig oor wat hy die koerant se astrartheid genoem het. *Imvo* het die Loyal League se voorneme om swart takke te stig, veroordeel. Volgens hom moes lidmaatskap nie op kleur gegrond wees nie, maar op karakter en intelligensie. Verligte Swartes met karakter en status kon 'n groot bydrae lewer deurdat hulle die Swartes se siening kon oordra en as 'n skakel tussen die League en hulle mense kon dien. Verder kon Blankes by Swartes leer hoe om goeie verteenwoordigers na die Parlement te stuur. Blankes was geneig om onnosele, onkundige en onstabiele persone te verkies. Borckenhagen het *Imvo* se strategie gesien as 'n poging om Swartes se stemme teen Bondskandidate te mobiliseer en hy het voorsien dat Swartes se astrartheid onder die vertroeteling van die League sou floreer.¹⁷³

Die Kaapse beleid van stemreg vir almal, was syns insiens nie in belang van Swart of Blank nie. Swartes sou weens hulle getalle oorheers en die beskawing ten gronde laat gaan. Hulle was nog nie in staat om die verantwoordelikheid wat met voorregte gepaard gaan, te dra nie. Hulle het meestal in die son gebak en kon nie met die Engelse massas vergelyk word nie.¹⁷⁴ Selfs Engelssprekendes in die

170. *The Friend*, 1 Jan. 1897.

171. *De Express*, 21 Julie 1891.

172. *Ibid*, 12 April 1892.

173. *Ibid*, 22 Sept. 1896.

174. *Ibid*, 11 Aug. 1891.

Vrystaat het met Borckenhagen saamgestem. *The Friend* was nie heeltemal gekant teen stemreg vir Swartes nie, maar daar moes aan sekere eiendoms- en opvoedingskwalifikasies voldoen word, soos die nuwe wet in die Kaapkolonie bepaal het. So 'n wet het aan die Swartes motivering gegee om hulself te verbeter en was geen klassewetgewing nie.¹⁷⁵

The Eastern Province Herald het erken dat Borckenhagen se siening oor stemreg groot steun in die Kaapkolonie geniet het, maar die Kaap het met stemreg vir anderskleuriges begin en kon nie omdraai nie. Syns insiens sou die verskil in beleid nie 'n struikelblok op die weg van eenheid word nie, want die republieke sou ook mettertyd meer verlig raak en hy het ook nie gemeen dat Swartes ooit sou regeer nie.¹⁷⁶ Borckenhagen het geantwoord dat die republieke nooit aan anderskleuriges stemreg sou gee nie. In die Kaapkolonie het dit nie werklik om die bevordering van Swartes se omstandighede gegaan nie, maar om stemme te werf. Hy het 'n artikel uit *The Independent* aangehaal wat met hierdie stelling akkoord gegaan het. Die koerant het geskryf dat stemreg aan anderskleuriges in die Kaap toegeken is omdat die wetgewers nie werklik gemeen het Swartes sou daarvan gebruik maak nie. Diegene wat met Swartes se hulp setels bekom het, het hulself nie as verteenwoordigers van Swartes gesien nie - dit het net om hulle stemme gegaan. As Swartes goed genoeg was om te kon stem, moes hulle hulself ook as kandidate verkiesbaar kon stel. Indien daar dan Swartes tot die parlement verkies sou word, sou diegene wat hulle setels as gevolg daarvan verloor het, gou daaroor kla. Sou anderskleuriges in die parlement 'n algemene verskynsel word, sou blanke mening in die Kaapkolonie gou die Bloemfonteinse *Express* se beleid onderskryf.¹⁷⁷

Integrasie was vir Borckenhagen 'n onding. Kannunik Peters het by die Kaapse Onderwysersvereniging gepleit dat daar geen rasse-onderskeid in skole moes wees nie. Almal moes toegang tot skole hê wat deur belastingbetalers in stand gehou is. Borckenhagen het dit as 'n misdadig beskou om kinders in so 'n situasie te plaas. Hulle was nie in staat om te onderskei nie. As volwassenes wou integreer, moes hulle dit in hulle private omgewing doen en nie op ander mense se kinders afdwing nie.¹⁷⁸ Toe Kaapse Bruinmense

175. *The Friend*, 1 Julie 1892.

176. *De Express*, 25 Aug. en 3 Nov. 1891.

177. Aangehaal in *De Express*, 5 April 1892.

178. *De Express*, 21 Julie 1893.

aangedring het om hoër onderwys met Blankes te deel, het *The Cape Argus* die mening uitgespreek dat bruin kinders nie tuis sou voel in blanke skole nie en dat Blankes hulle kinders na privaatskole sou stuur. Borckenhagen het beweer dat mense wat vir sulke gelykstelling geagiteer het, net rassegevoelens verskerp het. Die gevolge van vermenging sou skrikwekkend wees.¹⁷⁹

By die sendingstasie Lovedale wat die Glasgowse Sendinggenootskap in 1824 gestig het, het heelwat Blanke kinders wat later vooraanstaande persone geword het, skoolgegaan. In 1896 het dr. T. Muir, die Kaapse superintendent-generaal van onderwys, 'n einde aan integrasie by die skool gemaak. Imvo het beswaar aangeteken, maar Borckenhagen het geskryf dat integrasie net moes plaasvind wanneer dit nie anders kon nie. Dit was veiliger en verstandiger om rasse te skei. Hierdie gelykheid en broederskap het net gedien om Swartes hoogmoedig te maak.¹⁸⁰ *The Friend* het Borckenhagen hierin gesteun. Na aanleiding van die vermelding in die Kaapse Onderwysdepartement se verslag dat die aantal afsonderlike Swart skole vermeerder het, het die koerant geskryf dat dit verblydend was "that white people are determined not to allow their children to mingle with the coloured children."¹⁸¹ Toe biskop Baynes van Natal voorgestel het dat Blankes Swartes na sosiale byeenkomste moes uitnoodi om 'n gevoel van broederskap te toon, het *The Friend* geskryf: "Most people out here would like to see the result of the Bishop endeavouring to carry out his foolish suggestion in die 'social gathering' line."¹⁸²

Daar was sprake dat daar 'n derde klas op Kaapse treine ingestel sou word. Borckenhagen het gemeen dat daar liever twee klasse vir Swartes moes wees as om Blankes en Swartes saam te gooi in 'n derde klas. Mense wat bymekaar behoort het, moes bymekaar geplaas word.¹⁸³

Borckenhagen wou dus, soos die meeste Vrystaters, op geen gebied gelykstelling met anderskleuriges hê nie - nie op politieke, maatskaplike of ekonomiese gebied nie. Op ekonomiese gebied moes hulle nie toegelaat word om teen

179. *Ibid*, 20 Maart 1894.

180. *Ibid*, 8 Des. 1896; Cameron, pp. 88 en 165.

181. *The Friend*, 4 Junie 1897.

182. *Ibid*, 5 Nov. 1897.

183. *De Express*, 1 Nov. 1895.

Blankes mee te ding nie, omdat dit syns insiens 'n ongelyke stryd sou wees - anderskleuriges het soveel minder behoeftes gehad.

Borckenhagen het meermale bekommernis uitgespreek oor wat hy onregverdig mededinging van anderskleuriges met Blankes op die arbeidsterrein genoem het. Volgens hom het Swartes byvoorbeeld baie min uitgawes gehad omdat hulle nie aan veel meer as 'n kombors en 'n hut behoefte gehad het nie. As boere hulle toegelaat het om om 'n deel te saai en vee aan te hou, kon hulle hulle produkte teen 'n veel laer prys as Blankes verkoop. Dieselfde argument is gebruik waarom Basoetoland nie in die tolunie moes wees nie en Asiate nie toegelaat moes word om in die Vrystaat te woon en handel te dryf nie. Borckenhagen het hiermee die mening van talle Vrystaters weerspieël. Hy het geskryf van die lewendige politieke belangstelling in die distrikte Bethlehem en Ladybrand waar daar vroeër beswaar gemaak is teen die onbillike mededinging van Indiërs. Die regering het die saak opgelos en vervolgens het hulle beskerming teen die mededinging van Basoetoland gevra wat graan betref. Hy het gehoop dat die regering hierdie probleem ook sou oplos.¹⁸⁴ Die Volksraad het in 1895 'n wetsontwerp teen die smokkel in Basoetolandse graan ingedien. Die kwessie is warm bespreek en Borckenhagen het geskryf dat dit getoon het hoe sterk die beweging was om die tolunie omver te werp, al was dit net om van Basoetoland se deelname ontslae te raak. Daar was groot onwilligheid om die Vrystaat op gelyke voet met 'n swart staat te stel en met hom te wedywer.¹⁸⁵ In 1896 het 'n suikermaatskappy in Natal toestemming gekry om 12 Indiër ambagsmanne in te voer. Dit het Borckenhagen dadelik verontrus, want hulle kon 'n bedreiging vir Blanke ambagsmanne wees. Baie Blankes het nie meer grond besit nie en was op ambagte aangewese vir 'n bestaan.¹⁸⁶ Toe pres. Kruger in 1895 die driewe gesluit het, het Borckenhagen die kommer wat die koloniale regering en pers oor Vrystaatse transportryers uitgespreek het, as skynheiligheid beskou. Hy het transportryery buitendien nie as 'n geskikte werk vir Blankes beskou nie omdat hulle nie teen Swartes met hulle lae lewenstandaarde kon meeding nie.¹⁸⁷

184. *Ibid*, 20 April 1894.

185. *Ibid*, 26 April 1895.

186. *Ibid*, 11 Aug. 1896.

187. *Ibid*, 24 Sept. 1895.

7.5.5 Voogdyskap.

Die Vrystaatse regering het homself as voog van anderskleuriges beskou en die anderskleuriges het dit, skynbaar op enkele meer ontwikkeldes en veral briefskrywers aan die pers na, so aanvaar. Hulle was sy onderdane teenoor wie hy 'n verpligting gehad het. Hulle het onder die Blankes se wette, beheer en beskerming gestaan en vir dié voorreg moes hulle belasting betaal. Hulle doen en late is voorgeskryf en gekontroleer. Die regering het nie veel gedoen om anderskleuriges te laat ontwikkel nie, maar as daar spontane ontwikkeling was, is hulle bygestaan.¹⁸⁸

Borckenhagen het die regering se houding hierin gesteun, en soos baie ander Blankes, Swartes beskou as kinders wat leiding nodig gehad het. Die Blankes moes as hulle voogde optree; daarom was 'n wet soos die drankwet noodsaaklik om te verhoed dat Swartes hulself vernietig en ongeskik vir arbeid maak deur misbruik van drank. Dit het hom gekwel dat daar ten spyte van die wet nog soveel misbruik onder Swartes in die Vrystaat was omdat die wet nie streng genoeg toegepas is nie.¹⁸⁹

Verder kon hulle as onmondige kinders nie stem- en eiendomsreg kry nie. Die Vrystaat het uit ervaring geleer. Aan die Barolong is eiendomsreg gegun, maar baie gou het hulle hulle plase verkwansel. Net so sou hulle ook die kiesreg misbruik. Die Vrystaters was oortuig daarvan dat hulle optrede die toets van die Christelike sedeleer deurstaan het. Daar is nie 'n snode onreg teen hulle gepleeg nie, maar net tot hulle eie beswil gehandel. Sodra hulle dit waardig was, sou hierdie dinge nie langer aan hulle onthou word nie.¹⁹⁰ Borckenhagen was nie daarteen gekant dat daar uitsondering in verdienstelike gevalle gemaak kon word nie.

Skedding van woongebiede en aandklokkeëls is as noodsaaklik beskou om Swartes te dissiplineer en te beskerm. *The Christian Express* wat by Lovedale uitgegee is, het beswaar gemaak teen die aandklokkeël in 'n aantal Kaapse dorpe en die vrees uitgespreek dat dit algemene praktyk in die Kaapkolonie kon word. Die joernaal het gemeen dit ontnem

188. Van Aswegen, pp. 711 - 712 en 749.

189. *De Express*, 15 Des. 1891.

190. *Ibid*, 9 Febr. 1892.

Swartes alle motivering om beter mense te word. Dit was "negrophobia, akin to madness and often not far from malignity". Borckenhagen se antwoord op hierdie beskuldigings in 'n hoofartikel is 'n baie goeie uiteensetting van sy eie en mede-republikeine se houding. Hy was seker dat die feit dat aandklokkeëls 'n ou, gekoesterde gebruik in die republieke was, dit vir Lovedale onaanvaarbaar gemaak het. Suid-Afrikaanse ondervinding het geleer dat woongebiedskeiding wys was. In Bloemfontein was die Blanke woongebied weg van die respektable Swartes se woongebied en die respektable Swartes se woongebied weg van die leegglêers se lokasie. Dit was billik dat ordentlike Swartes beperk is tot die geselskap van ander ordentlike Swartes. Ware en praktiese ordentlikheid was verkiesbaar bo teoretiese en valse filantropie. Die beskerming wat deur lokasies met beperkings en toesig gebied is, was wedersyds. Om te sê dat Swartes se motivering om beter mense te word deur die aandklokkeël onderdruk is, was 'n buitengewone argument. Die republieke het Swartes gehelp om sober, ordentlike en verantwoordelike arbeiders te word deur sterk drank te verbied. As 'n Swarte klaar in die dorp gewerk het, het hy na sy eie huis en mense gegaan; daar was sy kerke, skole, klubs, ontspanning en vermaak. Die dorp het hom niks hiervan gebied nie. Werkers wat ingeslaap het, het tuis gehoor en passe gekry as hulle êrens heen moes gaan. Dit het hulle teen molestering beskerm. Die stelsel het net goeie gevolge gehad. Nêrens in Suid-Afrika was Swart werkers so tevrede as in die Vrystaat nie terwyl daar geen lokasies was behalwe by die dorpe nie en elke dorp het 'n aandklokkeël gehad. Tengo Jabavu, redakteur van *Imvo Neliso Lomzi* was 'n meningsvormer onder Swartmense en met sy besoek aan Bloemfontein tydens die Wesleyaanse sinodesitting was hy, volgens Borckenhagen, in elke opsig baie in sy skik met die swart woongebied en die stelsel wat in Bloemfontein gegeld het en hy het die goeie wat dit wou doen, ingesien. Jabavu het inderdaad 'n artikel in *Imvo* geskryf waarin hy die Bloemfonteiners, van die staatspresident tot die nederigste inwoner, geprys het vir die vriendelike ontvangs wat Blank en Swart te beurt geval het. Verder het hy sy dankbaarheid teenoor die Vrystaters uitgespreek vir wat hulle vir anderskleuriges gedoen het. Dit was veral die drankwet wat 'n stil, ordelike en sober swart gemeenskap tot gevolg gehad het. Wat hom die meeste beïndruk het, was die mate van plaaslike selfregering in Waaihoek. Daar was 'n raad wat uit Swartes bestaan het met die burgemeester as voorsitter en die enigste doel van die raad was om tot die

voortgang en verbetering van die mense by te dra. Die geboue wat deur die inwoners self opgerig is, was dan ook goed en ordentlik. Al wat ontbreek het, was regeringsteun vir swart onderwys en die afskaffing van die passtelsel.¹⁹¹

Borckenhagen het geskryf dat hy seergemaak gevoel het deur *The Christian Express* se aanval op 'n prysenswaardige stelsel met praktiese voordele en hy het gemeen die joernaal het misbruik van sy mense se onkunde gemaak deur te skryf: "Meanwhile our native friends must be patient, law-abiding, avoiding brandy, and not be out o' nights - especially in civilised streets where they have the privilege of working during the day." Dit was kwaadwillige en onverantwoordelike onsin. Swartes, nes almal, moes geduldig en wetsgehoorsaam wees. Om brandewyn van hulle te weerhou, was wyse optrede van 'n vaderlike regering wat oor hulle gewaak het. Wou *The Christian Express*, "a Journal of Missionary News and Christian Work", hê dat Swartes moes ontspan deur in die strate leeg te lê en brandewyn te drink? Dan het hy gemeen Swartes moes liewers elders hulle leiding gaan seek.

Wanneer daar in Bloemfontein aanddienste, vermaak of etes was waarheen swart predikante en onderwysers genooi is, was dit baie maklik vir hulle om geskrewe toestemming te kry. Teenoor gewaande aantasting van 'n paar mense se waardigheid by uitsonderlike geleenthede het die feit gestaan dat ware filantropie bestaan het in die bewaring en beskerming van swakkeres, indien nodig deur klassewetgewing en nie in algemene vermenging, ongeag kleur en kultuur nie, wat tot gevolg gehad het dat nie een van die rasse verbeter word en die swakker een vinnig oor die afgrond gaan nie. Dit was die geval in Kaapstad waar die laer klasse van al die groepe in diepe ellende, dronkenskap en smerigheid saamgewoon het. Hy was jammer dat *The Christian Express* nog nie die waarde van dissipline besef het nie, veral vir kinders en bo alles "for those grown-up children - our natives". Die Hollandse redakteur het bygevoeg dat dit seker nog jare sou duur voordat die ongelukkige Engelse denkbeelde van gelyke regte vir Blank en Swart in Suid-Afrika heeltemal sou verdwyn. Anderskleuriges het gewet en gevoel dat hulle nie die Blankes se gelykes was nie en diegene wat die kern van hierdie standpunt wou verwyder, het die land 'n baie twyfelagtige diens bewys.¹⁹² *The Friend* het heelhartig met *De Express* saamgestem. Die koerant het geskryf dat die

191. Aangehaal in *The Friend*, 1 Mei 1894.

192. *De Express*, 9 Aug. 1895.

aandklokreël baie goed in Bloemfontein gewerk het. Dit het misdaad bekamp, net soos behoorlike en waaksame polisie-toesig en die nougesetheid van werkgewers om passe te voorsien.¹⁹³

7.5.6 Opvoeding: sekulêr en godsdienstig.

Die Vrystaatse regering het die beginsel van onderwys vir anderskleuriges erken, maar wou dit nie behartig nie. Daar was geen beperking op enige individu of instelling om sulke onderwys aan te help nie. Die staat het 'n geringe bydrae tot sekere sendingstasies gemaak met die oog op onderwys. Die N. G. Kerk te Witsieshoek,¹⁹⁴ Lutherane¹⁹⁵ en Anglikane¹⁹⁶ het onder andere skole vir Swartes gehad.

Die meeste Blankes het onderwys vir anderskleuriges as onbelangrik beskou. Heelwat was gekant daarteen omdat hulle gemeen het dat dit van hulle ongeskikte arbeiders gemaak het.¹⁹⁷

Spruitende uit Borckenhagen se siening dat Swartes bestem was om arbeiders te wees, het hy gemeen dat onderwys vir Swartes daarop gerig moes wees om van hulle beter arbeiders te maak. Enigiets anders sou net dien om hulle hoogmoedig te maak en ongeskik vir arbeid. Hulle aandrang op onderwys was 'n poging om sosiaal gelyk gestel te word met Blankes en op evangelisering 'n verskoning om ledig te wees, want in werklikheid wou hulle steeds hulle tradisionele rites beoefen.¹⁹⁸

Wat kerstening van anderskleuriges betref, was die blanke gemeenskap in die Vrystaat verdeeld. 'n Minderheidsgroep, waaronder kerklike amptenare en enkele burgers, het hulle kerstening en opheffing as 'n roeping gesien. Die meerderheid was sendingwerk nie goedgesind nie. Dit het deels gespruit uit hulle ervarings met sendelinge aan die Kaapse Oosgrens. Hierdie groep was dit met Borckenhagen eens dat kerstening swakker arbeiders van anderskleuriges sou maak en die idees van gelykheid en broederskap by hulle sou inprent.¹⁹⁹

193. *The Friend*, 16 Nov. 1894.

194. Van Aswegen, p. 648.

195. *Ibid*, p. 652.

196. Schoeman, pp. 87 - 88.

197. Van Aswegen, pp. 645 - 646 en 650.

198. *De Express*, 23 Febr. 1892.

199. Van Aswegen, pp. 675 - 676 en 679.

Borckenhagen het heelhartig met die magistraat van Queenstown saamgestem wat Swartes se onderwys as nutteloos bestempel het omdat hulle die opleiding nie kon gebruik nie. Dit het eerder van hulle 'n bedreiging vir die land gemaak. Borckenhagen het voorspel dat die Kaapse regering hom nie aan so 'n mening sou steur nie, want onder Rhodes het hy hom net met gebiedsuitbreiding in plaas van met konsolidasie besig gehou.²⁰⁰ *The Friend* het 'n artikel uit *The Press* aangehaal waarin aanbeveel is dat daar 'n opleidingskool vir Swartes gestig moes word waar hulle kon leer om goeie plaas- en mynwerkers en huisbediendes te word. *The Friend* het hiermee saamgestem en ook met die opmerking dat dit die beste was om Swartes eerstens te leer om goeie bediendes met praktiese kennis te wees voordat hulle die drie R'e en Christelike godsdiens geleer het. *The Friend* was nie teen verdere onderwys van Swartes nie en het gemeen dat Swartes wat wou leer, meer pit as Blankes gehad het. By 'n Kaapse Bondskongres is kommer uitgespreek omdat byna net soveel Swartes as Blankes wou leer. *The Friend* het dit tot die Swartes se krediet gereken. Hulle moes nie van onderwys beroof word nie. Blankes moes hulle geleenthede benut en daar moes billike wedywing wees. Hy het met die Bondskongres se voorstel dat 'n nywerheidskool opgerig word, saamgestem.²⁰¹

Borckenhagen het in 1890 in 'n hoofartikel, "Het Inboorlingen Probleem" 'n lang artikel uit *The Natal Advertiser* aangehaal wat volgens hom weldeurdag was. Die skrywer het sy teenkating teen onderwys en evangelisasie van Swartes uitgespreek omdat Swartes syns insiens beter mense was in hulle natuurlike staat. Pogings om hulle deur 'n gekompliseerde en moeilik te begrype godsdiens- en sedeleer op te voed, het altyd op 'n mislukking uitgeloop, onder andere ook omdat die leermeesters in baie gevalle die uitkot van Europa was. Hy het sy siening taamlik kru soos volg opgesom: "There's no better way of teaching a Kafir bad habits than to make attempts to civilise him; there is no more certain way of creating a black sinner than to christianise a Kafir". In 'n onderhoud wat 'n plaaslike joernalis te Umtata met die ab van die Trappiste, 'n streng Franse monnike-orde, gevoer het, het die ab vertel dat sy denominasie se onderwys aan mans daaruit bestaan het dat hulle geleer is om te lees en te skryf en hulle loon uit te

200. *De Express*, 21 Julie 1891.

201. *The Friend*, 10 Maart 1893.

werk. Meisies is geleer om huishoudelike take uit te voer en om hulle gebede- en katkisasieboek te kon lees. Meer as dit het hy as 'n fout bestempel. Die verslaggewer het dit vergelyk met die gewone prosedure wat by swart Kaapse onderwysinrigtings, deur belastingbetalers in stand gehou, gevolg is. Vyf uur per dag is aan skoolgaan bestee waarvan twee uur en minder aan handarbeid. Die res van die dag is bestee aan ontspanning en rondleëry. Die leerlinge het onbeperkte vryheid geniet. In uitsonderlike gevalle was daar 'n bietjie tegniese onderwys, maar meestal was die onderwys heeltemal ondoeltreffend en die leerlinge slegter daaraan toe as voor die tyd. Dit het die skoliere hoogmoedig en pronkerig gemaak en hulle laat neersien op hulle volksgenote en vroeëre leefwyse. Hulle was te lui om te werk en minder bruikbaar as vroeër. Hulle volksgenote het hulle as bedorwe beskou. In plaas daarvan dat hulle iets omtrent landbou en veeteelt geleer het, is hulle koppe net volgestop met vae idees. *De Express* het na aanleiding van hierdie vergelyking die Trappiste geloof omdat hulle Swartes leer werk het. Die skrywer van *The Natal Advertiser* was egter nie so beïndruk met die Trappiste nie. Volgens hom het die aanleer van ambagte deur Swartes net wedywing met Blankes beteken. Die Trappiste het onuitputlike geldbronne tot hulle beskikking gehad en hulle bedrywighede was menigvuldig. Blanke ambags- en sakemanne sou nie teen die goedkoop arbeid van opgeleide Swartes kon meeding nie. Hy het as voorbeeld hulle bedrywighede op die gebied van die drukkuns genoem.²⁰² In latere artikels het Borckenhagen ook kommer uitgespreek oor die mededinging van Swartes met Blankes in die handel en ambagte. Die twee aanhalings in bogenoemde hoofartikel toon dat Blankes in die Kaapkolonie en Natal oor die algemeen dieselfde siening as in die Vrystaat gehad het.

Sir Langham Dale, 'n afgetrede Kaapse superintendent-generaal van Onderwys, het tegniese opleiding vir Swartes en Blankes voorgestel en veral die opleiding van swart messelaars, skrynwerkers, kleremakers en winkeliers. Volgens Borckenhagen het hy nie veel van Swartes geweet nie. Die meeste van hulle was nie gretig om te werk nie en sou eers moes hongerly om daartoe gedwing te word. Verder het hulle nie oor tegniese insig beskik nie en sou nooit werktuigkundiges kon word nie. Wat hulle goed kon doen, was om gou te leer krieket en tennis speel (in Waaihoek was daar

202. *De Express*, 4 Nov. 1890.

krieket- en tennisklubs²⁰³) en die terme wat in die spel gebruik word, baas te raak; ook om Engels te praat en moeilike woorde te gebruik. (Hy het soms briewe van Swartes ontvang waarin hoogdrawende Engelse woorde gebruik is sonder dat die skrywers die betekenis van die woorde verstaan het. Een so 'n skrywer het gekla oor die behandeling van Swartes in Waaihoek en afgesluit: "I believe this will draw your faculties and look attentively. It's rather absurdity, poor folks, poor folks; are suffering under sirevelly negotiation".²⁰⁴) Omdat so min van hulle bereid was om te werk, sou dit boere verplig om van moderne hulpmiddels soos stoommasjiene om mee te oes en te dors, gebruik te maak en hulle plase te omhein sodat skaapwagters oorbodig sou raak.²⁰⁵ In die belangrike geskrif oor tegniese onderwys en nywerheidskole wat deur dr. Dale opgestel is, het hy egter ook opmerkings gemaak waarmee *De Express* heelhartig saamgestem het, naamlik dat blanke kinders deur hulle ouers en die gemeenskap van werk voorsien is en aangemoedig is om te werk. Swart kinders het nie hierdie sporslag of hulp gekry nie en die gevolg was dat hulle as 't ware halfweg tussen die hemel van beskawing en die hel van barbaarsheid laat hang is. As dit die doel van opvoeding vir Swartes in die Kaapkolonie was, sou dit net tot leed en die ondergang van opgevoede swart kinders lei en van hulle opgevoede luitaards maak.²⁰⁶

Die uitlatings van 'n Natalse geestelike, eerwaarde Knaggs, het volgens die Hollandse redakteur van *De Express* soet in sy ore geklink. Die eerwaarde heer was van mening dat Swartes die evangelie van werk sowel as die evangelie van saligheid nodig gehad het. Werk, opvoeding en godsdiens moes saamgaan in hulle evangelisering. Hulle moes weet dat die Christendom alleen ten volle geniet kon word wanneer opgelegde pligte vervul is. Hulle moes die godsdiens van werke, in hulle eie belang en dié van die gemeenskap, aanleer.²⁰⁷

De Express het 'n brief van 'n Engelssprekende boer van Graaff-Reinet met net soveel instemmings as die vorige uitlatings aangehaal. C. Lee, wat Borckenhagen as 'n uiters progressiewe en intelligente boer beskryf het, het aan *The*

203. Schoeman, p. 131.

204. *De Express*, 6 Julie 1897.

205. *Ibid*, 15 Maart 1892.

206. *Ibid*, 22 Maart 1892.

207. *Ibid*, 31 Maart 1891.

Telegraph van Port Elizabeth geskryf dat geen boer in sy omgewing onder enige omstandighede 'n geleerde Swarte in diens sou neem nie. Die gevolg was dat Swartes voorgegee het om ongeleerd te wees, in diens geneem is en dan skade aangerig het. Hulle het die ander werkers op die plaas opgesweep en skelmstreke geleer. Hyself het so 'n Swarte in diens geneem wat sy vermoë om te skryf gebruik het om van sy vriende elders in te lig oor toestande op die plaas en hy is van kosbare vee beroof. In teenstelling daarmee het hy nege gesinne op die plaas gehad wat jarelank in sy diens was en ingeval het by die reëlings wat daar gegeld het. Borckenhagen het daarop gewys dat Lee nie Swartmense gehaat het nie en dat hy ook nie teen alle onderwys vir Swartes gekant was nie, maar net teen ondoelmatige onderwys. Die doel van onderwys moes wees om iemand bekwaam te maak om te werk, maar in onderwys vir Swartes in die Kaapkolonie is probeer om 'n gebou op te rig voordat die fondament gelê is. Swartes het verkeerdelik gemeen dat onderwys 'n mens bevry van die plig om te werk. Hulle het geen materiële of sosiale voordeel uit hulle opleiding getrek nie en hulle dan tot misdadigheid gewend. Blankes sou onder sulke omstandighede dieselfde doen. Wat Borckenhagen betref, was Swartes se optrede dus nie die gevolg van hulle velkleur nie, maar van hulle omstandighede. Die probleem was dat die Kaapkolonie onderwys vir Swartes ryp wou druk voordat hulle daarvoor gereed was en daardie soort onderwys was nutteloos. Syns insiens moes onderwys nie van buite af op Swartes afgeforseer word nie, maar hulle moes hulle eie stelsel ontwikkel. Borckenhagen het daarop gewys dat die menings van boere wat heeldag in die praktyk met Swartmense gewerk het, van veel meer waarde was as dié van filantropie wat die natuurlike orde wou omver werp deur gelykstelling of dié van politici wat Swartes se stemme wou werf.²⁰⁸

Nog 'n Kapenaar, W. P. Schreiner, het in Kimberley Borckenhagen se siening onderskryf. Hy het beweer dat Swartes nie met een sprong van 'n toestand van barbaardom tot die vlak van Blanke beskawing gebring kon word deur kunsmatige opvoeding nie. 'n Duisend jaar se ontwikkeling was daarvoor nodig. Die redakteur van *Imvo* se reaksie was dat die Blankes reeds die weg gebaan het en daarom was die pad vir Swartes baie korter. Borckenhagen het op sy beurt vir Schreiner ondersteun. Daar moes eers tegniese onderwys wees voordat boekgeleerdheid aan die orde kon kom. Dit het beteken dat Swartes eers die handvaardighede moes baasraak

²⁰⁸. *Ibid*, 5 April 1892.

wat hulle in hulle beroep as arbeiders nodig gehad het. "To define it: Chop wood, carry water, dig, plough, drive and herd cattle, and do all of it - if possible intelligently and faithfully", het hy geskryf.²⁰⁹

Onder Borckenhagen se Engelssprekende tydgenote in Bloemfontein was daar sommiges wat met hom saamgestem het en ander wat verskil het. By 'n vergadering van die "Young men's Literary Society" op 14 Junie 1893 het eerw. James Scott van die Wesleyaanse Metodiste 'n lesing gelewer oor onderwys vir Swartes. Hy was van mening dat Swartes oor die vermoë beskik het om te leer en dié vermoë moes benut word. Hulle moes egter net elementêre onderwys ontvang en handarbeid leer verrig en 'n paar kon leer om handel te dryf onder hulle eie mense. Hulle moes nie soveel onderwys ontvang dat hulle uit pas met hulle omgewing en werksmoontlikhede was nie. Te veel geleerdheid sou Blankes van werknemers ontnem. Die algemene beswaar was dat geleerdheid Swartes ongeskik vir werk maak het. Dit was dikwels so, maar nie in alle gevalle nie. Die staat moes swart onderwys tot 'n mate steun. Mnre. Smetham en McLeod het nie 'n hoë dunk van geleerde Swartes gehad nie. Mnr Fernhead wou Swartes tot hulle volle potensiaal laat ontwikkel, maar daarmee saam moes hulle leer wat verantwoordelikheid was. Hy was bevrees dat 'n groot aantal swart handelaars 'n bedreiging vir blanke handelaars sou wees. Mnr. Watkey wou nie hê dat kleur enigszins 'n rol in onderwys speel nie. Vir eerw. W. A. Thompson, ook 'n Wesleyaanse predikant, kon onderwys enige mens net ten goede strek. Elkeen moes tot sy hoogste potensiaal opgevoed word. Die algemene gevoel onder Borckenhagen se Engelssprekende mede-Bloemfonteiners was dus dat anderskleuriges 'n mate, maar nie te veel nie, geleerdheid moes geniet. Dit het nie veel van Borckenhagen se siening verskil nie.²¹⁰

'n Swart jeugdige het na aanleiding van die verslag van bogenoemde debat aan *The Friend* geskryf dat Swartes tot hulle hoogste potensiaal opgevoed moes word. Daar sou altyd genoeg arbeiders wees solank as wat rykdom ongelyk versprei was. 'n Klein bietjie geleerdheid het meer kwaad as goed gedoen en opgevoede Swartes het vriendeliker teenoor werkgewers gevoel as onopgevoedes.²¹¹

209. *Ibid*, 7 Julie 1893.

210. *The Friend*, 16 Junie 1893.

211. *Ibid*, 20 Junie 1893.

7.5.7 Billike en menslike behandeling.

Die beleid van voogdyskap oor anderskleuriges is deur die Vrystaatse regering met beslistheid, maar ook met billikheid en menslikheid toegepas. Die staat en sy amptenare het hom nie aan wreedhede of burgerlike gewelddadigheid skuldig gemaak nie. Die beleid is oor die algemeen met begrip en algemene menslikheid toegepas. Die onbillike en onmenslike optrede van enkelinge was 'n uitsondering.²¹²

Borckenhagen het dit telkens onderstreep dat almal billik behandel moes sord. Vir hom was dit belangrik dat Swartes daarna moes streef om goeie, eerlike arbeiders en hulle werkgewers om goeie en regverdigte here te wees. Hulle status het verskil, maar nie hulle belange nie.²¹³ Onmenslike optrede is deur hom verfoei. Hy het sy walging uitgespreek oor die bekende ontdekkingsreisiger Stanley se beweerde afskuwelikhede in Afrika waar hy pigmeë en ander inboorlinge afgemaai het. Stanley het self die moedswillige slagting van onskuldige barbare erken en het verdien om deur 'n beskaafde hof veroordeel te word om te hang. Invallende leërs was 'n nuwe en bepaald verkeerde aspek van ontdekkingstogte.²¹⁴ Later het Borckenhagen soortgelyke optrede deur Rhodes veroordeel.

Borckenhagen het die noodsaaklikheid van die Paswet ingesien, maar was ook bewus van tekortkominge daarin. Hy het veral daarop aangedring dat die wet met diskresie en takt toegepas word. In April 1894 het hy 'n brief van 'n Swarte aan *The Cape Mercury* herdruk en die regering gevra om aandag aan die kwessie te gee. Aanvanklik was hy skepties oor die beskuldigings daarin, maar 'n brief van eerwaarde C. Sandrock van Bethanie het hom oortuig dat die feite korrek was. Op 1 April is 'n kerk van die Berlynse Sendinggenootskap te Springfontein ingewy en meer as 500 Swartes het die geleentheid bygewoon. Baie moes buite staan en luister. Die diens het skaars begin toe konsternasie losbars. 'n Blanke polisieman het omstanders beveel om hulle passe te vertoon en twaalf mans in hegtenis geneem omdat hulle net passe van hulle werkgewers en nie die amptelike ses pennie-pas gehad het nie. Hulle is geboei en buite die

212. Van Aswegen, p. 714.

213. *De Express*, 7 Febr. 1893.

214. *Ibid*, 18 Nov. 1890.

kerk onder toesig van 'n swart polisieman gelaat. Daar het hulle vir vier ure gestaan waarna hulle vir die afstand van vieruur te perd na Philippolis aangejaag is waar hulle met vyf sjielings beboet is. Die swart korrespondent het beweer dat die blanke polisieman lank reeds vyandiggesindheid jeens Swartes geopenbaar het en dat die Sondag se gebeure vooraf beplan was. Saterdag die 31ste het hy na Philippolis se landdros gegaan en hom ingelig oor die kerkinwyding te Springfontein. Die landdros het die veldkornet toe beveel om die polisieman te help om al die Swartes te vang wat nie die amptelike pas gehad het nie. Die vraag was of die vrederegter wat net 'n entjie van die kerk af gewoon het en by wie die passe verkry moes word, toevallig nie tuis was nie. Eerwaarde Sandrock het bygevoeg dat artikel 47, hoofstuk 133 van die Wetboek bepaal het dat die skrywer, nie die draer nie, van onwettige passe beboet moes word. Hy het verder ook vertel van Swartes wat met koloniale passe per trein op Springfontein aangekom het en in hegtenis geneem is sodra hulle van die trein afklim. Hulle is geboei of met rieme om die arms, rug en nek vasgebind. Intussen was daar geen pasbeamptes op die trein by wie hulle passe kon kry nie. Borckenhagen het die gebeure as skandalig beskryf. Al sou die mense glad nie passe gehad het nie, was dit onverdedigbaar dat daar tussen kerkmense amok gemaak word en die paswet met so 'n gebrek aan diskresie afgedwing is. Hy het die hoop uitgespreek dat die owerheid dringende aandag aan die kwessie sou gee. "The Free State has always endeavoured to treat natives as kindly and humanely as is consistent with a salutary firmness, and any departure from this rule - especially on the part of Government officials - should be visited with the most exemplary punishment", het hy betoog.²¹⁵ *The Friend* het met Borckenhagen saamgestem dat die regering ondersoek moes instel.²¹⁶ Nadat die gebeure bekend geword het, het dit soveel kritiek uitgelok dat die Volksraad die kwessie om kerkbywoning vir anderskleurigis makliker te maak, deeglik bespreek het en die paswet dienooreenkomstig gewysig het.²¹⁷

'n Korrespondent het gekla oor die vonnisse wat deur 'n spesiale vrederegter opgelê is en voorbeelde genoem. 'n Swarte moes byvoorbeeld twee osse aan die vrederegter gee

215. *Ibid*, 10 en 17 April 1894.

216. *The Friend*, 17 April 1894.

217. *OVSVR*, 25 Mei 1894, pp. 204 - 205; 31 Mei 1894, pp. 263 - 264; 11 en 13 Julie 1894, pp. 750 - 752 en 773; ook ordonnansie 4 van 1895, artikel 22.

nadat hy verhoor is. Borckenhagen het geskryf dat daar 'n einde moes kom aan hierdie soort regspraak, want dit het die reg verkrag en arbeids- en ander kwessies wat op goeie verhoudings berus het, bemoeilik.²¹⁸ Dit was juis ondergeskikte amptenare soos veldkornette en vrederegters wat die meeste probleme geskep het met betrekking tot billike regspraak. Hulle was dikwels emosioneel te nou by die saak betrokke om 'n nugter oordeel te kon vel.²¹⁹

Nadat runderpes in 1896 uitbreek het, het die regering sekere maatreëls getref om die gevaar van verspreiding van die siekte te verminder. Swart passasiers en hulle bagasie is onder andere by stasies op die grense berook. In 'n berig in *Imvo* is nie alleen gekla oor die beroking en die betaal van doeanegeld nie, maar ook aantygings teen Vrystaatse amptenare gemaak dat hulle Swartes beroof het. Borckenhagen het die eerste twee klagtes aan onkunde van die klaers toegeskryf, maar het die regering se aandag gevestig op die aanklag van diefstal. Kaapse blaaië het volgehou dat Swartes op die Vrystaatse grens beroof is, maar net een klagte oor die diefstal van R7 is aangemeld. Die owerheid het beloop om ondersoek in te stel en skuldiges te straf. Toe *The Star* weer in Februarie 1897 'n brief oor die kwessie gepubliseer het, het Borckenhagen daarop gewys dat daar in 'n offisiële verslag vermeld is dat geen spoor van getuienis vir die bewerings gevind kon word nie.²²⁰

Die Vrystaatse regering het probleme ondervind om 'n geskikte plek te kry waar melaatses afgesonder kon word en uiteindelik is hulle na die melaatse kolonie te Robbeneiland gestuur. Borckenhagen het van die begin af daarteen beswaar gemaak. Hy het dit as wreed bestempel om hulle so ver van hulle eie mense af te stuur en het ook gemeen dat die nat klimaat nie goed vir hulle sou wees nie. In 1897 is besluit om hulle terug te bring Vrystaat toe. Hy was verheug dat sy pleidooie nie tevergeefs was nie.²²¹ Die melaatses is eers in 'n gebied naby die gevangenis afgesonder en toe in 'n inrigting op die plaas Sydenham suid van Bloemfontein gevestig.²²²

218. *De Express*, 6 Aug. 1895.

219. Van Aswegen, p. 726.

220. *De Express*, 22 Sept. en 4 Des. 1896; 2 Febr. 1897.

221. *Ibid*, 14 Mei 1897.

222. Schoeman, p. 117.

Pres. Brand het aan die Fingo's wat die Vrystaters tydens die Basoeto-oorloë gehelp het, plase belowe. In die Volksraadsitting van 1894 het die Raad die besluit herroep.²²³ Borckenhagen het dit betreur omdat die land in 'n slegte lig geplaas is en die staatspresident in 'n lastige posisie. *The Friend* het saamgestem.²²⁴

'n Wetsontwerp op Here en Diensbodes wat dit makliker vir 'n werknemer sou maak om sy werkgewer aan te kla, is in 1895 in die Volksraad ingedien. Volksraadslede het uiteenlopende menings uitgespreek. C. H. Wessels het gevoel dat dit in werkgewers se eie belang was om die lewe van hul werknemers so aangenaam en gelukkig as moontlik te maak. P. M. Botha en I. W. B. de Villiers wou hê dat almal gelyke regte voor die wet moes hê. Ander sprekers was weer van mening dat werknemers hulle werkgewers wou regeer. Borckenhagen het 'n brief van ds. J. G. Grosskopf, die Lutherse predikant geplaas waarin hy dié raadslede geloof het wat 'n liefde vir geregtigheid heopenbaar het terwyl ander weer liefdeloos opgetree het. Hy het geskryf dat die verskillende rasse moes saamleef en mekaar nodig gehad het en terwyl Blankes waarskynlik bedoel was om te heers, moes hulle so optree dat hulle werknemers in liefde onderdanig sou wees. Dit was hulle plig om hulle deur opvoeding, arbeid en regverdige behandeling op te hef en hulle streng, maar regverdig te behandel. Hulle moes ook in waardige wonings bly en onder die invloed van die Christelike leer gebring word terwyl werkgewers 'n Christelike voorbeeld moes stel.²²⁵ Die Volksraad het die wet met slegs twee stemme afgekeur.

Genl. Booth van die Heilsleër was besig om oral in Suid-Afrika vergaderings te hou om sy idee om Engelse werkloses op Suid-Afrika af te laai, te propageer. Na aanleiding hiervan het Borckenhagen verklaar dat Suid-Afrika se eerste plig teenoor sy eie mense was. Hier was honderdduisende Swartmense wat nie in die morele en materiële toestand kon bly waarin hulle toe verkeer het nie - dit moes verbeter word. Hulle moes geleer word om 'n bydrae tot die ekonomie te maak en daar was meer as genoeg werk om hulle geluk en welvaart te bevorder.²²⁶ Suid-Afrika se klimaat en tipe grond was nie van so 'n aard dat dit 'n groot bevolking kon dra nie en ter wille van selfbehoud was dit nodig om

223. *OVSVR*, 5 April 1895, pp. 78 - 81.

224. *De Express*, 9 April 1895; *The Friend*, 9 April 1895.

225. *De Express*, 3 Mei 1895.

226. *Ibid*, 28 Aug. 1891.

immigrasie te beheer en nie die skuim van Engeland in te voer ten koste van die land se eie minderbevoorregtes nie.²²⁷

Toe 'n groep Amerikaanse negersangers wat as die Jubilee Singers bekend gestaan het, Suid-Afrika besoek het, het *The Friend* 'n beroep op Vrystaters gedoen om nie bevooroordeeld te wees nie.²²⁸ Vir *The Independent* van Kimberley het die feit dat *The Friend* dit nodig gevind het om vir Vrystaters te preek, juis bewys dat hulle erg bevooroordeeld was. Hierop het Borckenhagen teruggekap dat die groep vir drie aande 'n vol saal getrek het en dat hulle baie goed ontvang en behandel is "with a distinction and consideration that is assuredly not the rule in the particular spot where they were raised". Verder het hy daarop gewys dat daar in Bloemfontein baie geld op oppervlakkige vermaak soos by die skaatsbaan vermors is en dat sulke vermaak soos die Jubilee Singers baie beter was om mense mee op te kikker.²²⁹

7.5.8. Kommentaar op die beleid teenoor anderskleuriges in die res van Suid-Afrika.

Borckenhagen het die beleid van veral die Britse kolonies teenoor Swartes dikwels gekritiseer en met die Vrystaatse beleid gekontrasteer. Hy het gedurig gepleit vir eenvormige optrede omdat optrede in een gebied 'n invloed op al die ander gebiede uitgeoefen het. Daar sou nooit sprake van unie of federasie kon wees sonder 'n eenvormige beleid jeens anderskleuriges nie. Verder was hy so oortuig daarvan dat die Vrystaatse beleid die beste resultate getoon het, dat hy graag sou wou sien dat die in ander state en kolonies nagevolg word.

Die Vrystaat het nie heeltemal dieselfde probleme met Swartes gehad as die ander gebiede in Suid-Afrika nie, en soos *De Express* aangetoon het, was daar 'n groot verskil in benadering. Die Kaapkolonie het filosofies te werk gegaan terwyl die Vrystaat meer prakties was.²³⁰ Omdat daar nie eers twee anderskleuriges vir elke Blanke in die Vrystaat was nie, was die probleem eerder om genoeg arbeiders te kry as om die bedreiging van 'n groot swart meerderheid te moes

227. *Ibid*, 23 Febr. 1892.

228. *The Friend*, 18 Aug. 1891.

229. *De Express*, 1 Sept. 1891.

230. *Ibid*, 9 Febr. 1892.

afweer. Daar was ook nie probleme met Swartes buite die grense van die Vrystaat nie. Wat wel probleme veroorsaak het, was die oneweredige verspreiding van Swartes sodat sommige boere sonder arbeid moes klaarkom en enkele gevalle van 'n opeenhoping van swart plakkers op plase waar hulle leeg gelê het en van die naburige plase se vee gesteel het. In die res van Suid-Afrika het Swartes die Blankes ver in getalle oortref. Aan die einde van 1891 het *De Express* die volgende syfers verskaf: in Kaapland was daar 1 150 237 Swartes uit 'n totale bevolking van 1 527 224; in Transvaal 500 000 Swartes en 119 000 Blankes; en in Natal 1 000 000 Swartes en 44 000 Blankes. Die koerant het gevra: sal Suid-Afrika Wit of Swart wees en wie sal baas wees?²³¹

Brittanje het die Britse kolonies en tot 'n mate ook Transvaal nie heeltemal vrygelaat om self hulle beleid teenoor anderskleuriges te bepaal nie. Een voorbeeld van Britse inmenging in Transvaal was die feit dat die Republiek nie toegelaat is om Asiërs te verbied nie. Vir Borckenhagen was dit ondenkbaar dat mense wat duisende kilometers van Suid-Afrika af was en geen kennis van toestand hier gedra het nie, kon voorskryf watter beleid hier gevolg moes word. Die Britse regering onder Salisbury se beleid teenoor swart gebiede onder sy beheer is volgens hom buitendien gekenmerk deur 'n laat-maar-loop-houding en "masterly inactivity as applied to native rule" soos in Basoetoland gedemonstreer.²³² Die Britse regering in Basoetoland was na sy mening hopeloos en sleg vir Swartes en Blankes.²³³

In Natal het Shepstone, 'n benoemde amptenaar (van 1853 af sekretaris van naturellesake²³⁴), die beleid bepaal. Hierdie beleid was in direkte teenstelling met Borckenhagen se siening en hy het onomwonde verklaar dat Shepstone se beleid 'n groot mislukking was. Hy het Swartes in reservate onder hoofmanne gevestig om sodoende administratiewe koste vir die Britse regering te bespaar. Volgens Borckenhagen het hierdie 400 000 Swartes hulle dae in ledigheid deurgebring terwyl die Blankes nie arbeiders kon kry nie en 40 000 Indiërs met onsindelike gewoontes ingevoer het om op die suikerrietplantasies te werk.²³⁵ Hy het gesê dat die gety nie weer omgekeer kon word nie. Suid-Afrika kon nie

231. *Ibid*, 15 Des. 1891.

232. *Ibid*, 24 Nov. 1891.

233. *Ibid*, 21 Maart 1893.

234. Cameron, p. 173.

235. *De Express*, 23 Febr. 1892.

weer " a field for migratory tribes, preying upon each other" word nie. Die arbeidsmark kon net baat indien reservate in Natal en Basoetoland sou verdwyn.²³⁶ Syns insiens sou dit beter wees as Natal, wat nog 'n Britse kroonkolonie was, verantwoordelike regering kon kry om sodoende 'n groter mate van seggenskap oor swart beleid te hê. So 'n regering sou Swartes beter beheer as wat op daardie tydstip die geval was.²³⁷ *The Friend* het ook gemeen verantwoordelike regering sou die beste wees, maar was weer bang dat so 'n regering nie die Swartes sou kon beheer nie en dat dit 'n uitbarsting tot gevolg kon hê.²³⁸ Volgens *De Express* het die bestaande regering 'n laat-maar-loop-houding ingeneem wat tot 'n krisis kon lei. In 1892 het Natallers teen 'n verantwoordelike regering gestem,²³⁹ maar in Maart 1893 daarvoor. Borckenhagen was bekommerd dat die regering, wat hoofsaaklik gekies is omdat Natallers die vorige regering se optrede jeens Swartes as swak beskou het, nou weer na die ander uiterste sou gaan en Swartes sou onderdruk. Daar is gevra vir 'n kragtige beleid. Dit kon 'n gevaar vir hulleself en hulle bure inhou. Borckenhagen het vir gematigdheid gepleit omdat Suid-Afrika, volgens hom ferm, gematigde en konsekwente optrede nodig gehad het en nie histerie nie. Hy het gehoop dat "the hysterics of philanthropy" nie deur "the hysterics of repression" vervang sou word nie.²⁴⁰

Nadat verantwoordelike regering toegeken is en daar begin is om 'n grondwet op te stel, het Borckenhagen weer gewaarsku teen radikale optrede. Die Swartes was verreweg in die meerderheid, die toestand was plofbaar en dit het delikate hantering vereis. Hy het dikwels kritiek uitgespreek oor die leeglêry van Swartes in Natalse reservate, maar om hulle dadelik te dwing om te gaan werk, kon probleme veroorsaak. Mense met politieke wysheid moes die kwessie hanteer en nie babbelaars nie.²⁴¹

Die Kaapkolonie het in 1854 verteenwoordigende regering gekry en weens die invloed van die Britse regering en 'n groep Engels- en Hollandssprekende liberales, hoofsaaklik van Kaapstad, was stemregkwalifikasies nie-rassisties en laag. Hierdie Kaapse liberalisme is nie deur die

236. *Ibid*, 21 Okt. 1890.

237. *Ibid*, 9 Sept. 1890.

238. *The Friend*, 9 Okt. 1890.

239. *De Express*, 7 Okt. 1892.

240. *Ibid*, 24 Maart 1893.

241. *Ibid*, 8 Sept. 1893.

Hollandssprekende wynboere in die weste of die Engelse setlaars en boere van die ooste gesteun nie. Teen 1881 het Swartes se stemme die uitslae in minstens ses kiesafdelings beïnvloed.²⁴² Borckenhagen het die Kaapse beleid om aan Blank en Swart gelyke politieke voorregte te gee, as oorgeërfde sentimentalisme bestempel. Die Kapenaars het hulle deur 'n paar sendelinge en onverantwoordelike filantropie wat rustig in Londen gebly het, laat voorskryf. As Engelse grondbesitters en kapitaliste rede gehad het om die opkoms van suiwer demokrasie van hulle eie ras te vrees, hoeveel te meer het Suid-Afrikaners gegronde vrese gekoester vir die opkoms van swart demokrasie.²⁴³

Cecil John Rhodes het in 1890 met die steun van die Afrikanerbond eerste minister geword. J. H. Hofmeyr was die Bond se leier en *De Zuid-Afrikaan* sy mondstuk. In 'n toespraak het Rhodes die stigting van die republieke as 'n fout bestempel. Hierop het *De Zuid-Afrikaan* Rhodes gewaarsku dat sulke uitsprake verwydering tussen hom en die Bond sou veroorsaak. Brittanje wou die Groot Trek verhoed "out of silly sympathy with barbarians". Die republieke se beleid met betrekking tot Swartes was korrek. Engeland, daarenteen, het aan Swartes politieke regte en selfregering gegee. Die koerant het dit betreur dat sedert 1884 die beste deel van die land in besit van 'n lui en nuttelose swart stam gekom het. Hierdie streek, dig bevolk met Swartes, moes liever onder beheer van 'n land (die ZAR) gekom het wat hulle as onderdane sou behandel as onder die Kaapkolonie waar hulle politieke regte gekry het. Rhodes was dit met die Bond eens oor politieke regte, maar het vergeet dat onder die Britse regering die beleid van gelykheid of wedersydse onafhanklikheid van Blankes en Swartes voortgeduur het terwyl die republieke die regte beleid gevolg het. *The Star* het die gee van wapens en ammunisie (deur Rhodes sodat hulle teen die Portugese kon optree) aan Gungunhame vergoelik omdat Swartes ook behoefte aan selfverdediging gehad het. *De Zuid-Afrikaan* het dit nie in die belang van koloniste geag om Swartes daartoe in staat te stel nie. Dit sou 'n fout wees as Rhodes nie reg aan die ZAR laat geskied het nie terwyl hy Swartes beskerm en teen Blankes afgespeel het. Afrikaners sou nie met hom saamwerk as hy sou toelaat dat "the natural rights of the South African Republic over natives in its neighbourhood to be violated by the Imperial

242. Cameron, pp. 161 en 171.

243. *De Express*, 23 Junie 1893.

Government".²⁴⁴ Dié lang aanhaling toon dat minstens die Afrikaners in die Kaapkolonie met die republikeinse beleid jeens Swartes saamgestem het en teen Brittanje se beleid van gelykstelling en politieke regte gekant was. Rhodes het besef dat hy alleen hulle steun sou geniet solank as wat hy met hulle beleid jeens anderskleuriges saamgestem het.

Borckenhagen het heelhartig met *De Zuid-Afrikaan* saamgestem en het 'n maand later in 'n hoofartikel geskryf dat dit nie reg was dat Brittanje die kolonies se beleid bepaal nie. Hulle het stemreg toegestaan aan Swartes wie se getalle onrusbarend toegeneem het en so het hulle hulle meesters van die toekoms gevoed. Swartes sou nie dankbaarheid daarvoor betoon wanneer hulle die mag in die hande kry nie, maar hulle stemme gebruik om Blankes te verdryf en van Suid-Afrika 'n swart moonheid te maak. Kaapse ministers het bekommerd geraak oor die toestand, maar Brittanje sou hulle nie toelaat om van beleid te verander nie. Kapenaars het rassehaat, burgeroorlog, Engelse vergelding en die afstaan van 'n deel van die kolonie aan Natal gevrees en sou toegee aan Britse druk. Die republieke het gesonde verstand aan die dag gelê. Die Blankes was baas en sou dit bly. Hulle sou geen stemreg en eiendomsreg aan Swartes gee nie en ook nie toelaat dat Blankes uit hulle beroepe gedryf word nie. Die nageslag sou hieroor dankbaar wees. Die verskil in beleid het die republieke wantrouig gemaak vir Britse uitbreiding noord van die Oranjerivier. Borckenhagen het dit noodsaaklik geag dat daar met betrekking tot Swartes 'n ferm en eenvormige beleid dwarsdeur Suid-Afrika moes wees.²⁴⁵

Later het hy geskryf dat politieke en sosiale voorregte verantwoordelikhede meegebring het. Die feit dat Swartes verkies het om in reservate leeg te lê, het getoon dat hulle nie gereed was vir sulke verantwoordelikhede en voorregte nie. Hulle moes eers leer om te werk en hulle plig te doen.²⁴⁶

Op 4 Augustus 1891 het J. H. Hofmeyr in die Kaapse Parlement voorgestel dat stemregkwalifikasies verhoog word. Hy het gewys op die snelle bevolkingsgroei van Swartes en die byvoeging van steeds meer swart gebiede by die Kaapkolonie. Indien Swartes van hulle politieke mag bewus sou word en begin organiseer, sou hulle die Blankes totaal oorrumpel.

244. Aangehaal in *De Express*, 21 April 1891.

245. *De Express*, 26 Mei 1891 en 9 Febr. 1892..

246. *Ibid*, 22 Julie 1892.

Dit was dus nodig om hoër opvoedings- en eiendomskwalifikasies vir stemreg te vereis sodat 'n beperkte aantal Swartes stemreg sou hê.²⁴⁷ Borckenhagen het die mosie as 'n stap in die regte rigting verwelkom. As die Kaapkolonie van swart stemreg sou afsien, sou die kieswette regdeur Suid-Afrika eenvormig wees en 'n struikelblok op die pad van unifikasie uit die weg geruim wees. Hy het dit onomwonde gestel dat die republieke 'n witmansland wou hê. Swartes is as minderwaardig beskou en Blankes sou hulle nie deur Swartes laat regeer nie. Sensusopnames het getoon dat daar 'n geweldige aanwas van Swartes was en as hulle stemreg sou hê, sou hulle die Blankes uitstem. Dit was onaanvaarbaar. Swartes moes hulle afhanklik stel van die billikheid, regverdigheid en menslikheid van Blankes. Rhodes se steun aan Hofmeyr in hierdie kwessie het nie alleen sy bondgenootskap met die Afrikanerbond versterk nie, maar Borckenhagen so ver gebring om hom te prys.²⁴⁸ Hy het gesê dat die Kaapkolonie in hierdie opsig 'n sterk man soos Rhodes nodig gehad het. Rhodes was 'n geslepe politikus. Hy het die krag van die partye en van sentiment alte goed geken, die situasie dopgehou en steun aan die party gegee wat onvermydelik sou wen. Die stryd kon fel word en Borckenhagen het gewaarsku daarteen dat dit op 'n partypolitieke basis beslis word. Hy sou Suid-Afrika bejammer indien partypolitiek langs kleurlyne bedryf word. Hofmeyr het sy uiterste simpatie in sy stemregstryd en reiniging van die Kaapse kieswet van wat hy sieklike sentimentalisme genoem het, gehad.²⁴⁹

Mnr. J. W. Sauer, die liberale Kaapse Minister, was gekant teen beperkings op die stemreg vir Swartes en het voorspel dat wanneer unie of konfederasie van al die Suid-Afrikaanse state ter sprake sou kom, die republieke maar sou moes inval by die Kaapkolonie wat stemreg betref. Borckenhagen het hom verseker dat die republieke nooit van hulle stelsel afstand sou doen nie. Sauer se toespraak sou ook die Afrikaners in die Kaapkolonie laat breek met die imperialiste. Die Swartes in die Vrystaat het buitendien geen belangstelling in die stemreg gehad nie.²⁵⁰

Borckenhagen het op 9 Junie 1892 'n lesing oor stemreg by 'n vergadering van die Letterkundige Vereniging gelewer. Hy het

247. Hofmeyr en Reitz, pp. 476 - 477.

248. *De Express*, 11 Aug. 1891.

249. *Ibid*, 20 Okt. en 3 Nov. 1891.

250. *Ibid*, 22 Maart 1892.

verklaar dat honderde jare se ervaring geleer het dat Swartes onbekwaam was om hulself te regeer. Hulle geaardheid was as gevolg van die klimaat sorgvry en sensueel en hulle het min ambisie gehad. Al die jare was Swartes net werktuie in die hande van wrede opperhoofde en wreder toordokters. Die Kaapkolonie was die enigste staat in Suid-Afrika wat aan Swartes stemreg gegee het en mnr. Hofmeyr se voorstelle vir hoër eiendoms- en opvoedkundige kwalifikasies was daarop gemik om te verhoed dat Swartes eendag bloot as gevolg van hulle getalle die lot van 'n witmansland bepaal. Borckenhagen sou graag wou sien dat Swartes geen stemreg op daardie stadium kry nie. Daar sou wel 'n dag aanbreek waarop Swartes op politieke en sosiale gelykheid aanspraak kon maak. Dit was ook nie die Swartes wat om stemreg gevra het nie, maar dit is ingevoer uit 'n land wat besig was om die stemreg weg te neem van ongeletterde Blankes. Die weerhouding van die stemreg van Swartmense was in hulle en die Blankes se belang. Hoofregter M. de Villiers het die inhoud van die lesing as onweerlegbaar bestempel en hy was seker dat die inwoners van die Kaapkolonie dit hartlik sou onderskryf, maar ongelukkig het 'n vreemde land se openbare mening die Kaapse regering voorgeskryf. Hy het aan die oorlewing van die sterkste geglo en dit sou dwaas wees om politieke gelykheid aan swakkeres te gee. Tog het hy gemeen dat daar in sommige gevalle Swartes was wat op intellektuele gebied Blankes se gelykes was, byvoorbeeld in Liberië wat 'n aantal uitstaande persoonlikhede opgelewer het.²⁵¹

In Julie 1892 is die "Franchise and Ballot Act" in die Kaapse Parlement aanvaar waarvolgens die eiendoms kwalifikasie van R50 na R150 opgeskuif is en 'n beskawingstoets ingestel is om stemreg te kan uitoefen. Diegene wat reeds geregistreeerde kiesers was, sou nie van die kieserslys verwyder word nie.²⁵²

Sedert 1889 het die Kaapkolonie en die Vrystaat 'n tolooreenkoms gehad. Die Kaap het in September 1890 daarop aangedring dat Basoetoland ook in die tolunie ingesluit moes wees en pres. Reitz het die versoek nie teengestaan nie. Die toetrede is op 6 Mei 1891 deur die Vrystaatse Volksraad toegestaan.²⁵³ Volgens Borckenhagen was die insluiting van Basoetoland 'n seer punt. 'n Klein, swart gebied wat geen

251. *Ibid*, 14 Junie 1892.

252. Hofmeyr en Reitz, pp. 480 - 481.

253. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, pp. 148 - 149.

beskaafde regering gehad het nie, is op dieselfde voet as die Kaap en die Vrystaat gestel. Die Vrystaat was teen 'n "black Imperial breeding farm .. joining a compact with white men." Die Vrystaat was agterdogtig dat die Kaap geleidelik sulke gemeenskappe sou insluit om hom te oorheers met hulle meerderhede. Rhodes het alreeds gepraat van 'n imperiale tolunie met die Suid-Afrikaanse tolunie daarby aangeheg.²⁵⁴

7.5.9 Asiate

Sedert die tagtigerjare het 'n aantal Asiate, eintlik net Arabiere en Chinese, hulle in die Vrystaat gevestig.²⁵⁵ Hulle is as "kleurlinge" bestempel en is volgens ordonnansie 1 van 1895 ook uitgesluit van eiendomsreg. Hulle kon egter met verlof van die uitvoerende gesag erwe en geboue huur.²⁵⁶

Borckenhagen was van mening dat Asiate geen plek in Suid-Afrika gehad het nie. Die invoer van Indiërs en Chinese het net die kleurvraagstuk, wat alreeds ingewikkeld was, vererger²⁵⁷ en hulle was 'n gevaar omdat hulle 'n geheime politieke organisasie gestig het. Die *Indian Congress* is in Natal gestig en Ghandi het hulle toegesprek en geld vir die organisasie gekollekteer. Borckenhagen het dit verwelkom omdat hy gemeen het dat dit die oë van Blankes sou open vir die gevaar.²⁵⁸ Hulle kultuur en gebruike was heeltemal vreemd aan Afrika en hulle koms het net onregverdige mededinging vir Blankes beteken. Daar was genoeg Swartmense om die werk te doen waarvoor Indiërs en ander Asiate ingevoer is. Natallers het beweer dat hulle nie arbeiders kon kry nie terwyl daar meer as 'n miljoen Swartmense was wat as gevolg van Shepstone se beleid hulle lewe in leeglêry gesluit het.

Na aanleiding van 'n berig dat 500 Indiërhandelaars die vorige twee maande Natal binnegestroom het, het *De Express* geskryf dat hy bly was dat die Vrystaatse Volksraad 'n konsepwet gepubliseer het waarvolgens Asiate net as arbeiders in die Vrystaat toegelaat sou word. Die koerant het jarelank reeds aangedring op 'n behoorlike en verstandige reëling van die kwessie. Die meerderheid burgers

254. *De Express*, 14 en 25 Junie 1895.

255. Van Aswegen, p. 9.

256. *O.V.S. Ordonnansies 1882 - 1885*: Ord. 1 van 1885, art. 1 - 2.

257. *De Express*, 3 Aug. 1894.

258. *Ibid*, 8 Okt. 1895.

was onverskillig en sommige leiers en *The Friend* het optrede teengestaan met hulle beroep op verhewe beginsels soos vryhandel en persoonlike vryheid. Sedert ervaring van Asiate opgedoen is en gesien is dat Asiate oral oorgeneem het, het hulle die gevaar begin insien. Teen 1889 het die koerant met *De Express* saamgestem.²⁵⁹ Volgens Eorckenhagen was die Vrystaat gelukkig onafhanklik en kon hy sy eie wette tot sy eie voordeel maak. As die regering van die Verenigde State van Amerika armblankes uit sy land kon weer tot sy eie nense se voordeel, kon die Vrystaat ook ongewenste keer. Die vertroue is uitgespreek dat die Volksraad slegs 'n beperkte getal of glad geen Indiërs sou toelaat nie.²⁶⁰ Eorckenhagen het Harry Escombe, Natalse parlamentslid, se voorneme om 'n wetsontwerp in te dien om alle verdere immigrasie van Indiërs stop te sit, verwelkom omdat hy daarteen gekant was dat die Hindoes, al was hulle Britse onderdane, hulle oorbevolking op Suid-Afrika aflaai.²⁶¹

Hy was verheug toe die Vrystaatse Volksraad die instrouing van Asiate beperk het. Hulle is nie toegelaat om langer as twee maande in die Vrystaat te bly sonder die staatspresident se toestemming nie. Dan moes hulle 'n beëdigde verklaring aflê dat hulle nie sou boer of handeldryf nie.²⁶² Hulle kon ook geen eiendom in die Vrystaat besit nie. Dit was 'n streng wet, maar nodig.²⁶³ *The Friend* wou nie heeltemal sulke drastiese optrede hê nie, maar die wet is aanvaar en Brittanje (wat deur sy hoë kommissaris beswaar aangeteken het) het syns insiens niks daarmee te make gehad nie.²⁶⁴

Eorckenhagen het daarop gewys dat Australië besig was om stappe te neem teen die instrouing van Japannese. Intussen het Europeërs die reg van 'n volk om vreemde elemente uit te hou, betwis. Australië kon miskien nog vreendes bekostig omdat hulle feitlik geen inboorlinge gehad het nie, maar in Suid-Afrika was die bevolking 'n siedende massa. Om 'n klomp Indiërs by te voeg, was gevaarlik. Dit was baie maklik om nense by te voeg, maar nie so maklik om hulle weer weg te neem nie. Hy het dit jammer gevind dat die staatspresident nie Natal se uitnodiging om die Indiërkwessie te bespreek,

259. *The Friend*, 5 Junie 1889.

260. *De Express*, 25 Maart 1890.

261. *Ibid*, 25 November 1890.

262. *O.V.S. Ordonnansies 1886 - 1891*: Ord. 29 van 1890.

263. *De Express*, 8 Julie 1890.

264. *The Friend*, 2 Junie 1893.

aanvaar het nie. Die Vrystaat se wette het hom beskerm. Asiate is nie toegelaat nie en hulle is buitendien by Swartes geklassifiseer. Swartes was geen politieke of sosiale faktor in die Vrystaat nie, maar weens die gesonde verstand van Blankes wat sy goeie en slegte hoedanighede geken het, 'n nuttige ekonomiese element. In Transvaal het Engelse inmenging die euwel van Asiate toegelaat om 'n ernstige stadium te bereik. Deur arbitrasie het Transvaal 'n vry hand gekry om op te tree en dit sou gevaarlik wees om die kwessie een dag langer te laat sloer. Blankes moes hulself beskerm teen toestroming van Indiërs en hierdie gevaar is beklemtoon deur die stigting van die *Indian Congress* in Natal. As Transvaal Indiërs sou verplig om terug te gaan Natal toe, sou Natal dit as 'n kwessie van oorlewing moes benader en nie meer uit die oogpunt van selfsugtige suikerwekers nie. Dit kon die hele kwessie van Asiate in Suid-Afrika oplos. Kaptein Lucas, 'n Natalse magistraat, het verklaar dat die *Indian Congress* nie net vir politieke doeleindes gestig was nie, maar ook met die handhawing van die wet ingemeng het. Die *Congress* was besig met sameswering en dit het die hele Natalse gemeenskap bedreig. Borckenhagen het gevoel dat die probleem vinnig opgelos moes word. Die Britse regering moes Indiërs syns insiens na Sentraal-Afrika stuur, want daar was geen plek vir hulle in Suid-Afrika nie.²⁶⁵ Verder moes Suid-Afrika toegelaat word om sy eie probleme op te los. Hy het Transvaal en die Britse kolonies bejammer dat Brittanje steeds aan hulle voorgeskryf het en die hoop uitgespreek dat Engeland tot ander insigte sou kom vanweë die mededinging wat hulle van Indiese nywerhede begin ervaar het.²⁶⁶

Die Natallers was lank reeds gekant teen die immigrasie van Indiërs, soos 'n regeringskommissie reeds in 1885 bevind het, maar die druk deur suikerboere uitgeoefen, het tot gevolg gehad dat die regering eers in 1894 en 1895 begin maatreëls tref het daarteen. Nogtans het Indiërimmigrasie op groot skaal plaasgevind. Teen 1897 was die Blankes so ontevrede met die toedrag van sake, dat 2 000 in Durban gedemonstreer het teen die verdere toelating van Indiërs. Hulle wou verhoed dat die Indiër-immigrante op twee skepe voet aan wal sit. Borckenhagen het voorspel dat hulle niks met hulle nuttelose demonstrasie sou bereik nie. Hulle het te lank gesloer om die probleem aan te pak. Vroeër het hulle 'n meerderwaardige houding teenoor die republieke se

265. *De Express*, 8 Okt. 1895.

266. *Ibid*, 21 Aug. 1896.

beleid ingeneem en nou het hulle gepraat van Suid-Afrikaanse samewerking. Hy het gevoel dat die Vrystaat betyds opgetree het en dat Natal maar sy eie probleem moes oplos. Soos Borckenhagen voorspel het, het die Natallers niks vermag nie, want suikerboere het nog tot 1911 voortgegaan om ingeboekte Indiërs in te voer.²⁶⁷

Wat wetgewing teen Asiate in die Vrystaat betref, het Borckenhagen 'n leidende rol gespeel.

7.5.10. Kritiek op Kaapse en Britse skynheiligheid in hulle optrede teenoor anderskleuriges.

Die Britse regering het hulself beskou as die beskermhere van Swart- en Bruinmense in Suid-Afrika wat hierdie mense veral teen die wreedhede van blanke Afrikaners moes beskerm. Hierdie siening was grootliks die gevolg van druk wat deur sendelinge en filantropie uitgeoefen is. Wanneer swart gebiede deur militêre optrede onder Britse beheer gebring is, is gesê dat Brittanje die seën van die beskawing en godsdiens daarheen gebring het.²⁶⁸ Borckenhagen het nie daarteen beswaar gehad dat die beskawing uitgebrei en Swartes onder blanke beheer gebring is nie, maar het die motiewe en metodes van die Britte en persone soos Rhodes bevraagteken. Syns insiens het dit nie oor die heil van die Swartes gegaan soos beweer is nie, maar oor die materiële voordele wat dit gebring het. Hy het dit veral gehad teen die dubbele standaarde wat toegepas is in die beoordeling van Britse en koloniale optrede teenoor dié van die republieke. "All this dishonest talk and canting hypocrisy of well-known negrophilists meant that if it is a question between black and Boer, the Boer goes to the wall; if it is one between black and British, the black man is squeezed out. The history of every South African native tribe proves this", was sy slotsom.²⁶⁹

In reaksie op *The Eastern Province Herald* se uitlating dat gelykstelling reg was en dat die republieke ook nog die verligte en regverdige voorbeeld van die Kaapkolonie sou volg, het Borckenhagen geskryf dat Swartes in die Vrystaat nie 'n instrument in die hande van politici was nie. Swartes het nie geweet wat die stemreg beteken nie en het nie daarin

267. *Ibid*, 1 Des. 1896; 12 en 19 Jan. 1897; Muller, C. F. J., (red.) *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 198.

268. *De Express*, 9 Sept. 1890.

269. *Ibid*, 15 Okt. 1895.

belang gestel nie. Geen swart opperhoof het nog ooit aan sy volgelinge enige seggenskap gegee nie. Swartes het nie stemreg gevra nie; dit was sendelinge en geslepe winkeliers wat vir hulself of iemand wat hulle ondersteun het 'n setel in die Parlement wou bekom, wat daarmee begin het.²⁷⁰

The Star wat by uitstek die mondstuk van Britse imperialisme in Transvaal was, het die skokkende voorstel gedoen dat drank aan Swartes voorsien moes word om van hulle ontslae te raak. Dit sou die enigste doeltreffende manier wees "of sapping the fund of seemingly infinite vitality". Borckenhagen was nie verbaas nie, want volgens hom het Engelse staatslui nog nooit 'n intelligente, billike en deurlopende beleid jeens Swartes gehad nie. Hulle het altyd van uiterste tot uiterste gegaan: "To-day the blanket vote and artificial nigger nurseries, to-morrow ruthless and merciless extermination! The golden mean of a sensible policy, which apportioned to the native his fair share in the social, ethical, political and economical relations of this Continent, has never been acknowledged or practised. Extremes lead to reactions, and the reaction will come sooner or later, and it will then be too late for the natives to acknowledge who, after all, were their true friends. They will sigh for the Dutchman one of these days."²⁷¹

Die opvatting wat Borckenhagen van Britse en Kaapse optrede jeens Swartes gehad het, is versterk deur Rhodes se optrede en veral die gebeure in Matebeleland. Rhodes het in 1888 mineraalregte in Matebeleland van koning Lobengula bekom in ruil vir 'n toelaag van R200 per maand, 1000 gewere en 100000 rondtes ammunisie. Borckenhagen het beweer dat Rhodes voorgegee het dat hy die beskawing wou versprei, maar die noodsaaklikheid daarvoor het eers geblyk toe hy gemeen het dat Matebeleland "the most mineralised country in the world" (Rhodes se woorde by die opening van Susman se myn) was.²⁷² Op 29 Oktober 1889 het die Britse regering aan Rhodes se *British South African Company* 'n oktrooi verleen wat eintlik 'n blanko tjek was om die gebied noord van Betsjoeanaland, noord en wes van Transvaal en wes van Portugees-Oos-Afrika met 'n onbepaalde noordgrens te regeer. Wat Lobengula gemeen het hy gee, wat die oktrooi bepaal het en wat Rhodes beoog

270. *Ibid*, 25 Aug. 1891.

271. *Ibid*, 9 Junie 1891.

272. *Ibid*, 17 Okt. 1893.

het, het hemelsbreed verskil.²⁷³ Rhodes het pioniers gestuur om die gebied te beset en te ontwikkel. In 1893 het daar vyandelikhede tussen die pioniers en die Matebeles uitgebreek. Hoewel Borckenhagen, soos reeds gemeld, ten gunste van die uitbreiding van die beskawing na swart gebiede was, was hy hewig daarteen gekant dat 'n groep Britse spekulante beheer oor 'n gebied grensende aan Suid-Afrika kry. As daar uitbreiding moes wees, moes Suid-Afrikaners dit doen. Nietemin het hy met die aanvang van vyandelikhede die hoop uitgespreek dat beskawing oor barbaardom sou triumfeer. Hy het nie simpatie met die *British South African or Chartered Company* gehad nie en as hulle uitgeroei sou word, sou dit hulle verdiende loon wees. Dit was syns insiens egter in belang van Blankes en Swartes dat die stamstelsel afgebreek en Swartes beskaaf word. Die vooruitgang van die beskawing in Suider Afrika moes nie gestrem word nie.²⁷⁴

Ten spyte daarvan dat Borckenhagen Lobengula en sy stam as barbare beskou het wat hulle aan die beskawing sou moes onderwerp, het hy hulle jammer gekry. Hy het geskryf dat die koning deur Rhodes mislei is om te glo dat hy slegs minerale gesoek het. Van die begin af was hy van voorneme om die Matebele uit te wis. Kaptein C. F. Lendy het dit duidelik vir Lobengula uitgespel toe hy 'n indoena, Umgandan, en ongeveer veertig Matebele doodgeskiet het.²⁷⁵ Die *Chartered Company* wou die Matebele uitlok om te veg en dr. Jameson, die administrateur van Rhodesië, het berig dat kerkleiers hom gesteun het. Die Wesleyaanse predikant en aartsbiskop het beweer dat daar net drie bekeerlinge onder die Matebele in dertig jaar was. Op sy tipiese humoristiese manier het Borckenhagen dit as swak bestempel dat al die ou tantetjies in Engeland se bydraes so deur die kerk vermors is. Wat vir hom eienaardig en 'n onverklaarbare historiese gril was, was dat Afrikaners wanneer hulle teen Swartes moes veg, altyd afgekom het "upon an angelic host of black perfection, amongst whom the missionary had laboured with joy and satisfaction, and with untold blessing to the whole respective nation" terwyl Rhodes se *Chartered Company* of enige ander imperiale mag altyd op Swartes afgekom het "fresh from Hades and just fit enough to be sent back as

273. Lockhart, J. G. en Woodhouse, C. M., *Rhodes*, pp. 146 en 172.

274. *De Express*, 28 Julie 1893.

275. *Ibid*, 8 Aug. 1893.

sharp as possible."²⁷⁶ Hy het ook 'n brief aan *The Press* in Pretoria aangehaal waarin die skrywer daarop gewys het dat daar nie bekeerlinge in Mashonaland was nie. Dit het sendelinge, volgens dié koerant, in hulle ware lig vertoon: hulle was niks anders as politieke agente nie.²⁷⁷

Borckenhagen was daarvan oortuig dat die Matebele uitgewis sou word en hy het dit aanvaar as die natuurlike verloop van die geskiedenis. Die stryd moes egter skoon en met billikheid geveg word. Hy het die optrede van die Britse hoë kommissaris, sir Henry Loch, vir wie hy nou "The High Executioner" genoem het, gelaak wat die Matebeles genooi het om 'n indoeana te stuur om sake uit te praat, maar die *Chartered Company* intussen met gevegte laat voortgaan het.²⁷⁸ Die afgevaardigde moes te Palapye in Betsjoenaland op 'n antwoord wag nadat Loch 'n brief per skip aan die Britse Koningin gestuur het. Teen die tyd dat haar antwoord by hom uitkom, sou sy landgenote al uitgeroei wees, het Borckenhagen gemeen. Lobengula het drie afgevaardigdes gestuur: sy halfbroer en twee indoenas. Hulle is deur 'n handelaar begelei. Op pad het hulle by Tati aangedoen waar daar 'n sterk afdeling van die Betsjoenalandse polisie was. Hulle is gearrester en die twee indoenas is doodgeskiet toe hulle probeer ontsnap het. Lobengula se broer is na Bulawayo teruggestuur. *The Star*, wat Rhodes goedgesind was, het die berig oor die gebeure geplaas. Borckenhagen het sulke optrede onverklaarbaar gevind aangesien geen beskaafde land en selfs nie barbare, afgevaardigdes gevange neem en skiet nie. Hy het gemeen dat Rhodes met sulke optrede oorlog wou uitlok en in geval van 'n aanval op Blankes Engelse simpatie vir die *Chartered Company* wou wek. "So many crooked things have happened under the auspices of the *Chartered Company* that we confess we should be surprised at nothing .. this story .. calls for the strictest investigation."²⁷⁹ Rhodes se biograwe, Lockhart en Woodhouse, het die gebeure aan 'n misverstand toegeskryf. Die handelaar wat die afgevaardigdes vergesel het, het nie aan die polisie gaan rapporteer wie die mense was nie. As die *Chartered Company* oorlog wou uitlok, was hulle suksesvol, want dit het Lobengula, wat geen begeerte gehad het om oorlog te maak nie, tot die aanval laat oorgaan.²⁸⁰ Borckenhagen het

276. *Ibid*, 15 Aug. 1893.

277. Aangehaal in *De Express*, 1 Aug. 1893.

278. *De Express*, 1 Sept. 1893.

279. *Ibid*, 27 Okt. 1893.

280. Lockhart en Woodhouse, pp. 259.

geskryf dat Lobengula steeds gehuiwer het. Hy was nie hart en siel in die geveg nie, anders sou hy eerste tot die aanval oorgegaan het voordat die vyand gereed was. Hy het sy eie swakheid en sy vyand se krag geken. Die Blankes het egter besluit dat hy uitgeroei moes word sodat hulle sy land, sy vee en sy goud kon kry. Die Matebele was nie in hierdie geval die aggressors nie.²⁸¹ Volgens Borckenhagen het die *Chartered Company* die Matebele veel sterker voorgehou as wat hulle was. Hulle sou gou oorwin word. Hulle het nie eers die eerste belangrike ding gedoen, naamlik om die telefoondrade af te sny nie. Net swaar reëns kon die finale stryd uitstel.²⁸²

Dit het ook nou bekend geword dat Rhodes die verkeerde ammunisie saam met die gewere aan Lobengula verskaf het. Borckenhagen het gewonder wat Swartes van sulke optrede gedink het. In ruil vir 'n kosbare konsessie het hulle net foutiewe ammunisie en 'n foto van koningin Victoria gekry. Borckenhagen, wat Rhodes sedert 1890 gewantou het en baie bevooroordeel was, was ook seker dat daar op berekende wyse met die Betsjoenalandse polisie gekonkel is om oor die grens te gaan en die Matebele so uit te lok om op hulle te skiet.²⁸³ 'n Ander feit wat aan die lig gekom het, was dat die *Chartered Company* se finansiële posisie benard was. Aandelepryse het bly daal. Dit het vir Borckenhagen 'n verdere verklaring gebied waarom Rhodes oorlog wou hê. Deur die Matebele te verslaan en hulle land, waar daar moontlik goud was, te neem, sou dit beleggers se vertroue in die maatskappy herstel. Die stories van aanvalle deur die Matebele het die imperiale regering en die kerk simpatiek teenoor die maatskappy ingestel en hulle het hulle seën oor die veldtog uitgespreek. Dat biskoppe vir die uitroeiing van die Matebele kon bid, het Borckenhagen weersinwekkend gevind.²⁸⁴ Hy het geskryf dat Rhodes dit reggekry het om biskoppe en kerke sy dade te laat goedpraat in ruil vir skenkings.²⁸⁵ Lockhart en Woodhouse erken dat die maatskappy finansiële probleme gehad het, maar volgens hulle het nóg Rhodes nóg Lobengula oorlog begeer. Die Matebele het uittartend opgetree en die setlaars het onveilig gevoel en wou 'n einde daaraan maak.²⁸⁶

281. *De Express*, 17 Okt. 1893.

282. *Ibid.*, 10 Okt. 1893.

283. *Ibid.*

284. *Ibid.*

285. *Ibid.*, 21 Sept. 1894.

286. Lockhart en Woodhouse, pp. 251 - 255.

The Friend was tevrede met Rhodes se optrede in Matebeleland omdat dit vir hom nie gegaan het om grond nie, maar om die beskawing teen die barbareidom. In hierdie stryd kon daar nie altyd eties opgetree word nie. Een moes wen en dit moes liewer die beskawing wees, want dit sou ontwikkeling tot gevolg hê. Die Matebele moes dus uitgewis word en *The Friend* het nie omgee wie die aggressors was en hoe die Blankes regeer het nie, solank hulle gewen het.²⁸⁷ Die koerant het egter 'n gereelde rubrieksrywer wat homself "A South African in the old Country" genoem het, gehad. Hy was James Buchanan wat van 1876 - 1880 eerste strafregter in die Vrystaat was²⁸⁸ en in Londen afgetree het. Hy het striemende aanvalle op Rhodes en die *Chartered Company* se optrede in die noorde gedoen.²⁸⁹ Sy argumente het 'n groot ooreenkoms met dié van Borckenhagen getoon. Hy het onder andere geskryf dat dit onvermydelik was dat Swartes voor die beskawing moes swig, "but let it be a fair Evolution". Hy het geestelikes soos biskop Derry veroordeel wat syns insiens 'n kerk onheilig het om Lobengula swart te smeer en vir sy vernietiging te bid. "Can you not see Rex Rhodes' last 'Bishop move' on the chessboard?" het hy gevra.²⁹⁰

Borckenhagen het weer eens gewys op wat hy as die Engelse en Rhodes se skynheilige optrede bestempel het. Die Londense *Times* het berig dat die Matebele oorlog gemaak het, terwyl sir Henry Loch reeds teensinnig erken het dat Lobengula vrede wou hê. Borckenhagen het gewonder hoe daar in Engeland uitgevaar sou word indien dit Afrikaners was wat teen die Matebele geveg het. Die Engelse metode om sogenaamd die evangelie aan heidene in Afrika te bring, was koelbloedig, "it is only remarkable for the variations by the Chartered character of the job."²⁹¹ Toe die Vrystaat in 'n geveg teen 'n swart vyand gewikkel was, het die hele imperiale pers gekree dat die Vrystaat geannekseer moes word. Transvaal is sonder rede geannekseer toe hy in die nood was. Die republieke het die *Chartered Company* dus nie bejammer nie. As die Vrystaters wraaksugtig was, kon hulle Lobengula onder hulle beskerming geneem het soos sir Philip Wodehouse met die Basoeto's gemaak het. Met betrekking tot internasionale wet was Lobengula se saak regverdig terwyl Moshweshwe s'n nie was nie. Lobengula het ook meer manlik en

287. *The Friend*, 28 Julie, 5 Sept. en 6 Okt. 1893.

288. Moll, pp. 26 en 40.

289. *The Friend*, 8 Sept., 3, 7 en 10 Nov., 1 en 5 Des. 1893.

290. *Ibid*, 10 Nov. 1893.

291. *De Express*, 27 Okt. 1893.

konstant as sy beskaafde vyande vertoon.²⁹² Wat Borckenhagen die meeste omtrent gebeur in Matebeleland verbaas het, was die apatie van die wêreld daarbuite.²⁹³

Borckenhagen se voorspelling dat daar gou 'n einde aan die oorlog sou kom, is bewaarheid. Rhodes se Maxim-gewere en ander wapentuig was te veel vir hulle. Borckenhagen het geskryf dat as daar ooit 'n Swarte bedrieg en in 'n lokval gelei is, dan was dit Lobengula. Hy het gevlug en Jameson het probeer om hom terug te lok deur te belowe dat hy veilig sou wees en vriendelik behandel sou word. Volgens Borckenhagen het hy nie kans gesien vir 'n tweede paaiement van "Chartered charity" nie. Geen Blanke het hom ooit weer gesien nie en 'n ruk later is hy oorlede.²⁹⁴

Brittanje se goedkeuring van Rhodes se optrede in Matebeleland en Pondoland was vir Borckenhagen in sterk kontras met die land se houding teenoor die ZAR se aansprake op Swaziland. In laasgenoemde geval is talle voorwaardes gestel, onder andere dat die Swazi's hulle grond- en weiregte moes behou, hulself volgens hulle eie wette moes regeer en dat hulle gebruike en tradisies in ere gehou moes word. As Paul Kruger ooreenkomste met hulle aangegaan het, moes hulle die ooreenkoms verstaan en hulle regte beskerm word. "The hypocrisy of this solicitude for the laws, habits, customs, rights and privileges of the Swazie nation becomes all the more disgusting when contrasted with the cold-blooded machining down of thousands of Matebele, whose 'customs, laws, and habits' stood in the way of the *Chartered Company's* bloodless acquisition of a desirable piece of goldbearing and agricultural country." Transvaal het hom by die bepalings van die Londen- en Swaziland-konvensies gehou deur nie verbonde met Swartes buite sy grense aan te gaan of na die noorde en weste uit te brei nie. Brittanje het in die konvensie beloof dat daar geen inmenging met Swartes noord van die Oranjerivier sou wees nie en tog was dit presies wat in Matebeleland gebeur het.

Wat Pondoland betref, het Borckenhagen reeds in 1889 geskryf dat Brittanje net sy kans afgewag het om die land te anneksieer.²⁹⁵ Teen die begin van 1894 was daar verslae van grootskaalse wanorde en onmenslikheid in Pondoland.

292. *Ibid*, 31 Okt. 1893.

293. *Ibid*, 24 Nov. 1893.

294. *Ibid*, 6 Febr. 1894; Lockhart en Woodhouse, p. 263.

295. *De Express*, 26 Nov. 1889.

Borckenhagen het gewaarsku dat die berigte met versigtigheid benader moes word: "Over and over again it has happened in South Africa that reports of native outrages have been purposely invented and circulated by way of preparation for a British annexation." Dit het onder andere in Zoeloeland en Matebeleland gebeur.²⁹⁶ Later het dit hom gegrief dat Rhodes skaars die moontlikheid van anneksasie genoem het of die Britse regering het dit goedgekeur. Terselfdertyd is Transvaal se aanspraak op Swaziland lankal erken, maar oorgawe is deur allerlei voorwaardes verdraag, onder andere dat die Swartes eers geraadpleeg moes word. In Pondoland was daar geen sprake van Swartes raadpleeg nie; intendeel, die hoofde wat dit gewaag het om 'n eie mening uit te spreek, is meegedeel dat hulle na Robbeneiland gestuur sou word as hulle lastig was en ander wat tekens van leierskap getoon het, is uit die land gesit. Die enigste rede waarom daar so 'n verskil tussen Swaziland en Pondoland gemaak is, was dat dit die president van 'n Afrikanerrepubliek was wat in Swaziland geïnteresseerd was en die eerste minister van 'n Britse kolonie wat Pondoland wou hê.²⁹⁷ Dit was vir Borckenhagen verkeerd dat Brittanje in Suid-Afrikaanse sake kon inmeng. Suid-Afrikaners moes hulle probleme met Swartes self oplos. Die besware in die Britse Laerhuis teen die inlywing van Swaziland by Transvaal was blote skynheiligheid. Die Engelse was nie oor die Swazi's bekommerd nie. Wanneer swart gebiede by die Britse Ryk ingelyf is, was daar geen soortgelyke bekommernis oor die Swartes nie. Diegene wat simpatie met opstandige Swartes in geannekseerde gebiede betoon het, is as verraaiers van die beskawing bestempel.²⁹⁸

Na die sukses wat Rhodes in Matebeleland behaal het, veral deur die gebruik van sy moderne Maxim-kanonne, was sy volgende stap dus om, soos hy dit self gestel het, die kaart rooi te verf, die anneksasie van Pondoland. Natal, wat pas verantwoordelike regering ontvang het, het gepraat in die rigting van 'n oorname van Pondoland. Rhodes het die gebied blitsig besoek en Sigcau (of Sigcawu), een van die vernaamste opperhoofde, ontbied. Hy het, vergesel van sy begeleide en 'n Maxim-kanon, die opperhoof na 'n mielieland geneem. Die kanon is afgeskiet en die hele mielieland was afgemaai. "That is what will happen to you and your tribe if you give us any further trouble", het hy Sigcau gewaarsku.

296. *Ibid*, 23 Febr. 1894.

297. *Ibid*, 17 Nov. 1893 en 20 April 1894..

298. *Ibid*, 17 Aug. 1894.

Die demonstrasie was genoegsaam en sonder om 'n skoot te skiet is Pondoland op 18 Maart 1894 geannekseer. 'n Paar polisiemanne was voldoende om die orde daar te handhaaf.²⁹⁹

Borckenhagen het geskryf dat dieselfde patroon telkens deur Britte gevolg is. Wanneer hulle 'n grondgebied wou annekseer, kon hulle altyd 'n voorwendsel vind om met hulle moderne wapentuig die oorhand te kry. In Zoeloeland is 'n onmoontlike ultimatum aan 'n opperhoof (Cetshwayo) wat in vrede wou leef, gerig. Nadat die Zoeloe's verslaan is, het wrede en bloedige anargie gevolg.³⁰⁰ In Matebeleland is oorlog afgedwing in belang van spekulante. Die Pondo's is altyd geloof vir hulle lojaliteit, maar 'n lojale opperhoof, Umqikela, is vervang omdat hy nie die St. Johnsriviermond wou afstaan nie, Port St. John's is geannekseer en 'n Britse resident op hulle afgedwing. Die tradisionele gesag is vernietig en anargie het gevolg. Die onrus wat as voorwendsel vir anneksasie aangewend is, is dus deur die Britse owerheid geskep. Wat Borckenhagen betref, is die rede vir Pondoland se anneksasie opgeklaar in 'n berig in *The Watchman* van Kingwilliam's Town. Daarvolgens het 'n magtige sindikaat promotors gebruik om 'n konsessie te verkry met betrekking tot die hawe en spoorweë van Port St. Johns en omgewing. Om te kan opereer, was dit nodig dat Pondoland in beskaafde hande val. Die wet het bepaal dat daar voor 12 Augustus 1894 met die skema begin moes word, maar die onrus in Pondoland het sake vertraag, "when lo! the *deux ex machina*, purely coincidentally of course, marches into Pondoland, hoists the British flag and an annexing Proclamation is issued .. thus removing on the 18th March, 1894, that obstacle which stood between St. John's river harbour and its rich Hinterland", verklaar Borckenhagen.³⁰¹ 'n Jaar later is hierdie bewerings gestaaf deur feite wat in 'n hofsaak, Cook Brothers versus the Colonial Government, na vore gekom het. Die Kaapse Hooggeregshof het beslis dat Cook se konsessie, wat hy op eerlike wyse van Sigcau verkry het, verval het omdat Pondoland nie 'n hawe gehad het nie. *The Diamond Fields Advertiser* het op 14 Junie 1895 beweer dat Pondoland geannekseer is "not for any reason of any policy, but in order to enable the holders of a certain concession, in which persons intimately associated with Mr Rhodes were interested, to upset certain other concession." Die Kaapse parlement het in 1894 'n wet aangeneem waarvolgens die St.

299. Lockhart en Woodhouse, pp.191 - 192.

300. Vgl. Cameron, pp. 126 en 178 - 179.

301. *De Express*, 23 Febr., 6 en 20 April 1894.

Johns-Maclear-spoorlyn verleng kon word. Dit het beteken dat die konsessie waarvan *The Watchman* gepraat het, in werking kon tree en onder die konsessionarisse was die Kaapse minister, sir James Sivewright, 'n vriend en sir Charles Metcalfe, die boesemvriend van Rhodes.³⁰² Dit was vir Borckenhagen geen verrassing nie. Syns insiens was Rhodes se regering nie gekenmerk deur beginsels nie.³⁰³ Op *Imvo* se aantyging dat Brittanje nie die ewige beginsels van reg en billikheid in ag geneem het met die anneksasie van Pondoland nie, het Borckenhagen geantwoord dat Rhodes nooit soiets in ag geneem het nie.³⁰⁴

The Friend het, net soos die geval met Matebeleland was, Rhodes se optrede in Pondoland verwelkom omdat dit 'n beskaafde en gevestigde regering daar sou stel en vrugbare grond vir ontwikkeling en beskawing sou oopstel. Hy was beïndruk met die energieke en vasberade optrede van die Kaapkolonie.³⁰⁵

In Junie 1895 het Rhodes Sigcau gevange laat neem en in 'n geheime sitting laat verhoor en veroordeel. Rhodes wou hom verban.³⁰⁶ Borckenhagen het saam met *The Standard and Diggers' News* gestem oor die skynheiligheid van die Britse Parlement wat Rhodes toegelaat het om so op te tree, terwyl die Transvalers as brutaal bestempel is omdat hulle Magato beveg het. Borckenhagen het gemeen dat die "Aborigines Protection Society" eintlik die "Dutch Persecution Society" moes wees. *The Standard* het gewonder of Chamberlain tot Sigcau, wie se aanklaers en regters kop in een mus was, se hulp sou kom. Borckenhagen het hom verseker dat hy die vervolgers eerder sou help. As sakeman het hy 'n oog vir 'n winskoop gehad en hy sou nie in die weg staan van 'n groep sakemanne wat die reg op 'n swart opperhoof losgelaat het nie. Chamberlain het ryk geword uit die vervaardiging van skroewe. "Possibly he may supply a few for Sigcau's coffin. But that will be the whole extent of his interference", het hy geskerts. *The Cape Argus* het Rhodes se optrede goedgepraat. Sigcau het wel nie deel gehad aan enige vyandige of rebelse beweging nie, maar sy gesindheid was

302. Lockhart en Woodhouse noem hom een van Rhodes se lojaalste vriende (p. 28), wat by sy sterfbed was (p. 65) en wat Rhodes gehelp het om die BSA Co. te stig (p. 150).

303. *De Express*, 19 Maart 1895.

304. *Ibid*, 27 Febr. 1894.

305. *The Friend*, 2 Febr. en 20 Maart 1894.

306. De Kock, W. J. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I, p. 754.

vyandig en daarom kon hy nie by sy Groot Plek bly nie, het die koerant verweer. Dit was vir Rhodes nie nodig om die Pondo's met geweld te oorrumpel nie: "We simply stepped in and smartly annexed the country. They were astonished and impotent, and that they should now grumble and mumble a little is only to be expected." Om mense wat alreeds met soveel onregverdigheid behandel is, se opperhoof in die geheim te verhoor waar redes vir sy verwydering uitgedink kon word, is seker ook "acting smartly", het Borckenhagen gevra. 'n Paar maande tevore is Sigcau in Kaapstad onthaal en vereer vir sy lojaliteit en nou het 'n Kaapse joernalis R. W. Murray (jr.) beweer dat dit reg was dat hy vir sy brutale sensualiteit gestraf word. Na die verhoor het Borckenhagen weer soos vroeër gewonder waarom Exeter Hall so stil was. Dit was soos 'n uitgewerkte vulkaan sedert Rhodes "tickled the greed of the English masses and satisfied that of the classes". Rhodes se houding jeens anderskleuriges was die enigste rede waarom hy deur Afrikaners geduld is, maar hierdie optrede het weersin by hulle gewek. Afrikaners se houding was streng, maar regverdig. Hulle het nie daaraan geglo om 'n Swarte onverhoor na die galg te stuur soos Rhodes gemaak het nie.³⁰⁷ Gelukkig vir Sigcau het die sir Henry de Villiers van die Kaapse Hooggeregshof sy vrylating gelas.³⁰⁸

Die tweede Matebele-opstand het in 1896 plaasgevind. Lockhart en Woodhouse verklaar dat Rhodes Swartes soos huisdiere behandel het, maar voeg by dat onthou moet word dat Engelse hulle huisdiere goed behandel het. Hy het egter geglo dat, soos in die geval van honde, hulle geskiet moes word as hulle handuit geruk het. Verder het hy gemeen dat die moontlikheid om Swartes te beskaaf, iets vir die verre toekoms was, maar op daardie stadium nog net 'n teorie. Die biograwe beskryf sy optrede tydens die oorlog: "He entered into the killing with gusto .. he would return to a scene of action after it was over, to count the African corpses again in order to settle an argument." Daar is vertel dat hy aan die polisie opdrag gegee het om Swartes nie te spaar nie al het hulle om genade gesmeek.³⁰⁹

Wanneer Borckenhagen se felle kritiek op Rhodes hieronder aangehaal word, moet onthou word dat die Matebele-opstand in

307. *De Express*, 18 Junie, 5, 9, 12 en 30 Julie en 2 Aug. 1895.

308. *Ibid*, 2 Aug. 1895; De Kock, p. 754.

309. Lockhart en Woodhouse, pp. 348 - 349 en 376.

Februarie 1896 begin het - pas na die Jameson-inval en op 'n tydstip toe Borckenhagen se vyandige gevoel jeens Rhodes 'n hoogtepunt bereik het. Hy het tydens hierdie oorlog geskryf dat Rhodes se vegters aanhoudend spioene geskiet het. "If the same procedure was followed in the Republics, Exeter Hall would screech and the Bartlett faction get high strikes. The usual distinction without the slightest difference ..". Wanneer Matebele spioene gevang is, is hulle onmiddellik voor 'n krygshof gedaag en gefusilleer. Dit het tyd geword vir die filantropie in Engeland om 'n einde aan die jag op die Matebele te maak, maar hulle en die Engelse pers, wat net oor Transvaal se wreedhede teenoor Malaboeh en sy mense geskryf het en "the romancer Haggard" (die skrywer H. Rider Haggard) het nie eers die geringste vermaning uitgespreek nie. Intendeel, die Engelse pers het hom verlustig in beskrywings van die jag. "There is slaughter going on day by day - regular buck-hunting. Terror stricken natives in wild flight, followed up by horsemen, who shoot them down with the revolver, each hero killing from 6 to 13 Kafirs. When they creep into a hole into the ground, they are shot dead in that position", volgens 'n telegram wat ontvang is. In die berig is die gebeure aangevul met "brutal witticisms" soos dat die Swartes seker verbaas was om 'n skoot in daardie posisie te kry. 'n Spesiale telegram het vertel van mense wat na die slagveld gegaan het om die skouspel gade te slaan: "A kind of picnic, with well-filled luncheon baskets and plenty of good cheer, the diversion being to see the boys shoot Matabeles 'on the wing'.³¹⁰ Borckenhagen het ook 'n Matebele-kryger in *Nonconformist and Independent* aangehaal. Hy het vertel hoedat op Matebele gejag is. Dit het nie gehelp om oor te gee nie - hulle is buitendien gedood. Spioene is op wrede wyse gehang of op 'n kort afstand deur 'n hele klomp soldate doodgeskiet.³¹¹ Daar was gerugte dat die soldate van die *Chartered Company* ook die weerlose en ongewapende Masjona aangeval en hulle krale geplunder het.³¹²

Borckenhagen het 'n byna digterlike kontras getref tussen tonele op die slagveld en die byeenkoms van gekultiveerde dames by 'n basaar in Londen waar biskop Gaul geld vir sendingwerk onder die Masjona ingesamel het. Daar was 'n nagemaakte waterval en sagte musiek en dit alles "for the

310. *De Express*, 5 en 26 Mei en 12 Junie 1896.

311. *Ibid*, 14 Julie 1896.

312. *Ibid*, 10 Julie 1896.

dear natives of a territory in which the white man, rightly or wrongly, is at this moment occupied in proving the efficacy of machine guns and repeating rifles. .. Mission work is in the meantime suspended; it is, in fact, heavily discounted. .. the thought involuntarily flies from Mrs. Symes-Thompson's drawing-room (33, Cavendish Square), to the ladies of Mashonaland, huddled up with their children in a cave in the Matopopo Mountains, and anxiously listening to the sound of the guns and cannon - now coming nearer, then silent, and again dimly heard in the distance - being evidence of a life and death struggle against the white man. The white man who cultivates Maxims and - bazaars: all for the same Mashonas and Matabeles."³¹³

En toe die Engelse pers Rhodes se lof besing het omdat hy daarin geslaag het om vrede met die Matebele te maak, het Borckenhagen 'n humoristiese, spottende, sarkastiese artikel onder die opskrif "The Great Squaring" geskryf. Dit was geen geheim dat Rhodes dikwels mense omgekoop het nie en hy was seker dat daar weer 'n kinkel in die kabel was. Die prestige wat hy as vredemaker verwerf het, sou die Britse publiek hom sy sondes met die Jameson-inval laat vergewe en die aandelemark beoordeel.³¹⁴

Met die beëindiging van die Malaboeh-oorlog in Transvaal in 1895 het genl. Joubert 5 000 swart krygsgevangenes uit Houtbosch op regeringsgrond naby Pretoria geplaas. Hulle is in lokasies verdeel en versorg en die gedagte was dat hulle self vir hulle werkgewers uitsoek of selfonderhoudend word. Hess, die redakteur van *The Critic* in Transvaal, eerwaarde Dewdney Drew en sir E. Ashmead-Bartlett, Britse parlamentslid, was onder diegene wat die Transvalers van wreedheid aangekla het en Chamberlain, minister van kolonies, het beloof om ondersoek in te stel. Volgens Borckenhagen het hy niks met die Swartes van Houtbosch te make gehad nie en sou hy nie so voorbarig ingemeng het as Transvaal 'n sterker staat was nie. Die feit dat die Engelse pers die Uitlanders en Swartes teen die Transvaalse regering opgesweep het met bewerings van wreedheid, het dit vir hom duidelik laat word dat Engeland rede gesoek het om Transvaal in te palm.³¹⁵

313. *Ibid*, 28 Julie 1896.

314. *Ibid*, 28 Aug. 1896.

315. *Ibid*, 2, 23 en 30 Aug. 1895.

Aan die einde van 1896 en die begin van 1897 het die Kaapkolonie ook probleme met Swartes gehad. Die Batlapin van Betsjoeanaland het in opstand gekom en is eers na 'n uitgerekte stryd in bedwang gebring. Die Langberg-gevangenes is aan boere uitgekontraakteer. *De Express* het 'n aantal Kaapse koerante aangehaal om te toon dat die Engelse dubbele standaard toegepas het. Transvaal is veroordeel oor sy optrede teen die Houtbosch-gevangenes, maar die Kaapkolonie het dieselfde gedoen. Eerwaarde W. Forbes van Kaapstad en ander korrespondente het aan *The Cape Times* geskryf om oor die dubbele standaard te kla. Die eerwaarde het sy brief oor die Langberg-gevangenes soos volg afgesluit: "They are not to be enslaved, but simply apprenticed for the term of five years. What a delightful euphemism!"³¹⁶

7.6 Swartes se reaksie op die behandeling wat hulle ontvang het.

Pres. F. W. Reitz het in 'n artikel in die November 1891-uitgawe van *The Cape Illustrated Magazine* onder die opskrif *The Native Question* onder andere geskryf dat dit 'n lewenswet was dat elke mens sy brood in die sweet van sy aangesig sou verdien. Daar was nie meer soiets soos slawerny nie, maar dit was elkeen se plig om te werk. In Suid-Afrika sou dit alleen geskied indien die lokasies waar duisende mense leeggelê het, opgebreek word. Met lokasies het hy eintlik reservate bedoel waarvan daar veral in Natal baie was en nie dorpslokasies nie. Sy artikel was op Suid-Afrika in die geheel gerig en nie soseer op die Vrystaat nie. Borckenhagen het die artikel in *De Express* oorgedruk omdat die menings wat daarin uitgespreek is, met sy eie ooreengekom het. In antwoord hierop het W. N. Somngesi van Rouxville in 'n brief aan *The Cape Mercury* gevra waar Swartes moes bly as lokasies opgebreek word. Swartes is nie toegelaat om hulle eie eiendomme te besit of te huur nie of om in dorpe tussen Blankes te woon nie. Daar was meer werk op dorpe as op plase en almal kon nie op plase gaan woon nie. Verder het hy beweer dat Swartes in die Vrystaat wel slawe was. Hulle moes passe dra, selfs as hulle predikante of ander eerbiedwaardige persone was, hulle bewegings is beperk sodat hulle nie eers in gevalle van ernstige siekte iemand sonder 'n pas kon besoek nie, hulle het belasting betaal en niks daarvoor gekry nie. Blankes het nie belasting betaal nie en hulle kinders se onderwys is deur die regering gesteun. Swartes het geen politieke regte

316. *Ibid*, 3 en 27 Aug. en 14 Sept. 1897.

gehad nie en selfs oor dit wat hulle geraak het, geen seggenskap gehad nie. Hulle moes in alles Blankes se wil uitvoer en het geen manier gehad om weerstand te bied nie. Al wat hulle kon doen, was om te bid vir vryheid.³¹⁷ In aansluiting hierby het ene Budlwana aan *Imvo Zabantzundu* geskryf dat hy heelhartig met mnr. Somngesi saamgestem het. Die Vrystaat moes eintlik die Slawestaat genoem word. Die Voortrekkers het uit die Kaapkolonie weggetrek sodat hulle in hulle eie staat Swartes kon mishandel. Vrystaatse Swartes was nie vry om te doen wat hulle wou nie. Hulle kon geen eie ondernemings begin nie al was hulle bekwame handelaars. Die paswette was verregaande. Hy het talle voorbeelde genoem, onder andere dat vyf-en-twintig Swartes in een maand in Kroonstad onregmatig in hulle huise gearrester is en hoewel hulle vrygespreek is, is die amptenare wat oortree het, nie gestraf nie omdat die slagoffers maar net "aapies" was, soos Swartes genoem is. Hy het ook oor die enorme som gekla wat Swartes by wyse van pasgeld en belasting aan die owerheid moes betaal sonder dat hulle kinders onderwys ontvang het. In die hele Vrystaat was daar net een swart skool wat deur die regering gesteun is. Sou 'n Swarte 'n Blanke weerspreek, is hy maklik tot 'n maand hardepad in kettings gevonniss. "It is really painful for human beings to be thus ill-treated on the soil, of their ancestors", het hy gekla en gevra waar die Wilberforces was om hulle vry te maak.³¹⁸ Borckenhagen se reaksie was dat die skrywer se bewerings nie 'n ware weergawe van die feite was nie. Swartes in die Vrystaat was nie slawe nie, maar eintlik in beheer van die situasie. Blankes was uiters afhanklik van Swartes en was nie ongenadige meesters nie, maar "the most indulgent, sympathetic and liberal employer" - veral in die dorpe. Dat hulle nie ondernemings kon besit nie, was 'n denkbeeldige grief, want geen Swartes in die Vrystaat het daarna gestreef nie - dit het te veel harde werk, kundigheid en ervaring geverg. Hy het nog nie juis meesterbouers en ambagsmanne onder Swartes teëgekom nie en diegene wat bou- en ander werk wou doen, kon dit sonder lisensie en sonder enige beletsel doen. Mnr. Budlwana het van die grond van sy voorvaders gepraat, maar die Vrystaat het nóg aan sy, nóg aan die Blankes se voorvaders behoort. Met die koms van die Blankes was daar 'n aantal Boesmans en Korana- en Griekwastopers en verder was die land ontvolk deur woeste oorloë. Borckenhagen het erken dat paswette 'n las was, veral vir eerbare Swartmense en ook vir Blankes,

317. Aangehaal in *De Express*, 2 Febr. 1892.

318. Aangehaal in *De Express*, 1 Maart 1892.

maar hy was oortuig daarvan dat dit verander sou word en dat gerespekteerde Swartes soos predikante en onderwysers en lojales daarvan vrygestel sou word. Dit was noodsaaklik dat goeie en betroubare werkers getrek en beloon moes word en as voorbeeld moes dien vir die slegtes. Paswette kon egter nie heeltemal afgeskaf word nie, want inwoners moes teen leeglêers en veediewe beskerm word. Een van die probleme was dat die uitvoering van die paswette in die hande van swart polisiemanne was en dit kon dubbele ontevredenheid veroorsaak.³¹⁹ Die wette op sigself het reeds aanleiding tot griewe gegee en die uitvoering daarvan moes eerder volgens die gees as die letter van die wet geskied. Daar moes met diskresie opgetree word.³²⁰

Die passtelsel het deurgaans groot gegriefdheid veroorsaak. In Mei 1894 het Tengo Jabavu in sy koerant groot lof vir die Vrystaat uitgespreek, maar gevra dat die sinnelose passtelsel afgeskaf moes word.³²¹ 'n Inwoner van Smithfield het die klagte dat Swartes slawe was, herhaal. Hy het geskryf dat alle anderskleuriges, of hulle opgevoed en selfs predikante was of nie, passe moes dra. Dit was nie so in die kolonies nie.³²²

Hoewel Borckenhagen gemeen het dat Swartes in die Vrystaat goed behandel is, het hy tog aan hulle geleentheid gegee om hulle griewe te lug. In Januarie 1897 het hy 'n brief van Thobius C. Mvula gepubliseer waarin skerp kritiek op die Vrystaatse regering se optrede teenoor anderskleuriges uitgespreek is. Hy het geskryf dat die regering Swartes onbillik behandel het en dat dit veel beter was om onder die Union Jack te leef waar daar vryheid en regverdigheid was. Swartes was lojale onderdane en wou nie rebelleer nie, maar dit was 'n wonder dat hulle dit nie gedoen het nie. Hulle is te Viljoensdrif deur amptenare beroof en die regering het niks aan die klagtes gedoen nie. (Daar is wel ondersoek ingestel, maar daar kon geen getuienis gevind word dat dit wel gebeur het nie.) Die Swartes het Blankes gevrees. In die bestryding van runderpes is daar ook teen Swartes gediskrimineer. Die Blankes kon ook die pes versprei, maar is nie berook nie. Te Bloemfontein het Swartes nie eers die menslike voorregte van 'n slaaf geniet nie. Hulle moes tien sjielings per jaar per kop betaal om die staat te onderhou

319. *De Express*, 1 Maart 1892.

320. *Ibid.*

321. Uit *Imvo* aangehaal in *The Friend*, 1 Mei 1894.

322. *The Friend*, 16 Okt. 1894.

en mans sowel as vrouens moes een sjieling vir 'n pas betaal. So is die brood uit hulle mond geneem. Ten spyte daarvan dat die Swartes 'n bydrae tot die staatskas gemaak het, het die regering niks gedoen aan swart onderwys nie terwyl die Kaapkolonie dit wel gedoen het. 'n Swarte in die Vrystaat kon ook nie seker wees dat hy regverdig deur die houe behandel sou word nie. Hy het gewonder wanneer 'n moontheid soos Brittanje sou kom om die Swartes teen so 'n regering te help.³²³ Later het Mvula weer gereageer na aanleiding van 'n voorstel van A. M. Bartman dat Swartes moes plek maak vir armlankes en dat die res hoër belasting moes betaal. Hy het ook geskryf dat hulle 'n gevaar in oorlogstyd was. Mvula het geantwoord dat Swartes se lewenskoste ook hoog was, hulle het min verdien en huur betaal. Net soos Blankes het hulle onder droogtes en runderpes gely. Hulle is nie toegelaat om grond te besit nie en moes hulle talente begrawe. Andersyds het hulle al hulle geld in die Vrystaat bestee en so die handel bevorder. Armlankes was dikwels lui en het gedurig regeringsteun gevra. Dit was Swartes wat paais en strate gebou en baie ander werk gedoen het. Hulle kon gerus maar 'n bietjie vryheid gegun word.³²⁴ Dan was daar 'n brief waarin gekla is oor die behandeling van Swartes in Waaihoek. Die polisie het huise binnegestorm, alles omgegooi, vrouens geslaan en hulle weggesleep terwyl hulle babetjies moes agterbly. Die feit dat kopbelasting betaal moes word en mans en vrouens passe moes dra anders is hulle gevang, is weer eens as 'n griefgeopper.³²⁵

W. G. Mtembu het teenoor *The Friend* gekla oor die beperkings wat op Swartes gelê is met betrekking tot die runderpes. Die koerant het geantwoord dat 'n groter saak op die spel was. As die pes uitgeroei moes word, moes mense verbied word om rond te beweeg. Blankes is ook beperk.³²⁶

7.7 Slotsom.

Borckenhagen het die belangrikheid van anderskleuriges in die Vrystaat se ekonomie beklemtoon. Baie van hulle was nog aan stamtradisies verkleef en wou hulle nie op gereelde basis aan werkgewers verhuur nie. Syns insiens moes hulle, hoewel nie hardhandig nie, verplig word om hulle deel by te

323. *De Express*, 1 Jan. 1897.

324. *Ibid*, 14 Des. 1897.

325. *Ibid*, 6 Julie 1897.

326. *The Friend*, 25 Des. 1896.

dra. Dit was in belang van die beskawing, die Blankes en hulself. Hulle was op 'n laer vlak as die Blankes en daar kon nie op daardie stadium gelykstelling wees nie, maar hulle moes met billikheid behandel word. Die Blankes het 'n plig as voogde teenoor hulle gehad.

In sy strewe na Suid-Afrikaanse samewerking was dit een van sy ideale dat daar in die hele land 'n eenvormige beleid jeens anderskleuriges sou wees en dié beleid moes op die Vrystaatse lees geskoei wees. Dit was juis op hierdie terrein dat daar 'n groot verskil tussen die amptelike beleid van Suid-Afrikaanse state en kolonies was. Hierdie idees het Borckenhagen met ywer en volharding verkondig. Hy was die spreekbuis van die meerderheid Vrystaters, maar het ook 'n groot invloed op die volk en die regering uitgeoefen.

DE EXPRESS SE PLEK IN DIE KONTEMPORÊRE JOERNALISTIEK

1. Die Suid-Afrikaanse Perswêreld

Volgens J. de Villiers was daar in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse pers 'n konstante botsing tussen Engelse en Afrikaanse koerante. Koerante weerspieël sosiale groepe se spesifieke waardestelsels. Die Afrikaanse pers is die mondstuk vir die Afrikaner en sy waardes en die Engelse pers die spreekbuis van 'n totaal verskillende waardesisteem. Die onversoerbare verdeeldheid van die Blanke gemeenskap word in die pers gereflekteer.¹ Tussen die politieke siening van die twee groepe, die een gebaseer op Calvinistiese konserwatisme en die ander op liberalisme, is daar 'n groot kloof, gewortel in die geskiedenis.²

In die meeste gevalle is bogenoemde stellings korrek, maar die vraag is of hulle toegepas kan word op *De Express* en sy tydgenote. Die antwoord is nie so simplisties nie omdat daar 'n hele aantal tweetalige koerante was en dan was daar ook Hollandse koerante wat Engelsgesind was.

Hoewel *The Friend of the Orange Free State*³ tot in 1894 en *De Express en Oranje-Vrÿstaatsch Advertentieblad*⁴ gedurende sy hele leeftyd tweetalig was, was eersgenoemde Engelsgesind en laasgenoemde het die Afrikaner se waardes weerspieël. *De Burger* was die enigste suiwer Hollandse/Afrikaanse koerant in die Vrystaat, maar het dieselfde siening as *The Friend* gehuldig. Die koerant is deur laasgenoemde uitgegee in 'n poging om die Afrikaners na sy standpunt toe oor te haal, maar het nooit 'n groot persentasie van die Afrikaners se menings weerspieël nie.

Die eintlike strydvraag van die tyd was of 'n koerant republikeins- of imperialistiesgesind was. In die hele Suid-Afrikaanse pers was daar maar enkeles wat republikeinsgesind was. Onder hulle was *De Express* van die Vrystaat, *De Volksstem*, *De Pers* en *The Press* in Transvaal en later ook *Ons Land* van Kaapstad.

1. De Villiers, J, *South African Community and its Newspapers - a Socio-Historical Study*, pp. v - vii.

2. *Ibid*, p. 36.

3. Hierna afgekort na *The Friend*.

4. Hierna afgekort na *De Express*.

The Friend het in 1895 die volgende gegewens oor die pers in Suid-Afrika verskaf: daar was 102 koerante waarvan 61 Engels, 17 Hollands en 24 tweetalig was. In die Vrystaat was daar 4 waarvan 2 Hollands was en net een daaglik verskyn het. Die Vrystaat het die minste koerante in verhouding tot die bevolking gehad, naamlik een vir elke 20 000 mense.⁵

Van al die Suid-Afrikaanse koerante was *De Express* een van die weiniges wat heeltemal onafhanklik was. Borckenhagen was eienaar en redakteur van die koerant en hy alleen het die koerant se beleid bepaal. In sy huldeblyk na Borckenhagen se dood het *Ons Land* geskryf: " .. South Africa has lost in Mr. Borckenhagen an independent journalist, something that has become a rarity in our days. He was the owner of the newspaper for which he wrote, and so owed responsibility to no one. He wrote whatever he chose in the interests of the country, and he followed his own policy as an independent man. Lately much has been heard of newspapers that are under the thumb of capitalists, who dictate their policy, and of newspapers supported by the Transvaal Government which can scarcely be relied upon as mediums of a healthy public opinion."⁶

Om hierdie byna unieke posisie van *De Express* na waarde te skat, is dit nodig om van naderby na die res van die Suid-Afrikaanse pers van die tyd te kyk.

2. Republikeinse koerante

In Transvaal het feitlik net *De Volksstem*, *De Pers*, *The Press* en *Standard and Diggers' News* die Kruger-bewind gesteun. *De Volksstem* het op 8 Augustus 1873 sy verskyning gemaak deur die bemoeiing van pres. Burgers. Hy het hom beywer vir 'n goeie Hollandse blad wat die Zuid-Afrikaansche Republiek⁷ se standpunt en belange kon stel. Staatsprokureur J. Buchanan het die kapitaal voorsien en J. F. Cilliers, wat deur *De Express* "able and honest" genoem is,⁸ was die redakteur. Die koerant is in Hollands en Engels uitgegee en het 'n belangrike rol gespeel in die verset teen die Britse anneksasie van Transvaal in 1877. Op

5. *The Friend*, 11 Jan. 1895.

6. *Ons Land*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

7. Hierna afgekort na ZAR.

8. *De Express*, 5 Maart 1895.

15 Maart 1890 is *De Volksstem Maatschappij Bpk.* gestig met die Transvaalse regering as een van die belangrikste aandeelhouders. Aanvanklik het die koerant elke twee weke verskyn, toe weekliks en vanaf 1895 Woensdae en Saterdag. Dr. Frans Vredendyk Engelenburg was sedert 1889 die redakteur.⁹ Van hom het *De Express* as 'n "sympathieke en eloquente" redakteur gepraat.¹⁰ In 1897 het hy ook mede-eienaar van die koerant geword.¹¹ Die blad is beheer deur persone (veral dr. Engelenburg en J. F. Cilliers wat die vernaamste aandeelhouders was) wat president Kruger gesteun het en het dus as verdediger en ondersteuner van sy beleid opgetree. Dit is in Pretoria en omgewing, maar veral op die Transvaalse platteland gelees en het ook 'n aantal lesers aan die Witwatersrand gehad.¹² In sy analise van *De Volksstem* se beriggingewing bevind S. Strauss dat die blad, net soos *The Star*, deur eensydige beriggingewing, verdraaiings, beklemtoning van omstrede nuus, partydigheid en vooroordeel tot 'n mate 'n skewe beeld van die werklike situasie weerspieël het. Die blad het voorgegee om die Transvaalse publieke opinie te verteenwoordig, maar het slegs die Krugergesindes se mening gereflekteer.¹³

Baron Gluckstein het sedert 1889 *De Pers* ('n weeklikse Hollandse koerant) en *The Press*, 'n Engelse koerant wat tweekeer per week verskyn het, in Pretoria uitgegee. Alois H. Nellmapius, 'n Hongaars-gebore konsessionaris van die Transvaalse regering en ondersteuner van Paul Kruger, het 'n groot aandeel in die koerante gehad, soos ook Kruger se skoonseun, Frik Eloff.¹⁴ In 1891 het Leo Weinthall die redakteurskap van *The Press* oorgeneem en P. G. W. Grobler dié van *De Pers*. In 1893 het hulle ook *The Weekly Press* begin uitgee. In dieselfde jaar het Nellmapius gesterf en J. B. Robinson, 'n Randse kapitalis, het die koerante gekoop. Van hom het Borckenhagen geskryf dat hy 'n kapitalis was wat die Transvaalse regering gesteun en afgeknou het na gelang dit hom gepas het.¹⁵ Bogenoemde blaai is deur die regering gesubsideer. Weinthall, 'n Uitlander, maar

9. De Villiers, pp. 292 - 297; Strauss, S., *Beriggingewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902: 'n kritiese metodologiese analise*, pp. 3 - 6.

10. *De Express*, 8 Sept. 1893.

11. *Ibid*, 28 Des. 1897.

12. Strauss, p. 14.

13. *Ibid*, p. 166.

14. Rousseau, L., *Die Groot Verlange*, p. 47.

15. *De Express*, 15 Okt. 1897.

republikein, het teen 1897 nie meer pres. Kruger se guns geniet nie en het redakteur van die *Natalse Star*, wat maar 'n kort lewensduur gehad het, geword. Volgens *De Express* het hy sy republikeinse beginsels prysgegee. Hy het die Vrystaat aangeval omdat die Republiek 'n militêre verbintenis met die ZAR aangegaan het en 'n beroep op die Britse "Leeu" gedoen om 'n oog oor die Vrystaat te hou indien die land van plan was om 'n militêre mag te word.¹⁶ Gluckstein, wat die koerante oorspronklik uitgegee het, het hom ook in 1896 by die redaksie van 'n Uitlanderkoerant, *The Independent*, gevoeg. Borckenhagen het sarkasties van "consistency forever" gepraat.¹⁷ Die wispelturigheid van hierdie joernaliste kontrasteer skerp met Borckenhagen se standvastigheid. Hy het *De Pers* dan ook in 1897 'n Pretoriase koerant sonder gewig en lesers genoem wat bereid was om vir enigiens wat betaal, te skryf.¹⁸

Nog 'n koerant wat finansiële deur die Transvaalse regering gesteun is, was *The Standard and Diggers' News*. Die koerant het in 1890 tot stand gekom na amalgamasie van *The Diggers' News and Witwatersrand Advertiser*, wat sedert 24 Februarie 1887 bestaan het en *The Standard and Transvaal Mining Chronicle* en het die republikeinse saak gesteun.¹⁹ Daar was ook 'n Londense weergawe van die koerant. Borckenhagen het van die koerant as "our able nationalist contemporary" gepraat.²⁰

In die Kaapkolonie het *Di Afrikaanse Patriot* aanvanklik die republikeinse gesteun. Die koerant het op 15 Januarie 1876 die eerste keer as maandblad verskyn en was die orgaan van die Genootskap van Regte Afrikaners. Vanaf 1877 was dit 'n weekblad. Dit was 'n kampvegter vir Afrikaans in teenstelling met *De Zuid-Afrikaan* wat pro-Hollands was en sy doelstellings was aan die begin kultureel van aard, maar die politieke terrein is ook betree met die taalstryd sentraal in die politieke stryd van die Afrikaner. Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal het die *Patriot* verklaar dat hy lojaal was, maar nie 'n blindelinge volgeling van die Britse Koningin nie. Daar was sterk meelewing met Transvaal in 1881. Teen die einde van die tagtigerjare het die koerant egter van beleid verander. Dit

16. *Ibid*, 20 Julie 1897.

17. *Ibid*, 28 Aug. 1896.

18. *Ibid*, 13 April 1897.

19. De Villiers, pp. 305 - 308.

20. *De Express*, 5 Jan. 1897.

het standpunt teen Paul Kruger ingeneem en Hofmeyr se verbintenis met Rhodes gesteun. Selfs na die Jameson-inval het dit die aarts-imperialis, Rhodes, bly steun.²¹ As gevolg daarvan het die blad sy betreklike groot aanhang in die Vrystaat en ook onder baie Afrikaners in die Kaapkolonie verloor. Selfs die redakteur, D.F. du Toit, het die diens van die blad verlaat. 'n Korrespondent van Bethlehem het onder die skuilnaam "Jean Valjean" aan *De Burger* geskryf dat dit gelyk het asof die redakteur van die *Patriot* 'n jingo was, soos geblyk het uit sy aanval op pres. Steyn en kritiek op die president se openingstoespraak voor die Volksraad. As dit die geval was, sou hy 'n groot aantal Vrystaatse ondersteuners verloor.²²

De Volksbode het van 1887 tot 1897 bestaan. Dit was pro-Afrikaans en anti-Rhodes. Selfs in die tyd van nouste samewerking tussen Hofmeyr en Rhodes het die blad teen Rhodes gewaarsku. Die koerant het baie van sy betekenis verloor na die samesmelting van *De Zuid-Afrikaan* en *Ons Land* in 1894.²³

J. H. Hofmeyr, leier van die *Zuidafrikaanse Boeren Beschermings Vereeniging* se Nederlandse blad, *De Zuid-Afrikaan* en *De Volksvriend* het op 2 September 1871 saamgesmelt om bekend te staan as *De Zuid-Afrikaan verenigd met De Volksvriend*. Hofmeyr het in die sestigerjare die Kaapkolonie se verbintenis met Brittanje gesteun, maar was ook ten gunste van 'n eie nasionaliteit en die regte van die Hollandse taal. Teen die sewentigerjare was die steun vir nasionalisme sterker, maar tog gematigd. Die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en veral die Eerste Vryheidsoorlog aan die einde van 1880 het die Afrikaners in die Kaapkolonie se simpatie met die republikeinse saak opgewek en oral in Suid-Afrika Afrikanernasionalisme bevorder. Onder leiding van ds. S. J. du Toit het die Afrikanerbond tot stand gekom. In 1882-83 het Hofmeyr se Boerebeskermingsvereniging met die Afrikanerbond saamgesmelt en Hofmeyr het die leidende figuur geword. Afrikanersamehorigheid het floreer. *De Zuid-Afrikaan* het die Bond gesteun. Teen 1888 het Hofmeyr en Rhodes begin saamwerk en het 'n anti-Transvaalse gevoel ontstaan wat in *De Zuid-Afrikaan* weerspieël is.

21. De Villiers, 231 - 241.

22. *De Burger*, 9 Mei 1896.

23. De Villiers, p. 241.

Ons Land is in 1892 in die lewe geroep omdat baie Afrikaners nie meer die Hoog-Hollands van *De Zuid-Afrikaan* wou lees nie. Volgens *De Express* is hierdie koerant, net soos *Onze Courant* van Graaff-Reinet en *Het Oosten* in Somerset-Oos, gestig "in the interest of Africanderism a la Rhodes", dit wil sê om wat hy profeties die tydelike verbintenis tussen Rhodes en die Bond genoem het, te dien. Die redakteur van *De Zuid Afrikaan*, dr. van Oordt, se denke was soms te onafhanklik vir hierdie bondgenootskap en met die stigting van *Ons Land* is verklaar dat daar 'n besondere behoefte was "for the appearance of an organ of progressive and enlightened Africanderism." *De Express* was seker dat *Ons Land* dieselfde Rhodes-gesang as *Di Patriot* en *De Paarl* sou aanhef, "een soort van tweede fiool in het orkest van Ds S. J. du Toit". Verder het hy gemeen dat die uitgee van soveel koerantjies die standaard sou verlaag.²⁴ Die rigting wat die koerant ingeslaan het, het *De Express* laat skryf dat *Ons Land* "was outdoing the most rabid Jingo journals in their frantic championship of the Chartered Company" en Rhodes.²⁵ Jan Hofmeyr, seun van prof. N. J. Hofmeyr, mede-stigter van die vroeëre *De Volksvriend*, en broer van Nico Hofmeyr van *De Express*, was die redakteur. Die koerant se beleid was dieselfde as dié van *De Zuid-Afrikaan*. In 1894 het die twee koerante saamgesmelt onder die naam *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, maar algemeen bekend as *Ons Land*. *De Express* was baie verras toe die koerant, in teenstelling met die ander Kaapse blaaië, in 1894 verklaar het dat dit beter sou wees as Engeland nie in Suid-Afrikaanse sake sou inmeng nie.²⁶ In 1895 het Francois Stephanus Malan redakteur van die koerant, wat nou 'n orgaan van die Afrikanerbond was, geword. Die Rhodes-Hofmeyr-bondgenootskap was op daardie stadium nog sterk en die verhouding tussen Boer en Brit in die Kaapkolonie goed. Dieselfde het nie vir die verhouding tussen die Kaapkolonie en Transvaal gegeld nie as gevolg van twiste oor spoortariëwe en belastings deur Transvaal gehef. Die redakteur van *Ons Land* het vir verdraagsaamheid en goedgesindheid gepleit, maar was nie baie verdraagsaam jeens *De Express* nie. Die redakteur het geskimp dat *De Express* deur die Transvaalse regering omgekoop is na aanleiding van Transvaalse regeringsadvertensies in die koerant. Borckenhagen was geamuseerd en het gemeen dat Kaapse blaaië dankbaar sou wees as hulle die mate van onafhanklikheid geniet het wat *De*

24. *De Express*, 19 Jan. 1892.

25. *Ibid*, 31 Okt. 1893.

26. *Ibid*, 23 Okt. 1894.

Express beskore was. Hulle is volgens hom almal deur Rhodes gefinansier en moes dus na sy pype dans.²⁷ Aan die begin van Desember 1895, toe daar feitlik openlik gepraat is van 'n Uitlander-opstand, het *Ons Land*, tot *De Express* se vreugde, 'n nuwe blaadjie begin omslaan. Die blad het die Uitlanders se revolusionêre gedagtes veroordeel en Kaapse Afrikaners gewaarsku dat wat vir die ZAR skade was, vir die hele Afrikanderdom in Suid-Afrika skade sou wees. Die republieke is geprys omdat hulle nie die "ellendige" gelykstellingsbeleid van die Kaapkolonie gevolg het nie. Verder het die blad beweer dat die Britse element nie net die ZAR wou teengaan nie, maar ook die koringboere in die Kaapkolonie. 'n Beroep is op Afrikaners in die Kolonie gedoen om hulle stemme te laat opgaan soos tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog. *De Express* het die hoop uitgespreek dat hierdie wending blywend was.²⁸ Na die Jameson-inval het die blad, net soos Hofmeyr en die Afrikanerbond, se beleid heeltemal verander. Rhodes is verwerp²⁹ en die koerant se vroeëre positiewe houding jeens hom is verduidelik. Die redakteur het daarop gewys dat die Afrikaners in die Kaapkolonie gehoop het op 'n samesmelting van die rasse, maar hulle is bedrieg. Hulle het besef dat imperialisme net bloed en bedrog gebring het. Die lig het deurgebreek en daar was nasionale herontwaking. Die fundamente van 'n omvattende nasionalisme moes nou of nooit gelê word en geen grense moes Afrikaners skei nie.³⁰ Die koerant se houding jeens Transvaal en Kruger was nou simpatiek, hoewel nie onkrities nie. Die blad het Afrikaners wat Rhodes bly steun het, skerp veroordeel, maar het gematigd gebly.³¹ Toe mnr. F. S. Malan in 1897 by Bloemfontein aangedoen het op pad na Pretoria en Johannesburg, het Bloemfonteiners hulle waardering aan hom oorgedra vir sy goeie werk in die suide.³²

Vir 'n jaarlank was daar ook 'n Engelse dagblad in Kaapstad wat tot 'n mate pro-Kruger was. *The South African Telegraph* het aan J. B. Robinson, wat ook *The Press* en *De Pers* in Pretoria besit het, behoort. Die koerant se doelstelling was om Rhodes teen te staan en is in 1895 gestig. John Stuart was die redakteur. Hy het nie Robinson se politieke siening gedeel nie, maar was verplig om sy beleid in die koerant te

27. *Ibid*, 8 Okt. 1895.

28. *Ibid*, 3 Des. 1895.

29. *Ibid*, 13 en 20 Maart 1896.

30. *Ons Land*, aangehaal in *De Express*, 24 Maart 1896.

31. De Villiers, pp. 241 - 246.

32. *De Express*, 6 Julie 1897.

onderskryf. Die koerant was nie gewild in die Engelsgesinde Kaapstad nie.³³ Borckenhagen het nie veel van Robinson gedink nie. Hy was syms insiens maar net nog 'n kapitalis wat sy eie belang gesoek het. "The honest remnant in the country who have not bowed the knee to any financial Baal are quite as sick of Mr. J. B. Robinson and his Mediterranean yacht as they are of Mr. Rhodes and his Groote Schuur menagerie", het hy beweer.³⁴ Die koerant se optrede tydens die Jameson-inval het egter waardering by hom ontlok en hy was jammer toe publikasie gestaak is omdat die Kaap, volgens hom, toe heeltemal aan Rhodes-aanbidding oorgegees is.³⁵

Dit bring ons feitlik aan die einde van die lysie republikeinsgesinde koerante in Suid-Afrika. Dié in Transvaal is deur die regering gesubsidieer en dié in die Kaapkolonie het meermale van beleid verander. *De Express* het deurgaans die republikeinse saak vuriglik ondersteun en was volkome onafhanklik.

3. 'n Koerant wat die republieke redelik goedgesind was

'n Interessante tydgenoot van *De Express* - interessant omdat hy wel Britse oppergesag in Suid-Afrika gesteun het, maar nie ten koste van die republieke nie, was *The Diamond Fields Advertiser* van die naburige Kimberley. Die inwoners van Kimberley was meestal Engelssprekend en het 'n besondere verbintenis met Rhodes en die Rand gehad en die meerderheid het 'n heldeverering vir Rhodes en Jameson gekoester. Kimberley het 'n groot deel van die arbeid, kapitaal en breinkrag vir die ontwikkeling van die goudveld verskaf. Rhodes en sy vennote in die diamanthandel het goudmaatskappye gestig en talle mense wat in Kimberley hulle fortuin gesoek het, het na die goudveld gestroom om hulle geluk ook daar te gaan beproef. Kimberley se inwoners het baie familie en vriende gehad wat tydens die Jameson-inval aan die Rand gebly het. Rhodes en sy mede-samesweerders soos Beit, Phillips en dr. Jameson was vroeër bekendes en inwoners van die Diamantveld. Dr. Rutherford Harris wat in Londen voorbereidings vir die Jameson-inval getref het, was een van Kimberley se parlementêre verteenwoordigers.

33. De Villiers, pp. 209 - 210.

34. *De Express*, 28 Junie 1895.

35. *Ibid*, 4 Sept. 1896.

In 1894 het *The Diamond Fields Advertiser* geskryf dat Reitz die enigste staatsman in Suid-Afrika was omdat hy die hele Suid-Afrika se belang gesoek het. Net pres. Kruger kon miskien naby hom kom.³⁶

Die eienaar van *The Diamond Fields Advertiser*, William Roper en die redakteur sedert Mei 1896, Albert Cartwright, was beide anti-Rhodes. Na die beëindiging van die Matebele-opstand in Rhodesië in 1896, wou Rhodes se ondersteuners vir hom 'n bronsbeeld oprig. *The Diamond Fields Advertiser* het op Rhodes se flaters gewys en wou weet waarom hy deur 'n standbeeld vereer moes word.³⁷ Toe 'n nuwe koerant sy verskyning in Kimberley maak, het Borckenhagen geskryf dat dit gebeur het omdat *The Diamond Fields Advertiser* nie bereid was om sy knieë voor 'n bronsbeeld te buig nie, en die wêreld moes nou vir die koerant warm gemaak word.³⁸ Cartwright is as een van die bekwaamste joernaliste in Suid-Afrika beskou.³⁹ L. E. Neame skryf ook in sy samevatting van Eric Rosenthal se omvattende geskiedenis van die Argus-maatskappy, *Today's News Today*: "He rose to be one of the best-known editors in South Africa".⁴⁰ Tydens die Jameson-inval en Uitlander-opstand was hy nog assistent-redakteur by *The Star* in Johannesburg. Sy redakteur, P. H. Hamilton, was een van die leiers van die opstand. Hy het dus eerstehandse kennis van die Uitlander-situasie gehad. Hoewel hy Afrikaner-oorheersing gevrees het, wou hy ontkom aan die "plutokratiese atmosfeer" van *The Star* se kantoor en het na *The Diamond Fields Advertiser* gegaan waar hy tot Maart 1898 gebly het. Roper het aan hom redaksionele onafhanklikheid gegee en die koerant was nie aan enige politieke party of politikus gekoppel nie. In 1899 het Cartwright *The South African News* in Kaapstad gestig. Dit was op daardie tydstip die enigste Engelstalige koerant in Kaapstad wat Rhodes en ander kapitaliste teengestaan het. Hy was ook teen Milner se optrede en Brittanje se oorlogvoering teen die ZAR gekant en het hom vir vrede en die behoud van republikeinse onafhanklikheid beywer.

Terwyl Cartwright redakteur van *The Diamond Fields Advertiser* was, was hy en die koerant vasgevang in 'n dubbele lojaliteit. Hy was gematigd en wou hê dat

36. Aangehaal in *The Friend*, 20 April 1894.

37. Aangehaal in *De Express*, 10 Nov. 1896.

38. *De Express*, 17 Nov. 1896.

39. Gous, H H, *The Diamond Fields Advertiser en die Suid-Afrikaanse Politieke krisis 1896 - 1898*, pp. 4-7.

40. Neame, L. E., *Today's News Today*, p. 79.

geregtigheid geskied - geregtigheid jeens die republieke, maar ook jeens die Uitlanders. Hy het egter nie gemeen dat daar genoegsame rede vir 'n revolusie in Johannesburg was nie,⁴¹ en ook dat daar nie sprake van 'n versoening tussen die Uitlanders en die burgers in Transvaal kon wees voordat die Johannesburgers nie die uitnodiging van die vyf opstandslieers aan Jameson om Transvaal binne te val, veroordeel het nie.⁴² Hy was ten gunste van onderhandeling en sou graag wou sien dat die Vrystaat as tussenganger tussen die Uitlanders en die Transvaalse regering dien. Hiervan het *De Express* nie gehou nie, omdat dit volgens hom 'n poging sou wees "to use the Free State as another Uitlander dog to bite the Transvaal."⁴³ Terwyl hy ten gunste van Britse oppergesag en federasie onder die Britse vlag was, het hy gepleit vir geduld en gematigheid. Onder geen omstandigheid moes geweld gebruik word nie. Hy was baie sterk gekant teen die oprigting van Britse forte te Beaufort-Wes, Cradock en Kimberley. Syns insiens sou 'n fort te Kimberley net dien om De Beers se belange te beskerm.⁴⁴ Daar moes 'n geleidelike eenwording wees wat uit die volk gegroei het. Engelse en Afrikaners moes mettertyd aan hulself as Suid-Afrikaners dink. "Not from Downing Street, with Mr Chamberlain as the *deus ex machina*, must our deliverance come, but from the men amongst ourselves in South Africa."⁴⁵ *The Diamond Fields Advertiser* het die *South African League* en Rhodes-aanhangers se beheptheid met die Britse vlag, aanvalle op Transvaal en die Afrikanerbond sowel as Rhodes en Jameson se terugkeer tot die politieke toneel afgekeur. Hy was baie krities teenoor die leier van die *South African League*, dr. Hartley Darley,⁴⁶ maar nie altyd teenoor die plaaslike takke van die *League* nie. Sy kommentaar was dikwels wisselvallig. *De Express* het ook op hierdie wisselvalligheid gewys en gesê dat die koerant Rhodes in een uitgawe en Transvaal in die volgende aangeval het.⁴⁷

Hierdie dualiteit van *The Diamond Fields Advertiser* in 'n gemeenskap wat Rhodes- en imperialisties-gesind was, het daartoe gelei dat die koerant deur Rhodes se Argus-groep

41. Aangehaal in *De Express*, 31 Maart 1896.

42. Aangehaal in *De Express*, 14 Aug. 1896.

43. *De Express*, 10 April 1896.

44. Aangehaal in *De Express*, 10 Nov. 1896.

45. *The Diamond Fields Advertiser*, 19 Junie 1895 en 23 Nov. 1897, aangehaal in Gous, p. 145 - 146.

46. Aangehaal in *De Express*, 15 Desember 1896.

47. *De Express*, 14 Sept. 1894.

oorgeneem is. Die oorname is innig deur *De Express* betreur aangesien die koerant volgens hom altyd gematigd was.⁴⁸ Hierna het die koerant Britse imperialisme en oorlog gekies terwyl Cartwright hom by W. P. Schreiner en die Suid-Afrikaanse Party geskaar en hom vir vrede beywer het.⁴⁹

4. Die imperialistiese pers

Die republikeinse koerante het sterk teenstand en vyandskap van die imperialistiese pers ondervind. Hierdie pers was byna deur die bank deel van die Argus-groep en het grootskaalse finansiële steun van Rhodes en sy aanhangers geniet. Toe die Argus-groep ook *The Observer* van Pretoria in 1891 vir R5 500 gekoop het, het Borckenhagen geskryf dat dié stap van politieke belang was, want die Argus-groep was "a strong engine of a powerful political party in Capetown. *The Star, Argus and Observer will now from three points preach the gospel a la Rhodes, and, considering the able way in which they do these things, Mr. Rhodes will not suffer by the process.*"⁵⁰ Ook die Port Elizabethse *Spectator* en Kimberleyse *Daily Independent* is deur die groep gekoop.⁵¹ Borckenhagen het De Beers se invloed as skrikwekkend, immoreel en gevaarlik beskryf. Omdat De Beers die geld vir die Argus-groep voorsien het, kon hy die koerante se beleid voorskryf en kritiek teenoor Rhodes smoor.⁵²

Die hoofdoel van hierdie pers, selfs in die Kaapkolonie, was om goudmynbelange te bevorder,⁵³ en omdat die magnate gemeen het die bedryf is deur die Transvaalse regering gestrem, wou hulle die val van die regering bewerkstellig. Uitlandergriewe is op die voorgrond gestel, nie omdat die magnate werklik daarvoor bekommerd was nie, maar as 'n middel om die regering te ondergrawe. *De Express* het beweer dat die Uitlanders lank reeds 'n meer liberale stemreg sou gehad het as dit nie vir die irritasie was wat gevolg het op "the designs of speculative Imperialism and the yapping of all those curs of colonial journalism which have made themselves its apologists."⁵⁴ 'n Koerant soos *The Diamond Fields Advertiser* het ook gereeld op griewe gewys, maar in sy geval

48. *Ibid*, 22 Febr. 1898.

49. Gous, pp. 6, 7, 9, 41, 145 en 146.

50. *De Express*, 6 Okt. 1891.

51. *Ibid*, 17 Nov. 1891.

52. *Ibid*, 2 Des. 1894.

53. Strauss, pp. 11 - 13.

54. *De Express*, 15 Maart 1895.

was dit omdat hy werklik geglo het dat die Uitlanders onregverdig behandel is.

In Augustus 1889 het Borckenhagen 'n beroep op die pers gedoen om te onderskei tussen kritiek en laster. Hy het die Transvaalse regering geprys vir sy selfbeheersing, maar gemeen dat opgetree moes word teen koerante se sistematiese, kwaadwillige laster teen die regering van die land wat hulle gevoed en onderhou het.⁵⁵ In Oktober 1889 het die Transvaalse regering dan ook 'n aantal stappe teen koerante geneem. Redakteur Brown van *The Standard and Transvaal Mining Chronicle* is gearresteer op 'n klag van hoogverraad na aanleiding van 'n artikel, "Hervorming of Revolusie" wat op 21 September 1889 in sy koerant verskyn het⁵⁶ en lastersake is teen twee redakteurs aanhangig gemaak. *The Friend*, soos die meeste Engelse koerante altyd gesteld op die vryheid van die pers, se kommentaar was dat die regering liever na griewe moes luister en dit uit die weg moes ruim as om koerante se mond te snoer. Daar was ontevredenheid omdat hulle wat die land ryk gemaak het, te min verteenwoordiging gehad het. Koerante het slegs die inwoners se gevoelens weerspieël.⁵⁷

De Express het klem gelê op die verantwoordelikheid van die pers en op wat 'n regering se houding jeens die pers moes wees. Hy het die Lydenburgse koerant, *Transvaal*, aangehaal wat geskryf het: "The freedom of the Press is a sacred matter" en daarop gewys dat juis diegene wat aan die hoof van die pers gestaan het, dit moes onthou.⁵⁸ Borckenhagen het reeds in hierdie stadium opgemerk dat die pers stelselmatig en metodies besig was met aanhitsing tot opstand en oproer. Syns insiens moes die regering optree ten einde sy gesag binnelands en sy prestige buitelands te handhaaf. Hy het met *Golden Age* saamgestem dat die regering sy pers van sulke gif moes sulwer. Hy was bewus daarvan dat die regering nie altyd rekening gehou het met die behoeftes van die nuwe element in die land nie, maar die Uitlanders het ook nie met die regering se probleme rekening gehou nie. Hy het dit as 'n plig van die pers gesien om tot nut van die publiek kritiek, selfs skerp kritiek, te lewer, maar dan moes dit billik wees. Die regering moes breë en liberale grense aan die pers stel, maar streng optree teen

55. *Ibid*, 13 Aug. 1889.

56. *Ibid*, 8 Okt. 1889.

57. *The Friend*, 9 Okt. 1889.

58. *De Express*, 22 Okt. 1889.

verraad. Dit sou ook die nuwe inkomelinge tot voordeel strek, want onbillike, afbrekende kritiek sou Transvaal se kredietwaardigheid in die buiteland benadeel. Interessant is dit dat *De Express The Star* saam met *Golden Age* en *Pers* die fatsoenlike deel van die pers genoem het. Hulle het in hierdie geval die regering se vervolging van die rebelse pers goedgekeur.⁵⁹ Die gematigde F. J. Dormer was toe nog redakteur van *The Star*.

Aanvanklik het koerante soos *The Star* en *The Cape Times* gematigde redakteurs gehad, maar algaande het die kritiek op die Transvaalse regering, die afkraking van die republieke en die opsweping van Engelssprekendes in Suid-Afrika en Brittanje teen die republieke momentum verkry totdat dit heeltemal buite perke geraak het. Met arrogansie is daar gedurig gedreig met Britse inmenging in Transvaalse sake. In Julie 1895 was daar 'n georkestreerde poging van die Rhodes-mondstukke in Suid-Afrika om Transvaal en Paul Kruger af te kraak en agterdog te saai oor die verhouding tussen die ZAR en Duitsland. Daar was heelwat joernaliste teenwoordig by die opening van die Delagoabaai-spoorlyn en Edmund Garrett, van *The Cape Times*, het die geleentheid te baat geneem om pres. Kruger te spreek. Borckenhagen se weergawe van Garrett se optrede lui so: "He intrudes, thanks to the faulty domestic arrangements of the Pretoria Presidency, upon the Transvaal President, talks the usual Rhodesian rubbish; extracts some statements which .. he does not grasp, and then presents 'South Africa and Greater Britain' with four columns of copy", met die opskrif: "'In Africanerland', the main value of which consists in illuminating Mr. Garrett's phenomenal cheek". Hy het aan pres. Kruger voorgeskryf hoe hy die Uitlanders moes behandel. Verder het hy onsmaklike persoonlike aanmerkings gemaak. Die artikel was hoofsaaklik teen Duitsland gerig om sodoende wantroue tussen Transvaal en Duitsland te stig. *De Pers* van Pretoria het ook met verontwaardiging geskryf oor die "whimsical imagination of an interviewer, who, after a week's sojourn at Pretoria, thinks he can pose as the oracle for, and the reorganiser of South Africa." Borckenhagen was oortuig daarvan dat sulke optrede samewerking tussen Transvaal en die Kaapkolonie onmoontlik sou maak.⁶⁰ Die Engelse koerante het in dieselfde trant voortgegaan. Garrett se onderhoud met pres. Kruger is in Britse koerante herdruk en het talle hoofartikels in dié koerante tot gevolg

59. *Ibid*, 8 Okt. 1889.

60. *Ibid*, 26 Julie 1895.

gehad.⁶¹ Nog erger, volgens Borckenhagen, as Garrett se optrede, was 'n artikel wat op 22 Julie 1895 in *The Cape Argus* verskyn het: " .. an article in which inspired insult vied with deliberate falsehood to produce a result which was no doubt satisfactory to those in whose interest the *Argus* is run". Pres. Kruger is beledig en die ZAR met 'n ultimatum gedreig omdat Paul Kruger dit gewaag het om 'n telegram van gelukwensing van die Duitse keiser te ontvang. Borckenhagen het hierdie joernaliste "meanminded cowards" genoem wat dit gewaag het om in so 'n trant te skryf omdat hulle gemeen het die Britse regering sou hulle help om Transvaal te plunder. Hy het hulle gewaarsku dat hulle optrede tot oorlog sou lei. Dit sou die verwoesting van die hele land tot gevolg hê.⁶² Verder het Borckenhagen hulle verwyt dat hulle reeds daarin geslaag het om verwydering tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat te veroorsaak en is federasie met die ZAR en die oorname van die spoorlyn reeds druk bespreek.⁶³ Beide *The Cape Times* en *The Cape Argus* het Borckenhagen se kritiek aangehaal. Hy het dit verwelkom dat Kapenaars op dié wyse onder die indruk kon kom van die verwoestende gevolge van die Kaapse pers se optrede.⁶⁴

Die tariewestryd tussen die Kaapse en Delagoabaaise spoorlyne het tot die sluiting van die driewe deur Paul Kruger aanleiding gegee wat op sy beurt byna veroorsaak het dat Brittanje ingegryp het. Die pers in Suid-Afrika het 'n belangrike rol gespeel in die opsweping van gemoedere en Borckenhagen het die Rhodes-pers daarvan beskuldig dat dit besig was om die openbare mening in Brittanje sistematies te vergiftig.⁶⁵ Dit het by hom die indruk gewek van 'n georganiseerde poging "of educating the public mind up to some villainy". Hierdie uiting van boerehaat kon nie anders as om die anti-koloniale gevoel in die republieke te verskerp nie.⁶⁶ Verder het die Engelse en Kaapse pers volhard om na Brittanje as suserein van Transvaal te verwys. Praatjies oor 'n Uitlander-opstand is openlik verkondig sodat *De Express* berig het: "The political agitation of the clique, represented by the *Star*, is growing day by day ..".⁶⁷ Terselfdertyd het beide *The Cape Times* en *The Cape Argus* skerp aanvalle op *De Express* geloods. Die *Times* het

-
61. *The Friend*, 23 Aug. 1895.
 62. *De Express*, 30 Julie 1895.
 63. *Ibid*, 2 Aug. 1895.
 64. *Ibid*, 6 Aug. 1895.
 65. *Ibid*, 13 Sept. 1895.
 66. *Ibid*, 18 Okt. 1895.
 67. *Ibid*, 27 Des. 1895.

De Express "het orgaan van Pretoria uitgegeven te Bloemfontein" genoem en beweer dat die koerant een van die vernaamste hindernisse in die weg van 'n beter verstandhouding tussen Boer en Brit in Suid-Afrika was.⁶⁸ Borckenhagen se reaksie was dat hy dankbaar was dat hy nie soos dié twee koerante voorgeskryf is nie, dat hy nie nodig gehad het om vir 'n eienaardige vennoot (Rhodes) verskoning te maak nie en dat hy nie deur De Beers of die *Chartered Company* betaal is nie.⁶⁹

The Star and *The Cape Times* het nie alleen 'n leidende rol in die aanvalle op die Transvaalse regering gespeel nie, maar hulle redakteurs was ook betrokke by Rhodes se sameswering. "The *Times* stands .. disgraced .." het Borckenhagen verklaar.⁷⁰ Hy het bewerings in *The Cape Times*⁷¹ en *The Eastern Province Herald*⁷² van 'n sameswering tussen Duitsland en Transvaal, na aanleiding van die Duitse keiser se telegram van gelukwensing aan Paul Kruger met die inhegtenisneming van die invallers, tereg as 'n poging om die aandag van die betrokkenheid van die *Chartered Company*, Rhodes, Jameson, sekere finansiers, die hoë kommissaris en Chamberlain by die sameswering af te trek, bestempel. Hy het beweer dat hulle almal, aktief of passief, betrokke was. Wat *The Cape Times* betref, het hy gesê dat die koerant gedeeltelik aan Rhodes se maatskappy, De Beers, behoort het en voor die inval die jong redakteur, Garrett, 'n oorlogskorrespondent (om Jameson se veldtog te beskryf) en 'n kunstenaar (om veldslae te skets) ingevoer het.⁷³ Borckenhagen het dit betreur dat die Rhodes-kultus en -geld so 'n invloed in Suid-Afrika gehad het, dat die pers geen kritiek op Rhodes se optrede uitgespreek het of geen verduideliking van hom geëis het nie.⁷⁴

Anti-republikeinse koerante soos *The Critic*, en sy redakteur, Henry Hess, het heelwat inligting oor die sameswering gehad, soos ook sommige oorsese koerante. Borckenhagen het geweet dat die Londense *Times* 'n aandeel in die sameswering gehad het,⁷⁵ maar sou eers later besef hoe diep die bestuurder, Moberley Bell, en veral die koerant

68. *Ibid*, 17 Sept. 1895.

69. *Ibid*, 17 Sept. 1895.

70. *Ibid*, 14 Jan. 1896.

71. Aangehaal in *De Express*, 17 Jan. en 11 Febr. 1896.

72. Aangehaal in *De Express*, 28 Jan. 1896.

73. *De Express*, 17 Jan. 1896.

74. *Ibid*, 24 Jan. 1896.

75. *Ibid*, 28 Jan. 1896.

se Afrika-korrespondent, Flora Shaw, betrokke was. Hulle het Rhodes aangemoedig om tot aksie oor te gaan, hulle koerant in diens van die sameswering gebruik en veral mej. Shaw het as 'n skakel tussen die samesweerdere in Engeland en Suid-Afrika gedien.⁷⁶

The Star se verweer teen Borckenhagen se aanvalle op hom en die samesweerdere was dat *De Express* vooroordeel jeens Jameson en die Uitlanders wou veroorsaak. Borckenhagen het hierop geantwoord dat die waarheid beskou is as vooroordeel. Vervolgens het hy feite aangehaal om die aard van die Jameson-inval te toon en gevra: "What about the abominable lies, favourable to his madness circulated by almost every colonial paper .. calculated to lead public opinion in England astray and convert a man of his make into a hero. *The Star* prejudices the case, by charging the Transvaal Government with having, by keeping quiet, lured Dr. Jameson on to his fate. .. Should not the *Star*, which romanced enough, itself into discredit and its party into prison, rather leave all these wretched pretensions alone?"⁷⁷

The Star het beweer dat dit nie die Uitlanders in Johannesburg was wat Jameson ontbied het nie, dat hulle alles in hulle vermoë gedoen het om die misdaad reg te stel en dat *De Express* se veronderstelling van 'n groot sameswering op 'n hipotese gegrond was. *De Express* het hierop feite aangehaal, onder andere uit *The Star* van 2 Januarie 1896 waarin Jameson se koms na Johannesburg as 'n heldedaad beskryf is en waarin alle steun aan hom beloof is. Sels al het die Uitlanders hom nie genooi nie, het hulle aanvaarding van sy hulp hulle aandadig aan sy optrede gemaak.⁷⁸

Vervolgens het die Engelse en Rhodes-pers Rhodes en Jameson se optrede vergoeliek deur te beweer dat dit die gevolg was van die despotisme van die Transvaalse regering en die swak behandeling van die Uitlanders.⁷⁹

Die susereiniteitskwessie is vir eers links laat lê, maar klem is gelê op Britse oppergesag in Suid-Afrika. *De Express* het spottend verwys na die "two terrible big P's

76. Pakenham, E, *Jameson's Raid*, pp. 207 - 210, 290, 291 - 295.

77. *De Express*, 28 Jan. 1896.

78. *Ibid*, 4 Febr. 1896.

79. Aangehaal in *De Express*, 4 Febr. en 13 Maart 1896 en *The Friend*, 4 Febr. 1896.

waarmee dié koerante "Paramount Power" geskryf het en met *De Volksstem* saamgestem dat die Afrikaners eintlik die "Paramount Power" was.⁸⁰ Verder het die anti-republikeinse koerante die republieke en veral die ZAR se wapenaankope heftig gekritiseer.⁸¹ *The Star* het bespiegel dat Paul Kruger besig was met voorbereidings vir 'n inval of om 'n opstand te onderdruk. Borckenhagen het met verontwaardiging teruggewerp dat die republieke uit selfbehoud hul verdediging moes opknop en dat koerante soos *The Star* òf uiters onkundig was òf bose verdraaiers van die waarheid en heeltemal onbekwaam was om die openbare mening te verlig of te lei.⁸²

Hewige protes is teen die straf wat die leiers van die opstand in Johannesburg opgelê is, aangeteken en *The Star* het na hulle as martelare verwys en gedreig dat 'n nuwe storm sou losbars. Borckenhagen het daarop gewys dat dié woorde van die koerant gekom het wat mede-verantwoordelik vir die sameswering en opstand was. *The Cape Times* het beweer dat die opstandsliekers nie sulke straf verdien het nie aangesien hulle belowe het om hulle te weerhou van vyandige optrede teen die regering, Jameson te keer en as hy Johannesburg sou bereik, hom terug te stuur. Volgens Borckenhagen het hulle nie een van hierdie dinge gedoen nie: Lionel Phillips het opruiende toesprake gehou, drie hoera's vir Jameson geskree, sy lof in *The Star* besing, boodskappe van verwelkoming gestuur en hom ingelig oor die bewegings van die Transvaalse kommando's. Verder het hulle gewere en ammunisie uitgedeel en gespog dat hulle die Boere sou platslaan sonder Jameson.⁸³

Die volgende stuk strategie van die Rhodes-pers sou wees om te wys op Rhodes se groot prestasie om Rhodesië by die Britse Ryk te voeg. Sy rol in die vredesonderhandelings om die tweede Matabele-opstand in 1896 te beëindig, is helder belig⁸⁴ en as rede aangegee waarom sy vorige sondes vergewe moes word. *De Express* het beweer dat die oorlog buitendien sou eindig weens die hongersnood wat die gevolg van die runderpes-epidemie was.⁸⁵

80. *De Express*, 3 April 1896.

81. *Ibid*, 24 April 1896.

82. *Ibid*, 22 Des. 1896.

83. *Ibid*, 5 Mei 1896.

84. Soos onder andere aangehaal in *De Express*, 11 Des. 1896.

85. *De Express*, 28 Aug. 1896.

The Eastern Province Herald het Rhodes se siening dat die Jameson-inval liever vergeet moes word, gedeel. Borckenhagen se reaksie was dat Rhodes en die *Herald* dit natuurlik sou wou vergeet, maar "it will be the business of the Press of the Republics at least to see that the memory of the conspiracy is kept vividly alive, as an invaluable object lesson of the treachery that Africaner nationalism has been exposed to, and may be exposed to again."⁸⁶

Na die ondersoek na Rhodes se aandeel aan die Jameson-inval in die Britse parlement het *The Star* geskryf dat Chamberlain, Rhodes, Beit en Harris genoegsame sertifikate van die Britse laerhuis ontvang het "for personal honour and integrity" en dat die laerhuis Rhodes by die Britse volk gesuiwer het van sy oortredings. Borckenhagen het daarop verklaar dat die Engelse taal daaglik moeiliker geword het om te verstaan. Sir Wilfred Lawson het Chamberlain juis in die parlement veroordeel omdat hy 'n vrybuiters soos Rhodes 'n man van eer genoem het en dit nadat die kommissie van ondersoek bevind het dat hy sy onderhoriges mislei, bedrog gepleeg en bloedvergiëting, moord en verwarring veroorsaak het. Borckenhagen het sulke woorde as die beste antwoord aan "the reptile press of South Africa" beskou.⁸⁷

Die Transvaalse regering het in 1896 'n perswet aangeneem. Hierop het *De Express* weer soos in 1889 sy standpunt oor die verhouding tussen die pers en die regering gelug. Syns insiens moes regerings eerlike kritiek aanvaar, al was dit openhartig en selfs onbillik. Maar daar was 'n perk aan vryheid. 'n Deel van veral die Transvaalse pers het daardie grens van welvoeglikheid oorskry - erger as wat enige ander land onder dieselfde omstandighede sou toelaat. Transvaal se vrede en onafhanklikheid is bedreig en groot waaksaamheid was nodig. Tog het Transvaal toegelaat dat revolusie en sedisie gepredik word. Hy het *The Star* as voorbeeld genoem wat vir Britse susereiniteit en oppergesag oor Transvaal geveg het.⁸⁸ *The Star* het op sy beurt die republieke veroordeel en verklaar dat die pers en die volk se stem in die Vrystaat prakties gesmoor en ware republikenisme gedoem was en dit in 'n sogenaamde republiek van republieke. Borckenhagen het met verbasing geantwoord dat Vrystaatse koerante presies geskryf het wat hulle wou en Volksraadslede het onmiddellik geluister wanneer hulle kiesers gepraat het.

86. *Ibid*, 23 Julie 1897.

87. *Ibid*, 13 Aug. 1897.

88. *Ibid*, 11 Aug. 1896.

Hy het die verdraagsaamheid in die republieke gekontrasteer met die optrede van die Britse regering teen koerante: gedurende die Britse besetting van Transvaal is *De Volksstem* se redakteur, J. F. Cilliers, in die tronk gegooi, die Australiese redakteur van *Truth* is vervolgd weens laster van die Koningin, Ierse koerante is toegemaak en toerusting gekonfiskeer en Indiese redakteurs lank tronk toe gestuur. Transvaal het 'n perswet gehad, maar die twee koerante wat onderdruk is, *The Critic* en *The Star*, is onmiddellik onder 'n ander naam uitgegee. Die redakteur van *The Transvaal Advertiser* is net met R100 beboet weens erge laster. In die Vrystaat is *The Friend* wat in sy vroeër jare al die minagting en bespotting waartoe hy in staat was, op die regering uitgegiet het, toegelaat om sy gang vryelik te gaan.⁸⁹

Die imperiale pers se aanvalle op die Transvaalse regering het brandstof gekry met die aanname van die Perswet, die Wet op Uitsetting van Vreemdelinge en die Immigrasiewet in 1896. *The Cape Argus* het dit as 'n verbreking van die Londense Konvensie beskou, wat aan die Britse regering die reg sou gee om militêr in te gryp.⁹⁰ Selfs die Transvaalse regeringsblad, *De Pers*, was teen die Perswet gekant.⁹¹

Daar is ook nou begin, onder andere in *The Independent* en *The Natal Witness* om die Afrikanerdom as geheel aan te val, veral deur te beweer dat Afrikaners in die republieke en die Kaapkolonie besig was met 'n sameswering teen Britse opperheerskappy in Suid-Afrika.⁹² *The Star* het gepraat van "a powerful attempt .. to weld the Boers of South Africa together .. in opposition to .. British Imperialism."⁹³ Volgens die *Grahamstown Journal* kon daar geen sprake van samewerking en 'n goeie verstandhouding wees totdat die vae droom van 'n Afrikanernasie beslis laat vaar is nie. Borckenhagen het daarop geantwoord dat die teenoorgestelde waar was - daar kon slegs samewerking wees as die nog vaer droom van algehele Britse regering in Suid-Afrika laat vaar is.⁹⁴

De Express het gewys op die skewe beeld wat die Engelse publiek van Suid-Afrika gekry het deur "the boot-black

89. *Ibid*, 12 Okt. 1897.

90. Aangehaal in *De Express*, 2 Okt. 1896.

91. Aangehaal in *De Express*, 6 Okt. 1896.

92. Aangehaal in *De Express*, 29 Sept. 1896.

93. Aangehaal in *De Express*, 21 Des. 1897.

94. Aangehaal in *De Express*, 25 Jan. 1898.

journalism which has the audacity to identify itself with the name of this continent." Hulle het net gehoor van Suid-Afrikaanse spekulante, vrybuiters, hoë kommissarisse, sendelinge en stoomboot-eienaars, maar nooit van gebore Suid-Afrikaners wat deur hulle kultuur en karakter deur algemene stemreg uitgestyg het om die hoogste posisies van eer en verantwoordelikheid te beklee nie.⁹⁵ Syns insiens het pres. Reitz se oorsese besoek van 1894 hom die geleentheid gebied "of silencing .. the ignorance and unkindliness that every now and then - and lately more than ever - savagely assails 'Boerdom' in the English press."⁹⁶ Aan die anderkant het *De Volksstem* die Transvaalse regering se optrede feitlik deur die bank verdedig en imperialisme en die optrede van die imperialistiese pers veroordeel. *De Express* het as republikeinse orgaan dieselfde gedoen, maar het ook die Transvaalse regering se foute raakgesien en veroordeel. Dit is met begrip vir die regering se probleme gedoen, maar omdat Borckenhagen so bewus was waartoe foute deur Paul Kruger en sy regering kon lei, het hy nie gehuiwer om daarteen te waarsku nie. Terselfdertyd was dit ook vir hom duidelik wat die opposisiepers se doelstellings was en het hy gedurig met dié pers swaarde gekruis en die Transvaalse regering in sy pogings om die pers binne perke te laat bly, gesteun. Ten spyte daarvan dat dit nie die finansiële steun van kapitaliste soos dié pers geniet het nie, het die koerant finansiëel en andersins sy man in die stryd gestaan.

Om aan te toon teen watter magte *De Express* moes veg, is dit nodig om meer omtrent die imperialistiese koerante te wete te kom.

4.1 Imperialistiese koerante in die Kaapkolonie

Die Kaapse pers, met enkele uitsonderings soos *Ons Land* na 1896, het vir die materiële belange van die Kaapkolonie en Britse oppergesag in Suid-Afrika geveg en het in dié stryd vyandiggesind jeens die republieke, maar veral jeens die ZAR opgetree. Borckenhagen het hierdie koerante en by name *The Cape Times*, *The Cape Argus* en *The Eastern Province Herald* daarvan beskuldig dat hulle voortdurende beswadding van die ZAR die kans om 'n lening in die buiteland te bekom, bykans vernietig het. Die lenings is uiteindelik teen 'n baie hoë rentekoers bekom. Transvaal het dus geen rede tot

95. *De Express*, 22 Junie 1894.

96. *Ibid*, 2 Okt. 1894.

dankbaarheid teenoor die Kaapkolonie gehad nie. Hierdie pers het voortgegaan met vyandige optrede, byvoorbeeld deur Transvaal met Britse inmenging te dreig. Die gevolg was dat die Vrystaat ook sy verhouding met die Kaapkolonie in heroorweging geneem het. Borckenhagen het daarop gewys dat die Vrystaat steeds bereid was om met die Kaapkolonie saam te werk, soos in die geval van spoorweë, maar nie as Transvaal vyandiggesind behandel sou word nie. Die Vrystaat was nie bereid om ter wille van geld en handel te help om Transvaal se onafhanklikheid en politieke ontwikkeling teen te werk nie.⁹⁷ Na die Jameson-inval was die Vrystaters so wantrouig jeens die Kaapkolonie dat die spoorkonvensie met die Kaap met 'n oorweldigende meerderheid in die Volksraad opgesê is. *The Cape Times* het dit onmiddellik aan die manipulasie van 'n ultra-Transvaalse party wat die Nederlanders in Transvaal en veral die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM) gesteun het, toegeskryf in 'n artikel onder die opskrif "NZASM machinations successful. Free State throws over convention, good news for the Hollanders." Borckenhagen se reaksie was dat die rede vir die Volksraad se optrede "the Chartered conspiracy, hatched by the Colonial Prime Minister, virtually defended to-day by a majority of Cape Colonists in Parliament" was. ".. the *Times* special is utter fiction .." en solank die Kaapse koloniste nie hierdie "lying clan of jingoism, represented by the *Cape Times*" oorboord gooi nie, sou verhoudinge tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat nie herstel word nie.⁹⁸

Frederick York St. Leger het op 27 Maart 1876 vir die eerste keer *The Cape Times* uitgegee. Saam met hom op die redaksie was R. W. Murray wie se pa die stigter van *The Cape Argus* was. Van die begin af was die eienskappe wat die koerant spoedig die invloedrykste in Suid-Afrika sou laat word, reeds daar. In die "calmly argued first leaders" het dit oor die onregverdigheid van die anneksasie van die diamantveld gehandel. Daar was voortdurend dualisme in St. Leger se beleid. Hy wou 'n vriendskaplike verhouding tussen Engelse en Afrikaners kweek, maar het ook vasgekleef aan Britse ideale. Hy het aanvaar dat bande met Brittanje eendag verbreek sou moes word, maar het nie die mag van Afrikanernasionalisme, wat toe aan die opkom was, verstaan nie. Tog was hy gebalanseerd in sy siening van Suid-Afrikaanse sake. Hy het die Britse anneksasie van Transvaal aanvanklik

97. *Ibid*, 23 Okt. 1894.

98. *Ibid*, 26 Mei 1896.

verwelkom, maar dit later as "a monumental blunder" beskryf. Na Majuba het hy samewerking tussen Afrikaners, wat op brawe wyse gewen het, en Engelse aanbeveel en gepleit dat daar nie verbittering moes wees nie.⁹⁹ Van hom is daar geskryf: "The late Mr St. Leger raised the *Cape Times* to the position of the leading paper in the country and whilst under his personal control that paper was a safe guide to the peaceful development of South Africa."¹⁰⁰ In *The Friend* se lofrede na sy aftrede, is St. Leger se onafhanklikheid en besondere literêre styl geprys en is gesê dat sy hoofartikels bo alle ander in Suid-Afrika uitgestaan het.¹⁰¹

Selfs in St. Leger se tyd het Borckenhagen van *The Cape Times* gepraat as "that incarnation of Imperialism", en het dit hom verbaas dat die redakteur soms soveel gesonde verstand en versierendheid aan die dag gelê het, byvoorbeeld deur begrip te toon vir Transvaal se strewe na 'n eie hawe en die oorname van Swazi- en Amatonaland.¹⁰² In 1894 het *De Express* geskryf dat hoewel *The Cape Times* 'n goeie streep imperialisme weggehad het, die koerant darem gewoonlik gesteld was op onafhanklike optrede deur die Kaapkolonie. Ongelukkig het die *Times* ook begin om die Britse regering teen Transvaal op te sweep.¹⁰³ Later het *De Express* gepraat van "the always gentle *Cape Times*" wat Jameson se toespraak in Londen bevraagteken het waar hy gepraat het oor die ontwikkeling van die noorde. Volgens die koerant was daar in die Kaapkolonie nog te veel om te doen.¹⁰⁴

Na St. Leger se aftrede in 1895 het die koerant se beleid aansienlik verander. De Villiers skryf: "There was to be less of the clear perception which enabled the editor to see that the Imperial government was capable of making wrong decisions and at the same time that the Boers had a right to fight for their liberty." Ongelukkig het die koerant reeds aan die begin van die negentiger jare geldelike probleme ondervind en dr. Rutherford Harris het, namens Rhodes, 'n aandeel in die maatskappy wat die koerant besit het, verkry. Selfs onder hierdie omstandighede het St. Leger se onafhanklikheid bo verdenking gebly, maar sy opvolger,

99. *The Cape Times*, 15 Des. 1880, aangehaal in De Villiers, p. 200.

100. *Midland News*, 21 Maart 1901, aangehaal in De Villiers, p. 201.

101. *The Friend*, 28 Junie 1895.

102. *De Express*, 5 Nov. 1889.

103. *Ibid*, 30 Nov. 1894.

104. *Ibid*, 26 Febr. 1895.

Edmund Garrett, se verbintenis met Rhodes het kommer gewek. Garrett is spesifiek in Londen deur Rhodes as redakteur gewerf. Met tipiese humor het Borckenhagen geskryf dat hy ter wille van sy "chest, either pulmonarily or financially" gekom het.¹⁰⁵ Garrett was inderdaad 'n teringlyer.¹⁰⁶ W. T. Stead, redakteur van die Britse *Review of Reviews* en Garrett se leermeester, het hom beskryf as "a British journalist of the very first rank" en een van die "brightest and best sons of the morning" - na Rhodes.¹⁰⁷ De Villiers haal 'n aantal persone aan om aan te toon dat Garrett wel volle beheer oor die koerant gehad het en dat hy hom nie deur Rhodes laat voorskryf het nie, maar hy het Rhodes tog besonder aktief gesteun. Garrett self het gesê hy het nie nodig gehad om omgekoop te word om die Engelse se kant te kies nie. "If bought, it was bought by the public ..".¹⁰⁸ Toe Rhodes aan die begin van 1897 na Engeland is vir sy verhoor, het Garrett hom vergesel om hom by te staan, en volgens Borckenhagen ook om die Britse openbare mening te bearbei: " .. what Mr Garrett does not know in the way of twisting facts nobody .. can teach him."¹⁰⁹

Terwyl Garrett oorsee was, het St. Leger weer as redakteur van *The Cape Times* waargeneem en dadelik het die toon van die koerant verander. Terwyl ander Rhodes-blaaie voorgegee het dat die Afrikaners Rhodes gesteun het en dat daar nie noemenswaardige demonstrasies teen Rhodes was nie, het *The Cape Times* geskryf dat daar niks deur Engelse koerante gewen kon word deur die werklikheid van demonstrasies teen Rhodes te ontken nie. Ook nie deur mnr. Hofmeyr met minagting te behandel wanneer hy bevestig het hoeveel mense daaraan deelgeneem of hoe belangrik hulle was nie.¹¹⁰

Na Garrett se terugkeer het hy op sy ou trant voortgegaan. Hy het byvoorbeeld van die "besotted state of Pres. Kruger's mind" gepraat¹¹¹ en die spoorwegaanbouders van Soutrivier aangehits om met hulle kamerade in die noorde teen die Afrikaners saam te staan.¹¹²

105. *Ibid*, 19 April 1895.

106. Pakenham, p. 252.

107. *De Express*, 19 Apr. 1895.

108. De Villiers, pp. 201 - 204.

109. *De Express*, 12 Jan. 1897.

110. Aangehaal in *De Express*, 29 Jan. 1897.

111. Aangehaal in *De Express*, 20 April 1897.

112. Aangehaal in *De Express*, 23 April 1897.

Garrett was die redakteur wat Borckenhagen die skerpste veroordeel het, veral weens sy openlike bevordering van Rhodes se doelstellings. Heel aan die begin het hy Borckenhagen se argwaan gewek deur sy hooghartige houding. Volgens hom was oorsese joernaliste verhewe bo plaaslikes. Borckenhagen het daarop gewys dat St. Leger nooit op so 'n wyse van ander redakteurs sou praat nie.¹¹³ Hy het Garrett daarop gewys dat 'n koerant die openbare mening moes weerspieël en het hom gewaarsku dat as hy so eerlik was as waarop hy geroem het, hy hom nie met wat hy genoem het die korrupte Rhodes sou vereenselwig nie. "If he thinks he is going to purify Rhodism he is mistaken; for nothing purify that which is corrupt to start with." Daar was volgens hom maar min joernaliste in Suid-Afrika "who have not bowed the knee to any financial Baal. .. And it is to this honest remnant that a journalist of Mr. Garrett's high regard for himself ought to address himself if he wants to do any good. He would starve over it, of course; but starvation should be nothing to the people of high principles."¹¹⁴

Dat Garrett nie sy raad sou aanneem nie, het hy gou besef. Volgens hom het hierdie ingevoerde joernaliste hulself geroepe gevoel om deur middel van Rhodes of Robinson se miljoene die uitbreiding van die evangelie van Engelse invloed deur Engelse ponde te preek. In Rhodes het Garrett iemand gesien wat sou help om van die hele Suid-Afrika 'n Britse kolonie te maak. Sommer gou het Garrett met "brutale openhartigheid" voorspel dat Johannesburg se bevolking Rhodes se planne in Transvaal sou verwerklik (hy was reeds ingelig oor hierdie planne van Rhodes) en dat die Vrystaat soos 'n ryp peer in Britse skoot sou val. Borckenhagen het daarop gewys dat hy die Afrikaner se taal, volk en alles wat vir hom dierbaar was, misken en verag het. Dit was dus nie vreemd dat St. Leger nie kans gesien het om hierdie rigting te volg nie.¹¹⁵ Heelwat later het Borckenhagen ook geskryf dat Garrett werk vir Rhodes gedoen het waarvoor St. Leger hom sou skaam.¹¹⁶

Borckenhagen het Garrett besonder arrogant gevind en gespot dat die Britse regering nie 'n hoë kommissaris in sir Hercules Robinson se plek moes stuur nie - daar was sommer een in Kaapstad, naamlik Garrett. " .. the young man is

113. *De Express*, 2 Julie 1895.

114. *Ibid*, 28 Junie 1895.

115. *Ibid*, 9 Julie 1895.

116. *Ibid*, 31 Aug. 1897.

really running the Imperial Show to perfection". Hy het vermoed dat die hoë kommissaris ook al moeg was vir hierdie selfaangestelde direkteur-generaal van Suid-Afrikaanse sake en ere-admiraal van die vloot.¹¹⁷

Die meeste Kapenaars was uitermate verbaas toe hulle eerste minister, sir Gordon Sprigg, tydens koningin Victoria se Jubileumfees 'n oorlogskip namens die Kaapkolonie aan Brittanje aangebied het. W. T. Stead, redakteur van die Britse *Review of Reviews* en Garrett se leermeester, wat saam met Garrett intens betrokke was by Rhodes se sameswering, het onthul dat dit eintlik Garrett was wat die idee gekry het. Hy het ook beweer dat Garrett se aanstelling by *The Cape Times* oneindig belangriker vir die Britse Ryk se toekoms was as die terugkeer van lord Rosmead (voorheen sir Hercules Robinson) na Suid-Afrika as hoë kommissaris. "This offer of the ironclad from the Cape is but the latest illustration of the patriotic service which an intelligent and resolute journalist can render to the Empire", het hy geskryf, waarop Borckenhagen gevra het: waarom nog 'n hoë kommissaris aanhou?¹¹⁸

The Cape Argus het die Kapenaars se verbasing oor die aanbod van die oorlogskip verwoord deur op te merk dat Sprigg nie die toestemming van die partyleiers kon gehad het vir so 'n stap nie en dat hy nie oor die gesag beskik het om so 'n belofte te maak nie.¹¹⁹ Die koerant het later teruggekrabbel en verduidelik dat Sprigg eintlik 'n baie slim politikus was. Hy het geweet dat die parlement nie die geskenk sou goedkeur nie, maar deur die skip aan te bied, het hy prestige verwerf. Borckenhagen het skertsend bespiegel dat sake dalk heeltemal anders kon verloop. Die parlement kon toestemming gee "which suggest that, whilst everything has an end, a sausage and an ironclad generally two, this ironclad could have three!"¹²⁰ Hierdie skipstorie het Borckenhagen baie geamuseer en gesorg vir dramatiese verligting van die gespanne toestand in Suid-Afrika. *The Eastern Province Herald* het die eienaardige beskuldiging teen *De Express* ingebring "of having permitted the contribution, provided the troops were withdrawn". Borckenhagen het geantwoord dat die koerant weer aan die droom was. *De Express* het 'n grap van die hele

117. *Ibid*, 28 April, 1896.

118. *Ibid*, 14 Sept. 1897.

119. Aangehaal in *De Express*, 16 Julie 1897.

120. *De Express*, 27 Julie 1897.

aangeleentheid gemaak omdat dit so snaaks was.¹²¹ Die Kaapse parlement het Sprigg se aanbod aan Brittanje verwerp en Garrett het in *The Cape Times* gesê dat die idee om die skip te gee, 'n desperate poging was om imperiale patriotisme aanvaarbaar te maak. Borckenhagen het dit weer as 'n poging beskou om 'n ondraaglike imperiale las op Afrikanerskouers te laai.¹²²

Toe C. E. Finlason in 1898 as redakteur van *The Star* bedank het, was F. J. Dormer, wat hewig van die Argus-groep se raad van direkteure oor die aanstelling van 'n redakteur verskil het, baie bekommerd dat Rhodes daarop sou aandring dat Garrett aangestel word. Dormer het Garrett beskryf as "that glib but hysterical personage" en van hom gesê: "None could deny the gentleman's capacity to furnish reams of bright and picturesque copy which a judicious editor would use or otherwise according to his discretion, but I ventured to think that a man with a weak chest and strong convictions, particularly when they did not accord with my own, would not make an ideal editor ..".¹²³ Hy het net so min as Borckenhagen van Garrett gehou. Aan die anderkant het Garrett Borckenhagen afgekraak, selfs na sy dood. Hy het geskryf dat Borckenhagen die Britse kroon en verbintenisse met die Kaap beëindig wou sien en 'n Boererepubliek oor die hele Suid-Afrika gevestig wou hê. Sy droom was gevaarliker as Rhodes se konsekwente beleid om te verenig wat verenigbaar was terwyl kolonies kolonies en republieke republieke sou bly. *De Express* het dit as groteske onwaarheid bestempel daar Rhodes al in 1891 die republieke as struikelblokke bestempel het en voor die Jameson-inval in 'n telegram gesê het dat Suid-Afrika aan die Britse Ryk sou behoort.¹²⁴

The Cape Argus het op 3 Januarie 1857 tot stand gekom en op 5 April 1880 'n dagblad geword. In 1878 het Francis Joseph Dormer sub-redakteur van die koerant, wat aan Saul Solomon behoort het, geword en in Julie 1881 het hy met die geheime geldelike steun van Rhodes beheer oor die koerant oorgeneem. Teen daardie tyd het Rhodes reeds sy fortuin op die diamantveld gemaak en was hy parlementêre kandidaat vir die kiesafdeling Griekwaland-Wes. Hy het gemeen die steun van 'n koerant sou 'n groot hulp wees om sy ideale te bereik.¹²⁵ In

121. *Ibid*, 27 Julie 1897.

122. *Ibid*, 31 Des. 1897.

123. Neame, p. 120.

124. *De Express*, 15 Febr. 1898.

125. Neame, pp. 19 - 20.

1886 het Dormer die maatskappy wat die koerant uitgegee het, gekoop.

Dormer was dit met Rhodes eens dat samewerking met die Afrikaners gesoek moes word. Hy was ook 'n vertroueling van Jan Hofmeyr. Volgens De Villiers was Hofmeyr ontevrede met die Bond se ultra-republikanisme en wou hy die vereniging van binne af beïnvloed. Hy het gematigde Engelsmanne soos Dormer in sy vertroue geneem.¹²⁶

Dormer is na die ontdekking van goud Transvaal toe waar hy saam met die eienaars van *The Eastern Star*, die Sheffield-broers, die Argus Printing and Publishing Co. gestig het wat beide bogenoemde koerant en die Kaapse *Argus* beheer het. Rhodes se naam verskyn nie in die lys van aandeelhouders nie, maar die 7 371 aandele wat in die naam van Duncan McDonald gekoop is, het waarskynlik aan hom behoort.¹²⁷

Edmund Powell het Dormer as redakteur van *The Cape Argus* opgevolg. Hy was polities onderleg, het goeie hoofartikels geskryf en was vriendelik, maar het nie Dormer se dryfkrag gehad nie. Hy wou niks publiseer wat aan enigeen aanstoot sou gee nie, aldus L. E. Neame.¹²⁸ *The Cape Times* was die invloedrykste koerant aan die Kaap, maar *The Cape Argus* het staande gebly en die twee het ooreen gekom dat die *Times* soggens en die *Argus* middae sou verskyn.¹²⁹ Beide het Rhodes en imperialisme ondersteun en aanvalle op die republikeke gedoen. Aangesien die Vrystaat baie korrek opgetree het, was die ergste wat *The Cape Argus* teen die Republiek kon inbring dat pres. Steyn in sy openingstoespraak voor die Volksraad van die ernstige na die ligsinnige geskarrel het.¹³⁰ *The Cape Times* het weer die spot gedryf met pres. Steyn se mening dat Greykollege 'n universiteit vir Suid-Afrika kon word.¹³¹

In 1897 het R. J. Pakeman, vroeër van *The Star*, *The Cape Argus* se redakteur geword. Borckenhagen het Pakeman en *The Star* beskryf as "fearless defenders of the glorious privilege of disseminating naked treason" wat gedurig op Britse oppergesag staat gemaak het om hulle te verdedig en ook "the most disgusting lot of sedition-mongers that ever

126. *Ibid*, p. 22; De Villiers, p. 193 - 194.

127. De Villiers, p. 195.

128. Neame, p. 114.

129. *Ibid*, pp. 41, 110 en 114; De Villiers, p. 195.

130. *De Express*, 13 April 1897.

131. *Ibid*, 20 April 1897.

soiled clean paper."¹³² Verder het Borckenhagen geskryf dat dit jammer was dat 'n persoon soos Pakeman aan die pers verbonde was. Hy het gedurig nuus gefabriseer, byvoorbeeld dat die Engelse Inyak-eiland by Delagoabaai verower het en Borckenhagen het voorgestel dat hy liever sy kreatiewe verbeelding elders met vrug moes aanwend. Volgens Borckenhagen was hy gelukkig om vir die Kaapse publiek te skryf - hulle sou alles glo wat hy opdis.¹³³ Pakeman is deur Ralley opgevolg en dadelik het Borckenhagen opgemerk dat *The Cape Argus* skaars herkenbaar was. Ralley het die oorheersing van geldmag in die politiek veroordeel en na sir James Sivewright as voorbeeld van 'n persoon wat eie gewin bo landsbelang gestel het, verwys.¹³⁴

The Eastern Province Herald van Port Elizabeth was een van die invloedrykste imperialistiese koerante in die Oos-Kaap. Die blad se vyandskap jeens die Transvaalse regering het veral daaruit gespruit dat Transvaal Durban en Delagoabaai bo Port Elizabeth as hawe verkies het. Hy was ook baie vyandiggesind jeens *De Express* omdat Borckenhagen eerder wou sien dat die Vrystaat Oos-Londen as Port Elizabeth as hawe gebruik. Afgesien van die blad se steun aan imperialisme, het materialisme 'n groot rol in sy beleid gespeel. By ontvangs van 'n pamflet getiteld "Ninety-Six in South Africa" wat deur die *Herald* uitgegee is, het Borckenhagen aanbeveel dat almal "who like plain fact to be liberally diluted with georgeous fiction" dit lees. "A writer who can say in cold blood that 'Mr. Rhodes had nothing to do with the raid' shows really transcendent power ..".¹³⁵ Die blad het beweer dat Brittanje die reg gehad het om die Londense Konvensie te interpreteer soos hy wou en sy mening kon afdwing omdat hy sterker as Transvaal was.¹³⁶

Daar is reeds gewys op die verandering van beleid by ds. S. J. du Toit se *Patriot*. Ds. du Toit het in 1896 ook *Het Dagblad* gestig. Dit was die eerste eentalige Hollandse dagblad in Kaapstad en was pro-Brits.

Volgens *The South African Telegraph* is daar 'n vergadering in die kantoor van J. D. Logan, "the advocate of the complot and the Jameson raid" gehou waar oor die belangrikheid van

132. *De Express*, 30 Maart 1897.

133. *Ibid*, 25 Mei 1897.

134. *Ibid*, 9 Julie 1897.

135. *Ibid*, 5 Jan. 1897.

136. *Ibid*, 23 April 1897.

die Afrikaanse pers vir die Rhodes-groep gepraat is. Logan sou die finansies vir so 'n koerant verskaf. *De Express* het dit nie as 'n verrassing beskou nie: "Everybody who knows the fuel by which printing machinery is made to go in South Africa, knows the inward reason of the policy of the *Paarl, Patriot* and *Dagblad* - their silence after the Jameson raid; their lame defence of Rhodes and constant attacks on the Transvaal Government . . . what is perfectly amazing, if not revolting - is the shamelessness with which these Rhodes reptiles fling their venom at the little independent journalism this country is still blessed with."¹³⁷ Van *Het Dagblad* en *Di Patriot* het Borckenhagen gesê dat hulle onder die mees volhardende aanbidders van Rhodes en lasteraars van die Transvaalse regering getel het.¹³⁸ Wat Borckenhagen betref, het die *Dagblad* geensins die Afrikanermening verteenwoordig nie, maar Rhodes-geld en, volgens hom, dié van sy "jakkalse".¹³⁹ Ds. du Toit was nie eerlik oor sy verhouding met Rhodes nie en het ook die Engelse pers mislei oor wat die Afrikaners se gevoelens was.¹⁴⁰

Di Patriot en *Het Dagblad* het bekend gemaak dat hulle geen oordeel oor Rhodes se optrede en die Jameson-inval wou uitspreek voordat alles nie bekend was nie. Nadat die Britse parlementêre kommissie van ondersoek se verslag openbaar gemaak is, het *Het Dagblad* belowe om 'n oorsig oor die gebeure te gee, maar dit jammer gevind dat al die feite nie vrygestel is nie. Hierop het *De Express* geantwoord: "This, we are afraid, will lead to the *Dagblad's* perpetual suspension of judgment. At least for so long as the beneficent Chartered waters continue to fructify the *Dagblad's* acres."¹⁴¹

Ds. du Toit het ontken dat hy onder Rhodes se invloed was of dat hy geldelik deur hom gesteun is, maar die openbare mening het anders gedink en dit het bygedra tot die koerant se ondergang.¹⁴² J. H. Hofmeyr skryf in die biografie oor sy oom en naamenoot dat daar briewe van ds. du Toit in die besit van Onze Jan was wat dit byna onweerlegbaar gemaak het dat Rhodes 'n geldelike belang in *Di Patriot* verkry het en dat Du Toit dus verplig was om Rhodes se siening te

137. *Ibid*, 1 Sept. 1896.

138. *Ibid*, 4 Sept. 1896.

139. *Ibid*, 2 Okt. 1896.

140. *Ibid*, 5 Jan. 1897.

141. *Ibid*, 13 Julie 1897.

142. De Villiers, pp. 250 - 252.

onderskryf. Ook hy beweer dat *Het Dagblad* met Rhodes se hulp uitgegee is.¹⁴³

Die Afrikanerbond, wat deur ds. du Toit gestig is, het sy stigter daarvan beskuldig dat hy die Afrikanerdom wou verdeel sodat Rhodes weer 'kon regeer. Die Bond het ook sy koerante se verering van Rhodes en aanvalle op die republieke veroordeel.¹⁴⁴

Toe ds. Dirk van Velden as redaksielid van *Het Dagblad* bedank het, het Borckenhagen hom geluk gewens en gesê dat die verering van die *Chartered Company* en die moddergooiery van sy eie mense nie die werk vir 'n opgevoede Afrikaanse heer was nie.¹⁴⁵ Van Raalte van *De Burger* het ds. van Velden by *Het Dagblad* opgevolg en *De Express* het opgemerk dat dit reg was, want soort soek soort. Hy het ook beweer dat alle opregte Afrikaners vir ds. du Toit se blaaië bedank het.¹⁴⁶ Ds. du Toit het ook *De Kolonist* uitgegee. In 1897 het *De Express* berig dat die blad gratis onder Bondstakke versprei is en geskerts dat dit nie sou help nie - ds. du Toit sou mense goed moes betaal om die blad te lees.¹⁴⁷

Het Dagblad is in opposisie tot *Ons Land* gestig, maar omdat dit uit voeling met die Afrikaners was, moes dit op 30 September 1898 gestaak word. Dit is met *De Kolonist* verenig.¹⁴⁸

4.2 Imperialistiese koerante in Transvaal

Intussen het Dormer *The Eastern Star* in Johannesburg oorgeneem. By die stigtingsvergadering van die Argus Printing and Publishing Company op 25 Februarie 1889 is Rhodes deur J. B. Curry verteenwoordig. Hy, J. B. Robinson, H. Eckstein, E. Lippert en Goldfields of South Africa, was die grootste aandeelhouders. Mynmagnate het op daardie stadium 37 009 van die 100 000 aandele besit. Later het die magnate Barney Barnato en sy familieledede, Wolff en S. B. Joel die meeste aandele besit. Teen 1897 is al die aandele deur goudmynmagnate besit. Vanaf 1 April 1889 het die

143. Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*, pp. 563 - 564.

144. *De Express*, 15 Sept. 1896.

145. *Ibid*, 22 Okt. 1897.

146. *Ibid*, 1 Jan. 1898.

147. *Ibid*, 23 Nov. 1897.

148. *Ibid*, 4 Okt. 1898.

Johannesburgse koerant bekend gestaan as *The Star* en sedert 1 Julie van dieselfde jaar het dit 'n dagblad geword.

Van die anti-regeringskoerante in Transvaal was *The Star* die invloedrykste. Die blad het die grootste sirkulasiesyfer in Transvaal gehad, en sy lesers was meestal Engelssprekendes aan die Witwatersrand. Die koerant is deur kapitaliste gefinansier en daar was dus volop geld om die beste joernaliste, masjinerie en verspreidingsnetwerk te kon bekostig. Dit het vanselfsprekend die menings van die goudmynbase en 'n gedeelte van die Uitlanders aan die Rand verteenwoordig en *The Star* is vir die bevordering van goudbelange aangewend. Regeringsbeleid, veral die toekennings van spoorweg- en dinamietkonsessies en wetgewing wat teen die Uitlanders en hulle pers gemik is, is as stremmend vir die voordeligste ontginning van goud beskou en veroordeel.¹⁴⁹

F. J. Dormer was vanaf 1890 tot 1895 redakteur van *The Star*. Hy was gematigd en was die Boere goedgesind. Verder was hy pgekant teen Britse anneksasieplanne vir Transvaal en het hy 'n goeie verhouding met die Transvaalse regering gehad.

In Augustus 1890 het hy hom soos volg uitgespreek teen die Swazilandse konvensie wat deur Brittanje op Transvaal afgedwing is: "To the true patriots of this country, and to the Englishmen, who, having thrown in their lot with the Boer, are determined to maintain the independence of the State, and to secure for it its rightful heritage, some of the provisions of the Convention appear little short of monstrous."¹⁵⁰ In 1891 het *De Express* met verbasing 'n artikel uit *The Star*, wat hy as een van die vernaamste Engelse blaade beskryf het, aangehaal. Daarin veroordeel die koerant Randolph Churchill se siening van Afrikaners en die toekoms van Suid-Afrika en prys die Transvalers se beleid jeens Swartes terwyl die Britse kolonies se beleid veroordeel word. Die beleid is ook deur Engelse wat lank in die land bly, aanvaar, word gesê.¹⁵¹

Hoewel Dormer steeds 'n goeie verhouding met die regering gehad het, het hy 'n meer kritiese toon aangeslaan toe hy besef het dat die regering nie van plan was om na die Uitlanders se griewe te luister nie. Uitgesproke artikels is

149. Strauss, pp. 9 - 17.

150. Aangehaal in *The Friend*, 15 Aug. 1890.

151. Aangehaal in *De Express*, 29 Sept. 1891.

geplaas. In Junie 1894 het *The Star* vet opskrifte gebruik om Johannesburgers aan te por om 'n petisie vir stemreg te teken. Volgens *De Express* was die koerant besig om oproer te stig.¹⁵² In 1895 het Dormer onverwags as redakteur bedank. Hy en sy mede-direkteure het verskil oor die houding wat jeens die regering ingeneem moes word.

Hy het nie met Rhodes se beleid saamgestem nie en het later in sy boek *Vengeance as a Policy in Afrikanderland - a Plea for a new Departure* geskryf dat hy gevoel het die Argus-koerante begin het om 'n beleid te steun wat probleme in Suid-Afrika sou skep. Hy wou hê dat Rhodes geen invloed op die beheer van die koerantorganisasie moes uitoefen nie en het aangebied om al sy aandele te koop, maar dis van die hand gewys.

F. H. Hamilton het hom opgevolg. Hy was baie krities jeens die regering en het Dormer se beleid van "progressive republicanism" laat vaar. Hy was een van die lede van die *Reform Committee* van die Uitlanders wat die opstand in Johannesburg beplan het wat met die Jameson-inval moes saamval.¹⁵³ *The Star* het 'n belangrike rol in die opstand gespeel en was ingelig oor Rhodes se planne vir 'n inval. Hamilton is saam met die ander opstandslieiers in hegtenis geneem. Was dit met profetiese insig dat Borckenhagen in Mei 1895 van *The Star* gepraat het as "the representative of Rhodian intriguers on the one hand and the promoter of factitious political agitation on the other?"¹⁵⁴

Na die mislukking van die Jameson-inval en die opstand het R. J. Pakeman redakteur geword en Joseph Dunne, voormalige redakteur van die *Natal Advertiser* assistent-redakteur. Van laasgenoemde aanstelling het *De Express* geskryf: "The *Advertiser* being one of the most rampant Jingoistic publications, and notorious for the circulation of unreliable, impossible cock-and-bull stories, the *Star* will no doubt profit by the change in the wrong direction."¹⁵⁵ *The Star* se kritiek teen die regering het feller geword en daar is gereeld redes aangevoer waarom Brittanje in Transvaal moes inmeng. Die regs krisis in 1897 was een so 'n

152. *De Express*, 26 Junie 1894.

153. Neame, pp. 49 - 87; Clark, James (red.), *Like it was - The Star 100 years in Johannesburg*, pp. 12 - 26.

154. *De Express*, 3 Mei 1895.

155. *Ibid*, 29 Mei 1896.

geleentheid. *The Star* het oorlog in die vooruitsig gestel en die Vrystaat gewaarsku dat sy hulp aan Transvaal van geen belang vir die republikeinse saak sou wees nie. "The next South African readjustment, if it has to be one by force of arms, will be no child's play on the part of the paramount Power. If that paramouncy (sic!) has to be asserted, it will be done in a manner that will for ever remove the necessity of a repetition of the operation", het die koerant geskryf.¹⁵⁶ Net hierna is 'n spesiale kabelgram van *The Daily Chronicle* gepubliseer waarvolgens Brittanje besluit het om oorlog teen Transvaal te maak.¹⁵⁷ Geen wonder dat *De Express* van *The Star* as die professionele kwaadstoker gepraat het nie.¹⁵⁸ In teenstelling met *The Star* het *De Express* berig dat die konferensie tussen die twee republieke wat op daardie tydstip in Bloemfontein aan die gang was, die behoefte aan vrede beklemtoon het. By die regerings en burgers van die republieke was daar 'n hartlike begeerte na vrede.¹⁵⁹

Volgens *De Express* sou niemand verbaas wees as die Transvaalse regering *The Star* onderdruk nie, maar dit sou nie help nie. Daar sou maar net 'n ander in sy plek kom. Borckenhagen het geskryf: "*The Star* is, of course, representative in its way - representing treason, manufactured unrest, revolution, disloyalty, contempt of all that is not Jingoistic English ..".¹⁶⁰ Die Transvaalse Volksraad het kragtens die Perswet van 1896 die koerant vanaf 24 Maart 1897 vir drie maande onderdruk. Dormer, wat tot die middel van 1897 *The Star* se redakteur was, het later in sy boek waarna hierbo verwys is, geskryf dat die sluiting van die koerant geregverdig was en dat "the seditious excesses of the uitlander papers are .. beyond all bounds."¹⁶¹ Op 25 Maart het die Argus-maatskappy *The Comet* met Dormer as redakteur uitgegee en voortgegaan met sy aanvalle op die regering. Daar is appèl aangeteken teen die onderdrukking van *The Star* en die hof het gelas dat die verbod teruggetrek moes word. *The Star* het weer op 15 April 1897 verskyn. Met Dormer as redakteur is 'n meer gematigde toon aangeslaan. In Julie 1897 het Dormer weer eens bedank nadat die aandeelbeurs *The Star* daarvan beskuldig het dat sy

156. Aangehaal in *De Express*, 12 Maart 1897.

157. Aangehaal in *The Friend*, 16 Maart 1897.

158. *De Express*, 9 Maart 1897.

159. *Ibid*, 19 Maart 1897.

160. *Ibid*, 26 Maart 1897.

161. Dormer, F. J., *Vengeance as a Policy in Afrikanderland*, p. 25, soos aangehaal in De Villiers, p. 318.

berigging en kommentaar daarop gemik was om die aandelemerk te manipuleer. Borckenhagen se kommentaar op die groot aantal redakteurs wat *The Star* die voorafgaande vyf jaar gehad het, was dat dit by die koerant amper soos in Frankryk gegaan het waar daar elke ses maande 'n nuwe ministerie was.¹⁶² Dormer is deur C. E. Finlason en W. F. Moneypenny opgevolg. Die koerant het voortgegaan om die regering te kritiseer en Uitlandergriewe en Britse oppergesag het voorrang geniet. *The Star* het baie bygedra tot die polarisasie tussen Afrikaners en Engelse en het 'n oorlogsklimaat geskep.

Ander anti-republikeinse koerante wat bygedra het tot hierdie polarisasie en die Transvaalse regering met venyn aangeval het, was die Uitlanderblad *The Transvaal Critic* met Gustave Halle en Henry en Leopold Hess as redakteurs en *The Transvaal Leader* met R. J. Pakeman, vroeër van *The Star* as redakteur. So blatant was Pakeman se kritiek op die regering dat hy vir hoogverraad gearresteer is.¹⁶³ Dan was daar die *Transvaal Advertiser* van Pretoria "which would rejoice to see the Union Jack planted anywhere - even in the infernal regions" - aldus Borckenhagen!¹⁶⁴

J. A. Hobson wat in 1899 na Suid-Afrika gekom het as korrespondent van die *Manchester Guardian*, het in sy boek, *The War in South Africa* geskryf dat Rhodes en sy mede-kapitaliste die pers gebruik het om politieke mag in die Transvaal te bekom. Hy skryf: "Since the Jameson Raid the entire weight of the capitalist press has been thrown into the scale of a drastic Imperialist policy, the 'constitutional means' Mr. Rhodes, with or without the consent of Mr. Chamberlain, had devised .. When the capitalists of the Rand had determined upon a coup, and possessed the full assurance that the British Government was behind them, they redoubled their efforts to precipitate a crisis. For this purpose notable changes were made in the press of Johannesburg. The directors of the *Star* imported a young and vigorous journalist Mr. Moneypenny, to aid in bringing matters to a crisis .. an addition to the militant press was made in the establishment of *The Transvaal*

162. *De Express*, 16 Julie 1897.

163. Neame, p. 128.

164. *De Express*, 8 Mei 1895.

Leader." Hierdie koerant se houding "engendered discord" en was "outrageous in its language of insult."¹⁶⁵

4.3 'n Afrikaanse opposisiekoerant in Transvaal

Die enigste Nederlandse opposisiekoerant in Transvaal was *Land en Volk*. Ewald Esselen en ander ondersteuners van Piet Joubert het Eugène Marais, toe maar neëntien jaar oud, in 1890 oorreed om redakteur van die koerant te word. In 1891 het hy en Jimmy Roos die koerant gekoop en in 1892 het hy Roos se aandeel ook uitgekoop. Omdat sy inkomste klein was, het Marais terselfdertyd ook vir die *Transvaal Advertiser*, 'n venynige anti-regeringskoerant en die regeringskoerant, *The Press* gewerk. Hy het blykbaar geen gewetensbeswaar daarteen gehad om vir twee opposisiekoerante te skryf nie. *Land en Volk* het nie 'n groot sirkulasie gehad nie en was dus ook nie finansieel 'n sukses nie. Om meer lesers te werf, het Marais besluit om Afrikaans in die koerant te gebruik. Aanvanklik was daar min reaksie, maar weldra het die sirkulasiesyfers van *Land en Volk* gestyg. Marais, wat liberaal en progressief was, was lief vir Transvaal, maar ontevrede met die Kruger-regering wat hy as bekrompe beskou het. Na Joubert se nederlaag met net 800 stemme teen Paul Kruger in die 1893-presidentsverkieping, was Marais verbitterd en vol haat en het die regering, wat hy as korrup beskryf, genadeloos aangeval. *Land en Volk* het tot op hierdie stadium met geldelike probleme te kampe gehad. Die Uitlanderbeweging in Johannesburg het dit oorweeg om Joubert en sy mense geldelik te steun om sy eie saak te bevorder. Versigtige voelers is na *Land en Volk* uitgesteek en Vaylor van die Uitlanderbeweging het met Marais begin onderhandel oor finansiële steun. Marais het in Augustus 1893 saam met Charles Leonard en Uitlander-miljoenêrs in Johannesburg gaan eet en het *Land en Volk* vir R5 000 aan hulle verkoop. Ook hierdie koerant was dus nie onafhanklik nie. Marais het redakteur gebly, maar hy was versigtig om nie sy verbintenisse met die Uitlanders te laat uitlek nie.

Tydens Desember 1895 het *Land en Volk De Express* aangeval omdat hy Steyn as presidentskandidaat gesteun het en gesê dat hy die land aan die Nederlandse spoorwegmaatskappy in Transvaal uitlewer. Hy het ook beweer dat die Vrystaat nie 'n patent vir plofstof wou erken nie omdat hy deur Transvaal omgekoop is om die dinamietkonsessie te steun. Omkoperij was

¹⁶⁵. Hobson, J. A., *The War in South Africa*, pp. 206 - 210, soos aangehaal in De Villiers, pp. 325 - 330.

volgens hom die gewone metode van die Kruger-regering. Borckenhagen het sy aantygings as oneerbare en gemene verdigsels bestempel wat hy geskryf het ten spyte daarvan dat hy die ware feite uit betroubare bronne kon bekom. *Land en Volk* was syns insiens 'n berugte koerant en Marais 'n verdagmaker wat aan *De Express* wou voorskryf oor die republikeinse saak terwyl hy niks anders gedoen het as om Afrikaners te verdeel nie.¹⁶⁶

Na die Jameson-inval was Marais verplig om sy verbintenisse met die Johannesburgse kapitaliste te verbreek. Aan die einde van 1896 het hy die redakteurskap van die koerant neergelê en oorsee vertrek. Hy het J. Y. O'Brien, voorheen redakteur van *De Pers*, as redakteur aangestel.¹⁶⁷ In 1897 het Borckenhagen berig dat dit bekend geword het dat *Land en Volk*, wat deur Rhodes in die ondersoek na sy aandeel in die Jameson-inval die eerlike Hollandse teenstander van die Transvaalse regering genoem is, se sub-redakteur, F. C. Falconer, die "berugte" korrespondent van *The Cape Times* in Transvaal was. Dit het Borckenhagen se geloof dat *Land en Volk* kapitalistiese belange gedien het, versterk. "The capitalistic press organisation is even more perfect than we imagined ..".¹⁶⁸

4.4 Imperialistiese koerante in Natal

Die Engelse koerante in Natal, byvoorbeeld *The Natal Witness*, *The Natal Mercury*, *The Natal Advertiser*, 'n koerant wat na die Jameson-inval wou hê Brittanje moes groot troepeversterkings na Suid-Afrika stuur om Transvaal te konfronteer met die "final answer"¹⁶⁹ en *Times of Natal* was tipiese imperialistiese koerante. Borckenhagen het die *Natal Advertiser* "the most rampant Jingoistic publication" genoem. Toe A. G. Rose, sub-redakteur van *The Friend* as redakteur van die koerant aangestel is, het Borckenhagen die hoop uitgespreek dat hy iets sou doen om die "abysmal ignorance and insensate prejudice" van die Natalse koerante teen te werk.¹⁷⁰ Vroeër was koerante soos die *Witness* en *Mercury* meer gematigd. John Robinson, redakteur van *The Natal Mercury* van 1860 - 1893 toe hy goewerneur van Natal geword het, het wel nie begrip vir Afrikaner-aspirasies

166. *De Express*, 17 Des. 1895.

167. Rousseau, pp. 45 - 48, 51, 55, 68, 73 - 75. 102 en 105.

168. *De Express*, 9 April 1897.

169. Aangehaal in *De Express*, 31 Maart 1896.

170. *De Express*, 16 Junie 1897.

gehad nie en gemeen die Afrikaners sou hulle sonder meer aan Britse gesag onderwerp, maar hy het Afrikaners verdedig teen bewerings dat hulle wreed teenoor Swartes opgetree het.¹⁷¹ *The Natal Mercury* het die aanstelling van sir Hercules Robinson as hoë kommissaris as 'n fout bestempel vanweë sy finansiële verbintenis met Rhodes en sy skemas.¹⁷² *The Natal Witness* se korrespondent in Pretoria het in 1890 baie positief oor pres. Kruger berig deur onder andere te skryf dat geen vorige president so 'n ferm houvas op die Volksraad as hy gehad het nie.¹⁷³

4.5 'n Koerant vir Swartes

Die enigste noemenswaardige koerant vir Swartmense was *Imvo Neliso Lomzi* (Swart Mening) van Kingwilliamstown, vroeër genoem *Imvo Zabantsundu* en kortweg bekend as *Imvo* met John Tengo Jabavu as redakteur. Die koerant is in 1884 met die bystand van liberale Blankes gestig.¹⁷⁴ Borckenhagen was nie baie gediend met die verwestering van Swartes nie, en het soms kritiek gelewer op artikels in die koerant. In ander gevalle het hy die koerant se menings met goedkeuring aangehaal soos toe *Imvo*, anders as die Rhodes-koerante, die terugkeer van lord Rosmead (sir Hercules Robinson) na Brittanje betreur het. Tengo Jabavu het hom beskou as die wysste staatsman in Suid-Afrika gedurende daardie tydperk. Verder is gesê dat hy Suid-Afrikaners se behoeftes verstaan het en nie populariteit gesoek het nie. *Imvo* het gemeen dat sy werk sou bly staan.¹⁷⁵ In sy huldeblyk na Borckenhagen se dood het Tengo Jabavu geskryf dat Borckenhagen se private vriendskap warm en heelhartig was - "the present writer having once had the privilege of enjoying, and can, therefore, speak from personal experience of the same."¹⁷⁶

5. Borckenhagen en die imperialiste bots

Die stryd tussen die republikeinse Borckenhagen en sy imperiale opposisie kom duidelik na vore in 'n reeks gebeure gedurende 1897 wat toon dat sowel Borckenhagen as die

171. De Villiers, pp. 274 en 278.

172. Aangehaal in *De Express*, 1 Maart 1895.

173. Aangehaal in *De Express*, 16 Sept. 1890.

174. Cameron, T. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 221.

175. Aangehaal in *De Express*, 2 Febr. 1897.

176. *Imvo Neliso Lomzi*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

Engelse redakteurs deel gehad het aan die polarisasie tussen Afrikaners en Engelse. Die Jameson-inval het Afrikanergemoedere opgesweep teen alles wat Engels was. As teenvoeter vir die groei van Afrikanernasionalisme het die Engelse die *South African League* gestig en groot byeenkomste gereël waarop Rhodes geëer is. Die Afrikaners het reageer met teen-demonstrasies. Intussen het sir James Sivewright, Kaapse minister van openbare werke en dus gemoeid met spoorweë, gedreig om die republieke 'n deurvoerreg op spoorvrag te laat betaal en voorgestel dat die Kaapkolonie eerder met Rhodesië as met die republieke handel dryf. In hierdie atmosfeer het sir James 'n toespraak by die opening van 'n brug te Worcester gemaak waarin hy verwys het na republikeinse geheime agente wat Kaapse Afrikaners opgesweep het teen die Britse bewind. Die republieke het dadelik geprotesteer teen so 'n aantyging en sir James het homself verweer deur te verduidelik dat hy slegs na die "dangerous suggestions" in *De Express* van 12 Januarie 1897 verwys het. In dié uitgawe se hoofartikel, getiteld "South African Nationalism", het Borckenhagen gewys op die intriges, geweld en dwaasheid van imperiale en koloniale staatsmanne soos Rhodes wat ongestraf skade aan die republieke berokken het en dit nie verkeerd geag het om oproer teen die republikeinse regerings te verkondig nie. Hulle het die steun van Afrikaners nodig gehad en het daarom probeer om Afrikaners te verdeel. Borckenhagen het voorgestel dat koloniale Afrikaners jingoïsme moes bestry deur die stigting van 'n republikeinse party in die Kaapkolonie. Afrikaners moet hulle posisie van huurlinge wat van die genade van die imperiale regering afhanklik was, verbeter - nie deur revolusie nie, maar konstitusioneel. So 'n republikeinse party moes daarna streef om parlementêre setels te bekom en sy eerste taak in die parlement kon wees om op 'n Suid-Afrikaner in plaas van 'n vreemdeling as goewerneur aan te dring.¹⁷⁷ Volgens Borckenhagen was daar niks in die artikel wat sir James kon laat dink het dat die republieke agente na die kolonies wou stuur nie.¹⁷⁸ Sir James het die storie uit sy duim gesuig "for London consumption only".¹⁷⁹ Kaapse koerante soos *The Cape Argus* het onmiddellik die afleiding gemaak dat daar sulke afgevaardigdes in die Kaapkolonie was.¹⁸⁰ Die toespraak het ook baie aandag in die Britse pers gekry en beide in Brittanje en die Kaapkolonie is dit

177. *De Express*, 12 Jan. 1897.

178. *Ibid*, 29 Jan. 1897.

179. *Ibid*, 2 Febr. 1897.

180. *The Cape Argus*, 25 Jan. 1897.

vir propaganda teen die republieke gebruik. Nadat talle vertolkings van die toespraak in verskillende koerante verskyn het, het *The Cape Argus* beweer dat *De Express* voorgestel het dat die republieke propaganda in die kolonies moes maak, "to be followed by an armed assistance". Tereg het Borckenhagen geantwoord: "This would be intensely flattering, if it were not barefaced lying."¹⁸¹ *Selfs Ons Land*, wat die republieke sedert 1896 goedgesind was, het die feite in die artikel verdraai deur te sê *De Express* het iets geskryf van afgevaardigdes na die Kaapkolonie stuur om Afrikaners op te wek. Borckenhagen het daarop gewys dat hy nooit soiets voorgestel het nie.¹⁸² Volgens *The Natal Mercury* het *De Express* 'n beroep op die Transvaalse en Vrystaatse regerings gedoen om geheime agente na die Kaap te stuur "to preach Republicanism and the overthrow of British rule to the Colonial Dutch". Borckenhagen het die koerant uitgedaag om 'n woord in die artikel aan te toon waarin hy dit gesê het en die hoop uitgespreek dat die koerant oor genoegsame billikheidsgevoel beskik het om die bewerings terug te trek.¹⁸³ *The Cape Argus* se rubriekskrywer het beweer dat die voorstel om afgevaardigdes na die Kaapkolonie te stuur "to preach a Republican propaganda originated in the *Express* itself."¹⁸⁴ *The Star* het *De Express* daarvan beskuldig dat hy mense aanhits tot rebellie waarop Borckenhagen verklaar het dat die koerant die laaste een was om sulke bewerings te maak gedagtig aan sy aandeel in die Uitlander-opstand in Johannesburg.¹⁸⁵

Uit hierdie verwysings is dit duidelik dat die anti-republikeinse koerante of nie *De Express* se artikel gelees het nie, want Borckenhagen het spesifiek van konstitusionele en nie van revolusionêre metodes gepraat nie, of dat hulle deur verdraaiing die republieke as aggressors wou voorstel.

Borckenhagen het lank reeds beweer dat sir James voorgegee het om 'n vriend van die republieke te wees, maar dit nie was nie. *The Cape Times* het van die harde woorde wat sir James jeens die republieke kwytgeraak het, gesê dat dit die wonde was wat deur 'n vriend toegedien is. Borckenhagen het geantwoord dat hy die bedrog of selfbedrog eenkant toe wou vee, want Sivewright is nie in Pretoria of Bloemfontein

181. *De Express*, 29 Jan. 1897.

182. *Ibid.*

183. *Ibid.*, 5 Febr. 1897.

184. *Ibid.*

185. *Ibid.*, 16 Febr. 1897.

vertrou nie.¹⁸⁶ 'n Paar maande later het dit baie duidelik geword dat hy nie 'n vriend van die republieke was nie. 'n Skotse parlamentslid, John Scott Montagu, het 'n private brief wat sy vriend, sir James, aan hom geskryf het, openbaar gemaak. Hierin het hy geskryf dat die demonstrasies van die Britse vloot aan die Ooskus "the fear of God" in die republieke gewek het. Nou moes Inyak-eiland by Delagoabaai nog net deur Brittanje verkry word soos hy met Montagu ooreengekom het, "then the best day's work for South Africa .. and .. the Empire - during the last fifty years has been accomplished." *The Cape Argus*, *Cape Times* en *Star* het die inligting dadelik bekend gemaak sodat *De Express* en ander dit nie sou ontdek en hulle daarin verheug nie. Hulle het Sivewright verontskuldig en lig daarvan laat afkom, "considering that he has yet to pass through the *Express* fiery order", het Borckenhagen geskryf. Voortaan sou hy juis lustig gebruik maak van die uitdrukkings "to put the fear of God in the hearts of the rabid Republics" en "the best day's work". *The Cape Argus* noem die brief 'n bietjie indiskreet en heeltemal onskuldig, want Sivewright wou net vlootdemonstrasies hê en nie oorlog nie. *The Star* het verklaar dat daar niks in die brief was waaroor sir James nodig gehad het om hom te skaam nie, maar dit sou tog verdere verlies in die republieke se vertroue in die minister tot gevolg hê. Hy sou as Bondslid moes bedank en hom in die arms van die *League* moes werp soos Rhodes. *The Cape Times* se kommentaar was dat sir James onverbeterlik en te openhartig was. S. J. du Toit se *Het Dagblad* het J. S. Montagu verkwalik en gesê dat dit jammer was dat die brief gepubliseer is. Pres. Kruger en Leyds het erger briewe geskryf. Borckenhagen het geantwoord dat dit jammer was dat Rhodes 'n verraaier en Sivewright sy meeloper was, maar gelukkig dat hulle werklike politieke menings bekend geword het.¹⁸⁷

Borckenhagen het hom verkneukel in dr. D. Hartley, president van die *South African League*, se kontrastering van *De Express* se "race-hatred-arousing style" met die *League*-koerante, soos *The Cape Mercury*, se "soft and conciliatory tone." Dit nadat die *Mercury* van pres. Kruger as "that old scoundrel" gepraat het.¹⁸⁸ Nog later het die *Mercury* voorspel dat die Vrystaat se krygsmag totaal uitgewis sou word in 'n oorlog tussen Brittanje en Transvaal en dat die

186. *Ibid*, 26 Jan. 1897.

187. Aangehaal in *De Express*, 8 Junie 1897.

188. *De Express*, 19 Febr. 1897.

Vrystaat dan deur die Kaapkolonie of Transvaal geannekseer sou word.¹⁸⁹

Volgens Borckenhagen is al die onrus en praatjies van onrus deur die koloniale pers veroorsaak. Koloniale jingo's was besig om deur middel van die pers en druk op die regering 'n gevoel van rassehaat te skep wat tot 'n katastrofe sou lei.¹⁹⁰ *The Star* het nou gereeld met Britse inmenging gedreig.¹⁹¹ Dié koerant, *The Cape Argus* en *Times of Natal* was verheug oor die vermeerdering van Britse troepe in Suid-Afrika en het gespog dat admiraal Rawston binne 'n paar uur genoegsame troepe aan land kon laat gaan "to reconstruct the map of South Africa with surprising rapidity".¹⁹² *The Cape Times* het gewaarsku dat Brittanje sy oppergesag in Suid-Afrika sou handhaaf - daar was driemaal meer soldate in Suid-Afrika as drie jaar tevore.¹⁹³ Daarteenoor het *The Standard and Diggers' News* 'n beroep op Transvaal en Brittanje gedoen om liewers vrede te maak. Die koerant het geglo dat oorlog 'n nasionale ramp vir Brittanje sou wees omdat hy sy nasionale eer sou moes prysgee, van gemene "landgrabbing and inglorious market jobbery" beskuldig sou word en deur Afrikaners geminag sou word.¹⁹⁴ Volgens Borckenhagen het die teenwoordigheid van Britse troepe die koloniale pers en publiek net meer astant gemaak en kwaadstokery en verraad in Suid-Afrika aangemoedig.¹⁹⁵

De Express het baie aandag geskenk aan die uitsprake van die pers in die res van Suid-Afrika en so ook die Vrystaters ingelig gehou oor die klimaat wat in die land geheers het. Hierdie pers het op sy beurt dikwels na *De Express* verwys. *The Cape Times* het selfs 'n spotprent gepubliseer waarin *De Express* as 'n snyer voorgestel word wat pres. Steyn probeer oorreed om sy nuutste stemregbaadjie met die etiket, "made in Germany" daaraan, aan te pas. Borckenhagen het dit as 'n kompliment beskou om verantwoordelik gehou te word vir "such a sound, sensible and statesmanlike piece of workmanship".¹⁹⁶ Hy was ten gunste van verhoogde stemregkwalifikasies en veral die afswering van vroeëre nasionaliteite as 'n persoon Vrystaatse burgerskap wou

189. *Ibid*, 2 Maart 1897.

190. *Ibid*, 27 Junie 1897.

191. *Ibid*, 4 Mei 1897.

192. *Ibid*, 14 Mei 1897.

193. Aangehaal in *De Express*, 28 Mei 1897.

194. Aangehaal in *De Express*, 4 Mei 1897.

195. *De Express*, 28 Mei 1897.

196. *Ibid*, 1 Junie 1897.

bekom. Syns insiens was dit nodig omdat die imperialiste juis beplan het om die republieke met vreemdelinge te oorlaai sodat hulle die oorspronklike burgers kon uitstem.¹⁹⁷

Uit bogenoemde ontleding van *De Express* se tydgenote blyk dit dat *De Express* een van die weinige onafhanklike koerante was en dat sy beleid, in teenstelling met dié van vele ander, konstant gebly het. Borckenhagen was ook een van die weinige redakteurs wat so lank in beheer van een koerant was - van 1877 tot 1898.

6. Die pers in die Vrystaat

Die eerste Hollandse koerant in die Vrystaat was *De Tyd* wat sedert Oktober 1862 in 'n hoogdrawende Hollands verskyn het en in 1875 gestaak is. Die koerant was republikeinsgesind en het 'n belangrike rol gespeel in die kweek van Vrystaatse patriotisme. Hoewel advokaat H. A. L. Hamelberg, die groot gees agter die koerant, daarteen gekant was dat die voertaal "Kaaps-Hollands" moes wees, is daar ruim plek afgestaan aan luimige Afrikaanse briewe en samesprake en het die koerant bygedra tot die Afrikaanse taalbeweging in die Vrystaat.¹⁹⁸

Tydens die régime van presidente Reitz en Steyn was die tweetalige *Express*, wat kort nadat *De Tyd* van die toneel verdwyn het, sy verskyning gemaak het, die koerant met die grootste oplaag en invloed in die Vrystaat en hy is ook oor die grense wyd gelees. So het mnr. Dirk Viljoen byvoorbeeld in Maart 1893 by die Afrikanerbondskongres in die Kaapkolonie 'n aanbeveling ten gunste van nasionale banke uit *De Express* voorgelees en die kongres het daarna vir die oprigting van so 'n bank gestem.¹⁹⁹ *The Friend*, die oudste koerant in die Republiek en ook tweetalig, was *De Express* se vernaamste opposisie. Tussen Januarie 1894 en Desember 1897 het *The Friend* 'n Hollandse koerant, *De Burger* uitgegee en self sedert daardie tyd net in Engels en in kleiner formaat verskyn. In die noordoos-Vrystaat waar daar groot ontevredenheid, verder aangeblaas deur Natalse

197. *Ibid*, 25 Mei 1897.

198. Schoeman, Karel, *Bloemfontein*, p. 29; Malan, S. F. *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 42; Conradie, Elizabeth, *Hollandse skrywers in Suid-Afrika*, deel 2, p. 300.

199. *De Express*, 21 Maart 1893.

handelaars, oor die tolunie en spoorkonvensie met die Kaapkolonie was, is die *Natal Afrikaner* goed ondersteun. Hierdie koerant het selfs so ver gegaan as om Reitz van hoogverraad te beskuldig vanweë die Volksraad se spoorooreenkoms met die Kaapkolonie.²⁰⁰ Dit was juis die Natallers wat *The Northern Post* te Harrismith begin uitgee het. Net soos sy voorganger, die *Harrismith Chronicle*, wat vanaf Januarie 1882 uitgegee is, het die koerant nie lank stand gehou nie en publikasie is na slegs twee jaar en vier maande aan die einde van 1892 gestaak - volgens die redakteur omdat daar te min steun ontvang is en die dubbele taalmedium probleme geskep het. *The Friend* het die mislukking egter toegeskryf aan die gebrek aan openbare gees in Harrismith en die feit dat die koerant se afsetgebied te na aan Natal was. Die inwoners was onder Natal se invloed en het eerder Natalse koerante ondersteun. Buitendien was dit moeilik om 'n koerant in 'n klein dorp aan die gang te hou.²⁰¹ *The Harrismith Times* het hierna die lig gesien,²⁰² maar slegs 'n paar maande later, teen November 1894 doodgeloop.²⁰³ Verder was daar ook 'n aantal ander dorpskoerante, byvoorbeeld twee te Heilbron, *De Vrystater* wat in 1882 vir 'n rukkie te Fauresmith uitgegee is, *The Mining Record*, ook van Fauresmith, die *Philippolis Chronicle* wat vanaf 25 Desember 1882 uitgegee is en plaaslike koerantjies te Jagersfontein, onder andere die *Jagerfontein Advertiser* wat in 1892 gestaak is,²⁰⁴ en Bethlehem.²⁰⁵ *Di Patriot* wat in die Paarl uitgegee is, het in die beginjare heelwat lesers in die Vrystaat gehad, maar die blad se gewildheid het gekwyn toe sy redakteur, ds. S. J. du Toit, Rhodes-gesind geword het.

Die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat het 'n amptelike mondstuk, *De Fakkel*, met ds. H. Luckhoff as redakteur gehad. Dit was 'n maandblad wat vanaf 1876 verskyn het en vanaf Januarie 1878 deur Borckenhagen se drukkerij uitgegee is. Afgesien van die nut van die publikasie om die kerklike publiek ingelig te hou, het dit ook 'n groot rol gespeel om die belangrikheid van onderwys by sy lesers tuis te bring. Ds. Luckhoff was 'n baanbreker wat betref die aandrang op 'n nasionale opvoedkundige stelsel eie aan die

200. *The Friend*, 27 Okt. 1893.

201. *Ibid*, 30 Des. 1892.

202. *De Burger*, 15 Aug. 1894.

203. *Ibid*, 14 Nov. 1894.

204. *The Friend*, 9 Aug. 1892.

205. Nienaber, P. J. (red.), *Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukkers in Suid-Afrika*, p. 88.

Vrystaters se volksaad.²⁰⁶ Die blad het ook patriotisme aangemoedig en het, soos *De Express*, die werk van die Vrystaatse kommissie wat gehelp het om geld in te vorder vir 'n gedenkteken by Bloedrivier ter ere van Piet Retief en sy manskappe, onder die aandag van die Vrystaters gebring.²⁰⁷ Kulturele aangeleenthede, wat op daardie tydstip meestal godsdienstig gekleur was, het baie aandag geniet.²⁰⁸ Publikasie van *De Fakkel* is in 1889 gestaak en *De Express* het daarna ruimte afgestaan aan kerksake en so ook 'n belangrike funksie in belang van die kerklike gemeenskap vervul.²⁰⁹

6.1 *The Friend of the Orange Free State*

Hierdie sterkste plaaslike opponent van *De Express* het sy ontstaan reeds in die soewereiniteitstydperk in 1850 gehad en het in die pioniersjare 'n baie belangrike funksie in die Vrystaat vervul. Dit het aanvanklik as *The Friend of the Orange River Sovereignty* bekend gestaan en het sommer ook as staatskoerant gedien. Met republiekwording in 1854 is die naam verander na *The Friend of the Orange Free State*.²¹⁰ Die koerant was deurgaans die spreekbuis van die Engelse element in die Vrystaat en was aan die begin hewig gekant teen die onttrekking van Britse gesag uit die gebied. Sy toon was dus anti-republikeins en pro-koloniaal. Borckenhagen het op 'n beskuldiging van *The Star* dat die volk en die pers in die Vrystaat se monde gesnoer is, daarop gewys dat daar so 'n groot mate van persvryheid in die Vrystaat was dat daar nooit enige sprake van vervolging was nie "and we have had our seditionmongers and traitors here too, our *Star* (*Friend*) in days gone by ..". Volgens hom was dit in die dae toe *The Friend* nog 'n lewende koerant was en nie "atrophied and toothless" en "scarcely worth mentioning" nie.²¹¹ Die onafhanklikheid van die Vrystaat is later aanvaar, maar die koerant het meer en meer die gevoelens van die minderheid in die Republiek vertolk. Hy wou eerder samewerking met die Britse gebiede hê as met die ZAR en was selfs te vinde vir 'n federasie met Brittanje en die Britse kolonies. *De Express* het die teenoorgestelde standpunt gehandhaaf en daarom was die twee koerante gedurig in opposisie. In later jare wou *The Friend* nie sien dat die Vrystaat sy

206. Malan, pp. 54-55.

207. *Ibid*, p.203.

208. Conradie, pp. 330 - 331.

209. *De Express*, 20 Aug. 1889.

210. Hierna afgekort na *The Friend*.

211. *De Express*, 12 Okt. 1897.

onafhanklikheid geheel en al verloor nie en het gemeen dat nouer samewerking met die susterrepubliek juis dit kon teweeg bring. Hy het die Transvaalse regering as korrup beskou en sy optrede jeens die Uitlanders as rede vir die Jameson-inval aangevoer. Na die inval het die koerant geskryf dat die regering nie sy beloftes aan die Uitlanders nagekom het nie en niks gedoen het om versoening te bewerkstellig nie.²¹²

F. White was redakteur van die koerant toe Borckenhagen by die *Oranje Vrystaatsche Nieuwsblad Maatschappij* begin werk het. Nathaniel William Barlow het in 1854 by *The Friend* aangesluit en sy broer, Alfred, wat voorheen by *The Grahamstown Journal* gewerk het, in 1855. In 1872 het die broers White se vennote geword. White is in 1876 oorlede en *White and Barlow* het *Barlow Brothers* geword. 'n Derde broer, William Herbert, wat nie 'n joernalis was nie, het hul derde vennoot geword. Sedert White se dood was Nathaniel William die sport- en politieke redakteur van die koerant, maar Alfred was eintlik die hoof en redakteur. Hy was ook vir 'n tyd lank Volksraadslid vir Smithfield. N. W. is in 1888 oorlede. In 1897 het Alfred se seun, Arthur, oorgeneem as redakteur. Ten spyte daarvan dat *The Friend* knaend teen samewerking met Transvaal gekant was, het die jong redakteur - hy was maar drie-en-twintig - die Volksraad se besluit om tot die oorlog tussen Brittanje en die ZAR toe te tree, gesteun.²¹³ Na die Britse oorname van Bloemfontein in Maart 1900 het Arthur geweer om *The Friend* verder te publiseer en het as redakteur bedank. Vanaf 11 Oktober 1902 is *The Friend* weer uitgegee met Arthur Barlow as redakteur. *Barlow Brothers* het die koerant in 1903 aan 'n ander maatskappy verkoop en Arthur Barlow het in 1904 finaal as redakteur bedank. So het 'n baie lang verbintenis tussen die Barlows en *The Friend* tot 'n einde gekom. Borckenhagen en die Barlows het dekades lank die joernalistieke toneel in die Vrystaat oorheers. Arthur Barlow het die gesindheid tussen die twee koerante soos volg beskryf: "There was considerable hostility between the two papers and neither editor ever pulled his punches when writing about his contemporary. Things were said which would probably have the writers facing charges of libel in court today." Tog was die drukkersafdelings van die twee koerante op die mees vriendskaplike voet en het saam sport gehou en pret gemaak. Elke Oktober het die personeel van beide koerante na

212. *The Friend*, 17 Julie en 4 Aug. 1896.

213. Barlow, A. G., *Almost in Confidence*, p. 67.

Kroonstad vertrek waar die jaarlikse "waysgoosing" gehou is - 'n geleentheid vir prettige en gesellige verkeer.²¹⁴

Aanvanklik het *The Friend* weekliks verskyn, maar vanaf 15 Augustus 1890 tweekeer per week weens verbeterde posdienste. Op 16 Maart 1896 het die eerste *Daily Friend*, 'n Bloemfonteinse middagkoerant, verskyn en is gratis by elke huis in Bloemfontein afgelewer. Woensdae was daar egter nie 'n *Daily* nie. Die uitgawe vir die platteland is steeds tweekeer per week uitgegee. *De Express* het reeds sedert Julie 1882 sy *Daily News* uitgegee.²¹⁵

6.2 *De Burger*

Die Barlows het *De Burger* vanaf Januarie 1894 tot Desember 1897 uitgegee. Die koerant se doelstelling was om propaganda teen nouer vereniging met Transvaal onder die Afrikaners te maak omdat hulle nie met *The Friend* bereik kon word nie. Hierdie doelstelling is egter nie oop en bloot verkondig nie. In Oktober 1893 is 'n omsendbrief uitgestuur waarin die verskyning van *De Burger* op 3 Januarie 1894 aangekondig is. Daarvolgens was die rede vir die daarstelling van nog 'n koerant "to support the Dutch language, not only in this State, but in the whole of South Africa, and to advance the interests of the Beloved Dutch Reformed Church". *De Express* is oneindig geamuseer deur hierdie aansprake, want die Hollandse taal en die Nederduits-Gereformeerde Kerk is in die verlede deur *The Friend* uitgesonder vir kritiek. Slegs twee maande vantevore het daar 'n hoofartikel in *The Friend* verskyn onder die opskrif "Bolstering up a language" waarin gespot is met die pogings om Hollands te bevorder, onder andere deur taalbondvergaderings te hou. Dit het gelyk of Hollands in "a sorry plight" was en 'n stut nodig gehad het. Die koerant was ten gunste van taalvryheid, maar hy het nie gemeen dat Engelssprekendes die moeite sou doen om Hollands te leer nie omdat Engels voldoende was.²¹⁶ *De Express* het met die tong in die kies geskryf: "The Beloved Dutch Reformed Church - the capital letters are again quoted - will no doubt prosper; as will the dear Dutch language, through this valuable, though unexpected, friend in need. We congratulate

214. *The Friend*, 15 Oktober 1897.

215. Schoeman, Karel, *Africana*, Deel 25, nr. 2, Mei 1982, *The Friend through the formative years*; veral die spesiale eeufes-bylaag tot *The Friend*, 8 Aug. 1950.

216. *The Friend*, 8 Aug. 1893.

ourselves mostly on the new departure. For, whatever differences remain between us and *The Friend* will in future be fought out over the way, - champions for Dutch and English, the Beloved Dutch Church and other denominations, being supplied by the firm on their own premises."²¹⁷ In die eerste hoofartikel van *De Burger* het die redakteur ook geskryf dat 'n Hollandse blad nodig was om die moedertaal te bevorder.²¹⁸ Daar is verse en samesprake met die taalstryd as inspirasie in die blad geplaas waarin die twee taalvorme afwisselend gebruik is.²¹⁹ Die koerant het ook deurgaans daarop aangedring dat na die belange van Afrikaners omgesien moes word.

Die redakteur was A. J. van Raalte, 'n Nederlandse lettersetter wat na Suid-Afrika geëmigreer het, in Natal 'n Britse onderdaan geword het,²²⁰ 'n tydlank by die staatsdrukkery in Transvaal gewerk het en toe by *De Express*. Daar het hy onsuksesvol aansoek gedoen om die pos as proefleser en het die koerant met wrewel verlaat.²²¹ Daarna het hy die Hollandse redakteur van *The Friend* geword.

Om intekenaars te werf, is daar baie klem gelê op die feit dat dit die enigste suiwer Hollandse blad in die Vrystaat was. Verder is daar ook gratis eksemplare aan verenigings, soos die Jongelingsvereniging gestuur. Die sekretaris van 'n tak van Kliprivier het byvoorbeeld aan die begin van 1898 sy tak se intekening op *De Express* hervat wat beëindig is toe hulle *De Burger* gratis begin ontvang het.²²² Elke intekenaar het aan die begin ook 'n ekstra gratis kopie ontvang om te versprei.²²³ *The Friend* is bemoedig deur die volk se "unexpected and gratifying response".²²⁴

Dit het gou duidelik geword dat *De Burger* dieselfde politieke beleid as *The Friend* gehuldig het. Daar was heftige teenkanting teen president Reitz se pogings tot nouer vereniging met die ZAR en lof vir J. G. Fraser se siening dat daar eerder met die kolonies saamgewerk moes word. Net soos *The Friend* het die koerant beweer dat die susterrepubliek nog onder Britse susereiniteit was en dat

217. *De Express*, 27 Okt. 1893.

218. *De Burger*, 3 Jan. 1894.

219. Conradie, p. 307.

220. *De Express*, 23 Maart 1897.

221. *Ibid*, 29 Sept. 1891.

222. *Ibid*, 4 Febr. 1898.

223. *De Burger*, 3 Jan. 1894.

224. *The Friend*, 2 Jan. 1894.

die Vrystaat deur samewerking met Transvaal ook gevaar geloop het om onder Britse susereiniteit te kom en sy onafhanklikheid te verloor. Daar is voortdurend aanvalle op president Kruger en die Transvaalse regering geloods. Die redakteur het besef dat hy baie teenstanders gehad het en het verklaar dat hy as onpartydige en waarheidsliewende koerant sonder vrees en sentimentaliteit sy mening oor nouer vereniging met Transvaal sou uitspreek al het die meeste Vrystaters nie met hom saamgestem nie.²²⁵

Aanvanklik het die koerant heelwat lesers getrek, maar algaande het teenkanting teen die rigting wat ingeslaan is, toegeneem. Dit was veral na die Jameson-inval duidelik. Die redakteur het op subtiele wyse van front verander. Eers is Rhodes as aarts-imperialis en sy pogings om Afrikaners na die noorde te lok, as bedrog, geldmakery en handel in mense bestempel.²²⁶ Nie lank daarna nie noem hy die noorde 'n Eldorado.²²⁷ Net na die Jameson-inval het hy geskryf dat hy goed kon glo dat Rhodes daarby betrokke was, maar spoedig is die klem verskuif en Duitsland beskuldig van inmenging in Transvaal en Borckenhagen dat hy 'n Duitse spioen was. Volgens hom sou dit die toekoms van Suid-Afrika meer kwaad berokken as Rhodes se planne om Suid-Afrikaanse onafhanklikheid te ondermyn. Toe *De Express* en ander republikeinse gesinde koerante volgehou het dat Rhodes en Brittanje by die komplot betrokke was, is hulle as die jingo-pers bestempel en daarvan beskuldig dat hulle Rhodes sonder bewys wou ophang en onrus in Suid-Afrika aan die gang wou hou.²²⁸ Die algemene gevoel teen Rhodes in die Vrystaat het weer 'n frontverandering tot gevolg gehad en Rhodes is tot belhamel van die inval verklaar wat die galg verdien het.²²⁹ Dit het hom verbaas dat koloniale Afrikaners deel gehad het aan die Rhodes-verering wat in die Kaapkolonie aan die orde van die dag was. Hy het getwyfel aan die opregtheid van sulke Afrikaners en dit het hom nie verbaas dat die republieke die Kaapkolonie gewantrou het nie. Hy het gewonder wat Rhodes van die Afrikaners se verering gedink het - dat hulle sy optrede jeens Transvaal goedkeur en dat Afrikaners die imperiale denkbeeld van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag aanvaar het? Die republieke is hierdeur beledig.²³⁰ 'n Jaar later, nadat publikasie van

225. *De Burger*, 10 Julie 1895.

226. *Ibid*, 24 Febr., 26 Mei en 24 Okt. 1894; 4 Jan. 1896.

227. *Ibid*, 16 Jan. 1895.

228. *Ibid*, 20 Mei 1896.

229. *Ibid*, 4 Julie 1896.

230. *Ibid*, 6 Jan. 1897.

De Burger gestaak is, het hy egter by *Het Dagblad*, die Rhodes-orgaan onder redaksie van ds. S. J. du Toit in Kaapstad, diens aanvaar.²³¹

Die burgers se kritiek op *De Burger* het toegeneem en die takke van die Jongelingsverenigings het al minder hul notules na die koerant gestuur. Waarskynlik het hulle aan die begin gevoel dat hulle onder 'n verpligting gestaan het om hul notules te stuur omdat hulle die koerant gratis ontvang het. In sommige uitgawes was daar nie meer 'n enkele notule nie. Die redakteur het beweer dat daar nie ruimte beskikbaar was nie, maar tog die kolommet met grappies en groot advertensies van Barlows gevul.²³² In briewe, memories en op vergaderings is *De Burger* aangeval. 'n Aantal burgers uit die wyk Kromellenboog, Heilbron het 'n memorie aan die Volksraad gerig waarin gekla is dat *De Burger* teen die gewenste stap, nouer vereniging gewerk het en dus 'n vyand van die staat was.²³³ Na aanleiding van 'n aanval van *De Burger* op Volksraadslid C. W. H. van der Post wat sy steun aan J. G. Fraser as presidentskandidaat onttrek het, het sy broer, W. van der Post, aan *The Friend* geskryf dat hy eers daarop wou reageer, "but as the opinion of the 'Local Comic' as it is styled by Mr. Borckenhagen, is so insignificant and of so little value in our State, I thought better to treat the rag with the contempt it deserves from every real burgher. We all know what *De Burger* is, and, if a crow marches about in the borrowed plumage of a peacock it is easily detected and remains a crow after all".²³⁴ Tydens 'n vergadering wat raadslid C. J. Wessels op 11 Februarie 1896 te Hoopstad gehou het en waar ongeveer 200 persone teenwoordig was, is hy gekritiseer na aanleiding van 'n verslag in *De Burger*. Hy het uit die *Gouvernements Courant* getoon dat *De Burger* "leugenachtig schreef. De burgers verklaarden de *Burger* voor onjuist, daar zÿ beide notulen bÿ elkander hebben ..".²³⁵ Tydens 'n vergadering van die Boerevereniging te Kommissiepoort, Ladybrand, op 21 Maart 1896, is die volgende besluit geneem: "'Deze vergadering betreurt de handelwÿze van de *Burger* en de *Friend* in verband met de laitse gebeurtenis in de Transvaal en kan zich niet vereeniging met hun politiek, die meer tot verwÿdering strekt van de beide republieken in plaats van vereeniging;

231. *Ibid*, 25 Jan. 1898.

232. *De Burger*, 11 April 1896.

233. *Ibid*, 3 Julie 1897.

234. *The Friend*, 21 Febr. 1896.

235. *De Express*, 3 Maart 1896.

dienteengevolge besluit deze tak zyn ondersteuning aan de *Burger* terug te trekken'; - met geesdrift aangenomen."²³⁶ Hierdie is maar enkele voorbeelde van die kritiek wat teen *De Burger* gerig is. Die koerant was duidelik uit pas met die meerderheid Vrystaters se sienswyse.

Terwyl *The Friend* dieselfde mening as *De Burger* gehuldig het, is sy kritiek op 'n waardiger en meer beskaafde wyse uitgespreek. Laasgenoemde se styl was sensasioneel, emosioneel en soms selfs kru. Een voorbeeld hiervan is voldoende. Nadat *De Express* die Jameson-inval en Rhodes se aandeel daarin veroordeel het, val *De Burger* wat hy noem die skreeuende en bloeddorstige deel van die pers aan: "Wanneer zý en sommige ingevoerde patriotten (Borckenhagen) de gemoederen teen elkander kunnen opwekken en Zuid Afrika in een bloedbad veranderden, of het aan Duitschland te overhandigen over een berg van lýken, bloed en gruwelen, dan zýn ze voldaan, en wanneer se door zulk een politiek een beetje invloed kunnen uitoefenen, en aan hun ambitie de losse teugel te doen vieren of een ponden meer in hun zakken halen door zoogenaamde ingevoerde patriotisme, dan grýnslachen ze als waren zý Satan in persoon."²³⁷

Van Raalte het byna nooit nagelaat om Borckenhagen aan te val nie, maar Borckenhagen het die bestaan van *De Burger* feitlik geheel en al geýgnoreer. Die naam van die koerant is selde genoem en die enkele kere dat hy gereageer het, het hy van "the local comic" of die Hollandse Vriend of Friend gepraat. Soms het die Afrikaanse redakteurs van *De Express* wel gereageer. Die stilsweye het nie ongemerk verbygegaan nie. *The Friend* het gekla dat *De Express* optree asof *De Burger* nie bestaan nie - "for very obvious reasons" - en dat Borckenhagen hom soos 'n volstruis gedra.²³⁸ Kort voor president Reitz se bedanking was daar gerugte daaroor in *De Volksstem* en *De Burger* het geýnsinuer dat dit van Borckenhagen afkomstig was. Van Raalte het volhard met insinuasies, maar daar was geen reaksie nie. Gefrustreerd het hy uitgeroep: "Wil het vuurtje niet branden?" en van *De Express* se heilige stilsweye gepraat.²³⁹

De Burger was nie altyd baie gesteld daarop om seker te maak van sy feite nie en het soms openlik erken dat wat hy

236. *Ibid*, 3 April, 1896.

237. *De Burger*, 4 Maart 1896.

238. *The Friend*, 4 Okt. 1895.

239. *De Burger*, 24 en 28 Sept. 1895.

geskryf het, slegs gerugte was. So het hy in Februarie 1896 onder die opskrif "Wý vernemen" geskryf dat daar 'n algehele omwenteling in regeringskringe sou wees en noem dan 'n aantal. Aan die einde van die berig erken Van Raalte dat dit net gerugte is, maar dat vorige gerugte wat deur *De Burger* gepubliseer is, altyd waar geword het.²⁴⁰ Die koerant het dikwels geïnsinueer dat *De Express* omkoopgeld van die Transvaalse regering ontvang het. Hy het erken dat hy geen bewyse vir die bewering gehad het nie, maar gewonder wat die regering met sy groot geheime fonds doen?²⁴¹

Die plek wat *De Burger* in die Vrystaatse joernalistiek ingeneem het, kom baie ooreen met dié van *Land en Volk* in Transvaal. So ook kom die verhouding tussen *De Express* en *De Burger* ooreen met dié tussen *De Volksstem* en *Land en Volk*. Net soos Eugène Marais Paul Kruger en sy beleid aangeval het, het Van Raalte pres. Reitz en sy beleid aangeval. Net so min as wat Borckenhagen in sy koerant aandag aan *De Burger* gegee het, het dr. Engelenburg aandag aan *Land en Volk* gegee. Die rede wat dr. Engelenburg in 1892 daarvoor gegee het, was die minagting wat hy vir *Land en Volk* gekoester het: "Dat *Land en Volk* zoo dikwyls onwaarheden verkondigt, willen we onzen tydgenoot ook niet te zwaar toerekenen; want we weten dat hý maar min gelezen wordt." Die redakteurs was in sy oë onervare met "een heel klein beetje oppervlakkige schoolkennis en een heele groote lot onbeschaamdheid."²⁴² Borckenhagen het presies so oor Van Raalte gevoel. *De Burger* het gereeld uit *Land en Volk* aangehaal en van die blad gepraat as "het eenig onafhankelyk en niet gekocht blad in die Transvaal."²⁴³

Nadat die laaste uitgawe van *De Burger* verskyn het, het *De Express* uiteindelik kommentaar gelewer. Volgens hom het die koerant onder die dekmantel van liberaal en onafhanklik te wees, geen geleentheid laat verbygaan om twis te verwek nie. Die susterrepubliek is sleg gesê en daar is gepoog om 'n beleid van isolasie op die Vrystaat af te dwing sodat, verdeeld, die twee state 'n maklike prooi vir imperialisme of charterisme kon word. "Its collapse from inanition is the verdict of the population on such a propaganda."²⁴⁴ Borckenhagen se opvolger het vertel hoedat die koerant op

240. *Ibid*, 22 Febr. 1896.

241. *Ibid*, 30 Jan. 1897.

242. Rousseau, pp. 58 - 59.

243. *De Burger*, 10 Maart 1897.

244. *De Express*, 31 Des. 1897.

die ou end geen intekenaars of adverteerders meer oorgehad het nie.²⁴⁵

6.3 De Express

'n Dertigtal Bloemfonteiners waaronder vooraanstaande persone soos G. A. Fichardt en W. W. Collins (wat van 1855 tot 1858 redakteur van *The Friend* en sterk ten gunste van republikeinse instellings was²⁴⁶) het gevoel dat *The Friend* nie die meerderheid in die Vrystaat se mening vertolk het nie en het besluit om die *Oranje Vrystaatsche Nieuwsblad Maatschappij* te stig en *De Express* uit te gee. Die koerant moes 'n egte nasionale gevoel kweek. Die eerste koerant het op 11 Maart 1875 verskyn en F. X. Schermbrücker was die eerste redakteur. Kort na die stigting van die maatskappy het Carl Borckenhagen diens as boekhouer aanvaar. Weens ontaktvolle optrede is Schermbrücker verplig om aan die einde van April 1877 as redakteur te bedank en Borckenhagen het sy plek ingeneem. Op daardie tydstop het likwidasie die maatskappy in die gesig gestaar.²⁴⁷ Aan die einde van 1880 het hy ook alleen-eienaar van die maatskappy geword. Hy het die sukkelende koerant opgebou tot een waarvan die aantal intekenaars voortdurend gestyg het, die invloed ver oor die grense van die Republiek gestrek het, wat 'n groot aantal adverteerders gewerf het en 'n finansiële sukses was. In antwoord op 'n korrespondent van *The Friend* se beskuldiging dat hy ander benadeel het deur die koerantmaatskappy te koop,²⁴⁸ het hy geskryf: "I bought the Newspaper Co., when a tottering concern, at its full value. - satisfying the demands of every single shareholder. .. my own hard work made it a business."²⁴⁹ Die redakteur van die vyandiggesinde Johannesburgse *Star* bevestig dit: "*The Express* started on no capital, and heavily in debt besides. It now brings in a handsome profit to Mr Borckenhagen. Its success was mainly due to the ability of that wrong-headed gentleman."²⁵⁰

In 1889 het *The Barberton Herald* na aanleiding van 'n aanval op *De Express* deur die *Observer* van Pretoria soos volg gereageer: "In our opinion there is not a smarter, more influential, far-seeing and incisive journal in South

245. *Ibid*, 27 Sept. 1898.

246. Schoeman, *Africana*, Mei 1982.

247. *De Express*, 8 Febr. 1898.

248. *The Friend*, 31 Des. 1894.

249. *De Express*, 8 Jan. 1895.

250. Aangehaal in *De Express*, 26 Okt. 1897.

Africa, barring perhaps the *Argus*, than the Bloemfontein *Express*.²⁵¹

Borckenhagen het goeie gebruik gemaak van elke geleentheid wat hom voorgedoen het om advertensies te werf. Hy en sy vriend, G. A. Fichardt, het met die eerste trein wat op 6 April 1891 tussen Bloemfontein en Port Elizabeth geloop het, na die Baai vertrek²⁵² en kort daarna was daar talle advertensies van sakeondernemings te Port Elizabeth in *De Express*. Die Transvaalse regering het ook af en toe advertensies, byvoorbeeld vir tenders vir 'n brug te Lydenburg,²⁵³ geplaas, maar dit was nie 'n onvermengde seën nie omdat *De Express* se vyande dit as omkoperij gesien het. Daar was egter ook advertensies uit die private sektor in Transvaal en Borckenhagen het geskryf dat dit gebeur het omdat sy koerant oral in Suid-Afrika gelees is.²⁵⁴ 'n Ladybrander was so in sy skik met die reaksie op 'n advertensie in *De Express* dat hy geskryf het *De Express* "must be universally read in the Colony and the Free State, as I have simply been inundated with applications".²⁵⁵

Die sirkulasiesyfers van *De Express* het vinnig gestyg van 1050 in Mei 1877 toe Borckenhagen redakteur van die koerant geword het, tot meer as 2100 in Augustus 1879.²⁵⁶ In 1890 het Borckenhagen beweer dat sy koerant tienmaal meer lesers as *The Friend* gehad het.²⁵⁷ Laasgenoemde se lesers was hoofsaaklik Engelssprekendes in Bloemfontein en op 'n paar van die groter dorpe. *De Express* het 'n groot leserskring onder die plattelandse Afrikaner gehad sodat Borckenhagen beweer het dat die koerant het "a circulation amongst farmers as has no other paper in South Africa".²⁵⁸ 'n Korrespondent van *The Friend* het gepleit dat die koerant 'n poging moes aanwend om in die platteland veld te wen, want volgens hom het die plattelanders net *De Express* gelees en dus nie die waarheid gehoor nie!²⁵⁹ In 1892 wou Eugène Marais toon hoe gewild Afrikaans was en het geskryf dat die sirkulasie van *Di Patriot* van die begin af die grootste van alle Engelse en Hollandse koerante was. Hierop het *De*

251. Aangehaal in *De Express*, 23 April 1889.

252. *De Express*, 7 April 1891.

253. *Ibid*, 4 Okt. 1895.

254. *Ibid*, 22 Okt. 1895.

255. *Ibid*, 27 Sept. 1895.

256. *Ibid*, 7 Aug. 1879.

257. *Ibid*, 20 Mei 1890.

258. *Ibid*, 8 April 1890.

259. *The Friend*, 28 Junie 1892.

Express geantwoord dat die sirkulasiesyfers van *Di Patriot* nog nooit naby dié van *De Express* gekom het nie.²⁶⁰ In 1893 is berig dat die verskillende uitgawes van die koerant 'n gemiddelde van 12 000 per week gehandhaaf het,²⁶¹ en dat *De Express* sedert 1875 meer koerante in die Vrystaat gesirkuleer het as die hele Hollandse pers van Natal en die Kaapkolonie en *The Friend*, wat tot aan die einde van 1893 ook 'n Hollandse gedeelte gehad het, gesamentlik. Volgens Borckenhagen sou posmeesters hierdie bewering kon staaf.²⁶²

Die verskyning van *De Burger* aan die begin van 1894 moes 'n invloed op die aantal intekenaars van *De Express* gehad het, sodat *De Express* as teenvoeter sy intekengeld aan die begin van 1896 verlaag het.²⁶³ Die agente wat rondgegaan het om intekenaars vir *De Burger* te werf, het beweer dat die tweetalige *Express* nie in die behoeftes van Afrikaners voorsien het nie en dat die Hollandse gedeelte afgeskeep is, onder andere deurdat nuus verouderd was en altyd na die Engelse nuus verskyn het. *De Express* het hierdie bewerings weerspreek en het in 'n pamflet wat by die koerant van 16 Februarie 1894 ingevoeg is, gewys op die talle dienste wat die koerant aan boere gelewer het, soos markberigte, skutberigte wat op dieselfde dag gedruk is waarop dit in die *Gouvernements Courant* verskyn het, die gratis verspreiding van die landboujoernaal en 'n menigte advertensies wat vir boere van belang was. Daar is tereg ontken dat die Hollandse gedeelte afgeskeep is. Die Hollandse gedeelte van die koerant van 6 Februarie 1894 het byvoorbeeld vyf-en-veertig kolomme beslaan teenoor neëntien Engelse kolomme. Verder is daar op gewys dat die Vrystaat tweetalig was en dat lesers, veral kinders, se tweetaligheid net daarby baat kon vind as 'n tweetalige blad gelees word. Die lae bevolkingsyfer het dit ook nie betalend gemaak om twee afsonderlike blaaië uit te gee nie - soos *The Friend* weldra sou uitvind. Die aanvanklike belangstelling in 'n blad wat net in Hollands uitgegee is, het afgeneem toe die politiek van die blad bekend geword het. Dit was veral die geval na die Jameson-inval. Op daardie tydstip was die intekening op *The Friend* en *De Burger* van so 'n aard dat *De Express* verklaar het: "It has no circulation in or outside of the Free State, and no value as an advertising medium in consequence, whilst the *Express* is read with delight by many thousands of sound and

260. *De Express*, 26 April 1892.

261. *Ibid*, 17 Okt. 1893.

262. *Ibid*, 27 Okt. 1893.

263. *Ibid*, 4 Febr. 1896.

intelligent Africanders, and with interest by as many fair-minded and educated Colonists."²⁶⁴ Runderpes en droogte het verarming tot gevolg gehad wat ook die aantal intekenaars op *De Express* laat verminder het, maar vanaf die begin van 1898 het die getal met gemiddeld 40 per week toegeneem. Die redaksie het dit aan die goeie reëns en die terugkeer van voorspoed toegeskryf.²⁶⁵

Die groei van *De Express* is weerspieël in die oprigting van groter en meer doeltreffende geboue met meer moderne masjinerie. Die kantoor was langs Borckenhagen se winkel aan die suidekant van die markplein en die drukkerij 'n blok verder, naby die spruit. Op 18 November 1891 was daar oorstromings en die onderste verdieping van die koerant se drukkerij het ongeveer 'n meter onder die modderwater gestaan. Groot skade is aan die masjinerie aangerig.²⁶⁶ In 1894 het die argitek W. H. Stucke *De Express* se kantoorgebou herontwerp. Terwyl verbouings aan die gang was, het die personeel na 'n huis oorkant die straat getrek.²⁶⁷ 'n Korrespondent van Fauresmith het van die nuwe kantoorgebou geskryf dat dit 'n sieraad vir die stad was en dat geen onkoste ontsien is nie.²⁶⁸ In 1897 is nuwe masjinerie teen 'n koste van R1600²⁶⁹ uit Yorkshire, Engeland ingevoer wat vier in plaas van twee blaaië tegelykertyd gedruk het.²⁷⁰

Tot 1892 het *De Express* weekliks verskyn en is hoofsaaklik op die platteland gerig. Sedert Julie 1882 was daar ook 'n dagblad vir Bloemfonteiners, die *Daily News*. Dit het op 17 April 1890 van die toneel verdwyn om plek te maak vir die *Daily Express* wat groter van formaat was, ook in Engels en Hollands uitgegee is en gratis op die markplein beskikbaar was.²⁷¹ Vanaf 29 Oktober 1897 het daar ook 'n Kroonstadse weergawe van die *Daily Express* verskyn.²⁷²

Met die vooruitsig van penniepos en verminderde postariewe het Borckenhagen in Junie 1891 'n pleidooi gelewer dat die Volksraad die pers in die Vrystaat, wat 'n goeie diens aan die publiek gelewer het, tegemoet moes kom. In die

264. *Ibid*, 2 Febr. 1897.

265. *Ibid*, 11 Febr. 1898.

266. *Ibid*, 24 Nov. 1891.

267. *Ibid*, 31 Julie 1894.

268. *Ibid*, 28 Des. 1894.

269. *Ibid*, 18 Mei 1897.

270. *Ibid*, 4 Junie 1897.

271. *Ibid*, 15 April 1890.

272. *Ibid*, 15 Oktober 1897.

Kaapkolonie is koerante gratis vervoer, maar nie in die Vrystaat waar kostes buitendien hoër was nie. Meer mense sou bereik kon word as posgeld minder was.²⁷³ Die Volksraad het toe in 1892 besluit dat koerante wat in die Vrystaat gedruk is, posvry in die Vrystaat versend kon word.²⁷⁴ Dit het Borckenhagen in staat gestel om *De Express* vanaf 27 Julie 1892 tweekeer per week uit te gee en dit sonder om die intekengeld te verhoog. Die koerant het reeds sewentig kolomme beslaan. Vanaf September 1892 was daar ook penniepos na die Kaapkolonie. Aan die begin van 1896 is die intekengeld op *De Express* verlaag.²⁷⁵

Benewens die koerant is *Het O.V.S. Familieblad* sedert 1879 as weeklikse bylae tot *De Express* uitgegee. In 1881 was daar reeds ruimte vir 104 advertensies in dié blad. 'n Korrespondent van Wepener met die skuilnaam *Dankbaar* het die *Familieblad* as 'n sonstraal beskou te midde van al die treurige gebeurtenisse en storms van 1896. Hy skryf: "Met haast doorlas ik den inhoud en was opgeruimd en voldaan, want in de laatste tyd heeft de kourant my alle leeslust ontnomen, met haast niets anders als Rhodes en zyne trawanten. De notulen van den H. E. Volksraad hebben niets aantrekkeliks voor een armen hardwerkenden boer. Geachte heer editeur, neem mijn harteliken dank aan voor de moeite en arbeid, die u besteedt, om leeslust bij uwe intekenaren op te wekken en aan te wakkeren; uw loon zal niet uitblijven. Moge de tyd wel haast aanbreken dat niet een huis in onzen staat gevonden wordt, waar de *Express* en het *Familie Blad* niet gevonden worden. Ik zal geene moeite sparen, om te zien meer intekenaren te vinden ..".²⁷⁶

Jaarliks is ook 'n almanak, *De Boerenvriend*, uitgegee. Allerlei nuttige inligting sowel as artikels oor belangrike persone en gebeure in die Vrystaat en besonderhede van gemeentes,²⁷⁷ is ingesluit. Dit het ook baie advertensies gelok omdat dit 'n wye leserskring gehad het. Tussen 5000 en 7000 is gedruk en elke jaar is die oplaag vroeër uitverkoop.²⁷⁸ Volgens Borckenhagen was dit die populêrste publikasie in Suid-Afrika.²⁷⁹

273. *Ibid*, 23 Junie 1891.

274. *OVSVR*, 29 Junie 1892, p. 541.

275. *De Express*, 4 Febr. 1896.

276. *Ibid*, 7 Julie 1896.

277. *Ibid*, 24 Sept. 1895.

278. *Ibid*, 20 Okt. 1891, 29 Jan. en 12 Des. 1895.

279. *Ibid*, 22 Sept. 1896.

Carl Borckenhagen het die bevordering van boerdery as uiters belangrik geag omdat dit die ruggraat van die Republiek se ekonomie was. Hy het alles in sy vermoë gedoen om boere aan te moedig om wetenskaplike metodes te gebruik. Artikels oor die onderwerp het gereeld in *De Express* verskyn en die landboujoernaal (met 24 bladsye) wat deur die Kaapse regering uitgegee is, is tweeweekliks as bylaag deur die koerant tot boere se beskikking gestel. Dit was 'n gratis uitgawe, maar die verspreidingskoste is deur Borckenhagen self gedra. Sy versoek aan die Volksraad om 'n bydrae daartoe te lewer, het op dowe ore geval.²⁸⁰ Afgesien van inligting oor beter boerderymetodes, het daar in elke uitgawe van die koerant meer as twintig advertensies van plase wat te koop was in die Vrystaat, Kaapkolonie en Betsjoeanaland verskyn asook advertensies en beskrywings van die nuutste plaasimplimente en -gereedskap.²⁸¹

Met sy groot sirkulasie en baie advertensies het die koerant ook 'n diens aan die sakeman en verbruiker gelewer en Borckenhagen het in Augustus 1897 aangekondig dat 'n Sakegids wat ook in die Kaapkolonie versprei sou word, in die vooruitsig gestel is.²⁸²

As Duitser wat maar in 1873 in Suid-Afrika aangekom het, was Borckenhagen aanvanklik nie Hollands of Engels magtig nie. Hy het hulp van buite gekry om hom met sy skryfwerk te help. Baie gou het hy die twee tale onder die knie gekry en vir twintig jaar het hy die Engelse hoofartikels geskryf.²⁸³ Hy het besonder bekwame Hollandse redakteurs aangestel om hom by te staan. Vanaf 1877 was Baron Frederick van Hogendorp, wat baie joernalistieke ondervinding, onder andere in Europa gehad het, vir byna twee en 'n half jaar Hollandse redakteur. Hy was konserwatief en, volgens die *Cape Argus* se *Home Edition* een van Holland se "most distinguished men of letters .. as a journalist, and in particular as a brilliant essayist, he was surpassed in talent, style, or chivalrous intention, but by few of his contemporaries in any country."²⁸⁴ Borckenhagen het hom as 'n verdienstelike en ryk begaafde skrywer beskou wat geesdriftig die land se belange gedien het en geglo het dat die Vrystaat eendag deel sou wees van 'n groot verenigde Suid-Afrika. Verder was hy

280. *Ibid*, 18 Julie 1893; *OVSVR*, 14 Julie 1893, p. 650.

281. *De Express*, 16 Febr. 1894.

282. *Ibid*, 28 Aug. 1897.

283. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

284. Aangehaal in *De Express*, 29 Okt. 1889.

'n menslike en vriendelike baas vir wie diegene onder hom opreg lief geword het.²⁸⁵ In 'n tyd toe die Eerste Taalbeweging in die Vrystaat, soos in die Kaapkolonie, op dreef gekom het en *Di Patriot* wyd gelees is, was dr. Van Hoogendorp 'n kampvegter vir die handhawing van suiwer Nederlands en het hy Afrikaans as slegs geskik beskou vir "Boschjesmannen en Hottentotten .. maar onze Vrÿstaatsche burghers - neen dat nooit!"²⁸⁶

Hy is deur ds. R. de Jongh van Arkel opgevolg wat net tot November 1890 redakteur was waarna hy na Nederland teruggekeer het om predikant van Berkenwoude te word.²⁸⁷ Hy is in 1894 op sewentigjarige ouderdom oorlede. In sy huldeblyk het Borckenhagen geskryf dat hy besonder begaafd en deeglik was, maar te oud toe hy na Suid-Afrika gekom het om in alles met die Vrystaters een te word. Na die dood van twee van sy seuns - een van hulle was ook in diens van *De Express* - is hy terug Holland toe. Hy was 'n opregte vriend en 'n getroue en minsame medewerker met groot geleerdheid, maar min praktiese ondervinding. Hy het 'n groot fortuin verloor.²⁸⁸

Die sprankelende en talentvolle ds. Nico Hofmeÿr van Warrenton²⁸⁹ was die eerste Hollandse redakteur van *De Express* wat 'n gebore Suid-Afrikaner was. Hy was digter, skrywer, komponis en musikus en het onder ander die musiek en liriek vir die Afrikaanse Bruilofslied (*Die Jawoord is uit*), wat steeds in die F.A.K.-Sangbundel pryk, geskep. Hy het ook gereeld as orrelis opgetree, veral by troues.²⁹⁰ Onder sy geskrifte tel *Kÿkjes in onze Geschiedenis* wat 'n leemte gevul het en gretig in die Vrystaat gelees is en *De Afrikaner-boer en de Jameson Inval* wat in 1896 geskryf is.

Hy het op 'n baie gemaklike trant met sy lesers gesels en het die hoop uitgespreek dat hy as redakteur meer vir sy Heer, sy kerk en sy volk sou beteken as ooit tevore.²⁹¹ Die Hollandse hoofartikels was soos voorheen meestal dieselfde as Borckenhagen se Engelse hoofartikels, maar is tog vryer vertaal en het in 'n volgende uitgawe verskyn. Daar was kennelik 'n verskil in styl en gerigtheid tussen Hofmeÿr en

285. *De Express*, 5 en 12 Nov. 1889.

286. *Ibid*, 19 Des. 1878; 10 Julie 1879 en 27 Mei 1880.

287. *Ibid*, 11 Nov. 1890.

288. *Ibid*, 5 Junie 1894.

289. *Ibid*, 27 Jan. 1891.

290. *Ibid*, 29 Maart 1892.

291. *Ibid*, 24 Febr. 1891.

Borckenhagen. Kyk 'n mens byvoorbeeld na die twee redakteurs se hoofartikels oor die Paardekraal-feesvieringe in Transvaal in Desember 1891, kom jy gou agter dat eersgenoemde vir die Vrystaatse Afrikaner in 'n preekstyl geskryf het en Borckenhagen vir die Engelssprekende Vrystater en die Transvalers in 'n meer saaklike styl.²⁹² Aanvanklik het Hofmeÿr ook die redaksionele rubriek (*Editorial Notes*) taamlik vry en in sy eie trant op Hollands weergegee, maar vanaf 5 Augustus 1892 was dit bykans 'n letterlike vertaling van die Engelse rubriek.

Sy humorsin het oral deurgeskyn - selfs in opskrifte van telegramme wat gepubliseer is. Op 20 Februarie 1894 is die opskrif by 'n telegram wat op 16 April van Tati in Rhodesië ontvang is: "Lobengula dood." Dat hy skepties daarteenoor gestaan het, kom in die opskrif bo die volgende telegram na vore: "Lobengula nog dood." (Kaapstad 17 Februarie)²⁹³ Hy het die gebeure by 'n troue waar hy die orrel bespeel het, beskryf. Die orreldrukker het hom skielik in die steek gelaat "zoodat een van zÿne marschen tusschen hemel en aarde bleef hangen - en tot op heden nog geen vasten grond gekregen heeft!"²⁹⁴

Hofmeÿr het baie gedoen om Afrikaans en Afrikaner-nasionalisme te bevorder. Pas na sy aanstelling by *De Express* het *The Friend* van sy heldegedigte oor Piet Retief, Piet en Dirkie Uys, Hendrik Potgieter en Andries Pretorius waarin hy Afrikaners herinner het aan hulle ryk tradisie en geskiedenis vol grootse daade, geplaas.²⁹⁵ In April 1891 het hy met 'n nuwe rubriek, *Die* (nie *De* nie) *Express-dip* begin waarin hy in amper-Afrikaans geskryf het. Hy kon baie pittig wees. Aan die begin van 1893 het hy die taalfees en die onthulling van die taalmonument op 18 Januarie te Burgersdorp as verslaggewer bygewoon. Daar was ook 'n wapenskou wat, gemeet aan Vrystaatse standaarde, 'n mislukking was. Hy skryf: " .. de manoeuvres waren ietwat raadselachtig. Wÿ konden er geen begrip van krygen .. Van belang is het te melden .. dat er geen noemenswaardig ongeluk plaats vond."²⁹⁶

292. *Ibid*, 22 Des. 1891.

293. *Ibid*, 20 Febr. 1894.

294. *Ibid*, 29 Maart 1892.

295. *The Friend*, 15 Jan. 1890.

296. *De Express*, 20 Jan. 1893.

Beide Hofmeÿr en Borckenhagen het opvoeding as 'n prioriteit gesien en Hofmeÿr het dus op 19 Januarie 1891 met iets nuuts in Vrystaatse joernalistiek - 'n gereelde opvoedkundige rubriek *Voor kinderen* - begin. Onderwerpe soos die ontstaan van dag en nag en die seisoene is in verstaanbare taal behandel.

Hofmeÿr het homself geliefd gemaak by die Vrystaters en het so bygedra tot die gewildheid van *De Express*. In sy berig oor Hofmeÿr se vertrek, skryf Borckenhagen dat hy deur sy voortreflike hoedanighede op letterkundige en maatskaplike gebied en sy persoonlike magnetisme talle vriende in Bloemfontein en die res van die staat gemaak het. In Mei 1894 is hy die pos as hoogleraar in Nederlandse Taal- en Letterkunde by die Staatsgimnasium in Pretoria aangebied teen 'n salaris van R1 400 per jaar - aansienlik meer as sy salaris by *De Express*. Hy het die pos aanvaar en op 31 Julie 1894 het *De Express* van hom afskeid geneem by wyse van 'n dinee by die Phoenix-hotel. Talle hoogwaardigheidsbekteërs was teenwoordig, onder andere drs. Brebner (superintendent van onderwys), Haarhoff (inspekteur van skole) en Brill (skoolhoof van Greykollege), regter Steyn, staatsprokureur Gregorowski, adv. Stuart (ouditeur-generaal), ds. Schoevers en die landdros van Bloemfontein. Carl Borckenhagen het die heildronk "minzaam" ingestel. Hy het daarop gewys dat daar die grootste eengsgesindheid tussen hom en Hofmeÿr was. Hy het die verlies betreur, maar Hofmeÿr nie kwalik geneem nie omdat daar 'n groot arbeidsveld in Transvaal was. Hy sou hom kon beywer vir onderwys, maar ook vir nouer vereniging tussen die republieke. In sy bedankingswoord het Hofmeÿr sy dank teenoor Borckenhagen uitgespreek. Hy het vertel hoedat hy vol idees na Bloemfontein gekom het, maar sonder enige spesifieke politieke oortuiging en kennis van die wêreld. In die drie en 'n half jaar wat hy by *De Express* werksaam was, het hy geleer om prakties en versigtig te wees. Hy het 'n republikein onder die republikeine geword en het beaam dat hy van plan was om in Transvaal die geleentheid te gebruik om noue vriendskapsbande tussen die republieke te help sluit.

In 'n persoonlike afskeidswoord in *De Express* het hy ook getuig van die simpatie en harmonie wat daar tussen hom en Borckenhagen was "en dat ik nu, meer dan ooit te voren, overtuigd ben dat *De Express* een van de krachtigste kampvechters en flinkste verdedigers is van het

republikeinisme in Zuid-Afrika, en dat de editeur en eigeenaar van dat blad, hoewel uitlander van geboorte, om zyns werk wille met de beste Afrikaners kan gerekend word." Die Vrystaat het vir hom dierbaar geword, maar aangesien hy daarvan oortuig was dat die stryd op die ou end in die grootste en rykste van die twee republieke beslis sou word, wou hy daar sy steentjie gaan aanrol in die bou van die tempel van broederskap tussen die republieke om nader aan die droom van 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag te kom. Hy het die wens uitgespreek dat "de *Express* zyn alouden roem en naam, onder de nationale en Hollandschgezinde Afrikaners meer dan ooit te voren mocht handhaven .."²⁹⁷

Aan die begin van 1894 is J. S. M. Rabie as tweede Hollandse redakteur aangestel. Hy was die eerste Vrystaatsgebore joernalis by 'n Vrystaatse koerant. Sy vader, toe reeds oorlede, was J. J. Rabie van Groenkloof, Fauresmith. Hy het by Greykollege skoolgegaan, sy B.A.-graad in 1888 verwerf, 'n jaar in Engeland gestudeer en gereis en toe twee jaar by Ons Land, wat met De Zuid-Afrikaan saamgesmelt het, gewerk.²⁹⁸ Hy is as energiek beskryf deur die Pretoriase koerant De Pers nadat hy, volgens die koerant, so onselfsugtig gehelp het met die verslaggewing in Hollands van die opening van die Delagoabaallyn in Julie 1895.²⁹⁹

Na Hofmeyr se vertrek is Rabie deur D. F. du Toit, "Oom Lokomotief", wat reeds sedert Januarie 1892 te Ladybrand in die Vrystaat gewoon het,³⁰⁰ bygestaan. Daniël Francois du Toit was 'n ouer broer van die bekende ds. S. J. du Toit. Hy is op 15 Januarie 1846 te Daljosafat naby die Paarl gebore en hy was ook later onderwyser by die Daljosafatse skool wat so 'n belangrike rol in die bevordering van Afrikaans gespeel het. Hy was een van die stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners en vanaf 25 September 1875 saam met C. P. Hoogenhout redakteur van *Di Patriot*. Vanaf Februarie 1878 was hy die enigste redakteur totdat hy in 1891 bedank het vanweë die politieke rigting wat die koerant ingeslaan het. Op 2 April 1891 het hy vir die laaste keer in *Di Patriot* geskryf. Hy het Rhodes aangeval na aanleiding van sy toespraak in Kimberley op 31 Maart 1891 waarin hy teen republikanisme en die trek van Afrikaners na die noorde

297. *Ibid*, 3 Aug. 1894.

298. *Ibid*, 26 Jan. 1894.

299. *Ibid*, 16 Julie 1895.

300. *Ibid*, 26 Jan. 1892.

te velde getrek het.³⁰¹ Ds. S. J. du Toit het beheer oor *Di Patriot* oorgeneem en Rhodes heelhartig gesteun. Om hierdie rede was daar vir jare verwydering tussen hom en sy broer. Die aanvanklike sukses van *Di Patriot* kan tot 'n groot mate aan D. F. du Toit se toewyding en minsame geaardheid toegeskryf word.³⁰²

'n Besoeker uit Fauresmith was by *De Express* op kantoor en het daarna aan die koerant geskryf dat oom Lokomotief by die lesers bekend was en dat hy 'n ware Afrikaner "van beproefde nasionaliteits gevoel beziel" was.³⁰³ Die Jongelingsvereniging se tak Rietspruit het hom geloof as "de kampvechter onzer vryheid sedert 1875 en een patriot van kop tot toon."³⁰⁴ Uit die Kaapkolonie het daar ook 'n besondere pluimpie vir hom gekom. By 'n takvergadering van die Afrikanerbond te Somerset-Oos is besluit om hom te vra om 'n onafhanklike koerant in Kaapstad te begin.³⁰⁵ Du Toit en Rabie het ook op ander terreine as die koerantwese hul spore nagelaat. Toe die Vrystaatse Boerevereniging en Afrikanerbond op 5 en 6 Maart 1896 hulle sentrale kongres in Bloemfontein gehou het, is Du Toit tot sekretaris en tesourier verkies.³⁰⁶ Op 12 Maart 1896 is Rabie weer tot sekretaris van die Landboukongres verkies.³⁰⁷ Beide redakteurs het by *De Express* gebly totdat sy verskyning tydens die Anglo-Boereoorlog verbied is en na die oorlog het hulle hulle by *The Friend* se redaksie aangesluit. Rabie was vir baie jare redakteur van *Die Vriend des Volks*.³⁰⁸ D. F. du Toit het later argivaris van die Vrystaatse argief geword.³⁰⁹

Sedert Nico Hofmeyr se vertrek het die Hollandse redakteurs selfstandiger opgetree. Die hoofartikels in Hollands het meermale van die Engelse hoofartikels verskil.

301. *Di Patriot*, 2 April 1891 - aangehaal in Scholtz, G. D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV 1881-1899*, p. 426.

302. Von Wielligh, G. R., *Eerste Skrywers*, pp. 66, 82 en 86; Du Toit, J. D., *Ds. S. J. du Toit in weg en werk*, pp. 90, 316 en 317.

303. *De Express*, 28 Des. 1894.

304. *Ibid*, 28 Apr. 1896.

305. *Ibid*, 10 Sept. 1895.

306. *Ibid*, 10 Maart 1896.

307. *Ibid*, 17 Maart 1896.

308. *The Friend*, 10 Junie 1950, Eeufees-bylaag.

309. Von Wielligh, p. 83.

Borckenhagen het sy redakteurs en helpers goed opgelei. Na sy dood het Charles McHardy, jarelank sy regterhand en steun, saam met die twee Hollandse redakteurs voortgegaan om die koerant uit te gee.³¹⁰ Dieselfde beleid en trant as voorheen is gehandhaaf, die koerant het steeds die gees van Borckenhagen geadem en invloed uitgeoefen. Mc Hardy kon egter nie dieselfde pas as Borckenhagen volhou nie. Op 4 Mei 1899 is hy op vier-en-veertigjarige ouderdom oorlede. In *De Express* se huldeblyk word geskryf dat hy te Glenmuick, Skotland gebore is en as agjarige na Suid-Afrika gekom het. Hy het met onverdrote ywer gewerk, en was beskeie, wellewend, opgeruimd, vriendelik en hulpvaardig. Vir ongeveer sewentien jaar was hy volkome deel van die koerant en 'n kampvegter vir Vrystaatse belange. Hoewel hy 'n sterk gestel gehad het, is hy geknou deur baie werk. 'n Week voor sy dood het sy huisarts aanbeveel dat hy rus. Hy het sy broer in Kimberley besoek waar hy baie depressief was en gekla het dat hy oorwerk was. Daar het hy in die myn geval en die magistraat het bevind dat sy dood 'n ongeluk was. Sy broer Alick het steeds by *De Express* gewerk.³¹¹

S. F. Malan wys daarop dat *De Express* wel nog die Afrikaners se mondstuk was, maar dat die redaksie nie meer dieselfde politieke insig as dié van Borckenhagen getoon nie, veral omdat hulle nie dieselfde toegang as hy tot die binnekring gehad het nie. Die valse verwagtings wat die koerant gehad het van die Bloemfonteinse konferensie tussen Paul Kruger en sir Alfred Milner wat deur pres. Steyn se bemiddeling gereël is, getuig daarvan.³¹²

Die rol wat *De Express* en sy redakteur in die Vrystaat gespeel het, is dikwels deur Vrystaters geloof. By 'n Afrikanerbondvergadering in die wyk Bo-Modderivier is gepleit vir intekening op die koerant omdat gesê is dat dit die enigste koerant in die Vrystaat was wat die Afrikanersaak bevorder het.³¹³ Die Jagersfonteinse korrespondent van die *Diamond Fields Advertiser* het gepraat van die magtige rol van die koerant: " .. it supplies the sluggish Africaner with ideas, which, being absorbed, the *Daily* becomes his political guide, philosopher and friend. .. the majority of the ruling class in Bloemfontein never read any other paper, and are absolutely devoid of any other

310. *De Express*, 8 Febr. 1898.

311. *Ibid*, 5 Mei 1899.

312. Malan, pp. 297-298.

313. *Ibid*, 26 Nov. 1889.

ideas on political subjects than those inculcated by the *Daily*."³¹⁴ *The Friend* was verontwaardig oor "the manner the Free State Government has in the past been run by the editor of the *Express* .."³¹⁵ David S. Lubbe, veldkornet van Lubbeshoop, Jacobsdal het beweer: "'De uitgevers van de *Express* hebben onder hunne inteekenaren en ondersteuners de voornaamste mannen, de oprechtste Afrikaners in den Vrystaat, en dat behoort een genoegzame waarborg te zyn dat hy op het rechte pad is."³¹⁶ I. W. B. de Villiers, Volksraadslid vir Jacobsdal, het 'n beroep op Borckenhagen gedoen: ".. while thanking you for past services, I wish to call upon you to continue your good work, to speak boldly without respect to persons, and to strike hard for our just rights, that I feel myself constrained to pen this, for I consider it right that you should be supported by every man who has the welfare of South Africa at heart, and that such support should be given openly."³¹⁷ 'n Burger van Wepener het getuig "dat er geen nieuwsblad in Zuid-Afrika bestaat, die de belangen der Afrikaansche natie zoo onpartydig met waarheid en recht verdedigt. Inzonderheid hebt gý het getoond met de jongste listige sluipmoord aanslag .. en door de moedwillige leugentaal der Europeesche bladen .. te logen straffen."³¹⁸ Op 11 Maart 1896 was *De Express* een-en-twintig jaar oud en gelukwensing is uit alle oorde ontvang. Die Jongelingsvereniging van Rietspruit was veral beïndruk met *De Express* se deeglike en betroubare nuus oor Jameson se "lagen inval" terwyl *The Friend* en *De Burger* se beriggewing in 'n Engelse gees was. "*De Express* wordt iederen dag grooter en geniet het vertrouwen onzer burgerij." Ook in die presidentsverkiezing het *De Express* hom een met die volk getoon en "hebt gý ons gesteund en uwen invloed ten goede gebruikte." Meer as 'n honderd lede van die Boerebeskermingsvereniging van die distrik Winburg het ook gelukwensing gestuur en Borckenhagen geloof vir sy stryd om die belange en regte van die republieke te verdedig.³¹⁹

Historici het ook erkenning gegee aan die rol wat *De Express* in die Vrystaat gespeel het. Volgens die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* het Borckenhagen die koerant ontwikkel tot die grootste en invloedrykste blad met die grootste drukkerij in die Vrystaat. Die sirkulasie was

314. Aangehaal in *De Express*, 6 Des. 1895.

315. *The Friend*, 3 Jan. 1896.

316. *De Express*, 10 Jan. 1896.

317. *Ibid*, 31 Jan. 1896.

318. *Ibid*, 28 Febr. 1896.

319. *Ibid*, 28 April 1896.

besonder groot en daarom kon Borckenhagen die Vrystaters beïnvloed, hul gedagtes kanaliseer en hul begeertes formuleer. Hy het dikwels stappe bepleit wat later wette geword het. Terwyl hy die openbare mening suiwer aangevoel en vertolk het, het hy ook tot 'n groot mate die openbare mening help vorm.³²⁰ By geleentheid het hyself gepraat van 'n goeie koerant se taak "to enlighten and direct public opinion."³²¹

S. F. Malan skryf dat *De Express* en *Di Afrikaanse Patriot* 'n groot leserskring in die Vrystaat gehad het en 'n bepalende invloed op die Vrystaatse Afrikaner se politieke denke uitgeoefen het. Borckenhagen en sy voorganger, F. X. Schermbrucker, was die skerpsinnigste vertolkers van die Afrikaners in die Vrystaat se diepste emosies. Borckenhagen het as leiersfiguur 'n belangrike bydrae op intellektuele gebied gemaak en die ideale en strewes van die ongeleerde maar skerpsinnige plattelanders geformuleer. Sy koerant, sowel as *De Tyd* en *Di Patriot* se omvangryke invloed is merkwaardig aangesien daar nog so 'n groot aantal ongeletterdes in die Vrystaat was. Plaaslike leiers en organisasies het 'n groot rol gespeel omdat hulle by vergaderings en elders mondelings oorgedra het wat in die koerante geskryf is.³²² Dit het veral *De Express* gegeld, want *De Tyd* het al in 1875 van die toneel verdwyn en *Di Patriot* se invloed het sedert 1890 heeltemal gekwyn. Borckenhagen het op dié wyse 'n besondere politieke invloed in die Vrystaat opgebou - 'n invloed wat veel groter was as wat uit die blote sirkulasiesyfers van die koerant afgelei kan word.

Die invloed wat Borckenhagen uitgeoefen het, kan toegeskryf word aan sy politieke beskouing waaroor elders uitgebrei is, maar ook aan sy siening dat sy taak as joernalis 'n roeping en verantwoordelikheid was, sy persoonlikheid en sy joernalistieke vermoëns. Op 1 Julie 1890 het hy in 'n artikel, "De Wetgevende Macht en de Pers" uiteengesit wat sy siening van die pers in die Vrystaat se plig was. Volgens hom was die Volksraad aan die volk verantwoording verskuldig vir hulle optrede. Die volk kon hierdie optrede alleen beoordeel indien hulle ingelig is oor wat in die Volksraad gebeur het en wat die houding van die individuele lede was.

320. De Kock, W. J. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. deel 1, pp. 101-102.

321. *De Express*, 22 Des. 1896.

322. Malan, pp. 70 en 312.

Dit het die pers gedoen. Dit was ook soms nodig dat die pers kritiek uitspreek en as Volksraadslede dit wou vermy moes hulle sorg dat hulle korrek optree. Die pers se vryheid is deur die grondwet gewaarborg. Hy het nie gemeen dat *The Friend* sy taak om die publiek in te lig oor die handeling van die Volksraad behoorlik kon uitvoer nie omdat die redakteur, A. Barlow, self 'n Volksraadslid was (hy het Smithfield verteenwoordig.) Hy kon dus "niet langer beshouwt wordt als een critische toetsteen (sic!) van publieke volmaaktheid nie.³²³ Sy hoofartikels getuig van skerp insig, 'n wye verwysingsraamwerk en 'n besondere styl. Daar is heelwat meer variasie in *De Express* se hoofartikels as in dié van *The Friend* en *De Burger*. Tydens Volksraadsittings het laasgenoemde twee koerante se hoofartikels byna sonder uitsondering slegs 'n opsomming gegee van gebeure in die raadsaal met kommentaar daarby terwyl Borckenhagen oor 'n verskeidenheid onderwerpe geskryf het en gebeure in breër verband geplaas het. Sy hoofartikels was baie langer as dié van bogenoemde twee koerante, goed deurdag en deeglik uitgewerk. Wat nuusdekking betref, het hy nie tyd of koste ontsien om dit so volledig as moontlik te doen nie en om te sorg dat dit op feite gegrond was. Tydens die Jameson-inval het hy 'n reëling met die poskantoor gehad om die telegrafiese kantoor tot in die vroeë môreure oop te hou sodat hy telegramme kon ontvang en stuur. Een van die telegramme was aan president Paul Kruger met die versoek om die oortreders aan die Britse regering te oorhandig.³²⁴

Hy het *The Friend* meermale oor die vingers getik omdat telegramme, hofverslae en nuus uit *De Express* oorgeneem is. "We must congratulate the *Friend* on its new departure of taking over news items from the *Express* - duly acknowledged too, unlike the telegrams." Sels hofverslae is oorgeneem.³²⁵ Vir *De Burger* se joernalistieke styl het hy slegs minagting gehad. Dié koerant het gereeld erken dat sy beriggewing en menings op gerugte gegrond was.

Tydgenote het Borckenhagen se voortreflikheid as joernalis aangeprys hoewel hulle dikwels nie sy menings gedeel het nie. Dit blyk duidelik uit die huldeblyke wat na sy dood in byna elke Suid-Afrikaanse koerant en in enkeles oorsee verskyn het. Daar is geskryf dat hy 'n bekwame skrywer was

323. *De Express*, 1 Julie 1890.

324. Marais, B., *Memories of Mrs. Blanca Marais (née Borckenhagen)*, p. 3.

325. *Ibid*, 8 en 22 Des. 1891.

wie se koerant altyd met plesier gelees is. Sy meesterlike, bytende sarkasme was van so 'n aard dat dit ook deur diegene teen wie dit gerig was, geniet is. In dié verband het hy nie sy gelyke in die Suid-Afrikaanse joernalistiek gehad nie.³²⁶ Hy was 'n prikkelende en briljante skrywer met 'n indringende styl.³²⁷ Met sy pikante humor, vlymende satire en bytende sarkasme was hy een van die mees oorspronklike en treffende joernaliste in die land.³²⁸ Ongeag sy persoonlike lyding en sy kommer oor die donker wolke wat dreigend oor die republieke gehang het, was sy werk tot aan die einde met humor deurspek. Opvallend was sy liefde vir alliterasie en dit het hom selfs by geleentheid in die moeilikheid laat beland. Hy het van die "Johannesburg Jews" se rol in die Uitlanderopstand gepraat³²⁹ en het tereg 'n skrobbering ontvang van die Jode wat Kruger gesteun het. Hy het verskoning aangeteken en gebieg dat hy dit net ter wille van alliterasie geskryf het. Daar was net omtrent 4 Jode onder die Uitlanderleiers, het hy erken, en die res was "most exemplary Christians";³³⁰ "He had a brilliant wit, a caustic pen, and a peculiar 'mustardy' way of expressing himself that made *The Express* unique amongst South African journals. .. his place will never be filled."³³¹ Sy dood "removes one of the most striking personalities from the field .. of South African journalism."³³²

326. *Ons Land*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

327. *Ons Volk*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

328. *Financial Record*, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

329. *De Express*, 3 April 1896.

330. *Ibid*, 10 April 1896.

331. *The Star*, 7 Febr. 1898.

332. *The Advertiser*, Durban, Febr. 1898, aangehaal in *The Late C. L. F. Borckenhagen - Press References*.

SLOT

Gedurende Borckenhagen se laaste lewensjaar het daar 'n aantal gebeure plaasgevind wat bygedra het tot 'n toestand van gespannenheid. In twee gevalle het uitsprake en optrede van ondergeskiktes vir hom probleme veroorsaak. In Junie 1897 het daar 'n bylaag in *De Express* verskyn waarin A. C. Gibson en 'n aantal kiesers van Senekal protes aangeteken het teen die Volksraad se optrede tydens die Volksraadverkiesing in die wyk Onder-Witteberge. Die verkiesing van N. J. Boer is ongeldig verklaar en 'n nuwe verkiesing uitgeskryf waarin M. Heyns tot lid verkies is. In die protes word die optrede van die Raad as partydig en 'n openbare skande vir die land bestempel.¹ Op 16 Junie is Borckenhagen se verduideliking dat hy onbewus was van die plasing van die protes in die Volksraad voorgelees. Hy het sy spyt uitgespreek, erken dat die perke van welvoeglikheid oorskry is, daarop gewys dat hy in geen opsig met die stuk saamgestem het nie en dat hy bereid was om die straf daarvoor te dra, want 'n redakteur bly verantwoordelik vir alles wat in sy koerant verskyn. H. Kljnveld se voorstel dat die regering se aandag op die bylae gevestig word, is aanvaar.² Die saak het ook 'n nadraai gehad toe A. C. Gibson op aanklag van beweerde laster van die Volksraad in die hof verskyn het.³ Borckenhagen was jammer oor die gebeure, maar het gemeen dat die Volksraad sy waardigheid die beste kon behou deur die saak te ignoreer. Regter Hertzog het bevind dat die protes nie daarop gemik was om die Volksraad se aansien te verlaag nie. Borckenhagen het nie met die uitspraak saamgestem nie - daar was laster en daar moes 'n perk gestel word aan kritiek op die Volksraad. Hertzog het verklaar dat die Volksraad geen majesteit besit het wat geskend kon word nie, want die volk en nie die Volksraad nie, was soewerein.⁴ Volgens *The Friend* kon Hertzog se beslissing, gegee die feite, nie anders wees nie. Die koerant het ook gemeen dat die Hooggeregshof en nie die Volksraad nie, in die toekoms moes beslis oor gevalle van omstrede verkiesings.⁵

1. *De Express*, 18 Junie 1897.

2. Volksraadsnotules van die OVS, hierna afgekort as *OVSVR*, 16 en 17 Junie 1897, pp. 809.

3. *De Express*, 13 Aug. 1897.

4. *Ibid*, 11 Jan. 1898.

5. *The Friend*, 14 Jan. 1898.

Kort voor Borckenhagen se dood was daar ook sprake van twee lastereise teen *De Express*, maar dit is nie verder gevoer nie. Majoor Frank Johnson was van plan om R10000 te eis vir beweerde laster in *De Express* van 12 Oktober 1897,⁶ en Van Raalte het weer stappe oorweeg oor 'n paragraaf in die Hollandse deel van *De Express* van 17 Des. 1897.⁷ Daar is in die rubriek *Vonke* geskryf dat die Hollandse *Friend* weer sy ou streke begin uithaal het. Op sy eienaardige, smerige wyse het hy geïnsinueer dat Borckenhagen 'n geheime agent van die Transvaalse regering was. Die Hollandse redakteur kon nie glo dat Van Raalte geld van Rhodes ontvang het vir hierdie bewerings nie. "Zoo 'n armzalige verlopen en verengelschte Hollander is geen betaling van Rhodes of iemand anders waard .. een knecht, als hy regeert", was volgens Salomo een van die dinge wat die aarde nie kan verdra nie,⁸ het hy geredeneer na aanleiding daarvan dat Van Raalte vroeër 'n lettersetter by *De Express* was.

Soos in hoofstuk 6 beskryf, was dit ook aan die begin van 1897 dat sir James Sivewright, 'n Kaapse minister, beweer het dat 'n artikel in *De Express* hom laat glo het dat die Republieke geheime agente na die Kaap gestuur het.⁹ Die polemieks wat hierop gevolg het, het groot opspraak verwek, onder andere in die koloniale en Britse koerante en parlamentshuise. Dit was maar net nog 'n faset van die stryd wat Borckenhagen teen imperialisme gevoer het en wat hom soveel kwellings besorg het.

In hierdie laaste lewensjaar van Borckenhagen was daar egter ook baie blyke van erkenning vir sy werk en ook persoonlike vreugdes. Sy oudste dogter, Violet, is op 12 Mei 1897 in die Anglikaanse Katedraal met sy hegte vriend,¹⁰ G. A. Fichardt se seun Arthur getroud. Die openbare belangstelling was so groot dat honderde nie in die kerk plek kon kry nie. Die onthaal by die Borckenhagens se huis, *Rose Lodge*, is deur talle hoë gaste soos pres. en mev. Steyn, goewermentsekretaris Blignaut en sy eggenote, lede van die Uitvoerende Raad en die Volksraad, waaronder die voorsitter van die Volksraad, mnr. C. H. Wessels, hoofregter en mev. Melius de

6. *De Express*, 21 Jan. 1898.

7. *The Friend*, 4 Febr. 1898.

8. *De Express*, 17 Desember 1897.

9. *Ibid*, 29 Jan. en 9 Febr. 1897.

10. Met die vyftigste viering van die bestaan van die firma G A Fichardt het A. McHardy, bestuurder van *De Express* se drukkersafdeling, verwys na die hegte vriendskap - sien *De Express*, 25 Maart 1898.

Villiers, staatsprokureur Jacob de Villiers, regter J. B. M. Hertzog, A. Fischer en aartsdeken Crisp bygewoon. Pres. Steyn het die heildronk op die bruidspaar ingestel. In sy heildronk op die twee ouerpare het aartsdeken Crisp gesê dat dit nie bloot 'n formaliteit was nie, want die Fichardts en Borckenhagens was van sy dierbaarste vriende.¹¹ Hierdie opmerking onderstreep die feit wat Borckenhagen so dikwels herhaal het, naamlik dat hy nie Engelse mense as sy vyande beskou het nie; intendeel, dat hulle onder sy beste vriende getel het - maar dat hy teen Britse imperialistiese inmenging in Suid-Afrika gekant was.

Teen die einde van Oktober 1897 het Borckenhagen se kragte so afgeneem dat hy vir 'n maand na die Kaapse strand is om te probeer herstel. Daar was geen beterskap nie, maar tog het hy onvermoeid voortgeywer. Op Woensdag, 26 Januarie 1898 het hy saam met die hele Duitse gemeenskap, ook uit die platteland, op groter en hartliker wyse as ooit tevore die Duitse Keiser se verjaarsdag herdenk.¹² Borckenhagen het die Donderdag nog sy werk op sy kenmerkende vrolike wyse gedoen. Hy het die oggend soos gewoonlik tuis, om so min moontlik gesteur te word, gewerk aan die volgende dag se uitgawe van sy koerant. Die eerste byeenkoms van die Federale Raad wat na jarelange pogings tot nouer samewerking tussen die twee Republieke tot stand gekom het, het vanaf 26 Januarie in Pretoria plaasgevind en Borckenhagen is besonder daardeur bemoedig. Sy laaste hoofartikel wat hy op hierdie Donderdag geskryf het, handel oor die konferensie en die bestaansreg van die Republieke.¹³ Die namiddag is hy na sy kantoor en daar het hy vriendelik en opgewek met sy personeel gesels. Hy het met vreugde aan hulle vertel hoe die pas aangekome pos van oorsee die tyding van sy broer in Duitsland se bevordering tot bevelvoerder oor dieselfde regiment as dié waarvan sy vader bevelvoerder was tydens die Frans-Duitse oorlog, gebring het.

Om eenuur Vrydagoggend 28 Januarie het hy 'n beroerte-aanval gehad wat sy hele regterkant verlam en sy spraak belemmer het. Sy toestand was bedenklik. Hy het nog 'n weeklank bly leef en dokters Stollreither en Kellner asook dr. Hicks (biskop) het al hulle kragte in die stryd gewerp om sy lewe te red. Op Saterdag 5 Februarie is hy oorlede.

11. *De Express*, 14 Mei 1897.

12. *Ibid*, 28 Jan. 1898.

13. *Ibid*.

Carl Borckenhagen is op die betreklike jeugdige ouderdom van byna 46 jaar oorlede. Hy het nooit 'n sterk gestel gehad nie en het juis om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom. Ten spyte daarvan was hy 'n uitsonderlike energieke persoon met 'n skerp verstand. Afgesien van swak gesondheid het die spanning wat sy werk en talle bedrywighede, maar veral sy bekommernis oor die politieke toestande in Suid-Afrika veroorsaak het, tot sy vroeë oorlye bygedra. Redaksielede van *De Express* het in huldeblyke geskryf dat "de heer Borckenhagen heeft zich doodgezwoegd en - doodgekeweld. .. De veiligheid van de beide republieken was immer zyn grootste bezorgdheid, hun bloei zyn lust." Gebeure sedert die Jameson-inval "were a severe strain mentally and physically" en daar was by hom groot bekommernis oor Brittanje se vyandige houding jeens die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy was veral bevrees dat Transvaal in die hande van Brittanje sou speel deur verkeerde stappe te neem. Sy houding jeens sy werk word goed saamgevat in die volgende aanhaling uit die huldeblyke: "It is no injustice to say that many newspaper writers take merely a debating society kind of interest in the views they advocate. The interests of the Republics were part of the being of the deceased in every moment of his life."¹⁴ *The Cape Argus* se kommentaar was dat Borckenhagen dood is as gevolg van "one of the most intense mental strains known even in this country of anxieties."¹⁵

Sy begrafnis op 6 Februarie was een van die grootstes wat Bloemfontein tot op daardie tydstip beleef het. Feitlik alle Bloemfonteiners van watter kleur of stand ookal en baie mense van elders, tot so ver as Pretoria, was teenwoordig. In die stoet was ds. Grosskopf, leraar van die Lutherse kerk, die Borckenhagen-familie met uitsondering van sy seun Carl wat in Duitsland in die regte studeer het, al die hoogste Vrystaatse amptenare, sy werknemers en die kuratore, rektor en leerlinge van Greykollege. President Steyn wat op sy jaarlikse ampsbesoek aan die Vrystaatse platteland was, het sy leedwese dat hy nie teenwoordig kon wees nie, getelegrafeer. Die Artillerie se musiekkorps het Chopin se *Dodemars* gespeel. By die graf het ds. Grosskopf onder andere op die bekende hoedanighede van die ontslapene gewys en op wat hy niteenstaande sy swak gestel vir die land gedoen het. 'n Mannekoor het Borckenhagen se geliefkoosde lied, "Es ist bestimmt in Gottes Rath" gesing. Toe neem oud-president

14. *Ibid*, 8 Febr. 1898.

15. *The Cape Argus*, 5 Febr. 1898.

Reitz, diep geroerd, die woord: "Wý zyn hier gekomen om ter aarde te bestellen een man die niet alleen een persoonlike vriend was van ons allen, maar ook een ware vriend van geheel Zuid-Afrika." Hy was 'n vriend wat altyd bereid was om met raad en daad te help. Gedurende die vyf-en-twintig jaar wat hy in die Vrystaat gewoon het, het hy voldoende bewys gelewer dat hy 'n Afrikaner in sy hart was en dat die regte en die onafhanklikheid van die Republieke hom na aan die hart gelê het. Hy het die presidente in tye van moeilikheid met verstandige raad bedien. Dit was Reitz se versugting dat die nageslag Borckenhagen sou navolg in sy vaderlandsliefde, getrouheid, eerlikheid en opregtheid en dat "zyn naam in eere zal worden gehouden onder alle rechte Afrikaners van geslacht tot geslacht." Dr. Brill het namens die kuratore, onderwysers en leerlinge van Greykollege hulde aan Borckenhagen gebring vir sy hartlike belangstelling, ywer en helder insig waarmee hy die skool vir meer as tien jaar gedien het. Vir dr. Brill self was hy 'n vriend vir wie hy nooit sou vergeet nie. Uit alle oorde is meelewing en hulde betoon en oral het vlae halfstok gehang¹⁶ - iets wat normaalweg net vir staatslui beskore is.

In die talle briewe van meelewing wat *De Express* na Borckenhagen se dood bereik het, is telkens verwys na die groot rol wat hy gespeel het in die kweek van 'n nasionale gevoel, sy belangrike rol in Suid-Afrikaanse sake en sy onmisbaarheid vir die Vrystaat, Suid-Afrika en die Afrikanerdom. "Onze staat heeft zyn trouwsten kampvechter verloren", het 'n Smithfielder getreur. Uit Kroonstad het 'n leser voorspel dat toekomstige geskiedskrywers nie sou kon nalaat om "menige bladzy te wyden aan de krachtige faktor welke zyn verstand was in het maken en vormen van een groot aantal publieke en politieke gebeurtenissen in zyn aangenomen land en in de naburige staten."¹⁷

J. F. Mackay het opdrag gekry om 'n olieverfskildery van Borckenhagen te skilder. Volgens die Hollandse redaksie was dit baie geslaagd en dit is by *De Express* se kantoor uitgestal.¹⁸

Feitlike alle koerante in Suid-Afrika en selfs sommige oorsee, soos die *African Review* van Londen, het huldeblyke gepubliseer. Die redaksie van *De Express* het 'n boekie, *The*

16. *De Express*, 1 en 8 Februarie 1898.

17. *Ibid*, 8 Febr. 1898,

18. *Ibid*, 4 Maart en 3 Mei 1898.

late C. L. F. Borckenhagen - Press References, waarin hierdie huldeblyke saamgevat is, saamgestel. Die volgende is onder andere oor hom geskryf:

African Review, Londen: " .. he has been an intimate friend of successive Free State Presidents, and has undoubtedly exercised a more direct personal influence upon South African affairs within recent times than has been wielded by any other South African journalist .. ."

Bechuanaland News, Vryburg: " .. we doubt if there was or is any man in the whole anti-Imperialistic combination whose opinions carried so much weight or whose character and influence were so genuinely respected and acknowledged."

The Star: "He attained a position of great influence in the Free State purely by his great ability and personality. .. no man's opinion carried greater weight in Bloemfontein than his."

The Telegraph, Port Elizabeth: "In Bloemfontein the expression which was most often heard was 'what has Borckenhagen got to say?'"

Mining Journal, Johannesburg: "No doubt he wielded an immense power in South Africa; to him all writers of the republican faction went for inspiration."

Eastern Province Herald, Port Elizabeth: "Next to Mr Kruger, he was, we think, the most powerful, as well as the most bitter, opponent of Great Britain in South Africa."

Hierdie aanhalings kom almal uit vyandiggesinde koerante. Sy vriende in die joernalistieke wêreld het gloeiende lof vir hom gehad. *De Volksstem* het hom as 'n politieke kolos en sy dood as 'n nasionale ramp beskryf. Sy invloed op die politieke evolusie in Suid-Afrika was volgens die koerant oorweldigend en daar is ver buite die grense van die Vrystaat na sy stem geluister.

In die Volksraad het president Steyn in sy aanspraak op 4 April 1898 daarop gewys dat die Vrystaat en veral ook opvoeding en onderwys 'n gevoelige slag toegedien is deur die oorlye van so 'n warme en troue vriend.¹⁹ Met die

19. *OVSVR*, par. 26 van pres. Steyn se aanspraak, 4 April 1898, p. 10.

bespreking van die aanspraak in die Volksraad op 16 Mei 1898 het raadslede De Waal en Klÿnveld hulle lofbetuigings by dié van president Steyn gevoeg.²⁰

Die Vrystaatse Boerebeskermingsvereniging het op sy kongres te Kroonstad op 16 Februarie 1898 besluit om 'n beweging op tou te sit om 'n nasionale gedenkteken vir Carl Borckenhagen op te rig. Daar is R10 gestem vir 'n kernfonds en 'n kommissie aangestel om die saak onder die publiek se aandag te bring. Volksraadslid H. P. Serfontein het by dié geleentheid 'n welluidende lofrede oor die ontslapene se werk in belang van land en volk gelewer.²¹ Die kommissie het 'n omsendbrief opgestel waarin voorgestel is dat 'n gedenkteken by die graf en 'n beursfonds vir behoeftige leerlinge uit die fonds opgerig word. Die brief is aan alle N. G.-predikante, *Express*-agente en 'n baie lang lys persone oor die hele Vrystaat gestuur. Te Bloemfontein is 'n komitee gekies om die saak te hanteer, o.a. hoofregter M. de Villiers, dr. Brill, tesourier-generaal P. F. R. de Villiers, landdros H. D. F. Papenfus van Bloemfontein en Otto Frauendorfer.²² Dié sentrale komitee het op 12 April 1898 sy eerste vergadering in Bloemfontein gehou en verslag gedoen dat daar reeds goeie reaksie ontvang is.²³ H. Klÿnveld het in die Volksraad daarop gewys dat die Staat in Carl Borckenhagen 'n goeie vriend verloor het wat altyd met volle moed en kragte vir die belange van die land gestry het. Vir hom was dit aangenaam dat daar onder die volk 'n beweging bestaan het om Borckenhagen se gedagtenis lewend te hou deur die stigting van 'n beursfonds. Sy voorstel dat die Volksraad die beweging moes steun, is eenparig aanvaar.²⁴

Bydraes tot die fonds is van pres. Steyn, Greykollege en talle dorpe in die Vrystaat ontvang; ook van vooraanstaandes soos president Paul Kruger, regter Reitz, dr. Leyds, dr. Engelenberg, J. C. Smuts, Lewis en Marks en vele ander in Pretoria.²⁵ Mnr. Rolfes van Rolfes, Nebel en Kie. het in Port Elizabeth vir die gedenkteken gekollekteer.²⁶

20. *Ibid*, 16 Mei 1898, p. 385.

21. *De Express*, 22 Febr. 1898.

22. *Ibid*, 1 April 1898.

23. *Ibid*, 15 April 1898.

24. Volksraadsbesluit, 16 Mei 1898, soos gerapporteer in die verslag oor Volksraadsdebatte in *De Express*, 17 Mei 1898. Die paragraaf kon nie in die amptelike notuleboek opgespoor word nie en is waarskynlik per abuis weggelaat.

25. *De Express*, 22 Apr., 31 Mei, 3 Junie en 13 Des. 1898.

26. *Ibid*, 12 Julie 1898.

Tydens 'n vergadering van die beursfondskomitee op 13 Julie 1899 is 'n balansstaat voorgelê waarop die balans by die Nasionale Bank as £340-1-9 aangedui is. Daar is besluit om mev. Borckenhagen te raadpleeg oor die besteding van die fonds. Op 10 Augustus 1899 het hoofregter de Villiers en dr. Brill as sub-komitee besluit om die fonds aan die Raad van Eksaminatore te oorhandig sodat 'n beurs aan 'n verdienstelike leerling van Greykollege, die Dames Instituut of 'n skool van gelykwaardige status wat nie 'n staatsbeurs ontvang het nie, gegee kon word. Die volgende vergadering van die komitee is eers weer na die oorlog, op 19 April 1904, gehou. Aangesien die Raad van Eksaminatore nie meer bestaan het nie, het die geld na die Greykollege Reünie-komitee gegaan vir die toekenning van beurse.²⁷

Die nageslag word nog net, sover vasgestel kan word, op twee maniere aan Borckenhagen herinner: sy regop, swart grafsteen in die begraafplaas te Monumentweg en Borckenhagensingel in Westdene, Bloemfontein.

Historici van die twintigste eeu wat Borckenhagen uit sy eie en ander se geskifte leer ken het, gee erkenning aan die rol wat hy gespeel het. J. C. Moll wys daarop dat Borckenhagen "as 'n helder denker wat sy gedagtes op 'n skitterende wyse kon formuleer" groot invloed op pres. Reitz uitgeoefen het.²⁸ Daar is in hoofstuk 7 gewys op H. J. van Aswegen se evaluering van sy rol in die Vrystaat se beleid teenoor anderskleuriges;²⁹ ook op S. F. Malan se siening dat Borckenhagen as leiersfiguur 'n belangrike bydrae op intellektuele gebied gemaak het en dat sy koerant 'n onvergelyklike en merkwaardige rol in die Vrystaat gespeel het.³⁰ G. D. Scholtz beweer dat die groei en ontwikkeling van die Vrystaat nie te begryp is sonder om Borckenhagen en *De Express* se aandeel in berekening te bring nie. Hy het sy hand op die pols van die volk gehad en was 'n man "met uiters fyne politieke voelhorings."³¹

27. Greykollege-versameling, Borckenhagen Memorial Fund, A62 7/1 - 7/3, OVS Argiefbewaarplek.

28. Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, p. 99.

29. Van Aswegen, H. J., *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat 1854 - 1902*, p. 561.

30. Malan, S. F., *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, pp. 70 en 317.

31. Scholtz, G. D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner deel IV 1881 - 1899*, p. 323.

Slotsom

Die uitstaande aspek van Carl Borckenhagen se lewe was sy vurige republikanisme. Daarvoor was hy bereid om te lewe en te sterwe. Dit was nie bloot 'n gevoel nie; op elke moontlike wyse het hy prakties uiting daaraan gegee. Hy het gewerk vir die uitbouing, versterking en verdediging daarvan. *De Express* was 'n kragtige kanaal waardeur hierdie dinamiese, doelgerigte en beginselvaste man sy invloed veral in die Vrystaat, maar ook onder Afrikaners in die res van Suid-Afrika laat geld het. Hy het sy menings op helder, boeiende en dikwels humoristiese wyse uiteengesit en is allerweë as een van die bekwaamste joernaliste van sy tyd bestempel. As een van die weinige joernaliste in Suid-Afrika wat die republikeinse idee verkondig het, het hy Afrikaners bemoedig en aangespoor om vas te staan en te veg vir hulle beginsels. Hy het gewet dat, hoewel die republikeinse koerante min in getal was, hulle die meerderheid van die Blankes in die land se gevoelens weerspieël het.

In die eerste plaas wou hy die republikeine geestelik weerbaar maak. Hulle moes trots wees op hulle republikanisme, identiteit en kultuur; daarom het hy in sy koerant politieke betrokkenheid, die handhawing en bevordering van die eie taal en verbeterde onderwystoestande bepleit. Hy was ook prakties betrokke by al hierdie sake. Saam met F. W. Reitz was hy die dryfveer agter die stigting van die Afrikanerbond in die Vrystaat. Hy het die Bond se grondwet help opstel en die beweging van harte gepropageer en gesteun. Op hierdie wyse is die volk opgevoed om hulle stem in die politiek te laat hoor. Nadat die Bond gekwyn het, het hy Boere- en Jongelingsverenigings aangemoedig om hulle lede vir die openbare lewe te help slyp. Op onderwysgebied was hy mede-verantwoordelik vir die totstandkoming van Bondswykskole en die Bewaarskool in Bloemfontein. Tot sy dood was hy kurator van Greykollege en sekretaris van die Bewaarskool. Hy was 'n vurige pleitbesorger vir Greykollege, die Dames-Instituut en ander staatskole. Om die taalstryd te bevorder, het hy strydery en liefhebbers van die Afrikaner se taal as redakteurs aangestel.

Borckenhagen het beseft dat republikanisme alleen kon oorleef mits die twee republieke op ekonomiese gebied sterk was.

Transvaal was ryk aan goud, maar het baie probleme ondervind om die skielike uitbreiding in bevolking en die land se administrasie te hanteer. Borckenhagen het aan die Transvalers raad gegee en dikwels na Pretoria gereis om privaat met die leiers daar besprekings te voer. Die Vrystaat het 'n stewige en verstandige administrasie gehad, maar was nie so ryk aan bronne soos Transvaal nie. Omdat boerdery aanvanklik feitlik die enigste bron van inkomste was, het Borckenhagen met knaende volharding by die Volksraad gepleit om die bedryf te bevorder, veral deur veeverbeteringskemas, besproeiing, die aanstelling van veeartse en deskundiges en die instelling van 'n landboudepartement. Die meeste van hierdie sake het eers na sy dood aandag gekry.

Hy was oortuig daarvan dat die Vrystaat ook oor ryk minerale bronne beskik het en daarom het hy steun gewerf vir 'n plan om dié bronne te ontgin. Hoewel daar nie sukses behaal is nie, het sy oortuiging later geblyk korrek te wees toe ryk goudriewe in die Vrystaat gevind is.

Hy wou die ekonomiese vooruitsigte van die Vrystaat bevorder deur hom te beywer vir spoorweë en 'n algemene tolunie. Deur die jare het hy in sy koerant propaganda gemaak en planne met betrekking tot spoorweë aan die hand gegee, op kommissies gedien en reise onderneem. Sy geesdrif is beloon en sy kennis benut toe hy op die Raad van Toesig oor Spoorweë gekies is. Hy het pres. Reitz bemoedig en ferm gesteun in sy stryd om die Vrystaters se goedkeuring vir die tolunie met die Kaapkolonie te verwerf. Hy was sterk ten gunste van 'n nasionale bank vir die Vrystaat, veral om daardeur te verhoed dat Vrystaatse valuta na die buiteland gaan. Hy was een van die 5 lede wat in 1877 aangewys is om die bank se trustakte op te stel. Vir die grootste deel van sy lewe hierna was hy 'n direkteur van die bank.

Die verarming van Vrystaatse Afrikaners het hy as 'n nasionale ramp gesien en hy het die volk en Volksraad in *De Express* bedag gemaak op die gevaar dat kapitaliste armlankes se grond in die hande kon kry en so 'n vastrapplek in die Vrystaat verwerf. Sy voorstel dat die kinders van ontwortelde Afrikaners deur praktiese onderwys tot nuttige burgers omvorm word, is aanvaar en na sy dood uitgevoer.

Van vroeg af het hy aangedring op militêre paraatheid en behoorlike bewapening. Na die Jameson-inval is hy van alle kante gesteun en is daar begin om wapentuig aan te skaf. Sy voorstelle vir 'n deeglike militêre organisasie is egter nie aanvaar nie.

Borckenhagen was diep bewus van die bedreiging wat Brittanje se aggressiewe imperialisme vir die republieke ingehou het. In 'n tyd toe baie Afrikaners Cecil Rhodes gesien het as een van die groot vriende van die Afrikaner, het hy die gevaartekens raakgesien en daarop gewys dat Rhodes die Afrikaners net vir sy eie doeleindes wou gebruik. Hy was tot sy dood toe een van die felste strydere teen imperialisme en het gewis ook bygedra tot die polarisasie tussen republikeine en imperialiste. Hy het hegte samewerking tussen die republieke as die enigste manier beskou waarop die imperiale aanslag afgeweer kon word. Reeds sedert die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-81 het hy wedersydse steun en nouer vereniging bepleit. Hy het by Vrystaatse leiers aangedring om strukture vir samewerking tot stand te bring wat aan die Vrystaat geleentheid sou gee om inspraak in Transvaalse besluite te kry. Die totstandkoming van die Raad van Afgevaardigdes wat gerig was op nouer samewerking tussen die republieke, was vir hom 'n triomf. Hy was nie blind vir Transvaal se foute nie en het gewaarsku dat imperialiste enige fout of swakheid as verskoning sou aanvoer om die republieke te annekseer.

Wat die verhouding met anderskleuriges betref, het hy die siening van sy volksgenote gedeel dat daar nie gelykstelling van die rasse kon wees nie vanweë die verskil in ontwikkelingspeil. Hy het egter aangedring op menslike en billike behandeling, soos hy dit gesien het. Die optrede van Brittanje en veral Rhodes het hy as skynheilig verwerp. Hulle het 'n beleid van gelykstelling verkondig, maar nie geskroom om uitwissingsoorloë te voer en Swartes se grondgebied vir hulself toe te eien nie.

Net soos hy vir die belange van die Vrystaat geveg het, het hy geywer vir die vooruitgang van sy eie stad. Hy het sy koerant gebruik om inwoners aan te spoor om hulle omgewing te bewaar en te verfraai en gesondheidsbewus te wees. Hy het op die stadsraad en talle ander rade en kommissies gedien om so te help om van Bloemfontein 'n waardige hoofstad van die modelrepubliek te maak. Afgesien van sy betrokkenheid by die skole in die stad, het hy alles in die

werk gestel om toestande te verbeter en veral om behoorlike watervoorsiening vir die inwoners te verkry. Sy voorstelle vir spooraanleg was van so 'n aard dat dit van Bloemfontein die middelpunt van die Suid-Afrikaanse spoornetwerk sou maak. Hy het deur sy agentskap 'n prominente rol gespeel in die lewendige musiek- en toneellewe en het ook met pogings om die beoefening van skeppende kuns te bevorder, gehelp. As bestuurslid van sportliggame wou hy sorg dat Bloemfonteiners 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam huisves. Hy was 'n getroue lidmaat van sy kerk en 'n begeesterde lid van die Duitse vereniging. Vir sy eie gesin was hy 'n sorgsame en toeganklike vader, vir sy vriende 'n warm vriend en vir almal in nood 'n barmhartige hulpverlener.

Hy het met die volle harnas aan op jeugdige ouderdom gesterf nadat hy 'n lewe van algehele en onvoorwaardelike toewyding aan sy aangenome vaderland geleef het.

Sy invloed in die Vrystaat is allerweë deur sy tydgenote erken. Die presidente en Volksraadslede het in die openbaar en in die hoogste raadsale lof aan hom gebring. Selfs sy vyande op joernalistieke en politieke terrein kon nie anders as om op sy groot invloed te wys nie. Historici erken ook hierdie invloed.

In die proses van die navorsing van Borckenhagen se rol het die oorweldigende oortuiging na vore gekom dat daar haas nie 'n faset van die lewe in die Vrystaat was waarop hy nie sy stempel geplaas het nie. Op joernalistieke, staatkundige, ekonomiese, opvoedkundige, godsdienstige, kulturele en sportgebied het hy 'n leidende rol gespeel en 'n mens word met verwondering vervul vir sy geesdrif, veelsydigheid en onvermoeide arbeid. Dit is amper ongelooflik dat een mens soveel kon vermag. Die antwoord op die vraag of Carl Borckenhagen 'n rol in die Vrystaat gespeel het, is onteenseglik dat sy rol onberekenbaar was.

BIBLIOGRAFIE

1. ARGIVALE BRONNE

Transvaalse Argiefbewaarplek

Aanwinste:

C. L. F. Borckenhagen-versameling A529 (a), 580 (a)
en (c), 627

Vrystaatse Argiefbewaarplek

Aanwinste:

Greykollege-versameling:

Notules van die kuratorium A62 1/1/1-1/1/3
1/1/4-2/1/1/1
Borckenhagen Memorial Fund A62 7/1-7/3

Klÿnveld-versameling A421 en A364

Karel Schoeman-versamelings Geplaas by A507:
A547.1-A547.4
A568.1
A582.1

Amtelike bronne:

Ongepubliseerd:

Stadsraadsnotules Bloemfontein MBL1/1/1/5, 1/1/1/6
en 1/1/1/7
Meester van die Hooggeregshof OVS MHG Boedelnr. B1482

Gepubliseerd:

Vrystaatse Volksraadsnotules 1877 - 1899

OVS Onderwys Verslagen 1895 - 1898 : OR 76

Ordonnantie-boek van den O.V.S. 1854 - 1884

OVS Ordonnansies 1881 - 1885 en 1886 -1891

Oranjevrystaatsch Gouvernements Courant 1889 - 1898

Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS

Privaatversamelings:

P.V. 75 J. J. Oberholster-versameling

Lêers 3/2/1/1/1 en 5/5/1/1/1

P.V. 153 J. D. Kestell-versameling

Lêers 3/1/1, 2/1/1 eb 3/3/1

P.V. 181 I. G. Visser-versameling

Lêers 2/1/1/1, 2/8/1/1/1 en 3/3/1/1/1-2

P.V. 194 F. R. Cronjé-versameling

Lêer 5/1/1

Nasionale Museum, Bloemfontein

Schoeman, K., Onderhoud met mev. Blanca Marais,
15 September 1979, op magnetiese band

Openbare Biblioteek, Bloemfontein

Marais, Blanca: *Memories of Mrs Blanca Marais (née
Borckenhagen)*. (Fotokopie van getikte manuskrip)

Bidwell, Maude G., Plakboeke met outobiografiese notas

2. LETTERKUNDIGE BRONNE

Koerante en Joernale

De Boerenvriend Huis-almanak voor 1899 uitgegee deur *De
Express*

De Burger 1894 - 1897

De Express en Oranje-Vrystaatsch Advertentieblad 1875 - 1899

De Volksstem, Februarie 1898

The Cape Times, Februarie 1898

The Friend of the Orange Free State 1875 - 1899

The Friend : Spesiale eeufees-bylaag, 8 Aug. 1950

The Press/Die Pers, Februarie 1898

The Standard and Diggers News, Februarie 1898

The Star, Februarie 1898

Gepubliseerde werke en ongepubliseerde verhandelinge en
proefskrifte

Barlow, A. G., *Almost in Confidence*, Kaapstad 1952

Baumann, G. en Bright, E., *The Lost Republic*, Londen, 1937

Cameron, T. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in
woord en beeld*, Kaapstad en Pretoria, 1986

Clarke, J. (red.), *Like it was - The Star 100 years in
Johannesburg*, Johannesburg, 1987

Coetzee, J. A., *Politieke groeperinge in die wording van die
Afrikanernasie*, Johannesburg, 1941

Collins, W., *Free Statia*, Bloemfontein, 1907

Conradie, E., *Hollandse skrywers in Suid-Afrika, deel 2*,
Kaapstad en Pretoria, 1949

Davenport, T. R. H., *The Afrikaner Bond; the history of a
South African political party*, Kaapstad, 1960

De Kock, W. J. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese
Woordeboek, deel I*, Kaapstad, 1968

De Villiers, J., *South African Community and its Newspapers - a Socio-historical study*. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, UOVS, 1976

Du Toit, J. D., *Ds. S. J. du Toit in weg en werk*, Paarl, 1917

Gous, H. H., *The Diamond Fields Advertiser en die Suid-Afrikaanse politieke krisis 1896 - 1898*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1982

Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, Kaapstad, 1913

Human, J. L. K., *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boereoorlog*. Ongepubliseerde M. Mus.-verhandeling, UOVS, 1963

Jorissen, E. J. P., *Transvaalsche Herinneringen 1876 - 1896*, Amsterdam en Pretoria, 1897

Kieser, A., *President Steyn in die krisisjare 1896 - 1899*, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1939

Krüger, D. W., *Die ander oorlog*, Kaapstad en Johannesburg, 1974

Krüger, D. W., *Paul Kruger, deel II*, Johannesburg, 1963

Lamprecht, G. J., *Die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 - 1899*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Stellenbosch, 1953

Lockhart., J. G. en Woodhouse, C. M., *Rhodes*, Londen, 1963

Malan, S. F. ., *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, Durban en Pretoria, 1982

Meintjes, Johannes, *Vader van sy volk*, Kaapstad en Johannesburg, 1970

Moll, J. C., *Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat*, D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1968, gepubliseer in Argiefjaarboek, Pretoria, 1973

Muller, C. F. J. (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Pretoria en Kaapstad, 1968

Neame, L. E., *Today's News Today*, Johannesburg, 1956

Nienaber, P. J. (red.), *Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, Bloemfontein, 1943

Oberholster, J. J. en Van Schoor, M. C. E., *President Steyn aan die woord*, Bloemfontein, 1953

Oosthuizen, S. P. R., *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Basoetoland*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1969

Pakenham, E., *Jameson's Raid*, Londen, 1960

Reitz, F. W., *F. W. Reitz - Outobiografie*, Kaapstad, 1978

Reitz, Hjalmer, *The Conversion of a South African Nationalist*, Kaapstad, 1946

Rompel, F., *Marthinus Theunis Steyn*, Amsterdam, 1902

Rousseau, L., *Die Groot Verlange*, Kaapstad en Pretoria, 1974

Schoeman, K., *Bloemfontein*, Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1980

Scholtz, G. D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV, 1881 - 1899*, Johannesburg, 1977

Strauss, A. C. P., *Die rol van Carl Borckenhagen, redakteur van "De Express", in die Oranje-Vrystaat, 1877-1888*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1985

Strauss, S., *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902: 'n kritiese metodologiese analise*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, 1964

Trümpelmann, G. P. J., *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat*, Hermannsburg, 1950

Van Aswegen, H. J., *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat 1854 - 1902*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1968

Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn, deel I*, Kaapstad, 1921

Van der Poel, J., *Railway and Customs Policies in South Africa, 1885 - 1910*, Londen, 1933

Van Schoor, M. C. E., *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transoranje tot 1854*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1961

Van Schoor, M. C. E. en Van Rooyen, J. J., *Republieke en Republikeine*, Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, 1960

Von Wielligh, G. R., *Eerste Skrywers*, Pretoria, 1922

Wessels, A., *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1986

Artikels

Schoeman, K., *Africana*, deel 25, nr. 2, Mei 1982, *The Friend through the formative years*

Schoeman, K., "Die dood van 'n legende" in *Die Volksblad*, 17 Maart 1983

OPSOMMING

Carl Borckenhagen wat in 1873 uit Duitsland na die Vrystaat geëmigreer en daar 'n ware Afrikaner en republikein geword het, het tot met sy oorlye aan die begin van 1898 'n besondere bydrae tot die opbou van die modelrepubliek en die verstewiging van republikanisme gelewer. Hy is deur sy tydgenote as 'n voorste kampvegter vir republikanisme en teen imperialisme bestempel.

As eienaar en redakteur het hy *De Express en Vrystaatsch Advertentieblad* omskep in die invloedrykste republikeinse mondstuk in Suid-Afrika en die koerant met die grootste opplaag in die Vrystaat. Sy joernalistieke vermoëns is uit alle oorde aangeprys.

Hy het die gevoelens van die meerderheid Vrystaters met fyn aanvoeling vertolk en in sy koerant weergegee. Aan die anderkant was hy dié toonaangewende meningsvormer in die Republiek en het hy groot invloed op die volk, hulle leiers en veral presidente Reitz en Steyn uitgeoefen. Talle van sy voorstelle het neerslag in wetgewing gevind. Sy mening het ook gewig gedra by die Transvaalse regering en Kaapse leiers soos J. H. Hofmeyr en sir Henry de Villiers.

Op elke terrein van die lewe in die Vrystaat het hy sy stempel afgedruk. Op politieke gebied het hy sy volksgenote opgevoed en aangemoedig om 'n aandeel te hê in die besluitnemingsproses. Hy het 'n duidelike visie gehad van die ideale binne- en buitelandse beleid vir die Republiek, naamlik die opbou van die land op elke vlak, vriendskaplike samewerking, boweal met die susterrepubliek maar ook met die kolonies en 'n duidelike boodskap aan Groot Brittanje dat die republieke hulle onafhanklikheid as ononderhandelbaar beskou het, maar ook bestaande Britse regte in Suid-Afrika erken het.

Onderwys was vir hom 'n prioriteit; daarom het hy deurgaans gepleit dat die Volksraad aan Vrystaatse kinders die geleentheid moes gee om die beste moontlike opvoeding te bekom. Hy was 'n voorstander van gedifferensieerde onderwys, byvoorbeeld praktiese onderwys vir kinders wat nie die visier op 'n professionele loopbaan gerig het nie.

Verder was hy gekant teen privaatskole waardeur vreemde invloed die Republiek binnegedring het. Hy het 'n aandeel gehad in die totstandkoming van 'n aantal skole en het as kurator 'n groot diens aan Greykollege gelewer.

Op ekonomiese gebied het hy hom beywer vir die verbetering van boerderytoestande en die totstandkoming van 'n tolunie, spoorweë en 'n nasionale bank. Hy het op talle rade, kommissies en direksies gedien en 'n voorbeeld as boer en sakeman gestel.

Hy was 'n kultuurleier en omdat hy aan 'n gebalanseerde lewenswyse geglo het, het hy ook sy deel bygedra tot die bevordering van sport. Hy was trots op sy stad en het alles in sy vermoë gedoen om dit te help uitbou tot die waardige hoofstad van 'n modelrepubliek.

Tydgenote, of hulle sy ideale onderskryf het of nie, was dit eens dat Borckenhagen 'n onberekenbare invloed in die Vrystaat en elders in Suid-Afrika uitgeoefen het.